

**DIE BURGERLEESKRING**

**DERDE JAARGANG—No. 6**

---

**Die Smarte van  
die Oorlog**

Deur **EMILY HOBHOUSE**



*Emily Hobhouse*

1922

# DIE SMARTE VAN DIE OORLOG EN WIE DIT GELY HET

DEUR  
EMILY HOBHOUSE.

---

*Uit die Engels Vertaal*

DEUR  
Dr. N. J. van der Merwe.



Gedruk en Uitgegee deur die Nasionale Pers, Beperk, Kaapstad,  
Stellenbosch, Bloemfontein en Pietermaritzburg.

1933.

## BRIEF VAN OLIVE SCHREINER.

HANOVER, KAAPKOLONIE,  
3 April 1903.

WAARDE MEJ. HOBHOUSE,

Ek het u boek gelees.

Onder die omstandighede moet ek oordeel dat LI die onderwerp op bewonderenswaardige wyse behandel het. Dit is onverbeterlik. Baie Hollandssprekende mense het my versoek om die boek vir hulle in Hollands te bestel.

Ek **beskou** dat u meer doeltreffende en nuttige werk in Suid-Afrika **gedoen** het, vir die saak van algemene menslikheid en reg, as enige ander persoon in staat was om te doen. U het nie honderde nie, maar ongetwyfeld duisende lewens gered. Ek vrees u werk sal nadelige en blywende merktekene op u gestel agterlaat. So 'n tyd van worsteling met onreg gaan nie in 'n mens se klere sit nie. . . .

Ek is bly dat u nie in Suid-Afrika is nie. Dit **sal u** in staat stel om die verlede met sy **herinne-**ringe beter van u af te werp as wat ons dit kan doen onder die druk van die teenwoordige.

**Hierdie** is net 'n woord om my bewondering vir u boek uit te spreek-u boek met sy kragtige **self-**beheer en diep gevoel.

Die Uwe,

**OLIVE SCHREINER.**

## BESKOUINGE VAN DIE PERS.

---

Van al die boeke wat tot dusver oor die oorlog (1899—1902) **geskrywe** is, is dié van mej. Hobhouse die een wat die **Engelse** volk die minste mag nalaat om te lees.

*Manchester Guardian, Nov. 1902.*

---

Die boek van mej. Hobhouse, al sou dit niks anders doen nie, behoort iets te doen om vele lesers te laat besef wat oorlog **werklik** is en wat dit beteken vir hulle wat daarin onmiddellik betrokke is.

*Westminster Gazette.*

---

Aa daar **by** elkeen van die trompetgeskal-geskiedenis-boeke, wat soveel van ons **historiese kennis** bevat, 'n **aanhangsel** kon toegevoeg word, in die gees van mej. Hobhouse se **frisse boekdeel**, dan is dit nie onmoontlik nie dat die omgangstaal van die **politieke** lewe gesuiwer sal word van sy **banaliteite**.

'n Ondersoek van die verlede, **eerlik** in **hierdie gees** onderneem, kan die uitwerking **hê** om die mees moderne onder ons te **oortuig** dat „**grondgebied**” niks anders is nie as 'n ongelukkige benaming vir 'n versameling menslike woninge. Die boek van mej. Hobhouse verdien 'n uitgebreide debiet, al is dit net omdat die **kennis** wat dit meebring, die beste voorbehoedmiddel behoort te wees teen veroweringsoorloë in die toekoms.

*The Speaker, 20 Des. 1902.*

---

Ons moet die boek van mej. Hobhouse **beskou** as die werk van 'n Engelse vrou. Van meer as een kant **sal** die **beskuldiging** van onpatrioties **daar teen** ingebring word. Tog kom **hierdie** benaming ons **onregvaardig** voor. In die **oë** van mej. Hobhouse is **sy** 'n lid van 'n **liggaam** wat 'n **misdad** begaan het **en** dié misdadigheid van die hele **liggaam** word verminder in die oë van die **wêreld** deur **elke** protes **daar teen** deur een van **sy** eie lede **aangeteken**.

*The Pilot, 27 Des. 1902.*



Van Engelse boeke oor die oorlog is *Die Smarte van die Oorlog* van mei, Hobhouse die mees belangrike. Met waarheid beweer sy dat dit die vroue en kinders getref het. 'n Mens moet van harte verlang dat elke joernalis, parlamentslid en predikant wat hom aan die oorlogsverdwasing oorgegee het, gedwing sal word om hierdie boek van voor tot agter deur te lees.

*Review of Reviews.*

'n Skrefie van die gordyn word hier ten minste weggetrek voor die treurspel, en deur iemand wat die beste in staat is, deur haar medelye, kennis en beproefde tosyding, om hierdie pynlike dog in die belange van die mensheid noodsaaklike plig te vervul.

*Preeman's Journal*, 19 Des. 1902.

Dit is niks minder as reg dat die mense van hierdie land sal weet, en dit ten volle, watter dade in hulle naam gepleeg is en wat die sedelike verhouding is, as skuldennare of krediteure, waarin hulle staan teenoor die vdk wat hulle verower het. . . . Dit is re dat so 'n boek geskrywe is ; dit is reg dat mej. Hobhouse die persoon was wat dit geskrywe het.

*Morning Leader*, Des. 1902.

AAN

## DIE VROU VAN SUID-AFRIKA

WORD **HIERDIE** BOEK OPGEDRA

WIE SE **VERDUBING** VAN BEPROEWING

ONDERWERPING IN VERLIES

ONAFHANKLIKHEID ONDER DWANG

WAARDIGHEID ONDER VERNEDERING

GEDULD ONDER **SMART** EN

KALMTE BY DIE DOOD

EERBIEDIGE WAARDERING BY **DIE** SKRYFSTER

GBWEK EN DIE MEDELYE VAN DIE **Wêreld**

**GEWEN** HET.

## INHOUD.

*Bladsy*

'n Paar Artikels van die Haagse Konvensie 1899	xiii
Inleiding tot Eerste Engelse Uitgawe . . . . .	xv
Inleiding tot die Afrikaanse Vertaling 1922 . . . . .	xix

### DEEL 1-1900.

HOOFSTUK I.—Woning verwoes . . . . .	1
HOOFSTUK II.—Vroue in 1900 . . . . .	59
HOOFSTUK III.—Gevoel in die Kaapkolonie . . . . .	110

### DEEL 11-1901.

HOOFSTUK I.—Meer Woning verwoes . . . . .	118
HOOFSTUK II.—Januarie tot Junie-Besoek aan die kampe . . . . .	143
HOOFSTUK III.—Junie tot Desember. My Poging om die Waarheid bekend te maak . . . . .	161
HOOFSTUK IV.—Vroue in 1901, volgens Beskrywing van andere (onofisiel) . . . . .	211
HOOFSTUK V.—Vroue in 1901.—Deur hulself vertel in Briewe en Petities . . . . .	267

### DEEL III—1902.

HOOFSTUK I.—Januarie tot Junie-Meer Huise ver- woes en Proklamasie van Vrede . . . . .	348
HOOFSTUK II.—Vroue in 1902 . . . . .	362
HOOFSTUK III.—Die Boervroue . . . . .	381
Aanhangsel A . . . . .	391
Aanhangsel B . . . . .	393
Aanhangsel C . . . . .	400
Aanhangsel D . . . . .	420
Aanhangsel E . . . . .	423
aanhangsel F . . . . .	429

'N PAAR ARTIEKELS VAN DIE HAAGSE  
KONVENSIE 1899.

---

ART. III.

Die gewapende magte van die oorlogvoerende partye mag bestaan uit **stryders** en **nie-stryders**. In geval van **gevangeneming** deur die vyand het beide die **reg** om as krygsgevangenes behandel te word.

ART. IV.

Krygsgevangenes is in die mag van die **vyandige** regering, dog nie in die mag van individue of **militêre afdelinge** wat **hulle** vang nie. Hulle moet op **mensliewende** wyse behandel word.

**Al** hulle persoonlike **besittinge**, behalwe wapens, **perde** en militêre papiere, **bly** hulle **eiendom**.

ART. VII.

Die regering in wie **se** bande krygsgevangenes val, is **verplig** om hulle te onderhou. Tensy daar 'n spesiale **ooreenkoms** bestaan tussen die oorlogvoerende partye, **sal** krygsgevangenes ten opsigte van voedsel, huisvesting en klere op gelyke voet **behandel** word met die troepe van die regering wat **hulle** gevang het.

ART. XV.

Liefdadigheidsvereniginge vir krygsgevangenes behoort **opgerig** volgens die landswet en met die **doel** om **liefdadigheid** te **bedien**, sal van die oorlogvoerende partye alle **fasiliteite** ontvang vir **hulleself** en hulle behoorlik geakkrediteerde **vertegenwoordigers**, sover krygsoperasies en administratiewe **bepalinge** dit toelaat, om **hulle** in staat te stel hulle **mensliewende** werksaamheid doeltreffend voort te sit. Afgevaardigdes van **sodanige** vereniginge sal toegelaat word tot **plase** van internering, ten einde nood te lenig . . . . indien voorsien van 'n persoonlike verlofbrief op gesag van die militêre **bevelhebbende** en nā 'n **skriftelike** onderneming om alle regulasies vir die handhawing van orde en wet te gehoorsaam.

ART. XXVIII.

Plundering van 'n stad of plek, al is dit stormender-hand **geneem**, is **verbode**.

ART. XLIV.

Enige dwang om die bevolking van 'n besette gebied oor te haal tot militêre operasies teen sy eie land, is **verbode**.

ART. XLV.

Enige druk op die **bevolking** van 'n besette gebied om die **eed** af te lê aan die **vyandige** mag, is **verbode**.

ART. XLVI.

Famelië-**eer** en **-regte**, individuele lewens en **besittinge**, asook **godsdiens**tige oortuiginge en **vryheid** moet **geëerbiedig** word. Private eiendom kan nie **gekonfiskeer** word nie.

ART. XLVII.

Plundering word uitdruklik **verbode**.

ART. L.

Geen algemene **straf**, **geldelik** of andersins, kan **toegepas** word op 'n **bevolking** ten **gevolge** van dade van **individue**; waar **dit** nie gesamentlik verantwoordelik voor kan **beskou** word **nie**.

HANDBOEK VAN MILITÊRE WET (1899).

**Aangesien** dit die doel van oorlog is om die **vyand** **buite** **geveg** te **stel**, is enige skade **toegebring** bowe wat **nodig** is om **buite-geveg** **stellig** te **veroorzaak**, onnodige **ar** **eed** **heid**.

Die algemene beginsel is dat in die wyse van **stryd**-**voering** geen **groter** kwaad die **vyand** sal **aangedoen** word **nie** as **wat** **nodig** is om hom tot oorgawe te **dwing**. **Hier**-**die** **beginsel** **sluit** **uit** **alle** **nodelose** **barbaarshede** **en** **elke** **soort** **van** **wreedheid** **en** **belediging** **wat** **eenvoudig** **die** **lye** **verbitter** **en** **die** **haat** **van** **die** **vyand** **vererger** **sonder** **om** **sy** **mag** **te** **breek** **of** **sy** **onderwerping** **te** **verseker**.

## INLEIDING TOT EERSTE ENGELSE UITGAWE.

Die doel van hierdie boek is om van die standpunt van die vroue en kinders 'n oorsig te gee van die Boer-Britse oorlog. Daar is geen gevaar dat die publikasie verbittering onder die Boere sal vererger nie, want dit sal niks bydra om hulle kennis te vermeerder nie; hierdie feite, en nog veel meer, is reeds welbekend in Suid-Afrika. Dog tot dusver is daar nog maar min in Engeland gehoor van die verbranding van plase en van die kampe van die kant van hulle wat die meeste, hierin betrokke was. Die verhaal bestaan dus grotendeels uit die **briewe** van vroue en **beskrywinge** deur hulle vriende. Hulle het die smarte van die oorlog verduur. Meer volwasse Boere, manne en vroue, het in die kampe omgekom as, wat op die slagveld gesaeuwel het, en meer as vyfmaal soveel kinders.

Hier word 'n oorsig gegee van die geskiedenis en die uitgebreidheid van verbranding van plase, om aan te toon hoe uitgestrek die onthuising van famelies was en hoe magteloos hulle was onder die drang van omstandighede. Die kommentaar deur die verskillende partye gegee op hierdie beleid en dié van konsentrasie word geboekstaaf. My eie optree in verband met die beweging word kortliks beskrywe, asook die teenstand in die lewe geroep deur my poginge om die ellende te versag en die lewens van vroue en kinders te **red**.

Ek neem ook hierdie geleentheid te baat om die **beskuldiging te weerlê wat in die pers en elders so dikwels my te laste gelê is, nl. dat ek die Britse troepe belaster het. Niemand het totnogtoe enige bewys vir hierdie aanklag uit my woorde of geskrifte** <sup>1)</sup> **aangevoer nie. Intendeel, ek het my uiterste gedoen om die eer van die leër hoog te hou. Dit is waar dat tydens die oorlog die eer van 'n land aan sy soldate toevertrou word, wat daarvoor onafgebroke waak. Maar is die teenoorgestelde nie ook waar nie? En word dit nie dikwels vergeet nie, nl. dat die eer van die soldate aan die land toevertrou is? As daar gebruik gemaak word van die verpligte gehoorsaamheid van soldate om van hulle dienste te vereis in stryd met die erkende reëls van oorlogvoer of waar hulle sedelike plig in botsing kom met hulle professionele plig, daar rus die blaam op hulle land en sy regering en nie op die leër nie.**

**Dit is nie my doel om in hierdie geskrif een of ander persoon te blameer nie. My strewe is eenvoudig om die smarte van hulle wat magteloos en weerloos was, met waarheid en gematigheid af te skilder.**

**Vir die gewone man en vrou, wat buite die politieke en militêre wêreld staan, lyk dit of daar in die oorlog willekeurige 'n streep getrek word tussen wat beskou word as barbaarsheid en beskawing. Is dit nie eerder waar dat alle oorlog barbaars is en dat daar alleen verskil van graad**

<sup>1)</sup> Sien Blouboek, Cd. 1163, 1902, bls. 109 : „Mnr. G. H. Turrey spreek sy verbasing uit oor persone soos sir H. Campbell-Bannerman en mej. Hobhouse, wat sonder grond manne belaster wat vir die eer van Engeland veg.” Openbare vergadering op Ladybrand.—Hier word geen enkele bewys aangevoer nie.

is nie? Die geskiedenis toon aan dat namate volkere in beskawing toegeneem het, hierdie streep ook hoër getrek is; en daar is ernstige waaksaamheid nodig om toe te sien dat daar nie weer 'n daling kom nie.

Die Haagse Konvensie (1899) was 'n duidelike poging om hierdie streep hoër te trek; dog al het ons land die artikels van daardie Konvensie onderteken, is hulle verbreek geword en die streep laer getrek tot daar waar sir Henry Campbell-Bannerman met die volste reg dit moes beskrywe as „middele van barbaarsheid.”

Teen hierdie middele het hy met ywer vir die eer van Engeland edelmoedig protes aangeteken. Al wat opreg en mensliewend is en die Haagse artikels bestudeer het en daarmee ons dade in Suid-Afrika vergelyk het, kan **nie** anders nie as dankbaar voel teenoor hierdie voorman van die Liberale Party vir sy veroordeling van die middele daar in beoefening gebring. Dog niemand van ons kan hom beskou as volkome beskaaf aler ons die streep getrek het, verhewe bo alle oorlog, en die Rede op sy troon gevestig is waar algemene arbitrasie algemene bewapening sal vervang.

Die sterfgevälle van die Boerkinders sal nie tevergeefs gewees het nie as hulle bloed die saad kan wees vir hierdie hoër bestuur van volkere. Hulle onskuldige lotgevälle behoort ten volle bekend te word en in wyer kring verstaan, ten einde haat teen oorlog in te wortel en mense te laat terugdeins vir die afskuwelikheid daarvan, om also 'n rype beraad onder die moondhede van die wêreld te skep dat toekomstige geskille op 'n wyse besleg mag word wat beskaafde mense meer waardig is.

Ek betuig hiermee my dank aan mnr. Alfred Marks vir 'n uitvoerige en noukeurige kompilasie van die sterftesyfers uit Engelse offisiële bronne geput. Hulle loop egter net tot Februarie 1902, m.a.w. etlike maande voor die einde van die oorlog. Hierdie rede op sigself maak dit onvolledig. Die volledige verslag van sterfgevalle noukeurig ná die oorlog te boek gestel en offisieel in 1913 in Suid-Afrika aan my gegee, word aan die einde van hierdie boek gevind.

## INLEIDING TOT DIE AFRIKAANSE VERTALING 1922.

deur EMILY HOBHOUSE.

---

Die voorstel van die NASIONALE PERS om hierdie vertaling my Boervriende aan te bied, het ek van harte verwelkom, en wel om twee iedes. In die eerste plek omdat so baie van die ouer geslag dit nie in Engels kan lees nie ; en ten tweede omdat 'n boek wat as 'n kroniek van 'n tydperk enig vir sy smart waarskynlik 'n leeftyd van geslagte in hulle land sal hê, in die natuurlike en historiese taal van die volk van daardie land behoort gekleed te wees.

As een of ander Boervrou, met 'n lewendige herinnering van die verlede, die boek koud en onwerklik in sy besadigdheid vind, wil ek haar herinner aan die moeilike omstandighede waaronder dit geskrywe was en die geweldige en seer onkundige kritiek waaraan dit blootgestel was. Daar kon alleen gepubliseer word wat op daardie tyd—'n moeilike tyd van krygswet—met bewyse gestaaf kon word, in geval dit in twyfel getrek word. Veel, hoewel bekend as waar, moes dus weggelaat word. Laat haar ook onthou dat die boek oorspronklik vir die inligting van die Engelse publiek geskrywe was en nie vir die Afrikaners bedoel was nie. Die feite was onbekend aan waarskynlik meer as drie-vyftes van die Britse volk. Die Pers, met 'n paar uitsonderinge, het die waarheid verberg ; en, soos hierin geboekstaaf, verga-



afgelope Wêreld-oorlog, meer as 'n paragraaf sal oorrê om die gestadige hongerdood van miljoene kinders te boekstaaf. Volgens my beskouing sal daar nooit 'n regvaardige en verstandige besef van oorlog wees nie, totdat die hele behandeling deur oue van dae, swakke en dié van tedere leeftyd ondervind, na waarheid hand aan hand met die militêre dade beskrywe word. Die Vredemaking van Carnegie het 'n belangrike stap in hierdie rigting gedoen toe dit 'n Internasionale Kommissie aangestel het om 'n rapport in te dien oor die voer van die Balkiese oorloë.<sup>1)</sup>

Die Engelse Oorlog het duidelik aangetoon dat verreweg die grootste aandeel aan lye en sterwe deur nie-stryders ondervind word. Moontlik, ja waarskynlik, is dit altyd die geval gewees; dog vroue het nie altoos die middele gehad om uiting te gee aan hulle leed wat hulle vandag ter hand staan nie. Die ou geskiedskrywers van die Dertigjarige Oorlog skyn geen twyfel te laat nie dat die lye van die algemene bevolking dié van die militêre ver oortref het. Dit word vermeld dat ongeveer twee-derdes van die bevolking van Middel-Europa ten gevolge van daardie oorlog

<sup>1)</sup> Hierdie rapport is in die lente van 1914 gepubliseer en is 'n myn van informasie omtrent die gruwel dade van oorlog; dog dit bepaal hom nie uitsluitlik tot nie-stryders nie. Ongelukkig was daar geen vroue op die Kommissie om spesiaal hulle geslag te ondervraag nie; en al hoor 'n mens nou en dan die geroep van 'n gemartelde vrou uit die bladsye daarvan, is die voorstelling van die lot van die vroue en kinders in die boek eerder dié van 'n sprake-lose massa verwarde ellende op die aaklige agtergrond. Dit is deur die Departement van Onderlinge Gemeenskap en Opvoeding van die Bemaking uitgegee, en hierdie belangrike boek behoort in elke skool-biblioteek te wees, langs hierdie onderhawige publikasie, om also 'n begin te vorm van anti-oorlogse lektuur uit die oogpunt van die smarte deur oorlog berokken.

deur siekte, swaard en hongêr verdwyn het. Tot hoe veel hulp sal dit nie vir onderwysers wees nie, en hoe gesond vir die mensdom, as ons beskrywing van sulke verskriklike oorloë kon hê deur die vroue self opgestel, wat ongetwyfeld die grootste ramp van dit alles moes verduur.

En nou nadat twintig jaar verloop het sedert hierdie boek beskrywe is, stel die jongste bittere ondervinding ons in staat om „nuwe kennis op ou gebeurtenisse toe te pas.” Van die tyd toe die Boer-Britse oorlog ons harte geroer het, het een oorlog die ander in droewige maat opgevolg, ondergang van miljoene berokken en geen oplossing meegebring om die misdaad teen die mensheid te regvaardig nie. Britse imperialisme in Suid-Afrika is spoedig gevolg deur die Russies-Japanese worsteling, en dié weer deur Italiaanse imperialisme in Tripoli, wat weer die saad gestrooi het vir die Balkiese Oorloë, wat op mekaar gevolg het. Daarna het die kole 'n rukkie gesmoor, totdat hulle eindelijk in die magtige algemene brand uitgebars het, wat al die moondhede in die wilde vlam van oorlogshartstog ingesluit het. Jarelank het imperialiste en militariste in elke betrokke land geheim dog beslis voorbereidsele gemaak om mekaar na die keel te vlieg, al het elkeen teruggedeins vir die verantwoordelikheid om die begin te maak. Sels Suid-Afrika was nie tevrede om kalm te bly nie; dog om te toon hoe min sy deur haar jongste ondervindinge geleer het, het sy haarself in die maalstroom van die heersende imperialisme ingewerp. Elke moondheid het marke, kole, yster en ekonomiese voordele begeer. Van die eerste tot die laaste (soos so moedig deur Nitti, tot onlangs Eerste Minister van Italië, aangetoon word) het hulle almal jaloesie en gulsigheid

verberg agter hoogklinkende woorde en verhewe ideale, bereken om die afskuwelike slagting 'n heilige daad te laat lyk in die oë van die ridderlike jeug. Jonge geesdrif was nie gedemp deur enige kennis van die leuens waardeur (soos Nitti weer aanmerk) oorlog sowel verklaar' as ondersteun word.

„Die mense is belieg,” sê Bernard Shaw, „op reusagtige skaal.” „Dit is maklik om dit te doen,” voeg hy daarby, „**en hulle sal dit weer doen.**”

Hulle sal-tensy die manne en vroue wat in hulle eensaamheid in die dieptes van oorlog gestaar het, hulle sal rep om dit teen te werk en te verhoed. Die nood is reeds daar. Die Vrede van Versailles, self gelaai met die saad van toekomstige oorloë, is skaars gesluit of dit word gesê dat diegene wat glo dat olie die krag van die toekoms gaan wees, besig is om vir 'n olie-oorlog voorbereidsele te maak; (Dit sal egter 'n mooiër tiel hê as dit kom.) Tog het ons reeds lank genoeg gelewe om te kan sien dat die Groot Oorlog 'n bedrog en 'n mislukking was. Die geweldige omkeer het geen enkele volk gelukkiger of beter gelaat nie-inderdaad, sedelik en stofflik het almal gekink. Andermaal-al was die ontberinge van die leërs nog so groot-het die nie-stryders die smarte moes verduur. Siekte, blootstelling, gewelddadighede, ellende en veral lank-uitgerekte verhongering het hulle in veel groter getalle as die manne op die oorlogsveld afgemaai. Hierdie proses is nog aan die gang; die uitwerking daarvan strek wyd en syd.

Dit lyk of daar 'n skemering van die gruwele waar hele siviele bevolkinge aan blootgestel is, eindelijk deurgedring het tot die bewussyn van

sekere staatsmanne. Hierdie persone het 'n poging aangewend, wat 'n groot stap vooruit kon gewees het, om 'n ontwapeningskonferensie op Washington byeen te roep. Gewoon daaraan, egter, om in 'n groef te dink en om geskiedenis en gewoonte raad te pleeg omtrent wat hulle te **doen** staan, liewer as vir wat **nagelaat** moet word, het die verskillende goewermente as afgevaardigdes na hierdie konferensie van die voorste militariste en imperialiste gestuur-manne wat altyd oorlog beoefen het, wat van voorneme was om dit in die toekoms in beoefening te bring en wat meer in geweld as in die rede glo. Die vergadering is geopen met vertoon en verheerliking van leër en seemag. Die begrafnis van 'n „Onbekende Krygsman” was een van die gebeurtenisse om vertoon te maak. Nie in Washington nie of in enige ander land wat hierdie begrafnis-plegtigheid waargeneem het, het 'n mens van 'n dergelike eer gehoor wat betoon is aan 'n „Onbekende Siviele Persoon,” hetsy vrou of kind. Dog die groot getalle van hulle verslagene en hulle stille onbesonge heldemoed ewenaar dié van enige leër. Dit lyk of Suid-Afrika met die oprigting van die Vroue-monument <sup>1)</sup> in 1913 totdusver die enigste land is wat hierdie verering aan die siviele martelare van die Oorlogsgod toegebring het.

Alle eer aan president Steyn, wat die enigste onder staatsmanne is wat daardie groot beweging op tou gesit het tot verering van die nie-strydende dode.

<sup>1)</sup> President Steyn het my uitgenodig om in 1913 die Monument te onthul; en al was ek ongesteld, tog het ek die uitnodiging aanvaar, daar ek dit onmoontlik gevind het om so 'n groot eer van die hand te wys. Dit sal altyd een van die grootste teleurstellings van my lewe bly dat 'n ernstige hartaanval my verhinder het om verder dan Beaufort-Wes te kom.

Byna gelykstaande, hoewel op 'n ander pad van beproewing en lye, was die heldemoed van daardie dapper groep, in ons eie en ander lande, wat weens gewetensbeswaar opsygestaan het. Hierdie manne, wat in sekere lande op die vasteland dadelik tot die dood veroordeel is, is op verskillende wyses in ons eie land- behandel. Hulle het hoon en smaad en lange jare van gevangenisstraf verduur, liewer as om hulle hand op te hef teen hulle medemens. Aan sulke manne-voorlopers van 'n nuwe en beter dag-is die wêreld, wat nog verwar sit in die gedagtes en gewoontes van barbaarse tye, die hoogste verering skuldig. Om openbare eer aan hulle te bewys sou 'n toepaslike plegtigheid vir 'n ontwapeningsvergadering gewees het.

Die Washingtonse Konferensie het gewilligheid getoon om afstand te doen van sulke bewapening as langamerhand verouder blyk, dog het vasgehou aan die meer skrikwekkende uitvindinge wat nou die plaas daarvan inneem. Fabrieke is nou ook besig om gasse te vervaardig wat veel meer dodelik is as die liddiet wat die Britse leer in Suid-Afrika gebruik het. Van daardie vreeslike gas skryf kaptein March-Phillipps : „Die Konferensie van Geneva behoort die ban daaroor uit te spreek,” en hy beskrywe verder in besonderhede die diaboliese uitwerking daarvan.)

1) „Die uitwerking van die ontploffing van 'n liddiet-bom is as volg: Enigeen binne vyftig tree word uitgewis, totaal weggeblaas. Van 50 tot 100 tree word hulle deur die damp en giftige gasse wat die bom afgee, doodgemaak. Van 150 tot 200 word hulle nie doodgemaak nie, dog bewusteloos geslaan, en hulle vel word in 'n helder groen kleur verander. Van 200 tot 250 word hulle so duiselig en dof dat hulle nie kan veg nie; en oor die algemeen is iemand wat in die streek of omgewing van die ontploffing is, daarna nooit dieselfde weer nie.”—*With Rimington*, bls. 31, deur kaptein L. March-Phillipps.

Gasse nog meer dodelik is aan weerskante in die Groot Oorlog gebruik, en ons verneem dat die nuwe soorte nog veel erger sal wees. Verder word dit geloofwaardig verklaar dat siektekieme bestem om mens en dier uit te roei, onder die oorlogswerktuie van die toekoms gereken sal word. Waar die dood also uit die lug val, sal die hele land die slagveld wees en geen individu veilig wees nie.

Alles toon dus aan dat die toekomstige lot van nie-stryders ongetwyfeld nog meer ontsettend sal wees as in die verlede. Dit betaam hulle dus om handelend op te tree, terwyl daar nog tyd is. Die welbekende Franse skrywer M. Anatole France waarsku ons as volg: „Of ons daarvan hou of nie, die tyd is daar dat ons of wereldburgers moet word of die hele beskawing sien ondergaan.” Georganiseerde Arbeid begin ook te besef dat dit grootliks by die arbeiders berus om 'n end aan oorloë te maak. Die Internasionale Kongres van Metaalwerkers, wat in 1920 in Kopenhagen versamel het, het 'n algemene resoluë gepasseer ten gunste van 'n weiering om verder wapens, ammunisie of oorlogsgereedskap te fabriseer. Die Kongres in Lucerne in 1921, wat agtien lande en tussen drie en vier miljoen werkliede verteenwoordig het, het verdere stappe gedoen om hierdie resoluë toe te pas. Ons lees dat Franse werkliede op Roubaix, tot hulle groot eer, werklik gestaak het met die vervaardiging van bomme om teen Rusland te gebruik. Ons het ook verneem van Italiaanse seeliede wat geweier het om skepe te laai of te laat seil wat bestem was om oorlogsmateriaal na die nabygeleë Ooste te vervoer. Die groot kongres van Internasionale Vak-unies onlangs in Rome gehou en verteenwoordigend

van 24 miljoen werkliede het ook pas 'n kragtige resoluusie teen oorlog geneem. Langs hierdie wêreld daar moontlik die beste kans om tot ontwapening te geraak ; en van eenvoudige werkliede besiel met die gees van broederliefde mag staatsliede ook die solidariteit van die menslike ras leer ken en dat hulle die barbaarse stelsel van algemene moord, wat die naam van oorlog dra, moet vaarwel sê. Skeikundiges en laboratoriumwerkers behoort dieselfde voorbeeld van die moedige metaalarbeiders te volg en te weier om hulle kundigheid te laat gebruik om kieme of gasse te vervaardig wat hulle medemenses moet uitroei.

Dit is verbasend dat hoewel so 'n lang lys van die mees voortreflike denkers van die wêreld hulle teen oorlog verklaar het, geen staatsman totnogtoe hom in staat getoon het om dit as 'n middel om geskille te besleg, af te skaf. Intendeel, hulle erken swygenderwyse die gevestigde gebruik daarvan, deur onderling ooreen te kom omtrent sekere regulasies, as leidraad vir die „humane” voortsetting daarvan. Dog oorlog is 'n ding wat uit sy aard en uitwerking nie human kan gemaak word nie ; en hierdie reëls, hoewel voortreflik . op papier, kan gemaklik ontduik word, en word in werklikheid ook op 'n duisend maniere ontduik. Inderdaad, die Carnegie-rapport maak spesiale melding dat **elkeen van hierdie reëls** in die Balkiese Oorloë veronagsaam is. Ons sal waarskynlik ook vind dat dieselfde in die Europese worsteling gebeur het; 'n mens hoop dat die Carnegie-bemaking 'n kommissie sal stuur om rapport te doen.

Groot sal die staatsman dus wees wat die standpunt van Permanente Vrede sal inneem. Hy sal

'n man wees met 'n uitsig wat sien dat internasionale verhoudinge totnogtoe op verkeerde dinge betrekking gehad het. Hy sal die dwaasheid aan die kaak stel dat vrede alleen bevestig word deur klaar te maak vir oorlog. Hy sal die Ministerie van Oorlog afskaf ; en die Ministerie van Vrede wat dit vervang, sal die drukste besig wees van al sy departemente. Hy sal die wêreld leer dat vrede nie net beteken die afwesigheid van oorlog nie, dat dit nie in lydelike niks-doen bestaan nie, dog bedrywige samewerking in ontelbare wereld-aangeleenthede beteken ; dat vrede nie 'n ooreenkoms is om nie te veg nie, dog liever 'n ooreenkoms om saam te werk tot bevordering van onderlinge belange. Hy sal dit aan sy volk duidelik maak dat as volkere dieselfde doel beoog, hulle ook saam sal span om dit te verwesenlik; hy sal die publieke aandag vestig, nie op die verhoeding van oorlog nie, dog liever op alle opbouende werksaamhede wat nodig is vir elke nasie in die groot gemeenskaplike staat van die wereld-moondhede. Met een woord, hy sal ko-operasie stel in plaas van konkurensie. Dan sal ontwapening verwesenlik word en die vervaardiging van oorlogsgereedskap tot die verlede behoer. Hy sal geld tot sy beskikking hê vir groot hervorminge, vir opvoeding, goeie huisvesting, irrigasie, sanitasie en veel meer. Al mag die gryse hare onder ons nie leef om daardie wêreldheld te sien en te verwelkom nie, tog kan elkeen van ons iets doen, selfs vandag, om die weg voor te berei vir sy koms en sy werk. Skep die behoefte aan hom, en hy sal te voorskyn tree. M. Anatole France gevoel dit so sterk dat hy dit as onderwerp geneem het vir sy merkwaardige

toespraak voor die onderwysers van die Franse Laer Skool by die jaarlikse kongres van hulle vak-unie. Want al kan metaalwerkers en andere ongetwyfeld veel doen om te dwarsboom, tog herinner Bernard Shaw ons tereg daaraan dat dit op slot van sake „die MAN is wat veg, nie die wapen nie. Ook die VROU.” Anatole France het ten volle hierdie diepgewortelde instink van die onwedergebore menslike natuur besef, toe hy met kragtige erns dit op die hart van die onderwysers van sy land gedruk het dat die toekoms in hulle hande was, waar hulle die jong verstand kon vorm. Die ou verwagting dat onderwys soos totnogtoe begrepe, oorloë sal verminder, het voor feite verdwyn. Ons het dit beleef om die voorste geleerdes in al die lande wat as mees beskaaf genoem word, nie alleen bedrywig te sien in hulle ondersteuning van die oorlog nie, dog dat hulle selfs andere in hartstog oortref het. So duidelik is dit dus dat die opvoeding wat ons totnogtoe gehad het, die gees van oorlog aanwakker. En noudat bajonet-oefeninge en ander kunste om dood te maak in ons openbare skole ingevoer word, word die jeug reeds van kleins af gewoon gemaak aan die praktyk van oorlog. Opvoeding, om 'n **wapen vir vrede te word, moet hervorm word**; en waarskynlik is ouers die enigste mense wat daarop kan aandring dat dit sal geskied. Hulle behoort 'n verteenwoordigende liggaam te kies om die toon van die onderwys wat in hulle land gegee word, te ondersoek en alle boeke wat oorlog verheerlik, te verban. Hulle behoort geskiedskrywers aan te stel om geskiedenis oor te skrywe en aan te toon hoe verkeerd dit, sonder uitsondering, van staatsliede was om hulle landgenote in 'n oorlog te lei, en hoe weinig en ten koste van hoe ontsag-

lik veel daar gewen is; geskiedskrywers wat die aandag van die jeug sal bepaal by manne wat waarlik groot was-denkers, digters, ontdekkers, wetenskaplikes, ens., wat gearbei het om die beskawing te bevorder en nie te vernietig nie. Met innige dankbaarheid lees 'n mens die woorde van die beroemde Fransman wat op sodanige verandering aandring. Hy maan die versamelde onderwysers as volg : „In die eerste plaas moet u van die skool verban alles wat die kinders liefde inboesem vir oorlog en sy misdade; terwyl die destruktiewe aanleg op die oomblik wverig aangekweek word.” Sowel moeders as Onderwysers, dring hy aan, moet saamspan om kinders vrede en die werke van vrede te laat liefkry. Hulle moet alles verban wat haat teenoor die uitlander opwek. Die nodigste taak van die onderwyser moet wees „om haat gehaat te maak.”

„Verbrand,” roep M. France uit, „verbrand al die boeke wat haat verkondig. Verheerlik arbeid en liefde. Voed vir ons manne op wat in staat is om die ydele praal van barbaarse heerlikheid onder die voete te vertrap en die bloeddorstige aspirasies van nasionalismes en imperialismes te weerstaan wat hulle vaders vernietig het.”

Om die geskiedenis so oor te skrywe, sonder die verheerliking van oorlog en sonder om krygsliede voorrang te gee bo die groot weldoeners van die mensdom, sal tyd neem. Ondertussen bepleit mnr. Galsworthy en ander welbekende manne 'n weg waarlangs die internasionale jeug die gedurig voorkomende oorloë kan verhoed, deur 'n eed te neem om die wapens in geen geskil op te neem nie wat nie *eers* aan arbitrasie onderwerp is nie.

Op die morele sy kan elkeen van ons begin om „haat gehaat” te maak, binne die kring van ons

die invloed. En miskien is die eerste stap tot hierdie poging om ten uitvoer te bring wat ek 'n Kwakerdame eenmaal seer juis, „persoonlike ontwapening” hoor noem het. „Het u vyande lief, en u sal geen vyande hê nie,” skryf Tolstoi in daardie wyse en versierende pamflet van hom getitel *Bethink Yourself*. En die jong Duitse digter Borngraeber, wie se ontydige dood 'n verlies is vir internasionale vriendskap, het my in 1916 sy prosa-gedig gegee, met die benaming „'n Bergpredikasie vir die Verlossing van die Volke,” waar die woorde in voorkom: „Dit is deur die oumense gesê: ‚Het u vyande lief;’ dog ek sê u, **u het geen vyande nie.**” Dit is alte waar dat die versgevoerde denkers van die wêreld die betekenis van algemene broederskap begin te besef en **dat** haat en nyd taan voor die ontwakende mag van 'n wereld-omhelsende liefde.

Die woord „liefde” in sy uniwersele omhelsing sal ongetwyfeld die hart van die vroue van Suid-Afrika raak, en in daardie oortuiging dra ek hierdie boek aan hulle op-aan vroue van wie ek persoonlik nooit 'n woord van haat verneem het nie, al het ek my onder hulle beweeg gedurende hulle bitterste en donkerste dae van oorlogsmart.

Alles wys op die groot sending van die vrou, om die hart en gewete van die wêreld vir permanente vrede te bewerk. In Europa maak die „Internasionale Vroue-Vereniging vir Vrede en Vryheid” Permanente Vrede 'n fundamentele beginsel van hulle beweging. Waarskynlik het alle groot vrouedenkers die holle, bedrieglike karakter van oorlog ingesien. Onlangs is daar 'n paar fragmente ontdek van die geskifte van Sappho, die Griekse digteres van vervloë tye. Daaronder kom hierdie woorde voor, wat die eeue

xxxii

oorbrug en wat werklik deur 'n Olive Schreiner kon geskryf gewees het:—

Die **skoonste** ding in die hele wêreld, sê sommige,  
Is 'n troep van ruiters,  
En sommige 'n **leër te wees**  
En andere weer 'n oorlogsvloot;  
Maar vir my is dit die liefing van die hart.

Hier spreek die **egte** vrou. Sy het ook die militêre grootpraat van haar dag gehoor, sy het dit opgesom en die waarde daarvan vir lewe en geluk bereken; en ons weet sy het reg. Ons eie digteres Elizabeth Barrett Browning was van dieselfde beskouing en het in werklikheid geprofeteer dat die dag spoedig sal aanbreek wanneer ons „Denkers in plaas van Vegters sal hê.” Ruimte laat nie toe om hier almal te vermeld wat hierdie oortuiging deel nie. Vir hulle is dit 'n tragiese stonde wanneer hulle hul land die weg van oorlog, wat hul in die wese van die saak verkeerd ag, sien inslaan; en tog word dit verwag dat hulle sal sê dit is reg. Dog watter soort van ontaarde vaderlandsliefde sal dit wees? Dikwels gedurende die donker en wrede jare wat ons nou gestadig agter die rug kry, het ek teruggeval op die edele beskouing van patriotisme wat William Watson in 'n gediggie getitel „The Patriot's Prayer” beliggaam. Dit adem die gees van 'n edele en trotse patriotisme, vry van elke besmetting met daardie valse substituuat wat in oorlogstyd so welig groei. Hier is 'n paar van die verse:—

If supplication be not vain,  
Grant US release from **worse** than pain,  
And give felicity again.

Give, for Thou canst, benignant years,  
Like **mercy** breathed in famished ears;  
And calm that comes of noble tears:

xxxiii



Strength that in perfect sweetness grows;  
And labour crowned with fruitful close;  
And the lost secret of repose:

A vision passionately just;  
And Power that putteth not its trust  
In endless leagues of subject dust:

An England confidently whole,  
Moving to her appropriate goal  
In pure security of soul:

The lovelier England, dear and true:  
The knightlier England, armed anew  
Rather to aid than to subdue.

---

## DIE SMARTE VAN DIE OORLOG.

---

DEEL 1—1900.

---

HOOFTUK 1.

---

WONINGE VERWOES.

---

*„The Tramp of Power, and its long trail of pain.”—WILLIAM WATSON.*

---

Ná die aankoms van lord Roberts in Suid-Afrika en sy aanvaarding van die opperbevel het hy vroeg in Februarie sy welbekende Eerste Proklamasie uitgevaardig. Die welslae van hierdie dokument het afgehang van die mag van die besettende leer om die verowerde gebied te behou en te beskerm, en om noukeurig te onderskei tussen die enkele persone wat die bepalinge daarvan oortree het, en die vele wat onskuldig was. Dit was 'n gewone onderwerp van gesprek in die konsentrasiekampe, waar dit gedurig deur ontelbare vroue op 'n mismoedige, raadselagtige wyse aangehaal is. Hierdie vroue was nie bewus dat hulle ooit enige misbruik van die matigheid daarvan gemaak het nie; hulle kon dit nie begryp waarom die belofte daarvan nie nagekom is nie. Die proklamasie word hier volledig weergegee, omdat soveel lief of leed daarvan afgehang het.

EERSTE PROKLAMASIE VAN LORD ROBERTS AAN DIE BURGERS  
VAN DIE ORANJE-VBYSTAAT.

Feb. 1900.

Aangesien die Britse troepe onder my bevel die Oranje-Vrystaat binnegetrek het, beskou ek dit my plig om aan alle burgers die oorsaak van my koms te verklaar, asook om alles in my vermoë te doen om 'n end te maak aan die verwoesting deur die oorlog aangerig, sodat, in geval hulle die oorlog voortsit, die inwoners van die Oranje-Vrystaat dit nie in onkunde sal doen nie, dog met volle kennis van hulle verantwoordelikheid voor God vir die lewens wat in die stryd opgeoffer word.

Voor die oorlog uitbreek het, het die Britse Regering, wat altyd vrede en vriendskap met die Oranje-Vrystaat verlang en bevorder het, 'n plegtige versekering aan president Steyn gegee dat as die Oranje-Vrystaat onsydig sou bly, geen inval in die gebied daarvan sou gemaak word nie en dat die onafhanklikheid daarvan altyd ten volle deur Haar Majesteit se Regering erken sal word.

Ondanks hierdie verklaring het die Goewerment van die Oranje-Vrystaat hom skuldig gemaak aan 'n moedswillige en ongeregvaardigde inval in Britse grondgebied. Die Britse Regering is van mening dat hierdie daad van geweld nie met die goedkeuring en toestemming gebeur het van 'n volk waarmee dit vir soveel jare in volkome vriendskap geleef het nie. Dit is van mening dat die verantwoordelikheid uitsluitlik by die Goewerment van die Oranje-Vrystaat berus, wat nie in die belange van die land nie, maar onder verkeerde invloede van buite gehandel het. Die Britse Goewerment wil dus die volk van die Oranje-Vrystaat te verstaan gee dat dit jeens hulle geen gevoel van vyandskap koester nie; en waar dit met die suksesvolle voortsetting van die oorlog en die herstelling van vrede in Suid-Afrika kan stryk, daar is dit begerig om hulle te vrvwaar van die kwaad wat 'n verkeerde daad van hulle Regering op hulle gebring het.

Ek waarsku alle burgers dus om af te sien van enige verdere dade van vyandskap teen Haar Majesteit se Regering en die troepe onder my bevel, en ek gee die versekering dat niemand wat hieraan gehoor gee en wat tuis bly en sy gewone vreedsame beroep volg, enige letsel aan persoon of besitting, omdat hy in gehoorsaamheid aan sy Regering die wapen opgeneem het, sal ontvang nie. Diegene daarenteen wat weerstand bied aan die magte onder my bevel of die vyand voorsien van lewensmiddele of informasie, sal behandel word volgens oorlogsgewoonte.

Rekwisities om voedsel, voer, brandstof of skuiling op las van die bevelvoerende offisiere van Haar Majesteit se troepe moet dadelik gevolg aan gegee word, dag en nag, sal daar en dan voor betaal word, volgens markpryse. As die Inwoners van een of ander distrik weier om aan die eise te voldoen, dan sal die nodige van hulle met geweld geneem word en hulle daarvoor 'n kwitansie gegee word.?)

As een of ander Inwoner van die land meen dat hy of 'n lid van sy huisgesin onregvaardig behandel is deur 'n offisier, soldaat of siviele amptenaar wat tot die Britse leër behoer, moet hy sy klagte persoonlik of skriftelik indien by my hoofkwartier of die hoofkwartier van die naaste generaal. As dit ná ondersoek blyk dat die klagte gegrond is, sal vergoeding gedoen word.

Ek het bevele uitgevaardig waardeur soldate verhinder word om private, huise binne te gaan of om op welke voorwensel ook die siviele bevolking te molesteer; en alle voorsorg is gemaak om te verhoed dat enige persoon wat in verband staan met die leër, skade aan enige eiendom sal aanbring.

Dit blyk egter dat daar reeds klagte was oor soldate wat private woninge binnegegaan en die siviele bevolking gemolesteer het. 'n Maand eerder het 'n Reuter-telegram verklaar: „Genl. Babington se manskappe het 'n toggie van twaalf myl binne die Vrystaat gemaak, drie Eoerplase besoek en dié met dinamiet en vuur vernietig. Die woninge op die plaas van Zwiegler en twee van Lubbe, die kommandant van die distrik se kommando, is verbrand geword, omdat hulle as leërplekke van die vyand gebruik was.”<sup>2)</sup> Mnr. Conan Doyle verwys na dieselfde voorval waar hy skrywe: „Die berede troepe van Methuen het 'n ander tog oor die grense van die Vrystaat gemaak. Dit is merkwaardig, omdat, met die enkele uitsondering van kol. Plumer se Rhodesiese mag, dit die eerste maal was dat die grond-

1) Veel van die ontevredenheid in Suid-Afrika ná die oorlog is, toe te skrywe aan die gebrekkige nakoming van hierdie belofte.

2) Reuter se Speciale Diens, 11 Jan., 1900. Uit 'Pen Pictures of the War, bls. 218.

gebied van die vyand oorskree is. Die, ekspediesie onder Babington het bestaan uit dieselfde resjimente en dieselfde battery wat die optog van **Pilcher beskerm** het. . . . Met behulp van 'n mag van die 'Victorian Mounted Rifles' het hulle 'n aansienlike stuk land deurgetrek en etlike plaashuise vernietig. Laasgenoemde uiterste maatreël was moontlik bedoel as 'n waarskuwing vir die Boere dat sulke strooptogte soos hulle in Natal onderneem het, nie ongestraf kan verbygegaan word nie, dog die wysheid en mensliewendheid van sodanige handeling kom ons twyfelagtig voor ; en dit was nie sonder oorsaak dat president Kruger ons kort daarna tereggewys het nie." <sup>1)</sup>

Hierdie protes, wat gesamentlik van die twee presidente gekom het, was as volg :—

Ons verneem van alle kante dat die Britse troepe, in stryd met die erkende oorlogsgebruike, hulle skuldig maak aan die vernietiging van plaashuise deur vuur en dinamiet en aan die verwoesting van plase en wat daarop is, waardeur onbeskermd vroue en kinders dikwels van voedsel en dekkel beroof word.

Dit gebeur nie alleen op plekke waar barbare aangesmoedig word deur Britse offisiere nie, maar selfs in die Kaapkolonie en in hierdie staat, waar blanke struikrowers van die oorlogsterrein uitkom met die duidelike doel om 'n algemene verwoesting te bewerkstellig, sonder enige voorwensel deur oorlogsgebruik geregvaardig en sonder krygsoperasies op enige manier te bevorder.

Ons wens ten sterkste teen sodanige dade protes aan te teken.<sup>2)</sup>

Dit was gedurende die laaste dae van Desember 1899 en die eerste van Januarie 1900 dat die verbranding van plaashuise begin het. , , Lubbeshoek," die woning van kommandant Lubbe, was

<sup>1)</sup> *Great Boer War*, hfs. XII, bls. 202, deur A. Conan Doyle.

<sup>2)</sup> Cd. 582 (190). Bloemfontein. 3 Febr. 1900.

een van die eerste wat verniel is. Die opperbevelhebber, wat nog in Kaapstad was en wat waarskynlik nog niks van hierdie eerste vernielinge gehoor het nie, het twee dae later geantwoord en om besonderhede gevra, met verwysing na strooptogte in die Kaapkolonie. In hierdie amptelike berig lê hy nadruk op die beginsel dat dit barbaars is om mense te wil forseer om party te kies teen hulle eie Regering en land :-

KAAPSTAD, 5 Febr. 1900.

Ek het die eer U Hoogedele se telegram te erken, waarin u Britse troepe beskuldig van die vernieling van eiendom, in stryd met die erkende gebruike van oorlog, asook van plundering en verwoesting. Hierdie beskuldiginge word gemaak in terme wat vaag en algemeen is. Geen besondere geval word genoem en geen getuiesis gegee nie.

Ek het vantevore dergelike beskuldiginge in die Pers gesien; dog in geen enkele geval wat onder my aandag gebring is, is die waarheid daarvan bewese geword nie. Die allerstrengste bevel is aan die Britse troepe uitgevaardig om privaat eiendom te respekteer, msoverre dit moontlik is onder voortsetting van militêre operasies. Alle moedswillige vernieling of skade aan vreedsame inwoners aangedoen is in stryd met Britse gewoonte en tradisie en sal waar nodig ten sterkste deur my onderdruk word.

Dit spyt my dat U Hoogedele dit wenslik ag om die leuenagtige verklaring te herhaal dat „barbare deur Britse offisiere aangemoedig is" om te plunder. Die enigste voorval waar naturelle-onderdane 'n strooptog gemaak het, was in stryd met die instruksies van die naaste Britse offisier en het sy operasies heeltemal in die war gebring. Die vroue en kinders deur die naturelle gevange geneem, het deur bemiddeling van {gemelde offisier weer na hulle huise teruggekeer.

Dit spyt my om te sê dat dit die Republikeinse magte is wat in sommige gevalle hulle skuldig gemaak het om oorlog te voer in stryd met beskaafde gebruik. Ek bedoel veral die feit dat lojale onderdane van Haar Majesteit van hulle huise gedrywe is in die besette gedeeltes van die Kolonie omdat hulle geweier het om deur die vyand gekommandeer te word. Dit is barbaars om mense te wil forseer om party te kies teen hulle eie Regering en land deur dreigemente van plundering en verbanning. Manne,

vroue en kinders moes hulle huise verlaat ten gevolge van sodanige dwang; en vele wat vroeër welaf was, moet nou deur liefdadigheid onderhou word. Dat oorlog lye en skade aan vreedsame onderdane moet berokken, is onvermydelik; dog dit is die begeerte van Haar Majesteit se Regering, en dit is my voorneme om hierdie oorlog te voer met so weinig letsel as moontlik aan vreedsame inwoners en privaat eiendom, en ek hoop U Hoogedele sal u gesag uitoefen om 'n dergelike gees van u kant te verseeker.

'n Paar dae later het hy die volgende naskrif aan hierdie amptelike berig toegevoeg :-

*Febr. 12.*

In voortsetting van my telegram van die 5e Februarie, wil ek U Hoogedele se aandag bepaal by die roekelose vernietiging van eiendom deur Boermagte in Natal. Hulle het nie alleen beslag gelê op vee en ander eiendom van boere sonder vergoeding nie, maar hulle het ook die huisraad van baie woninge verniel. Ek wil by voorbeeld noem die geval van mnr. Theodore Wood se plaas „Longwood,” naby Springfield. Ek wys daarop hoe seer verskillend die gedrag van Britse troepe is. Dit word my gerapporteer van Modderrivier dat plaashuise in die ommiddellike omtrek van die Britse kamp nog nooit binnegegaan is nie; die bewoners word nie gehinder nie; en hulle huise, tuine en lande bly heeltemal ongeskonde.

In antwoord op hierdie twee telegramme het die twee Boerpresidente 'n lang berig gestuur. Om een of ander onverklaarbare rede koni hulle telegram nie voor in die Blouboek waaruit die voorgaande berigte geneem 'is nie. Dit is ook nooit voor die Britse volk geplaas nie. Els gee dit daarom hier ten volle weer :-

Van Staatspresident Oranje-Vrystaat en Staatspresident van die Suid-Afrikaanse Republiek. Gestuur van Bloemfontein om 9.20 n.m., 19 Febr. 1900. Ann Sy Eksellensie Lord Roberts, Kaapstad, 19 Febr.

Ons het die eer ontvangs te erken van U Eks. se telegram van 5 deser. Die spesifieke gevalle van modelose vernieling van eiendomme deur Britse troepe is so talryk dat ons met alle respek volhou dat 'n behoorlike ondersoek die juistheid van die aanklag aan die lig sal bring.

Om slegs 'n paar gevalle uit vele aan te haal: Verskeie plaaswonnige is verniel geword naby die grens van Jakobsdal, o.a. die woning van kommandant Lubbe op sy plaas „Lubbeshoek,” en dié van sy broers en swaars op „Wetevreden,” „Karooaagte,” „Du-Toitsheuvel,” en „Badenhorstoeit” is totaal verniel deur Britse patrollies, laat in Desember. Op die plaas „Gruispan” van D. Combrink is die huisraad verniel en gedeeltelik verbrand, en die woning is so te sê heeltemal deur dinamiet op 4 Januarie opgeblaas.

Alles tesame het ons offisiële informasie gedurende Desember en Januarie ontvang van agtien huise geheel of gedeeltelik verbrand of vernietig, en dit net in die Jakobsdale distrik. Op „Bloemdraai,” op die Oranjerivier, is die woning in Desember verniel en alles daaruit weggedra deur Britse patrollies. Nog in die begin van hierdie maand is die huis van Klein Frans van der Merwe op dieselfde wyse verbrand deur een van u patrollies wat uit die rigting van Ramah gekom het. Hierdie gevalle is nog lank nie al nie.

Wat betref ons klagte dat barbare deur Britse offisiere aangemoedig word om aanvalle op die Republikeinse burgermagte te maak, haal U Eks. een van die gevalle aan, dog, soos dit ons voorkom, sonder behoorlik ingelig te wees omtrent die ware toedrag van sake deur u onderhoriges. Die juistheid van die beskuldiging kan deur goeie getuies bewys word ondanks die ontkenning van die waarskynlik skuldige persone.

Ons wens verder te verklaar dat ons in hegtenis het twee naturelle, beide gevang in besit van wapens, terwyl hulle teen ons onder Britse troepe geveg het. Een van hulle is gevang geneem op Stormberg op 10 Desember. Hy het voortgegaan met op ons burgers te skiet en het een van hulle, genaamd Adriaan Greyling, van Smithfield, gewond nadat die wit vlag deur die troepe, soos hy goed kon gesien het, as teken van oorgawe opgesteek was. Die ander Kaffer is een van vele wat teen ons burgers veg in die nabyheid van Dordrecht. Nie alleen het naturelle onder bevel van Britse offisiere in die aanval op Derdepoort <sup>1)</sup> teen ons burgers geveg en gruwelike dade gepleeg teen vreedsame vroue en kinders, wanby twee vroue verniel geword is en huise vernietig en verbrand in die Suid-Afrikaanse Republiek, dog in vele onder gevalle, soos op Tuli, Selukwe en Mafeking, is naturelle aangespoor gewees en deur Britse offisiere gebruik om

<sup>1)</sup> Dit word beweer dat in hulle aanval op Derdepoort, 25 Nov. 1899, het die Bakathln sewentien vroue en kinders gevang en twee vroue vermoor. t.w. mevr. Pieters, 'n Amerikaanse vrou van die winkelier, en Anna M. M. Fourie, sien „Boer Fight for Freedom,” Hoofstuk XV, deur M. Davitt.

teen ons burgers te veg of om die wapens op te neem, soos o.a. blyk uit die volgende offisiële berig. *The Mafeking* Mail van 10 Nov. verklaar: „Die volgende amptelike mededeling is uitgestuur op 4 November: „Die koloniale afdeling onder kaptein Goodyear het pragtige diens vandag gedoen deur 'n posiesie by die steenoonde in te neem. Die afdeling het sy posiesie behou, al was dit blootgestel aan 'n snerpande geweervuur, en was op kapitale wyse ondersteun deur die Fingo-afdeling onder mnr. David Webster.”

Dit blyk ook duidelik uit offisiële telegramme in die Engelse kamp op Dundee gevind dat ernstige poginge deur die Britse Goewerment aangewend is om Basoetoes teen betaling van vyf sielings per dag vir militêre doeleindes te verwerf—poginge wat in vele gevalle suksesvol was.

Wat betref die beskuldiging deur U Eks. teen ons burgermagte ingebring, sal u ons vergun om daarop te wys dat hulle so onbepaald en vaag is dat ons daardeur nie in staat is om behoorlik ondersoek te doen of behoorlik antwoord en verklaring te gee van die gevalle waarna gerefereer word nie. Sonder aarseling aanvaar ons U Eks. se versekering omtrent u instruksies aan die Britse troepe uitgevanndig omtrent die onderhawige saak, en ons koester die hoop dat die gewenste resultate vir die toekoms daardeur bereik sal word. Ons wens u ook te verseker dat dergelike iastruksies lank reeds aan ons kant uitgevaardig is en dat as dit nodig mag blyk, hulle met strenge hand uitgevoer aal word.

Wat betref die wegsending van sekere van Haar Majesteit se onderdane van hulle wcminge en buite die grense van die dele van die land wat deur ons burgermgte beset word, kan ons U Eksellensie verseker dat waar die gevalle voorgekom het—en dit is maar onlangs—, dit noodsaaklik was in belang van ons militêre operasies, omdat in elke geval daar sterke redes was om te vermoed dat die persone hulle nie stil gedra het nie en nie eenvoudig hulle daaglikse beroep beoefen het nie, dog ook self as spioene geageer het of anders spioene behulpsaam was om ons beweginge en posiesies aan die vyand bekend te maak. Dit spyt ons dat hulle ongerief en skade berokken is, dog ons is oortuig dat hulle deur hulle gedrag oorsaak daarvan was. As enige geval onder ons nandag gebring word van 'n vreedsame inwoner van dele deur ons beset wat hard of onregvaardig behandel is, sal ons sonder versuim toesien dat reg aan sodanige persoon sal geskied, soos die geval was in 'n saak onder ons aandag gebring van 'n sekere mnr. Diebel, wie se trop skape gekoufiskeer was op snspiesie dat hulle bedoel was vir die vyandige troepe in Eimberley en aan wie, nadat redelike en aanneemlike

verklaring gegee was om die suspesie te weerleg, valle kompensasie toegeken is.

Die voorgaande kommunikasie was gereed vir versending toe ons U Eksellensie se aanvullende telegram van die 12e deser ontvang het. Ons het 'n ondersoek laat instel omtrent die aanklagte daarin vervat en sal verdere berig stuur sodra ons rapport ontvang.

Op hierdie berig het lord Roberts op 24 Febr. die volgende kort antwoord gestuur:—

PAARDEBERGKAMP,

3.45 n.m., 24 Febr. 1900.

(Ontvang Pretoria 8.39 v.m. 28 Febr.)

Ek het die eer ontvangs te erken van U Hoogedele se telegram van 19 Febr., waarin u kla oor sekere dade wat volgens voorgegee word, deur Britse troepe gepleeg is; en in antwoord moet ek u meedeel dat dit onmoontlik is om ondersoek in te stel in hierdie gevalle op die veld, ná verloop van soveel tyd, sedert hulle, volgens bewering, plaasgevind het. Ek is egter ten volle oortuig dat geen moedswillige vernietiging van eiendom deur Haar Majesteit se troepe gepleeg is nie, dan alleen daar waar militêre doeleindes dit absoluut noodsaaklik gemaak het. In sommige gevalle waar Republikeinse magte dit gedreig het of naturel legrondgebied onder Britse proteksie geweld aangedoen is, het ons dit noodsaaklik gegag om die naturelle vir selfverdediging te wapen; dog ek voel oortuig dat in geen geval gewapende naturelle gebruik is in militêre operasies saam met Imperiale manskappe nie. Dit kom my voor dat soortgelyke klages meer bevredigend ondersoek kan word as hulle gemaak word deur die militêre bevelhebber onmiddellik teenwoordig en aan die militêre bevelhebber digby hom.

Die vernieling van eiendom deur die Boere in Natal, en veral van die plaas „Longwood,” waar lord Roberts die aandag by bepaal het, is blykbaar nie behoorlik ondersoek deur die Boerbeamptes soos beloop nie, ongetwyfeld ten gevolge van die snelle optog van die Britse magte wat dadelik gevolg het. Hierdie geval, en andere van dieselfde soort, hoewel nie so algemeen rugbaar gemaak nie, is egter noukeurige ondersoek

deur mnr Robertson gedurende sy besoek aan Natal. Hy het duidelik aangetoon dat dit hoofsaaklik die werk van Kaffers was ; en al het die Boere daar 'n begin mee gemaak, het die Britse troepe <sup>1)</sup> dit voleindig.

Die offisiële verslag van die gewaardeerde skade deur Boere in elf distrikte van Natal aangerig, bedraag £32,138 13s. Dit is die gesamentlike eis van 285 blanke.<sup>2)</sup> Dit blyk nie dat een enkele plaashuis deur die kommando's tydens die eerste inval in Natal verbrand geword is nie.

Van hierdie rapporte verneem ons dat voor Februarie agtien plaashuise in die Jakobsdalse distrik alleen, met nog twee meer naby Rustenburg, verbrand is. 'n Gelyke getal famielies was dus sonder dak ; en ander bevrees vir dieselfde lot het hulle waens opgelaai en na die beskerming van die rande hulle wyk geneem. Hier het hulle klein laers gevorm, onder verdediging van jong seuns en ou manne. Gedurende die maande Februarie en Maart, nadat lord Roberts by die leër aangekom het, was daar blykbaar 'n pouse, en 'n gevoel van rustigheid was die gevolg van sy invloed en die uitwerking van die Eerste Proklamasie.

Die dag ná die inneming van Bloemfontein is daar 'n proklamasie uitgevaardig vir die gewone veltende burgers : —<sup>3)</sup>

Alle burgers wat nie 'n prominente aandeel geneem het in die politiek wat gelei het tot die oorlog tussen Haar Majesteit en die Oranje-Vrystaat, of magte van die Republiek aangevoer het of gekommandeer het of geweld teenoor Britse onderdane gebruik het, en wat gewillig is

<sup>1)</sup> Sien *Wrecking the Empire*, Hfst. LXVII, ens., deur J. M. Robertson.

<sup>2)</sup> Cd. 979 (1902).

<sup>3)</sup> Prok. III, Bloemfontein, 15 Maart 1900.

om hulle wapens dadelik neer te lê en hulle met 'n eed te verbind om verder van deelneming in die oorlog hulle te onthou, sal verlofbriewe verleen word om na hulle huise terug te keer en sal nie krygsgevangene geneem word nie, en hulle eiendom sal nie van hulle ontvreem word nie.

Dit is algemeen bekend dat hierdie stelsel van eedswering en eedafneming misluk het, en die gevolge van hierdie mislukking het op die hoof van die vroue en kinders neergekom.<sup>1)</sup> Die Britse magte kon die land nie behoorlik beset nie, en terugkerende kommando's het huile wettige gesag uitgeoefen om burgers te dwing om weer aan te sluit of anders as verraaiers bestempel te word. Die volgende stap as die Engelse weer op die toneel verskyn, was die uitsetting van die famielie en die verbranding van die huis as eiendom van 'n man wat sy eed gebreek het. En verder, hoewel dit eintlik 'n neutraliteitseed was, het dit in die praktyk nie altoos hierdie kleur gedra nie, en ten gevolge was daar aanleiding tot misverstand.

Die mense het die woord letterlik opgevat met die betekenis dat dit geen hulp aan enige kant toelaat nie ; dog gedurig moes hulle daarvoor boet as hulle nie aan die een kant rapporteer nie as daar van die ander kant op hulle plase kom.

So 'n geval, wat een vorm van vele was wat hierdie saak aangeneem het, was dié van mnr. Gideon de Wet. Hy moes ten gevolge twee jaar hardearbeid soos 'n bandiet deurmaak, terwyl sy vrou en kinders in die kamp op Bloemfontein weggekwyn het.

Om hierdie rede is baie huise verwoes en vele famielies aan gebrek oorgegee.

Weinig nuus het Engeland bereik omtrent die verbranding van plase voor Meimaand, toe die

<sup>1)</sup> Vir die vorm van die eed sien Cd. 426, XLI (1900).



berigte van oorlogskorrespondente en privaat soldate die koerante begin vul en aantoon hoe algemeen dit geword het. 'n Paar voorbeelde word hier aangehaal. Die eerste, 'n brief van 'n gewone soldaat, Stanton, moes vroeg in die lente geskryf gewees het, daar dit 'n herdruk was uit die *Sydney Telegraph* h:—

Binne 800 tree van die plaas het ons stilgehou, en die voetvolk vuur 'n sarsie af op die huis. Toe trek ons daarnatoe op, en op ons aankoms vind ons die huis toegesluit, en daar was geen siel te sien nie. Ons breek toe die plek oop en gaan in. Dit was pragtig gemeubileer, en die offisiere het verskeie dinge geneem waar hulle gebruik van kon maak, soos beddegoed, ens. Daar was 'n voortrefflike boekery-boeke van alle soorte, beide Engels en Hollands. Ek het 'n Bybel gevat en ook 'n Mauter. . . . Nadat ons alles geneem het wat ons daaruit wou hê, het ons manskappe 'n skoot onder die huis gelaai en dit opgeblaas. Dit het tog alte jammer gelyk. Dit was 'n lieflike huis met 'n mooi tuin -daarom heen.<sup>1)</sup>

Die korrespondent van die *Times*, wat op 27 April van Bloemfontein geskrywe het, sê:—

Hierdie kolom (van generaal Carew) het met definitiewe instruksies van lord Roberts gegaan „om onbewoonbaar te maak” die plase van die manne wat oorgegee het en wat nog kop in een mus was met die vyand, of wat maar net gebruik maak van Britse grootmoedigheid om hulle eien-dom te beskerm, terwyl hulle nog daadwerklik die vyand begunstig.<sup>2)</sup>

Dat hierdie instruksies vry geïnterpreteer is, blyk uit die verslag van mnr. E. W. Smith, korrespondent van die *Morning Leader*, d.d. 29 April:—

Generaal French en generaal Pole-Carew, aan die hoof van die „Guards” en 18e Brigade, trek op en verbrand werklik alles op die weg. Die brigade word gevolg deur

1) „Reynolds' Newspaper,” 27 Mei 1900. Brief van soldaat Stanton, N.S.W.-Afdeling.

2) „Times,” 21 Mei 1900

omtrent 3,500 stuks buitgemaakte vee groot en klein. Honderde tonne koring en voer het huile vernietig. Die troepe wat deelneem in hierdie werk, is die „Roberts' Horse,” die Kanadese en die Australiërs. Ek hoor vandag dat generaal Rundel ook sy pad deurgebrand het tot Dewetsdorp. Op een plaas was vroue al wat artergelaat is. Gewere het hulle onder 'n matras gevind. Die bevel was onverbidlik. Die vrou het haar arms om die nek van die offisier gewerp en gesmeek dat haar huis tog gespaar moet word. Toe die vlamme uit die veroordeelde huis bars, het die arme vrou op die knieë geval, haar klere geskeur en haar bors oopgemaak en geroep: „Skiet my, skiet my! Ek het niks meer om voor te lewe nie, noudat my man weg is, ons plaas verbrand en ons vee weg-geneem!”

Mnr. Filson Young, skrywer van *Relief of Mafeking*, beskrywe 'n middag se werk van hierdie aard en trek die wysheid daarvan in twyfel:—

DRY HARTS SIDING, 8 Mei 1900.

Die verbranding van huise wat vanmiddag plaasgevind het, was 'n uiters onaangename besigheid. Ons het deur 'n deel van die land gemarseer waar een of ander kwaad-willige persoon opstandelinge bymekaargemaak en aange-moedig het; en ons het vanmiddag, binne omtrent tien myl, nie minder as ses plaaswoninge verbrand nie. Dit lyk of daar voor gesorg was dat daar goeie getuienis teen die afwesige eienaar was, en in geen geval moes ons mense by die brand uit hulle huise verjaag nie; dog in een allerdroewigste geval het die vrou van 'n opstandeling wat krank gelê het op 'n vriend se plaas, van haar siek-bed haar huis op 'n distansie van eenhonderd tree sien afbrand. Ek dink nie dat straf hierdie roekelose vorm moet aanneem nie; dit lyk asof 'n soort van huislike moord gepleeg word as 'n mens die dak en huisraad in ligte laaie sien staan. Ek het gisteraand tot laat voor die vuurgloed gestaan en gesien hoe die vlamme om elke stukkie stomme huisraad hulle tonge slaan-stoele, tafels, die wieg van die kindjie, die klerekas, wat in sy laaie 'n wêreld van kosbaarhede besit; en toe ek die arme vrou se gesig sien, gedruk teen die venster van die naburige woning, het my eie hart gebrand met 'n gevoel van eerskending. Die uitwerking op die koloniale troepe, wat by die uitvoer van hierdie bevels van verwoesting die kans kry om vrye toom te gee aan hulle gevoel van haat en wraak, is baie sleg. Hulle dissipliene is veel swakker as dié van die Imperiale troepe, en hulle raak gou uit die

hand uit. **Hulle** storm die huis binne, maak buit en verniel en vul die lug met wraakgeskree. Gister het hulle bitter gekla omdat 'n huis waar daar suspesie teen was, nie in hulle hande oorgelewer is nie, omdat daar nie genoeg getuies teen die eenaar was nie. Verder, as hierdie plase gekonfiskeer sal word, soos die meer wraaksugtige lojaliste verlang, en aan setlaars oorgegee sal word, waarom dan die huise verbrand? Die nuwe bewoner sal maar net weer 'n ander woning moet bou; en bouwerk is geen geringe saak nie, waar hout en die middels om klip te bewerk so skaars is soos hier. Die doel wat bereik word, is gering—eenvoudig 'n vertoning van mag en straf, wat, as dit werklik nodig was, op 'n ander manier, kon toegepas word.; die nadele, soos iemand dadelik kon sien, is menigvuldig.)

Die telegramme van Reuter gedurende die maand Mei is om een of ander rede vol van die vernieling van plase. In vele gevalle word die misbruik van die wit vlag as rede genoem. Op hierdie punt moes daar aan weerskante gedurige misverstand gewees het. Ongetwyf eld was daar nou en dan gevalle van misbruik, dog dikwels was 'n skoot, onbekend van waar en deur wie, genoeg, sonder ondersoek, om die naaste plaas waar vroue en kinders onder beskerming van die wit vlag geleef het, te vonnis. So 'n geval, soos dit lyk, was dié van Christian Richter se huis, wat in later rapporte vermeld word en beskrywe word deur mnr. E. W. Smith van die *Morning Leader*, wat by generaal Pole-Carew en generaal French was.

21 Mei.

Twee wit vlae is vertoon oor die huis van Christian Richter; daar val êrens 'n blinde skoot.

Die eerste wat ek daarna sien, was 'n twintigtal manne met hulle voete op die nek van kalkoene, eende en hoenders. Gouer as ek hierdie verhaal kan meedeel, word die vroue en kinders in 'n buitehuis ontdek verskeie troepe is besig om parafien op die vloer en teen die mure van die huis te gooi. Binne vyf minute staan die huise in vlamme. Die vroue hardloop nog in en uit, om te probeer red wat hulle kan.

1) Vgl. „Manchester Guardian.”

Dat honderde famielies op hierdie wyse vroeg in die oorlog haweloos geword het, is ongetwyfeld, en die feit is vervat in die betekenisvolle woord op hierdie tydstip geskrywe deur die spesiale korrespondent van die *Daily Chronicle*: „Van die een ent tot die ander lê die Oranjerivier-Kolonie nou verwoes en verhonger.” Daar was egter 'n paar distrikte wat eers later aan die beurt gekom het.

Die regeringsverslag omtrent die verbranding van plase begin eers, soos herinner sal word, in die maand Junie en sluit nie in die vernieling wat hierbo deur soveel penne beskrywe word nie.

Die vyand was egter ten volle bewus van wat plaasgevind het, want in die middel van Mei het generaal De Wet een van sy kort amptelike berigte aan lord Roberts gestuur.<sup>1)</sup>

19 Mei. U Eksellensie se telegram C.1575. Reg teenoor Sy Hoogedele die Staatspresident van die Oranje-Vrystaat. Ek het die eer te antwoord op U Eksellensie se proklamasie van 26 Maart. Ek het kennis van inhoud geneem. Ek vertrou dat die troepe onder U Eksellensie se bevel wat gehandel het of sal handel in stryd met gemelde proklamasie, swaar gestraf sal word. Vir informasie van U Eksellensie het ek verlot om onder u aandag te bring die volgende plase en ander wat deur troepe onder U Eksellensie se bevel verniel is: „Perzikfontein,” eiendom van kommandant P. Fourie; „Paardekraal,” plaas van P. Fourie, Jr. en „Leeuwkop,” plaas van Christian Richter, almal in die distrik Bloemfontein. Omtrent die ander plase sal U Eksellensie self weet.

Die antwoord van lord Roberts gee redes vir die verbranding in hierdie gevalle, dog volgens mnr. Smith se beskrywing van die verwoesting van Richter se plaas, waar hy ooggetuie van was?, is daar geen geleentheid gegee om die beskuldiging van verraad te ondersoek nie.

1) d.d. 28 Mei.

C.1737, 20 Mei. U Edele se telegram van 19 deser. Ek het voldoende maatreëls getref om die beskerming van publieke en privaat eiendom deur troepe onder my bevel te verseker. Op „Perzikfontein” is daar ’n voorraad voer vernietig om dit nie in die bande van roofbendes te laat val nie wat die distrik verontrus, dog die huls is nie beskadig nie.

„Paardekraal” en „Leeuwkop” is op my instruksie verniel, omdat daar op my troepe van die woninge gevuur was, terwyl die wit vlag daaroor gewaar het. Ek het twee plase naby Kroonstad om dieselfde oorsaak laat verniel en sal voortgaan om dergelike gevalle van verraad met vernieling van die plase te straf waar dit voorkom.

Die anneksasie van die Oranjerivier-Kolonie is formeel afgekondig op 24 Mei, en op die 31e is dit onder krygswet geplaas. „as ’n tydelike maatreeël tot verdere kennisgewing . . . . . volgens sodanige wet verstaan en geadministreer word in Britse grondgebied en deur Britse offisiere.” Die volgende dag word dit aangekondig dat burgers onder die wapen soos rebelle behandel sal word.

Ek waarsku hierby alle inwoners daarvan wat veertien dae vanaf datum van hierdie proklamasie onder wapen teen Haar Majesteit in gemelde kolonie gevind word, dat hulle hul blootstel om as rebelle behandel te word en in persoon en eiendom dienoreenkomsig sal gestraf word.<sup>1)</sup>

Byna onmiddellik hierop word die instruksies van straf aangekondig vir die beskadiging van publieke eiendom, soos spoorweë en telegraaf.

Pretoria, Junie 16. Ek . . . . waarsku die gemelde inwoners en vernaamste siviele bewoners dat in geval publieke eiendom vernietig of beskadig word op voormelde wyse, hulle verantwoordelik sal gehou word vir hulp en aanmoediging aan die oortreders verleen. Die huise in die nabyheid van die plek waar die skade gedaan is, sal verbrand word, en die vernaamste siviele bewoners sal krygsgevangene geneem word.

1) Proklamasie, Cd. 426 XV, Johannesburg, Junie 1900.

Binne drie dae, soos ons uit die *Times* verneem is De Wet se plaas naby Renosterrivier afgebrand en sy famielie op die vlakte gejaag, in gehoorsaamheid aan hierdie bevel uitgevaardig deur lord Roberts, om die naaste plaas waar die spoorweg of telegraaf beskadig is, af te brand.<sup>1)</sup> Dit word moeilik om te sien hoe enige plaas afbranding of enige famielie haweloosheid kan vermy. As ’n huis nie onder een of ander van die voorgaande proklamasies geval het nie, dan het dit waarskynlik geval onder die ban van veggeneraals of lokale kommandante. Reuter het van Maseru getelegrafeer dat „die boere wat in die Ficksburgse distrik veg, deur generaal Rundle in kennis gestel is dat tensy hulle teen die vyftiende huile oorgee, hulle plase en al hulle besittinge gekonfiskeer sal word.”<sup>2)</sup>

Kort ná hierdie proklamasie was daar ’n ander een, wat ’n straf aangekondig het waardeur meer as een vrou veel angs deurgemaak het. Dit is gedateer van Pretoria, 19 Junie 1900. Sekere artikels daarin lui as volg: -

(1) Die vernaamste inwoners van ’n dorp en distrik sal gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik gehou word vir die mate van skade wat in hulle distrikte aangebring is.

(2) Bowe-op die betaling van die bowegemelde skade sal ’n boete, na gelang van omstandighede in elke geval, dog in geen opsig minder as 2/6 per morg nie, volgens die grootte van elke plaas gehef en ingevorder word van elke burger in die distrik waar die skade aangebring is. Verder, alle bewyse vir goed in sodanige distrik namens die militêre gesaghebbende gekommandeer, sal van nul en gener waarde verklaar word; en geen betaling hoegenaamd sal daarop verstrekkend word nie.

(3) As ’n verdere versigtighedsmaatreeël word die direkteur van militêre spoorweë gemagtig om bevel te gee dat een of meer van die inwoners wat deur hom van elke distrik gekies sal word, persoonlik die treine sal vergesel terwyl hulle deur hierdie distrik loop.<sup>3)</sup>

1) Vgl. „Times,” 25 Junie. 2) „Times,” 15 Junie 1900.  
3) Cd. 426, Prok. XX.

Om aan te toon dat ons hier nie met blote dreigemente of woorde te doen het nie, gee ons hier die letterlike bevele aan 'n predikant van die Nederduits-Gereformeerde Kerk gee, weer :—

V.R.

AAN DIE WELEERW. HEER DE BRUYN, BRANDFORT.

MENEER,

Ek het die eer u aandag te bepaal by die terme van die twee proklamasies van die veldmaarskalk, hoofbevoerende offisier van die 16e en 19e Junie 1900 en u in kennis te stel dat u beskou word as een van die vernaamste Inwoners van hierdie distrik wat in die proklamasie bedoel word.

Ek het die eer te wees,

U dw. dnr.,

G. DE C. MACARTIE,

A.C. Dist. Bloemfontein.

V.R.

IMPERIALE MILITÊRE SPOORWEË.

Kragtens die proklamasie van lord Roberts, d.d. Pretoria, 19 Junie 1900, met betrekking tot skade aan spoorweg en telegraaflyne aangebring, word die weleerw. heer De Bruyn hiermee gelas om per spoor te gaan op Woensdag 6-uur n.m. van Brandfort-stasie tot Smaldeel-stasie en moet hy hom op aankoms by die stafoffisier van die spoorweg aanmeld.

G. MUSGRAVE, Kapt.,

R.S.O. vir Direkteur van Spoorweë.

27 Junie 1900.

AAN WELEERW. DE BRUYN.

Geliewe presies om 5-uur n.m. op die stasie te wees.

A. G. NIVEN, R.S.O.

V.R.

IMPERIALE MILITÊRE SPOORWEË.

Kragtens die proklamasie van lord Roberts, d.d. Pretoria, 19 Junie 1900, met betrekking tot akade aan spoor-

weg en telegraaflyn aangebring, word die weleerw. De Bruyn gelas om per spoor te gaan op Vrydag om' 10.5 n.m. van Brandfort-stasie tot Glen-stasie, en moet hy hom op aankoms by die stafoffisier van die spoorweg aanmeld.

A. G. NIVEN,  
R.S.O. vir Direkteur van Spoorweë.

29 Junie 1900.

KANTOOR VAN DIE KOMMANDANT, BRANDFORT.

MENEER,

29 Junie 1900.

Ek het die eer u hiermee te gelas om na die spoorwegstasie Brandfort u te begewe en u daar aan te meld by die stafoffisier van die spoorweg om 4-uur n.m. op elkeen van die volgende dae: —

29 Junie 1900.

2 Julie "

10 " "

16 " "

19 " "

24 " "

27 " "

Enige verandering in hierdie datums sal aan u bekend gemaak word.

Ek het die eer te wees,

U dw. dnr.,

G. R. BARTON, Luitenant.

Weleerw. De Bruyn,

Brandfort.

12-uur 24 Julie.

" 28 Julie.

" 1, 5, 9, 13, 17, 21, 25, 29 Aug.

Op verskeie van hierdie datums moes mevr. De Bruyn die angs deurmaak om te weet dat haar eggenoot met lewensgevaar reis as 'n straf vir dade waar hy onskuldig aan is ten einde die vyande van sy volk te beskerm.

Nie meer gedagtig aan die beginsel neergelê in die amptelike berig van lord Roberts van 5 Febr. : „Dit is barbaars om mense te wil forseer Om party te kies teen hulle Regering en land deur dreigemente van plundering en verjaging,” het generaal

Rundle op 30 Junie 'n kennisgewing uitgevaardig, waardeur alle Boere verbied word om herberg in die nag aan vegtende burgers te verleen en om informasie te gee van waar hulle is, onder straf van die konfiskasie van hul plase, die vernietiging van bewyse gegee, en 'n swaar boete op hulle besitting.<sup>1)</sup>

'n Proklamasie van vonnisse oor enkele persone gevel word nou op Bloemfontein uitgevaardig.

#### KENNISGEWING.<sup>2)</sup>

Aangesien by proklamasie d.d. 16 Junie 1900 op gesag van lord Roberts, veldmaarskalk en opperbevelhebber van Haar Majesteit se leërmagte in Suid-Afrika, dit bekend gemaak is en die inwoners en vernaamste siviele bewoners van die Oranjerivier-Kolonie gewaarsku is dat waar daar moedswillige skade aan publieke eiendom, soos spoorweë, brûe, duikers, telegraafdrade, ens., aangebring word, die huise van persone wat in die nabyheid woon, verbrand sal word, omdat sodanige vernieling nie kon plaasvind sonder hulle kennis en stilswye nie:

Daarom word daar hierby vir algemene, informasie kennis gegee dat die volgende vonnisse gevel is in verband met die vernieling van eiendom, spoorweë, ens., in die Oranjerivier-Kolonie en dat dit goedgekeur en bekragtig is deur veldmaarskalk lord Roberts:-

#### VONNIS.

Die plase van die volgende persone sal verbrand word : —

Hier word 'n lys gegee van byna veertig persone wie se plase verbrand moet word, terwyl verskeie van dieselfde persone nog 'n boete ook moet betaal.<sup>3)</sup> Nie een hiervan kom voor in die goewermentsverslag oor verbranding van plase vir daardie tydperk nie-tensy natuurlik die verslag so slordig opgestel is dat voorletters en name van plase geen betekenis het nie.

1) „Trommel,” 1 Julie. „Times,” 3 Julie 1900.

2) „South African News,” 5 Sept. Proklamasie gedruk deur „Argus”-Kompanjie, No. 602, Bloemfontein.

3) Vgl. Aanhangsel.

Die kennisgewing van kolonel Ritchie, gepubliseer op 9 Julie en gewysig op die 16e, is reeds wel bekend :—

V.R.

#### PUBLIEKE KENNISGEWING.

Hiermee word kennis gegee vir informasie dat tensy die manne op die oomblik op kommando wat behoort tot famielies in die dorp en distrik Krugersdorp, hulle oorgee en hulle wapens inhandig by die Imperiale outoriteite teen 20 Julie, al hulle eiendom gekonfiskeer sal word en hulle famielies uitgedrywe sal word, noodlydend en haweloos.

Op las,

G. H. M. RITCHIE,

Kapt. K. Horse, Dist.-Supt. Poliesie.

KRUGERSDORP, 9 Julie 1900.

V.R.

#### PUBLIEKE KENNISGEWING.

Kennis geskied hiermee dat tensy die persone van die dorp en distrik Krugersdorp wat nou op kommando is, hulle oorgee met wapens en ammunisie en die eed van onsydigheid neem en verder 'n Verklaring maak van alle voorrade in hulle besit, voor die 20e Julie 1900, sal al hulle voorrade aan konfiskasie blootgestel wees.

Die vorige kennisgewing hieromtrent word herroep.

Op las,

G. H. M. RITCHIE,

Kapt. K. Horse, Dist.-Supt. Poliesie.

Ten gevolge van hierdie twee kennisgewinge is daar 'n begin gemaak met wat later die Krugersdorpse kamp geword het. 'n Telegram in die Times toon dit aan :—

KRUGERSDORP, 24 Aug.

'n Patroolie onder sir R. Colleton van die „Welsh Fusiliers” het vandag in aanraking gekom met die spioene van die vyand. Geen geveg het plaasgevind nie. 'n Piaswoning is verbrand, omdat die eenaar weg was op kommando. Die vroue en kinders is ingebring vir skuiling en voedsel. Hulle word goed opgepas.<sup>1)</sup>

1) „Times,” 27 Aug.

'n Ander lokale bevel toon aan dat verbranding en gevolglike uitdrywing soms 'n straf was vir 'n geval van skuilskietery op 'n plaas so groot soos 'n Engelse parogie.

BLOEMFONTEIN, 24 Okt.

**O.C. SEKSIE.<sup>1)</sup>**

Die algemene bevelvoerende offisier gelas dat die volgende tot kennis van al die Boere in die nabyheid van u seksie sal gebring word: —

Ten gevolge van 'n geval van skuilskietery wat vsrlede nag plaasgevind het, maak hy 'n beroep op hulle om met ons same te werk om aan sodanige gruweldade 'n end te maak. Hulle kan self of deur hulle bediendes (wit of swart) die omgewing van hulle plase elke aand deursoek. Dit aal sy onaangenameping wees om in geval 'n herhaling van sodanige skuilgeskiet plaasvind, sterk op te tree. In geen geval sal die naaste Boer afgelaat word met 'n boete van minder as £200 nie. Die algemene bevelvoerende offisier sal die bedrag vasstel; as die boete nie die gewenste uitwerking het nie, sal die naaste plaaswoning verbrand word.

Die algemene bevelvoerende offisier beskou die gebrek aan hulp van die kant van die Boere as 'n regvaardiging van die maatreële wat toegepas word om skuilskietery te voorkom.

Dit moet algemeen bekend gemaak word.

Op las, .

A. H. MAUNDIN,

Luit. S.O. vir O.C. Troepe.

Offisiële briewe op verskeie plase het groot druk op die volk teweeggebring, en 'n sekere gedeelte het daaronder beswyk. Hoe swaar dit vir hulle was om vol te hou, moet nie vergeet word in die toekoms deur hulle bure wat die teenoorgestelde beskouing aangeneem het nie. Hier is 'n geval van 'n brief wat aan 'n stille vrou alleen met haar drie kinders op haar plaas in die Transvaal gegee

is; haar eggenoot honderd myl ver op kommando en krank :—

**VAN DIE KOMMANDANT, PAARDEKOP, AAN VELDKORNET FRANS BADENHORST.**

Ek wens u te wys op die dringende wenslikheid om sonder versuim oor te gee. As u nou vrywillig oorgee, sal u met sagtheid behandel word en waarskynlik nie weggestuur word nie, en aan die einde van die oorlog sal u toegelaat word om weer na u vrou en plaas terug te keer. Ek waarsku u dat as u nie oorgee nie, u plaas verbrand en u vee binne veertien dae geneem sal word.

(Geteken) V., Luit.-Kamp-Adjutant.

PAARDEKOP, 2 Okt. 1900.

'n Dergelike briefie is aan die suster van hierdie vrou oorhandig, en ook aan 'n ander van haar bure. Hulle vee is weggeneem voor die datum van hierdie bevel verstryk het. Twaalf dae ná ontvangs van die bevel is die plek verbrand. Verskeie vroue van Heidelberg het getuig dat hulle 'n kennisgewing in Hollands teen hulle huise aangeplak gevind het en 'n ander een in Engels hulle oorhandig is, wat as volg gelui het :—

Alles wat in hierdie huis is—alle lewende hawe en eetware van —, wat op kommando is, is gekonfiskeer.

J.M.V., Distrikskommandant.

HEIDELBERG, 31 Okt. 1900.

Een van die laaste van hierdie kennisgewinge was dié van generaal Brute-Hamilton op 1 November :—

**KENNISGEWING.**

Die dorp Ventersburg is skoongemaak van eetware en gedeeltelik verbrand, en die plase in die nabyheid verniel, ten gevolge van die talryke aanvalle op die spoorlyn in die omgewing. Die Boervroue en kinders wat agtergelaat is, moet by die Boerkommandante om voedsel aanklop, wat hulle daarvan sal voorsien, tensy hulle graag hulle wil sien van hongersomkom. Geen eetware sal van die spoorweg na die dorp gestuur word nie.

(Geteken) BRUCE-HAMILTON,

1 Nov. 1900.

Majoor-generaal.

1) Sien „South African News,” 31 Okt.



Slegs 'n paar uittreksels kan hier gegee word van die geskrifte van soldate, oorlogskorrespondente en ander, wat die toestand van sake afskilder soos deur hierdie verskillende proklamasies en briewe in die lewe geroep. Ná 'n rit van Bloemfontein na Kimberley beskryf die korrespondent van die **Manchester Guardian** die land in Julie as volg :—

Die weg is 'n lyn van verlatenheid. Die plaaswoning is nie alleen geplunder nie, hulle is op barbaarse wyse vernietig. Spieël s is vermorsel, piano's verbreek, speelgoed van kinders en boeke roekeloos vernietig. Sels die **gebou** is verbrand en ernstig beskadig.

Tussen Bloemfontein en Boshof, sê die Cape **Argus**, is ongeveer dertig of veertig woninge verbrand-totaal vernietig. Hulle huise is vernietig en vroue en kinders die veld ingejaag in die bittere Suid-Afrikaanse winter.)

„Gister (21 Sept.),” so lees ons in die *Natal Witness*, „het u korrespondent op 'n huisverbranding-tog (in die O.R.K.) gegaan onder kolonel H. B. Cumming, van die Kaffriese troepe. Gedurende die dag is sestien huise verniel. Vele van die huise was bewoon, en dit was hartroerend om die vroue en kinders te sien die huisraad uitdra, voor die vuur daarin gesteeek is. Die stelsel van huise afbrand sal waarskynlik 'n goeie uitwerking op die opstandige Boere hê; dog dit spyt my om te moet sê dat die stelsel nie konsekwent uitgevoer word nie.”<sup>2)</sup>

Die **Cape Times** se korrespondent op Winburg sê :—

Generaal Campbell het langs die weg deur hom opgetrek **werklik** die hele land van lewende hawe en graan skoonmaak, terwyl die gesig van 'n brandende plaashuis en

eiendom daaglika voorkom. 'n Aantal ou manne, meestal krank, wat tot onlangs passe gehad het vir goeie gedrag, is ook **gevang** geneem en vergesel die kolom. Daar is **gevalle** waar vroue en kinders, die famielies van krygs-gevangene op Groenpunt of Ceylon, tot die bedelstaf gebring is, en hulle verlaat hulle nou op die liefdadigheid van hulle bure, wat self nie veel beter daaraan toe as huile is nie.

Dat die taak aan hulle opgedra in die meeste gevalle nie meegeval het nie, blyk uit die gevoel wat spreek uit die ruwe beskrywing van soldate. Dit sal vermoeiend wees om hier meer as twee voorbeelde te gee uit briewe wat gedateer is van alle dele van die twee Republieke en wat dieselfde geskiedenis van brand en plunder herhaal.

BETHLEHEM, 8 Julie 1900.

Vandat ons onder Clements is, het ons volop werk gehad met plase af te brand. Dit is soms baie swaar. Verlede Sondag het ses van ons uitgegaan onder 'n Imperiale offisier na 'n mooi plaashuis, en ons het die inwoners vyf minute gegee om al hulle goed en hulleself daaruit te kry. Daar was 'n ou grootmoeder, drie getroude dogters en verskeie kinders, wat gehuil en om genade gesmeek het; maar nee, toe die tyd om was, het ons die huis tot op die grond afgebrand.)

BETHLEHEM, 22 Sept.

Vir die laaste maand het ons heelwat onaangename werk te doen gehad, al was dit van lewendige aard-t.w. die afbranding van plase wat aan vegtende burgers behoort. Ek verseker u dat dit in sommige gevalle baie hartver skeurend was. In een geval het twintig van ons na 'n plaas gery, 'n vrou en twee dogters gelas om 'n paar dinge uit te neem en binne tien minute die huis te verlaat. Ons het toe alles uitgegooi en die hele plek aan brand gesteeek. Die moeder en twee dogters het op hulle knieë geval en gebid en gesing onder bitter tranen. Een van die meisies het op 'n harmonium 'n paar liedere begin speel. Hulle het gesing „Rots der Eeuwen” en het toe hardop en aanhoudend histeries begin te lag en deur-

1) Soldaat Morris, „Brabant's Horse,” in „Morning Leader.”

1) „Cape Argus,” 21 Junie. 2) „Natal Witness,” Sept. 1900.

mekaar gepraat. 'n Dokter wat haar gesien het voor ons die plek verlaat het, het probeer om haar te kalmeer, dog die arme vrou het rasend mal geword.

Die uwe, ens.,<sup>1)</sup>

ARTHUR.

SENEKAL, 23 Sept.

Ons het vandag Senekal binnegetrek, en die Boere het in die rigting van Bethlehem teruggeval. Vir die laaste vier of vyf dae het ons huise afgebrand van manne wat van huis is en wat volgens ons mening saam met die Boere weg. As die Boer weg is, moes die huis vernietig word. Al het die vrou ook wat gesê tot verskoning van haar man die plaas moes verwoed word. Die plase het goed gebrand: dit is seker. Ons het die vrou eers kans gegee om alles uit te neem wat hulle wou hê, voor ons die vuurhoutjie daarin gesteek het. Ek moet sê dat ek baie jammer gevoel het vir die arme kindertjies wat uit hulle huis gegooi is. Hulle moes, meen ek, daarna buitekant slaap. Die vrou het nie blyke van aandoening gegee nie; maar dit moes allesbehalwe prettig gewees het om so by te staan en hulle wonings te sien afbrand.—*Barnet Press.*<sup>2)</sup>

Die heer Hervey de Montmorency gee later in die *Daily News* sy herinneringe van die tydperk onder. behandeling, in die volgende woorde:—

Toe ons in Augustus van verlede jaar van Rustenburg teruggeval het ná die verlating van die dorp, het ons elke gebou in die nabyheid van die mees noordelike pad tot Kommandonek sonder onderskeid tot op die grond afgebrand. Geen enkele daad van Boereverraad het op die pad voorgekom nie. Dit sal belangrik wees om te weet wat die motiewe was vir hierdie roekelose vernieling van plase. Ek spreek van dinge wat ek weet, *quaeque ipse miserrima vidi.*<sup>3)</sup> (Ek het self hierdie alleraakligste dinge gesien.)

1) Ontvang deur mnr. C. A. Harrison, King's Arms Hotel, Wood Green. Gedruk in „Tottenham Herald” en „South African News,” 12 Des.

2) Soldaat H. Philpott, 2e Bedfordshire-Resjiment. „Morning Leader,” 1 Nov. 1900.

3) Vgl. „Daily News,” 22 Junie 1901.

Die verhaal van kaptein March-Phillipps kom ooreen met die voorgaande.

HOSPITAAL, KROONSTAD,  
6 Sept. 1900.

Dit lyk of die leër baie drastiese maatreëls ter hand neem om 'n end te maak aan die oorlog; en die koerante in Engeland, sien ek, eis met luide stem sulke maatreëls en regvaardig hulle. Tog is dit kinderagtig om te maak of dit 'n misdaad aan die kant van die Boere is om die stryd voort te sit of dat hulle iets gedoen het wat hulle verbied om aanspraak te kan maak op die gebruike van 'n beskaafde wyse van oorlogvoer. Die verskillende kolomme wat nou die land deurtrek, gaan voort met die werk van vernieling, taamlik sonder onderskeid, en ons het nou reeds vele twintigtalle plase verniel. Ruïnering, met veel ellende en gebrek, wat uiteindelik hongersnood mag bereik, moet die gevolg wees vir baie families. . . . Ek moes self die ander dag, op bevel van die generaal, 'n plaas, naby die koers van ons tog, gaan verbrand. Toe ons die plek bereik, gee ek aan die inwoners-drie vroue en 'n paar kinders-tien minute tyd om hulle klere en goed uit die huis te neem. My manne het toe hope strooi gebring, en ons het dit afgebrand. Die ou grootmoeder was baie verontwaardig. Sy het my gesê, al is dit dat ek nou 'n groot vuur maak, dit is niks vergeleke met die vlamme waar ekself hiernamaals in verteer sal word nie. Die meeste van hulle was egter te hartseer om nog te verwens. Die vroue het gehuil, en die kinders het aan hulle staan en vashou en met groot verskrikte oë na die brandende huis gek k. Ek sal 'n pond wed dat hulle daardie gesig nie sa3 vergeet nie, al word hulle eendag groot. Ons het weggeroep en hulle, 'n verlate klompie mense, aan hulle lot oorgelaat, waar hulle gestaan het tussen hulle huislike besittinge—bedde, huisraad en allerhande rommelary oor die veld gesaai—, met die gekraak van die vuur in hulle ore en rook en vlamme oor hulle heen.

Die swaarste oomblik was die aankoms by die huis. Die mense het gedink ons het om verversinge gekom, en een van die vroue het gegaan om vir ons melk te haal. Toe moes ons hulle vertel dat ons gekom het om die huis af te brand. Ek het werklik nie geweet watter kant ek moes kyk nie. Een van die vroue het haar man by Maersfontein verloor. Daar was nog ander manne en jong seuns op kommando; of hulle dood of lewendig was, het hulle nie geweet nie.

Ek gee dit as 'n voorbeeld van wat taamlik algemeen aan die gang is. Ons troepe is oral besig om af te brand

en te verwoes, en 'n enorme skat van hongersnood en ellende word vir hierdie lande opgestapel vir die toekoms.<sup>1)</sup>

Eindelik het ons nog die verslag deur generaal Smuts gegee, waarvan 'n deel handel oor die maande onder beskouing :—

Ek voel my heeltemal onbekwaam om 'n beskrywing, ja selfs 'net' 'n oorsig, te gee van die verwoesting deur die vyand aangerig; van die pyn en smart ons aangedaan, wat die harte van ons vroue en kinders soos met 'n priem van staal deurboor het. Laat my, by voorbeeld, neem dié deel van die Krugersdorpse distrik wat lê tussen die Magalies- en Witwatersberge—een van dié mooiste, mees vrugbare en bes bewerkte dele van Suid-Afrika. Toe ek in hierdie dele gekom het in Julie 1900, was die land groen met 'n onafgebroke reeks van lande tuine en bekoorlike huise en plase—'n genot vir die oog en 'n bewys van wat ons mense in staat was om te doen in die rigting van landbou binne 'n tiental jare. En nou? Dit is nou 'n verwoeste, barre wildernis; al die lande is verniel, die bome van die tuine is afgekap en met wortel en tak uitgehaal; die woninge is verbrand, die huise in vele gevalle nie alleen met vuur vernietig nie, maar ook met dinamiet opgeblaas, sodat geen steen onaangeroer gelaat is nie—'n toevlug slegs vir die naguil en wild gevogelte. Waar tot onlangs alles met voorspoed en vrolikheid gelewe het, daar heers die dood. Geen lewendige dier, geen vrou, geen kind, nie eens 'n Kaffermeid is te sien nie, sonder die tekene van angs, ellende, ja selfs hongersnood, duidelik op die gelaat.

Ag! 'n mens moet die pen van 'n Jesaja of Jeremia hê om hierdie gruwele van verwoesting te kan beskrywe. . . . Maar ek wil nog 'n ander voorbeeld gee van die wyse waarop ons dierbare vaderland verwoes word.

In die middag het ek op 'n spioentog gegaan langs die Doringrivier ('n sytak van die Elandsrivier), waar die leër van generaal Douglas die dag tevore was. Ek was goed bekend met hierdie omgewing, daar ons magte hier gekampeer het toe die laer van kolonel Hare om die Elandsrivier geleër was. Dit was nag, dog die maan het geskyn toe ek daar aangekom het. My metgesel en ek kom by die eerste plaas en vind dat alles verniel en verbrand is. Ons kom by die tweede plaas. Dié was nie

afgebrand nie, maar geplunder; en nie 'n lewendige skepsel was agtergelaat nie. Dieselfde nag het ek 'n twaalf- of veertiental plase een ná die ander verbygegaan, wat almal of verbrand of geplunder was en waar nie 'n lewendige wese agtergelaat was nie. Waarlik, dit was meer soos 'n plek waar dit spook, as die pragtige, voorspoedige omgewing wat ek in al sy glorie 'n maand gelede verlaat het. Laat die nag het ek in die agterplaas van een van hierdie verlate plekke gaan slaap. Alles op daardie pragtige eiendom („Doornkom”) was geplunder en vernietig. Die eienaar, mnr. Mostert, is 'n krygsgevangene op St.-Helena, sy vrou is dood, en enige klein wesies is by familie agtergelaat. Maar selfs hulle onskuld en jeug en dis verbanning van hulle vader was nog nie genoeg vir die wraaksug van die vyand nie. Daardie nag het ek nagedink oor die lot van meer as een familie van daardie distrik, en in die môre het ek tot my groot verbasing gevind dat hulle almal soos dassies uit die naburige rande te voorskyn kom. Die vroue het met hulle kinders daardeur gevlug met die oortuiging dat hulle veiliger by die wilde diere van die veld sal wees, as onder die beskerming van die vlag en leër van Haar Majesteit. . . . Daardie middag het ek van Boksloot na Costerrivier gery, waar ek dieselfde verwoesting en ellende aangetref het. Nie minder as sewe families, bestaande uit vroue en kindertjies, het onder die bome in die ope lug ondanks die oortollige reën, gelewe. Selfs die tente was verbrand.

Die verslag gaan voort om die name aan te gee van die generaals verantwoordelik vir hierdie verwoesting.

Die toestand van die families was so ernstig in Julie dat die kommandant-generaal van die Boermagte genoodsaak was nog 'n protes in te dien :—

Tot my spyt moet ek andermaal U Eksellenae nader met betrekking tot die roekelose verwoesting en beskadiging van privaat eiendomme, en ook die onmenslike behandeling en selfs aanranding van hulpelose vroue en kinders deur die troepe van Haar Britanniese Majesteit in die Suid-Afrikaanse Republiek.<sup>1)</sup>

Ek ontvang gedurig klagte van privaat woninge wat geplunder en in sommige gevalle totaal vernietig word, en dat alle eetware van vroue en kinders geneem word, sodat hulle verplig word om sonder voedsel of deksel rond

1) „With Rimington,” Brief XXIII, bls. 187, deur L. March-Philippus.

1) Generaal Botha aan lord Roberts, 4 Julie 1900.

te swerwe. Om enige **gevalle** aan te haal: -Dit het pas tot my kennis **gekom** deur 'n geswore verklaring dat die huis van veldkornet S. Buys, op die plaas „**Leeuwspuit**,” distrik Middelburg, op 20 Junie 1.1. verbrand is.<sup>1)</sup> Sy vrou, wat tuis was, het vyf minute gekry om haar **beddegoed** en klere uit te neem; en selfs wat sy uitgeneem het, is weer van haar teruggeneem. Haar **eetware**, suiker, **ens.**, het hulle haar alles ontnem, sodat sy geen voedsel of **skuiing** vir haar en haar kinders vir die volgende nag gehad het nie. Hulle het haar gevra om die **brandkas** se sleutel; en nadat sy dit opgegee het, is sy met 'n **swaard** bedreig geword en is geld van haar **geëis**. Al die geld wat in die huis was, het hulle weggeneem; al die papiere wat in die **brandkas** was, opgeskeur; en alles op die werf wat hulle nie kon meeneem nie, het hulle vernietig. Die huis van veldkornet Buys se **seun** het hulle ook verniel, die **deure** en vensters **gebreek**, ens.

Ek het ook berig ontvang dat my eie **geboue** op die plaas „**Varkenspruit**,” distrik Standerton, asook die huis van veldkornet Badenhorst op die naburige plaas, totaal verniel is; en die vee wat nie weggeneem is nie, is op die plaas doodgeskiet.

Verder is daar 'n geswore verklaring van **mevr. Hendrik** Badenhorst, wat vanself spreek.

Ek kan nie **glo** dat sulke goddelose **barbaarshede** met die toestemming van U **Eksellensie** plaasvind nie, en daarom **beskou** ek dit as my heilige plig om ten sterkste te **protesteer** teen sodanige vernieling en wraaksug as heeltemal in stryd met beskaafde wyse van oorlogvoer.

Ek vertrou dat U **Eksellensie** die nodige stappe eal doen om sodanige kwaaddoeners te straf; en in naam van menslikheid doen ek 'n beroep op U **Eksellensie** om al u mag en **gesag** in beoefening te bring om 'n end te maak aan die verwoesting deur die troepe onder U **Eksellensie** se bevel aangerig.

'n Paar dae later maak generaal De Wet 'n dergelike aanklag met betrekking tot die Vrystaat, al maak hy geen melding van die vernieling van

<sup>1)</sup> Hierdie gevalle kom nie in die goewermentsopgawe van verbrande plase voor nie, Cd. 524, wat klaarlyklik seer onvolledig is.

sy eie plaas en die uitsetting van sy eie famielie nie:—

Te Velde, naby BETHLEHEM,

10 Julie

U **Eksellensie**,

Met 'n gevoel van groot verontwaardiging sien ek van dag tot dag die **roekelose** vernieling van eiendom in hierdie staat deur die troepe onder U **Eksellensie** se bevel. Huise en ander eiendom word onder **allerlei** **voorsensels** verniel en verbrand, en weerlose vroue en kinders word met veragting behandel, en voetstoots uit hulle huise verdrywe, om onder die blote hemel herberg te soek. Deur sodanige handeling word veel onnodige lye **veroor-snak**. Onder vele andere het dit aan die volgende geknied, t.w.: —**Naby Lindley**: die plase van Hermanus Pieterse, Jacobus Pieterse, Christian Hattingh, Roelof Fourie, Adriaan Celliers, Daniel Momberg en Gert Rautebach; <sup>1)</sup> **naby Heilbron**: van Hendrik Meyer, Mathys Lourens en Jan Vosloo. Alles wat aan hierdie persone behoor het, is verbrand en vernietig.

Die vrou van generaal Roux, op Senekal, is uit die pastorie verdrywe, terwyl die vrou van mnr. J. E. **Luyt**, op Heilbron, seer **skandalig** behandel is; en die vrou van kommandant P. H. de Villiers is uit twee huise op **Ficksburg** verdrywe.

Daar is baie ander **gevalle** wat onder my aandng gekom het, dog vir my doel is dit nie nodig om aan U **Eksellensie** 'n volledige lys te stuur nie.

Ek vertrou dat, in naam van die beskawing en menslikheid, wat ons gesamentlik deel, U **Eksellensie** die skuldige sal laat straf en die pleging van dergelike dade in die toekoms sal verhoed.

Dog, in geval die troepe onder U **Eksellensie** se bevel voortgaan om onnodig die land te **verwoes** in stryd met die beginsele van 'n beskaafde oorlog, sal ek my **genoodsaak** ag, hoe jammer ook, om **sodanige** weerwraak uit te oefen op die huise en besittinge van Britse onderdane in die Oranje-Vrystaat, asook van Britse onderdane in die Kaapkolonie en in **Natal** as ek nodig mag ag, om 'n end te maak aan hierdie **gruweldade**.

Met die ernstige begeerte om hierdie ongelukkige stryd voort te sit volgens die ingewing van menslikheid, het ek my **genoodsaak** geag om aan U **Eksellensie** hierdie brief te rig, met die vertroue dat U **Eksellensie** dit sal ontvang en oorweeg in dieselfde **gees** as waarin dit **geskrywe** is.

<sup>1)</sup> Hier ook weer kom nie een van hierdie ooreen met wat in die die goewermentsopgawe vermeld word nie.

Lord Roberts het die volgende antwoorde aan die twee Boervoormanne gestuur. Hy gee aan generaal Botha 'n uitvoerige antwoord, weerleg die beskuldiging in die geval van mevr. Badenhorst, en sê verder :-

28 Julie

Ek het nog geen antwoord ontvang van die algemene bevelvoerende offisier op Standerton met betrekking tot die vernieling van geboue op die plaas van U Edele en die aangrensende plaas. Ek vertrou dat die rapporte onwaar mag blyk, daar ek dis strengste bevel uitgevaardig het dat behalwe in sekere gevalle waar spoor- en telegraaflyne opgebreek is of op ons troepe van plaashuise geskiet is, woninge nie verniel sal word nie. Sover ek weet, was daar tot die 4e Julie, die datum van u brief, nie van ons troepe in die Middelburgse distrik nie.<sup>1)</sup>

Die amptelike berig aan generaal De Wet bevat nie 'n uitvoerige antwoord op die gevalle deur hom vermeld nie :—

PRETORIA, 3 Aug.

Ek het vandag deur generaal A. Hunter u brief d.d. 10 Julie 1900 ontvang.

Soos U Edele goed weet, het elke inwoner van die Oranjerivier-Kolonie sedert die troepe onder my bevel die land binnegetrek het, sonder uitsondering die mees billike behandeling ondervind.

In die laaste tyd is vele van my soldate geskiet van plaashuise waar die wit vlag oor gewaai bet, die spoor- en telegraaflyne is opgebreek en treine verongeluk. Ek het dit dus nodig gevind ná behoorlike waarskuwing aan U Edele om sodanige maatreëls te neem as deur oorlogsgebruik my ten dienste staan om 'n einde te maak aan hierdie en dergelike dade, en het plaashuise op of naby die plekke waar sulke dade gepleeg is, afgebrand. Hiermee sal ek voortgaan waar die omstandighede dit vereis.

Vroue en kinders is dus deur die wandade van burgers onder U Edele se bevel haweloos geword, dog U Edele het 'n onjuiste berig ontvang waar u melding maak van slegte behandeling van hierdie arme mense, daar alles in ons vermoë nog steeds gedoen is om die ongemakke aan sodanige uitsetting uit die huise verbonde, te verminder.

Die geneesmiddel berus in u eie hands. Die vernieling van eiendom is my allesbehalwe aangenaam, en ek sal seer bly wees as U Edele se samewerking in hierdie saak dit nie langer nodig maak nie.

1) Cd. 682.

Onvoldaan deur die antwoord van die opperbevelvoerder, het generaal Botha weer geskrywe :

Ná ondersoek het ek gevind dat dit 'n feit is, wat ek met geswore verklaringe kan staaf dat vreedsame families wat op plase woon, van hulle huise verdryf word en al hulle eiendom hulle onteem word of vernietig. In elke geval word die privaats vermoedings weggeneem sodat daar gevalle is waar vroue met hulle kinders nadat hulle op hierdie wyse beroof was, myle ver moes loop om voedsel, skuiling en beskerming by ons burgers te soek. Ek kan dit nie hier verswyg nie, dat in sulke gevalle die handeling van die troepe onder U Eksellensie se bevel die beginsele van beskaafde oorlogvoer ver oorskry. Ek bring hierdie feite onder die aandag van U Eksellensie, omdat ek nie kan glo dat dit op instruksie van U Eksellensie plaasvind nie; en daar dit gepleeg word deur troepe onder bevel van U Eksellensie, verwag ek dat U Eksellensie 'n end sal maak aan hierdie gruweldade en barbaarse handelingen.

In verband hiermee wil ek daarop wys dat klein klompies troepe oral ver weg van die hoofmagte gevang word, wat voorgee spioene te wees, dog wat in werklikheid rondgaan om te steel, en dat dit nie kan verwag word dat sodanige rowers, by gevangenneming, in die toekomst as krygsgevangene sal behandel word nie.

Die geval van die huis van waarnemende kommandant Buys in my brief van 4 Julie 1.1. vermeld, was in die distrik Heidelberg en nie in die distrik Middelburg soos U Eksellensie skynbaar dink nie. Hierdie willekeurig vernieling van huise is nog aan die gang, en ek moet andermaal ten sterkste daarteen protesteer.

Ek wil ook onder U Eksellensie se aandag bring dat in vele gevalle huise waar alleen vroue en kinders in is, gebombardeer word.

Hierdie amptelike berig het 'n kortaf antwoord van lord Roberts ontvang :—

PRETORIA, 23 Aug. 1900.

U Edele gee voor dat vreedsame families wat op hulle plase lewe, van hulle woninge verjag is en dat hulle besitting weggeneem of verniel is. Dit is ongetwyfeld waar, dog nie in die sin waarin u brief dit voorstel nie. Burgers wat die Britse Regering goedgesind is en begerig om aan my gesag onderworpe te wees, het ondervind dat die Boerkommando's op hulle besittinge beslag lê en is

met doodskiet bedreig geword waar hulle geweer het om die wapen op te neem teen die Britse magte. U Edele se bewering dat 'n plegtige eed van onsydigheid, deur u burgers vrywillig geneem ten einde ongehinder op hulle plase te woon, van nul en gener waarde is, omdat u nie daarin toegestem het nie, is nouliks werd om in oorweging geneem te word. Ek sal almal straf wat hulle eed verbreek, en hulle eiendom verbeur verklaar, daar geen burger gedwing was om die eed teen sy wil te neem nie.

Die misverstand wat daar klaarblyklik geheers het, word enigsins verklaar in hierdie aanhaling deur mnr. J. M. Robertson uit Suid-Afrika geskrywe : —

KAAPSTAD, 13 Aug. 1900.

Ek het reeds vertel hoe volgens vertroubare berigte uit die binneland ontvang, daar in die Vrystaat dwase dade van uittarting plaasgevind het, van die soort soos in die Kolonie onder krygswet voorgekom het. Ek vind nou uit, op die allerbeste gesag, dat daar nog verder algemene uittarting deur sommige provooste plaasgevind het, en dade van sogenaamde wraak wat niks anders as 'n gruwelike verkragting van reg kan genoem word nie.

Veel is daar gehoor van Boere wat op Britse soldate geskiet het van plase waar die wit vlag oor die huis ge-waai het. Wat werklik van tyd tot tyd gebeur het, was dit: Vroue en persone wat nie aan die stryd deelgeneem het nie, het 'n wit vlag bokant die huis laat waai, terwyl gewapende Boere op ander dele van sodanige plase vyan-dig opgetree het sonder ag te slaan op wat daar by die plaashuis gedoen word; en so 'n woning mag myle en myle ver weg wees, daar 'n boerplaas soms so groot is soos 'n Engelse parogie.

Maar toe daar eenmaal 'n begin gemaak is met die verbranding van plase, is dit nie beperk tot gevalle waar die misbruik van die wit vlag as voorwensel kon aangegee word nie. Baie is verbrand alleen op grond van die feit dat die eienaar op kommando was. Selfs in hierdie tyd-perk het verskillende generaals op verskillende beginsele te werk gegaan, presies soos dit die geval was onder krygswet in die Kolonie. Sommige het verbrand, en ander het genade betoon. 'n Konkrete geval, per telegram meegedeel, sal dien om aan te toon hoe dinge in die Transvaal aangegaan het: —

„Johannesburg, 17 Aug.—Op Dinsdagaand is soldaat Richards van die „Railway Pioneers" op geheimsinnige wyse naby Witpoortjie, vier myl van Krugersdorp, geskiet. Hy was op patrollie-diens; en toe hy gister gevind

geword is, het hy vyf koeëlwonde een waarvan deur die hoof, gehad. Daar hy op geheime wyse deur een of ander inwoner van die buurt geskiet was, het die mense las ontvang om die moordenaar te voorskyn te bring. Toe hulle hier geen gevolg aan gegee het nie, word vier huis-gesloop en die inwoners na Johannesburg gestuur.”<sup>1)</sup>

Die verwarring in die begrip van die burgers het nie minder geword nie toe op 14 Augustus 'n ander proklamasie uitgevaardig word, waardeur vorige beloftes geheel of gedeeltelik herroep word. Onder seksie 6 hiervan word 'n man wat 'n eed van onsydigheid afgelê het en wat hom daarby neerlê, skuldig verklaar as hy in gebreke bly om „Haar Majesteit se leërmagte in kennis te stel met die aanwesigheid van die vyand.”<sup>2)</sup> M.a.w. hy moes nie langer onsydig wees nie. Met referre na hierdie en ander gedeeltes van hierdie proklamasie, wat konsentrasie byna onvermydelik gemaak het, sê die *St. James's Gazette* :—

Ons het daarop gewys dat dit meer ter sake sou gewees het aan ons kant om die plan van generaal Weyler se „rekonsentrasie-order" in Cuba te volg. Ná versuim het lord Roberts tot ons sienswyse oorgekom. Ons merk op, nie sonder 'n glimlag nie, dat die aanvaarding van generaal Weyler se metodes algemeen byval vind en word maar op sagte toon veroordeel daar waar bekwame redakteurs vroeër die hemel met hulle welsprekendheid sou laat weergalm het. Daar is oorsake vir hierdie verandering van toon wat nie heeltemal onafhanklik is van die verkoop van die koerante nie. Waar vroue en kinders daadwerklike hulp verleen, daar is almal vegters. In elk geval, ons het onderneem om die Transvaal te verower; en as niks anders die welslae hiervan sal verseker nie as die verwydering van die Hollandssprekende inwoners, dan moet hulle verwyder word—manne, vroue en kinders. Hulle (die Boere) sou geregvaardig kan word, al sou hulle elke Engelsman doodskiet, genade weier en die gewondes om die lewe bring.<sup>3)</sup>

1) „Morning Leader," Sept. 1900.

2) No. 12 van 1900.

3) „St. James's Gazette," 20 Aug. 1900.

Hulle korrespondent in Suid-Afrika was blykbaar 'n ander sienswyse toegedaan omtrent die uitwerking van gemelde proklamasie, want hy skrywe van Ficksburg en sê :-

... In die nag van 6 Sept. het generaal Campbell Generaalsnek bereik. Generaalsnek is drie uur of omtrent twintig myl van hier. Op my aankoms op Generaalsnek het ek 'n hele tydjie met generaal Campbell gepraat, terwyl daar heelwat informasie meer as in die rapporte vervat mondelings te verkry was. Toe hy uitvind dat ek bekend was met die distrik en die inwoners daarvan, daar ek ongeveer twee maande onder die distrikskommissaris, majoor White, gewerk het, het hy my versoek: of, liever, gelas om daardie nag in die kamp te bly en die volgende dag saam met hom te trek.

Die generaal vertel my dat hy bevel ontvang het om die land skoon te veeg, en 'n blik op sy gevolg was voldoende om te getuig dat hy nie in gebreke gely het om sy bevel uit te voer nie. Hy het al die plase op sy pad skoongemaak van perde, beeste, skape, waens, karre, ens.; die voer het hy verbrand, en die eienaars moes by die geleedere van die gevangenes aansluit, waarvan daar reeds 'n aansienlike getal was. In verskeie gevalle het ek dit gewaag om in alle bescheidenheid daarop te wys dat baie van hierdie manne feitlik die meeste van hulle, op parool uit was en vergunning gekry het om na hulle plase terug te keer en 'n beskermingsertifikaat vir hulle eiendom van die distrikskommissaris ontvang het. Sommige van hulle was van Britse afkoms, wat verkies het om alles op te offer en in Basoetoland 'n toevlugfloord te soek, liever as die wapene teen hulle eie land op te neem. My pleitredes was tevergeefs. Almal wat eenmaal op kommando was ondanks hulle parool, word weer gevange geneem. Britte word in vryheid gelaat, dog hulle lewende hawe word geneem en hulle miete verbrand. Ek weet daar is vele gevalle waar ons sagte behandeling nie gewaardeer is nie en dat sodanige straf wel deeglik verdien is. Dog met gemengde gevoelens van ontsetting en droefheid het ek aanskou dat die werk wat ons twee maande gekos het om sake tot 'n normale gang te kry, in 'n paar dae verdel is. Ek het later 'n skrif gekry van 'n proklamasie deur lord Roberts op 14 Augustus uitgevaardig en waarop generaal Campbell hom beroep om sy handeling te regvaardig. Die ontmoeting tussen generaal Campbell en kaptein Ward, assistent-kommissaris vir die Ladybrandse en Ficksburgse distrikte van die Oranjerivier-Kolonie, was allesbehalwe aangenaam. Die twee het in hulle werksaam-

hede rigtinge ingeslaan wat in stryd met mekaar was, en dit om 'n eenvoudige rede. Ons het nooit enige berig ontvang van die proklamasie van 14 Augustus nie, en ons het gevolglik gehandel volgens die vroëer proklamasies. Waarom ons nooit 'n afdruk van die proklamasie van die outoriteite op Bloemfontein ontvang het nie, is onverklaarbaar. Ek merk dat die proklamasie uitgevaardig was „aan die inwoners van die Suid-Afrikaanse Republiek.” Ek is nog in twyfel of dit ook vir die inwoners van die Oranjerivier-Kolonie bedoel was. Generaal Campbell het ons verseker dat dit wel die geval was.<sup>1)</sup>

Betreklik weinige mense het die korrespondensie gelees wat in hierdie tyd plaasgevind het tussen lord Roberts en generaal Botha omtrent die uitdruywing van vroue. Dit het eers verskyn in die *Handelsblad* en daarna in die *Manchester Guardian* :-

LORD ROBERTS AAN GENERAAL BOTHA.

2 Sept. 1900.

WelEd. Gestr. Heer,

Ek wens hiermee U Edele te nader met betrekking tot die dae van betreklik klein klompies gewapende Boere wat hulle versteek in die nabvheid van ons kommunikasie-lyne en wat gedurig daarop-uit is om die spoorweg te verniel, waardeur die lewens van passasiers in gevaar gebring word, sowel stryders as nie-stryders wat per spoor reis.

2. Ek wens U Edele hieromtrent te nader, omdat met die uitsondering van die distrikte beset deur die leër onder U Edele se persoonlike bevel, daar nou geen behoorlike georganiseerde Boerkommando's in die Transvaal en Oranjerivier-Kolonie is nie, en die oorlog ontaard tot die optree van ongereelde en onverantwoordelike gherillas. Dit sal tot nadeel wees van die land en so erg te betreur uit elke oogpunt dat ek my gedwonge voel om alles in my vermoë te doen om daar 'n end aan te maak.

3. Ten einde hierdie beskouinge in dae oor te sit, het ek bevel gegee dat die Boerhuisse naby die plek waar 'n poging aangewend is om die spoorweg te verniel of treine te verongeluk, verbrand sal word en dat van alle sodanige plaaswoninge in die omtrek van tien myl alle eetware, vee, ens., verwyder sal word.

4. In verband met die voorgaande is dit ook tyd geword dat ek weer sal verwys na my amptelike berig C. in C.,

<sup>1)</sup> Ficksburg, 14 Sept. „St. James's Gazette,” 17 Okt. 1900.

670 van 5 Aug. 1900, waarop U Edele op 15 Aug. geantwoord het. Ek voel dat as die oorlog eers eenmaal die stadium van ongereelde of gherilla-metodes bereik het, ek my plig sou versuim teenoor die nasionale belange as ek nog die huisgesinne van die persone wat in die wapen teen ons is, toelaat om in die dorpe te woon, wat deur ons troepe beskerm word. Dit is hier nie meer 'n kwesie van kommissariaat nie, maar wel van oorlogsbeleid, ten einde onself te beskerm teen die oordra van nuus na ons vyande. Ek sal dus bly wees as U Edele aile burgers op kommando wie se famielies in distrikte woon wat deur ons troepe beset word, wil waarsku om tydige voorbereiding te maak om hulle huisgesinne te ontvang en onder dak te bring. Die uitsetting van hierdie famielies sal binne 'n paar dae begin; en ons sal met dié wat in Pretoria is, 'n aanvang maak. Hulle sal per spoor reis tot by die Britse voorposte, om dan oorgelewer te word aan die persoon wat U Edele vir daardie doel sal aanwys. Ek sal U Edele in kennis stel van die getal wat van dag tot dag kan verwag word, en ek neem hierdie geleentheid te baat om U Edele in kennis te stel dat terwyl byna al die passasierytuie van die Nederlands-Suid-Afrikaanse Spoorweg-Maatskappy na die ooste geneem is, die famielies tot my spyt meestal in op trokke sal moet reis. Ek sal my bes doen om mevr. Kruger, mevr. Botha en soveel van die ander dames, as moontlik in bedekte rytuie te stuur; dog daar dit twyfelagtig is of ek een sal vind, wens ek aan die hand te gee dat U Edele behoorlike rytuie vir hulle sal lewer. Ek hoef u nie te sê hoe onaangenaam hierdie maatreëls vir my is nie, dog ek is verplig hulle aan te wend ten gevolge van die blykbaar besliste voorneme van uself en u burgers om die stryd voort te sit, al is dit dat daar geen twyfel meer bestaan omtrent die uiteindelijke resultaat nie.

Die antwoord het nie op hom laat wag nie :—

GENERAAL BOTHA AAN LORD ROBERTS.

6 Sept. 1900.

Aangesien ons gehele gewapende mag maar betreklik klein is in vergelyking met dié van U Eksellensie, kan dit natuurlik nie verwag word dat sterk kommando's oral in die veld sal wees nie, en dit is natuurlik dat ook nou, soos trouens ook die geval was gedurende die hele oorlog, ons optree met klein magte sal geskied. Verder is ons genoodsaak gewees om ons kommando's nog meer te versprei, ten einde die roofpatrollies onder U Eksellensie se bevel, wat die land deurtrek ten einde vee en eetware van die verskillende plase weg te neem, te keer.

2. Met betrekking tot u bewering dat met uitsondering van die burgermagte onder my persoonlike bevel geen ander Boermagte meer bestaan nie, moet ek my sterkste ontkenning uitspreek, daar ons gewapende magte nog op dieselfde wyse as in die begin van die oorlog en volgens die wette van die land geplaas en bestuur word.

3. Insaake paragraaf 3 van u brief, waar ek nou oor handel, is dit my reeds bekend dat dergelyke barbaarse daade deur die troepe onder u bevel gepleeg word nie alleen naas of naby die spoorweg nie, dog ook op plekke ver verwyder van die spoorweë. Waar u troepe hulle ook beweeg, word nie alleen huise afgebrand of met dinamiet opgeblaas nie, maar weerlose vroue en kinders word uitgewerp, ontroof van alle voedsel en deksel, en dit alles sonder dat daar 'n regvaardige aanleiding voor bestaan.

4. Met betrekking tot paragraaf 4 van U Eksellensie se brief grijf dit my innig dat die besluit van my en my burgers om te volhard in die worsteling om ons onafhanklikheid op ons vroue en kinders moet gewreek word; en dit is die eerste maal sover ek weet, dat dit in die geskiedenis van beskaafde oorlogvoer voorkom. Ek kan slegs protesteer teen u voorgestelde maatreëls as in stryd met alle beginsele van beskaafde oorlogvoer en uitermate wreed teenoor die vroue en kinders-wreed veral teenoor die bejaarde vroue, en veral teenoor die vrou van Sy Hoogedele die Staatspresident, daar sy, soos u welbekend is, nie in staat is anders as met lewensgevaar te reis nie. Dit sal dus eenvoudig moord wees om haar tot hierdie reis te dwing. Die voorwensel deur u te berde gebring, nl. dat U Eksellensie in selfverdediging handel ten einde die oordra van informasie na ons toe te voorkom, is klaarblyklik van alle grond beroof, daar sodanige optree nie eens nodig beskou was toe ons magte in die onmiddellike nabyheid van Pretoria gelaer was nie. Dit is nodeloos om te sê, ons het nog nooit deur middel van vroue en kinders informasie ingewin met betrekking tot krygsoperasies nie.

5. As U Eksellensie nog volhou met u plan ten uitvoer te bring, wat ek hoop nie die geval sal wees nie, versoek ek U Eksellensie om my behoorlike kennis te gee omtrent die tyd en besonderhede van die uitsetting, daar ek skikkinge wens te tref om die famielies na Europa te stuur. Wat betref U Eksellensie se aanmerking omtrent behoorlike vervoermiddels, is ek bereid doelmatige spoorwegrytuie te stuur na "n plek deur u aangewys te word en ook, indien vereis, 'n lokomotief met kamratwiele vir die lyn tussen Waterval-Boven en Waterval-Onder, op voorwaarde dat U Eksellensie die veilige terugkeer van sodanige waens en lokomotief waarborg.



6. **Eindelik** wens ek u die versekering te gee dat niks wat u aan **ons vroue** en kinders doen, ons sal terughou om die stryd om ons onafhanklikheid voort te sit nie.

Op 7 Sept. lê lord Roberts nadruk op sy redes vir die drastiese metodes, wat blykbaar gedurende September en Oktober in strengheid toegeneem het:—

LORD ROBERTS AAN GENERAAL BOTHA.

7 Sept. 1900.

Ek wens U Edele se **aandag** te bepaal by paragrawe 2 en 3 van my brief d.d. 2 Sept., waarin ek daarop gewys het dat met uitsondering van die distrikte beset deur die **magte** onder U Edele se persoonlike bevel, word die oorlog verlaag en is dit reeds ontaard tot die optree van onge-reelde en **onverantwoordelike** klein en in vele gevalle niks-beduidende **klompies** manne. U Edele se eie verklaring dat u kommando's al meer en meer opgebreek word, staaf dit; en ek is **oortuig** dat met die uitsondering van 'n **distrik** wat daaglik kleiner word, is U Edele nie in staat om oor **hierdie** gherilla-klompies beheer uit te oefen nie.

Ek sou my plicht teenoor Haar Majesteit se Regering en Haar Majesteit se leër in Suid-Afrika versuim as ek nie alles in my vermoë doen om aan hierdie onge-reelde wyse van oorlogvoer 'n end te maak nie. Die maat-reëls waartoe ek my gedwonge gevoel, word volgens oorlogsgebruik in die onderhawige gevalle gewettig, hulle is noodlottig vir die land, beteken oneindig veel lye vir U Edele se medelandgenote ~~as voor, volgens~~ ek tot my spyt U Edele moet meedeel, **noodsaaklikerwyse** al strenger en strenger word.

Generaal Botha antwoord op 17 Okt. van Warmbad:—

'Dit spyt my om te verneem dat die barbaarse dade van U Eksellensie se troepe, soos die opblaas en vernieling van privaat huise en die wegneem van voedsel van die families van burgers onder die wapen, **waarteen** ek my reeds genoodsaak gevoel het om te protesteer, nie alleen U Eksellensie se goedkeuring **wegdra** nie, maar op U Eksellensie se spesiale instruksies **geskied**. Hierdie wraaksug teen burgers wat eenvoudig hulle pligte volgens wet vervul, mag deur U Eksellensie as beskaafde oorlogvoer **beskou** word, dog **hierdie** beskouing kan ek nie deel nie. Ek gevoel my genoodsaak om onder U Eksellensie se **aandag** die feit te bring dat ek besluit het om die oorlog op dieselfde **mens-**

**like** wyse te voer as totnogtoe; dog in geval ek gedwonge word om ten **gevolge** van U Eksellensie se handeling tot weerwraak die toevlug te neem, dan rus die **verantwoordelike** daarvan op U Eksellensie.

Volgens die Blouboeke eindig die korrespondensie tussen die twee generaals met die volgende verklaring van lord Roberts:—

PRETORIA, 22 Okt. 1900.

Met betrekking tot U Edele se aanmerking omtrent die geordende toestand waar die **burgermagte** hulle op die **oomblik** in bevind, is ek verplig U Edele daarop te wys **dat** hulle wyse van optree nie ooreenkom met dié van georganiseerde **magte** nie, dog dat dit in 'n gherilla-oorlog ontaard het, wat ek sal moet onderdruk deur die buitengewone maatreëls wat beskaafde **nasies** nog altyd **verpligtend** **beskou** het onder dergelike toestande.

Dit is sedert dié tyd algemeen erken geword dat die stryd van die **Boere**, hoewel daar in sommige opsigte gherilla-metodes gevolg is, deurgaans volgens 'n georganiseerde stelsel gevoer is, en aan die treffende einde van die stryd was daar orde en dissipliene.

Ondertussen het die families wat ten gevolge van al hierdie militêre operasies sonder dak was, hulle **toevlug** geneem, sommige tot naburige plase, of selfs Kafferkrake, ander tot laers deur die Boere **gevorm**, en ander weer tot skuilplekke in die berge. Enkele het **gevlug** na vriende in die Kaapkolonie, terwyl 'n aansienlike getal die wyk geneem het na die dorpe, waar dit spoedig nodig geword het om hulle van voedsel te Yoorsien. In die rapport van lord Roberts op 2 Julie van Pretoria meld hy dat verskeie families van burgers wat teen hulle veg, gevoed word, en dat sommige in 'n toestand van nooddruk verkeer.)

Sedert die middel van Julie het dit duidelik geword dat die vroue en kinders wat van huis en

1) Vgl. „Times.” 4 Julie.

hard beroof was, so in getal toegeneem het, dat dit 'n ernstige probleem was om te weet wat om met hulle aan te vang. Ver weg naby Mafeking word daar in hierdie maand 'n kamp gevorm waarin sommige van die swerwende famielies in die noordwestelike distrikte ontvang word, dog daar was nog geen ander kampe vir hulle nie, behalwe laers deur die Boere vir beskerming van hierdie hulpeloses gevorm. Dit was in die middel van die winter, en die koue in die nag was skerp.

Mensliewende persone in sommige van die dorpe het probeer om die stroom van ellende te keer deur wavragte eetware in die distrikte te stuur, dog militêre strengheid het dit spoedig onprakties gemaak. Dit word besluit dat die verantwoordelikheid om hierdie famielies kos te gee op die skouers van die burgers sal geplaas word. Telegramme uit hierdie tyd maak melding van 'n proklamasie wat vroue van nog vegtende burgers oproep om persoonlik hulle aan te meld met die oog op die plan om hulle na die Boere te stuur, en beskrywe wavragte van vroue en kinders wat met gemelde doel die dorp verlaat.<sup>1)</sup> Hierdie uitsetting het in Johannesburg plaasgevind, waar ons op gesag van die korrespondent van die *Daily Telegraph* h gemeld word dat „op 10 Augustus en die volgende dae het 'n treine die stad verlaat met 1,550 kinders en 450 vroue.”

Ons het uit die brief van lord Roberts aan generaal Botha verneem van sy voorstel om hierdie plan in Pretoria op groot skaal uit te voer, waaronder ook vroue soos mevr. Kruger en mevr. Louis Botha inbegrepe sou wees-vroue wat self nie onder diegene was wat van die militêre outoriteite rantsoen ontvang het nie. Op stuk van sake het laasgenoemde vroue ongemolesteer gebly, en

1) Reuter, 19 Julie. Vgl. ook „South African News,” 22 Aug.

die uitsetting word, soos dit blyk, beperk tot vroue wat hulle nie self kon onderhou nie.

Kort ná die proklamasie van 14 Augustus het 'n nuwe verskynsel hom vertoon, deurdat etlike famielies vrywillig aangekom het om hulle met lewende hawe oor te gee, in die hoop om op hierdie wyse vrygestel te word van die wegvoering of gevangesetting deur lord Roberts gedreig. Met uitsondering van die vlugteling (refugees) uit die westelike distrikte wat reeds in Julie in 'n kamp naby Mafeking geplaas was, is die eerste aankondiging van hierdie *bona fide* „refugees” blykbaar in die rapport van lord Roberts van 3 September, waar hy melding maak van 'n offisier op Eerste-Fabrieken wat rapporteer dat tien manne met verskeie vroue en kinders in die kamp aangeland het, met hulle vee, waens en karre.<sup>1)</sup>

Op verskeie plekke het 'n paar van hierdie soort manne opgedaag om beskerming vir hulle en hulle besittings te soek. Dit het plig geword om sonder versuim vir hulle voorsorg te maak, en op 22 Sept. het generaal Maxwell 'n bevel uitgevaardig wat die stelsel van „refugee”-kampe in die lewe geroep het:—

Kampe vir burgers wat vrywillig oorgee, word gevorm op Pretoria en Bloemfontein.

J. E. MAXWELL, Majoor-generaal,  
Militêre Goewerneur .

Pretoria, 22 Sept. 1900.<sup>2)</sup>

Dit is die eerste offisiële kennisgewing oor die *daarstelling* van kampe. Hulle was werklik „refugee”-kampe, omdat hulle vir gemelde klas van persoon gevorm is. As hulle getrou gebly het aan die naam en vir vlugteling alleen gebruik was, dan sou hulle klein en weinig in getal gebly

1) „Times,” 3 Sept.

2) Goewermentskennisgewing No. IIT van 1900, Sek. 4.

het. Tot ongeveer hierdie tyd was die volk van die land onverdeel. Dog nou openbaar hom 'n verwydering wat maand ná maand breër **en dieper** word. Die persone wat bevrees was vir wegvoering, gevangening en skade, gee hulle oor en kom in as „refugees ;” en daar kom 'n kloof tussen hulle en die groot massa van die volk, wat patriotte gebly het en as „undesirables” (ongewenstes) bekend gestaan het. Op die standpunt van generaal Botha het dit nodig geword om die skrikaanjaende uitwerking van die proklamasie, wat sommige van die volk tot ontrouheid gebring het, te veryd, en hy vaardig ten gevolge 'n sirkulêre uit waarin die volk aandagtig **gemaak** word wat sy pligte is en waarin **almal** wat die wapens neerlê, met straf bedreig word. Dit was **duidelik** dat van die een of ander kant ontbering onverbiddelik was.

Hierdie sirkulêre van die Boergeneraals, d.d. Roos-Senekal, 6 Okt. 1900, vorm die onderwerp van 'n eienaardige fout in die Blouboeke. Lord Kitchener in sy berig van 6 Des. 1901 (Cd. 902) haal generaal Botha se woorde in hierdie sirkulêre as volg aan.: „Doen alles in u vermoë om die burgers te verhinder dat hulle die wapens sal neerlê. Ek sal verplig wees om, as hulle hieraan geen gehoor gee nie, alles, roerende sowel as vaste eiendom, verbeur te verklaar en ook hulle huise te verbrand.”

Die gemelde sirkulêre bevat hoegenaamd niks van die aard nie. Die woorde aangehaal word blykbaar geneem uit die Witpapier (Cd. 663, bl. 5) ses maande vroeër gepubliseer uit 'n brief van generaal Botha aan die landdros van Bethal, waarby die sirkulêre<sup>1</sup> ingesluit was. Die sirkulêre self word in die boek van mnr. Davitt volledig

weergegee.<sup>1</sup>) Ná hy die burgers in kennis gestel het dat die Uitvoerende Raad verlof van afwesigheid aan die Staatspresident verleen het om hulle deputasie in Europa behulpsaam te wees, en dat die Regering voortgesit word onder die heer Skalk Burger as waarnemende President, moedig generaal Botha hulle aan om getrou te bly aan hulle roeping en hulle voormanne, en in die laaste sin gee hy . uiting aan hierdie waarskuwing :—

Die burgers word ook **gewaarsku** teen mooi woorde deur die vyand gebruik om hulle te verlei tot die neerlegging van hulle wapens, want volgens die proklamasie van lord Roberts sal hulle **almal** na St.-Helena of Ceylon as krygsgevangenes weggevoer word ; en hulle **plaas** hulle eiendom, as 't ware, tussen twee vure, want in die toekoms sal ek streng handel met die eiendom van diegene wat hulle **wapens neerlê**.

Twee maande later bepaal generaal Botha meer noukeurig in 'n ander sirkulêre d.d. 3 Des. 1900 hoe met die eiendom van „handsuppers” gehandel sal word. Daar word niks gesê van die verbranding van huise of vaste eiendom nie, daar generaal Botha volgens wet geen reg gehad het om die hand daaraan te lê nie, dog op besluit van die Krygsraad kon die los ware van verraaiers verbeur verklaar word, en hy ag hom verplig om in gehoorsaamheid aan daardie reël onder seker voorbehoud te handel. Hy skrywe :—

Die roerende eiendom van sodanige persone moet beslag op gelê word en 'n behoorlike inwentaris **gemaak** word deur die betrokke **veldkornet** in oorleg met sy kommandant en die generaal van sy afdeling vir **kommando-doeleindes**. In elk geval moet daar **gesorg** word dat daar voldoende lewensmiddele gelaat word vir die onderhoud van die **vrou** en kinders.

Uit hierdie dokumente blyk dit dat die suggestie dat die Boergeneraals hulle ook neergelê het by

1) „Boer Fight for Freedom,” bl. 462, deur M. Davitt.

die voorneme om afvalligheid met die verbranding van plase te straf, van alle waarheid ontbloot is. Deur 'n sonderlinge vergissing het lord Kitchener wat in die ergste geval, indien korrek vertaal, niks meer was as generaal Botha se persoonlike opinie uitgedruk in 'n brief aan 'n indiwidu omtrent 'n *moontlike* strafmiddel, verwar met 'n offisiële aankondiging van 'n neergelegde plan van weerwraak.<sup>1)</sup> Die voorwensel asof konsentrasie noodsaaklik geword het ten gevolge van die verbranding van huise deur die Boere self, is dus van alle grond ontbloot.

Lord Kitchener vertel dat verskeie burgers wat die wapens neergelê het, by hom gekla het oor mishandeling ná hulle oorgegee het, dog hy gee geen spesifieke gevalle aan nie; ook noem hy geen enkele plaas wat verbrand is nie. Die enigste geval van uitsetting en vernieling tot dusver bekend gemaak vir die jaar 1900 is dié van mevr. Viviers, wat in die *Bloemfontein Post* 'n verslag van haar mishandeling gepubliseer het. Dit het plaasgevind kort ná die uitvaardiging van generaal Botha se sirkulêre. Sy sê nie dat haar plaas verbrand is nie :—

Nadat sy verklaar het dat sy 'n Afrikaanse vrou is, **van Hollandse afkoms**, wie se seun op kommando gegaan bet en op Maersfontein gewond was, deel mevr. M. E. O. Viviers mee dat ná die inname van Bloemfontein en die oorgawe van die burgers in haar omgewing, vrede en orde herstel is tot die herfs van 1900, toe Badenhorst se kommando op die toneel verskyn het. „Op 30 November het hy een-en-twintig gewapende manne gestuur om my huis te ondersoek en te plunder. Ek het die deure toegemaak en geweier om hulle oop te maak. Luitenant Jan Lubbe, van Aarpan, distrik Boshof, het die deur aopgebreek en geskree : „Ons sal skiet,” en ek vlug toe met my dogter en bywaner se vrou met haar kinders deur die ander deur.

<sup>1)</sup> Is die misverstand nie miskien te danke aan 'n verkeerde vertaling van die uitdrukking „tussen twee vure,” wat in generaal Botha se sirkulêre voorkom nie?—VERTALER.

Lubbe gee toe bevel aan 'n man om toe te sien dat ons nie wegloopnie, en hy het wag gestaan oor ons terwyl die ander besig was om buit te maak. Toe Lubbe (wat ook die eed geneem het, al het hy later een van die grootste rebelle geword) die deur binnekam, roep hy : „Burgers, neem wat julle wil.” Hulle het elke kamer deurgegaan en alles onderstebo gegooi; selfs die katels. Hulle het ook al die saals, halters, ens., wat ek in my seun se kamer gepak het, geneem. Hulle het al die horlosies gevat, my dogter se horlosie, en nog baie ander dinge. Die groen vrugte het hulle van die bome afgepluk, die jong groentetuin verniel, en ook my byekorwe. . . . Ná Bdenharst die beste van alles op my plaas geneem het, stuur hy sy broer Christoffel Badenhorst . . . om my te laat weet dat ek na die Engelse lyne moes gaan. Daardie dag was ek siek. . . . My dogters vra vir Krause om ons tyd te gee tot ek beter sou voel. Hy antwoord: „Toe ek verneem het dat jou moeder siek was, hot ek 'n boodskap aan Badenhorst gestuur. Sy antwoord was: „Gee hulle 'n uur en 'n half.” Ek moet my bevels gehoorsaam; en as julle weier om te gaan, dan sal ek geweld moet gebruik.” Ek moes in my veerwa gaan, met ses ossê daarvoor, 'n bietjie beddegoed en klere, en alles agterlaat—die werk van vele jare—, om 'n armoedige lewe onder vreemdes te slyt. Onder hierdie eskort van Piet Krause en Casper Willemse, van Aronslaagte, distrik Hoopstad, wat ook die eed geneem het, moes ons die nag in die veld deurbring. Hulle het ons nie tyd gegee om kos tuis klaar te maak nie en het ons eenmaal op 'n dag gevoed op 'n stuk sanderige vleis, pampoen in water opgekook, en 'n koppie koringkoffie. Toe ons by Hagenstad aankom, word ons oorgehandig aan veldkornet Jan van Wyk en twaalf gewapende manne om ons verder te bring. Hulle het, ons deur Modderrivier geneem en toe aan ons Kaffer bevel gegee om ons na Bloemfontein te neem. Toe het hulle teruggegaan. Ek is nou tydelik in Bloemfontein; en my seun, van wie ek ses maande verwyder was, was drie maande in die „refugee”-kamp op Norvalspont. Hy verklaar dat hy daar niks gehad het om oor te kla nie.”<sup>1)</sup>

'n Opgawe van plase verbrand of verniel deur Boere is gepubliseer geword, dog verwys alleen na vernieling in Britse grondgebied en gee die paar plase wat in die Kaapkolonie verbrand is as weerwraak, aan (Cd. 979). Die gevalle deur mnr.

<sup>1)</sup> Vgl. „Times,” 17 Febr. 1902, aangehaal uit „Bloemfontein Post” van 24 Jan.

Tobias Smuts opgenoem word in 'n later hoofstuk vermeld (vgl. Deel II, Hoofstuk 1, bls. 127). Dit mag wees dat nog meer bekend sal word ná verloop van tyd, dog dit is twyfelagtig, daar dit nie volgens die voorneme van die Boere was nie en teen hulle beginsels.

Aan die ander kant het die getalle „ongewenste persone” of patriotte wat sonder huis of haard was, so sterk toegeneem dat dit in die onseker toestand van die spoorlyn onmoontlik was om **almal** na Natal of die seekus weg te stuur, en daar was waarskynlik die gedagte dat hulle invloed oor die manne in die veld te sterk was, sodat dit nie wyslik was om vol te hou met hulle na die kommando's te stuur nie-in elk geval wat die hoëre klas vrou betref. Die eise van 'gewone menslikheid het op hierdie stadium verbied dat daar langer **sal volgehou** word met die gewoonte om hulle **buite** hulle verwoeste woning aan hulle lot oor te laat, en so het dit gekom dat hulle deur konvoie ingebring word en in die klein kampe wat oorspronklik vir „refugees” gevorm was, geplaas word. Hierdie oorspronklike handjiesvol mense is spoedig verswelg deur die toevloed van nuwe aankomlinge, en groot kampe word in die lewe groep op Bloemfontein, Johannesburg, Irene, Potchefstroom, Norvalspont, Kroonstad, Vereniging, Heidelberg en Winburg, behalwe Port-Elizabeth en Pietermaritzburg. Laasgenoemde was uitsluitlik vir „ongewenstes.” Die verwydering tussen die mense, wat deur 'n verstandige en gelyke behandeling voorkom kon gewees het, is intendeel **vererger** deur die aanvanklike administrasie van die kampe en is volslae geword. Sekere onderskeid in voedsel en verskeie voorregte ten gunste van die „handsupper”-families word gemaak, en laasgenoemdes het dikwels lonende werk

ontvang en is in betrekkinge van gesag oor die vaderlandsliewendes geplaas, teenoor wie hulle dikwels as spioene ageer het wat niksbeduidende woorde en stories by die owerheids persone **aangedra** het. Die patriotsgesindes aan die ander kant het dikwels welverdiende veragting gevoel en uitgedruk vir hierdie bure en het hulle die bynaam van „handsuppers” gegee. Die wegvoering van vroue en kinders was nou reeds 'n alledaagse ding, en dit was 'n gewone gesig om treinvrugte families in trokse **gepak** by stasies te sien verbygaan, of op sylyne by „sidings” geskuiwe. Die volgende is voorbeelde van telegramme wat dieselfde saak uit vele dele van die land vermeld :-

19 Okt.

. . . . Op Heidelberg het die bevelvoerende generaal 'n **wyse stap gedoen** om families wat bekend gestaan het dat **hulle Boere** geherberg het, in die dorp te bring. Daar word voortgegaan met die ontruiming van plase rondom Vlakfontein Wat **oetware betref**.—**REUTER, Times**, 22 Okt.

VENTERSTAD, 31 Okt.

Talle van **families** met **hulle** goed en al is per spoorweg **gestuur**.

Die vyand pleit tar verskoning dat hulle die proklamasies nie kan vertrou nie.

Talie het **hulle vroue** en kinders na 'n laer geneem.—**REUTER, South African News**.

DURBAN, Saterdag.

Die wegvoering van „ongewenstes” van die oostelike djstrikte van die Oranjerivier-Kolonie is taamlik snel aan die gang. Tweehonderd-en-vyftig vroue en kinders van **Harrismith** en omgewing is na Ladysmith gestuur, en **honderd-en-neentig** manne na Durban.

BLOEM FONTEIN,

Nog meer **vroue van Jaersfontein** het Bloemfontein bereik en is saam met die eerste klomp 'n paar myl buitekant die dorp in 'n kamp. Daar is gerugte op Bloemfontein in omloop dat strenge strafmiddele op Bothaville toegepas is, en dat die Hollandse kerk die enigste gebou is wat oorgebly het.

BLOEMFONTEIN, 22 Nov.

Sewe waens met „refugee”-Boerfamilies het vanmôre van Tabansjoe aangekom.—*South African News*, 28 Nov.

STANDERTON, 17 Nov.

Honderd Boervroue en -kinders is na Natal gestuur.—*Times*, 19 Nov.

KAAPSTAD, Dinsdag.

Ds Colin Fraser, van die Hollandse Kerk, mej. Fraser en 'n aantal ander Hollandse partygesindes is van Philippolis deur militêre outoriteite weggevoer. Ds. Fraser is na Bloemfontein gestuur.—*REUTER*, 31 Okt.

Ds. **Fraser, wat hier genoem** word onder die weggevoerdes, is 'n eerbiedwaardige geestelike van Skotse afkoms en die vader van mevr. Steyn, die President se vrou. Sy broer, die heer John George Fraser (nou sir), het sy loslating verkry, en hy het na Philippolis terugkeer. Enige maande later is hy met sy vrou weggevoer na die kamp op Norvalspont en vandaar af na Oos-Londen. Mej. Emmeline Frase:, sy dogter, 'n dame van een-en-twintig, het my self vertel hoe sy in 'n kooltroks van hulle huis gestuur is, en toe van die Bloemfonteinse stasie omtrent drie myl te voet na die kamp moes loop en haar eie bagasie moes dra onder 'n brandend hete son met gewapende soldate agter 'haar. Die vriendelike daad van 'n soldaat wat haar gehelp het om haar pakkies te dra, was die enigste ligpunt in die bittere vernedering van daardie dag.

Baie telegramme meld die verbanning van 'n groot aantal famielies van Jaersfontein en Fauresmith na Port-Elizabeth.

Toe 'n klomp van hierdie ongelukkiges in die suide van die Kaapkolonie aangekom het, het die gesig daarvan 'n storm van verontwaardiging veroorsaak; dit het die Kaapkolonialers vir die eerste maal laat besef hoe die smarte van die oorlog op

die hulpelose vroue en kinders neergekom het.  
Die Reuterberig lui as volg :—

PORT-ELIZABETH.

Gister het ek die kamp op die resiesbaan besoek, waar die Hollandse vroue en kinders wat van Jaersfontein en Fauresmith hierheen gestuur is, gepiaas is. Hulle is werklik gevangenes, daar 'n militêre wag oor hulle gesit is; dog alles word gedaan wat moontlik is om hulle hegtenis binne die omheining so gemaklik te maak as die omstandighede toelaat.

Baie van die vroue en kinders het 'n volop lewe gehad, en hulle word nou in sinkkamertjies van beperkte ruimte geherberg. Die vroue van die burgemeester van Fauresmith en die Hollandse predikant, asook die suster van die resident-magistraat, is onder hulle.—*South African News*, 31 Okt. 1900.

Die voorraad famielies vir wegvoering het sonder end gelyk en is aan die gang gehou deur die verwoesting, wat in die laaste maande van die jaar snel toegeneem het. Van Oktober tot Desember het 'n reeks van telegramme die treurmare op droewige toon verkondig. Hier is 'n paar van Reuter :—

VRYBURG, 1 Okt.

Die kolom van generaal Settle, ná hulle Schweizer-Reneke ontset het, het suidwaarts na Christiana getrek en die land algaande tot bedaring gebring. . . . Sommige plase, waaronder dié van Preforius, vroëer lid van die Uitvoerende Raad, is verbrand.—*REUTER*. Vgl. *Times*, 5 Okt. 1900.

KHOONSTAD, 26 Okt.

Die kolom het om twaalf-uur gearriveer, en plase langs die pad verniel. Nie 'n enkele huis in die strêek tussen Dundee en Vryheid het oorgebly nie. Almal is verbrand deur die Britse troepe vir die verraderlike dade van die inwonende Boere.

Die Britse patrollie-hutte verskaf skiling vir die Boervroue en -kinders en die Britse magte voorsien hulle van lewensmiddele.—*South African News*, 7 Nov.

BLOEMFONTEIN, 5 Nov. 1900.

Dit word vertel dat Ventersdorp 'n soortgelyke lot as Bothaville, getref het en dat dit verniel geword is omdat

die Boere dit vir 'n stapelplaas gebruik het.—*Times*, 7 Nov.

BELFAST, 6 Nov.

. . . . Generaal Dorien Smith . . . het besluit om elke plaas wat herberg of skuiling aan Boere verleen het, te verniel. . . . Plase is algaande deur die troepe verbrand of opgeblaas geword.—*Times*, 6 Des. 1900, van 'n korrespondent.

ORANJERIVIER, 23 Nov.

Die plase wat aan Scholtz behoer, wat die lyn naby Belmont verniel het, is verniel geword.—*REUTER. South African News*, 28 Nov.

PIETERMARITZBURG, 24 Des.

'n Troepemag van Heidelberg het 37 plase verniel en dit van lewende hawe skoongeveeg.—*Daily Mail*, 26 Des.

Vroeër in die jaar het ons briewe van soldate gehad om die onvolledigheid van Reuter se berigte aan te vul. Hier is nou ook 'n paar volsinne uit die welbekende brief van luitenant Morrison :-

Daar was 'n aantal baie mooi plase in die nabyheid, en ons kon die Boere hulle sien verlaat en weglug. Die prowoos het van die hoofleër gekom, die vroue en kinders met hulle beddegoed daaruit gehaal en die huise laat verbrand of opblaas. Van toe af en vir die owerige van die tog, wat vier dae geduur het, was ons voortgang soos die strooptogte van ouds in die Hoëlande van Skotland twee eeue gelede. . . . Ons het gegaan van die een dal na die ander, beeste en skape „buitgemaak,” gebrand en geplunder, en vroue en kinders uitgejaag om naas die puine van hulle woninge wat eers so pragtig was, te sit en ween. Dit was 'n vreeslike ding om te sien, en ek wens nie om ooit weer so 'n tog te maak nie; al is dit dat ons met die beleid moes saamstem, het dit die meeste van ons geweld om die instrumente te wees wat dit moes uitvoer. Ons het 'n pad van omtrent ses myl in deursnit deur hierdie vrugbare valleie skoongebrand, en die dorpie Witpoort, asook die dorp Dullstream, toetaal verwoes.

In soortgelyke taal gaan kaptein March-Phillipps <sup>1)</sup> voort om die geskiedenis uit ander dele te verhaal :-

23 Nov.

Kroonstad, Lindley, Heilbron, Frankfort, was tot dusver ons rondte. Ons keer ons nou na die weste, suid van die Vaalrivier. Die verbranding van plase gaan voort dat dit so help, en ons koers deur die land word soos in prehistoriese tye gekenmerk deur 'n rookkolom by dag en 'n vuurkolom by nag. Ons verbrand in die reël van ses tot twaalf huise op 'n dag; dit is omtrent al wat ons in hierdie dun bevolkte land teëkom. Ek verstaan nie dat daar een of ander spesiale rede of oorsaak voorgegee of bewese word teen die plase wat verbrand word nie. As Boere die plaas gebruik het; as die eienaar op kommando is; as die spoorlyn binne 'n sekere afstand daarvandaan opgeblaas is; of selfs as daar Boere in die nabyheid is wat die stryd volhou-dergelike dinge vind ons onder die oorsake. Natuurlik het die mense wat op die plase woon, geen seggenskap nicrin nie en is hulle magteloos om hulle met die planne van die strydvoerende Boere te bemoei. In elk geval, ons vind dat een of ander rede oor die algemeen op min of meer elke plaas kan toegepas word waar ons kom; en daarom, om moeite te voorkom, verbrand ons maar almal sonder ondersoek, tensy, egter, soos soms die geval is, sekere name aan ons gegee word in die môre voor die tog begin, van plase wat gespaar moet word.

Die manne van die plaas is altyd weg, en alleen die vroue is agtergelaat. Van hulle is daar dikwels van drie tot vier geslagte: ouma, moeder en meisies. Die seuns bokant dertien of veertien veer gewoonlik saam met hulle vaders. Die mense lyk verbasend veel op Engelse, veral die meisies en kindertjies-blond en groot en gesond.

Hierdie mense word deur ons uitgeroep in die veld of in die klein tuintjie voor die huis-waar hulle op mekaar pak in hulle sistabberdjies en met groot linnekappies.

Soms smeek hulle dat die huis gespaar sal word, en een- of tweemaal het hulle in wanhopige woede vervloekinge op ons hoof uitgeroep. Dog dit gebeur selde. In die reël maak hulle geen teken me, maar staan sprakeloos aan te kyk. Een jong vroultjie gister op 'n plaas, waar sy blykbaar nie lank gelede nie haar loopbaan begin het, het histories geword toe sy die vlamme sien opslaen, en in 'n floute neergesak. . . . Die vlamme breek uit by die vensters en deure met 'n harde gedreun, en swart rookwolke trek in die lug. Rondom staan 'n twee dosyn manne

1) „With Rimington,” Brief XXIV, bls. 201.

hulle perde vas te uou. Die vroue in 'n klein klompie klou aan mekaar vas en troos mekaar terwyl die een haar gesig in die skoot van die ander bedek. Op die werf hardloop 'n aantal Tommies rond agter die pluimvee aan en gooi met klippe en werp hulle al vallende op die gekwete hoenders en eende, wat die lug met hulle aaklige geskreeu vervul.

Verder van die huis word die troppe beeste en skape bymekaargemaak en voortgejaag, terwyl 'n aantal manne op die hoogste koppie in die nabyheid, met geweer in die hand, waak teen 'n onverwagte aanval van die vyand, van wie daar gewoonlik op 'n afstand enkele kan gesien word, wat die verwoesting van hulle huise aanskou.

Van die ontsaglik groot aantal plase in die jaar 1900 verbrand, word, soos reeds vantevore aange-  
toon, maar 'n beperkte hoeveelheid in die Rege-  
ringsopgawe vermeld (Cd. 524). Dit loop oor die  
maande Junie 1900 tot Januarie 1901 en handel  
nie oor die eerste vyf maande van 1900 nie en ook  
nie oor die laaste sestien maande van die oorlog  
nie. Van die groot aantal plase in Junie en Julie  
verniet word vir Junie net twee en vir Julie net  
drie aangegee. Die dokument is in werklikheid  
erger as niksbeduidend, want dit mislei.

Toe berig van hierdie vernieling van hulle eiend-  
om die krygsgevangenes in Groenpunt se kamp  
bereik, het hulle 'n protes opgetrek, wat op 22  
Oktober aan sir Alfred Milner gestuur is. Net  
twee van die plase wat hulle noem, kom voor in  
die Goewermentsopgawe.

Die protes het as volg gelui :—

#### U EKSELLENSIE,

Vergun ons, militêre offisiere van die burgermagte van die Oranje-Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Republiek, op die oomblik krygsgevangenes op Groenpunt, om die volgende eerbiediglik U Eksellensie onder die aandag te bring: —

Tot ons grootste droefheid verneem ons daaglik van die vernieling van privaat eiendom deur die troepe van Haar Majesteit in die grondgebied van beide Republieke. Nie net die eiendom van burgers nog onder die wapen word verniet nie, dog dieselfde maatreëls is meermale toegepss geword met betrekking tot plase en eiendom van persone

wat krygsgevangenes is in die hande van Haar Majesteit se Regering en selfs van vroue en weduwees.

Omtrent die vernieling van eiendom van burgers wat nog veg, wil ons op die oomblik niks sê nie, al is dit dat ons dit ten diepste betreur; en ons wil nie die skyn gee asof ons erken dat hierdie maatreël deur militêre operasies noodsaaklik geword is nie; dog op grond van algemene menslikheid wil ons op U Eksellensie 'n beroep maak met betrekking tot die verbranding van die woninge van die vroue van krygsgevangenes en van weduwees en eerbiediglik hier-  
teen protes aanteken. 'n Vrou is nooit onder die vegtende partye gereken nie; en wat betref die eiendom van 'n krygsgevangene, kan dit tog nie beweer word dat hy toegelaat het om sy plaas op sodanige wyse te laat gebruik dat militêre aanvoerders genoodsaak is om dit vir militêre doeleindes te laat verniet nie. Ons kan talryke gevalle opnoem waar eiendom op hierdie wyse verniet is, dog dit is genoeg om die volgende in een distrik op te noem, nl.

Winburg : —

1. B. Wessels, op die oomblik op Groenpunt, gevange geneem in Febr. 1900; sy woning op „Strydfontein” is in die maand Julie verbrand.

2. J. de Bruyn, op die oomblik op Groenpunt, gevange geneem 5 Mei; sy plaas „Beste Hoop” is verbrand op 13 Sept. 1)

3. Mevr. Jacobs (weduwee); plaas „Gewelkrans,” Onder Witteberge, verbrand ongeveer Sept. 1900; niemand van daar woonagtig nie, terwyl al haar seuns as krygsgevangenes na Ceylon gestuur is.

4. Mevr. Ferreira (oud vyf-en-sewentig); plaas „Onge-  
gund” afgebrand; al die seuns krygsgevangenes, behalwe J. Ferreira, van „Destadesfontein,” distrik Ladybrand, wat op „Olifantsfontein” gesneuwel het.

5. Louis P. Venter, gevange geneem op 10 Mei, plaas „Doorndraai,” distrik Winburg, afgebrand Sept. 1900; alleen vroue en kinders op die daas.

6. Jacobus Coetzee, gevange geneem op 10 Mei, gestorwe op Groenpunt, Julie 1900; plaas „Schilderkrans,” distrik Winburg, afgebrand Sept. 1900.

7. Willem A. Venter; plaas „Schilderkrans,” afgebrand September 1900.

8. Mevr. Elizabeth Venter (weduwee); huis op „Doorn-  
draai,” distrik Winburg, afgebrand September 1900.

9. Sarel van der Walt, huis op „Doorndraai,” afgebrand September 1900; gemelde Van der Walt is 'n blinde man.

10. Jacobus du Plessis, gevange geneem 2e Februarie; plaas „Zronhuwfontein,” distrik Winburg, verbrand 19 September.

1) Gevalle 2 en 3 kom voor in die goewermenteopgawe.



Tot staving van wat ons die eer het om onder u **aandag** te **bring**, kan ons **verder** verwys na die berigte omtrent die verbranding van **huise** en die wegvoer van vee wat **so** dikwels in die **koerante** verskyn.

Met die vertroue dat U Eksellensie as **verteenwoordiger** van 'n **magtige** christalike volk **hierdie** mededeling in gunstige oorweging sal neem en hopende dat U Eksellensie u afkeuring met betrekking tot gemelde dade sal te **kenne** gee en dat daar ten **gevolge** van u vriendelike tussenkoms **n** end daaraan sal **gemaak** word, het ons die eer ons te noem,

U Eksellensie se **diensw. dnre.**

(**Geteken** deur al die Boer-Offisiere, 22 Okt. 1900.)

**Kaptein March-Phillipps** wei uit oor die **gees** deur die vroue en kinders geopenbaar, wat hom diep getref het. Hy meld :—

Dit is vreemd om van huis tot huis te kom om **almal**, vroue en kinders, **so** eensgesind en so beslis te vind omtrent die **gees** waarin hulle **beproewinge** tegemoetgaan. Daar in die rande veg hulle eggenote en seuns, hieronder in die vlei trek die **vlamme** uit die huis; en hulle sit dit alles te aanskou byna altyd met dieselfde moed, dieselfde gelatenheid, dieselfde vasberadenheid. Dit het- my diep **getref**, want ek het nog nooit soiets **tevore** belewe nie.

Die ander dag het ek by 'n plaashuis 'n kort karakteristieke vorm van gebed wat blykbaar deur die vrou in 'n kind se skryfboek **aangeteken** is opgetel. Dit het so **geëindig**: „**Vergeef** my al my sonde, om Jesus Christus U **Soons wil**, in Wie ek al my vroue stel vir dae van verdriet en smart. En bring terug my dierbare **eggenoot** en kind en broers, en gee ons ons land terug, waarvoor ons van die begin met ons bloed betaal het.”

Eenvoudig genoeg soos u **sien**, dog vol van **erns**. Op 'n ander **plaas** het 'n klein meisiekind terwyl hulle besig was om klaar te maak vir die weggaan, eers met verontwaardiging in haar hart hulle volkslied **op 'n** ou piano gespeel, om ons te trotseer. Ons was besig **di** mense weg te voer. Dit het hard gereën en **gestorm**—'n **aaklige** gejaagde verlaten van hulle huis was dit; die woning **geplunder**; **bemoderde soldate**; 'n ontstelde moeder, wat hier en daar 'n **din**, **etjie gryp** om mee te neem en wat haar kinders, **aandru%** na die ossewa **daarbuite**; onder dit alles **hierdie** stomme kind, wat **haar** reg ruk om 'n **laaste** uitdaging te roffel. . . . Dit is maar strooitjies, dog hulle kan met **voorvalle** op elke **plaas** deur ons besoek vermenigvuldigd **word**.

Al die **smart** wat ons die mense aandoen, \*maak hulle net meer beslis.

En tog, ons veroorsaak **geen** geringe foltering nie. **Boer-families** bestaan gewoonlik **gemiddeld** uit ongeveer twaalf. Hulle ia geheg aan mekaar en groei op hulle plase op, wat hulle leer **liefkry** met die natuurlike krag eie aan mense wat geen ander **plek** ken nie. Liefde tot huis en hard is hulle heersende **hartstog**. **Enigiets** wat 'n verbreking van famieliebände **beteken** word deur hulle strawwer gevoel as met meeste **mense** die geval sou wees; so ook word alles wat hulle van hulle land ontroof, seer diep gevoel. Dit ruk hulle lewensideale heeltemal uitmekaar.

Die **Boere** het nou 'n gestadige, onverbiddelike, stelselmatige verwoesting van **hulle** land, streek na streek, te aanskou. Dag na dag veg hulle, en een vir een val **hulle**. . . . Die rook **styg** in die vlei, en die woning word **uitgewis**. Alles wat die lewe die moeite werd maak, word prysgegee, en dan gaan die lewe self. **Watter geweldiger** toets kan 'n nasie deurmaan as dit? Dit is 'n **langdurige** en **estadige** marteling; die ang en bloedsweet. Ek weet **goed** dat as my eie land **aangeval** word, ek net soos **hulle** (**ten** minste ek hoop ek sal) my sal **gedra**; en as ek dit vaderlandsliefde noem in my eie geval, **kan** ek **nie weier** om dit dieselfde in hulle geval te noem me.

Teen Novembermaand word dit ingesien dat die verbranding van plase sonder onderskeid voortgesit word, en die opperbevelhebber vaardig toe 'n bevel uit waardeur **sekere** beperkinge aangegee word :—

Terwyl dit skyn of daar 'n misverstand is met betrekking tot die verbranding van plase en die verbreking van **damme**, wens die opperbevelhebber die volgende aan te gee as leidraad vir algemene bevelvoerders om te volg : **Geen** **plaas** sal afgebrand word tensy 'n daad van verraad plaasgevind het of as daar van die werf op troepe **geskiet** is, of as 'n **straf** vir die vernieling van spoorweg of telegraaflyne, of as **hulle** gebruik geword is as uitgangspunt vir strooptogte, en dan alleen met direkte toestemming van die algemene bevel-**voerende** offisier, **wat skriftelik moet** gegee word; die blote feit dat 'n burger weg is op kommando mag onder **geen omstandigheid** as rede beskou word om die huis af te brand **nie**. Al die beste, waens en **etware** moet van alle plase weggevoer word; as dit onmoontlik is, dan moet dit vernietig **word**, of die eienaar **teenwoordig** is of nie. (Bevel **XL**, Cd. 426, 18 Nov.)

Op 30 November het lord Kitchener lord Roberts as opperbevelhebber vervang. Daar was 'n komitee gevorm van burgers wat hulle oor-gegee het, en lord Kitchener het hierdie manne op Pretoria toegesprek en beskerming aan hulle famielies belowe. 'n Proklamasie word uitgevaardig waarin hierdie aanbod beliggaam is, en ten gevolge waarvan 'n sekere aantal van die kleinere Boere, meestal Transvalers, ingekom het om hulle goed te red; en hulle het wa-laers in sommige kampe gevorm.

Die aanbod was in die volgende bewoording :—

Kennis geskied hiermee aan alle burgers dat as hulle ná hierdie datum vrywillig oorgee, hulle toegelaat aal word om met hulle famielies in regeringglaers te woon, tot tyd en wyl die gherilla-oorlog wat nou aan die gang is, dit sal toelaat dat hulle veilig huis-toe kan gaan.

Alle vee en eiendom wat tydens die oorgawe van sodanige burgers ingebring word, sal ongeskonde bly en voor betaal word ingeval die militêre owerhede daar beslag op lê.

(Getoken) KITCHENER. (Vgl. REUTER, *Morning Leader*, 28 Des.)

## HOOFSTUK 11.

VROU E N 1900.

*„The wife, whose babe first smiled that day,  
The fair fond bride of yester eve,  
And aged sire and matron grey,  
Saw the loved warriors haste away,  
And deemed it sin to grieve.”*<sup>1)</sup>

—WILLIAM CULLEN BRYANT.

Die vorige hoofstuk het dit duidelik gemaak dat die jaar 1900 die twee Republieke byna heeltemal in gaos sien verander het. Vanaf Januarie het daar hulpelose famielies rondgeswerwe, sonder huis of haard, of hulle is gevange geneem en verban, hierheen en daarheen weggevoer, te voet of in trokse, trollies, waens of treine. Dit sal miskien lank duur voor hulle ten volle die geskiedenis van daardie twaalf maande sal kan vertel of skrywe.<sup>2)</sup> Sommige vroue hier en daar het op versigtige wyse hulle teenoor vriende in briewe geuit, en dan word die ondervindinge maar genoem en nie volledig beskrywe nie. Dit is my voorneme om in hierdie hoofstuk 'n paar dergelike briewe weer te gee, wat as 't ware onbewus geskrywe is, hoegenaamd nie met die oog op publikasie nie, sodat die geskiedenis langs hierdie weg in hulle eie woorde en deur hulle self kan vertel word. Hierby

1) „Die vrou wat die glimlag van haar suigling daardie dag die eerste maal gesien het, die skoon, heminde bruid van gisteraand; die bejaarde vader en gryse moeder sien die geliefde strydërs snel vertrek en beskou dit sonde om te ween.”

2) Dergelike dagverhale en beskrywinge het ek later baie ontvang.

word nog gevoeg verklaringe van etlike persone wat geen offisiële betrekking beklee het nie, dog wat hulle hulp in hulle nood verleen het. Ruimte laat my nie toe om al die briewe in te sluit wat van een distrik na die ander in droewige gevolg my bereik het nie. Byna in elke geval is die oorspronklike briewe in my besit, al is **sommige** daarvan reeds apart gepubliseer. Waar die naam van die skrywer nie vermeld word nie, daar is dit nie omdat dit my onbekend is nie, maar omdat dit onder huidige omstandighede onwenslik geag word om die naam te laat verskyn.

Die gees waarin die gros van die **Boervroue** hulle beproewinge verduur het, kom goed uit in die volgende verhaal, wat, al sou dit nie in besonderhede volkome juis wees nie, tog ongetwyfeld waar is in sy voorstelling van die houding deur die mense ingeneem, en daarom die moeite werd om mee te deel :—

In die begin van **hierdie** jaar toe die saak van die **Boere** minder rooskleurig begin te lyk, het hulle leiers 'n Raad aangestel om die gevare van die toestand te oorweeg. By daardie geleentheid het 'n Boergeneraal in die teenwoordigheid van sy manskappe, van wie sommige hulle vrouens by hulle gehad het, sy eie vrou op die volgende wyse aangespreek :—

„Die oomblik het gekom waarin ons moet kies tussen oorgawe en stryd tot die uiterste, tot die bittere einde. Ek het my verpligtinge teenoor jou, my vrou, en teenoor ons kinders. Hierdie pligte moet ek nakom. Ek mag nie aarsel nie. Ek moet oorgee en die onafhanklikheid van die volk prysgee. Dog jy, ek, en ons kinders-ons het ook verpligtinge teenoor die land. En as ons getrou is aan hierdie pligte, dan moet ons onself opoffer.”

Die generaal se vrou wou praat, dog haar eggenoot wink haar om te swyg en gaan voort: —

„Eers moet jy alles weet, en dan kan jy antwoord. As ons die volk kies, dan is die opofferinge wat ons wag, ontsaglik. Luister goed. Ek moet my lewe blootstel, dag ná dag, uur ná uur, solank ons doel nog nie bereik is nie. Met ander woorde, ek moet almal vergeet wat ek liefhet. En jy, vrou, jy en jou kinders moet vergeet elke aanspraak wat julle op my kan maak. Laat ons mekaar vaarwel

sê aaf ons reeds die Dal van die Skaduwee van die Dood binnegaan, en dan laat ons sover moontlik van mekaar weggaan, sodat geen versoeking cor ons mag kom om mekaar weer te sien en te beswyk in die gesig van die vyand nie. Kies nou tussen ons en ons land.

Die vrou antwoord met hierdie paar woorde: —

„Gaan, my man. Vaarwel!” En al die vroue sê dieselfde.<sup>1)</sup>

Gedurende die eerste paar maande van die jaar is daar nie veel gehoor van die gebrek deur die vroue en kinders gely nie; dog dat hulle beproewinge begin het, was bekend. Reeds op die 4e Mei beskrywe die korrespondent van die *Manchester Guardian* sy verblyf op Brandfort en wei hy uit oor die in ellende gedompelde famielies en noem die plek „die dorp van ongelukkige vroue.”

'n Engelse vrou wat in Potchefstroom gewoon het, skryf aan my omtrent die toestand van daardie stad gedurende Junie en die daaropvolgende maande. Sy sê :—

**Verlede Junie** en die maande wat daarop gevolg het, is daar verskeie famielies wie se betrekkinge veg en heel-wat skade gedoen het, op die pad gesit; hulle goed is verbeur verklaar geword en deur die Engelse offisiere gebruik, en in vele gevalle by publieke veiling in die veld verkoop. Dit spreek vanself dat ná die Engelse Potchefstroom verlaat het, die Boere hulle bes gedoen het om hierdie famielies weer in besit van hulle eiendom te bring; dog veel was of vernietig of gesteel. Toe die Engelse weer op die toneel verskyn, het hulle die vorige maatreëls herhaal. In September 1.1. is die vrou en famielie van kommandant Francis op skandelijke wyse behandel geword; hulle is uit die huis gesit, al was sommige van die kinders siek, en sou seker omgekome het as barmhartige vriende hulle nie van hongersnood gered het nie.

Die moeder is gedwing om met die Engelse mee te gaan. Hierdie tyd was daar ook vele van Griekwaland-Wes wat hier hulle toevlug gesoek het en van ons liefdadigheid moes lewe. (Ek het hulle 'n leë huis gegee, en my eggenoot het hulle aan 'n paar stukkie huisraad en 'n bietjie eetware gehelp, want die meeste van hulle het niks gehad nie—

1) „Boervroue,” „Haarlese Courant,” 1900.

nie eens 'n bed nie.) Hierdie mense, wat onder die Engelse vlag gelewe het, is verskrik geword deur gerugte dat die Engelse hulle om die lewe sou bring of nog slegter behandel; en daarom het baie van hulle na Boerlaers probeer wegvlug om beskerming. Dié van hulle wat in Potchefstroom agtergelaat was, is skandelik deur ruwe soldate behandel geword, *gedwing* om op die waens te klim, sommige armé vroue op die vooraand van 'n kraambed, en weggevoer. Ek het met sekerheid verneem van twee vroue wat tot die laasgenoemde klas behoort het, wat aan die *gevolge gesterf* het. . . . Die Engelse het Potchefstroom op 9 Augustus verlaat. Toe hulle weer gekom het, was dit op die 10e September; en toe het hulle my *eggenoot* gearresteer en Kaffers in die dorp rondgestuur om Hollanders, Boere en almal wat nie toegelaat was om agter te bly, na te arresteer.

Hulle is almal weg op die 16e. Kaptein Maxwell (die enigste offisier wat vroue op 'n ordentlike manier behandel het) het my 'n baie mooi brief geskrywe die môre toe hulle my *eggenoot* weggeneem het. . . .

Die Engelse het nie weer teruggekome nie voor die 29e Oktober. Een aand het daar om sewenuur, terwyl ons aan tafel sit, ek en my klein seuntjies, 'n bietjie skuilskietery begin. Ons het na die voorste kamer gehardloop en plat op die grond gaan lê en moes daar bly tot teen die môre.

Hierdie soort van skuilskietery het te dikwels plaasgevind, en toe het ons besluit om in die dorp te slaap; en toe ons 'n week later wou terugkeer, het ons bevel ontvang om te trek. Van my besittinge, soos beddegoed, boeke, ens., wat in die buitekamer was, was gesteel; en toe ek om die bed gevra het, wat ek maar wou verkoop, het ek verneem dat ek dit nie kon kry nie. . . .

Nog 'n enkel woord omtrent die vroue en kinders wat nou die swaarste spit afbyt in hierdie droewige oorlog. Ek meen dat daar nou tussen twee- en driehonderd in die omgewing van Potchefstroom van hulle huise weggevoer is, sonder dat daar vooraf enige behoorlike voorsiening vir hulle gemaak is.<sup>1)</sup> Hulle word meestal aan die genade van die veld oorgelaat of word een of ander beskikbare herberg verskaf, sonder om rekening te hou met getalle of geslag. Hierdie stomme siele moes, voordat hulle voedsel kon verkry, urelank buitekant 'n kantoor wag om beurt vir beurt toegang te kry ten einde 'n verlobbriefie te vra om hulle, daaglikse brood te bekom. As hulle hierdie verlob het, dan gaan die lydsters voetstoots na 'n ander kantoor, waar hulle weer hulle beurt meet staan en afwag om nog 'n paar stukkie papier te

1) Sept. en Okt. 1900. Wording van Potchefstroom se kamp.

kry, wat verlob moet verleen om 'n bietjie kruideniersware en melk te ontvang, waarom elkeen op 'n bepaalde uur moet stuur. Ek het self gehoor dat 'n offisier aan die vroue sê dat hulle om halfag moes kom om hulle rantsoen; en toe hulle opdaag, word hulle gelas om terug te kom om tien-uur.

Ek kan menige bladsy vul oor die smarte wat welaf mense vandag moet verduur. Ek sal u alles meedeel wat u wil weet, want hierdie saak raak my vroulike hart seer diep.

Mevr. George Moll, vrou van 'n krygsgevangene, vertel haar eie geskiedenis in 'n brief aan mevr. Steytler, van Kaapstad. In hierdie geval was daar die versoek dat dit gepubliseer sal word:—

DURBAN 1900.

U sal ongetwyfeld verwonderd wees om van my, wat vir u heeltemal vreemd is, 'n brief te ontvang. dog ek voel dat ek ons saak aan u edele vroue van die Kaap moet bekend maak, sodat u dit in een van die Kaapse nuusblaaië kan publiseer. Wat ek u hier gaan meedeel, verklaar ek voor God dat dit die plegtige en onvervalste waarheid is.

My eggenoot is dertien maande gelede op Elandslaagte krygsgevangene. Ek moes maar alleen met my twee kinders aansukkel, dog dit het alles goed gegaan tot die Engelse op Vrede op die 23e Augustus aangekom het. Ons het omtrent 'n uur van die dorp gewoon. Ry hulle aankoms was ek in die dorp woonagtig, daar ek die lewe geskenk het aan 'n suigling wat toe pas 'n maand oud was. Die Engelse het na die plaas gegaan en al my klere en huisraad vernietig. Daarna het hulle die veld ingegaan en al my vee in beslag geneem. Die wagter het hulle vertel dat die eienaar krygsgevangene is en dat ek in die dorp is; dog die antwoord was: „Sy moes hier op die plaas gewees het,” en verder dat hulle alles sou neem. ek is dus sonder iets agtergelaat. Die tweede keer toe die Engelse Vrede binnegetrek het ('n maand later), het hulle eers na my suster se huis gegaan (mevr. Cor&& Moll) en haar en haar kinders sonder iets uit hulle huis gedrywe, en toe vlug sy na my huis. 'n Rukkie later kom hulle ons aansê om ons klaar te maak om na Standerton te gaan. Ons het net 'n paar uur gehad, toe daar 'n ossewa kom om ons vir die reis op te laai. Ons het nie ver gegaan nie of die wa sak inmekaar. Ons het byna tussen die wiele ingeval. Hulle laai ons toe op 'n ander

ou wa, wat **nie** veel beter was nie. So moes ons na **Stander-ton** reis. Op ons aankoms daar word ons in 'n **vuil** ou skoolgebou **opgesluit**. Die deur word deur gewapende manne bewaak. Nadat ons byna verhonger was, het **hulle** ons **eindelik** kos gebring, wat bestaan het uit ses **blieke** „**bully-beef**”, en 'n paar klinkers in 'n vuil streepsak, wat hulle voor ons neergegooi het; die arme kinders kon die klinkers nie eet nie: hulle was te hard. Die volgende **môre** vroeg word ons na die stasie gemarseer, en tien van ons word in 'n derdeklas-kompartement **gestop** en die deur **gesluit**. Ons moes vir **twee** volle dae en 'n nag regop sit sonder om eenmaal toegelaat te word na buite te **gaan**. Ons arme kinders wou so graag uitgaan, maar **hulle** kon nie. Hulle was byna dood van die honger. Hulle wou my nie toelaat om kos vir my **babetjie** te kry nie, wat toe skaars twee maande oud was. Sy moes die hele pad met so te sê niks klaarkom. Mej: Marie le **Roux** (wat nou op Caledon is) en ek het 'n bietjie water oor 'n kers warm **gemaak** (daar ek geen **spieritus** of iets anders kon koop nie) om 'n bietjie gekondenseerde melk vir die kindje aan te maak. Toe ons op die transportpad was, het hulle vir die Kaffers gesê om **versigtig** met ons te ry, daar hulle ons in Natal gaan trou. **Toe** ons hier aankom, moes ons wie weet hoe lank met ons afgematte, **hongerige** binders staan, sonder om te weet waarheen. **Eindelik** ná veel gesukkel word ons na 'n **privaat losies-huis** gemarseer, waar ons vir 'n week **gehou** word en toe kennis ontvang dat ons in die toekoms ons eie **onkoste** moes betaal. **Ons** het geen geld gehad nie. Op ons vertrek het ons net 'n paar pond in die sak gehad. U kan **nie** dink wat ons moes **deurmaak** nie. **Ons** het 'n huisie gebuur en 'n paar van ons mense as kosgangers ingeneem -ds. Enslin, ons Hollandse predikant van Vrede, en 'n paar ander-, en so moet ons aansukkel. Dit gaan hard om die **hoof** bokant die water te hou. **Ons** hoor van sommige iwoners van Durban dat die militêre beweer dat ons by hulle om beskerming aangeklop het, wat 'n onwaarheid is. **Ons** het nooit iets van die aard **gedoen** nie. **Hulle** sê dit is' die rede waarom ons hierheen **gestuur** is. **Ons** moet ons elke dag net soos die manne aanmeld. **My suster** was erg siek net voor ons Vrede verlaat het. **Rulle** het haar krank weggeneem, en sy is nog al die tyd ongesteld. **Sy** het die dokter hier om 'n getuigskrif gevra om te verklaar dat die hitte te veel vir haar is.

Mevr. **Homan** het nou net van Harrismith aangekom. **Sy** sê 'n paar das voor haar vertrek het die Engels? 'n groot aantal famielies van verskillende plase **ingebring**. Een arme **vrou** was siek en moes haar haas na die eerste huis wat sy kon kry, en 'n paar minute daarna is sy van 'n kindjie bevalle.

Dit is **hartverskeurend** as 'n mens al **hierdie** dinge hoor, **veral** as **hy** deur ondervinding self weet wat dit beteken.

Mevr. Van **Vuuren**, weggevoer van haar huis in die **Vrystaat**, skrywe aan mevr. **Koopmans-De Wet** om haar dankbaarheid te betuig vir genote hulp in ontbering :—

KAAPSTAD, 18 Sept. 1900.

Hoe **sal** ek u ooit kan dank vir die hulp aan my wat **vir u heeltomal** vreemd is, in my uiterste nood verleen? **Was dit nie goed** van ons hemelse Vader om dit in die hart te gee van **daardie** dame in Engeland om aan u die geld te stuur nie?

Ek het **dadelik** die klere begin te sny, en ons het nou reeds verskeie **stukke** onderklere klaar. My kostume is ook klaar. Duisendmaal dank vir die groot geskenke.

As iemand my 'n jaar gelede gesê het dat ek voor die end van 1900 in 'n vreemde gewes **huisloos** en haweloos my sou bevind, sou ek gesê het : „Dit kan nooit wees **nie**.” Ag, hoe vele van my **dierbare** landgenote is in dieselfde toestand! En helaas, daar is vele wat in 'n treuriger toestand is as ek. . . .

U weet so min van my droewige ondervinding, want **ek was** maar pas twee dae hier toe u hand van liefde sy weg **gevind** het na 'n arme verlate vreemdeling, dat ek u moet meedeel hoe ek hier **gekam** het.

**My** dierbare eggeuot en drie seuns het in Oktober 1899 van huis gegaan. **My** oudste seun, 21 jaar oud, het in **Januarie** gesneuwel. Hoe swaar het ek toe die hand van die wrede oorlog gevoel! Tog het ek nog nooit spyt gehad dat hy die wapen **opgeneem** het vir sy geliefde vaderland **nie**. Ja, vir sy eie vaderland, **gekoop** met die bloed van voorgeslagte, wat die wrede geldsoekers ons wil onteem.

Die volgende slag het **gekam** toe my man en twee seuns na Ceylon **gestuur** AS. Hoe **vreeslik** was die tyding toe ons verneem dat ons dierbare so ver moes weggevoer word. **Ons** wis dat hier in **Kaapstad** menige christenhart was wat sou doen wat hy Kon, om 'n soet druppel in die bittere kelk te plaas. Dit is so bitter om te **dink** dat die **ontsaglike oesaan** ons van mekaar skei. Ek het toe alleen agtergebly met **my** enigste dogtertjie van **neë** jaar en my **liefsge-seuntjie** van dertien jaar.

**Gedurende** die **laaste** week van Augustus 1.1. het ons **gedurig berig** ontvang dat generaal De Wet in die **nabyheid** van **Wepener** is. **Ons** hart het van vreugde opgespring om te dink dat ons arme vroue weer sal smaak wat beskerming beteken. **Ons** het **gedurig** gesidder en **gebeef**

terwyl die aoldate in die omtrek was. Hulle maak daar niks van om die deur oop te maak, die huis in te kom, elke kamer deur te snuffel en te neem wat hulle lushet. Nie eenmaal nie, maar keer op keer.

Elke Hollandse vrou moes in haar eie huis slaap, en ons is nooit toegelaat om 'n ander vriendin te kry om by ons te kom slaap nie-of ons alleen met 'n Kafferjong was of nie. Ek het hartkwaal baie erg en het dikwels probeer om 'n vriendin vir die nag by my te hê, maar kon geen verlof bekom nie.

Vrydag, 31 Augustus, was daar weer 'n ander donker wolk. My seuntjie was besig die perde water te gee, toe twee polisie-dienaars hom kom wegneem. Ek hardloop uit en vra wat aan die gang is, en een van hulle draai om en sê: „Ons het bevale van die majoor om hom vir 'n paar dae oor die grens te sit” (d.w.s. Basoetoeland). Ek vra verlof om hom te groot en word geweier. Dit was of my hart wou breek. Dit was 'n vreeslike skok. Ek het heeltemal siek geword. Ons moes die dokter laat haal. Ek dog my lydenskelk was tot die rand toe vol en dat as daar nog moes by kom, sou ek verpletter wees. Maar die beker was nog nie vol nie; want die Sondagaand toe ek reeds in my kamer was, hoor ek 'n harde, onverskillige geklop. Ek voel dadelik dit kan geen goeie nuus beteken nie. My dogtertjie sê meteens: „Ag moeder, dit is seker 'n soldaat. Wat sal ons doen? Moenie die deur oopmaak nie, moeder.” Ek wis dat ek die deur moes oopmaak, anders sou hulle geweld gebruik. Ek roep uit dat hulle 'n oomblik moes wag; en terwyl ek my klere aantrek, was by my net die een vraag: „Ag wat kan dit wees? Is my beker nog nie vol nie? Ek maak die deur oop. Daar was twee konstabels en 'n kar. „U het vyf minute om klaar te maak. U moet met hierdie kar vir 'n paar dae weggaan. Woensdag sal u weer terug wees.” Ek vra of hulle my buurman sou vra om oor te kom, sodat ek die een en ander skikking kan maak omtrent my huis. Dit word natuurlik geweier. Ek vra waarom ek weggestuur word. Hulle kon nie sê nie, moes maar net bevale gehoorsaam. Hulle sê my dat ek nie toegelaat is om iets met my te neem nie. Ek vra of ek 'n kombers kon meeneem—want dit was 'n koue nag. Dit het die harte van klip tog nie geweier nie. Ons het daardie hele nag in 'n poskar na Bloemfontein gery—my dogtertjie en ek, met net een kombers om ons mee toe te maak. Die volgende môre word ons op die trein gesit. Hulle gee ons 'n reiskaartjie, dog sê niks nie. 'n Paar minute later stoom die trein die stasie uit. Ek was so onthuts, en alles het so skielik oor my gekom dat daar nie tyd was om my gedagte te laat gaan nie. Kaapstad was die laaste plek waar ek aan gedink het. En tog was dit so, volgens getuienis van my reiskaartjie. Verbeel u wat

deur my gegaan het toe ek dit sien. Geen geld, geen voedsel en geen komberse nie. Die goeie beskaafde majoor het daar nie aan gedink om voorsiening te maak in die behoeftes van die barbaarse Boervrou nie. Het hy my tog net vertel dat ek my vir 'n lang reis moes klaarmaak. Dog onse God, wat ons so wonderlik gehelp het in hierdie onregvaardige oorlog, was met my ook in die trein. Die vrou van 'n Hollandse predikant het 'n deel van die pad met ons gereis, en sy het ons gehelp.

Ek sal nooit vergeet watter 'n aaklige gevoel van eenzaamheid hom van my meester gemaak het toe ek in hierdie groot en vreemde stad aangeland het nie. Waarheen sal ek gaan? Wie is daar om my te help? Alleen en sonder geld. Mag die majoor se vrou nooit 'n dergelike onder-vinding hê nie! Eindelijk het iemand my gebring na die „Refugee”-Hulpkomitee. Toe hulle verneem dat ek 'n Boervrou is, moes ek hoor: „Nee, ons kan jou nie help nie: jou mense veg teen ons mense. Gaan na die Hollandse predikante om jou te help.” Hulle gee my die adres van ds. Van Heerden. Hy bring my toe na hierdie tehuis, 'n vriendelike ontvangs my gewag, het. Ek het dadelik meer op my gemak begin te voel. Ek was toe onder my eie mense. Ek skryf toe dadelik aan kolonel Heyman in die Kasteel en sê dat die militêre my hierheen gestuur het en dat hulle vir my moes sorg. Sy antwoord w: „Ops weet niks van jou af nie en kan niks met jou te doen hê nie.” As ek tog net kon huis-toe gaan, dan sou ek tog nader aan my liefingseuntjie wees. Dit is so vreeslik hard om so van vlees en bloed geskeur te wees.

En wat die ergste is, myne is nie die enigste geval nie, maar daar is honderde dergelike gevalle. Julle mense hier kan nooit beseef wat ons vroue en jong onskuldige meisies te ly het nie. Is dit vir u vreemd dat ons die nek nie kan buig vir die Engelse gesag nie? Dit sou nie wees as u alles wis nie. Ons is gewillig om nog meer te by al is dit vir nog 'n jaar, as ons tog maar net ons onafhanklikheid weer terugkry. Dit is al wat ons wil hê. Geen goud of silwer nie. Sal ons getroue God ons dan nie hoor nie?

Ek moet nie meer skrywe nie, want ek voel dit maak my opgewonde.

Mog ons dierbare nermelse Vader u en die lieue onbekende Engelse dame met Sy rykste seën bekroon en u beide spaar om 'n heldere en blye straal van lig te wees vir meer as een bedroefde hart. Nogmaals hartlik dank.

Ek is,

Dankbaar die uwe,

GERTRUIDA VAN VUUREN.

Dit is geskrywe in daardie heel vroegste dae toe dit nog as ongelooflik beskou is dat vroue haweloos van hulle huise gedrywe, deur die militêre weggevoer sou word. 'n Dame in Kaapstad, by die gedagte dat daar 'n fout hieromtrent was, telegrafeer aan die bevelvoerende offisier, Wepener :—

Kan mevr. Van Vuuren nie terugkeer na haar huis nie? Op wie se onkoste is sy hier?

Die antwoord was as volg :—

Ek kan mevr. Van Vuuren nie hier hê nie. Sy ia op haar eie onkoste so ver dit my raak. Sy kan bly waar sy wil, behalwe in die distrikte Maroko en Wepener.

Majoor WRIGHT,  
Bevelvoerende Offisier, Wepener.

Die volgende brief is van mej. Ellie Cron je aan mej. Hauptfleisch :—

WELLINGTON, K.K., 6 Nov. 1900.

U sal seker baie verwonderd wees om van my te hoor en sal wonder waarom ons op Wellington is.

My moeder, 'n vriendin en ek is hierheen deur die militêre owerheid gestuur.

Ek weet hoeveel belang u stel in ons mense, en daarom wil ek u 'n verhaal gee van my ondervinding gedurende die oorlog. Ek hoop u sal verstaan, ná u my verslag gelees het, hoeveel die huislose vroue in die Vrystaat werklik moet deurstaan. My mededeling is die grondige waarheid. Ons plaas lê drie uur van Winburg.

My vader, generaal Cronje, wat in Natal op kommando was en later in die Vrystaat, en vier broers het in die begin van Oktober op kommando gegaan; die vyfde broer het op die 8e Januarie die wapen opgeneem. Een van die vier het siek geword en het toe vir 'n klein rukkie huis-toe gekom. Twee van my broers is krygsgevangene geneem saam met generaal Cronje in Februarie; en een, ná hy op Koedoesrand gewond is, het hulle by Bloemfontein gevang. Op die 10e Mei het ons ons laaste besoek van my vader gehad. Sedert dié tyd het ons hom nie weer gesien nie.

My moeder, 'n onderwyseres van 'n naburige dorpje en

ek, met ons bediendes, was ná 10 Mei alleen op die plaas. 'n Week ná die datum het generaal Macdonald een nag op die plaas gelaer. Die volgende dag het ons ons passe van twee konstabels ontvang wat op bevel van die provoos na die plaas gestuur was. Generaal Colville en sy leërmag het 'n paar dae later verbygekom en ook een nag op die plaas hulle kamp opgeslaan, terwyl die generaal 'n nagwag gestuur het om die huis te bewaak en net 'n paar soldate by die huis aangeklop het om brood te koop. Op 6 Julie het generaal Brabant omtrent 'n halfuur te perd van ons huis gelaer en 'n paar dae oorgebly. Luitenant Morris het met sy soldate na die huis gekom; hulle het kos gekoop. Sommige het betaal en andere nie. Hulle het elke kamer van die huis binnegestroom, behalwe moeder haar slaapkamer, en baie dinge weggeneem uit die sit-, eet- en slaapkamers. Die huis was taamlik groot, met sitkamer, eetkamer, ses slaapkamers, kombuis en dispens, en veranda en stoepe aan drie kante van die huis. Daar was 'n plakkaat op die deur van die waenhuis op bevel van die provoos, wat gesê het dat niks weggeneem moes word sonder sy bevele nie; hiervan het hulle geen notiesie geneem nie, en hulle neem ons ossewa, perdewa, mielies, tuie en groente en ook 'n vrag voer, twaalf osse, pluimvee en ander dinge. Ons het luitenant Morris om 'n bewys gevra, en hy het gesê dat ons van sy manskappe dit moes kry, en hulle het weer geantwoord dat hulle daartoe geen mag het om bewys te behou nie, gevolglik het ons niks vir al hierdie goed gekry nie. Ons osse het hulle na Ficksburg gestuur met een van ons bediendes, wat op sy terugkeer ons sy pas getoon—gegee—het, waarin dit gesê word dat hy sonder letsel moes deurgelaat word, daar hy met „buitgemaakte vee” gestuur is. Hierdie pas wou ons hou met die gedagte dat dit later van nut kon wees; dog ná 'n tydjie het die jong dit teruggevra, en om ergernis te voorkom het ons dit teruggegee. Hierna het daar verskeie maal troepe verbygekom, dog hulle het ons geen las veroorsaak nie.

In September het daar weer 'n mag verbygekom; ons vra die kaptein wie die generaal was, en hy sê dat dit generaal Colville was. Dit was onwaar, want ons het spoedig uitgevind dat dit iemand anders was. 'n Paar offisiere met hulle manskappe („Highlanders”) het by die huis aangekom om eiers, botter en ham te koop en het daarvoor betaal. Hulle was baie vriendelik. Toe kom daar weer ander offisiere en manskappe, wat uiters onbeleaf was. Hulle neem die kar, ens., en ontruim die waenhuis, sodat ons niks oorgehou het om mee te ry nie. Hulle het gedroogde vrugte en komberse geneem en het van die solder selfs van die Kaffers se klere geneem. 'n Offisier het in die kombuis gekom en allerhande lawwe vrae

gestel: Werk ons ook? Wie slag ons vurke en skape vir ons? Hy gaan in die dispens en sê : „**Ek sal liewers alles wegvat** (Ingelegde vrugte, ens.), anders sal julle net **lekker dinge vir die Boere** maak en gee as hulle weer kom.” In die eetskamer het hy gesê dat hy die huis gaan afbrand, en hy vra **watter** redes kan ek gee waarom hy dit **nie** sal doen nie. Ek antwoord : „**In die eerste plaas** is dit wreed om families te behandel soos julle dit **den**; **en** in die tweede plek, wat sal van my arme moeder **word**?” Hy sê : „O, jy moet nie nou aan jou ou moeder dink nie : as die huis afgebrand is, sal julle by die Kaffers moet gaan **bly** ; daar sal julle van hou-nie waar nie?” Aan my moeder sê hy : „**Gaan** haal jou ou man by sy baard en maak hom vas aan die tafel en sê hom om sy **lande** te ploeg.” Hy beweer verder dat ons nie 'n duim grond sal **terugkry nie**, al sou my vader terugkom, en dat ons die **mees geslepe**, skelmste en slimste volk is waar hy nog oit mee te doen gehad het. „**Julle** stuur **lekkernye** aan die **Boere**, kry nuus van julle vader; en as ons **julle** kom vra waar die **Boere** is, dan maak julle of julle heeltemal onskuldig is en sê : „**Ons** het hulle vir maande nie gesien **nie.**” Hy gaan toe weg en stuur twee waens om voer, ens., te haal.

Op 16 September het daar 'n skermutseling plaasgevind nie ver van die plaas nie. Op die 17de kom ses Engelse na die huis om te **vra** waar die **Boere** is. Op die môre van die **18de** kom daar weer twee manne om te **vra** wie die **eienaar** van die plaas is, of hy nog op kommando is, wie my moeder is, en of daar van my broers is wat nog veg. Ek het **hierdie** vrae beantwoord. Hulle vra toe of die **Boere** by die huis op hulle **verbygaan** aangekom het, of hulle **werklik** die huis binnegegaan het en wie hulle was. **Ons sê** toe dat die **Boere** wel aangekom het op hulle **verbygaan**; hoe kon ons dit vermy, ons eie mense: ons **kon nie eers** die soldate **uithou** nie? Moeder **sê** dat **sy nie** die name gevra het nie en voeg daarby : „**Ek** vra jul le nie wat julle name is nie; julle gaan weg, en ek weet nooit met wie ek gepraat het **nie.**” Toe probeer hulle om van die Kaffers omtrent die **Boere** uit te vind. Net voor hulle **wegry**, roep hulle die Kafferjong binne en sê aan hom om aan moeder te vertel dat sy haar huisraad moes **uitdra**, want **hulle** kom terug met kolonel White se **manskappe** om die huis af te brand. Ons het omtrent 'n uur gehad **om** ons huisraad uit te dra uit die sit- en slaapkamers, ons **piano** en buffet. Terwyl ons besig was, kom die troepe. **Hulle** het iets oor die **vloere** gegooi om hulle te laat brand, **en dit was** nie lank nie of die woonhuis en buitehuise staan aan vlam; en spoedig was ons **gerieflike woning** vergaan. My moeder, ons vriendin en ek het **buitekant** gebly tussen

die huisraad wat ons **uitgeneem** het, en het vandaar die brand aanskou. Een van die manne vra waar ons van plan was om die nag te slaap. Ek sê : „**As** ek die huis verbrand het, **sou** ek **gewet** het waar om te gaan en wat om te doen.” Sommige sê : „Julle moet presidente Steyn en **Kruger** hiervoor dank. Waarom kom hulle nie oorgee nie? Waarom gaan hulle soos rowers rond?” **Darop** antwoord ons : „**Hulle** sal nooit, nooit nie ingee nie; **hulle** veg vir hulle land en julle veg met vroue, omdat julle weet hulle sal nie terugskiet nie.” Ons het **hulle** ook gevra of hulle sou ingee as ons teen hulle geveg het en begin wonings af te brand en vroue in die ope veld te drywe sonder 'n stukkie kos, omdat hulle mans en vaders weier om in te gee. Terwyl ons nog besig was om goed uit te dra, neem hulle die messe en vurke uit die laaie van die buffet en 'n menigte ander goed uit die kombuis. Een soldaat het hom met sy hande uit ons bottervaatjie **gehelp** ; en toe ons hom vra om dit te laat staan, sê hy dat ons dankbaar moes wees dat iets gered is, want eintlik moes alles verbrand **gewees** het. **Daardie** nag het ons tussen die huisraad **geslaap** wat op die werf gestaan het, terwyl die wind nog vonke oor ons hoof waai. Tweemaal gedurende die nag het die stalle aan brand geraak, en ons moes opstaan en die vuur doodmaak, sodat ons 'n herberg die volgende nag kon hê. Die volgende dag het ons die stalle skoon laat maak en ons goed daarin gedra, en die tweede nag het ons daarin geslaap. **Die** perde, beeste en ander **goed** wat daar nog oor was, het hulle nou ook weggevat, en **hulle** sou stuur om die skape te haal. Ek het **gesmeek** dat hulle tog een koei moet **laat** staan. Die antwoord was: „Nie een, nie een nie.” Dertien waens word **gestuur** om al die **hawelose vroue** dorp-toe te neem. **Daardie** dag het hulle nog sewentien families **haweloos gemaak**. **Die** meeste hiervan is baie arm en het **baie** kindertjies. Ons wou nie dorp-toe gaan nie en vra toe om op die plaas gelaat te word, met die hoop om toegelaat te word om in die stalle 'n huisvesting te vind; daar was geen salf aan te smeer nie-ons moes gaan. Ons het ons eie huis op die dorp, en hulle belowe ons dat ons daarin kan gaan. Op **hierdie** (Donderdag-) môre wou ons **net** ons onthyt neem in die verwoeste kombuis, toe 'n **majoer** binnekom en ons aanjaag **om** ons kleresakke, ens., op die wa te sit. Terwyl ons besig was dit te doen, vertel 'n soldaat ons dat **hierdie** majoor ons onthyt eet; ek gaan toe in en vra hom of **hy** hom nie skaam nie, daar dit al kos was wat ons gehad het. Dit het gelyk of hy hom darem geskaam het, en hy het probeer om iets vir ons te **kry**. Om tienuur word ons in 'n ope ossewa geplaas en dorp-toe **gestuur**, wat ons **daardie** aand om halfag bereik het, ná dis hele dag aan die brandende son blootgestel te wees.



Die majoor het ewe kalm gesê : „ Julie is maar net gewone werkvolk en is gewoon aan so 'n ruwe lewe.”

Toe ons in die dorp kom, weier hulle om ons ons huis te gee en stuur ons na 'n hotel-huile betaal egter. Dit was op 20 Sept. Op die 23ste kom die kommandant ons sien, en hy sê ons moes of na Bloemfontein of na die Kolonie gaan; weier ons, dan sal ons later met die ander vroue in oop trokse na Bloemfontein gestuur word en in tente daar geplaas word. Dit was sy bevel.

Hv belowe verder dat as ons Kaapstad-toe gaan, ons ons “krygsgevangene broers elke middag op Groenpunt kon sien. 'n Offisier wat daarby gestaan het, sê: „Nee, my liewe dogter, jy sal hulle nooit sien nie; jy mag hulle deur die tralies sien, maar sal nie toegelaat word om met hulle te praat nie.”

Op Winburg was daar 'n aantal families minder bevoorreg as ons; hulle word opeengehoop, ontvang kos van die militêre, dog was sonder enige gerjewe vir die kindertjies, die sieke en die ou moeders. Hierdie mense kon niks saam met hulle bring nie. Een van die vroue het in my teenwoordigheid aan die militêre vertel dat toe sy probeer het om van haar kindertjies se klere te red, die soldate dit terug in die vlamme gegooi het. Een vrou het by haar 'n tweeling gehad van vyf maande oud—kinders van haar dogter wat kort ná sy geboorte gegee het, gesterf het. Toe sy ingestuur geword is, het hulle haar versoek om melk vir hierdie kindertjies geweier.

Hierdie is maar 'n paar uit vele dergelike gevalle van smart. Die ongelukkige vroue het van die kommandant verneem dat hulle onder geen omstandigheid toegelaat sou word om te bly waar hulle is nie, maar dat hulle na die vrouekamp op Bloemfontein sou gestuur word. Kan iemand, sonder verontwaardiging die ellende van so 'n plek hom voorstel—niks privaats, oud en jonk op een hoop bymekaar, en ternouernood die onontbeerlike lewensbehoefes.

Ek het nie gedink dat my verhaal so lank sou wees nie, dog ek hoop dit sal u 'n idee gee van wat die arme hawelose families in die Vrystaat moet deurmaak. My verklaringe is almal suiwer.

Geheel die uwe,

ELLIE CRONJE.

Die bowegemelde is daardie brief van mej. Cronje wat deur die heer John Morley in die *Times* van 17 November 1900 gepubliseer is en wat so 'n golf van verontwaardiging deur die hele land laat gaan het. Die plaas is een van die wat

in die goewermentsopgawe vermeld word („ Welgelegen,” dist. Winburg) as verbrand op 18 Sept. 1900, en die rede aangegee is In „ bevel om die Doornbergse distrik te verwoes.” Die opgawe gee aan dat daar op daardie selfde dag sewentien plase verniel is, wat ooreenstem met die verklaring van mej. Cronje dat sewentien families sonder huis of hard uitgedrywe is.

Toe ek mej. Ellie Cronje gesien het, was sy in ballingskap met haar moeder in die Kaapkolonie. Sy het my uiters vriendelik ontvang, en dit het haar blykbaar verligting gegee om haar geskiedenis aan my te vertel. Daar was nie soiets as selfbejammering in die wyse waarop sy haar beproewinge meegedeel het nie-inteendeel, sy het in hulle geroem; dit was 'n bron van krag en troos vir die meisie om te kan voel dat sy ook vir haar land gely het, dog sy is begerig dat die wêreld sal weet wat hulle verduur het en watter harde dinge hulle deurgemaak het. Sy was fyn versigtig om nie my gevoel seer te maak nie, en daar was geen sweem van bitterheid teenoor die Engelse volk of die Koningin in alles wat die meisie of haar moeder aan my gesê het nie.

Mevr. Cronje, wat net Hollands gepraat het, is 'n kalme, waardige vrou. Haar eerste aanmerking was 'n uiting van droefheid oor die vele lewens wat ook onder Engelse soldate opgeoffer is. „Beide kante het swaar gely,” sê sy, „en die skuld berus nie by Engelsman of Boer nie, maar by die kapitaliste.” Sy het geen melding gemaak van haar eie verliese nie. Mej. Cronje het vertel dat vyf plase van hulle familie afgebrand is; hulle eie, dié van haar twee getroude susters en dié van haar twee getroude broers. In haar suster se geval het die soldate gekom toe dit nog vroeg in die môre was, en sy nog maar half gekleed met

haar hare los oor haar skouers. In hierdie toestand moes die stomme ding haar huis sien afbrand, terwyl Kaffers die ringe van haar vingers aftrek. Toe moes sy en haar vyf kinders—trekgoed was alles weggeneem-voetslaan na die dorp, twee uur te perd. Mej. Cronje het met dankbaarheid gewag gemaak van generaal Colville se gedrag teenoor hulle. „Ons het hom almal liefgekry,” het sy gesê. Eenmaal het hy 'n wag gestuur om hulle huis in die nag te bewaak. Aan die ander kant het die vrou met afsku gewag gemaak van sommige offisiere. Een van hulle het aan haar gesê op 'n vraag waarom hulle die huise afbrand: „Ons brand hulle omdat julle manne nie wil oorgee nie; en as dit nie help nie, sal ons die vroue self verbrand.” „Waarom begin julle dan nie met my nie?” was haar antwoord. „Ek is hier en bereid om vir my land te ly.”

„Maar daar is slegte Boere ook,” eindig mej. Cronje, „en daar is goeie Engelse. Ek is baie dankbaar vir 'n Imperiale 'Yeoman' wat ons toestand aanskou het en op baie bedagsame wyse my geld of hulp aangebied het en gesê het hy skaam hom oor wat daar gedoen en gesê word.”

Die volgende brief beskrywe die uitsetting van mevr. John Murray, vrou van die sendeling in die distrik Waterberg, Transvaal. Die sendingstasie, wat blykbaar gedeeltelik verniel was in September of Oktober, kom nie voor in die goewerments-opgawe nie:—

MEVR. JOHN MURRAY AAN 'N FAMILIEBETREKKING.

(Ontvang 17 Des. 1900.)

Eindelik is ek in staat om 'n paar reëltjies aan jou te skrywe. Ek het siek geword dieselfde dag van my aankoms hier, en is drie weke in bed gewees. Ek het vanmôre vir die eerste maal opgestaan. . . . Gedurende die

afgelope oorlogsjaar het ek keer op keer probeer om op verskillende wyse briewe aan jou te skrywe, dog ná enige maande het ons weer al ons briewe terug ontvang. J kan verstaan hoe teleurgestel ons was. Ons het sommige van jou briewe ontvang, dog nie almal nie. Ons het altyd kos in die huis gehad, al moes ons soms verskriklike pryse daarvoor betaal. Dog verlede maand het ons voorraad min geword, en ons kon niks meer kry nie, en dus het J. my op die 17e per kar verlaat en op pad gegaan na Delagoabaai, om aan die heer R. om sy salaris te telegrafeer om hom in staat te stel om eetware aan te koop. Die dag ná J. se vertrek het W.H. na ons sendingstasie uitgeroep om my te haal om 'n paar dae by hulle deur te bring. J. het hom gevra om 'n bietjie na my seun te kyk.

Ek was net 'n paar dae weg, toe kom die Engelse. Ons was toe by die veglenie, en ons mense onder generaal Grobbelaar was omtrent 'n myl van die huis waar ons in was, op die berge, en die ontsaglike Engelse kamp omtrent tien minute van ons.

Ons het kanon- en kleingeweerve vuur oor die huis vir meer as twee weke gehad; ons het gedurende die dag byna nooit ons neus by die deur uitgesteek nie; en dit was vreeslik om die dooie en gewonde te sien wegvoer. Die Engelse het al ons kos weggeneem en skaars genoeg vir veertien dae gelaat. Dit was verskriklik swaar toe ons geen brood vir die kindertjies meer gehad het nie. Ek het toe by die Engelse om brood aangeklop, dog hulle het gesê dat hulle niks kon doen nie. Toe gee hulle ons twee uur kennis om na Pretoria te vertrek—die heer en mevr. A. en hulle kinders, die heer en mevr. H. en kind en ek met drie kinders. Ons word almal in veetrokse geplaas. Hulle wou my nie eens toelaat om huis-toe te stuur om klere vir die pad nie.

Hulle het ons almal weggestuur, want die offisier het gesê elke woning moet afgebrand word. Jy kan dus begryp met wat 'n swaar hart en bedroefde gemoed ons ons huise verlaat het. Ek het die offisier vertel dat ons sendingstasie eiendom was van die Kerk in die Kaapkolonie, dog hy het gesê dit kom daar nie op aan nie. Dit is hard om te dink dat ons miskien alles verloor het. Ek het J. die week voor ons vertrek verwag, dog die offisier het gesê dat hulle hom nie sou toelaat om deur te kom nie; ek kan dus nie dink wat van hom geword het nie. Die offisier sê dat as J. op die stasie was, sou hy gevange geneem en na Ceylon gestuur gewees het, en voeg daarby dat predikante, sendelinge en Boere almal oor dieselfde kam geskeer word! Ek voel baie bekommerd oor J., dog ek weet die liewe Heer sal hom bewaar. O! u kan nie dink watter armoede en ellende daar in die Transvaal is

nie—nie so seer op die dorpe nie as op die plase. Dit is verskriklik om die afgebrande huise te sien sonder 'n lewendige ding in die rondte.

Mevr. Murray gee verdere besonderhede by 'n ander geleentheid. Die offisiere het aan haar gesê: „Julle vroue is die oorsaak van hierdie oorlog; as julle ingee, dan sal julle mans dieselfde doen. Jy moet jou oom Louis Botha gaan sê om oor te gee.” „Louis Botha sal hom nie steur aan wat ek sê nie,” was haar antwoord. Mevr. Murray het een offisier gevra waarom die Engelse al die plase afbrand, en sy antwoord was: „O, want as julle almal baie arm is, dan kan ons julle pluse vir 'n appel en 'n ei koop, en dan sal julle mans ons knegte wees, en julle vroue sal ons vroue dien.”

By die aankoms van die troepe word hulle verplig om hulle voorraad eetware op te gee—meel, rys, ens., waarmee, met behulp van die melk van die koei, mevr. Murray en die kinders tot dan toe daarin geslaag het om liggaam en siel aanmekaar te hou. „Maar wat moet van ons word?” was die vraag. „As iemand moet ly, dan moet dit julle wees,” was die antwoord, en hulle gee haar toe twee sakke heel mielies.

„Maar die kleintjies kan nie hierop lewe nie,” roep sy met afsku uit. „Dit is al wat jy kry,” is die antwoord. As sy nie vantevore 'n bietjie meel onder 'n matras weggesteek het nie, dan moes die babetjie gesterwe het, want sy kon die kind nie self laat drink nie.

Toe hulle bevel gee om die huis af te brand, het mevr. Murray geprotesteer op grond daarvan dat dit nie haar eie was nie, maar kerklike eien- dom; dit het egter op 'n dowe oor geval. Sy het alleryl 'n paar stukkie kleren in 'n bondel gemaak en op die stoep geplaas om op die wa te sit; maar

die soldate het alles vankant gemaak. Sy was verplig om die plaas te verlaat in die ou rok waar sy in die huis mee gewerk het; en al wat sy kon meeneem, was 'n klein pakkie goed vir die kleintjie. Hulle word toe op die wa gelaai en deur die Engelse kamp en tot by Warmbad vervoer. Soldate het die wa met geveld bajonette bewaak van voor en agter. Op Warmbad word hulle in 'n vuil veetroks gelaai, waar vee die dag vantevore in was en wat nie eens skoongemaak was nie; en daarin moes hulle sit, blootgestel aan die koue, sonder iets om mee toe te maak, van 10 v.m. tot 10 n.m., toe hulle op Pretoria aangekom het. Sy vra om toegelaat te word om na haar tante, mevr. Louis Botha, te gaan; maar dit word nie toegelaat nie. Mevr. Murray het daarop gewys dat haar kinders van koue sou omkom as hulle die hele nag in 'n veetroks moes sit. Toe word dit hulle vergun om in die dameswagkamer te gaan, waar hulle in toegesluit word. Elke stukkie huisraad wat uit hierdie kamer weggeeneem-selvs die tapyt; en daar was niks behalwe die kaal vloer om op te sit of te lê nie. Die kamer was verlig deur 'n bolig wat uit orde was en nie kon toege- maak word nie; en dit was 'n bitter koue nag. Sy het op die vloer gaan lê met haar kindertjies en die meid; die wind het ingestroom deur die bolig, en hulle kon nie slaap nie. Sy het haar eie rok uitgetrek en die een kind daarmee toege- maak, terwyl die ander kind in die meid se rok gerol was. Die babetjie het die hele nag van honger en koue gehuil. Die volgende môre het mevr. Murray deur die bolig uitgeroep tot die sol- date: „As julle ons nie hier laat uitkom nie, gaan die kind dood.”

Eers het hulle gesê sy moes bly waar sy was, want sy word na die vrouekamp op Port-Elizabeth

geneem; maar eindelijk het hulle haar toegelaat om haar tante te gaan sien. Mevr. Botha het haar dadelik na goewerneur Maxwell geneem, en deur haar invloed word mevr. Murray toegelaat om na haar ouers in Natal te gaan. Haar gesondheid was egter ernstig, en dit was te vrees permanent, ondermyn deur alles wat sy deurgemaak het. In Natal was sy drie weke in bed; en toe sy na die Kaapkolonie kom om by famieliebetrekkinge te bly, was sy vier maande in bed en moes 'n gevaarlike operasie ondergaan. Die dokter het beweer dat dit ongetwyfeld haar lewe sou gekos het as sy na 'n kamp gegaan het.


Op Groenpunt het die krygsgevangene uit briewe en ook van nuwe komelinge verneem dat hulle vroue en kinders gevange geneem word.

#### AAN 'N KRYGSGEVANGENE VAN SY VROU.

NATAL, Sept. 1900.

LIEWE —, Ek het jou brief ontvang; ek het na Ceylon en St.-Helena geskrywe om uit te vind of jy daar is, toe jou brief gekom het; jy kan nie dink hoe dankbaar ek was nie. *Ons kan nie uitvind waarom ons prisoniers gemaak word nie.* Ons het Vrede in twee bokwaens verlaat en het net twee uur gehad om ons klaar te maak. Van Standerton het ons in derdeklas-spoorwegrytuie moes reis, *tien van ons in een afdeling.* Vir twee dae en een nag het hulle ons in hierdie rytuie opgesluit, byna sonder iets om te eet. Babetjie drink aan 'n tittel, dog hulle wou my nie toelaat om vir haar kos te maak nie; ek het 'n klein spieritusstofie gehad, maar hulle wou my nie toelaat om spieritus daarvoor te koop nie. Eers het hulle ons onkoste vergoed, maar nou moet ons self aansukkel of anders na die „refugee“-kamp gaan, waar ons 7½d. op 'n dag sal toegelaat word. Ons het daarvoor bedank en verkies om ons eie onkoste te dra. Ons het 'n lekker huis gehuur; eetware is goedkoop, dus is ons gelukkig. Ons moet ons daaglik by die kantoor aanmeld. Ons woning is totaal verniel; alles wat daarin was, het hulle geneem en ook al ons vee, behalwe 'n paar bokke. Myrtel het baie gegroei, en Eric ook; babetjie [gebore tervyf die vader in die gevangenis was] lyk baie op hom. Wat sal ek haar noem? Sy is nog nie gedoop nie. Willem is 'n gevangene hier op 'n skip.

Liefhebbend, ens.



Inweens en meubels van een ronde tent kort ná aankoms van die plaas.  
November 1900.

AAN 'N KRYGSGEVANGENE VAN SY VROU.

DURBAN, 12 *Sept.*

LIEFSTE,—Jy sal verwonderd wees dat ek en ons kinders almal gevange geneem is en dat ons almal hier in Durban is. Die kleintjie [vier maande oud] is so 'n sterk, gesonde en mooi kindjie.

AAN 'N KRYGSGEVANGENE VAN SY MOEDER,

wat ons die vroegste persoonlike verslag gee van die kamp op Bloemfontein.

BLOEMFONTEIN, 17 *Okt.* 1900.

Hulle het ons uit ons huis geneem en die huis verbrand. Dit is vandag presies 'n week dat ons hier [Bloemfontein] is. Ons was vyftien dae in Winburg en het 'n gerieflike huis gehad wat behoort aan die heer —, wat gewillig was om alles vir ons te doen; maar om ons te straf het hulle ons hierheen gestuur. Hulle het ons nie toegelaat om iets mee te neem nie, behalwe ons klere; ons ontvang rantsoene (ys-vleis en bakkersbrood). Dit is bitter swaar om bedelaars te wees, maar ek hoop alles sal regkom. Ons is 'n halfuur van Bloemfontein in 'n kamp. Hulle noem dit die „refugee”-kamp. Daar is dertien families in die kamp. Daar is twaalf van ons in een tent, en jou moeder is kok, want hulle het ons belet om bediendes te bring. Jy kan jou voorstel wat dit moet wees om klere, ens., in 'n klein badjie te was. Hulle ry die water in twee vate hier aan vir die gebruik van al die mense. Verbeel jou hoe dinge daar uitsien; en ons moet self hout haal en die groen bosse afkap om vuur mee te maak. Hier is nie beeste nie, en ons moet die mis van muile neem om die vuur mee aan die brand te maak.

U liefhebbende Moeder.

AAN 'N VRIEND IN KAAPSTAD.

BLOEMFONTEINSE VROUEPRISONIERSKAMP,

30 *Nov.*

LIEWE —, Net 'n paar reëls om jou te sê dat ek verlede Sondag gevange geneem is en na Sannaspos gestuur. Ek het toe gevra dat my kinders (oud 5 jaar, 3 jaar en 18 maande) gehaal sal word om saam met my gestuur te word, daar die gedagte aan hulle alleen op die plaas my te vreeslik was. Ons is nou almal hier in 'n tent—ou

tant N. en my suster ook. Laasgenoemde het hulle hier gebring met haar drie seuntjies. Hulle wou haar eers nie toelaat om haar babetjie te bring nie. O, as God ons nie kom help nie, dan weet ek nie wat van ons sal word nie. Ek moet met my kinders in ellende omkom. Ek het hulle gesmeek om my toe te laat om in 'n losieshuis te gaan, maar tevergeefs. Ek moes na 'n kamp gaan. Geen genade! Ek hoop en vertrou op God. Hy sal ons hoor en verlossing stuur. Al moet ek nog soveel verduur, ek sal 'n Afrikaner bly. Bid tog baie vir ons. God alleen weet wat ons te ly het. Ek mag nie skrywe nie, of ek sal jou alles vertel. Christie en John is altwee siek, want hulle het ons in 'n oopkar in die bloedige son ses uur ver gestuur. En hier in die tent is dit nou vreeslik warm. Geen dier kan hierin leef nie. Hier is baie mense van verskillende piekke wat ons ken. Ook oom P.T. en sy vrou. Skryf tog gou. Ek verlang om van jou te hoor. Die gars wat ek laat saai het, staan nou pragtig op die land. Toe ek weggegaan het, het ek C. [die Kafferjong] gestuur om dit af te oes, maar ek dink nie hulle sal dit toelaat nie.

Liefdevolle groete van my en die kinders.

Mevr. J. R. Green, wat, soos wel bekend is, die krygsgevangene in St. Helena besoek het, was so vriendelik om van haar aantekeninge vir my 'n paar staaltjies te gee, wat duidelik aantoon hoe bekommerd die mans was oor hulle famielies in die onsekere toestand van die land :—

Woensdag, 10 Okt. 1900

... Onder die nuwe gevangene is daar, soos my vertel word, omtrent sestig Boere wat op hulle plase gevang is en sonder enige aangegewe oorsaak weggestuur is. . . . Een het my vertel sy vrou en drie kinders is nou alleen op die plaas—die oudste meisie 13, die oudste seuntjie 11—, drie myl van die naaste buurman. Daar was ander wat in dieselfde bekommernis was. Die land onseker, rowers en mense wat rondgaan om buit te maak al wat hulle in hande kon kry, en dergelike meer. Die vader van die drie kinders het met die opgee van sy wapens gesmeek om een Mauser, wat Joubert hom gegee het, te behou ten einde sy plaas te kan beskerm. Toe die Engelse op sy plaas kom, het hulle eers die swart jong geneem en hom gevra waar sy baas wapens begrawe het. Die jong het nie geweet nie. „Jy moet weet,” het hulle gesê; „jy was die jong wat gedrywe het en oral met hom saamge-

gaan het.” „Dit was my broer,” sê die jong, „en hy is baie weke al weg.” Die Kaffers was bang toe hulle dit alles gehoor het en het met uitsondering „van drie almal die plaas verlaat.

Ek vra of huile hom beskuldig het dat hy ammuniesie begrawe het. „Nee, daar was geen beskuldiging nie,” sê hy. „Ek was 'n progressiewe lid van die Raad (hy was 'n goedopgevoede en voortreflike man), en vir tien jaar het ek . . . geworstel om hierdie oorlog te voorkom!” „Jou droefheid moet groot wees,” sê ek. „Ag, mevr. Green, ek kan dit nie vertel nie. Ek is soos 'n seun wat ween om sy moeder; en ek vrees daar sal nou 'n proses van gruwelike moorde plaasvind soos die geskiedenis nie ken nie. Ek het altyd gehoor dat as jy 'n man se huis verbrand, dan maak jy van hom 'n soldaat. Nou het ek dit oral om my gesien; en ek weet dat as jy 'n man se huis afbrand, dan maak jy 'n held van 'n lafaard. As 'n man sy vrou en kinders uit die deur sien sit het met niks 'as die klere aan hulle lyf nie, en die huis opgeblaas, gee daardie man van daardie tyd nie om wat hy doen nie.” Die manne wat nou in die veld is, is desperaat.

Mevr. Green vervolg :—

Toe neem hulle my na Roos se tent. . . . 'n Seun wat baie jonk lyk, Du Toit, word gebring. Ek het hom sewentien jaar oud geskat. Hy was een-en-twintig. . . . Hy is op 10 September op Potchefstroom gevange geneem. . . . Op die 15e het hulle sy moeder „krygsgevangene” geneem en in die gevangenis gesit. Om agtuur in die aand het hulle hom met 'n wag uitgestuur om die babetjie na haar te bring. Daar was vyf ander kinders—die oudste meisie 16 en die jongste 3. Hulle word tuis gelaat. Hy weet nie wat van hulle geword het nie. Sy moeder en die kleintjie is na die gevangenis in Johannesburg gestuur. Geen rede vir hulle gevangeneeming word aangegee nie. Hy het nie die minste idee waarom hulle haar geneem het nie. (Waldeck sê hy het gehoor dat die moeder kort vantevore uitgegaan het in die veld om die perde te haal, dat sy toe 'n gewonde burger in die veld gevind het, en dat sy hom toe opgeneem het, nie na haar eie huis nie, maar na 'n ander plaas van herberg. Hy dink dit kon die rede gewees het.) Van die tien moeders, dink hy, is ag na Nauwpoort gestuur, een-en-dertig vroue en kinders alles tesame. Hulle het die hele huis geplunder; alles daaruit geneem behalwe die matrasse, die plaas geruïneer en al die vee en hoenders weggeneem en toe die vyf kinders agtergelaat. . . . Hulle kan nie sê waarom die vroue weggeneem word nie. Sommige sê dit is om die Engelse troepe te beskut teen die geweer vuur van die

Boere. Sommige dink dit is om die mans te dwing om oor te gee terwille van die loslating van die vroue. Zinn, in die hospitaal, is ook op pad gewees met vroue-prisoniers. Hy sê dit was 'n jammerlike gesig. Die aantal kinders, baie in die arms, nog nie 'n jaar oud nie, huil en skree. Hy was baie, baie bitter.

. . . . 12 Okt. 1900. Vrydag. Kommandant Wolmarans het my gevra om in die tent in die middag saam met hom te eet, kommandant Viljoen met hom. . . . Gepraat van die vroue en kinders uit hulle woninge gesit. „God weet—niemand anders weet nie—hoe hulle kan lewe.” Die gryse ou Viljoen het nie 'n woord gepraat nie. . . . Wolmarans het my gevra om te bly en het sy geskiedenis met geweldige hartstog meegedeel. Sy vrou is sewe jaar gelede dood. Sy huis is toe toegemaak en hy weggegaan. 'n Seun van 14 jaar het nie ver daarvandaan nie by 'n getroude suster gewoon. Die soldate het gekom (volgens rapport van hierdie nuwe gevangene), die dak van die huis afgebreek, die huis verwoes en alles weggeneem. Sy vee het hulle weggeneem, elke ding op die plaas. Die seun van 14 jaar het agter die vee gehardloop om hulle terug te jaag. Hulle het hom saam met 'n ander seun krygsgevangene geneem na Johannesburg en hom verseke dae in die tronk gehou. Toe word hulle uitgeneem, tien houe met 'n lat geslaan en in die pad gesteek. Die een jongetjie het geskree en gehuil. Wolmarans se seun het nie 'n woord gesê nie en nie 'n traan gestort nie. Toe dit oor was, sê hy, „Nou sal ek die Engelse skiet.” Wolmarans sê dat hierdie slae vir hom erger is as die vernieling van al sy eiendom. Vir almal was dit 'n vreeslike belediging. Hierdie verhaal, en ook ander, het die hele kamp met nuwe vrees bevang omtrent die lotgevalle van hulle eie families. Hulle het onder Roberts se proklamasie verwag dat die plase van manne wat oorgegee het, van die Engelse soldate beskerm sou wees. Hulle dink nog dat dit die geval behoort te wees.

MEVR. P. J. BOTHA AAN 'N SUSTER IN KAAPSTAD.

BLOEMFONTEINSE KAMP,

20 Des. 1900.

Dit is net om jou te laat weet waar ons is. Ek en my huisgesin is ag dae gelede saam met dertig ander families hierheen gestuur van Philippolis. Jy kan bes verstaan hoe ons verlang om iets van ons dierbare te vernem. September-maand het ons laas briewe gehad. Kommunikasie is daarna afgesny, en ons is nou hier. Ek hoef nie te sê wat die kampelewe is nie, om met alle klasse en in alle omstandighede in een plek saam te wees;

dit is te ru om te beskrywe; ek wis nooit dat tentlewe so swaar is nie. Ek het 'n beltent met al my kinders [5]; in droë weer is dit vreeslik warm, maar moenie van nat weer praat nie, as die water onder 'n mens inloop en al die beddegoed nat maak en dit van bo ook nog lek. Dit sal jou laat lag en huil om jou arme ou suster te sien agter die waterkar draf om 'n bietjie water, en dan weer die koppies klim om hout te haal; ons moet alles self sien te kry. Ons ontvang rantsoen van die Regering, vleis, brood, suiker, koffie—geen lekkernye nie. Tog is ons tevrede; dit kon erger gewees het. Ons word nie toegelaat om dorp-toe te gaan nie, anders kon ek vir A. [broer] gaan sien; en hulle word nie toegelaat om na die kamp toe te kom of eetware te stuur nie, dog hy het my 'n matras en stoele en 'n waterdig seiltjie gestuur, om ons tent 'n bietjie meer gerieflik te maak. Ek het probeer om verlof te bekom om na Kaapstad te gaan, dog dit is my geweier. Maar jy kan my glo, liewe Hessie, ek voel op 'n manier trots om met my volk te kan ly, want 'n mens kan nooit waarlik medelye hê voor hy in dieselfde omstandighede geplaas was nie; nou kan ek, ek verseker jou, met almal van harte deel. . . . Ek het veel om voor dankbaar te wees. Dit kon erger gewees het. Ek hoor ons dierbare seun is na Ceylon gestuur—van my man het ek vir maande nie gehoor nie. . . . Ek sal nooit weer met iets ontevrede wees nie, want ek het te swaar gehad; al my goed het ek verloor. Toe hulle my uit my huis gedrywe het, het ek na Susan se huis gegaan en al my goed in mnr. Gertenbach se huis gestoor—en dit is alles vernietig; dus het ons niks om meer te verloor nie. Naak is ons in die wêreld gekom, en naak sal ons daaruit gaan. Ek het veel om te skrywe, maar vir die teenwoordige moet ek hiermee volstaan. Ek vind dit baie moeilik om te skrywe, want ons het nie 'n tafel om op te skrywe nie.

VAN 'N DAME IN DIE VRYSTAAT WAT DIE KAMPELEWE OP  
BLOEMFONTEIN IN DIE VROEGSTE DAE BESKRYWE.

29 Oktober.

O dit is afmattend, en 'n mens sien die toekoms met kommer tegemoet. Boere word daagliks ingebring, sommige as krygsgevangene en andere wat die wapens neergelê het. Die vroue en kinders van baie van ons welaf Boere word in tente gestop in die wind en stof op die veld in die rigting van Spitskop. Die brood wat hulle van die militêre owerheid ontvang, is so bitter dat hulle dit nie kan eet nie; en daar is ook baie siekte.

BLOEMFONTEIN, 14 Nov.

Gister het hulle meer vroue en kinders van die kamp gebring om na Norvalspont gestuur te word; skaarsheid van water word as rede aangegee; en langs die straat het sommige baldadige Kaffers met die Kafferdrywers die gek **geskeer** en geroep: „**Waar** het julle hierdie klomp **opgetel**?” Arme wenende vroue en kinders, en die wag-nie **manlik** **geog** om hulle teen belediging te **beskerm** nie. Ek kon bladsye vol skrywe. Ellende en lye is oral, en armoede 'n spookgestalte. Gister was 'n verskriklike dag — 'n harde wind het **gewaal**, en omtrent twee-uur het die wolke **gepak**, en ons het **gehoop** dat dit **werklik** sou reent, dog een stofstorm op die ander het die hele middag ge-woed, en teen sononder was die wind ontsettend en die lug in die weste bloedrooi. Ek dag aan die arme vroue in die kamp, en die suiglinge. Die weer is **werklik** aaklig, en die **Kaffers** sê: „Dit kan nooit weer reent nie: daar is te veel bloed in die land!” Wat lê nog voor ons? God alleen weet. Die armoede is oorweldigend-geen een ploeg of saai nie, en die mense terneergedruk, meer as woorde kan beskrywe-terneergedruk, dog verbitter.

'n Britse onderdaan wat in Bethlehem gewoon het, het my 'n beskrywing **gestuur** van haar weg-voering na Natal. Sy **gee** 'n beskrywing, wat die vroegste is in ons besit, van die kamp op Pietermaritzburg, waar voedsel en lewensbehoef tes altoos betreklik volop was. Dit sou verkeerd wees om te veronderstel dat die groot **tente** en huisraad wat sy beskrywe, in al die kampe verskaf is, of **sels** in enige kamp ná die eerste weke. In al die **noordelike** kampe is die mense in **beltente** geplaas wat **werklik** leeg was.

In Oktober 1900 (26e) het hulle ons van Bethlehem weg-geneem. 'n Geveg met die **Boere** op mnr. Van der Merwe se plaas „Mooihoek” omtrent twee uur van Bethlehem het ons tot stilstand gebring. Die **Boere** was op die rand en koppie agter die huis; in die huis of tuin was daar nie een nie.

Die Engelse het die huis **waar** die vroue en kinders was, gebombardeer met **tussenpose**, van omtrent neënuur in die môre tot vyf in die namiddag. Een bom het op die klaskamer geval waar die **vroue** en kinders gesit het;

hulle het net betyds ontsnap. Ten **gevolge** van die **bomme** wat op die huis geval het, moes hulle agter die tuinmuur **skulping** **soek**; die **bomme** en **koëls** het al die tyd dik rondom hulle geval.

Toe die **generaal** by die huis kom, sê **hy** aan mevr. Van der Merwe en mevr. Pretorius om sonder versuim uit te haal wat hulle wou hê, want die huis moes verbrand word; net so snel soos hulle uitgedra het, het die soldate weer die goed **ingedra**, sodat hulle op die **ou** end nie veel meer gehad het as die klere aan hulle **lyf** nie. Laat die nag het hulle in die kamp **gek**, daar **hulle** nog ver moes loop om dit te bereik.

In gesprek met **kaptein** Webber oor hierdie geval het ek hom vertel dat mevr. Van der Merwe my verseker het dat daar geen **Boere** in die huis of tuin was nie, en dat sy nie eens van hulle teenwoordigheid op die plaas bewus was nie. Hysê toe dat mevr. Van der Merwe 'n leuen vertel. Ek ken mevr. Van der Merwe as 'n vrou op wie se woord jy kan vertrou.

Ons waens was kort agter die kanonne, en ons het die **Boere** op die randjie **gesien**, dog niemand in die tuin nie. Daar was drie generaals met hulle **magte** op hierdie plek, dog ek meen dit was generaal **Rundle** wat mevr. Van der Merwe en mevr. Pretorius weggeneem het. Die mans van hierdie twee vroue is **altwee** in Augustus reeds **gevang** geneem. Daar was omtrent 150 vroue en kinders in ons geselskap. Elke familie het 'n wa gehad met 'n klein tentjie agterop; en in die nag het elke familie 'n klein **beltent** **gekry**; die **tente** en **waens** het dan 'n vierkant **gevorm**, waarbinne die vroue en kinders kon rondloop **solank** soos daar **gelaer** word. Die korporaal en sy manne wat opsig gehad het oor die vroue, het alles **geloen** wat hulle kon vir hulle geries. Die **geselskap** het **Harrismith** op die 30e bereik en daar 'n **wak** lank verhoef; toe word die **helte** van hulle **per** trein na **Pietermaritzburg** **ge-**stuur; die eerste **gedeelte** van die pad word hulle in **twedeklasrytuie** **geplaas**, en op Ladysmith word hulle na die derdeklas **verskuive**.

Op **Pietermaritzburg** het hulle **tente** **gekry** wat klaar was om hulle te ontvang, dog niks meer **nie**; voor die aand is hulle **egter** voorsien van komberse en kos. Die **tente** was die groot langwerpige met dubbele seil een vir elke familie. Die **huisraad** het bestaan, uit ysterkateltjies met strooimatrasse, vyf komberse vir elke **persoon**, 'n tafel en twee **banke**, 'n blikskottel, 'n emmer en 'n kampketel. Die kos het die vroue self **gekook**; 'n redelike hoeveelheid word gegee. Die **vroue** moes **self** was; 'n afdak met goeie water is vir dié doel opgerig. Die groot moeilikheid is die verskriklike hitte, en daar is geen **skadu** vir die **kin-**ders om **buite** te speel nie. Die vroue word toegelaat om



hulle vriende in die stad te gaan sien of om winkels-toe te gaan.

Ná veertien dae in die kamp deurgebring te hê, het ek verlof gekry om huis-toe te gaan na my vriende in die Kaapkolonie.

VAN 'N PREDIKANT SE VAOO AAN 'N VRIEND OP STELLENBOSCH.

PIETERMARITZBURG, Nov. 1900.

WAARDE MEVR. LOUW.—U sal ongetwyfeld verwonderd wees om 'n brief van my uit hierdie plek te ontvang. Eb ondervind nou ook wat kamplewe is en kan nie sê dat dit alte aangenaam is nie. Verlede Sondag was ek nog in Heidelberg besig om klaar te maak vir die weggaan. Mevr. O. en ek is saam weggestuur. Toe ek haar laas gesien het, was sy nog in 'n hotel en nog nie op parool nie. Ek het meteens parool gekry en het een nag in 'n hotel gely, dog kon nie langer bly nie, daar die kamer waar ek in was, vir die volgende dag bespreek was. Ek het probeer om 'n ander plek te kry; dog dié was onverkrygbaar, daar dit vakansietyd is; en hierdie feit tesame met die teenwoordigheid van die bannelinge het elke ledige plek in beslag geneem, en dus was daar vir my geen ander uitweg nie as om na die kamp te kom met die verstandhouding dat ek verlof sal kry om uit te gaan sodra ek 'n billike losiesplek kan vind. Ek is hier met die twee jongste kinders; my seuntjie moes agterbly as getuie in die saak van sy neef, wat verlede week onder verhoor moes kom; dog ek was so 'n ongewenste dat dit onmoontlik was om my 'n paar dae langer daar te laat. My dogter en die jongetjies sal later kom. 'n Sekere kolonel gaan in my huis. Hy is van plan om sy vrou te laat kom. Ek twyfel of ek ooit weer iets van my goed sal sien. Dit is 'n baie groot kamp. Ek hoor hier is omtrent vyfhonderd famielies. Ek kom heeldag mensa teë wat ek ken. Die lewe sal nie so swaar wees as 'n mens 'n markee-tent vir 'n famielie kon kry nie, maar nou is daar so veel in een klein tentjie.<sup>1)</sup> Deel van die kamp word een of ander tyd aanstaande week na Howick verskuive.

Die vroue gedra hulle werklik pragtig en maak die beste van al die swaar werk-houtkap, waterdra, buitekook, ens. Ek sou graag 'n aantal Engelse vroue wil siert onder dieselfde omstandighede. 'n Mens sal nie met veiligheids naby kan kom nie, soveel rusie sal daar wees. Gisteraand het ons 'n droewige toneel aanskou; omtrent 130 persone, vroue en kinders, is hierheen uitgemaars

1) Vgl. voorgaande verslag van 'n maand vroeër; opmekearhoping het nou reeds begin.

van die spoorwegstaaie (drie myl ver). Met hulle aankoms was daar 'n swaar bui hael en reent; en voor elkeen in 'n tent kon kom, was hulle papnat; om die arme klein kindertjies deur en deur nat te sien was alte treurig, en die tente was net so nat soos die mense. Al die bagasie was nog agter; en hulle moes die nag net soos hulle was, deurbbring. Gelukkig het ons in die middag gehoor dat daar wat eetware vir die kamp van sommige goeie vriende op Greytown (na ek meen) gestuur was, en toe het mej. B. en ek na die komitee gegaan en 'n bietjie brood vir die nuwe komelinge gevra (daar hulle byna geen voedsel op die hele pad hierheen gehad het nie), wat hulle gewilliglik gegee het; dus kon die stomme klein dingetjies tog eet, al was hulle nat.

Sommige van die vroue wat aangekom het, was baie siek en moes dadelik mediese hulp hê, veral een vrou wat vir 'n kraambed siek geword het. Ek het nog nio gehoor wat van haar geword het nie. Die tente lyk so eners dat dit swaar is om hier iemand te vind. Twee ander vroue het aangekom—een met 'n kindjie vyf dae oud, en die ander met een sewe dae oud. Verbeel u hulle aankoms in donder en hael. Een van die vroue het hulle vanmôre in 'n ambulanswa weggenem; dus maak ek uit dat sy erg siek geword is, want hulle neem net dié weg wat ernstig krank is. . . . Nuwe komelinge vertel ons dat hulle tyding gehad het van ons mense dat hulle nog in die beste gesondheid en vol moed is, hulle vertrou dat ons ook ahnal opgeruimd en moedig sal bly net soos hulle.

VAN DS. N. P. ROUSSEAU AAN DIE KOMITEE IN KAAPSTAD.

PIETERMARITZBURG, 10 Des.

Daar is meer as 1,000 manne, vroue en kinders in die kamp. Hulle het taamlik groot gerieflike tente, dog kla bitter dat hulle nie genoeg vleis en brood kry nie en dat hulle heeltemal kort is van klere. Ek is nie seker dat dit die geval is met die vroue van Heidelberg nie; dog van die meeste ander weet ek dat op 'n oomlik so kennisgewing in vele gevalle is hulle huls met alles daarin afgebrand voor hulle oë, terwyl hulle nie toegelaat was om selfs 'n orige stukkie klere mee te neem nê. Sommige is in 'n haglike toestand. . . . Ek het die kommandant omtrent hulle voedselvoorsiening gaan spreek. . . . Ons doen wat ons kan. Ons het 'n Dameskomitee wat omsien na die klere en skoene van die mees behoeftiges. Die militêre owerheid het ook in hierdie opsig hulp belowe; dog daar is soveel rooi lint in die saak, en hulle wil hê elkeen moet teken vir wat hy ontvang, om ná die oorlog terug te betaal, dat die mense weier om van hierdie hulp

gebruik te maak.) . . . Na tuurlik, elke oulap is welkom. . . . Daar is sprake dat sommige weggestuur sal word.

### 'N PREDIKANT AAN HELPERS OP STELLENBOSCH.

PIETERMARITZBURG, 29 Des.

Ek het u skrywe ontvang insake die Boervroue en **kinders** in die sogenaamde „refugee”-kamp alhier. . . . Met betrekking tot die honderde van ons arme vroue en kinders hier, spyt dit my te moet sê dat die meeste van hulle groot gebrek het aan klere; ons Dameskomitee hier het 'n lys ontvang van die komitee in die kamp, waaruit dit blyk dat daar honderde is wat hulp nodig het; en dit sal seker meer as £100 sterling kos. Vele van die vroue en kinders is byna nakend. Sommige het hoegenaamd geen onderklere nie. Hulle sê hulle is uit hulle huise gedrywe met die ou goed wat hulle aangehad het, en dat hulle nie toegelaat was om iets mee te neem nie, al het hulle nog so gesmeek om dit te kan doen; en hulle huise was aan brand nog voor hulle behoorlik daaruit was. Sommige het net tyd gehad om een kis klere en 'n bietjie beddegoed mee te neem. Andere weer het iets van hulle huisraad gered, dog moes alles agterlaat, daar die soldate hulle weggejaag het. Sommige het geld by hulle, maar die meeste het nie 'n oulap nie. Ek kan u nie die ellende waarin die mense hulle bevind, beskrywe nie. Sommige het hier in 'n stortreent aangekom en is net in die klein ronde beltente geplaas, soms tien in een van hierdie tente, waar hulle in hierdie warm somerdae as die son skyn, byna doodgebrand word. Ek was in verskeie van hierdie tente gister, dog kon die hitte nie vir 'n paar oomblikke daarin uthou nie. En tog is daar siek vroue en kinders van 'n paar dae oud in hierdie selfde tente. In een tent het ek n moeder gevind wat van 'n kind bevalle is op die pad hierheen. Sy het daar gelê met haar suigling van 'n paar dae oud in die brandende hitte.2) Hulle het haar uit haar gerieflike woning geneem waar sy reeds siek was en in bed, haar uitgedra en haar huis aan brand gestee. Die enige misdaad van hierdie vroue skyn te wees dat hulle mans weg op kommando is.

Die kos wat die mense kry, is so gering dat hulle daar nie op kan lewe nie. Ek het by die kommandant oor dit alles klage ingedien, dog totnogtoe is daar geen verbetering aangebring nie.

Ek het 'n bietjie geld aan die mees behoeftige familiëes gegee om vir hulle wat meer voedsel mee te koop. Ek

1) Geliewe te let op hierdie voorgestelde terugbetaling vir klere verskaf.

2) Ek het dikwels die hitte 1040 Fahr. in die tente gevind.

het 'n bietjie geld van die komitee in Kaapstad ontvang, en vandag het hulle my weer £40 getelegrafeer.

Die mense in Greytown en Maritzburg doen wat hulle kan om die nood te versag, dog vele ly groot gebrek. Ek besoek hulle gereeld en preek vir hulle op bepaalde tye. Ons het hulp nodig, dog daar die kamp of ten minste 'n deel daarvan, na Howick verskuive word, het ek nog nie besluit wat om te doen ten einde die hulp van 'n broeder-predikant te erlang nie. Daar is mense wat heelwat geld by hulle het, en ander, helaas, wat ons veel droefheid berokken deur hulle gedrag. . . . Dog het ongetwyfeld hulp, en veel hulp, nodig. Ons mag nie skrywe nie; en ek vrees dat selfs wat ek nou reeds geskrywe het, kwaad kan doen.

Keer ons ons na die Transvaal, dan pind ons 'n dame wat besig was met sendingwerk, wat as volg skrywe:—

NABY JOHANNESBURG, Nov. 1990.

As ons om ons heen kyk na die behoeftes van andere, dan voel ons dat ons mond nie mag opdoen nie; ons voorregte is so groot gewees. Ons het min, maar ons kom klaar met die weinige wat ons Kerk ons gee vir voedsel en deksele. Ons het omtrent 'n veertien dae gelede 'n uiters treurige ondervinding gehad. Vier manne kom omtrent tienuur in die aand ons huis binne en wou nie hoor om uit te gaan nie. Ons wis nie wat om te doen nie: dog soos altyd was die weg na die Genadetroon ope. En ons kniel neer en bid tot God. Selfs toe verhard hulle hul harte en neem nie die minste notiesie van wat ons doen nie. Hulle staan met ons en praat asof niks gebeur nie; ek het net gevoel dat ek die Heer nis kon loslaat voor Hy ons nie gehoor en geantwoord het nie; en toe hulle sien dat ons beslis was om hulle hul sin toe te gee nie, het hulle uitgestap en die deur agter hulle toegemaak.

U sal meer hieromtrent later hoor. M. en S. se sentewees is so geskok dat hulle verplig was om vir veertien dae op rus te gaan.

JOHANNESBURG, 8 Des. 1900.

Woorde <sup>1)</sup> kan nie uiting gee (so skrywe 'n vriend) aan die mate van ellende waarin die vroue van ons volk in hierdie geweste gedompel is nie. Vandag het hulle omtrent vyftig familiëes ingebren van die Potchefstroomse distrik, almal voor my deur verby; en hulle is almal neergeplak in die manskwartier van die Robinson-Deep-Myn.

1) „South African News,” 9 Jan. 1901.

Ek het toe afgegaan om hulle te sien, dog my hart het in my binneste geweën toe ek die ellende aanskou. **Kinders** huil van honger, en moeders ook; en hulle het niks gehad om die honger mee te stil nie. **Hulle** het van gister nog niks gehad om te eet nie. Hulle is van hulle **plase** weggeëem. Ek het soveel melk en brood as ons gehad **het, geneem** en onder hulle verdeel. Ek het **Johannes met** geld in die stad **gestuur** om brood te koop, dog hy kon nie 'n enkele brood **kry** nie, dus **sal hulle** moet **uithou** totdat hulle iets van die hulpfonds kry. U kan **nie** dink wat dit is nie, en ons kan nie besef wat die einde gaan wees nie. Voedsel is so skaars dat selfs geld dit nie kan koop nie . . . en daar is duisende, kan 'n mens sê, wat hongersnood in die gesig staar. Ek hoor **almal** of die meeste van die **vroue** van die twee Republieke word hierheen gebring. Ophirton is so vol soos dit kan kom; so ook die **resiesbaan**; en ek hoor hulle word nou in die lokasies geplaas.

Die brief vervolg :-

18 Des.

Ek het geskrywe omtrent die behandeling van die vroue hier, dog die ergste het ek u nog nie vertel **nie**. 'n Sekere trein arriveer van Potchefstroom, vol vroue, **almal** in ope trokse **gelaai**, en drie vroue het in die ope trokse tussen die kinders in die kraam **gekóm**. By die aankoms op Braamfontein blyk dit dat een vrou met kind en al dood was ten gevolge van die geboorte. Andere het **floou** geword van pure **uitputting**, toe **hulle** by die stasie **aanland**. Ons het **skikkinge** getref met die **outoriteite** om verlof te bekom om verversinge na die stasie te stuur as die trein inkom, daar die arme mense daelank sonder kos moet gaan.

Ds. **Meiring**, van Johannesburg, het ook aan vriende in die Kaapkolonie geskrywe waaruit die gebrek in die vroeë dae in die Johannesburgse kamp blyk :—

JOHANNESBURG, Des. 1900.

Daar is baie siekte onder die mense, grootliks toe te skrywe aan gebrek aan genoegsame voedsel, daar die beloofde verbetering van die rantsone nie volgens **verwagting** was nie. Die hele saak van voedsel en deksel vir ons arme mense veroorsaak ons veel kommer. Ons is vas beslote om as ons geen bevrediging by die plaaslike owerheid kry nie, op die opperbevelhebber 'n beroep te doen, en as dit nodig is, nog by hoëre **beampies**. Die

meeste mense kan hulle nooit **verkleë** nie; en daar hulle geen seep het nie, kan hulle hul ook nie reinig nie. Ons kan dit natuurlik nie uit ons klerekaste voorsien nie, al het ons reeds omtrent sewe **vragte** ou **klere** van tyd tot tyd daarheen **gestuur**. Ons kan nie 2,000 of 3,000 vroue en kinders van klere voorsien nie. **Hierdie** arme susters is in meer as een geval van hulle huise **weggeëem** met niks meer as wat hulle aangehad het of wat hulle in die paar **minute** wat hulle **toegelaat** was, in **hande** kon kry; en waar hulle in die verlede gewoon was aan voedsel en 'n ordentlike lewe, is hulle op die oomblik soos die uitvaagsel van die land.

Ons het om 'n ander onderhoud met die goewerneur gevra om **hierdie** saak te bespreek en op **onmiddellike** verbetering aan te dring. Dit is hartverskeurend om onder **hierdie** susters rond te gaan en hulle stille smart te aanskou.

Seer belangrik met sy mededeling van besonderhede is **hierdie** brief, vir die eerste maal gedruk in die **Algemeen Handelsblad** van 21 Februarie 1901 en in die **Daily News** van 1 Maart 1901 :—

JOHANNESBURG, 2 Des. 1900.

Tydens my verblyf in Johannesburg het ek die geleentheid gehad om die publieke **vergaderinge** by te woon wat in Desember **beleg** was deur 'n komitee **belas** met die uitdeling van die „Ned. Geref. Kerk-Fonds vir Ondersteuning van **Krygsgevangene** en **Gevangene** Vroue en Kinders op Johannesburg;” en daar ek **self** 'n **gevangene** op parool was, het ek, dit spreek **vanself**, **groot** belang gestel in alles wat **vir hierdie** mense **gedoen** word. Ek deel niks mee nie behalwe die **dinge** waar ek onmiddellik **persoonlike** kennis van dra. Op 2 Desember het 'n deputasie van gemelde komitee 'n samekoms gehad met die goewerneur van Johannesburg met die doel om te sien wat **gedoen** kan word om huisvesting en voeding vir die **gevangene** vroue en kinders wat daarheen **gestuur** was, te **verskaf**. Die deputasie word as gevolg van **hierdie vergadering** verwys na die argitek, die heer Nicholson en na majoor Cavaye, die **offisier** wat **belas** is met die uittelling van die Imperiale Hulpfonds. Die argitek het die **planne** vertoon wat opgestel was vir geboue wat vir die **gevangene** opgerig sou word. Daar sou drie **hutte** **gemaak** word, elkeen 200 voet lank en 25 voet wyd. In elke hut sou vierhonderd volwassene **gehuisves** word; houtkooie sou **verskaf** word, dog die **gevangene** sou hulle eie kooigoed moet verskaf. Majoor

Cavaye het aan die deputasie meegedeel dat volgens 'n nuwe rantsoenskaal wat hy van lord Kitchener in Pretoria ontvang het, sou elke volwassene slegs 7 pond mielie-meel, 4 onse koffie, 4 onse sout en 8 onse suiker wekeliks ontvang. Die kinders sou dieselfde hoeveelheid suiker ontvang, dog halfrantsoen wat die ander artikels betref. Die majoor het erken dat hierdie voedsel nie voldoende was om liggaam en siel aan mekaar te hou nie en verklaar dat hy op sy eie gesag 2 pond meel en 5 pond mielie-meel laat gee het in plaas van 7 pond van laasgenoemde. Met die aandag op hierdie feite is dit nodeloos om daarop te wys dat die toestand van die krygsgevangenes in St.-Helena en Ceylon oneindig veel beter is as dié van hulle vroue en kinders wat agtergelaat is. Op die 19e Desember het die Eerste Mediese Beampte die volgende brief aan die militêre goewerneur van Johannesburg gerig: —

„WAARDE HEER, — In my hoedanigheid as Eerste Mediese Beampte van die Boerkamp moet ik rapporteer dat ek die rantsoen aan hulle verskaf ontoereikend beskou om hulle in gesondheid te hou. Die groot meerderheid van hierdie mense is vroue en kinders wat nie in die mate van gesondheid is dat hulle die skielike verandering in hulle diët kan verduur nie; want soos wel bekend is, het die meeste van hulle hoofsaaklik op vleis vroeër gelewe. Die gevolg van hierdie skielike verandering is dat daar veel siekte onder hulle uitgebreek het. Die meeste vroue en byna al die kinders ly in meer of minder mate aan 'n akute vorm van maagsiekte. In hierdie toestand van sake vorm die voorsiening van medisyne en mediese geriewe 'n groot konsiderasie in die uitgawe van die kamp. Ek sou aanbeveel dat buiten die teenwoordige rantsoen van mielie-meel, meel, koffie, suiker en sout, vleis en groente ten minste driemaal per week sal verskaf word aan dié wat nie self daarvoor kan betaal nie.

(Geteken) R. P. MACKENZIE,  
Mediese Distriksbeampte.”

Op 9 Desember het ook die Sekretaris van die Komitee aan majoor Cavaye geskrywe en daarop gewys dat die 282 vroue en ou manne en die 547 kinders wat afgekamp is op die terrein van die Robynson-Deep-, Mainreef- en Ferreira-myne, verplig word om hulle rantsoene by die resiesbaan, f.w. driekwartier te voet ver te gaan haal. Daar hulle oor geen middele van vervoer beskik nie, moes hulle heen en terug loop in die brandende son 'n verskriklike beproewing vir byna almal, daar die meeste onwel was of aan een of ander kwaal gely het. Die Komitee smeek dus dat daar ook 'n rantsoenplek sal gelaas word by die Robynson-Deer-Myn om dié enigszins ligter te maak vir die vroue, ou manne en kinders. Die

lotgevallen van hierdie ongelukkige mense is hier dus soos gesien kan word, verskriklik; dog die behandeling wat hulle ondergaan van hulle woninge na Johannesburg, was nie minder wreed nie. 'n Brief deur die Komitee aan die militêre goewerneur op 27 Desember gerig, werp 'n bietjie lig op die snak. In hierdie brief praat die Komitee van 'n onderhoud wat hulle gehad het met die goewerneur, waar hy toegestaan het dat hulle aan die vroue en kinders wat by trein vragte op Johannesburg aankom, koffie en beskuit by hulle aankoms sal verskaf; want die arme mense het niks om te eet of te drink gekry op die reis nie en kom in 'n half verhongerde toestand aan. Hulle gaan voort met te verklaar dat die militêre winkels weier om koffie en beskuit vir hierdie doel aan hulle te verkoop en versoek dat hy bevel sal gee dat gemelde artikels verkoop sal word. Ek sal nou aantoon in hoeverre die versoeke van die Komitee toegestaan geword is en die beloftes van die outoriteite vervul. Die beloofde geboue op die resiesbaan is nie opgerig nie, en die vroue en kinders moet sestien stuks saam in een kamer van 12 by 14 voet slaap. Daar is 626 van hulle in die arbeiderskwartier van die Robynson- en dorpe Mainreef-myne, en die orige 2,300 is in tente gepak onder die brandende son. Die aanbeveling dat vleis en groente driemaal per week verskaf sal word is nie uitgevoer nie, dog 'n stukkie vleis word eenmaal in die week gegee. Daar is geen rantsoenplek by die Robynson-Deep-Myn opgerig nie dus moet die prisoniers nog hulle bittere wandeling vir hulle karige rantsoen onderneem. Daar is niks gedoen vir die vroue en kinders wat per trein aankom nie; slegs eenmaal is ons in staat gewees om hulle van 'n bietjie mieliepap en koffie te voorsien. 'n Mens moet een van hierdie treine sien aankom om te kan besef wat hierdie ongelukkige mense moet verduur. Die gekerm van die hongerige kinders, die geween van die lydende vroue is genoeg om 'n hart van steen te smelt. By een geleentheid waar ek teenwoordig was, kon die soldate dit self nie langer verdra nie en het hulle hul rantsoen verdeel onder die arme ongelukkiges. Ek het een van hulle hoor sê: „Ek is self 'n vader van 'n famielie, en ek weet wat dit is as kinders om brood huil.” Ek was dikwels teenwoordig by die aankoms van die treine en kon my nie verbaas oor die gevoel van bitterheid waarmee die gesig die persone wat teenwoordig was, vervul het, om hulle meer as ooit beslis te maak om die stryd tot die dood toe te hou.

Ten slotte laat my 'n brief aanhaal gerig deur die sekretaris van die Komitee aan majoor-generaal French op Johannesburg. Die brief is gedateer 15 Desember: —  
„WELED. GESTR. HEER, — Met betrekking tot 'n onderheid verlede Vrydag tussen 'n deputasie van my Komitee

en 'n lid van u staf het **ek** die eer die volgende **sake** nou voor u in geskrif te bring :—

„(a) . . . (Nouliks van toepassing hier.)

„(b) Versuim om die plaaslike outoriteite in kennis te stel **met** betrekking tot die afsending van treine met vroue en kinders na Johannesburg.

„Die deputasie **wil** beleefdlik onder u **aandag** bring die feit **dat** by verskeie geleenthede treine vol vroue en kinders weggestuur is van of asgekom het op Johannesburg sonder dat die plaaslike beamptes daar kennis van **gekry** het, met die gevolg dat die prisoniers vir 'n baie lang tyd **by** aankoms of op vertrek in die **goedere-**loods moes gewag het.

„Hulle is van 24 tot 30 ure in ope trokse op die stasie **gehou**, sonder dat daar die minste **aandag** aan hulle **gewy** is, en' blootgestel aan baie onnodige **ongerief** ten **gevolg** van die gebrek aan toil'et-kamers op die trein. Die deputasie wens dus beleefdlik te versoek dat die stasiemeesters **glas** sal word om die beamptes in kennis te stel van die stasie waar die trein moet aankom, van sy vertrek van hulle stasies-en dat die **spoorwegbeamptes** **dadelik** kennis sal **gee** aan die offisier wat opsig het, van die aankoms van alle treine met **gevang**e vroue en kinders.

„(c) Die haastige kennisgewing wat **hierdie** mense ontvang van die voorneme van die **militêre** outoriteite om hulle weg te voer, gee die vroue en kinders **dikwels** slegs 'n paar minute om hulle vir die reis klaar te maak, sodat hulle geen geleentheid het om die kos klere en beddegoed wat hulle nodig het, bymekaar te kry nie. Slegs in buitengewone **gevalle** word hulle toegelaat om **eetware** mee te bring, **dog** artikels soos meel word deur die soldate na buite **gedra**, die sakke oopgesny en die inhoud op die grond uitgegooi ; hoeveelhede vars **aartappels**, pas **afge-****oeste mielies** en ander **eetware** word verniel en verbrand—**dinge** wat in byna elke geval deur die vroue self **gesaai** en **geoes** is, wat tot laat snags moes werk omdat hulle vee hulle **alles** ontnem is. En **hierdie** vroue en kinders wat so hard **gewerk** het om **hulself** van gebrek te vrywaar, word na die **stede** weggevoer en verhonger. Die deputasie wens eerbiediglik te versoek dat **oral** waar dit moontlik is, **hierdie** **ongelukkige** mense-in **gevalle** waar de **militêre** owerheid hulle **wegvoering** van hulle plase na gevangenis kampe nog **noodsaaklik** ag-toegelaat sal word om met hulle **eetware**, **vee** en klere vir eie gebruik te bring.

„(Geteken) VAN OS (Sekretaris).”

Hierdie brief het generaal French geen antwoord waardig geag nie, en tot die middel van Januarie het daar

geen verbetering in die lot van die **ongelukkige** vroue en kinders **gekom** nie.

Uit die buurt van Kimberley het dergelyke **ver-****hale** **gekom**. Die beskrywing wat hier gegee word deur mevr. Hurdus van die vroue wat van Potchefstroom gebring is, kom ooreen met wat in 'n vorige brief vermeld is :—

KIMBERLEY, Okt. 1900

Ek het na Modderrivier gegaan met 'n paar pond, my deur vriendelike koloniste gegee ; en hoewel **hierdie** geld wat hulp verleen het was **dit** maar soos 'n druppel in die oseaan ná dit onder die noodlydende families verdeel was. Dit het op my 'n droewige indruk **gemaak** om die verwoeste toestand te **sien** van die eers so pragtige plek, die enigste groen **plekkie** om na te gaan van Kimberley, die algemene **piekniekplek**.

Die tweede **plaashuis** wat ek besoek het, het aan die heer J. Fourie behoer en was een van die beste huise op die rivier. Tot my verbasing het ek 'n hoop sand **gevind** waar die huis gestaan het. **Mevr.** Fourie en kinders was in 'n buitehuis wat haar man kort voor sy dood **gehou** het. Die man is op suspesie gearrester-sonder bewys. Ná hulle hom maandelank in die **gevangenis** **gehou** het sonder verhoor, het hulle hom **losgelaat** om ná 'n hoop ruïene terug te keer.

Ons het verskeie sulke **gevalle**, 'n Ander treurige **ge-****skiedenis** is die toestand van twee ou mense. omtrent tagtig jaar oud wie se **spaargold** **gesteel** geword 'is. Hulle is oud, noodlydend en **hulpeloos**; en daar is geen **ou-****manne-** of **ouevroue-huis** om hulle heen te stuur nie.

Die smarte en onreg deur die vroue en kinders in die **distrikte** van krygswet verduur, sal die ongevoeligste tot tranen beweeg. 'n Vrou genaamd Coetzee, op **Modder-****rivier**, het die lewe gegee aan 'n kind onmiddellik ná die aankoms van die Britse troepe. Hulle het die arme ding uit haar bed laat ontstaan en 'n groot afstand laat loop. Die kindjie is 'n paar minute later ten **gevolg** van verwaarlosing en blootstelling dood.

Een **ou** vrou het aan my gesê: „**As** ons koningin. wat self 'n moeder is en wat ook man en kinders verloor het kon weet hoe haar Hollandse onderdane behandel word en **watter** verskriklike ellende deur **hierdie** **ocrlg** **veroor-****saak** word, sou sy nooit die oorlog laat voortgaan nie.”

**Hierdie** **eenvoudige** **siel** het nie verstaan dat ons koningin nie regeer nie en dat **sy** die ware **toedrag** van sake nooit te wete kom nie. Ek geloof ook dat as die koningin in

staat **gewees** het om die feite te hoor en te **sien** en die waarheid van **hierdie** oorlog kon te wete kom, **sy** sou **toesien** dat geregtigheid sal geskied, al is dit met **prysgee** van roem en **wêreldse** eer.

Omtrent twee weke gelede is ses moeders met twintig kinders van een maand tot sestien jaar van **Potchefstroom** deur die militêre in Kimberley **gebring**. **Hierdie** vroue is van **hulle** huise weggenem, en **berede** Kaffers het **hulle** deur die **strate** na **die** **gevangenis** begelei. **Hulle** moes daar 'n dag en nag sonder voedsel of beddegoed met **hulle** kinders bly. Die volgende dag het **hierdie** vroue **geweer** om in die trokse te gaan, omdat **hulle** nie wis waar **hulle** **heengevoer** word en omdat **hulle** daar nie van wou hoor om kinders agter te laat nie, daar twee van die ongelukkige moeders elkeen 'n siek kind in bed gehad het. **Hierdie** moeders weet nie wat van **hulle** kinders geword het. **Hulle** is toe met **geweld** **genem** en in die trokse vir Johannesburg **gelaai**. **Hulle** het my **hulle** klere **gewys** soos dit **geskeur** was deur die soldate wat **hulle** **hulle** die sel **genem** het. Toe ek **hierdie** arme vroue in **hulle** **tente** besoek het, het **hulle** op die **kaal** sand **gesit**; en een vrou was ernstig krank.

**Hulle** is met vriendelikheid en **respek** behandel geword deur die offisier wat van Johannesburg die opsig oor **hulle** gehad het, en het ook alle **aandag** ontvang van die **bevelvoerende** offisier in Kimberley, wat alle **moontlike** hulp verleen het om die nodige voorsiening vir **hulle** te maak, en wat nie kan sê waarom **hierdie** vroue hierheen **gestuur** is nie. Met behulp van vriende het ons daarin **geslaag** om dit vir **hulle** so gerieflik moontlik onder die **omstandighede** te maak.

Die heer **Truter** verdien alle eer vir sy selfopofferende daade. Hy het 'n huis sonder huur gegee, en so ook die heer Lingevelde. Aangesien huishuur hoog is en die twee **here** **altwee** swaar verliese **gely** het gedurende die oorlog, verdien **hulle** alle eer vir **hulle** mensliwende en onselfsugtige handelwyse.

Die name van die vroue is as volg: -Mevr. Van Wyk en f amielie, **mevr.** Myburgh **en** **kindjie**, **mevr.** Marais en kind, **mevr.** Grobbelaar en **kinders**, **mevr.** Bepade en famielie, **mevr.** Kruger en **famielie**. Ek noem die name, want iemand mag op **die** wyse hoor van 'n verlore moeder, suster of vriend; en deur die name te noem mag ek iemand op die spoor van die **verlore** persoon bring. **Hierdie** vroue kom oorspronklik van **Griekwaland-Wes**. **Hulle** mans is deur die **Boere** by die begin van die beleg van Kimberley gekommandeer en **sommige** **gevang** **genem**. Die vroue het gevolg, dog het alle spoor van **hulle** mans verloor.

Staatsprokureur Smuts in sy rapport aan president Steyn (verskyn in die begin van 1902) beskrywe die jammerlike toestand van die hawelose vroue in die westelike distrikte van die Transvaal gedurende **hierdie** jaar :—

Gedurende die maand Julie 1900 is ek deur my Regering **gestuur** na die Westelike Distrikte, wat van kommunikasie afgesny was; en van Balmoral-stasie het ek op **weg** **gegaan** na **hierdie** distrikte, dog op my aankoms **Op** **Elandsrivier** het die Regering my op dringende besigheid teruggeroep, en ek het langs Bronkhorstspruit-stasie **teruggkeer**. Ek het hier laat in die middag **aangekom**, en **daar** op die Hoëveld en in die middel van die winter was dit so koud dat ek dit amper nie kon hou nie en (volgens offisiële rapporte) verskeie Engelse soldate het van honger daar **omgekom**.

Kort ná my aankoms sien ek daar twee vroue en 'n paar klein kindertjies. Een van die twee vroue was 'n **ou weduwee**, **mevr.** Neethling, van „**Tierpoort**,” die moeder van die landdros van Klerksdorp en 'n **fameliëbetrekking** van die eerbiedwaardige predikant van Stellenbosch; die ander vrou was haar **dogter**, **mevr.** Du Toit, en haar kinders. **Hulle** toestand in **daardie** bitter koue weer was hartroerend-sonder **kos**, sonder **komberse** met niks by **hulle** nie behalwe die klere aan **hulle** lyf. Die ou moeder, oor sewentig jaar, het die volgende aan my vertel. „**Tierpoort**” was **enige** weke gelede in die veglienie tydens die **skermutselinge** wat die groot slag van Donderhoek voorafgegaan en gevolg het, en van die lande agter **hulle** woonhuis het ons **manskappe** verskeie maal op patrollies van die vyand **geskiet**. Eenmaal het sommige **Boere** dit ewaag om tot by die huis te kom, en sy het **hulle** 'n %rood gegee; een aand kort daarna kom 'n Engelse offisier na die huis met 'n sterk patrollie en **gee** haar kennis dat **sy** **daardie** selfde nag haar huis moes verlaat, daar die plek die volgende dag afgebrand sou word. Sy vestig sy **aandag** daarop dat dit onmoontlik sal wees, daar dié Engelse al die vee en **karre** weggenem het en dat sy te **oud** was om so ver na die Boerlienie te loop. Hy bly **onverbidlik** en was so beledigend dat die **opgegroeide** **dogter** van **mevr.** Du Toit, wat as tolk **geageer** het hom vertel het dat hy hom behoort te skaam om weerlêse vroue en kinders op **die** manier te vervolg in plaas van die **Boere** te **beveg**; hierop het hy hom sover vergeet dat **sy** haar 'n klap in die **gesig** gegee het. Toe hy onverbidlik bly, word 'n boodskapper **daardie** selfde aand na die Boermagte **gestuur** om 'n skotskar te haal, Toe die kar

aangekom het, **weier hierdie** ridderlike offisier ('n **Australiese kolonis**) om toe te laat dat 'n **bietjie kos**, klere of nagklere daarop sal **geplaas** word, en 'n **hierdie haglelike** toestand moes **hierdie** stomme mense die **wye, wye wêreld** ingestuur word.

Haar jongste seun, Johannes Neethling, was **by** my in dié tyd, tot haar **onuitspreeklike** vreugde; en al wat ek kon, het ek haar gegee om mee te neem op haar **reis** na die **Bosveld**. Met **niemand** in die **wêreld** behalwe haar **dogter** en **kleindogter** **nie** was sy **nogtans** vol moed en **sterk** in die geloof en het daar selfs in **geslaag** om ons te **bemoedig**. Ek noem hierdie geval nie as 'n **seldsame** nie, dog as 'n **tiepiese** voorbeeld van wat op **honderde** ander **plekke** gebeur het.

Die heer Smuts wei verder uit oor die vorming van Boerlaers vir die beskerming van die vroue teen die Kaffers en oor die siektes en ellende wat daar te vinde is. Geen statistieke omtrent die getal dode in die laers is totdusver beskikbaar nie.

Hy meld verder :—

Ek sal dus van 'n ander onderwerp spreek, nl. hoe die vyand gebruik maak van die hulp van die Kaffers om ons vroue en kinders veel leed aan te **doen**. Ek is nie van plan om te spreek van die **ou geskiedenis**, hoe **naturrelle** van die westelike en **noordelike** grense van die land deur Engelse offisiere in die **leërs** opgeneem en **ingevoer** is nie, wat, soos U Hoogedele self weet, deur dokumentêre **bewysstukke** op die **oomblik** in besit van die Goewernment **bewys** is. Die **moorde** op Derdepoort en op ander **plekke** op die westelike grens is, deur wat sedert **verlede** Meimaand plaasgevind het, **oortref** geword. Die Kafferhoofde het by die vyand aangesluit, die westelike grens **oorskrei**, en **moorde** en wrede hede **gepleeg** waar selfs die Engelse **soldate** voor teruggedeins het. Die **evolge** is dat die grootste deel van die westelike en noordelike distrikte deur ons verlaat is, omdat die vroue en kinders gedurig blootgestel was om **vermoor** te word. Kampes vir die **vroue** is toe **opperig** in die **sentrale** gedeeltes van die **westelike** distrikte en die vroue voorsien geword van **karre, tente**, voedsel en geplaas onder **beskerming** van ou manne wat minder bekwaam is vir **militêre** diens. Dit was te verwag dat die vyand, uit 'n jammergevoel wat selfs by diere aangetref word, **hierdie** kampes met rus sou laat. Dog nee! Keer op keer het hy op hulle aangemarsseer, die **karre, tente**, en eetware verbrand, die bejaarde wagte wat

nie in staat was om weg te vlug nie, gevang en soveel ellende veroorsaak dat **geen** pen dit kan beskrywe nie.

En as die vyand self nie gekom het nie, het hy Kaffers **gestuur**, of **liewer** die bendes van Kaffers het altyd 'n vleuel **gevorm** van die Britse leërmagte, om die werk van **vernietiging** te voltooi wat deur die Engelse troepe onderneem is. **Meer** as eenmaal was dit my lot om **hierdie vrouekampe** te besoek, en ek kan nie **help** om te sê **nie** dat eb nooit verag het om 'n getuie te wees van sulke tonele van ellende nie. Die vroue en kinders **ly** byna die **laaste** een aan **malaria, koors** of ander siektes ten **gevolge** van gebrek en **slegte** kos, sonder geneesherse sonder **medisyne**, sonder enige **troos** in hierdie **wêreld**, byna sonder klere en ná **vyandige** strooptogte sonder voedsel hoegenaamd. En hierdie vroue het nie **almaal** tot die armste en laagste klasse behoer nie maar sommige **van** hulle is van die rykste **families** in die land. Dog gebrek kon die **gees** van hierdie edele martelaresse nie demp nie, en **eenparig** het hulle my en die burgers aangemoedig om te volhard tot die bittere einde.

In die kamp op Port-Elizabeth was die getal persone geaffekteer betreklik klein-honderde waar daar in die noorde duisende was. Ongetwyfeld was hulle ontberinge groot in die begin; dog terwyl daar geen krygswet in die stad was nie, kon publieke opinie hom laat gelde. Vele vriende het hulp verleen, en ten **gevolge** het die lewensomstandighede spoedig gesond en draaglik geword. Daar is talryke beskrywinge van hierdie klein kampie van omtrent 380 mense, want die gruwele van oorlog het eers helder voor die dag **gekom** vir hierdie arme vroue toe hulle aangekom het met hulle **bondeltjies** en kinders in die arms, ons het hier **egter** weinig ruimte vir die briewe wat die Kaapse blaai **gevol** het teen die einde van die jaar 1900. Kort ná die aankoms van die verbanne vroue skryf 'n dame in Port-Elizabeth aan haar vriende in Kaapstad as volg :—

PORT-ELIZABETH, 12 Nov.

. . . . Ek is tweemaal by hulle **gewees**, maar die outoriteite het nou strenger geword. Ja, dit is heeltalmaal waar dat byna al die plase afgebrand is. Ek dink nie die van Piet Visser nie, dog „Groenkloof” van die Rabies is

verbrand, „Vlaktefontein” en „Sleutelspoort.” Arme ou mevr. Coetzee van „Vlaktefontein” is ook hier. Ou mevr. Hertzog se huis is opgeblaas ’n kwartier ná sy dit verlaat het. Dit is te treurig om al die ellende en smarte te sien. Arme ou mevr. Hertzog het aan my gesê: „Ag, my kind, stuur my tog ’n keteltjie en ’n bietjie goeie koffie.” Dink ’n bietjie, hulle het geen tafels, stoefe of katels nie: hulle is net op die vloer—op matrasse—soms tien in ’n kamer, of liever hut.

Dit is aaklig om die soldate met geveldde bajonette te sien wag hou oor weerlose vroue en kinders . . . maar ’n mens mag dié dinge nie sê nie.

In November het die Kaapstadse Hulpkomitee die wyse stap gedoen om by die militêre owerheid aansoek te doen, om die vrystelling van die persone in die kampe<sup>1)</sup> wat vriende het om hulle te ontvang of wie se uitgawe met subskripsie kan gedek word; en sommige Hollandse predikante, ds. Rabie en ds. Pienaar, wat gevra was om die kamp te besoek en daaromtrent te rapporteer, het hierdie plan ook, as die verstandigste en die mees waarskynlike om onnodige bitterheid te voorkom, aan beveel. Op hierdie versoek het kolonel Trotter weierend geantwoord.

Dit was hoofsaaklik te danke aan die aanstelling van mej. Hauptfleisch as matrone dat daar so spoedig verbetering aangebring is in die organisasie van hierdie kampie; en toe die oorspronklike ontberinge verminder het, was mevr. Le Roux in staat om gunstig te rapporteer omtrent die vordering wat daar gemaak was. Haar brief aan die *South African News* was as volg:-

14 Des.

WAARDE HEER,-Op versoek van mej. Nellie Hauptfleisch om ’n rapport te skrywe van ons besoek aan die verbanne vroue doen ek dit kortliks hiermee:—

Ons het twee dae (Saterdag en Sondag) in die kamp deurgebring en het twee vergaderinge vir kinders in die kamp gehad. Dit verheug my dat ek hierdie keer ’n

1) Brief aan militêre owerheid, 19 Nov. Vgl. „*South African News*” van 12 Der.

gunstiger rapport kan inlewer as die laaste maal. Die vroue vind ’n besliste verbetering in die kook van die kos. Die kwaliteit van die kos wat nou gestuur word, is beter as vroeër. Die heer Smith het belowe om nie meer „bully beef” te gee nie. As die middagete altoos is (met ’n afwisseling in die kook van die vleis) soos dit op die 8e van hierdie maand was, dan is daar nie veel rede om te kla nie. Die wyse waarop die spyse opgedis word, is waarskynlik die beste onder die omstandighede. Ons koester die verwagting dat sodra die ongelukkige bannelinge in hulle nuwe huisvesting is (wat ’n verbetering op die teenwoordige belof te wees), dinge meer volgens die smaak van beskaafde mense ingerig kan word. EB is bly om te kan rapporteer dat daar nou katels is in al die tente en hutte. In die mediese behandeling is daar nou ook ’n verbetering. Dr. Casey ges meer aandag aan sy pasiënte as sy voorganger.

Die militêre het aan mej. Hauptfleisch die volste rep gegee om die kamp te besoek en te sien wat daar verkeerd is. Hulle het die meeste van haar aanbevelinge in gunstige ooreenstemming geneem. Kolonel Salmond is seer vriendelik vir al die bannelinge en word deur almal respekteer.

Al die verbeteringe verander egter nie die feit dat die vroue in paaltente sit en as prisoniers gehou word nie. Waarom word hulle so streng bewaak as hulle nie ’n krygsgevangene nie, maar as uitgewekene moet besker word? Noem ’n ding by sy regte naam. U lesers kan self oordeel. Ek gee die feite soos ek hulle gevind het.

M. H. LE Roux,

Spoorweg-Sendelinge.

So het die jaar geëindig met ’n weinig verligting by die gedagte aan die hervorming teweegbring in die kampie op Port-Elizabeth; en die mense wat daardie kamp besoek of daarvan alleen gehoor het, was tevrede in die geloof dat die kampe nie sulke alte slegte plekke was nie. Ellendig soos dit in die begin ook was, het die kamp op Port-Elizabeth later ’n soort van „tentoonstellings-kamp” geword, terwyl daar terselfdertyd ver in die noorde hartverskeurende smarte verduur word, waardeur die grond voorberei en die saad gesaai word van siektes wat onvermydelik ’n ryke oes vir die sikkel van die Dood moes lewer.



## GESKIEDENIS VAN MEVR. HERTZOG.

„Women! who shall one day bear  
Sons to breathe New England air,  
If ye hear without a blush  
Deeds to make the roused blood rush  
Like red lava through your veins  
For your sisters now in chains—  
Answer! Are ye fit to be  
Mothers of the brave and free?”<sup>1)</sup>

J. R. (LOWELL.)

In die kamp op Port-Elizabeth was daar drie dames wat die naam van Hertzog gedra het : die moeder van die kommandant (generaal) regter Hertzog, sy vrou mevr. Barry Hertzog, en sy skoonsuster mevr. Koos Hertzog. Hierdie twee dames was susters, dogters van mevr. Neethling van „Evergreen,” Stellenbosch, en gebore Britse onderdane. Die heer Koos Hertzog is vroeg in die oorlog gevange geneem; en daar sy vrou alleen in haar huis op Jaersfontein was, het haar suster, mevr. Barry Hertzog, van Bloemfontein gekom om haar te besoek. Terwyl sy daar was, het daar masels uitgebreek, en die kinders van beide die mevr. Hertzog was siek toe die militêre outoriteite die twee moeders met hul siek kinders gevange neem en hulle vir twee dae op oop ossewaens blootstel, op weg na Edenburg. [Die poskar ry omtrent vyf uur daarheen.] Die Hertzogs se huis word toe verwoes, met dinamiet opgeblaas. By hulle aankoms op Edenburg word die kinders te siek bevind om verder te reis. Op berig hiervan het hulle famieliebetrekkinge op Stellenbosch dadelik aansoek gedoen om 'n permit vir die twee mevr. Hertzog om op parool na hulle vaderwoning te

1) „Vroue! wat eenmaal seuns sal voortbring om die lug van Nuwe Engeland in te adem, as u sonder 'n blos van skaamte hoor van dade wat die opgewekte bloed soos gloeiende lava deur die are laat stroom vir u susters wat nou in kettings sit—antwoord! Is u geskik om te wees die moeders van vryheidsdappere?”

kom; en ná heelwat moeite word daar verlof toegestaan. Dog in die tussentyd word die famelies na Port-Elizabeth geneem ondanks die toestand van die kinders en ondanks hulle smeke om na Stellenbosch gestuur te word. Toe die outoriteite verneem dat hulle na Port-Elizabeth weggevoer was, word die verlof ingetrek. Die nodige geriewe kon op die pad nie verkry word nie, en ook nie op aankoms nie, en die gevolge was noodlottig. Die eerste doodsberig van die kampe het in die koerante verskyn by die dood van mevr. Hertzog se seuntjie.

HERTZOG.--Op die 12<sup>e</sup> November 1900, krygsgevangene in die Kamp op Port-Elizabeth, Charles Neethling Hertzog, in sy agste jaar.—Die bedroefde grootouers.

CHARLES M. NEETHLING.

W. NEETHLING.

**Evergreen, Stellenbosch.**

Vyf-en-twintig duisend kinders het hom na die graf gevolg.

Ná hierdie droewige geval het 'n dame as volg van mej. Neethling aangedring om tot die hulp van haar getroude susters te kom. Sy toon haar hoe ru en onwenslik die skikkinge was waar hierdie dames aan onderworpe was :—

PORT-ELIZABETH, 17 Nov.

Het u weer iets van u twee susters op Port-Elizabeth gehoor behalwe die feit dat hulle gevangene is? Dit laat 'n mens se bloed kook om aan die mense daar te dink—dit is 'n skreiende skande. Mevr. Jordaan, met wie ek hier is, het van Port-Elizabeth vanmôre teruggekeer; sy het altwee die mevr. Hertzog gesien, dus kan ek u meer besonderhede gee as hulle in staat is om van die kamp te skrywe. Mevr. Jordaan en 'n ander dame van Cradock was na Port-Elizabeth gestuur deur hulle Dameskomitee om te gaan kyk wat hulle vir die gevangene daar kon doen. Sy sê sy kan ons nooit vertel of laat verstaan hoe ellendig en ongerieflik die omstandighede in die kamp is nie. As sy praat van wat sy daar gesien het, dan loop

die trane oor haar wange. Mevr. Jordaan ag dit dringend noodsaaklik dat een of ander van julle na Port-Elizabeth sai kom om die mevr. Hertzog p daarof uit die kamp te probeer kry. Sy dink julle mag daarin slaag; dit lyk onmoontlik dat iemand veel langer in hierdie miserabele sinkgeboue en tente die lewe kan behou. Maar as u die moeders nie kan uitkry nie, dan kan u ten minste die kinders met u neem. Die militêre offisiere sê hulle wag op verdere bevele van die hoofkwartier, en hulle hoop dat dinge binne enige dae beter sal wees. (Tog sal dit veel beter wees om die kinders weg te kry.) Mevr. Jordaan het by die kamp aangekom net ná die begrafnis van Charles (die seuntjie van mevr. Koos Hertzog). Sy ag mevr. Hertzog wonderlik kalm onder die drôewige omstandighede—waarskynlik ten gevolge van die vele gebede wat op Stellenbosch vir haar opgaan.

Daar is geen stoele, geen katels nie, die nagklere lê op die grond in die stof, en die mense moet of op die grond eit of rond staan. Die militêre het dié ordentlikheid gehad om aan mevr. (ds.) Malherbe 'n stoel te gee om op te sit terwyl sy waak by haar kind, wat die koors het; dit was die enigste stoel wat te sien was. Een van die offisiere het aan mevr. Jordaan gesê: „U moet verstaan dat hoe minder u sê van die toestand van sake hier en hoe minder hoehaai u daaroor maak, des te beter sal dit vir die prisoniers wees.” (Des te beter sal dit vir hulle, die militêre, wees, het hy seker gemeen!) Hulle is bang dat dinge aan die lig sal kom. Mevr. Jordaan het aan die Intelligensie-Beampte gesê dat sy nie kan belowe om stil te bly nie; dog hoe eerder hulle die vroue laat uitkom, des te beter sal dit vir hulle wees, en des te minder sal die spanning onder die koloniste wees.

Mej. Neethling het die kamp besoek soos hier gevra word, dog het daar nie in geslaag om die vrystelling van haar susters te kry nie. Ná talryke applikasies en veel rooi lint het sy uiteindelik die vrystelling gekry van mevr. Barry Hertzog se klein seuntjie, omtrent 17 maande oud. Die kind was swak en kwynend, en sy het hom huis-toe geneem na Stellenbosch sonder sy moeder. Van daardie dag en tot die einde van die oorlog het hulle herhaalde poginge aangewend om die vrystelling van die twee susters te verkry, dog tevergeefs. Ek gee hier 'n afskrif van die weiering deur mnr. Neethling ontvang, wat, toe hy hoor

dat die heer Brodrick in Junie 1901 die konsessie gemaak het dat alle vroue wat van hulle kinders verwyder is of wat vriende het gewillig om hulle te ontvang, verlof sal kry om te gaan, dadelik ten behoeve van sy dogters applikasie gemaak het.

B. 3795, 17A.

DIE KASTEEL, KAAPSTAD,

4 Aug. 1901.

WAARDE HEER.—Dit is my opgedra om u in kennis te stel dat u applikasie aan lord Kitchener, d.d. 32 Julie, met betrekking tot mevr. Hertzog en famielie, op die oomblik op Port-Elizabeth, in oorweging geneem is; dog dat dit die opperbevelhebber spyt dat onder die teenwoordige toedrag van sake in die Kolonie hy nog nie hulle verplasing na Stellenbosch kan toestaan nie.

Ek het die eer te wees,

U diensw.,

L. HEYMAN,

Luitenant-kolonel.

Aan mnr. C. M. NEETHLING, Evergreen, Stellenbosch, K.K.

Die geloof dat mnr. Brodrick se konsessie eenvoudig bedoel was om Engelse publieke gevoel te influenseer, word by 'n mens opgewek, want dit het eenvoudig by 'n belofte op papier gebly.

Ná die oprigting van die kamp op Merebank, spesiaal afgesonder vir die vroue van mans wat in gebreke gebly het om op 15 Sept. 1901 oor te gee, is mevr. Barry Hertzog skielik daarheen oorgeplaas, en dit ondanks die feit dat Port-Elizabeth 'n klein en gesonde kamp was, terwyl Merebank baie vol was en as moerassig en ongesond veroordeel was. Dus van Desember 1900 tot Junie 1902 was mevr. Hertzog van haar enigste kind verwyder, en daar is geen ridderlike stem in Engeland opgehef sterk genoeg om aan te dring op die vrystelling van hierdie dame, of om 'n stelsel van oorlogsvoer te veroordeel wat die algemene vangneming van vroue beteken en wat in hierdie

gevai die verwydering van 'n klein kindjie beteken, as die lewe van die kind moes gered word. Blootstelling en ruwe kampluwe het ernstig die gesondheid van mevr. Hertzog benadeel. Haar ondervindinge word in die algemeen in haar eie woorde hier weergegee:—

SKETS VAN MY LEWE NÁ DIE INNAME VAN  
BLOEMFONTEIN.

Deur MYNIE HERTZOG.

Op die aand van 11 Maart 1900 het my eggenoot Bloemfontein verlaat. Toe die Engelse op die 13e ingetrek het, het verskeie offisiere gekom om my huis in beslag te neem. Ek het geprotesteer, en eindelijk het hulle dit laat staan en hulle met beddegoed en stukke huisraad tverrede gestel. Op 3 Julie het ek na Jaersfontein gegaan om my suster te besoek. Op 30 Sept. het ek verlof gevra van die militêre owerheid om na Bloemfontein terug te keer. Ek kry van hulle die antwoord dat daar my eggenoot waarnemende President was, dit nie kon toegestaan word nie aler van Bloemfontein verneem word of my terugkeer gewens was of nie. Dit word ongewens beskou, en ek moes bly. Die dag waarop ek om my verlof gevra het, het majoor Hall, wat in 'n kamer naasaan gesit het, uitgeskree: „Sy sal nie gaan nie,” waarop 'n ander offisier, 'n luitenant, my op spottende toon gevra het of ek nie trots voel op die onderskeiding wat my eggenoot te beurt geval het nie.

Om 4.30 v.m. op 16 Oktober het die burgers die dorp aangeval en binnegekom. Nadat hulle die burgers wat in die tronk was, vrygelaat het, het 'n klompie van hulle na my suster se huis gekom, waar ek van hulle gehoor het dat my eggenoot die bevel oor hulle het. Omtrent neënuur v.m. het die burgers die dorp verlaat en om tienuur v.m. verskyn daar voor ons deur luitenant Rudledge met 'n aantal soldate wat soek na Boere. Toe hy niemand vind nie, het hy sy manne lbgelaat op ons dispens en aan hulle gesê dat hulle alles wat hulle te ete kon kry, moes vat. Op my aandringer het dit gelyk of hy berou gekry het en het hy die soldate verbied om met verdere plundering voort te gaan.

Voor sonop op 19 Oktober word ons wakker gemaak deur 'n sersant met bevel dat ek en my suster met ons siek kinders binne vyftien minute na 'n ander huis moes vertrek. Ons het haastig aangetrek, gedoen soos ons bevel was, en ons kinders, drie in getal, wat siek aan

die masels was, oorgeneem, so goed soos ons kon sonder hulp en met niks anders as 'n paar komberse en kussings nie. Die huis wat vir ons bestem was, het vyf kamers gehad, en ons was dertien families wat daarin moes gaan. Vir my, my suster, skoonmoeder en vyf kinders het hulle die helfte van die sitkamer gegee. Onder strenge bewaking het hulle ons hier gehou tot Sondag, sonder voedsel, behalwe 'n klein bietjie melk vir ons siek kinders, wat ons ná veel moeite van 'n medelydende inwoner van die dorp gekry het. Die môre toe ons hier aangekom het, het 'n offisier na ons toe gekom en op parmantige toon gesê, hier kan julle van honger doodgaan 'n dreigement wat hulle blykbaar besig was om uit te voer. Op Sondagmôre het gemelde medeburger ons weer te hulp gekom en ons 'n sak bene gestuur. Terwyl ons ons nog verheug het oor die bl e vooruitsig om sop te hê, kom daar bevel dat ons dade3'ik na Port-Elizabeth moet vertrek. Hulle laat my toe om onder bewaking oor te hardlop om 'n bietjie klere te haal. Die huis was egter geplunder en al my besittinge weg. Uitgehonger keer ek terug en laat ons kinders ondersoek. Twee dokters verklaar dat hulle onbekwaam is om op reis te gaan. Die bevel kom egter dat ons moet gaan. Omtrent elfuur v.m. het die konvooi op pad gegaan. Maandagaand om sewenuur kom ons op Edenburg aan, sonder dat ons al die tyd iets gehad het om te eet, behalwe 'n korsie brood wat ons op Sondag op 'n plaas gebedel het. en weer 'n paar mondevol by 'n ander plek op Maandag. By my aankoms op Edenburg was my kind, wie se koors by ons vertrek op 102° gestaan het, ten gevolge van blootstelling en gebrek net 'n geraamte. Ook die kinders van my suster het weer ingeval. Ten gevolge van die siekte van ons kinders, word ons die volgende dag agtergelaat en word 'n tent vir ons huisvesting opgeslaan. Ons kry geen verlof om hierdie plek te verlaat nie, en daar word geen voedsel aan ons verskaf voor die volgende Sondag nie. Ondertussen het die stasiemeester se vrou, wat van ons nood gehoor het, vriendelik in ons behoeftes voorsiening gemaak. Op Sondag het dr. Johnson, van Bloemfontein, wat gehoor het hoedat ons van liefdadigheid moes bestaan, vir ons tussenbei gekom. Daarna is daar gereeld vir ons voorsiening gemaak.

Ná 'n verblyf van dertien dae op Edenburg het ons kinders beter geword en word ons na Port-Elizabeth gestuur. Op ons aankoms aldaar word ons in 'n klein sinkpondok 7 x 10 voet geplaas, wat ons met vyf ander persone moes deel. Om te kon slaap moes ons tien soos sardientjies ingepak word. So het ons omtrent twee maande gelewe, en my suster se seuntjie van ag jaar is dood twaalf dae ná ons aankoms, Omtrent dieselfde tyd het ek die

koorsiekte gekry en het my kind elke dag erger geword. Later het hulle my van hierdie bedompige nes na die Engelse „refugee“-hospitaal geneem, 'n guns wat my eers ná veel bid en smeeek toegestaan is. Ná veertien dae was ek verplig om die hospitaal te verlaat, ten gevolge van die gedrag van die matrone, wat my blykbaar nie die weinige voedsel wat ek ontvang het, gegun het nie. My suster, mej. Neethling, wat van Stellenbosch gekom het om ondersoek te doen na ons toestand, het my kindje, wat toe net 'n geraamte was, meegeneem toe sy sien hoe swak my gesondheid was. Ek het hom nooit weer gesien nie totdat vrede verklaar was, al het ek dikwels aansoek gedoen om verlof om na Stellenbosch te gaan, waar my ouers, wat begerig was om my by hulle te hê, gewoon het. Ons voedsel, wat net so slag soos die huisvesting was, het hulle laat kook en aan ons uitdeel deur 'n lae en beledigende soort van Johannesburgse „refugee,” wat ons om die beurt onthaal het op gekookte „bully beef” en sout vis vol maaiers, wat hulle sonder tweemaal daarvoor te dink, met huile hande betas. Toe ons vind dat ons ten gevolge van gebrek aan voedsame kos uithonger, het ek gekla en gesê dat as die kos nie verbeter word nie, ons genoodsaak sal word om te probeer ontsnap-'n dreigement wat waarskynlik kleur gegee het aan die belaglike storie later gepubliseer dat ek probeer het om te ontsnap.

Later het hulle ons na 'n nuwe kamp geneem, waar sowel akkommodasie as voedsel aanmerklik beter was. Ná 'n jaar on Port-Elizabeth, in November 1901, kry ek skielik kennis om na Durban te vertrek. Op Oos-Londen het die boot drie dae vertoef, dog ek word nie toegelaat om aan wal te gaan nie. Ná ag dae kom ek op Durban aan. Die volgende môre word ek deur my wag na, die Merebankse kamp geneem, 'n moerassige holte, wat later deur die Kommissie van Ondersoek wat uit Engeïand gekom het, veroordeel geword is. Geskei van al my betrekkinge en bekendes, om redes my onbekend, het ek hier as 'n verlate vreemdeling aangekom met net 'n paar pond in my sak-want die geld wat my eggenoot vir my in die bank geplaas het, het ek nooit ontvang nie. Daar die rantsoene wat ek van die outoriteite ontvang het, vir my konstitusie sowel ontoereikend as onneskik was, was ek verplig om iets by te koop. Ek het dus probeer om 'n bietjie geld te verdien deur musiekles te gee. My eetware moes ek by die kommissariaatkamer gaan haal, en ek moes soms ure wag voor ek dit ontvang. My hout moes ek op dieselfde wyse in groot blokke gaan haal, eenmaal in die week, en dit so goed as ek kon, stukkend kap. Daar dit ontoereikend was, moes ek dit aanvul deur in die veld te gaan hout haal—d.w.s. wanneer die gesaghebbende persone kon omgehaal word om daarvoor 'n pas te verleen.

Meer as eenmaal het hulle my op my terugkoma my bondeltjie hout, wat ek onder die grootste moeilikhede byme-kaargemaak het, ontnem. Kos-kook moes buite geskied.

Eendag het Sv Eksellensie die Goewerneur ons besoek, met die doel om klagtes te verneem en te ondersoek. Hy het hulle gehoor, dog het die ondersoek vir onbepaald? tyd uitgestel. Ons het gevra om die oprigting van soppkombuise vir die herstellende siekes, beter brood, meer seep en 'n vermeerdering van voedsel in die algemeen, ens. Met een woord, nadat hy sommige van ons alles behalwe beleef behandel het, het hy alles van die hand gewys, met 'n vermeerdering, so ver ek my kan herinner, van 'n half ons seep per week.

Op die 3e Junie 1902 het ek my vryheid terug ontvang, met 'n vry pas na Bloemfontein.

## HOOFSTUK III.

## GEVOEL IN DIE KAAPKOLONIE.

*„Are we pledged to craven silence? O fling it to the wind!  
The parchment wall that bars us from the least of human  
kind—  
That makes us cringe and temporise, and dumbly stand  
at rest—  
While Pity's burning flood of words is red-hot in the  
breast!"*<sup>1)</sup>

Diegene wat bekend is met die maatskaplike samestelling van Suid-Af rika, sal dadelik begryp watter uitwerking die gebeurtenisse van 1900 in die Kaapkolonie moes teweegbring. Famieliebände en bande van godsdiens bind die inwoners van die ou Kolonie aan hulle volksgenote in die jonger state. Dit was nie alleen die geval langs die grense nie, waar lede van dieselfde famielie dikwels aan weerskante van die grenslyn woon; dog deur die lengte en breedte van die Kaapkolonie was daar byna geen famielie sonder bloedverwante wat hulle in die noorde gevestig en volle burgers geword het van een of ander van die twee Republieke nie. Toe een famielie ná die ander noodlydend word, het die bekommernis groter geword. Dit was die onrus van mense wie se vlees en bloed in ellende gedompel is. Dit was moeilik om tyding te kry, en die spanning was geweldig—'n

<sup>1)</sup> Is ons verpand tot lafhartige swye? O werp dit na die wind! Daardie muur van perkament, wat ons sêke van die geïmeste mense kind—wat ons laat kruip en weifel en stof die led' bewaaf, terwyl die brandend hete vloed van Jammertaal in die hoeseem gloei.

verdwaalde brief, 'n reisiger van die noorde of die verhaal van 'n soldaat—so het daar stukkie en brokkies nuus deurgesypel, erger in hulle uitwerking as 'n volle kennis van die waarheid sou gewees het. Met die verloop van maande kon die gevoel uiteindelik nie meer bedwing word nie, en die vroue van die Kaapkolonie is genoodsaak om los te breek van hulle gewone huislike bedrywigheid om vergaderinge te beleg en uiting te gee aan hulle gemoed. Van Junie tot Augustus is daar sestien vergaderinge gehou, en meer het gevolg. Briewe uit die Kaap in hierdie tyd toon aan die diepte van die gevoel wat opgewek was.

In die weegskaal (so skryf een dame) hang nie of die twee Republieke hulle onafhanklikheid sal behou nie, maar of Engeland as 'n groot volk sal voortbestaan. Net soos persoonlike dade van oneer en oneerlikheid individue uitsluit van die omgang met eerlike mense, so is dit ook met volkere. Engeland sal haar eie vonnis uitspreek deur die gedrag wat sy teenoor die Republieke openbaar. Sy is op 'n keerpunt in haar politieke bestaan. Mag die goeie en waaragtige en edele die bowetoon voer die suiwerende sout om die nasie van bederf te bewaar: . . . En nou het u ons in die Kaapkolonie om aan te dink. Engeland dood ons broers, en nou staan sy op die punt om ons respek vir haar dood te maak. Van Soutpansberg tot die dok in Kaapstad aal daar een soliede falanks manne, vroue en kinders wees—die vroue die bitterste, want ons voel dat ons dierbare onnodig hard behandel is. So word 'n Boer nie onderdruk nie. By sulke dade verdwyn 'n mens se verontwaardiging vir nEngeland en begin jy hom te bejammer.

Voel u nie hoe byna onmoontlik dit vir Koloniste word om kalm te bly nie? . . . Ons kyk na die goeie onder julle vroue, wie se invloed onbeperk is, want as daar 'n mag is waarteen selfs die duiwel op die lange duur magteloos is, dan is dit 'n goeie vrou.

In dieselfde trant skryf 'n ander een (September 1900):—

Ek kan u nie sê nie watter 'n egte druppel troos dit vir ons is wat opgevoed is om Engeland lief te hê en te

eer en wat so 'n ruwe ontnugtering gehad het, om te voel dat hy nog vroue het wat werk vir geregtigheid en die eer van Engeland. Ek is 'n Suid-Afrikaner van Hollandse en Hugenote-afkoms en is nog nooit uit hierdie land ge-wees nie, dog my opvoeding en ideale het of 'n byna uit-sluitlik Engelse fondament gerus. Oordeel wat dit be-teken om dit alles weg te veeg te sien. Nie alleen het ons oë opgegaan vir Engeland se teenwoordige politiek van onreg nie, maar ons voel genoodsaak om die gordyn agter ons ook op te tel, en daar sien ons dade van onreg wat verby is: Ierland se iare van verdrukking, die anneksasie van die Kimberley-diamantvelde, die Jameson-strooptog. Ons blindheid was die blindheid van liefde; ons kinders sal nie blind wees nie.

Die debat in die Kaapse Parlement het 'n ge-leentheid verskaf waar verskeie prominente lede van gebruik gemaak het om sterk te protesteer teen die verwoesting wat in die noorde aan die gang was. Dog dit was eers in November (10 Nov. 1900) dat die diepe smart en afkeuring van die grootste deel van die Kaapkolonie uitdruk-king, al was dit nie verlossing nie, gevind het op 'n merkwaardige vergadering in die Pêrel gehou. Dit was 'n vrouekongres, en ongeveer 1,500 vroue van Hollandse en Engelse afkoms was teenwoor-dig, terwyl briewe en telegramme van wyd en syd spyt te kenne gegee het van dié wat nie kon kom nie. Die toestand en behandeling van die vroue wat hulle bloedverwante is, het dié onderwerp gevorm van die besluite wat eenparig aangeneem is :-

1. Hierdie vergadering van Suid-Afrikaanse vroue wens sy plegtige protes aan te teken teen die gevangeneeming en wegvoering van onbeskermdes vroue en kinders sonder ondersoek, in stryd met alle wette en gewoontes van moderne oorlogvoer.

11. Hierdie vergadering protesteer ten sterkste teen die verbranding, plundering en vernieling van privaat eien-dom waardeur vroue en kinders hulpeloos gemaak word, en beweer dat dit in stryd is met die besluite van die Vredeskonsensie van Den Haag-besluite wat Engeland ondersteun het en wat sy onderteken het.

Dié kongres sal nie lig vergeet word nie. Dit is in die ope lug onder die groot eikebome van die Pêrel gehou. Die toesprake, al was dit van vroue heeltal ongeoefen om in die publiek te spreek, het die onbewuste welsprekendheid gehad wat uit diep gevoel gebore word. Dit was 'n plegtige protes, op plegtige wyse aangeteken.

Die volgende maand (6 Des. 1900) het 'n groot volksvergadering op Worcester samegekom, en hier voor die mond van die Engelse kanonne is daar 'n ander protes aangeteken teen die behan-deling waar vroue en kinders aan onderworpe word, wat ,, 'n blywende erfenis van haat en bit-terheid sal nalaat en die toekomstige verhoudinge tussen beskawing en barbarisme in Suid-Afrika ernstig sal bedreig."

Maar die gevoelens van die Kolonistevroue 'was nie tevrede met ledige woorde nie. Om te help was om aktief te wees. Die Krygsgevangene-Fonds, geopen gedurende die vorige April, het nou sy werk uitgebrei om hulp te verleen aan vroue en kinders sonder huis of haard en alleen. In November is daar sewen-en-twintig kiste klere na Port-Elizabeth gestuur, en in Desember twintig kiste na Norvalspont, en een-en-veertig kiste na Bloemfontein. Toe hulle voel dat die stroom van ellende onmoontlik gekeer kon word deur die reeds te swaar belaste middele van die Kaapkolonie, het die Komitee 'n beroep gedoen op die vroue van die beskaafde wêreld. Europese lande en die Verenigde State het op milde wyse aan hierdie oproep gehoor gegee. In verskeie sentra in die Kolonie is daar klein plaaslike vereniginge ge-vorm om fondse in te samel. Op Kimberley, waar daar noodlydende famielies was, aan weerskante van die grense verstrooi, word die moeilikheid van reddingswerk as volg in Oktober (19 Okt. 1900,

Suid-Afrikaanse Christelike Moedersvereniging)  
beskrywe : —

Dit is die enige wyse (so skryf hulle) waarop ons die mense wie se plase verbrand is en wie se goed alles deur die Engelse gevat is, kan bereik. . . . Ons moet persoonlik na hulle gaan, en dit beteken hele distrikte deurkruis, waar eenvoudig alies verwoes is. Die plase is so uitmekaar dat mense (Koloniste) nie hulp kan verleen nie. Rulle aanskou eenvoudig hoe hulle huise afgebrand word en word dan in die veld aan hulle lot oorgelaat. . . . Ons het 'n verlofbrief van die militêre owerheid 'n maand gelede gehad om oor die grens te gaan en die distrikte deur te reis, dog die omgewing hier is op die oomblik in so 'n onsekere toestand dat die militêre owerheid strenge bevele gegee het om niemand toe te laat om uit die stad te gaan nie.

In Engeland was die jaar reeds ver gevorder toe daar 'n begin gemaak is met die werk van noodleniging. So weinig nuus omtrent die afbranding van plase was in die pers toegelaat, en so weinig medelydende verbeeldingskrag was gekonsentreer op wat bekend was, dat slegs die weinige wat die lotgevalle van die Suid-Afrikaners met 'n aansienlike mate van verstand gevolg het, die minste besef gehad het van die folteringe waar vroue en kinders aan blootgestel was.

Op stille wyse is 'n paar plaaslike insamelingegehou en die opbrings na Holland of die Kaapstadse Fonds gestuur ; dog daar was geen publieke kollektelys nie.

Laat in die somer het ek geles van die honderde Boervroue wat haweloos gemaak is deur ons militêre operasies, wat weggevoer word van die dorpe deur ons ingeneem, waar hulle vir onderhoud vergader het, en na die Boerliënies gestuur word. 'n Skildery van ellende was die agtergrond van die koue telegrafiese woorde ! Dat die arme vroue, van bakboord na stuurboord gedrywe, beskerming en georganiseerde hulp nodig het, was seker ; en

van daardie oomblik af was ek beslote om na Suid-Afrika te gaan om hulle te help. Laat in September het ek probeer om 'n fonds te stig, op die breë basis van pure en eenvoudige liefdadigheid teenoor diegene wat ten gevolge van die oorlog sonder huis of haard was. Enige weke lank was dit moeilik om selfs diegene wat belang gestel het, te oortuig of dat daar werklik behoefte was, of, indien wel, dat dit moontlik was om 'n aansienlike som bymekaar te kry, of dat dit as dit gekollekteer was, geadminestreer kon word. Die heer Stephen Gladstone-in 'n vriendelike brief (11 Okt.)—was die eerste om enige aanmoediging te verleen-'n naam wat sukses gewaarborg het. Lord Lansdowne word genader en gevra of daar, in geval 'n fonds opgerig word, fasiliteite verleen sal word vir die distribusie daarvan. Die applikasie word na die Kantoor vir Koloniale Sake oorgestuur, met die bewering dat dit daar meer tuis hoort. Daardie oomblik was dit die algemene beskouing dat die oorlog op 'n end is ; en die mense wat ons graag wou help, was ons medeburgers van twee geannekseerde kolonies.

'n Klein voorlopige komitee het samegekom en besluit om die volgende algemene basis neer te lê vir die voorgestelde fonds, en dit sou na die Koloniale Kantoor gestuur word. Die Noodlenigingsfonds vir Suid-Afrikaanse Vroue en Kinders, soos ons dit genoem het, was suiwer liefdadig en non-politiek. Sy doeleindes was :—

**Om te voed, te kleed, te herberg en te red vroue en kinders-Boere, Engelse en andere-wat ten gevolge van die vernieling van eiendom, "erwering of ander, voorvalle van die militêre operasies, hulpbehoewend en haweloos geword het.**

Die distribusie daarvan sal in die hande van persone gestel word deur die Komitee afgevaardig

en sal nie in stryd wees met die eise van die lokale, siviele of militêre owerheid nie.

Die antwoord van die Koloniale Kantoor het ons berig dat die heer Chamberlain „in simpatie is met die voorgenome plan,” en ‘n later brief vermeld ‘n boodskap van sir Alfred Milner dat sodanige fonds sy nut mag hê ; want al ontvang die mense militêre rantsoene, het hulle „gebrek aan alles behalwe die onontbeerlike lewensbehoef-tes.” Om die waarheid te sê, selfs aan hierdie onontbeerlike lewensbehoefes het hulle gebrek gehad.

‘n Groot aantal invloedryke mense van alle moontlike skakeringe van politieke opinie wat, na ons gehoop het, by ‘n liefdadigheidswerk hulle sal aansluit, word uitgenodig om die Fonds te onderteken of lede van die Komitee daarvan te word. Die antwoorde ontvang was uiters ontmoedigend. Feitlik almal het geweier om hulle name te gee of die saak te ondersteun, tensy hulle tot die party behoort het wat van die begin af teen die oorlog was. Dit was uiters ongelukkig, want die beweging was heeltemal buite die politiek en het hoegenaamd niks met politieke oogmerke te doen gehad nie en het ‘n suiwere liefdadige houding van die begin aangeneem.

Die weieringe was egter kenmerkend van die Engelse publieke gevoel van daardie tyd. Een prominente predikant het gedink dat om Boer-vroue en -kinders aan die lewe te hou mag net „die oorlog verleng.” ‘n Ander hooggeroemde prediker was bevrees dat so ‘n liefdadige fonds ‘n refleksie sou wees op die „eer van ons soldate” —en het lord Roberts nie gesê dat hulle almal „gentlemen” is nie ? Sodanig was die inhoud van die antwoorde ontvang.

Privaat het baie mense my geld gestuur vir die ondersteuning van die vroue en kinders wat ek kon bereik; en daar ek begerig was om as privaat persoon na Suid-Afrika te gaan, en onafhanklik van een of ander liggaam, het ek nie gewag op die finale vorming van die Uitvoerende Komitee nie, dog het Engeland in die begin van Desember verlaat.

Die Vereniging van Vriende het hulle fonds ongeveer hierdie tyd begin ; en werkparye is ook deur ‘n aparte komitee georganiseer, wat hulle net met klere belas het. Al het die liefdadige hulp van Engeland ver by dié van ander lande kortgeskiet, dog van daardie dag tot nou toe het byla geen skip die dokke verlaat nie of dit ‘n et een of meer bale kledingstof en klere vervoer vir die slag-offers van die oorlog .



## DEEL II-1901.

## HOOFSTUK 1.

## MEER WONINGE VERWOES.

*„Waste are those pleasant farms, and the farmers for ever departed!  
Scattered like dust and leaves, when the mighty blasts of October  
Seize them, and whirt them aloft, and sprinkle them far o'er the ocean.”<sup>1)</sup>*

—LONGFELLOW.

'n Debat, op die uitslag waarvan die lewe en welsyn van duisende vroue en kinders afgehang het, het by die opening van die nuwe parlement plaasgevind (7 Des. 1900). Die Opposiesie het die sukses van die strenge maatreëls van die tweede helfte van die jaar in twyfel getrek, dog die toesprake van die here Chamberlain en Brodrick het tot gerusstelling gemaak (vgl. *Times*, 8 Des. 1900). Die Koloniale Sekretaris was van mening dat as daar behoorlike statistieke verkrygbaar word, dit sal blyk dat die vernieling meer die werk van die Boere as van die Engelse was. Hy sê hulle het hulle landgenote barbaars behandel. Wat meer

<sup>1)</sup> Verwoes is die aangename plase, en die boere vir altyd weg! Verstrooid soos stof en blare, as die magtige winde van Oktober hulle gryp en opwaarts warrel, en ver oor die oseaan saai.

is, hy dink dat die uitgebreidheid van die verbranding van plase baie oordrewe was en dat dit uit 'n ekonomiese oogpunt onbelangrik sal wees, daar die huise weinig beter was as die hutte van arbeiders. Hy sê hierdie besondere vorm van straf, wat beide die Regering en die generaals „so min moontlik” van plan is om toe te pas, nog minder in die toekoms sal gebruik word. Die wegvoering van vroue, wat „soos iets ernstigs klink,” sal blyk, is hy oortuig van, gedoen te wees alleen vir hulle beskerming teen rowerbendes van Boere en teen die Kaffers. Die heer Brodrick wei uit oor die nuwe bevele pas deur lord Roberts uitgevaardig, reeds na verwys in Hoofstuk 1, waarin die perke van die verbranding van plase duidelik bepaal word; en hy beweer dat hy alle rede het om te geloof dat die nuwe opperbevelhebber volkome eens is met die Regering, wat betref die menslike wyse van oorlogvoer.<sup>1)</sup>

Ek het die verslag van hierdie debat gelees te midde van die tonele van verwoesting en onder die slagoffers daarvan en het besef dat die Regering sonder twyfel onbekend was met die feite.

In werklikheid het die jaar 1901, in plaas van 'n vermindering aan te toon wat betref die verbranding van plase, begin met 'n hervatting van die vernieling so wyd en syd in 1900 toegepas. In vele distrikte was daar beweginge om alles skoon te veeg.

„Die streke rondom Kimberley word skoonmaak, vroue en kinders word in waens of per trein ingebring” (8 Jan. 1901—*South African News*, 16 Jan.). So telegrafeer Reuter. Die vernielende werk van Januarie word ook deur soldaat M'Cor-

<sup>1)</sup> „Times,” 13 Des., en „Times,” 17 Des. Vgl. ook Deel 1, hfs. 1, bls. 57.

mick beskrywe, wat tyd gevind het om te skrywe uit die hospitaal van Potchefstroom :—

Ek veronderstel u het gehoor van Kitchener se proklamasie, waarin die Boere meegedeel word dat hulle die wapens moet neerlê en na hulle plase teruggaan. Wel, ek het deur die Vrystaat en die Transvaal gereis, en ek kan vir 'n feit konstateer dat daar nie 'n bewoonbare plaaswoning in die Vrystaat en Transvaal te vind is nie. Hulle is omtrent almal verbrand; en dié wat nie verbrand is nie, is van alle timmerasie geplunder, soos venster-rame, deure en balke. Hout is hier baie skaars. Wat betref varke en hoenders, daar sal nie een in die land oor wees as die oorlog verby is nie. Elkeen wat 'n hoender het, moet hout kry om dit te kook, en hy gaan na die plaashuise en verwoes hulle om hout te kry. In *Januarie* <sup>1)</sup> was ons 'n maand besig om huise te verbrand.

Dit was 'n maand ná die „bepierking” van lord Roberts.

Sommige van die „Warwickshire Y eomen” wat ongeveer April 1901 teruggekeer het, het dergelike verhale gegee. Een veral het baie openhartig gepraat by 'n onderhoud met 'n joernalis.<sup>2)</sup> Hy was onder die manskappe van Paget se kolom en was sedert Kersfees hoofsaaklik besig met die verbranding van plase.

„Watter plase het julle verbrand?” word aan hierdie Y eoman gevra. Hy het 'die vraag nie begryp nie; en dit moes aan hom duidelik gemaak word dat die Engelse tuis gehoor het dat dit net die plase was waar Boere weggesteek of wapens gevind was, wat aan hierdie onplesierige lot onderworpe was. Hy was verbaas om dit te hoor; en soos sy antwoord aantoon, het hy die juistheid daarvan nie erken nie.

„Ek weet nie,” sê hy, „dat daar Boere of wapens gevind was nie. Al wat ek weet, is dit, dat ons sommige dae so vroeg moontlik op tog gegaan het

<sup>1)</sup> Soldaat M'Cormick aan die beer W. E. Jones. Aangehaal in „Methods of Barbarism,” bls. 59.

<sup>2)</sup> „Warwickshire Advertiser,” Junie 1901.

met die doel om so veel plase af te brand as ons kon. Ek het in sommige distrikte nie een gesien wat gespaar was nie. Ons het gewoonlik 'n halfdosyn van ons-tot vlak voor die deur van die plaashuis gery en met ons gewere hard teen die hout gestamp. Ons het nooit gewag op 'n uitnodiging nie. Ons het binnegestorm en aan die vrou gesê: „Kom aan, pak in, mevrou, daar wag 'n kar vir jou.” En ons gee haar tien minute om dinge bymekaar te kry, en dan word sy met die kleingedop op 'n ope ossewa gelaai en na die naaste kamp geneem.”

„Het julle ooit Boere of ammuniesie gevind wat weggesteek was?”—„Nooit nie gedurende al die tyd behalwe 'n paar los patrone wat hier of daar in 'n kamer gelê het.”

„Waarom het julle dan die plase verbrand?”—„Op bevel van die generaal. Ons het baie grappies gehad. Al die kamers word geplunder. Verbeel u watter pragtige dinge daar was—koperketels, mooi stoele en rusbanke, pragtige klere-kaste en allerhande boeke. Ek het dosyne piano's verpletter. 'n Halfdosyn van ons gaan na 'n vleuel so mooi soos ek ooit gesien het. Sommige begin dan op die note te speel met die kolf van hulle gewere. Ander slaan die pote en panele af, en uiteindelik word dit heeltemal vernietig. Prente word vir 'n skyf gebruik, en die panele van die piano word na buite geneem om tee en koffie daarmee te kook. En dan kon ons dit geniet as dit koud was; maar,” voeg hy daar op treurige toon by, „dit was gewoonlik warm, kokend warm. Hierna steek ons die huis aan brand; en as ons wegry, bymekaar of uitmekaar oor die wildernis van sand, kon ons die vlamme sien opstyg, en spoedig was daar niks anders oor nie as swart,

smorende kole. Dieselfde word gedaan by die volgende plaas waar ons kom. ”

Die spreker gaan voort om te beskrywe hoe die berig van hulle koms dikwels na die inwoners van die plaas gebring word; en voor die straffende party aankom, is die huis verlate en al die vee en dinge van waarde weggeneem. By hierdie geleenthede het hulle die taak om van die huis 'n vreugdevuur te maak, met groter smaak as ooit verrig.

„Hoe het die famielies hulle gedra by die verbranding van die plase ?”—„Wel, ” antwoord hy, en die glimlag op sy gesig sterf skielik weg, „om die waarheid te sê, ons moes vir meer as een toneel die oë sluit. Die moeders smee ons met die weinig Engels wat hulle bymekaar kon kry, om hulle in vrede te laat; en dan, omdat ons hulle geen gehoor wou gee nie, het hulle hul trane gedroeg en ons verwens en vervloek. Ons was die ‚verdomde Rooinekke ;’ en dikwels sê hulle : ‚Julle maak my vader en broer dood in die oorlog, ’ en dan begin hulle allerhande skelname op ons uit te stort. Dit was nie altyd aangenaam nie. Ek het dikwels ’n vrou in hierdie toestand gesien met ’n suigling van twee dae aan haar bors, en kleintjies rondom haar, met ’n aantal Kaffermeide wat uit medelye saam skree. Maar ons moes ons plig doen.”

Die heer Cowley,<sup>1)</sup> wie se brief geskrywe is op die 17e April, beskrywe die gebeurtenisse van sy verskillende togte gedurende die voorafgaande weke van Heilbron :—

Miskien sal dit vir u interessant wees om ’n kort verslag te hoor van ons verrigtinge. Die eerste dag van hier was stil, dog ons het alle plase, Kafferkrake, buite-huise en ander plekke verbrand wat skuiling vir die Boere

1) „Boston Guardian.” 8 Junie 1001. Van soldaat G. Cowley, Reserwetroep, Oxford Light Infantry, aan die heer C. J. Phillips.

in slegte weer mag verskaf. Ons het ook hoenders, eende, ganse, varke, kalkoene of enige soort pluimvee gedood; al die perde, beeste, en skape in troppe bymekaargemaak en hulle saam met ons aangejaag, en ek kon nie anders nie as dink wat ’n verspilling dit was om goeie goed dood te maak maar net om hulle dood te maak ná ons tot stilstand gekom het; dog dit was baie vermaaklik om jong hane te vang en ganse se koppe af te kap, om piano’s te hoor speel soos hulle onderstebo in ’n vuur gerol word wat in die middel van die kamer gemaak is, om prente en rakke op ’n houttafel te pak en dan ’n strooimatras daaronder te sit om die vuur aan dié gang te maak. Wel, dit was ’n ondervinding, jy kan dit glo; dog al die vermaak was op ’n end as jy aan die end van die dag uitgeput is en jy op wag moet gaan in plaas van te gaan slaap, veral as dit begin te reën. Op die tweede dag het ons meer as twintig vure aan die gang gehad voor neen-uur in die môre en was omtrent ses of sewe myl van ons laaste staanplek, toe ons vir ’n paar uur tot stilstand gebring word. Ons het die mooiste huis wat ek nog in die land gesien het, verwoes. Ek het die naam van die persoon vergeet wat daarin gewoon het, dog sy posiesie was die een net onder die President van die vorige republiek die Oranje-Vrystaat. Dit het ons die hele middag gekos om dit vernietig te kry. Die dorsmasiene het dié beste vuur gemaak, dog die interessantste vir my was die ontploffing van ’n „traction engine” wat al die masinerie van die plaas gedrywe het. Dit was in Engeland gemaak, want dit het die naambord van die makers gedra—Clayton en Suttleworth, Lincoln ; en dit het ’n uur geduur vandat die vuur aangeeteek was totdat die ketel gebars het.

Die werk wat ons nou kry, het maar min bekoring vir ’n soldaat; en hoe spoediger die Koloniale Kantoor bereid is om sy werk te begin, hoe gouer sal ons kan vertrek.

Teen die middel van Januarie was die burgers so verbitter deur die smarte van die vroue en kinders wat op hierdie verwoesting gevolg het, dat president Steyn en generaal De Wet ’n brief aan hulle kommando’s gerig het, wat hulle besluit te kenne gee om vir ’n tweede maal die Kaapkolonie binne te trek, ten einde weerwraak uit te oefen op die eiendom van Britse onderdane. Hier was dus ’n vooruitsig dat nog meer onskuldige mense die druk van die oorlog sal gaan voel, al sou die

vroue en kinders nie gemolesteer word nie. „Dog,” vermeld hierdie voormanne in hulle om-sendbrief, „die burgers sal nie manne wees nie as hulle toelaat dat die vyand ongestraf bly nadat hy hulle vroue mishandel het en hulle huise vernietig het uit pure vernielsug. Daarom is 'n afdeling van ons burgers weer die Kaapkolonie ingestuur, nie alleen om oorlog te maak nie, maar om in 'n posiesie te wees om weerwraak uit te oefen . . . dog terselfdertyd, om te vermy dat ons misverstaan sal word, verklaar ons hier openlik dat die vroue en kinders altyd ongehinder sal bly, ondanks alles wat deur die troepe van Haar Majesteit aangevang word.”

Ten gevolge van die skoonmaaktogte van Januarie het die getal famielies wat uit die platteland na die verskillende sentra gebring is: grootliks toegeneem. Van Johannesburg verneem ons dat 'n „groot aantal famielies van Boere nog op kommando deur die militêre owerheid gevoed en gehuisves word ;”<sup>1)</sup> terwyl dit van Standerton berig word dat groot getalle daaglik na Ladysmith gestuur word, waar daar ten minste 500 famielies van „oorgegewe” mense reeds in die kamp was.<sup>2)</sup> Die berigte van voortgesette verwoesting in telegramme gedurende hierdie tyd vermeld, was voldoende om weer 'n debat in die Laerhuis in die lewe te roep. Die heer Bryn Roberts bring te berde die kennisgewing reeds aangehaal, geteken deur generaal Brute-Hamilton, op las waarvan die vroue en kinders van die afgebrande dorp Ventersburg aan verhongering oorgelaat was, en vra of dit kan waar wees en wat is geword van die famielies aldus bedreig.<sup>3)</sup> Die heer Brodrick het

1) Reuter-diens, 13 Febr.

2) Reuter, 15 Febr. „South African News,” 20 Febr

3) Vgl. Deel 1, Hfst. 1, bls. 23.

sonder versuim duidelik gemaak dat die opperbevelhebber wel die afbranding van die dorp beveel het, dog het nie sy goedkeuring aan die bewoording van die kennisgewing geheg nie, wat teruggetrek is, en die famielies word rantsoene verskaf uit die kommissariaat van die leër.

Die heer Dillon het volhard in sy poging om die hele saak van die behandeling van nie-stryders in sy morele lig voor die dag te bring en het die gevangeneneming van vroue en hulle bewaking deur gewapende magte sterk afgekeur.<sup>1)</sup> Dog die debat het daar nie in geslaag om enige goeie resultate af te werp sover dit die vrystelling van gevange vroue betref het nie, of om die gevangeneneming en wegvoering van duisende meer te verhinder.

Presies twee dae ná hierdie debat het die merkwaardige onderhoud tussen lord Kitchener en generaal Botha op Middelburg plaasgevind (28 Febr. 1901). Lord Kitchener, wat hierdie vergadering in die Blouboek beskrywe, sê hy het gebruik gemaak van die geleentheid om onder die aandag van generaal Botha te bring die talryke klagte deur hom ontvang vroeg in die jaar, van burgers wat oorgegee het, wat verklaar dat nadat hulle hul wapens neergelê het, hulle famielies mishandel en hulle vee en eiendom gekonfiskeer geword is, op las van die kommandant-generaals van die Transvaal en Oranje-Vrystaat. Hy dag dat die dae gevolg het op die sirkulêre van generaal Botha van die vorige Oktober (6 Okt. 1900) reeds na verwys.<sup>2)</sup>

Ek het hom meegedeel (skrywe lord Kitchener) dat as hy voortgaan met sulke dae, dit my aal verplig om al die vroue en kinders en soveel eiendom as moontlik, in te bring ten einde hulle teen die handelwyse van die

1) „Times,” 26 Febr.

2) Vgl. Deel 1, Hfst. 1, bls. 46.

burgers te beskerm. Ek het verder gevra of hy sou toestem om die plase en famielies van neutrale burgers en dié wat oorgegee het, te spaar, in watter geval ek ook my gewilligheid te kenne gee om die plase en famielies van burgers op kommando ongehinder te laat, op voorwaarde dat hulle nie daadwerklik hulle bloedverwante ondersteun nie. Die Kommandant-generaal het met nadruk geweier om sodani e skikking in oorweging te neem. Hy sê: „Ek het volgens wet die reg om elke man tot aansluiting te verplig en as hulle dit nie doen nie, om hulle eiendom te konfiskeer en hulle famielies op die veld te laat.” Ek vra hom watter weg ek moes inslaan om burgers wat oorgegee het, en hulle famielies te beskerm; en hy sê toe: „Al wat u kan doen, is om hulle die land uit te stuur; want as ek hulle vang, sal hulle moet boet.” Hierna was daar niks meer te sê nie; en daar militêre maatreëls die beskerming van individue nie toelaat nie, was daar vir my niks anders te doen nie as om voort te gaan met die toepassing van my stelsel om sekere dele skoon te veeg tot binne die beskerming van ons lienies. MY besluit het ek aan die Kommandant-generaal meegedeel in my offisiële brief d.d. Pretoria, 16 April 1901, waarvan die volgende 'n uittreksel is:—

„Soos ek U Edele op Middelburg meegedeel het, ten gevolge van die ongereelde wyse waarop u die stryd gevoer het en nog voer, deur onwillige en vredeliewende inwoners te forseer om by u kommando's aan te sluit, 'n handelwyse heeltemal in stryd met die erkende gebruike van oorlog, is daar vir my geen ander weg ope en word ek genoodsaak om die seer onaangename en walglike stap te doen om die vroue en kinders in te bring.

„Ek het die grootste medelye met hierdie arme mense in hulle ontberinge, wat ek volgens die beste van my vermoë probeer ligter maak; en dit is vir my 'n saak van verbasing, en vir die hele beskaafde wêreld, dat U Edele u geregtig beskou om nog soveel ellende te veroorsaak aan die bevolking van die Transvaal, deur 'n hopelose en vrugtelose worsteling voort te sit.”

Vanaf hierdie datum, 16 April 1901, het dit die erkende plan van die opperbevelhebber geword om die skoonmaak-proses, wat reeds so algemeen aan die gang was, voort te sit. Daar was 'n ooreenkoms voorgestel volgens welke, in geval burgers wat oorgegee het, nie deur Botha gemolesteer word nie, die famielies van dié wat op kommando was, ook deur die Britse troepe ongehinder sou bly, op voorwaarde dat hulle nie die vyand aktief

behelpsaam is nie. Was dit om op stilswygende wyse voor te gee dat daar totnogtoe na bewyse gesoek was van aktiewe ondersteuning aan die vyand? Die ooreenkoms was nie getref nie; want generaal Botha het geredeneer dat die landswet sy bevele regvaardig, en sy straf van diegene wat weerspanning is.

Hierdie wet het sy mag egter, wat goedere betref, beperk tot roerende eiendom, wat hy verplig was om verbeurd te verklaar. Vaste eiendom kon hy volgens wet nie aanraak nie, en hy het dus afgesien van die vernieling van woninge, en so ook die ander Boergeneraals.

Dit is moeilik om die oomblik om met bewyse Kitchener se beskuldiging te staaf en voorbeelde te vind van famielies wat deur die Boere gestraf is. Dié van mevr. Viviers het ons reeds genoem.<sup>1)</sup> Die brief van die heer Tobias Smuts wat as 'n parlementêre mededeling gedruk is, noem drie plase wat volgens sy bewering deur generaal Chris. Botha verbrand is. Die heer Smuts het self die dorpie Bremersdorp in Swasieland verbrand en het van generaal Botha moes hoor dat hierdie daad „teen hulle beginsels” is. Daar hy geen genoegsame redes vir hierdie daad kon gee nie, is die heer Smuts geskors en later afgesit.

In sy brief protesteer hy teen hierdie afsetting en beweer hy dat die „beginsel” om geen huise af te brand nie, reeds verbreek was. (2 Sept. 1901, van Ermelo-distrik.) Hy sê:

Reeds sewe maande gelede het generaal Chris. Botha huise in Sambaansland, wat nie neutrale grondgebied is nie, afgebrand. Omtrent dieselfde tyd dat Bremersdorp afgebrand is, is die plaas van die heer Bernardus Johnstone, distrik Wakkerstroom, afgebrand of gedeeltelik afgebrand deur generaal Chris. Botha), en ook die huis van Franck Johnstone; en ek het nog nie gehoor dat

<sup>1)</sup> Deel 1, Hfst. I, bls. 46.

Sy Edele geskors of gesit is nie. Toe ons 'n Piet-Relief was, is die huis van Von Brandis afgebrand; en ek het gehoor dat dit op „hoër bevel” was. Dit is volgens my mening nie die getalhuise wat die beginsel verbreek nie.

Ook in verband met die wegvoering van vroue het ons dieselfde standpunt as u beginsel ingeneem tog het ek van u die bevel ontvang om die vroue teen hulle sin weg te stuur, en toe ek gevra het wat om te doen ingeval die Engelse weier om die vroue te ontvang, was u antwoord dat ek hulle dan binne die lyn van die Engelse moes aflaai.<sup>1)</sup>

Wat hierdie brande betref, verklaar generaal Lukas Meyer dat hulle nie deur generaal Chris. Botha gepleeg is nie, wat 'n skoonseun is van die eienaar, mnr. Johnstone, dog dat luitenant Von Wichmann net die waenhuis afgebrand het, wat hy vol voer gepak gevind het vir militêre gebruik, terwyl mnr. Johnstone hom oorgegee het. Die huis van Von Brandis is afgebrand, dog nie op „hoër bevel” nie. Dit was die daad van 'n burger wie se naam onseker is en wat dit, volgens beweer word, uit persoonlike wraak gedoen het. Ná die Middelburgse konferensie het die Boere as 't ware hul meer van alle verantwoordelikheid vir die famielies van die burgers wat oorgegee het, onttrek en, daar hulle hul as Engelse onderdane beskou het, hul na die Engelse liënies gestuur. Een van hierdie gevalle word deur die heer Conan Doyle vermeld.<sup>2)</sup>

Hy meld dat kommandant Alberts aan die Engelse offisier op Krugersdorp sy wens te kenne gegee het om verskeie van die famielies wie se eggenote oorgegee het, na hulle regmatige beskermers te stuur. Die heer Conan Doyle haal dit aan as 'n bewys dat die Boerfamelies geen

1) Vgl. Cd. 933. Die leser moet hier in die oog hou dat hierdie brief van die heer Tobias Smuts maar een uit 'n hele korrespondensie is, wat alles moet gelees word om die volle toedrag van sake te begryp. Die vroue wat hy beveel was om teen hulle sfn weg te stuur, was 'n sekere paar wat ontdek was dat hulle gereeld informasie aan die vyand verskat.

2) Vgl. „The War: Its Cause and Conduct,” bls. 102.

beswaar teen die konsentrasiekampe gehad het nie. Dit is van dieselfde gehalte as die meeste van hierdie skrywer se argumente!

Dit was duidelik dat die Boervroue met hulle kindertjies van een of ander kant tot lyding gedoem was. Hulle was tussen twee vure.

Op die rode Junie het die heer Ellis in die Laerhuis gevra of die politiek en praktyk van plase-afbrand vir militêre doeleindes opgehou het, en indien wel, wanneer en op wie se instruksie.

Die heer Brodrick het geantwoord:—

Ek het die Huis 'n tyd gelede meegedeel dat behalwe in gevalle van verraad en vir sekere erkende militêre oortredings, plaaswoninge nie sou afgebrand word nie. Uitdruklike bevels hieromtrent is deur lord Kitchener op 7 Desember 1900 gegee, en ek het alle rede om te dink dat hulle uitgevoer is.<sup>1)</sup>

Hierdie verklaring het aangetoon dat die debat van 6 Desember in die Parlement nie vrugteloos was nie, dog dat dit gevolg was deur nuwe bevels van lord Kitchener dat daar meer versigtig ondersoek sal ingestel word by die afbrandingswerk; en dit sou uitstekend bevredigend gewees het as dit maar met ander verklaringe te ryme was. In 'n brief aan sy vriende beskrywe soldaat Victor Swift<sup>2)</sup> sy werk gedurende die eerste veertien dae van Julie:—

Ons verbrand elke plaas wat ons teëkom en lewe soos vegtende hane. Ons beskou dit 'n slegte dag as ons nie elkeen 'n paar hoenders en 'n speenvarkie kry nie. Dit is vermaaklik om ons met gevulde bajonette op die werf van die plaas die varke te sien jaag. Ek het 'n eetlus soos 'n wolf.

Ons het daarna na Vrede gegaan, en ná 'n dag van rus het ons daardie plek in 'n erbarmlike toestand verlaat. Ons het duisende skape doodgemaak en in elke huis daar van geplaas. Die reuk sal oor 'n week ontsettend wees. Dit is om te verhinder dat die Boere sal terugkom.<sup>3)</sup>

Die verhale van soldate mag maklik oordrewe wees, dog hierdie een klop met dié van ds. Samuel

1) Hansard, Deel XCIV, bls. 1458.

2) 53e Kompanjie, East Kent, Imperial Peomanry.

3) „Daily News,” 17 Aug. 1901.

Thompson, van Revington, Bolton, Lancashire, wat skrywe :—

Dit word algemeen geloof dat die verbranding van plase in Suid-Afrika nou iets van die verlede is, dog ek stuur u 'n uittreksel van 'n brief van 'n soldaat aan die front wat bewys dat dit nog op wreedaardige wyse voortgaan. Die brief is gedateer 5 Julie 1901:—

'Dit is hier erg koud, veral gedurende die nag. Dit is die rede waarom ek graag 'n wolserp wil hê. Stuur my een sonder twyfel so goue as moontlik. . . . Ek het honderde myle ver getrek. Ek was saam uit met 'n kolom. en dit is werk om van te walg. Ons verbrand elke plaas waar ons kom, en bring die vroue en kinders na die 'refugee'-kampe. Waar ons ook gaan, verbrand ons die oes en laat net 'n verlate landstreek agter ons.' (New Age, Aug. 1901.)

Dit het daar minder op aangekom, volgens die standpunt wat hier ingeneem word, nl. dié van & vroue en kinders, of 'n plaas werklik afgebrand of anders verwoes geword is. Die onmiddellike gevolge was vir hulle dieselfde. 'n Groot aantal huise wat nie verbrand is nie, is verniel geword, al die houtwerk geneem en die huisraad vir vuurmaak verbreek. Met die oog op die skaarsheid van brandstof is dit moeilik om te verstaan hoe die soldate anders hulle kos kon gekook het. Die resultate van hierdie skoonmaak-beweginge was te sien in die vermeerdering van die getal en uitgestrektheid van die kampe. Telegramme het van allerlei rigtings gekom, wat die aankoms van konvoie met vroue en kinders vermeld.

Vroeg in Augustus (die 7e) is lord Kitchener se proklamasie uitgevaardig wat alle burgers tot oorgawe voor die 15e September aanmaan op straffe van verbanning; en omtrent dieselfde datum het die voormanne van die Boere kennisgewinge uitgestuur waarin twee dae vir danksegging en vootmoediging bepaal word.

Vir gemelde doel het hulle op die plaas van Willem Pretorius in die Heidelbergse distrik bymekaargekom.

Die gees deur die vroue vertoon was een van die sake wat stof tot dank verskaf het. 'n Mag word gestuur om die vergadering op te breek, dog dit was reeds verby; daar was niemand meer toe die soldate aankom nie, behalwe 'n aantal vroue en kinders op die plaas, wat weggevoer word; en die huis word afgebrand.

Die volgende was die onderwerpe vir danksegging en vootmoediging<sup>1</sup>):—

1. Vir die groot en klein oorwinninge oor die vyand behaal nie net in die begin van die oorlog nie, dog ook kort gelede.

2. Vir wonderdadige bewaring en heerlike verlossing uit die hand van die vyand en sy oormag.

3. Vir Gods vaderlike sorg om in ons daaglikse behoeftes te voorsien, wat betref voedsel, klere en ammunisie.

4. Vir die mislukking van die poginge van die vyand om die land heeltemal van vee en graan te beroof en ons also uit te hongers.

5. Vir die heerlike gees van volharding en moed wat veral onder ons vroue en kinders gevind word, wat selfs in gevangenskap en die ellende wat daarmee gepaard gaan, die moed nie verloor nie; met een woord, vir die behoud van ons as 'n nasie gedurende 'n geweldige worsteling van byna twee jaar. Wat ons ten duidelikste aantoon dat God geen behoeftes het in ons ondergang nie, maar daarin dat ons ons tot Hom sal bekeer en lewe.

#### DAG VAN VEROOTMOEDIGING, 9 Augustus.

Ons wens voor die Heer te bely dat hoewel Hy ons keer op keer verlos het sedert ons volksontstaan waar ons in die nood tot Hom geroep het, tog het ons afkerig van Hom geword en vreemde gode gediens. Verder smeek ons die Heer om ons volk te verhoor. Ons wil nie alleen ons sonde met die mond bely nie wat 'n gruwel is in die oë van die Heer, dog smeek die keer om ons te onderrig, sodat ons die sonde wat ons gedoen het, reg mag ken; en verder om ons gewillig te maak, sonder aansien des persoons, om met die sonde te breek en ons verskillende

<sup>1</sup>) Proklamasie: Donderdag, 8 Aug., dankdag; Vrydag, 9 Aug., dag van vootmoediging.

sondes te bely soos: die ontheiliging van die dag van die Heer, dronkenskap, ongeloof, mondbelydenis, ontrou teenoor mekaar, wapens neerle, përigheid, diefstal, laster, ens... ens. Ook die sonde wat ons nie by name kan noem nie, en hulle is legio."

Laat ons die Regering en die volk, ernstig die Heer smee op die dag van verootmoediging, om ons krag te gee om gedurig en onafgebroke in die toekoms, sowel, in ons Regering as in ons wetgewing, die eer en verheerliking van die Heer voor oë te hou.

(Geteken) SCHALK BURGER, M. T. STEYN, CHRISTIAAN DE WET, LOUIS BOTHA, J. C. SMUTS.

Lord Kitchener se proklamasies het antwoorde van al die generaals uitgelok. Sommige het die vorm van teen-proklamasies geneem; en die volgende uittreksel uit dié van generaal De la Rey handel oor die lot van die vroue en kinders en die koste van hulle onderhoud:—

In stryd met die wette en gewoontes gebruiklik in 'n beskaafde oorlog het Sy Majesteit ons vroue en kinders soos misdadigers weggeneem, hulle huise afgebrand en hou hulle nou soos krygevangene; en ten einde die koste van hulle onderhoud terug te kry, dreig lord Kitchener nou om ons vaste eiendom verbeur te verklaar. Nêrens in Gods Woord of in wetgewing word enige persoon ooit skuldig en strafbaar genoem waar hy in selfverdediging sy lewe en eiendom beskerm nie. (16 Aug. 1901.)

Teen die end van September het hulle die huis van generaal Louis Botha op sy plaas in Vryheid met dinamiet ongebelaas.

Ek het 'n lys ontvang van ag-en-vyftig plase verbrand of verniel in September en vroeg in Oktober, en dit net in twee Transvaalse distrikte. Die famielies is in die kamp op Irene geplaas, waar beëdigde verklaringe geneem is. Die lys word gegee in Aanhangsel C.

In die Kaapkolonie spreek 'n Reuter-berig in Augustus van besorgdheid onder famielies in sekere distrikte oor die dade van die Boere en

gebrek aan behoorlike beskerming deur die Engelse:—

WATERKLOOF, KAAPKOLONIE, 6 Aug.

Die famielies wat van Waterkloof weggeneem word, gee uiting aan hulle begeerte om die plek te verlaat, daar hulle toestand ondraaglik is. Gedurende die afwesigheid van die Engelse leërs lewe die Boere gedurig van hulle, terwyl hulle terselfdertyd onder die wantroue van die owerheid kom.

Die verklaring van die heer Cloete, magistraat van Steytlerville, toon aan dat daar rede was vir hulle vrees. Die gedreigde weerwraak het begin. Hierdie heer, wat 'n gevangene by Scheepers se kommando vir vyftien dae was en toe in vryheid gestel is, sê dat die kommando uit omtrent 300 man bestaan het, waarvan die meeste jong rebelle uit die Kaapkolonie was, daar Scheepers net sewentig man met hom uit die Oranjerivierkolonie gebring het. Almal was gekleed, toegerus en behoorlik gevoed. Hulle was goed berede en het nog handperde. Hulle het geen transport of pakperde nie, en lewe alleen van die streke waar hulle deurtrek; hulle kom in aanraking met elke plaas en maak buit al wat hulle nodig het. Scheepers het bevele gegee om die huise te verniel van elke persoon wat in die Berede Distrikmag dien. Die heer Cloete rapporteer dat verskeie huise gevolglik verbrand is. Die inwoners word toegelaat om 'n paar komberse en 'n bietjie beddegoed te verwyder, en dan word die geboue aan brand gesteek. Gedurende sy gevangenskap het die heer Cloete 300 myl gereis. Hulle het hom deurgaans vriendelik behandel. Van die kommando is niemand ouer as Scheepers self nie, wat omtrent vier-en-twintig jaar oud is.

Vroeër in die jaar het die markies De Kersanson vertel van 'n plaas in die Kolonie deur



Scheepers afgebrand. In sy dagboek,') onder datum 19 Maart 1901, skryf hy :—

Dit was ons doel om die naaste dorpie te bereik, **Jansenville**, wat ons sou regkry deur al langs die **Sondagsrivier** te gaan. Op die pad, op Uitkome, het ons Scheepers se kommando teëgekom. Hy het net 'n plaas in die distrik afgebrand. Hierdie plaas, waarvan die eienaar en sy seun Engels is, het 'n gereelde militêre pos geword van waar hulle teen die Boere opgetree het; en die boer het *twalf Kaffers gewerf en gewapen* en hulle gestuur om ons agterna te sit. In die huis het Scheepers verskeie Lee-Metford-gewere geneem, en twee wat aan gemelde Kaffers behoort het wat hy geskiet het, in terme van die proklamasie waarby die Kaffers gewaarsku word om op straffe van die dood hulle te onthou van die wapens op te neem. Toe het hy die boere die huis laat uitgaan en dit aan brand gesteeek.

Ná die eerste uitgawe van hierdie boek verskyn het, liet generaal De Wet na Engeland gekom; en gedurende sy eerste besoek het hy my vertel dat toe hy berig gekry het van die afbrand van hierdie paar huise deur kommandant Scheepers, het hy hom dadelik bevele gestuur om daarmee op te hou.

In November het die here Schalk Burger en Reitz, namens die Transvaalse Regering, deur lord Kitchener 'n lang brief aan lord Salisbury gestuur (2 Nov. 1901). Dit kom voor in die Blouboek; en daar dit byna heeltmaal te doen het met die saak van die vroue en kinders, word dit hier ten volle weergegee. Die protes het ongetwyfeld sy oorsprong gehad in die tyding wat ook moes deurgedring het tot die kommando's van die ontsettende sterftesyfer gedurende die maand Oktober in die konsentrasiekampe—346.72 per duisend vir die totaal.

1) Franse uitgawe, gepubliseer in „Petit Bleu.”

TE VELDE, 21 Nov. 1901

**EKSELLENSIE**,—Die behandeling van sake in verband met die wegvoering van families van die burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek deur Britse troepe is tot dusver heeltmaal in hande gelaat van sy Edele die Kommandant-Generaal, wat van tyd tot tyd proteste by Sy Eksellensie lord Kitchener ingedien het; dog daar hierdie proteste op niks uitloop het nie en die versoek van die Kommandant-Generaal om 'n kommissie aan te stel wat 'n medikus sou bevat—om 'n grondige ondersoek in te stel na die gezondheidstoestand in die vrouekampe, deur lord Kitchener geweier is, soos sal blyk uit die korrespondensie met hom gevoer, gevoel hierdie Regering hom daartoe geroepe om die toedrag van sake direk onder die aandag van Sy Britanniese Majesteit se Regering te bring. Met verontwaardiging en verbasing het die Regering en die volk die handelwyse van die Britse militêre owerheid gadedeslaan waar hulle die families van burgers van hulle woninge wegneem. Hierdie wegvoering het op die mees onbeskaafde en barbaarse wyse geskied, terwyl sodanige handelwyse verder in stryd is met al die gebruike van beskaafde oorlogvoer wat totnogtoe erken is. Die families is uit hulle huise onder dwang uitgesit, en in vele gevalle deur geweld, terwyl die huise met alles wat daarin was, verbrand is, soos beddegoed, klere, huisraad en voedsel; en hierdie families, waaronder vele oue van dae, swanger vroue en kinders van baie tedere leeftyd, is in ope waens weggevoer, wêkelank blootgestel aan reën, skerpe koue en verskriklike hitte—ontheringe waar hulle onbekend mee was—, met die gevolg dat vele van hulle siek geword het; en sommige is dood kort ná hulle aankoms in die vrouekampe. Vele van die vervoermiddels was ook vreeslik bouvallig en gelaai met meer mense as hulle kon bevat, sodat ongelukke noodwendig die gevolg was, waardeur meer as een omgekom het. Behalwe hierdie gevare is hulle ook blootgestel gewees aan die beleddiginge en mishandeling van Kaffers in diens van u troepe sowel as van soldate.

As 'n afwisseling van bowegemelde behandeling is families in die laaste tyd uit hulle huise uitgesit, die huise met alles daarin verbrand en vernietig en die vroue en kinders sonder voedsel of dekkel op die kaal veld gelaat, waardeur sommige verplig was om die vyand te vergesel ten einde nie van honger om te kom nie en nie aan wind en weer blootgestel te wees nie, daar hulle natuurlike beskermers, wat op een of ander manier voorsorg vir hulle sou maak het, of op kommando is of krygsgevangene geneem is of gesneeuwel het. En geliewe verder daarop te let dat toe lord Kitchener sy proklamasie van 7 Aug. 1.1. uitge-

vaardig het, is daar 'n aantal passe uitgereik aan vroue om vir onbeperkte tyd na ons linies te kom. Dit word gevra waarom het hierdie vroue teruggekeer. Die antwoord is eenvoudig, omdat hulle kinders in die kampe as gyselaars gehou word. Dit word bereken om die Britse Goewerment en volk onder die valse indruk te bring dat sodanige families hulle vrywillig onder beskerming van u troepe geplaas het.

Sulke wreedhede is byna ongeloflik; 'n mens mag wel soiets soek in die geskiedenis van vorige eeue, dog nie in die verligte twintigste eeu nie.

En hulle het nog verder gegaan. Britse berede troepe het nie gearsel om myle ver voor hulle perde uit ou vrotte, klein kindertjies en moeders met suiglinge in hulle arms aan te ja nie.

Dog nog meer beklagenswaardig was en is die lot van hierdie families in die vrouekampe—verskeie waarvan geplaas is in die koudste en mees stormagtige plekke in ons land, naamlik Belfast, Middelburg, Standerton en Volksrust. Die oorgrote meerderheid van hierdie families is grondbesitters en was welaf totdat hulle heeltemal beroof en blootgestel is, soos reeds beskrywe is. Hulle is van hulle gerieflike woninge weggeneem, waar hulle alle gemakke gehad het en goed voorsien was van goeie voedsel vir hulle self en hulle kinders en in staat was om voldoende diensbodes te kry. Van hierdie plekke word hulle geneem na ingepakte en ongerieflike tente, wat teweens nie voldoende beskutting teen wind en weer verskaf nie, terwyl die meeste van hulle ook van die hulp van diensbodes beroof is. Ten gevolge van die ontoereikende hoeveelheid brandstof wat verskaf word, is vroue van die edelste families van Suid-Afrika verplig geword om met hulle eie hande brandstof bymekaar te maak, wat uit droë mis bestaan om kos vir hulle en hulle binders te maak. Tegelykertyd word hulle persoonlik genoodsaak om hulle klere te was en nog ander linne daarby, omdat hulle, soos reeds vermeld, alle diensbodes ontnem is. Behalwe dit, volgens informasie in besit van hierdie Regering, is die voedsel nie voldoende, met nie genoegsame afwisseling en nie voedsaam genoeg nie—veral nie vir kinders. nie.

Die abnormale en ontsettende sterftesyfer in hierdie kampe moet toegeskrywe word aan wat hierbo vermeld word, en word hul skynlik vererger deur onvoldoende mediese hulp. Een van die feite in verband met hierdie saak is die geval dat hul jong kinders, sodra hulle siek word, van hulle moeders geskei word, en dit alles op bevel van 'n geneesheer. Die moeders word net nou en dan toegelaat om hulle kinders te besoek. Dat sodanige behandeling die gesondheid van die kind moet benadeel, spreek vanself.

Dit word voorgegee as 'n rede vir die wegvoering van die families dat as hulle op die plase gelaat word, hulle as kommissariaat vir die burgers sal dien. Dit het ons dus verbaas om later te sien dat dit in die Engelse Parlement beweer word dat die families van honger sal omkom as hulle nie weggeneem word nie. Hierdie twee redes is direk in stryd met mekaar, en nie een daarvan is die waarheid nie. Dat die vroue van die burgers nie as 'n kommissariaat vir die burgers gedien het nie, is duidelik uit die feit dat die burgers in die veld nog steeds voorsien is van die nodige voedsel. Uit bowesfaande moet dit duidelik wees vir elkeen dat die „refugee“-kampe 'n onregvaardige en misleidende voorstelling is.

Hierdie Regering protesteer dus ten sterkste teen al die bowegemelde dade van die Britse militêre owerheid in verband met die wegvoering van die families en dring aan op verbetering of verandering) ook omdat van die huise van waar hierdie families gewelddadig weggeneem is, byna geen enkele in die hele grondgebied van die twee Republieke meer staan nie. Nie vyfhonderd, soos onlangs in die Britse Parlement voorgegee is nie, maar ten minste dertigduisend woninge is afgebrand of verwoes, op bevel van u militêre bewindvoerders, om nie te spreek van die dorpe wat totaal verniel is nie.

Terselfdertyd herhaal hierdie Regering hierdie versoek, reeds deur Sy Edele die Kommandant-Generaal gemaak, dat 'n kommissie van ons kant, waarvan ten minste een persoon 'n medikus sal wees, toegelaat sal word om die vrouekampe te besoek, en rapport aan sy Regering te doen.—Ons het die eer te wees,

U Eksellensie se diensw. dnre.,

S. W. BURGER, Waarn. Staatspresident.

F. W. RUTZ, Staatsekretaris.

Lord Kitchener het ook by die deursending van hierdie amptelike berig na die Engelse Regering 'n kopie ingesluit van die antwoord wat hy aan die Boergeneraals gegee het. Die brief was kort :—

1 Des. 1901.

Ek merk uit U Edele se brief wat u my versoek deur te stuur na lord Salisbury-wat ek gedoen het-, dat u kla oor die behandeling van die vroue en kinders en die kampe wat opperig is om hulle te ontvang.

Alles is gedaan wat onder die omstandighede van 'n staat van oorlog moontlik was om vir die welsyn van die

vroue en kinders voorsiening te maak; dog daar U Edele oor hierdie behandeling **kla** en dus **seker** in staat is om vir **hulle** te **sorg**, het ek die eer u te berig dat alle vroue en kinders op die **oomblik** in die kampe wat gewillig is om te gaan, onder **sorg** van U Edele **sal gestuur** word; en ek **sal** bly wees as u **my** in kennis wil stel omtrent die plek waar hulle aan u oorhandig kan word.

Met referte na die voormelde korrespondensie skryf die opperbevelhebber dat dit volgens sy beskouing **duidelik** was dat die **verantwoordelikheid** vir die toestand en ontberinge van die vroue en kinders by generaals **Botha** en De Wet en nie by hom berus nie. Hoe dit ook mag wees, dit is waaiskynlik dat die brief van die heer Schalk Burger 'n verandering in die oorlogspolitiek teweeggebring het; want 'in Desember is daar bevel gegee om nie meer famielies in te bring nie. Die statistieke van die kampe toon aan dat **hierdie** bevel oor die algemeen ten uitvoer gebring is. Die kampbevolking het dieselfde gebly, of liever, het vermindering aangetoon ten **gevolge** van die hoë sterftesyfer.

Die brief van lord Kitchener was as volg:—

Dit aal, meen **ek**, heeltemal **duidelik** wees dat die **verantwoordelikheid** vir die **handelwyse** waar die heer Schalk Burger oor **kla** in sy brief van 21 Nov. 1901, eerder by die Kommandant-Generaals van die Transvaal en **Oranje-Vrystaat** te **soek** is as **by** die opperbevelhebber in **Suid-Afrika**.

Dit is nie waar dat elke deel van die land skoongemaak is van die famielies van burgers nie—al sou 'n mens dit aflei uit die berig onder bespreking. Intendeel, daar ia groot aantalle vroue en kinders nog buite of in **Boer**-kampe of op hulle **plase**; en die aanvoerders van my **leër**-**magte** het **bevel** om **hulle** alleen te laat, **tensy** dit blyk dat hulle van honger moet omkom as hulle op die veld gelaat word.

Behalwe die famielies van burgers wat die wapens neer-**elê** het, wat vanself ingekom het of wat **ingebring** is met 'n **uitsluitlike** doel om **hulle** teen weerwraak van die vyand te **beskerm**, is daar drie ander klasse in die „**refugee**“-kampe verteenwoordig:—

- (a) **Famielies** wat volgens informasie gereeld berigte aan die vyand stuur.
- (b) **Famielies** van plase wat gedurig gebruik was vir skuilskietery op ons troepe.
- (c) **Famielies** van plase wat as kommissariaatplekke deur die vyand gebruik is.

(a) en (b) spreek vir **hulle** self. Die heer Schalk Burger skyn te dink dat (c) in **stryd** is met die bewering dat hierdie famielies van honger sou omgekome het as hulle aan hulle lot oorgelaat was. As daar **egter 'n Boer**-kommissariaatplek ontdek word, met **skikkinge** om vir omtrent dertig manne kos te gee en **duiserde ponde** meel en mielies, word **hierdie** voorraad natuurlik beslag op **gelê** en net genoeg voedsel vir 'n paar weke op die **plaaas** gelaat vir die inwoners daarvan. **Ná** verloop van 'n paar weke loop die famielie gevaar om van honger om te kom **en** moet hulle ingebring word; dus is die gebrek aan logika waar die heer Burger **oor kla**, net 'n poging om 'n slimme streep op papier uit te voer.

Die meerderheid van die **vroue** en kinders in die „**refugee**“-kampe is dié van **burgers** wat die wapens neergelê het; <sup>1)</sup> dog nóg hulle nóg die **vroue** van krygsgevangene of van burgers op kommando opper enige ernstige **klagte**, al word daar gedurig **geleentheid** aan hulle gegee deur kommissarisse, mspékteurs, **ens.**, om **klagte** in te dien, al is dit nog so gering, teen die **skikkinge** wat vir hulle geries, **ontspanning** en instruksie **gemaak** word.

Die heer **Burger** is begerig dat daar 'n Boerkommissie na die vrouekampe **sal gestuur** word om **daaroor** te **rapporteer**. Om die waarheid te sê, dit is die enigste praktiese **suggestie** wat sy brief bevat. Dit is vreemd, om die minste **daarvan** te sê, dat die heer Burger daar geen melding van maak dat ek reeds aan die **Kommandant-Generaal** **meg edeel** het dat ek 'n **verteenwoordiger** deur hom asngestel **sal toelaat** om die „**refugee**“-kampe te **besoek**, sodat 'n onafhanklike rapport oor die onderwerp **mag opgestel** word. Ook word daar niks **gesê** nie van die ins **eksie** van die kampe wat **werklik** deur kaptein Malan **ontcrneem** is. U sal u herinner dat ek **dadelik** generaal B. Viljoen **se** versoek toegestaan het dat **hy 'n** offisier vir **hierdie** doel sal afvaardig. **Hy** het **kaptein** Malan gekies, wat rondgegaan het om te vra of daar **klagte** is, en wat later **sy volkome** tevredenheid uitgedruk het met die **skikkinge** wat vir die Boervroue en **-kinders** **gemaak** was.<sup>2)</sup>

1) Lord Kitchener moes heeltemal verkeerde informasie hieromtrent gehad het.

2) Toe kaptein Malan, 'n jong, **ongehude** man, onder ondervinding **ná** die oorlog in Engeland gearriveer het, het ek hierdie berig van lord Kitchener in die Blouboek **aan bom getoon** en hom **gevra** hoeveel van

die veertig konsentrasiekampe deur hom besoek was en wie hom as inspekteur aangestel het. Die inhoud van die berig en my vraag het hom verbaas, en hy skryf toe:-

„In antwoord op u versoek, vergun my om te sê dat as 'n rit deur die konsentrasiekamp op Middelburg en 'n gesprek met die inwoners wat ek **geken** het, wat minder as 'n halfuur **geduur** het, 'n inspekteur van die kamp kan **genoem** word, dan moet ek skuldig pleit dat ek die kamp **geinspekteer** het! In die Blouboek waar u na refereer, sien ek dat dit verklaar word dat generaal Viljoen die versoek **gedoen** het om iemand te stuur om die konsentrasiekamp te inspekteer. Hierdie verklaring is **nietuis nie**, om die minste te sê.

„Toe ons generaal sir B. Blood in Lydenburg ontmoet het, het hy ons meegedeel dat hoewel hy **direk** geen beheer oor die kampe het nie, het hy 'n persoonlike **inspeksie** gehou en sekere suggesties aan lord Kitchener **gemaak**, soos 'n groter voorraad **tente**, korse, ens., ens.

„Veertien dae later het dit so gekom dat ek met 'n boodskap aan generaal Blood na Middelburg gestuur was; en dit was alleen omdat hy dit gevra het dat ek toegestem het om saam met hom 'n rit deur die kamp te maak. Ek het nie 'n enkele tent binnegegaan nie en het ook nie die hospitaal besoek nie. Ek het met 'n paar vroue gepraat oor klere van myself wat ek in hulle sorg op 'n plaas gelaat het; en ek het dié met wie ek gepraat het, gevra of hulle klagte het omtrent die hoeveelhede en hoedanigheid van die kos wat hulle ontvang. Hulle het geantwoord dat met uitsondering van die vleis het hulle nie daaroor te kla nie. Die monsters van meel, koffie en suiker wat ek aan hulle sien uitdeel het, was ongetwyfeld goed. Hulle het ook gesê dat sedert die aankoms van generaal Blood is hulle lot meer draaglik geword. Ek het dus geen beswaar gehad om aan generaal Blood te sê dat ek oortuig was dat hy sy bes gedoen het om die gedwonge verblyf van DAARDIE mense in DAARDIE kamp so draaglik moontlik te maak. Hy het my gevra om in die hospitaal te gaan, maar ek het hom gesê dit was verniet, want ek weet daar niks van af nie.

„Ek was nie 'n halfuur in die kamp nie en het nooit 'n ander een besoek nie. Ek hoop hierdie verklaring aal vir u van diens kan wees en vir die saak waar u op so edele wyse u aan gewy het.”

Kaptein Malan het in gesprek aan my gesê dat hy nie die minste idee gehad het dat daar sodanige gebruik sou **gemaak** word van sy vlugtige besoek en woorde so onbedag geuit nie; vandaar sy **ontevredenheid** en verbasing toe ek hom meegedeel het **watter interpretasie** lord Kitchener daaraan gegee het, en ook die korrespondent van die TIMES. In die uitgawe van 13 September 1901 word daar **verklaar**:—

„Die uitspraak van hierdie **vegtende** Boer sal meer werd wees as enige rapport deur 'n **Kommissie** uit Engeland opgestel.”

Ten **gevolge** van die wyse waarop die TIMES my eie opinie **weer**-gegee het, **aarsel** ek gewoonlik om as korrek aan te neem die **beskouing** van enige ander persoon wat daarin voorgestel word. **Teenoor** die „Rapport van die Dameskommissie” oor **daardie** kamp, die afdanking van die kamp se superintendent, die verskillende sombere beskrivinge daarvan in die Blouboeke, die hartverskeurende **briewe** van meer as een **vrou** daaruit **ontvang**, die **sterftesyfer** van hierdie selfde weke, is die opinie van **kaptein Malan** in dertig **minute** van **oppervlakkige** gesprek van weinig betekenis. Wat **meer** is, dat die vroue nie by hom geklaag het **nie**, is geen bewys dat **hulle** niks gehad het om oor te kla nie. Ek ken nie die Boervrou wat deur **klagte** oor haar eie ontbering die **hande** van haar landgenote in die veld **sal** slap maak **nie**, terwyl ek **goed** weet dat vroue van alle **nasies**, as **hulle** verkies, **maklik** 'n man kan **mislief** omtrent wat hulle persoonlik verduur.

Ondertussen word die mediese inspeksie waar die **Boere** op **aan**-**gedring** het, uitdruklik deur lord Kitchener **geweer**. Die Kommandant: Generaals aan wie hy verlof gegee het, het hulle persoonlik as ongeskik vir die taak **beskou**.

Ek neem hierdie geleentheid te baat om te sê dat ek **geen beswaar** sou **hê** as **kommandant-generaal Botha**, vergesel as hy wil van **generaal De la Rey** en die heer **Steyn**, hierdie kampe wil besoek nie, op voorwaarde dat **hulle** **belowe** om geen politiek met die ingesetene te praat nie, wat in die reël 'n beter besef het van die algemene **toestand** van sake as **hulle** man of broers op kommando.

„Ten slotte ontken ek met verontwaardiging en volstrek die **beskuldiging** van ru en wrede behandeling van die vroue en kinders wat van hulle plase na die kampe **gebring** word. **Ontberinge** mag soms **onvermydelik** gewees het, **dog** die **Boervroue** in ons hande lewer self die **mees welsprekende** getuigenis van die  **vriendelikheid** en **konsiderasie** deur ons soldate by al die geleenthede aan hulle **bewys**.

Ek sluit in afskrifte van **briewe** wat ek nou net oor hierdie saak aan die here Burger en Steyn en aan generaal De Wet gestuur het, met die aanbod om enige vrou wat gewillig is om na die Boerkommando's in die veld te gaan, terug te stuur.

Geen informasie<sup>1)</sup> is totnogtoe voorhandig omtrent die ontvangs van hierdie aanbod deur die Boergeneraals nie, en ons weet nie of dit ooit aan die vroue in die kampe bekend **gemaak** is nie.

Laat in Desember 1901 het generaal De la Rey sy offisiële rapport aan pres. Kruger en die Boer-afgevaardigdes in Europa gestuur. Hierdie rapport, wat in Engeland en op die vasteland publiek **gemaak** is, gee die volgende skildery van die land soos dit teen die einde van hierdie jaar daar uitgesien het:—

Ons land is 'n hoop **ruïne**.

Daar is niks oor nie behalwe die mure van geboue, **behalwe** waar selfs dié met dinamiet opgeblaas is. Niks het aan hierdie verwoesting ontkom nie. Die eiendomme van neutrale sowel as van **gesneuwelde** burgers, van krygsgevangene sowel as van **weduwees** en **wese**—alles is vernietig.

Herke, nóg pastorieë, nóg skole is **gespaar** geword.

In my afdeling is die dorpe Wolmaransstad, Bloemhof,

1) Vgl. „Marthinus Theunis Steyn,” deur N. J. van der Merwe, Deel 11, bls. 65, waar by 'n ander geleentheid vermeld word van 'n voorneme om vroue wat deur die Engelse **teruggestuur** word, na Europa te stuur.-- (VERT.)

Schweizer-Reneke en Hartebeestfontein, wat nie deur die vyand beset geword is nie, totaal afgebrand.

Dieselfde gel van die oostelike distrikte van die Suid-Afrikaanse Republiek, waar generaal Botha op die oomblik is.

Die behandeling van vroue en kinders, weerlose wesens, is werklik die donkerste bladsy onder die vele donker bladsye van hierdie treurige oorlog. Eers het hulle honderde van ons vroue wat in die dorpe gewoon het, gevange geneem en na die kommando's gestuur. Ons het vrouekampe op verskeie plekke gevorm, waar daar vir ons vroue en kinders gesorg is. Dog die vyand het spoedig van gedrag verander. Dus vroue wat gevange geneem was ná afbranding van hulle woninge, is soms wekelank op waens agter die kolomme aan saamgesleep. In die nag word die vroue om die laers geplaas as beskerming teen 'n nag-aanval van ons kant. Toe die vroue agterkom wat die doel van die vyand was, het hulle probeer ontsnap; dog hulle is agternagesit. Daar is selfs op hulle geskiet. Soms is hulle weer gevang, en dan word hulle verder weggestuur en in tente geplaas. Dog van die kampe bereik ons honderde lieflike boodskappe, wat ons beri om nie oor hulle bekommer te wees nie, maar te volhard in die worsteling vir ons land.

Vele vroue het reeds hulle lewens verloor, of ten gevolge van wonde of die ellende wat hulle deurgemaak het. My eie vrou is deur lord Methuen beveel om haar huis en alles wat sy besit het te verlaat. Sy het oor die land vir meer as twaalf maande met ses klein kinders rondgedwaal. My moeder, 'n ou vrou van drie-en-tagtig jaar, wat reeds nee jaar lank 'n weduwee is, het hulle as prisoner weggeneem. Al haar vee is weggeneem en haar huis verbrand. Sy is na Klerksdorp geneem.

## HOOFSTUK 11.

JANUARIE TOT JUNIE—BESOEK AAN DIE KAMPE.

„A naked people in Captivity,  
A land where Desolation hath her throne.”<sup>1)</sup>

—WILLIAM WATSON.

Ek het Kaapstad op die 27<sup>e</sup> Desember bereik, betyds om die Nuwe Jaar en Nuwe Eeu te sien verrys. Dit was my eerste besoek aan die land; dog hoe onkundig ek ook was omtrent Suid-Afrika, haar taal en volk, tog wis ek dat daar op daardie oomblik duisende vroue en kinders was wat, hoedanig hulle gewone toestand ook mog gewees het, groot ontbering en smart deurmaak; en ek geloof dat lye en die begeerte om dit te versag dieselfde taal ken, wat nie misverstaan kan word nie.<sup>2)</sup>

Hoe om hierdie lyers te nader, of waar al die kampe geleë was, het ek nie geweet toe ek geland het nie. Port-Elizabeth was die enigste kamp

1) 'n Naakte volk in Ballingskap, 'n land waar Verlatenheid haar troon het.

2) The War: Its Cause and Conduct, hfst. vii. Deur A. Conan Doyle. Die heer Conan Doyle het beweer dat ten gevolge van totale onkunde omtrent hierdie besonderhede, my „gevolgtrekkings” insake die kampe „onvertroubaar” was. Ek merk dat die heer Doyle gevolgtrekkings omtrent die kampe uitgegee het sonder dat hy hulle ooit eens besoek het. Dog hy en die krietisie waarvan hy 'n tiepe is, vergeet dat konsentrasiekampe nie die normale toestand is van die lewe van Suid-Afrika nie en dit was alleen indirek dat die normale lewe van die volk iets te doen kon hê met gevolgtrekkings omtrent die kampe gemaak. Ek mag ook vermeld dat ek lesse in Hollands geneem het, boeke gelees het omtrent die lewe en gewoontes van die Boere, en op intieme voet met vele Afrikaners was wat my van informasie in besonderhede voorsien het.

waar daar iets van bekend was in Engeland toe ek vertrek het, dog in Kaapstad het ek dadelik gehoor van die groot kampe op Johannesburg, Bloemfontein, Potchefstroom, Norvaisspont, Kroonstad, Irene en ander plekke. Ongelukkig was krygswet verklaar 'n paar dae <sup>1)</sup> voor my aankoms oor 'n paar nuwe distrikte van die Kaapkolonie, en dit was toe van toepassing tot byna by die seekus. Om met vryheid rond te reis selfs met die doel om hulp te verleen, was dus onmoontlik. Verlof van die hoogste gesag was noodsaaklik. Ek neem my introduksie toe na sir Alfred Milner, en ek kry toe op sy uitnodiging die geleentheid om my oogmerk duidelik te maak en om sy hulp te versoek om die noodlydende vroue te bereik. Van hom het ek toe veel vriendelikheid ontvang en die belofte om ondersteuning, onderworpe alleen aan lord Kitchener se militêre bekragtiging. Hy was self ten gunste daarvan dat ek elke kamp sou besoek, sowel in die Transvaal as in die Oranjerivier-Kolonie, dog die telegram van lord Kitchener wat aangekom het, het my verlof alleen tot Bloemfontein beperk. Die Hoë-Kommissaris het ook aan die hand gegee dat 'n Hollandssprekende dame my sou vergesel, dog lord Kitchener dag dit was onnodig en weier verlof. Sir Alfred Milner was bewus van die onrustige gevoel wat daar onder die Kolonialers geheers het, met betrekking tot die vroue in die noorde; en hy het dit wenslik geag dat 'n verteenwoordiger van huile Hulpkomitee met die werk behulpsaam sou wees. Lord Kitchener, egter, het reg gehad waar hy gemeen het dat ek oral hulp sou vind; dog hy het nie raak gesien nie, hoe groot die oorwinning sou gewees het wat hy oor die Hollandssprekendes sou behaal het as hy hierdie redelike

konsessie aan huile bekommerde en gewonde gevoelens gemaak het. Ongetwyfeld het hy ook nie verstaan nie hoe groot die nood was, hoe uitgebreid die werk, waar sodanige hulp onberekenbaar veel sou beteken het. Ek het sy verlof, saam met die brief van die Hoë-Kommissaris wat hier volg, met my na al die kampe wat ek besoek het, geneem.

## MAGTIGINGSBRIEF VAN SIR A. MILNER.

GOEWERNEURSHUIS, KAAPSTAD,

21 Jan. 1901.

WAARDE MEJ. HOBHOUSE,—Ek het aan generaal Pretzyman, die militêre goewerneur van die Oranjerivier-Kolonie, geskrywe en hom gevra om u alle moontlike hulp te verleen.

Persoonlik is ek heeltemal gewillig dat u enige „refugee“-kamp sowel in die Transvaal as O.R.K. besoek, as die militêre gesaghebbende dit wil toelaat. Soos u weet, is lord Kitchener nie op die oombk gereed om goed te keur dat u verder as Bloemfontein sal gaan nie. Dog daar hy uitdruklik toegestem het dat u so ver sal gaan, dink ek nie dat daar enige moeilikheid kan wees dat u die kampe daar of enige ander plek op die spoor suid daarvan sal besoek nie. In elk geval, u kan hierdie brief vertoon om te bewys dat so ver as dit my betref, u besoek toegestaan en goedgekeur word.—Geheel die uwe,

A. MILNER (Hoë-Kommissaris).

Ek het met dankbaarheid lord Kitchener se beperkte verlof aangeneem, met die hoop dat ek in die toekoms geleentheid sou bekom om die meer noordelike kampe te bereik, soos Kroonstad, Winburg en Johannesburg, waar ek toe juis allertreurigste rapporte van verneem het. Sir Alfred Milner het my verder gehelp deur my 'n groot troks te verskaf waar ek 'n heel paar honderd pond se kruideniersware, klere en hospitaalbenodigdhede in kon pak. Hiermee het ek Kaapstad op 22 Januarie verlaat, en ek het Bloemfontein op die

24ste in die middag bereik. My eerste plig was om 'n besoek af te lê aan generaal Pretzman by die Goewermentsgebou. Hy het my seer vriendelik ontvang en my 'n permanente verloofbrief na die kamp gegee, waarin hy my voorstel aan die superintendent, met die mededeling dat aanbevelinge deur my gemaak in oorweging moes geneem word. Hy het my versoek om hom later te laat weet wat ek van die kamp dink, en dit het ek ook van tyd tot tyd gedoen.

My beskrywing van die Bloemfonteinse kamp en ander kampe soos ek hulle in dié tyd gevind het, is volledig in briewe na Engeland vervat; dele daarvan is enige maande later gepubliseer onder die titel „Rapport aan die Noodlenigingsfonds vir die Suid-Afrikaanse Vroue en Kinders.” Die briewe is nooit volledig gepubliseer nie.

Ek kon geen program van werksaamheid opstel aler ek die kamp en die mense gesien het nie. Ek het dus 'n paar dae deurgebring met gesprekke met die beamptes en die vroue om die toestande van die kampe, en van daardie een meer besonder, te wete te kom. Dit was oorlogstyd. Daar was druk op die kommunikasie, druk op die lewensmiddele, druk op die transport, op die skatkis—oral druk, met uitsondering van die brein en tyd van ondergeskikte beamptes. Kaartspel, polo en ander vermake het 'n groot deel van hulle tyd in beslag geneem.

Klaarblyklik moes die laags moontlike basis van gerief wat met gesondheid en lewe kon gepaard gaan, as maatstaf geneem word vir die bereikbare ideaal in die kampe. En hier wil ek daarop wys dat ek my aan hierdie maatstaf gehou het gedurende my verblyf in Suid-Afrika. Ek het die lyn so beslis getrek dat ek selfs kerse as weeldeartikels beskou het, behalwe in tyd van

siekte. Dit was swaar om in die donker te sit; dog dié wat nie in staat was om te koop nie, kon dit verduur; en ek het gesien dat ek die fondse tot my beskikking moes gebruik vir wat voedsaam, reinigend en verwarmend is.

Dit was nie lank nie, of uit 'n menigte kleinere besonderhede het sekere feite duidelik te voorskyn gekom. Ek het besef dat daar aan die uiterste lewensmiddele totaal gebrek was of dat hulle in te geringe mate uitgedeel word. Ek het gekom met die doel om hier en daar 'n ekstra gerief of kledingstuk te gee, sulke dinge soos nie van die outoriteite op daardie oomblik kon verwag word nie, en ek vind uit dat daar aan noodsaaklike lewensmiddele gebrek was.

Die herberg was heeltemal ontoereikend. As die ag, tien, of twaalf persone wat in 'n ronde tent gewoon het, daarin gepak was om teen die hitte van die son of die stof of reënstorme beskut te wees, dan was daar nie plek om te roer nie; en die lug was onbeskryflik, al was die klappe behoorlik opgebind. Daar word geen seep uitgedeel nie. Die watervoorraad was ontoereikend. Geen katel of matras was te kry nie. Dié wat hierdie dinge nie kon koop nie—en dit was die meerderheid—, moes daarsonder klaarkom. Brandstof was skaars en moes toe deur die mense self gehaal word van die groen bosse teen die koppies. Die vroegste rantsoenlyste toe in gebruik word ten volle in die aanhangsel meegedeel (bls. 393). Hulle was almal klein genoeg en skraal; dog wan neer, soos ek dikwels gevind het, die werklike hoeveelheid wat gegee geword is, nie die voorskryf behaal het nie, het dit hongersnood beteken. En tog, wonderlik genoeg, daar was weinig of geen klagte oor kos nie. Dit was gedeeltelik toe te skryf aan die feit dat daar vele was

wat nog privaat middele gehad het om hulle rantsoene aan te vul, en gedeeltelik het die mense self waarskynlik nie besef hoe verarmd die liggaams-gestel sou word op voedsel wat armoedig en een-tonig is nie. Ek het dit ook ongetwyfeld in die begin nie besef nie en het weinig hieroor gesê, behalwe dat ek rys as 'n alternatief so nou en dan aanbeveel het en melk vir die hospitaal en klein kindertjies. Die verstandigheid van die vroue was **treffend**; hulle gewone opmerking was : „Ons weet dit is oorlog, en ons kan nie veel verwag nie.”

Nou en dan was 'n versending koffie of suiker van **slegte** kwaliteit of was die **vleis** bedorwe, en dan was die **gevolge** **werklik** ernstig. Die heer Methuen het die **aandag** bepaal by die dokter se **analiese** van kos **eenkeer** in die **Johannesburgse** kamp gegee, en ek het koffie en suiker in my besit wat 'n Londense ontleder in die eerste geval **beskryf** het as vir **66 persent** vervals te wees en in die tweede as die uitvaagsel van die pakhuis.

Dog toe hulle geld **opgeraak** het, was die lewe **so** bitter dat baie vroue daartoe gedrywe was om van vriende of winkeliers of ander **besigheids-**manne teen 'n hoë rentekoers geld te leen.

In Januarie was daar **1,800** mense in die **Bloem-**fonteinse kamp ; 'en daar was baie ander groot kampe wat op my **besoek** nog gewag het. Om voorsiening te maak in die noodsaaklike lewens-behoefte waar **hierdie** kamp aan gebrek gehad het, sou al die middele tot my beskikking vereis het. Dit was ongetwyfeld die plig van die Regering om voorsiening te maak in die werklike lewensbehoefte van die mense wie se besittinge hulle vernietig het en wat krygsgevangene was, sowel as vir die weinige wat om beskerming **ingekom** het. Die geld wat aan my sorg toevertrou

was, was bedoel om klein ekstra bydraes aan die mense te gee om hulle lot te versag. Dog my hand word teruggehou ; want waar noodsaaklike lewensmiddele ontbreek, daar kan 'n mens nie aan ander geriewe dink nie. Ek het dus op die instruksies van generaal Pretzman **gehandel** en hierdie verskillende behoeftes aan die superintendent voorgelê. Ongelukkig vir die kamp was daar hierdie tyd gedurig verwisseling van diegene wat opsig gehad het, **waardeur** samehangende en georganiseerde werk onmoontlik geword het. Op my versoek om seep het ek die antwoord ontvang : „Seep is 'n **weeldeartikkel**,” en die verdere argument dat soldate geen seep by hulle rantsoen ontvang nie. Ek het daarop gewys dat dit 'n saak was tussen hulle en die kantoor vir militêre sake en het niks te maak met die noodsaaklikheid daarvan vir vroue en kinders nie. Eindelik is dit op die lys van benodighede geplaas ; ook strooi, meer **tente**, ketels om die drinkwater te kook; en **aansoek** is gedoen vir die aanlê van water van die stad, en om 'n matrone vir die kamp. Kerse, **vuurhoutjies** en dergelike **dinge** het ek nie gewaag nie. Dit was omtrent drie weke voor die antwoord op die rekwisiesie om seep **gekom** het; en in die tussentyd het ek seep weggegee. Ons was toe 'n stap vooruit. Seep word gegee, dog so suinig dat dit byna nutteloos was ; strooi was te kosbaar ; kookplekke moes van steen gebou word; dog om water aan te lê, word **geweier—omdat** „die prys dit verbied.” Later, nadat ek ander kampe **besoek** het en teruggekeer het en vind dat mense nog by honderde aangebring word en dat die bevolking snel verdubbel word, het ek keer op keer die **aandag gevestig** op die ontoereikende sanitêre akkommodasie, en nog meer op die nalatigheid van die kamp-outeuriteite om behoorlik te



sorg vir die latrines. Ek het in ander kampe gesien dat met behoorlike administratiewe organisasie alles suiwer en skoon kon gehou word. Dog week ná week gaan verby, en elke dag staan daar emmers vuil tot laat in die brandende son; en die lewe in die tentwoning in die deel van die kamp wat in die nabyheid was, word ondraaglik gemaak deur die gevolglike damp.

Met betrekking tot die besteding van die fonds wat aan my toevertrou was, was die verantwoordelikheid te groot om ander mense se geld somar op goedgeeluk af weg te gee, en ek het gevoel dat dit noodsaaklik sou wees om eers 'n algemene idee te kry omtrent hoe en waar die behoefte daaraan die grootste is. Om dit te verkry, het ek besluit om 'n gereelde stelsel van ondersoek te volg. Deur antwoorde te kry op 'n sekere aantal eenvoudige vrae,<sup>1)</sup> kon ek spoedig te wete kom wat die posisie van 'n gegewe famielie vroeër was, wat sy toestand nou is, en wat sy vooruitsigte. Nadat ek hierdie eenvoudige informasie in hande gehad het, kon die antwoorde gemaklik getabuleer word en 'n idee gekry word omtrent die soort hulp waar daar die mees algemene behoefte aan is, en onder wie, en watter deel van die geld oorgehou moes word om aan elke famielie te gee as hulle teruggaan huis-toe. Destyds het weinig gedink dat die oorlog so lank sou duur of dat die kampstelsel sulke afmetinge sou aanneem. Ek het reeds ver genoeg gevorder met hierdie plan om vir myself 'n duidelike algemene oorsig van die situasie te kry toe ek vind dat die mense van alle kante in sulke groot getalle steeds ingebring word dat my skema daardeur heeltemal onprakties geword het. Het die kampe so groot gebly soos hulle was toe ek hulle eers gevind het, kon 'n

1) Vgl. my rapport, bla. 18.

goeie stelsel van hulpverlening spoedig georganiseer gewees het. Dit was egter duidelik dat hulle veel groter afmetinge sou aanneem, en met die massa verarmde mense het dit al die tyd en geld in beslag geneem om gevalle van dringende noodsaaklikheid uit te vind en te behandel. Elke dag het dit meer duidelik geword dat kampmatrones onontbeerlik is vir die werk wat nie deur 'n man kon gedoen word nie, en ook nie deur die verpleegsters wat al hulle tyd aan die hospitaal behoort te gee nie, en ook nie met rukke en stote deur enigeen nie, maar alleen deur 'n bekwame hoof met 'n groot staf van gereelde werksters.

Wat betref Bloemfontein, en ook in ander dorpe, het die plaaslike dameskomitee, waar daar een bestaan het, in alle opsigte hulle uiterste gewilligheid getoon om te help; en 'was dit nie vir hulle poginge om klere te verskaf nie, dan sou die lot van die hulpelose mense werklik treurig gewees het. Dog hier, soos oral, het hulle onder groot moeilikheid gewerk. Tot my verbasing het ek langamerhand gemerk dat sowel die sensorkap as die stelsel van verspieding nie alleen van militêre aard was nie, dog ook van politieke en byna persoonlike aard; sodat iemand hom aan suspesie blootstel as hy net medelye voel met die mense-wat nog hulp bewys! Meer as een liefdadige onderneming in Bloemfontein en ander plekke is dus doodgebore as gevolg van die afkeurenswaardige invloed. Sulke onderneminge, wat geen ander doel gehad het nie as die versagting van die lye, sou meer as een kosbare lewe gered het as daar meer vryheid aan die werkers gegee was. Lewe en werk in die kampe het ondraaglik geword deur die teenwoordigheid van spioene wat ongegronde stories aangedra het. Elkeen weet watter soort mense werk onderneem

wat verspieding -van hulle bure beteken en kan hulle eie gevolgtrekkinge maak omtrent die waarde van sodanige werk. Hierdie saak word hier aangehaal eenvoudig om aan te toon aan welke moeilikhede die vrywillige helpers, wie se onselfsugtige werk so onregvaardig gekritiseer en veroordeel is, onderworpe was. Niemand kan op die beste wyse 'n werk aan die gang sit of organiseer met die bewussyn dat die hele atmosfeer swanger is van agterdog. As die dames nie alleen in Bloemfontein nie, maar ook elders van stap tot stap gedwarsboom geword en vreesagtig gemaak is deur sensormetodes, sou hulle vroulike gesond verstand en hulpvaardigheid veel algeweer het van die treurspel wat ons nou almal berou.

Ek het 'n reis gemaak om ander kampe te besoek en het gevind dat hoewel hulle in sommige opsigte beter was as Bloemfontein, tog het dieselfde behoeftes in die algemeen in elkeen hulle laat voel, met afwykinge volgens plaaslike omstandighede, soos in my rapport vermeld word.) Ek het Norvalspont, Aliwal-Noord, Springfontein, Kimberley, Mafeking en Oranjerivier se kampe gesien, en sommige van dié by meer as een besoek. By my terugkeer op Bloemfontein het ek gevind dat majoor Goold-Adams pas aangekom het om die betrekking van gevolmagtigde administrateur te aanvaar. Totnogtoe was die kampe onder militêre beheer; nou sou hulle onder die siviele administrasie te staan kom.

Ongetwyfeld was dit uiteindelik die beste; dog op daardie oomblik met siektes wat regeer in die kampe, met 'n gedurige toestroming van nuwelinge, met 'n nuwe organisasie, het die verandering van een gesag na die ander groot wrywing veroorsaak en die moeilikhede van die toestand

1) Vgl. my rapport, bls. 10.

vererger. Ook het siviele superintenden te selde soveel kennis van organisasie en dissipline besit soos militêre manne gewoonlik het. In sommige opsigte het die militêre egter nog die leisels in hande gehad; en 'n poging om iets gedaan te kry moes gedurig ondervind dat die een gesag die verantwoordelikheid op die ander wil skuiwe.

Verder was die uitgawe 'n gedurige moeilikhede. Dit mag vreemd klink vir diegene wat hulle idee van die kampe uit die beskrywing van die heer Conan Doyle gevorm het. In die towerland van sy vrugbare verbeelding „word geen geld gespaar nie,” en „elke kind onder ses jaar kry 'n bottel melk op 'n dag.” Dog ons het met feite te doen. Majoor Goold-Adams het met belangstelling hom aan die behartiging van die kampe gewy. Hy het die kwessie van matrasse bespreek, en ek het hom 'n memorandum gestuur omtrent die prys van slope en maakloon om een aan elke tent te verskaf. Dit het my van die allergrootste belang voorgekom om die mense in die nag nie op die grond te laat lê nie. Ek het aangebied om die hele voorsiening op my te neem en selfs vir almal te betaal, as die Regering strooi sal verskaf om die matrasse mee te stop. Die militêre het dit geweier op grond dat dit te duur is, en hulle kon geen voldoende voorraad van enige ander materiaal kry nie. Die veld was kaal en sonder gras, anders sou dit goed daarvoor gedien het.

Die enigste ligpunt in die komplekse hierdie tyd was die klein skooltjies; ons het dit aan die wysheid en ywer van die heer Sargant te danke dat hulle gestadig uit die gaos te voorskyn gekom het. Hulle is van harte verwelkom geword en as 'n verbetering beskou op die talryke klein klassies wat hier en daar deur ywerige Boeronderwyseresse onder die moeilikste omstandighede begin en

voortgesit is. Goeie administrasie het ook, waar ons dit teëgekomp het, verblydende tekene meebring. Dit was die geval in die heel vroegste dae van Aliwal-Noord onder majoor Apthorpe; en ek het dikwels in publieke vergaderings en elders **uitgewei** oor die superioriteit van die kamp op Norvalspont, wat in Maart onder die administrasie van die heer Cole Bowen gekomp het. **Hierdie** kamp is van die begin gelukkig gewees met sy kommandante. Die eerste wat dit georganiseer het, as my informasie korrek is, is luitenant Wynne van die Imperiale Yeomanry, wie se gedrag vir hom die tiel van „**Kampvader**” verwerf het, **asook** die liefde van die mense wat aan sy sorg toevertrou was. Ek weet nie wie hy is nie, dog ek noem dit omdat ek meen dat dit hom nie onverskillig sal wees om te weet dat lank nadat hy die plek verlaat het, hy nog met liefde en **respek** in herinnering gebly het. Ná 'n pouse van strenge militêre dissipline onder majoor Du Plat Taylor het die kamp in **hande** van die heer Cole Bowen **gekomp**. **Hierdie** heer het **ongetwyfeld** administratiewe bekwaamheid geopenbaar. Sy regering was beslis, regvaardig en vriendelik; en dit het gelyk of sy **middele** onbeperk was. Sodanige bestier het meer verligting aangebring in die ontbering wat **almal** moes tors, as enige hulp van **buite** kon gedaan het. Gevolglik was die hele **gees** van die kamp van 'n hoër gehalte.

Dit was my wens en suggestie dat die heer Cole Bowen gevra sou word om ander kampe te besoek ten einde sy beter metodes in toepassing te kry en also onnodige smart te voorkom. Die idee is **egter** nie ten uitvoer gebring nie, totdat gedurende die laaste maande van die jaar ná die dameskomitee dieselfde voorstel gedaan het, en die heer Bowen reisende inspekteur geword het, met ge-

volge waarvoor Bethulie vereers, **daardie** noodlottige kamp, nooit dankbaar genoeg kan wees nie.<sup>1)</sup>

Enige weke het verbygegaan gedurende my tweede reis voor ek na Bloemfontein **teruggekeer** het. Ondertussen het **nuwe** skoonmaakbeweginge gedurende die hele Maartmaand en deel van April die uitwerking gehad dat 'n menigte families die bevolking van die kampe vermeerder het. In alle rigtinge was ek hier getuie van, en ek het geles dat dit **oral** plaasgevind het. Ek het **families** opeengedronge gesien digby die spoorlyn naby Warrenton en Fourteen-Streams; ek het 'n oorlaaide trein die hele lange dag sien kruip na Kimberley; die mense, oud en jonk, in ope trokke **gepak** onder 'n wrede son, by die stasie **gehou** sonder iets om te eet tot laat in die nag; **temiddernag** na leë tente vervoer waar hulle in die donker **rondtas** na hulle bondeltjies en gaan **le** sonder voorsorg, eet of drink. Ek het hulle by hope gesien langs die spoor in bittere koue, in stortreëns-hongerig, siek, sterwende en dood. Ek het hierdie geduldige mense gesien, by treinvrage na Bethulie en elders **gestuur**; en ek het nooit getwyfel dat elke vroulike landgenoot van my, as hulle dit kon **sien** en weet, net soos ek sou gevoel het—naamlik groot medelye met hulle in hul verlate toestand, en 'n verlange om dit te verlig. Ek geloof dat die meeste soldate rondom my dieselfde **gedagte** gekoester het.

My eerste besoek na die kamp op Bloemfontein ná verloop van 'n paar weke was 'n groot skok. Die bevolking was verdubbel en het die uitwerking van aangebragte verbeteringe verswelg, daar dit nie gelyke tred kon hou met die getalle wat **versorg** moes word nie. Siekte het toegeneem, en

<sup>1)</sup> Vgl. bls. 310 om besonderhede omtrent Bethulie-kamp, geskrywe deur een van die inwoners daarvan.

die aanblik van die mense was uiters ellendig. Siekte en dood het hulle merktekene op die aangesigte afgedruk. Vele wat ek fris en gesond, vol in die gesig en liggaamsbou verlaat het, het so 'n verandering ondergaan dat ek hulle nie kon herken nie. Ek kon toe besef hoe die kamplewe onder hierdie gebrekkige toestande op hulle getel het, en geen onpartydige getuie kon anders as gesien het wat die gevolge moes wees, tensy verpleegsters en beddegoed sonder versuim in oorvloed kon toestroom. Ek het die gevolmagtigde administrateur opgesoek en die sterftesyfer aan hom voorgelê, wat in die naburige kamp reeds op 20 persent uitgewerk het, en hom gevra of daar niks kon gedaan word om die toestroom van mense te keer nie. Hy antwoord dat hy onder die indruk was dat al die mense van die hele land, behalwe van dorpe langs die spoorlyn, ingebring moes word. Sy vriendelikheid en beleefdheid het my dikwels aangemoedig om aan hom voor te lê nie alleen die stoflike node van die vroue nie, dog ook ander beproewinge en strawwe wat op hulle gedruk het en wat my onnodig streng voorgekom het en wat blykbaar wonde geslaan het wat selfs die tyd geen mag sou hê om te heel nie. Sy handelwyse was ongetwyfeld deur hoër gesag gedikteer en sy mensliewendheid gekortwiek deur gebrek aan middele. My fonds was maar 'n druppel in die oseaan van nood.

Twee weë het daar vir my opegestaan. Onder die mense te bly en kleine gifte of klere uit te deel, wat maar slegs die oppervlakte van die nood kan raak, of om huiswaarts terug te keer met die hoop om beide die Regering en die publiek te beweeg om so spoedig en oorvloedig by te dra dat die lewens van die mense, of ten minste die kinders, gered kon word, Dit het my voorgekom

dat daar in Suid-Afrika' self die vereiste uitgawe nooit toegestaan sou word nie.

Dog ek het eers besluit om 'n poging aan te wend om Kroonstad te besoek en hulp daarheen te bring waarheen ek dikwels deur die superintendent uitgenodig was.)

Daar lord Kitchener sy weiering om my 'n verlofbrief noord van Rloemfontein toe te staan, herhaal het, het ek die saak na die Hoë-Kommissaris verwys, wat getelegrafeer het dat dit tot sy leedwese nie moontlik was nie. Daarna het ek die feite aan majoor Goold-Adams blootgelê en hom gevra of sy hulp my nie so ver soos Kroonstad kon kry nie. Hy het ontkenkend geantwoord, en tegeelykertyd het hy 'n bietjie uitgewei oor die waar-skyndlike redes waarom dit my geweier was om verder te gaan.

Dit word gesê dat ek „persoonlike simpatie” met die mense openbaar. Ek het met verbasing geantwoord dat dit presies die rede was waarom ek gekom het om persoonlike medelye en hulp in persoonlike beproewinge te bewys. Hy was van mening dat gifte op 'n meganiese wyse uitgedeel kon word. Ek het gesê dat ek so nie kon werk nie ; ek moet die mense soos mede-skepele behandel en deel in hulle smarte. Hy het dit onnodig geag.

As die leser Artikel XV van die Haagse Konvensie (1899) aan die begin van hierdie boek wil nasien, sal dit duidelik blyk dat hierdie weiering om my fasiliteite te verskaf om my reddingswerk onder die krygsgevangene voort te sit, direk in stryd was met die gees indien nie met die letter van daardie artikel nie. Ek was altyd gewillig

1) Ek moet daarop wys dat die gedurige aansoek om verlofbriewe en passe die moeilikhede en vermoenens van die werk grootliks vermeerder het. Dit het ure en selfs dae in beslag geneem en het nie alleen tydverlies beteken nie, maar ook groot beproewing vir liggaam en gees.

gewees om my aan enige regulasie te onderwerp, en daar was inderdaad nooit enige beskuldiging teen my dat ek 'n voorskrif oortree het nie.

Majoor Goold-Adams beweer verder dat dit ook van Pretoria onder sy aandag gebring is dat daar briewe van my in Londen in 'n vergadering gelees was wat, volgens hy verstaan het, 'n politieke vergadering was. Daar ek daardie dag gelyksoortige nuus per pos gehad het, was ek in staat om aan hom mee te deel dat dit 'n *privaat* vergadering was van persone wat tot die fonds bydra, wat in die huis van my oom vergader het, en dat dit nie 'n politieke vergadering was nie. Natuurlik het die mense een of ander verslag verlang omtrent wat met hulle geld gedoen word.

Ná hierdie gesprek het ek die posiesie begryp. Dit was nie 'n kwessie van politieke gevoelens nie. Daaromtrent het ek altoos 'n negatiewe houding aangeneem. *Persoonlike* medelye moes teengewerk word. Hierdie heeltemal onverwagte handelwyse het veel verklaar van wat my as besonder pynlik in die kampe voorgekom het, in die algemene houding en toon deur vele van die beaampptes teenoor die vroue aan hulle sorg toevertrou, aangeslaan, wat hulle maatskaplike stand ook mag gewees het.

Hierdie medelye waar 'n kranke en ontroofde vrouegeslag soveel behoefte aan het, moes hulle ontnem word, nie alleen wanneer mense van hulle eie ras soos plaaslike komitees dit aanbied nie, dog selfs ook daar waar dit deur 'n Engelse vrou, wat geloof het dat wat die uitslag van die oorlog ook mog wees, elke dusdanig gemaakte vriend 'n skakel met Engeland sou wees, aangebied word.

Ek het onder hulle gekom as 'n vrou tot vroue en het op geen ander standpunt met hulle omgang gehad nie, En tog, een individu wie se handel-

wyse aldus onwetend in stryd was 'met die uitgedrukte houding van die owerheid, kon so te sê niks doen nie, met die oog ook op die geweldige bevolkinge van die kampe. Siekte en dood was reeds onder hulle losgelaat. En as toereikende hulp in die vorm van geld, goed of werkende personeel sou kom; as 'n ontsaglike lys van dooie verhoed moes word, kon dit alleen geskied deur 'n kragtige waarskuwing aan die Regering omtrent die ernstige toestand van sake en 'n opdrag van Engeland om die hele stelsel op 'n hoër voet te plaas.

Die aankoms van Engelse koerante nou en dan het my vrees bevestig dat die feite soos hulle werklik bestaan het, heeltemal in Engeland verkeerd begryp word. Dit is waar dat poginge aangewend in die Laerhuis 'n end gemaak het aan die half-rantsoen-stelsel, dog die behandeling van „ongewenstes” het op ander maniere nog verskil van die op „refugees” toegepas; dog ek het met outsetting lord Kitchener se boodskap gelees, deur die heer Brodrick meegedeel, dat daar „toereikende voorsiening vir die mense gemaak was en dat hulle almal op hulle gemak en gelukkig was.”<sup>1)</sup>

Ek het ook gesien dat die Sekretaris vir Oorlog, wat ongetwyfeld hom verlaat op die skrale informasie in telegramme bevat, die Huis meegedeel het dat die mense na die kampe vir beskerming kom (van 'n minderheid alleen waar) en dat die wat gekom het, ook weer kon gaan.<sup>2)</sup> Ek wis dat hulle ellendig sleg gevoed, siek en sterwend was. Dit was duidelik dat daar 'n misverstand was, en die land as 'n geheel was onkundig omtrent die werklike toedrag van sake. Tog was dit juis wat

<sup>1)</sup> „Times,” 2 Maart 1902.

<sup>2)</sup> 25 Febr. 1901. „Hansard,” Deel LXXXXIX, bla. 1021.

die Boervroue my gedurig gevra het : „Weet die Engelse volk wat ons ly?”

„Laat ons nie,” sê die kolonel wat beheer gehad het oor een van die dorpe en na wie ek om hulp in my werk gegaan het, „laat ons dit nie ‘n ,refugee’-kamp noem nie. Die mense is *the* ,refugees’ (vlugteling) nie.” Ek het volkome ingestem en met hom gevoel dat dit altyd beter is om die, werklikheid in die gesig te sien.

**Geskok** deur die ellende wat ek gesien het en bewus dat daar gelyksoortige lye in omtrent dertig ander kampe is, en **oortuig** dat daar met die regte administrasie veel van hierdie ellende kon wegge- neem word, en sterk in die geloof dat Engelse menslikheid, indien **ingelig**, sulke toestande nie sou **verdra** nie, het ek besluit om, huis-toe te gaan en Suid-Afrika met innige spyt verlaat, dog **sonder** versuim.

Dit was **duidelik** dat hervorming, om doeltreffend en reddend te wees, van Engeland moes kom, op ‘n groot **skaal** moes wees en, wat dit ook mog kos, onmiddellik moes kom.

---

## HOOFSTUK 111.

---

JUNIE TOT DESEMSEER.

---

MY POGINGE OM DIE WAARHEID BEKEND TE MAAK.

---

SEKSIE A.

---

*„Milton! thou should'st be living at this hour:  
England hath meed of thee; she is a fen  
Of stagnant waters: altar, sword and pen,  
Fireside, the heroic wealth of hall and bower,  
Have forfeited their ancient English dower  
Of inward happiness. We are selfish men:  
Oh! raise us up, return to us again.”*<sup>1)</sup>

—WORDSWORTH.

In die voorgaande hoofstuk het ons ‘n oorsig gegee van die heersende indrukke in Engeland omtrent die kampe, insoverre dit kan gesê word dat die volk enige indruk gehad het; en met weinige uitsonderinge was daar niks meer bekend nie. As ‘n voorbeeld van die algemene vaagheid wat ek in Londen by my aankoms omtrent hierdie groot beweging gevind het, kan ek meedeel dat ‘n redakteur van ‘n prominente Londense koerant onder die indruk verkeer het dat daar net een

---

1) Milton! u moes vsndag geleef het: Engeland het u nodig; sy is ‘n moeras van staande waters: die altaar, die swaard en die pen, die haard, die helde-rykdom van stad en land, het hulle aloude Engels skat van innige geluk verloor. Ons is selfsugtige mense: O, wêk ons op, keer tot ons terug.

vrouekamp was, en dat dié êrens in die nabyheid van Kaapstad was, My raadgewers in Engeland was begerig om die insameling van fondse vir die reddingswerk in die kampe te bevorder deur 'n paar uittreksels van my briewe, beskrywinge op die plek aan my famielie en vriende gerig, te publiseer. Aler tot 'n besluit te kom om deur middel van hierdie briewe op 'n wyer publiek 'n beroep te maak, was ek begerig om as 'n eerste stap my informasie voor die Sekretaris van Staat vir Oorlog te lê. 'n Toespraak deur hom kort gelede (*Times*, 25 Mei 1901) in die Parlement **gemaak** het hierdie begeerte versterk, want hy het by daardie geleentheid gepraat van „die vroue wat om voedsel en beskerming teen die Kaffers inkom,” van „20,000, 30,000 of 40,000 vroue wat hulle onder ons beskerming geplaas het,” van „geen geval waar daar in die kampe ooit gebrek aan voedsel was” en van „oneindige verbetering ens.

Ek skryf dus aan die heer Brodrick, die Oorlogsminister, met die versoek of hy my 'n onderhoud sou toestaan; en ek meld dat hoewel my eerste plig is teenoor die komitee wie se fondse ek administreer, ek graag al die informasie in my besit voor die Regering sou wil lê voor my verklaringe openbaar **gemaak** word, ingeval tot daardie stap besluit word.

In antwoord hierop word ek uitgenodig om die heer Brodrick te ontmoet (4 Junie); en sover dit in 'n vlugtige uurtjie moontlik was, het ek probeer om die toestand van die kampe aan hom duidelik te maak-ontoereikende lewensmiddele, poginge tot verbetering deur toevloed van nuwe komelinge verswelg, veel siekte en groot sterftesyf, dat die oorgrote meerderheid daar onder dwang was en as gevangene nie toegelaat om die plek te verlaat

nie, al was hulle gesondheid en lewe in gevaar. Die heer Brodrick het vriendelik en met aandag geluister en my gevra om my aanbevelinge skriftelik in te stuur. Dit is op dieselfde dag gedaan en is later beliggaam in die rapport<sup>1)</sup> wat die komitee van die Hulpfonds veertien dae later openbaar gemaak het. Hierdie rapport het die algemene aandag op die konsentrasiekampe bepaal. Al was dit maar skraal, tog het dit veel simpatie opgewek en, soos lord Spencer dit uitgedruk het, „'n diep gevoel van medelye deur die lengte en breedte van die land” geskep.

Voor hierdie publikasie was daar 'n debat oor die konsentrasiekampe in die Laerhuis, in verband met die heer Lloyd George se mosie van verdaging.<sup>2)</sup> Ek het laasgenoemde noukeurig van dokumente voorsien en het persoonlik hom 'n skildery geteken van die toestand in die kampe en die hartverskeurende ellende van die hawelose vroue en kinders. Met die welsprekendheid waaroor hy beskik, het hy die toestand tekenend voorgestel ondanks die kille atmosfeer van 'n onsimpatieke Huis, en ondersteun deur die heer John Edward Ellis het hy 'n beroep gedoen op die kristelikheid en humaniteitsgevoel van die Huis om dadelik stappe te doen ten einde die lye van die vroue en kinders te versag.

Die heer Brodrick het 'n verskonende houding aangeneem en beweer dat die fout dat hierdie vroue hulle in kampe bevind, te soek was by hulle eie mans, wat nie „hulle eie verantwoordelikheid in die saak besef nie.” Dit was selfs toe te skrywe, het hy beweer, „aan die dade van hulle eie vriende.” Hy wys op die moeilikheid, wat van die begin in die oog vallend was, dat dit nie maklik

1) Vgl. my rapport, bls. 14.

2) Vgl. „Times,” 18 Junie.

was om 63,000 mense (die getal op daardie datum) te huisves en te voed nie, en dan nog ook 'n groot leër daarby. Hierdie feit is so vanselfsprekend dat 'n mens sou veronderstel dat daar 'n voorbereiding voor sou gemaak word aler so 'n reusagtige militêre beweging op tou gesit word. Die heer Brodrick het die Huis verseker dat persone wat daarheen gewees het om gifte uit te deel, hom verseker het dat „die toestand van sake in plaas van kwaad tot erger te gaan, gestadig beter word.” My eie poging was aangewend om die heer Brodrick onder die indruk te bring van die feit dat die aangebragte verbeteringe—en hulle was min—verydel geword is deur die toevloed van nuwe komelinge.

In my herinnering van daardie debat staan die poging van die heer Herbert Lewis om die aandag van die Huis op die puur menslike sy van die saak te vestig, op die voerpunt. Die Huis was onsimpatiek, het nie geweet nie en wou nie weet nie. Tevergeefs is daar 'n beroep op die menslikheid gedoen, en hulle het die heer Lewis letterlik van sy voete af geskree met onafgebroke lawaai en vervelende geroep van „Verdeel! afkomstig uit die ministeriële banke. Die skildery alhier tentoongestel van onverskilligheid en ongeduld, wat weier om oor te verleen aan onverdiende smart, was 'n droewige teenstelling met tonele in Suid-Afrika, nog vers in my geheue.

Saam met die Boervroue het ek die oortuiging gehad dat Engelse menslikheid ongetwyfeld dadelik handelend sou optree as die waarheid helder aan die lig kom. Ek het dit mis gehad; geen barbaarsheid in Suid-Afrika was so erg soos daardie kille wreedheid van die ongevoelige Parlement nie.

Op die eerste deel van die heer Brodrick se toespraak het president Steyn in sy amptelike berig aan lord Kitchener geantwoord, en dit kan in hierdie verband met belangstelling gelees word.<sup>1)</sup>

Om te beweer dat hulle uit vrye beweging in die kampe ia, is in stryd met die feite; en om te verklaar dat hierdie vroue na die kampe gebring is omdat die Boere geweer het om in die behoeftes van hulle families voorsiening te maak—(soos die Minister van Oorlog omlaas volgens rapport in die Parlement gedoen het), is 'n laster wat ons minder kwaad berokken as vir die lasteraar self en wat ons oortuig is nooit die goedkeuring van U Eksellensie kan wegdra nie.

M. T. STEYN.

'n Paar dae ná die publikasie van my rapport het die Sekretaris vir Oorlog die volgende antwoord gestuur op die aanbevelinge wat op sy versoek deur my gestuur was :—

OORLOGSKANTOOR, 27 Junie 1901.

WAARDE MEJ. HOBHOUSE.—Die aanbevelinge vervat in u brief d.d. 4 Junie insake die konsentrasiekampe is ernstig in oorweging geneem, en ek is nou in staat om u die beskouing van die Regering daaromtrent mee te deel, wat, soos u self sal erken, seker oor die algemeen u wense tegemoet sal kom. Wat betref :—

VRAE.

1. U vra dat alle vroue wat dit nog kan regkry, verlof sal verleen word om uit te gaan:
  - (a) Diegene wat, hoewel self nooddrufstig, vriende en bloedverwante in die K.K. het;
  - (b) Diegene wat in staat is om hulleself in die K.K. of in dorpe op die lyn te onderhou;
  - (c) Diegene wat dorps huise het om in te gaan;

ANTWOORDE.

1. Ons het aan lord Kitchener ons beskouing meegedeel dat alle vroue wat onder hierdie vier hoofde val, toegelaat sal word om te gaan, tensy daar 'n beswaar is uit militêre oogpunt. Die kwessie van die instroming van „refugees” in die Kaapkolonie is aan groot besware onderhewig, en dm Kaapse Regering sal hieromtrent in elk geval moet geraadpleeg word.

<sup>1)</sup> Uit antwoord van Steyn op Kitchener se proklamasie, d.d. 15 Aug. 1901.



(d) Diegene wat van hulle kinders geskei is en wat verlang om na hulle toe te gaan.

2. Vrye passe vir elkeen na die naburige dorpe om werk te soek.

3. Met die oog op die uitgebreidheid van die kampe, die siekte en sterfte, 'n inwonende predikant in elke kamp, of vrye toegang vir enige predikant in die nabyheid.

4. Dat met die oog op die ontelbare moeilikhede wat voorlê en die feit dat die kampe reeds oorvol is, geen vroue of kinders meer ingebring word nie.

5. Dat met die oog op die feit dat die meeste van die mense vroue en kinders is, en met kennisneming van die goedgeslaagde organisasie van die matrone op Port-Elizabeth, 'n tweetalige matrone in elke kamp sal aangestel word. Daar is baie vroue wat hierdie werk vrywillig sal onderneem.

6. Dat met die oog op die oorlaaide toestand van die spoorlyn en die steeds toenemende gebrek aan brandstof, elke nuwe kamp op 'n gesonde plek in die K.K. sal wees, digter by benoëdhede en liefdadige hulp.

7. Dat omdat alles hierbo vermeld en veel meer nie genoem nie, wat insluit die ekonomiese uitdeling van

2. Ons verstaan dit is reeds die geval in die mees- te kampe.

3. Lord Kitchener het getelegrafeer dat daar predikante in of digby al die „refugee“-kampe woon en dat daar gereeld dienste gehou word.

4. Ons meen dat alle moontlike voorsorg gemeem word teen opeenhoping. Ons kan dit nie onderneem om die getalle wat vir militêre doeleindes na die Konsentrasiekampe vervoer word, te beperk nie.

5. Elke kamp bet reeds 'n opgeleide matrone met 'n assistente, asook 'n bevoegde geneesheer en superintendant met bekwame staf. Die verpleegsters sluit vroue in wat uit die „refugees“ gekies is, wat vir hulle dienste betaal word. Die hele staf word aangestel met die uitdruklike inagneming van hulle kennis van Hollands.

6. Noukeurige aandag sal aan hierdie punte ge- w y word by die keuse van die ligging vir nuwe kampe.

7. Ons ag dit meer wenslik om deur plaaslike komitees te werk en persone deur die Regering uitge-

klere, veel versigtige organisasie, porweging van kleinighede en toegewyde aandag vereis, vrye toegang sal verleen word aan ten minst 8 ses geakkrediteerde verteenwoordigers van Engelse liefdadigheidsgenootskappe, wat voorsien sal wees van permanente verlofbriewe, die gesag van die Hoë-Kommissaris vir hulle werk sal hê, en verantwoordelik sal wees aan die Regering sowel as aan die liggame wat hulle verteenwoordig. Hulle moederlike instink en vroulike vindingrykheid sal veel regmaak wat verkeerd is.

8. Dat die geneeskundige rapport oor die toestand van die kinders op Bloemfontein gevra en daarop gehandel sal word.

9. Dat die vroue wie se applikasies hierby ingesluit word, dadelik verlof sal kry om die kamp te verlaat. Hulle is goeie vroue, en hulle krag en gesondheid gaan verlore ten gevolge van die langdurige inspanning.

Al die bogemelde aanbevelinge is aan lord Kitchener gestuur, wat ongetwyfeld daarop sal handel behalwe in gevalle waar militêre noodsaaklikheid hom sal verhoed om sulks te doen; dog ek voorsien nie 'n moeilikheid van daardie aard nie. Ondertussen aanvaar die Regering met blydskap die wenk dat fondse sal ingesamel word om geriewe in die kampe te verskaf, behalwe die werklike lewensbehoef tes waar die Regering behoortlik in voorsiening kan maak en is gewillig—deur lokale kommissies of persone van Engeland deur die Regering uitgestuur om in oorleg met die plaaslike komitees te werk—hom verantwoordelik te stel vir die distribusie van gemelde fondse, of hulle bestem is vir die konsentrasiekampe of vir lojale onderdane van die Kroon wat ten gevolge van die oorlog gely het. U het waarskynlik 'n brief van my oor hierdie

stuur om saam met hulle te werk, 'en sal binnekort sekere persone uitstuur om die komitees behulpsaam te wees in die uitdeling van liefdadige fondse.

8. Hierdie rapport word gevra.

9. Afskrifte van hierdie applikasies is aan lord Kitchener gestuur.

onderwerp aan mevr. Alfred Lyttelton in die Pers vandag gesien. Ek het alle verwagting dat binne die noodsaaklike perke verbonde aan kampelews alle redelike voorsiening reeds gemaak is in die konsentrasiekampe wat betref behoorlike voedsel en lewensbehoefes, met doeltreffende mediese behandeling, skole vir onderwys, godsdienslike bediening, verskillende soorte van werk en vermaak vir die ingesetene. Ongetwyfeld sal die hulp uit die gemelde fondse ontvang, bydra om die lot van diegene wat die ontberinge van die oorlog ondervind, so lig te maak soos onder die oorlogsomstandighede en die moeilikhede van die land moontlik is.—Die uwe,

ST. JOHN BRODRICK.

Elkeen wat bekend is met my aanbevelinge soos na die Ministerie van Oorlog gestuur, sal Opmerk dat in hierdie antwoord die bewaarding „in gelyke mate” van No. 2 en die hele oorspronklike No. 3 uitgelaat is. Hulle het gelui :-

2. Vrye passe na die dorpe in gelyke mate vir almal wat veiligh om daar werk te soek.

3. Gelykheid van behandeling, of die mans van die familie veg, of gevange is, of dood, of die wapens neergelê het.

My antwoord sal aantoon dat ek gevrees het dat die eerste belangrike konsessie 'n dooie letter sou wees, tensy vriende teenwoordig, was om dit bekend te maak en moeilikhede uit die weg te ruim, en inderdaad het gevalle soos dié van mevr. Hertzog, mevr. Neethling en vele andere bewys dat dit niks meer as 'n guns op papier was nie. As daarop gehandel was, sou meer as een lewe gered gewees het. Ek het geskrywe :-

WAARDE MNR. BRODRICK,—Ek gevoel my ten seerste aan u verplig vir u brief waarin u die beskouing van die Regering omtrent my aanbevelinge in verband met die konsentraaiekampe uiteensit. Elkeen sal 'n gevoel van verlossing en dankbaarheid ondervind om te verneem dat alle vroue wat onder die vier hoofde a, b, c, d val, toegelaat sal word om te gaan. Die klousule „tensy daar 'n beswaar uit militêre oogpunt is” kom my voor, nadat ek die verwickelinge van 'n krygswet-regime aanskou het, oorsaak

vir kommer te lewer dat gemelde konsessie van alle betekenis ontbloeit mag word. Ek sal later dit waag om 'n voorstel op hierdie punt te maak. Vergun my ook my volkome instemminge betuig met u voorstel dat die Kaapse Regering geraadpleeg sal word met betrekking tot die versending van groot aantalle na die suide om nuwe kampe te vorm, en ek vertrou dat hierdie raad sonder versuim sal ingewin word. Die aanvanklike moeilikhede in verband met die wessending sal groot wees; dog dit sal ongetwyfeld uiteindelik voordelig wees, veral as dit is soos ek uit u antwoord op No. 4 uitmaak, dat die getalle in die kampe vergroot sal word, en ek weet uit ondervinding dat dit reeds onmoontlik is om in die bestaande kampe opeenhoping te vermy ten gevolge van die onmoontlikheid om genoeg tente so ver van die kus te bekom. Die voorsiening sal goedkoper en makliker wees, die spoorlyn in gelyke mate vryer vir militêre gebruik; en ek twyfel nie dat die uitwerking wat algemeen begeer word, nl. die vermindering van die abnormale sterftesyfer, grootliks bewerkstellig sal word. (As die samewerking van die Kaapse Regering perky kan word, het ek die toestemming van my Kommissie om my dienste u aan te bied vir persoonlike toesig by gemelde verhuising; ook kan die fondse van die Kommissie op nuttige wyse bestee word om die toelaag van die Regering aan te vul met dinge wat vroue en kinders onder dergelyke omstandighede behoef.)

Wat betref Aanbeveling No. 2, is ek daar volkome bewus van dat dit reeds, soos u tereg verstaan het, in sommige kampe in sekere mate die gebruik is om passe toe te staan; dog ek was begerig om daarop te wys deur middel van die uitdrukking „in gelyke mate” in my eerste brief aan u dat die passe op die oomblik verleen of geweier word om redes moeilik te begryp en dikwels blykbaar willekeurig; en ek sou graag daarop wil aandring dat die reël neergelê sal word dat passe algemeen sal verleen word, tensy daar duidelike en ongetwyfelde redes in spesifieke gevalle bestaan om te weier.

No. 3 Wat betref predikante: Wat dringend nodig is, is nie so seer die hou van gereelde dienste nie, as die besoek van sieke en sterwende en die begrawe van die dode. Hierdie pligte kan laarblyklik nie vir groot getalle mense vervul word nie, deur geestelike wat in naburige dorpe woon en hulle eie gemeentelike werksaamhede het. Kan die wenk van dr. Andrew Murray nie meer algemeen toegepas word dat predikante van die Kaapkolonie, wat reeds Britse onderdane is, uitgenodig word om hulle verblyf in die kampe te maak nie? Dit is reeds met sukses op Norvalspont gedoen.

No. 5. Ek vrees dat eb my aanbeveling met **betrekking** tot matrones nie **duidelik** genoeg **gemaak** het nie, nl. dat dit **sien** op matrones vir die **kampe** sowel as vir die hospitale.

Die hospitaalmatrone, wat soms die enigste opgeleide verpleegster is, het haar **hande** met haar **eie** werk vol genoeg. Wat **hulle behoef**, is 'n dame in elke kamp wat 'n **betrekking beklee** soos mej. Hauptfleisch op Port-**Elizabeth**, wat die volle vertroue van die militêre besit en wie **se** vroulike tak en organisasie-beleid 'n sukses behaal het waar elkeen wat die kamp onder haar beheer **gesien** het, van getuig. Ek **twyfel** nie of 'n voldoende aantal bekwame dames, sowel Engels as Koloniaal, is **op hierdie oomblik** beskikbaar, wat die werk sonder besoldiging sal onderneem, sodat ingeval dit **noodsaaklik** mag geag word om die **teenwoordige hoog-gesalarieerde superintendente** t e behou, weinig of geen verdere **uitgawe bekostig** hoef te word **me**. Ek **wil** verder waag om hier die aanbeveling te maak, reeds vroër aangehaal, dat die kampmatrones gebruik **sal** word as **tussenpersone** waar vroue aansoek doen om die kamp te verlaat, **veral** daar waar die militêre **owerheid** by 'n eerste instansie **beswaar gemaak** het. In dergelike **gevalle** wat onder my **aandag gekom** het, was ek **oortuig** dat die militêre **besware** op 'n misverstand berus het of op getuiena gebrekkig voorgestel; en **hierdie besware** kon **verwyder** **gewees** het met die soort van hulp wat 'n **verantwoordelike** persoon op die plek kon verleen.

Wat **betref** die uitdeling van **liefdadige** fondse deur middel van lokale komitees (waarvan ek self sommige help vorm het en van wie **se** werk ek **heelwat** ondervinding het), gevoel eb my **oortuig** dat die werk op **seer bevredigende** wyse gedaan sal word as **sommige** van die persone wat volgens u voorneme deur die Regering **gestuur** sal word om in **oorleg** met **hulle** te werk, persone sal **wees** wat **genomineer** word deur die komitees wat **verantwoordelike** is vir die verskillende fondse in Engeland versamel en vooraf aan die Regering vir goedkeuring voorgelê.

**Ek** kan nie spreek vir ander fondse nie: dog wat **betref** die Suid-Afrikaanse Hulpfonds, het ek **magtiging** om te verklaar dat **hierdie** wyse van verspreiding die goedkeuring van die Komitee sal **wegdra**. Om redes wat vanself spreek, sou hulle **hul** hier nie geregvaardig gevoel om die hele **verantwoordelike** van uitdeling aan andere oor te maak nie.

Ten **slotte**, met die oog **op** die uitgebreidheid van die land, die **massas mense**, die reusagtige **verantwoordelike** van die hele onderneming, die drukke werk wat **op** lokale **beamptes** rus, sal dit **dadelik** in **die** oo vallend **wees** vir elkeen wat reeds aan **hierdie** werk aldaar %om gewy het,

dat die suksesvolle **uitvoering** van die Regering se **instruksies**, sowel as die wense van die Engelse liefdadige publiek, **feitlik** daarvan sal afhang of daar volle **fasiliteite** verleen word vir 'n toereikende getal vrywillige dog geakkrediteerde werkers.-Ek het die eer, ens.,

**EMILY HOBHOUSE.**

Vroeg in Julie het lord Ripon as agerende voorsitter van die Hulpfonds die Ministerie van Oorlog **genader**, met die suggestie dat dames dadelik uitgestuur sal word na die kampe, en hy het my naam gegee as iemand wat bereid was om op **hierdie sending** te gaan.

Op die ge **Julie** het die volgende as antwoord **gekóm** : -

... Dit is my opgedra om u te verseker dat Sy **Majesteit** se Regering met **genoeë** verneem van die **bereidwilligheid** van verskeie liefdadige verenigings om fondse te **verskaf** en **dienste** te **lewer** vir die versagting van die leed van die ene wat ten **gevolge** van die oorlog ly, al spyt dit \*hom 8at **hierdie** poging beperk word net tot die een party van diegene wat in die loop van die **vyandighede** van huis en **hawe** ontroof is.<sup>1)</sup> Dog **hierdie** voorstelle maak dit deur **hulle** menigvuldigheid alleen reeds onmoontlik vir die Regering om **hulle** toe te staan. Die Sekretaris van Staat **vir** Oorlog het drie **dergelike** voorstelle op die **oomblik** voor hom, en dit is **duidelik** dat dit **onmoontlik** sal wees om 'n verskeidenheid van **gesaghebbende** liggame in die kampe deur die Regering **georganiseer** en **bestier**, te skep.

Daar was dus drie voorstelle om helpers te stuur en byna veertig groot kampe om hulle onder te verdeel, en **almal** sou gewillig gewees het om onder die Regering te werk; niemand het voorgestel „om 'n verskeidenheid van gesaghebbende liggame' te skep nie. **Die** hulp waar daar so seer behoefte aan was, word aangebied en van die hand gewys. **Maande later** moes dit **gestuur** word.

<sup>1)</sup> Die Hulpfonds **het** uitgedeel sonder ag te slaan op uasionaliteit.

Die brief gaan verder :—

Die Sekretaris van Staat het alle rede om te glo dat, gegewe die in die oog vallende moeilikheid van tydelik aan so 'n groot bevolking soos nou in die kampe versamel is, huisvesting te verleen, alle behoorlike skikkinge getref is vir voedsel, klere, mediese behandeling en geestelike bediening van diegene rat in die kampe is. Skole is oppgerig, en 'n behoorlik gekwalifiseerde matrone is in elke kamp aangestel.<sup>1)</sup> Verder is die Regering voornemens om binnekort sekere dames uit te stuur om die kampe te besoek en met die plaaslike komitees saam te werk in die uitdeling van geriewe en gifte wat aan hulle mag toevertrou word.

Met hierdie rooskleurige beskrywing van die kampe was dit my duidelik dat ek daar nie in geslaag het om die saak in sy allerdringendste en ernstigste lig aan die heer Brodrick voor te stel nie. Die lang versuim om werkers te stuur en die styging van die sterftesyfer het saamgespan om my 'n ander onderhoud met die Sekretaris van Staat te laat aanvra (18 Julie). Die gesprek was van konfidensiële aard, dog die weiering van die Regering om my na die kampe te laat teruggaan, word herhaal; en daar dit die stelligste verwagting van die publiek in vele dele van Engeland was dat ek sou teruggaan, het ek gevra en 'n belofte verkry van 'n brief waarin die redes van die Regering vir hierdie weiering uiteengesit word. Toe ek op 26 Julie nog nie hierdie brief ontvang het nie, het ek as volg geskrywe en onmiddellik aie antwoord wat daarop volg, gekry :-

26 Julie 1901.

SEER GEAGTE MNR. BRODRICK,—By ons afskeid op die 18de het u belowe aan my 'n brief te stuur en daarin die redes op te gee waarom u my nie kon toelaat om na my werk in Suid-Afrika terug te keer nie. Sodanige brief het my nog nie bereik nie, en ek hoop u aal my dit nie ten kwade dui as ek enigsins daarop aandring dat dit sonder

1) Baie maande moes nog verbygaan voor dit sou gedoen word.

versuim aan my sal gestuur word. Ek word oedrig van alle kante gevra wanneer ek weer voortgaan. Dit word algemeen verwag dat ek binnekort sal vertrek, en dit is trouens ook my eie begeerte. Daar u in beginsel byna al my aanbevelinge aanvaar het, kan ek moeilik veronderstel dat enige beswaar as grondig beskou kan word teen 'n voorstel om my toe te laat om die werk te hervat waarvan u die resultate persoonlik reeds aangeneem het. Ek het gedag dat u miskien sou beweer dat enige hulp van my kant onnodig was, omdat u self enige dames gekies het om die konsentrasiekampe te besoek en daaromtrent te rapporteer. In verband hiermee vergun my om daarop te wys dat die getal deur u gestuur werklik ontoereikend is vir die werk aan hulle toevertrou, tensy hulle verdere hulp ontvang, as die grootliks vermeerderde aantal families op die oomblik in die kampe in aanmerking geneem word; dat hulle veel arbeid en tyd sal moet opoffer voordat hulle die aanvanklike kennis sal besit om nuttige werk te doen en dat as ek van myself mag praat, my ondervinding in die kampe, my kennis van die mense en in sekere mate van hulle taal my in staat behoort te stel, en ek meen my in staat sal stel, om 'n nuttige hulp vir hulle te wees in die vervulling van hulle pligte. Ek sou gaarne die hoop wil koester dat u versuim om u brief te stuur 'n neiging aan u kant mag beteken om my versoek om die kampe in Suid-Afrika andermaal te besoek opnuut in oorweging te neem. Ondanks verbetering reeds aangebring, is daar nog veel smart en ellende wat gelenig moet word; en ek dring by u ten sterkste aan om my verlof toe te staan om so spoedig moontlik terug te keer na die werk waarin ek so diep belang stel.—Ek het, ens.,

MINISTERIE VAN OORLOG,

27 Julie 1901.

WAARDE MEL. HOBHOUSE,—Dit spyt my as daar versuim was om aan u 'n brief te rig oor 'n onderwerp wat o.a. deur u genoem was toe u my op die 18de gesprek het; dog daar ek genoodsaak was om in die openbaar na die saak te refereer in antwoord op vrae in die Laerhuis gestel, het ek gemeen dat ek gedoen het wat nodig was om die handelwyse van die Regering te verklaar. Die enigste oorweginge wat die Regering tot rigsnouer geding het in hulle keuse van die dames om die konsentrasiekampe te besoek, buiten hulle persoonlike bekwaamheid vir sodanige werk, was dat hulle so ver moontlik vry sou wees van alle agterdog met betrekking tot partydigheid vir of teen die stelsel wat toegepas word. Ek het u daarop gewys dat

om hierdie rede die Regering genoodsaak geword is om die dienste van dames wat verskillende liefdadige genootskappe verteenwoordig, te weier, daar hulle teenwoordigheid in die kampe onder beheer van goewermentsorganisasie 'n moeilikheid sou veroorsaak. Dit sou onmoontlik vir die Regering gewees het om in hierdie hoedanigheid u dienste te aanvaar en dié van andere van die hand te wys, des te meer waar u rapporte en toesprake 'n onderwerp van veel stryd geword het; dit spyt my dus dat ons die besluit wat ek u op die 18de meegeedeel het, nie kan verander nie.— Die uwe, ons.

ST. JOHN BRODRICK.

Die beginsel dus neergelê as rigsgoer vir die keuse van dames vir die kommissie was dat „hulle sover moontlik vry sou wees van alle agterdog met betrekking tot partydigheid vir of teen die stelsel wat toegepas word.” Hierdie goeie reël is egter nie toegepas nie; want twee van die vroue op wie die keuse geval het, het hulle reeds taamlik warm in die Pers uitgedruk. Mevr. Fawcett, wat leidster van die kommissie gemaak was, het 'n kritiek oor my rapport geskrywe wat feitlik 'n verdediging van die konsentrasiesisteam was (*Westminster Gazette*, 4 Julie 1901).

In een uitdrukking het sy van die formasie van konsentrasiekampe gepraat as „deel van die oorlogspel.” 'n Mens wonder waar mevr. Fawcett ooit van so 'n stelsel gelees het, tensy dit oor die optrede van die Spanjaarde in Cuba was, wat deur elke beskaafde nasie veroordeel is. Of het sy gesinspeel op die oorloë van Salmaneser. en Nebukadnesar om presedente te vind vir die algemene ontworteling, gevangening, wegvoering, opsluiting of verbanning van die hele nie-vegtende deel van die land? In daardie geval was daar meer wysheid tentoongestel, want ons word uitdruklik vermeld dat die boere en armste van die land gelaat is om die grond te bewerk.

Dr. Jane Waterston, weer, het haar inspirasie ontvang uit tydinge omtrent poginge van Engelse kant om die kampe te verbeter; en dit het haar aangespoor om taamlik breedvoerig in Kaapse koerante te skrywe (*Cape Times*, 22 Julie 1901). Hier is 'n paar van haar volsinne, geskrywe voor sy self iets te doen gehad het met die verbetering van die kampe :—

As 'n mens moet oordeel na die historiese getjank wat op die oomblik in Engeland aan die gang is, sou 'n mens dink dat ons die helfte van ons getroue soldate moet verwaarloos of laat honger ly en ons siviele bevolking hier hulle hart laat verteer, solank soos ons maar net hierdie mense voed en troetel wat nie die ordentlikheid het om „dankie” te sê vir die sorg aan hulle bestee nie.

Daar is op die oomblik die gevaar dat die Boere wakker sal word om vir hul vroue sorg te dra, en 'n tydlank sal volhou met hulle verset, om hulle in gemaklike winterkwartiere op ons onkoste te hou; en so sal ons vroue en kinders nog 'n paar meer van hulle mans en vaders verloor.

Ná 'n mens dit gelees het, wonder jy hoe dr. Waterston so wreed teenoor ons soldate kon gewees het om 'n betrekking- te aanvaar op die kommissie; en dit strek tot haar eer dat sy, volgens ons verneem, aanvanklik geweier het om daarop te dien.

Dit was tragies om te voel dat in plaas van 'n groot aantal goeie verpleegsters en veral vrywillige werksters as kampmatrones dadelik vroeg in Junie te stuur, net ses dames <sup>1)</sup> op hulle tyd teen

1) Die kommissie het geseil sonder dat mevr. Fawcett of haar gesellinne 'n poging aangewend het om my te sien om informasie te verkry, waardeur tyd bespaar kon geword het, terwyl tyd so uiters belangrik was. Mevr. Fawcett was uitgenodig om my te ontmoet, dog het om huislike redes dit nie aanvaar nie en het nie 'n kollega afgevaardig om dit te doen nie. Sy het onlangs in 'n Londense vergadering („Times,” 24 Maart 1902) verklaar dat sy hoegenaamd geen hulp van ons komitee kon verkry nie; en later in 'n brief aan die „Times” het sy haar verontskuldig deur te sê dat sy my deur 'n famieliebetrokking akkriftelik om informasie gevra het. Jammer dat sy nie die meer eenvoudige weg gekies het om my persoonlik te nader as deur middel van 'n tussenpersoon nie. Ek het nooit die brief waar sy van praat, wat aan my tante lady Hobhouse geskrywe was, gesien nie; dog die indruk destyds op my gemaak deur wat my vertel was, het by my geen twyfel gelaat dat sy nie die hulp wat ek haar kon gee, wou hê nie.

die einde van Julie vertrek, nie om self te werk nie, maar om meer ondersoek in te stel.

Die sterftesyfer klim ; en ná die lys van sterfgevallen vir Augustus gepubliseer was, het ek nog een beroep op die heer Rodrick gemaak en hom gesmeek om dadelik handelend op te tree; en ek het dit gedoen in die vorm van 'n ope brief, wat ek ook aan die Pers gestuur het. 'n Paar weke later het die beheer van die kampe oorgegaan in die hande van die heer Chamberlain.

#### OPE BRIEF.

29 Sept. 1901.

WAARDE MNR. BRODRICK,—Drie maande het verloop sedert ek u genader het omtrent die konsentrasiekampe in Suid-Afrika—drie ontsettende maande in die geskiedenis van daardie kampe. Kan die skrikwekkende syfers wat voorkom in die regeringsopgawe vir Augustus en die voorafgaande maand, deur die Regering en die grootste deel van die Engelse volk ongemerk verbygegaan word?

Verdraag my vir 'n oomblik waar ek u andermaal omtrent hierdie droewige onderwerp nader en met hierdie laaste syfers voor ons nog 'n beroep maak op u grootmoedigheid en die humaniteitsgevoel van die volk!

As ons vir die teenwoordige die kampe van gekleurdes daar laat en alleen by die blanke bevolking ons bepaal, toon die opgawes aan dat die bevolking van die kampe gestadig toegeneem het gedurende Juni?, Julie en Augustus, van 85,000 tot 105,000 siele. In die afgelopen maand Augustus was daar 1 878 sterfgevallen onder die blanke, en hiervan was 1,645 kinders. Die totale sterftesyfer vir die drie maande waar ons 'n opgawe voor het, is 4,067, waarvan 3,245 kinders is. Ons het geen verslag van die honderde wat omgekom het in die eerste ses maande van hierdie jaar en deel van verlede jaar nie. Wat is daar om aan te toon dat daar redelikerwyse 'n vermindering in hierdie vreeslike sterfte te verwag is? Die koue winter nagte gaan nou gelukkig verby ; dog reën begin in verskeie dele te val, en die toenemende hitte sal ander soorte van siektes meebring. Skeurbuik het sy verskyning gemaak. Die kinders sterf daagliks weg; en tensy die voortgang gekeer word, sal 'n paar maande die uitroeiing van die meerderheid beteken.

Sal niks gedoen word nie? Sal daar nie dadelik maatreëls getref word om hierdie verskriklike euwel te bekamp nie? Drie maande gelede het ek probeer om die

saak dringend u voor te lê en gesmeek om verlof om onverwyld hul maatreëls te organiseer, gebaseer op die ondervinding deur my opgedoen, om op hierdie wyse 'n mortaliteit af te weer wat ek duidelik in vermeerderde mate sien kom het. My versoek is van die hand gewys en die ondervinding wat ek nie aan ander kon oormak nie, nutteloos geword.

Die terugslag my persoonlik toegedien sou niks gemaak het nie as daar maar net 'n groot aantal goedgesinde werkers dadelik gestuur was met volle mag om met elke kamp te handel soos die nood vereis. Daar moes dadelik gehandel geword het as onskuldige menselewendes gered moes word. In plaas daarvan moes ons 'n maand wag terwyl ses dames gekies word. Gedurende daardie maand is 576 kinders dood. Die voorbereiding en reis van hierdie dames het nog 'n maand vereis, en in daardie tussenpose het nog 1,124 kinders omgekom. In plaas van dadeik te gaan na die groot sentra waar die sterftesyfer die hoogste was, lyk dit of die grootste deel van 'n derde maand deurgebring is met hulle lang reis na Mafeking en hier en daar in die gesondste kampe 'n paar dae deur te bring. Ondertussen is daar nog 1,545 kinders dood. Dit is nie onmiddellike optree nie: dit is 'n baie omslagtige wyse van ondersoek, en dit boweal in 'n tyd waar die dood, wat onverbiddelik is, druk besig was—ja, waar die eise van die dood, in plaas van af te neem, aan toeneem was. Sal u nie nou, met die feit voor u van hierdie 3,245 kinders wat hulle oë vir ewig gesluit het sedert ek u laas om hulle ontwil gesien het, sal u nie nou sonder versuim handelend optree en daardeur die kwade vrugte voorkom nie van feite wat aan almal openbaar is, en 'n end maak aan verdere ondersoek omtrent die waarheid wat die hele wêreld weet?

In naam van die kindertjies wat ek sien ly en sterf het en wat ek vir geen oomblik kan vergeet nie, waag ek dit om andermaal voor u te pleit. In naam van die mensheid waartoe ons almal behoort, dring ek aan dat onmiddellike stappe gedoen sal word deur diegene geskik en in staat om te handel, sodat ons nie eendag deur die vernederende en griewende gedagte terneergedruk word nie dat ons stil gesit het en ongestoor aanskou het hoe 'n dappere volk en een sterk genoeg om hom vir twee lange jare teen die Britse Ryk te verset, uitgeroei word. Ek hoef die voorstelle wat ek aan u gedoen het, nie te herhaal nie; sommige daarvan het u blykbaar aanvaar; dog, helaas, selfs u aanvaarding is blykbaar magteloos gewees om die doeltreffende toepassing van die vermaansste te weeg te bring. Ek vra ten minste om doeltreffende verbetering.

Tog, is dit nie **begryplik** dat ons **verder** mag gaan nie? Die **manne** kan die oorlog **nie** eindig **nie**. Die **vroue** sal die oorlog nie eindig nie. Kan die **kinders** **nie** help om **daardie** vrede te weeg te bring wat weerskante so ernstig na verlang, nie? Duiseude het hulle onskuldige lewens gegee. **Duiseude** meer is siek en sal waarskynlik **sterwe**. Is dit nie genoeg nie? Wat die **kinders** nodig het aan behoorlike voedsel, kleding en huisvesting, kan **nie** na hulle gebring word nie; transport is te **moelik** en **middele** te **skaars**. Hulle moet **sterwe**, **sterwe** waar ons hulle geplaas het, **by** hulle honderde en **duisende**, tensy die oorlog **ophou** en hulle in vryheid gestel word „Die **geroep**, van die **kinders**” kom nou tot ons, nie van ons myne en fabriek nie, maar van **oorkant** die **see**. Sal dit gehoor en beantwoord word? Sal u eie en die hart van elke ouer in Engeland nie gehoor gee nie aan hulle **geroep**, en in simpatie klop met **daardie** moeders wat dapper die verlies van huis en **hawe** verduur het, **dog** verstom en vir altyd verbitterd staan waar hulle hul **kinders** sien omkom? Daar is gevalle waar vroue met ag of tien **kinders** kampe **binnegekrom** het, en die dood het op **almal** beslag **gelê**. Wil ons „**onvoorwaardelike** oorgawe” **hê** ten koste van soveel **kinderlewens**? Is dit die prys werd? Vir die manne aan weerskante sê ek niks nie. Hulle het hulle deel gekies en moet daarin berus. Vir die vroue pleit ek ook nie nou nie; hulle is altyd sterk om te **ly**. Dog ek vra in naam van die **onskuldige** en hulpelose **kinders** dat Engeland se menslikheid oor haar **politiek** sal **seëvier**, sodat die slagoffers van **kinders** **gestaak** mag word! Met die **innige** **hoop** dat u gehoor sal **gee** aan my beroep op u—**Het** ek die eer te wees, die uwe,

EMILY HOBHOUSE.

Oproepe om hulp aan die kampe is van tyd tot tyd gedurende die lente deur die komitee van die Hulpfonds **gemaak**, en in April het daar 'n brief verskyn van lady Maxwell, vrou van die militêre **goewerneur** van Pretoria, wat deur mldel van die *New York Herald* (16 April 1901) op die Amerikaanse publiek 'n beroep **gemaak** het. Sy is self Amerikaans en gee as rede aan dat sy haar tot Amerikaanse liefdadigheid keer, die feit dat Engeland deur ander dinge wat haar kragte vereis, te uitgeput is om haar aandag in hierdie rigting te stuur. Ons het nog nooit daar iets van

gehoor nie dat Engeland nie genoeg geld en nog oor het vir noodlydende vroue en kinders wat vrywillig of onder dwang onder haar beskerming **geneem** is. So 'n brief soos **dié** van lady Maxwell, direk uit Pretoria en van die vrou van 'n offisier, sou, as dit tot die Engelse publiek gerig was, 'n oogs van talryke bydraes ingesamel het. In elk geval, ons wat Engels is, gevoel dit ons **plig** en ons voorreg om voorsiening te maak vir die gesondheid en gemak van hierdie slagoffers van die oorlog, wat waarskynlik ook ons mede-**onderdane** gaan word. „Dit is in naam van die klein kindertjies,” het sy beskrywe, „wat in ope tente sonder vuur lewe en die allerskraalste **kleertjies** besit, dat ek om hulp vra.” Lord Hobhouse se welsprekende oproep het gelyktydig in Engeland verskyn. „Dit word gerig,” het hy gesê, „aan alle Engelse wat harte het om te voel vir die smarte van hulle medemense, manne en vroue, en aan **almal** wat nadink oor die weg wat op die oomblik ingeslaan moet word om mees waarskynlik eer en langdurige rus aan ons land te besorg” (*Speaker*, 20 April 1901).

Hy gaan verder om iets te beskrywe van die toestande van kampe, en wys ook op die siel-smart wat altyd die diepste is :—

**Talle** in klein **tente** opeengehoop-sommige **krank**, **sommige** sterwende, en soms 'n dooie onder hulle ; skraal **rantsone** rou uitgedeel ; gebrek aan brandstof om dit gaar te maak; gebrek aan water vir drink, kook en was ; gebrek aan **seep**, borsels, en ander voorwerpe vir persoonlike **reiniging** ; gebrek aan beddegoed vir warmte en in vele gevalle selfs vir ordentlikheid; geen **naalde** of garing om flenters heel te maak; skuiling alleen in **enkelseil-**tentjies; nou deur 'n **hittige** son geskroei, en dan weer deurnat van **reën** ; en baie geringe middele om die siektes wat op **sodanige** blootstelling **volg**, te behandel.

Ons **weï** nie uit oor gekwete gevoelens, die droefheid van skeiding, die wanhoop om die **kinders** hulpeloos te sien **wegkwyn** nie. Hier is **smarte** **waar** geld maar min

kan versag. Dog elke soort van liggaamlike foltering skyn in hierdie kampe te versamel, of ten minste in sommige daarvan met duisende mense: honger, dors, naaktheid, afmatting, vuilheid, siekte; en geld oordeelkundig gebruik kan hier verligting gee.

Ons voeg hierby dat dit ons voorstel is om hulp te verleen oral waar smarte en die geleentheid om hulle te versag, gevind word—alles sonder die nasionaliteit van die persone wat gehelp word, in ag te neem.

Teen die end van Junie het 'n ander groep mense eindelik ontwaak omtrent die nood waar die vroue en kinders in Suid-Afrika so lank in verkeer het, en 'n nuwe fonds word gestig onder toesig van die „Victoria League” (*Times*, 25 Junie 1901). Hierdie fonds, soos die Hulpfonds vir Suid-Afrikaanse Vroue en Kinders, wat so lank reeds aan die werk was, was non-politiek in doel, dog nie onafhanklik genoeg van partyskap om met ons bestaande komitee saam te werk nie. Sommige van die persone wat deelgeneem het aan die oprigting van hierdie nuwe fonds, was versoek dog het geweier om by hierdie komitee, wat aanvanklik in die reddingswerk opgetree het, hulle aan te sluit. Hulle het ook die goedkeuring van die Goewerment ontvang, en hulle insameling is deur die kommissie geadministreer, die lede waarvan enige weke later deur die heer Brodrick bekend gemaak is.

Die komitee van die Hulpfonds, begerig om hulle middele te versterk deur die waarheid in wyer kring bekend te maak, het gereël om vir hierdie doel in die Queen's Hall, Langham Place, 'n vergadering te hou, waar ek die saak van die lyers in die kampe kon bepleit. Die biskop van Hereford het belowe om te presideer. Gedurende my seereis terug het ek met lord Milner 'n gesprek gehad omtrent verlov vir myself of vir ander vroue om na die kampe te gaan, en hy het my beloop om spoedig daaromtrent te be-

sluit. Daar hierdie besluit my nie bereik het nie, het ek met toestemming van die komitee geskrywe (7 Junie) om hom van die voorgestelde vergadering te verwittig en daarby gevoeg dat dit groot tevredenheid sou gee as hy my in staat kon stel om aan die vergadering mee te deel dat ons sy toestemming het om hulle gifte na die noodlydende mense te neem. Veertien dae later, die dag van die voorgenome vergadering (24 Junie), het die antwoord gekom, wat gesê het dat daar die saak nou in hande van die Regering berus dit beter sou wees om van hulle direk te verneem tot welke besluit daar gekom was. Daar ek die ernstigheid van versuim besef het, skryf ek weer aan lord Milner en smeeek hom dat daar geen tyd meer sal verlore gaan nie, as die sterwende kinders moes gered word. Die skikkinge vir die voorgenome vergadering in die Queen's Hall het voortgegaan, die saal was gehuur en die vergadering geadverteer. Skielik, drie dae voor die bepaalde datum, trek die heer Robert Newman sy toestemming terug, met breuke van die kontrak. Die verontskuldiging voorgewend was dat daar die week vantevore deur ander mense 'n politieke vergadering in hierdie saal gehou was en sekere ruwe persone van buite, wat nie tot die vergadering behoor het nie, 'n stoornis veroorsaak het; daarom het die heer Newman dadelik besluit om die saal te weier vir 'n liefdadige vergadering met 'n biskop as voorsitter. Die sekretaris van die komitee het finale skikkinge met die verhuurder op die Saterdagmôre gemaak, en in die middag ontvang hy berig van hierdie verandering van gedagte. Die onkoste gemaak om die vergadering te adverteer op grond van die ooreenkoms met die heer Newman is nooit vergoed nie. Toe die predikant van Westminster-kepel



van hierdie voorval. verneem, bied hy die gebruik van sy groot kerk aan; en skikkinge word beraam om die vergadering daar te hou. Dog die vreesagtigheid waar die stadspoliesie en die heer Newman aan gely het, het ook vier uit die ses diakens van hierdie kerk aangesteek, en ook hulle sien daar teen op om openlik 'n saak te laat bepleit, waarvan die Fonds die openlike goedkeuring van die Goewerment besit. Die vergadering word dus weens dwang prysgegee, en die biskop van Hereford skryf die volgende brief aan die *Times*:—

24 Junie.

**MENEER,**—Daar die vergadering ten behoeve van die Hulpfonds vir Suid-Afrikaanse Vroue en Kinders waarby ek belowe het om vanaand te presideer, onvermydelik uitgestel moes word, wens ek op u lesers 'n beroep te maak tot stywing van die Fonds.

Elke persoon met menslike gevoel wat mej. Hobhouse se rapport lees, moet 'n verlange koester om die nood te versag wat daarin beskrywe word, en sal jammer wees as wat daar gebeur het, oorsaak is dat die middele wat mej. Hobhouse en haar vriende so goed en liefdevol bestee het, teruggehou sal word.

Terwyl ek hierdie beroep maak, en om alle misverstand te voorkom, wens ek hierby te voeg dat die voorgename vergadering nie bedoel was om 'n politieke of partyvergadering van enige aard te wees nie.

Die doel van diegene wat dit beleg het, was suiwer filantropies en liefdadig. Hulle werk is 'n genadewerk. Lord Roberts kan by so 'n vergadering presideer, en dit sal met sy welbekende goedhartigheid ooreenkom om sulks te doen. Lord Milner kan geen beter diens aan die saak van vrede en eensgesindheid tussen die Hollandse en Engelse. seksies in Suid-Afrika bewys nie as om by een van mej. Hobhouse se vergaderinge as voorsitter te ageer. Dit is 'n betreklik nuwe verskynsel in die Engelse lewe dat dergelike vergaderinge gevaarlik of onmoontlik gemaak kan word deur 'n seksie van die Pers en die wettelose en brutale element in die maatskappy. Laat ons hoop, terwille van die goeie naam van ons volk, dat dit spoedig mag verdwyn.

Die natuurlike ingewe van die Engelse volk is om baie mildelik by te dra tot leniging van so 'n jammerlike toestand soos dié van daardie arme vroue en kinders, en ek hoop die bron van liefdadigheid sal in hierdie geval ryklik

vloei; want diegene wat vir hierdie verdienstelike werk bydra, sal nie alleen samespan in 'n werk van genade en Christelike barmhartigheid nie, dog sal ook help om in die harte van die lyers sade van medelye en liefde te saai, wat sonder twyfel vroeër of later goeie vrugte sal dra en tot ons sal terugkeer in die vorm van dankbare herinneringe en gevolglieke toegeneentheid (*Times*, 25 Junie 1901).

Daar ek op die oomblik nie in staat was om op 'n ander wyse as deur insameling van geld die saak te bevorder nie, het ek voortgegaan om uitnodiginge aan te neem om vergaderinge van non-politieke aard met hierdie doel toe te spreek. Ten gevolge van die belangstelling deur die verskyning van my rapport opgewek, was daar vele dergelike uitnodiginge. Dog kwade samesprekinge bederf goeie sede; en die voorbeeld deur die heer Newman en die vier diakens in Londen gegee, het na die distrikte uitgebrei; en verskeie sale reeds bespreek het hulle deure op my aankoms toegemaak. Hierdie vergaderinge, waar ek alleen op die medelye en menslikheid van die gehoor my beroep het, het by 'n sekere deel van die Pers en die bevolking 'n mees onverdraagsame teenstand opgewek.

Verskeie feite wat tot my kennis gekom het, stem saam om te bewys dat die teenstand teen my lesinge nie spontaan was nie, dog georganiseer deur mense wat nie voor die dag gekom het nie. In meer as een plek het die poliesie hulle laat gebruik as instrumente van hierdie teenstand en gemaak of hulle bevrees was dat hulle die orde nie sou kan bewaar nie. Die skouspel van die Pers en poliesie met skynvrees bevange ten gevolge van die vreedsame vergaderinge waarin ek die lydende vroue en siek kinders beskrywe, sou belaglik gewees het as dit nie die uiterlike teken was van 'n innerlike onverdraagsaamheid, on-

menslikheid en valse patriotisme, diep te betreur deur elkeen wat die ware eer en waardigheid van sy volk op die hart dra. Manchester alleen het as 'n skoon voorbeeld vir ander stede opsygestaan. Daar het die burgemeester ook die hoof van die polisie genader met die oogmerk om die vergadering te verhinder. Dog laasgenoemde het manlik beweer dat hy en sy mag ten volle in staat was om die orde te handhaaf by 'n vergadering deur 'n vrou ten behoewe van vroue en kinders toegeesprek. Die vergadering, wat stampvol was, is in 'n groot publieke saal gehou, met volmaakte orde en sukses.

Elders het die „Society of Friends,”<sup>1)</sup> wie se ore altoos ope was vir die geroep van die noodlydende, my tot hulp gekom en my die gebruik van hulle vergaderplase aangebied. Daar ek nie die minste voorneme gehad het om my voorgenome reis ten gevolge van hierdie dwase opruiing op te gee nie, het ek in die openbaar verklaar dat hoe meer teenstand ek ontvang, des te beslist ek van plan was om my voorneme ten uitvoer te bring, en dit sal tot voordeel van die oproermakers wees om met verdere inmenging op te hou. Hierdie verklaring, gepaard met die feit dat diegene van wie die teenstand in alle waarskynlikheid uitgegaan het, die dwaasheid van die agitatie begin in te sien het, en dat dit slegs tot 'n advertensie gedien het, het sy uitwerking gehad, en ek kon ongehinderd met my vergaderinge voortgaan. Ek het in die loop van die somer by veertig publieke vergaderinge die woord gevoer, en met drie uitsonderinge was elkeen vreedsaam en ordelik. Met die uitsondering van Cheltenham was daar op elke plek blyke van innige belangstelling, en in sommige dorpe onmiskenbare gees-

1) Genootskap van Vriende. Benaming van die eg. Kwakers.

drif. Die drie verstoorte vergaderinge was op Bristol, New Southgate en Darlington. Op Darlington was die gehoor self groot en ordelik; die stornis het uitsluitlik gekom van ongeveer tien brutale persone wat met 'n leier aan hulle hoof by mekaar gesit het en blykbaar gehuur was om deur middel van liedere die heel aand te sing die vergadering te stoor. Die vergadering het die volgende dag in 'n privaat huis bymekaargekom. Bristol en New Southgate is deur 'n hele aantal luidrugtige persone bygewoon, wat 'n kalme voorstelling van die onderwerp onmoontlik gemaak het en wat na geen rede wou luister nie. Hulle het dit as 'n teken van patriotisme beskou om stokke en klippe te gooi, met meer nadeel vir hulleself as vir my.

Poginge om die uitwerking van my mededeling te verydel, sodat publieke gevoel nie opgewek sou word nie, het twee vorme aangeneem, t.w. persoonlike kritiek en regvaardiging van die kampe. Ek word gebrandmerk as „'n politieke opstoker,” 'n „verspreier van onjuiste en grieselike stories” (*Times*, 19 Junie 1901).

'n Suid-Afrikaner wat in diskrediet is, het geskrywe en gesinspeel dat my sending 'n politieke propaganda was.<sup>1)</sup> My rapport word beskrywe as 'n „wapen” wat gebruik word, oral waar die naam van Engeland gehaat word.” Ek was „ongeskik as 'n ondersoeker” en het die bekwaamheid nie gehad „om beskuldiging teen ons” op te stel nie (*Times*, 27 Aug. 1901). Hierdie laaste aanmerking laat my dink aan 'n dergelike beskuldiging teen die heer Burdett-Coutts ná sy openinge met betrekking tot militêre hospitale.

1) Hanssrd, Deel XC, bls. 1543; „Daily News,” 27 Junie 1901; „Times,” 25 Junie 1901.

Gedurende 'n debat oor die Hospitaalkommissie het hy gesê :—

Ek beskou dit 'n aanval op my motiewe om die verklaring van feite te verander in 'n aanval op lord Roberts. (Applous van die Oppositiesie.)

**MNR. BALFOUR** : U het iemand gekritiseer; en wie daardie persoon kan wees indien nie die verantwoordelike bevelvoerder nie, kan ons nie ontdek nie.

**MNR. BURDETT-COUTTS** : Ek het niemand gekritiseer nie; ek het 'n toestand van sake gekritiseer. (Applous van die Oppositiesie.)

**MNR. BALFOUR** : Daar is nie soiets as kritiek op 'n toestand van sake nie. (Luide uitroepe van „O! O!”) U kan 'n toestand van sake beskrywe, maar dit nie kritiseer nie. (Uitroepe van „O!” en gelag van die Oppositiesie.)

**MNR. BURDETT-COUTTS** : Dit spyt my van harte om weer in die rede te val, dog ek vra die hoogedele heer met welke woorde, waar en wanneer ek enige persoon gekritiseer het en wie daardie persoon was. (Toejuiging van die Oppositiesie.)

**MNR. BALFOUR** het geantwoord dat die kritiek van die edele heer vaag en duister was. (Gelag van die Oppositiesie en stemme: „Waarom dan 'n kommissie aangesel?”<sup>1)</sup>)

Eindelik was ek „histeries” en heg ek „onvoorwaardelike geloof” aan alles wat my vertel word (*Times*, 20 Junie). Die heer Conan Doyle het nog verder gegaan op hierdie punt, deur uitdruklik te beweer, met onjuiste aanhaling van die woorde van my vriend en neef die heer (nousir Charles) Hobhouse op Derby gebruik, dat „sommige van my verklarings 'n ondersoek nie kan deurstaan nie.”<sup>2)</sup> Mnr. Doyle se aandag is keer op keer by hierdie fout bepaal, wat die wêreld ingegaan het in 'n halfmiljoen eksemplare; dog hy het maande laat verbygaan sonder om enige publieke terugtrekking van sy woorde te maak, en het dit toe nog op so 'n skrale wyse gedoen dat ek verplig is om die korreksie self te maak. Toe ek my neef se aandag bepaal het by die wan-

<sup>1)</sup> „Western Morning News,” 6 Julie.

<sup>2)</sup> Vgl. „The War: Its Cause and Conduct,” bls. 96, deur A. Conan Doyle.

voorstelling van sy woorde op Derby, het ek die volgende antwoord ontvang, waartoe hy my verlot tot publikasie gegee het. Ek doen dit met my antwoord :—

#### BRIEF VAN **MNR. CHARLES HOBHOUSE**, L.V.

Eb het die aanhaling in dr. Conan Doyle se boek waar u na verwys, reeds gesien. Ek het aan hom geskrywe en hom daarop gewys dat ek onmoontlik in staat was om te verklaar dat sommige van u beweringe geen ondersoek kon deurstaan nie, dat ek nooit iets van die aard gesê het nie, en dat ek omtrent die juistheid of onjuistheid van u rapport niks kon sê nie, want ek het nie geweet nie.

Die betekenis van my woorde op Derby was vir myself duidelik, al was dit miskien nie vir andere nie. U rapport gee voor 'n noukeurige verslag te wees, nie alleen van die toestand van die konsentrasiekampe nie, maar ook van die omstandighede waaronder persone na die kampe ingebring is. Die uittreksels wat u gee van verklarings aan u gemaak, veroordeel nie alleen die gebrek aan voorsorg by die outoriteite nie, dog ook die indiwi-duele menslikheid van die offisiere en soldate, wat gelas was om wat my as 'n onaangename taak voorkom, uit te voer. As sodanige beskuldinge gemaak moet word, en verder oortuiging sal teweegbring by diegene wat gebeurtenisse uit die tweede hand moet oordeel, dan is ek sterk van beskouing dat dit gedaan moet word op die getuïens van persone wie se name voluit aangegee word en wie se verklarings deur ander ondersoek en bevestig geword is, en nie op die *ex-parte* verklarings van mense wie se identiteit agter voorletters of weglatinge skuil nie.

Hieruit is dit duidelik dat die heer Hobhouse nie beweer het dat „my verklarings 'n ondersoek nie kon deurstaan nie,” dog dat hy graag die verklarings van ander mense aan my nader ondersoek sou wil sien. Ek hoop en vertrou dat dit ook nog eendag sal gedoen word. Ek het as volg aan hom geantwoord :—

**WAARDE NEEF**,—Ek is aan u seer verplig vir u brief. Ek verstaan nou dat u deur 'n onbevestigde verklaring bedoel een wat van die lippe van een of meer ooggetuie geneem is en letterlik gepubliseer sous dit geneem is. As

u dit in u toespraak (op Derby) duidelik gemaak het. Sou u, meen ek, misverstand voorkom, het. Op bls. 36 van my rapport verklaar ek uitdruklik dat die persoonlike identiteit van die persoon wat die verklaring maak, aan my en my komitee bekend is. Ek het die name van hierdie getuies verswyg, om redes wat aan almal wat onder krygswet geleef het, duidelik sal wees.<sup>1)</sup>

U sal opgemerk het dat die naam van die plaas in elke geval aangegee word. Dit was 'n noodsaaklike deel van my werk, met die oog op hulp, om sekerheid te kry om-trent die kwessie of die vroue vrywillig of andersins na die kampe gekom het. Dit kon alleen deur hulle eie verklaringe uitgemaak word; en as die verhale gegee moes word, dan moes dit woordelik wees soos ek hulle ontvang het. Ek kan u meedeel dat vir u privaat informasie is ek gewillig om u enige naam wat u verlang, te verskaf; dog sonder toestemming van die betrokke vroue mag ek die name nog nie publiek maak nie.

In 'n werk van ondersoek, as 'n aantal persone uit heeltemal verskillende plekke en heeltemal onafhanklik van mekaar verklaringe maak wat op sekere hoofsaake ooreenstem, dan word sulke verklaringe, meen ek, as bevestigende getuienis beskou. . . . . Miskien is die briewe en boeke deur soldate geskrywe 'n sterker getuienis; en verslae aan my in Suid-Afrika gegee was nog die sterkste van alles. Dit is natuurlik dat onder so veel manne daar 'n oneindige verskeidenheid van karakters en maniere te vinde sou wees. Ek stem ooreen dat familie-ooreweginge nie in publieke werksaamheid by iemand moet geld nie; dog dr. Doyle se ernstige wanvoorstelling van u woorde, waarvan ek eers besluit het om geen notisie te neem nie, het dit nodig gemaak om in belang van die saak my persoonlik te verdedig.

Die bestaan van die kampe is op verskillende gronde in stryd met mekaar geregvaardig ge-word.<sup>2)</sup> B. v. : „Die kampe is 'n absolute militêre

1) In 1915 het lord Bryce in sy rapport oor die gruweldade in België gepleeg dit nodig gevind om dieselfde prosedure te volg om die name te verswyg.

2) Sedert die vredesverklaring het die spesiale korrespondent van die „Times” meer volledig uitgewel oor die redes vir die kampe („Times”, 12 Julie 1902):—

„Lord Kitchener se eerste voorneme was ongetwyfel om die land van inwoners en lewende hawe skoon te maak deur middel van leers wat van die spoor af hulle togte maak. Daar was algemeen die indruk in Suid-Afrika dat die Boere gevolge van hulle spreekwoordelike huilskheid nie lank verwydering van hulle vroue en families kon verduur nie.

noodsaaklikheid;” verder : „Ons het vrywillig en uit humaniteitsoorweginge uit ons pad gegaan om sekere verpligtinge teenoor die families van ons vyande op ons te neem.” Later het daar weer die bewering gekom dat hulle gevorm was uit weerwraak. Die sterftesyfer word verklaar uit die gewoontes van die Boervroue en hulle onbekwaamheid as versigtige moeders. Poginge is ook aangewend om dit te verklein deur aan te toon dat die normale sterftesyfer in Suid-Afrika hoog is en die bevolking gevolglik langsaam toeneem.

Die heer Letherby, van Plymouth, het 'n brief ingestuur oor die sterftesyfer in die dorp Middelburg in die Kaapkolonie (wat niks te doen het met die kamp van daardie naam in die Transvaal nie). Ander persone wat in dieselfde krant geskrywe het, het 'n inleidingsartikel in die *Times* uitgelok vol van ongestaafde en onbegrepe beweringe :—

Die sterftesyfers in die kampe lyk geweldig vir mense wat gewoon is aan die syfers in Engelse stede. Dog al is hulle swaar, is hulle nie uitermate groot vergeleke met die Suid-Afrikaanse vrede-maatstaf nie, want ons korrespondent wys daarop dat die sterfte in Middelburg, Kaapkolonie voor die oorlog 150 per 1,000 was. Hy merk ook op dat die

„Ook om militêre redes was dit noodsaaklik om die inwoners van hulle plase weg te neem. Ons het beskerming helowe aan die burgers wat oorgee en na hulle plase teruggaan—'n belofte wat nooit moes gemaak gewees het nie en wat in slegs 'n paar gevalle uitgevoer kon word. . . . . Qedeeltelik om die skynbare breuke van belofte van die burgers wat oorgegee het, goed te maak, nadat die beset van afgeleë dorpe opgegee was, en hoofsaaklik om die skoonmaak-plan ten uitvoer te bring, is konsentrasiekampe uitgedink. Dit is moontlik dat die konsentrasie van die konsentrasiekampe en die oorhaastige wyse waarop lord Kitchener haastig-geworwe berede troepe die veld ingestuur het die enigste twee ernstige foute is in 'n veldtog swanger met moeilikhede. Die formasie van die konsentrasiekampe het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Om die waarheid te sê, dit het die moeilikheid van die toestand vererger. Die ongewenste inmenging van nuuskierige en berugtheidsoekende persone het die konsentrasiekampe voor die aandag van die wêreld gebring, sodat hulle 'n hefboom geword het in die pro-Boer-veldtog tuis en op die Vasteland, wat die mees walglike gebeurtenis van die hele oorlog was. Dog dit was 'n geringer euwel in vergelyking met die uitwerking wat die kampe op die militêre toestand gehad het. Die onderneming wat bedoel was om druk op die Boere in die veld te weeg te bring, in plaas van hulle tot oorgawe aan te spoor, was deur hulle verwelkom as 'n middel om hulle van hindernisse te verlos.”

vermeerdering van die bevolking van die Oranje-Vrystaat tussen 1896 en 1900 slegs 11 per 1.000 jaarliks was, en dit onder 'n ras wat **spreekwoordelik** groot familielies voortbring. Dit is **duidelik** dat die normale sterftesyfer **ontsettend** moet **gewees** het, volgens die Engelse maatstaf (*Times*, 19 okt. 1901).

Die heer Brailsford se antwoord op hierdie deurmekaarhaspeling van syfers en feite was afdoende :—

U gee voor dat 'n sterftesyfer wat hoog lyk volgens Engelse maatstaf, minder **hoog** voorkom volgens „Suid-Afrikaanse vrede-maatstaf.”

Ek vind dat die sterfte onder die Europese bevolking van die Kaapkolonie gedurende die tydperk 1896-98 van iets oor 15 tot iets oor 16 per duisend gevarieer het. **Terwyl** die Engelse syfer **iets** meer is as 19, is dit **duidelik** dat daar nie so 'n teenstelling is tussen die Engelse en Suid-Afrikaanse maatstaf soos u voorgee nie.

U noem verder die vermeerdering van die Vrystaatse bevolking tussen 1896 en 1900. Die verwysing in u korrespondent se brief is na 1886 en 1890, en die syfers in die inleidingsartikel verskyn daar seker as 'n vergissing. Hoe u korrespondent aan sy syfers **gekóm** het, weet ek nie, daar die **sensus** van die Vrystaat elke tien jaar **geneem** word. Die blanke bevolking in 1880 was 61,022, en in 1890 was dit 77 716. Daar is dus 'n jaarlikse vermeerdering van 27.4 per duisend, wat, na ek meen, meer as driemaal die syfer is vir die Verenigde Koninkryk. Hoe u korrespondent aan sy syfer 11 **gekóm** het, kan ek nie **uitmaak** nie.

Die heer Brailsford gaan voort om aan te wys dat die getal sterfgevallen op Middelburg in 1899 so abnormaal was dat 'n spesiale rapport daarvoor aan die Parlement voorgelê is. Die bevolking aldaar, wat hoofsaaklik uit Engelse teringlyers bestaan en kleurlinge wat officieel beskrywe word as vuil, smerig en lui, was 1,666 ; en daar was 125 sterfgevallen, wat 'n sterftesyfer van ongeveer 75 en nie 150 beteken nie. Die normale sterfte in Suid-Afrika (iets meer as 15) blyk laer te wees as **dié** van die Verenigde Koninkryk. In verband hiermee het 'n geneesheer, dr. Ramsbottom, wat

lank in die Vrystaat beroep uitgeoefen het, my onlangs vertel dat dit volgens sy mening heel gemaklik sou wees om 'n opgawe van die sterfgevallen aldaar te verkry as die oorlog oor is. Sterfgevallen is nie vroeër geregistreer geword nie, dog elke klein dorpie het sy lykbesorger gehad. Bloemfontein het twee. Hulle doen alles wat nodig is, en hulle hou boeke en **dié** van die geneesheer wat daar praktiseer, sou al die sterfgevallen aanwys en die nodige informasie gee om 'n opgawe saam te stel.

Gedurende die somer het daar offisiële opgawes verskyn wat die snelle vermeerdering van sterfgevallen in die kampe aantoon. Dog onder dit alles is daar 'n telegram van lord Kitchener gepubliseer wat vermeld :—

Goold-Adams het inspeksiërs „refugee”-kampe **gemaak**, Oranjerivier-Kolonie, om **rapporteur** mense goed versorg en **heeltemal tevred** met alles wat ons vir hulle doen. (3 Aug. Vgl. *Morning Leader*, 6 Aug. 1901.)

Gedurig word dit beweer dat die mense „heeltemal tevred” is ; en mense wat nie die moeite **gedoen** het om hulle houding te begryp nie, het hulle hierop verlaat. Die heer Chamberlain het in sy toespraak van 14 Augustus daarvoor uitgewei (vgl. *Times*, 25 Aug. 1901). Hy het ook beweer dat die vroue almal kon ontsnap as hulle wou ; en die feit dat hulle dit nie doen nie (met omtrent 'n halfdosyn klein kindertjies) was bewys, volgens sy mening, dat hulle geen klagte gehad het nie. Ongetwyfeld het die heer Chamberlain dit nog nooit ondervind wat dit is om soos vele van hierdie mense opgesluit te wees in 'n omheining van doringdraad ag voet hoog, eienaardig inmeengeveg, en ook nie wat dit is om omring te wees van gewapende wagte in militêre kampe nie. Ondanks hierdie maatreëls het vroue in sommige

kampe tog ontsnap, met behulp of toelating van weekhartige Engelse soldate, wat dikwels objek-teer het om die gewapende wagne van vroue en kinders te wees. By hierdie selfde geleentheid het die heer Chamberlain verwys na die suggestie van die Natalse ministers om die onderhoud van die Boerfamilies op rekening van die veltende burgers te plaas (vgl. Deel 1, hfst. 11, hls. 87).

Soos in 'n vorige hoofstuk aangetoon het onder-gesikhte beamptes reeds in die geval van klere hierdie vroue in Yietermaritzburg met hierdie gedagte verontrus. Die heer Chamberlain het die voorstel beperk alleen tot die rekeninge van die-gene tot wie die families behoort.

Die aankoms van my rapport in Suid-Afrika en die nuus dat daar 'n Kommissie van Ondersoek aangestel was, het 'n uitbarsting van die mees „lojale” koloniale opinie veroorsaak. Ten ge-volge van krygswet kon alleen een party uiting gee aan sy beskouing, met een of twee moedige uitsonderinge. Dr. Jane Waterston se lang brief van verontwaardiging is reeds na verwys. Die heer Victor Sampson, L.V., en kolonel Harris beskryf hoe hulle een middag na die Kimberley-kamp gegaan het en alles bevredigend gevind het -al die kinders vet en behoorlik gevoed. Tog het daar in Julie 59 uit 3,624 en in Augustus 163 uit 3,701 persone in daardie kamp gesterwe.<sup>1)</sup> Canon Orford skrywe van Bloemfontein dat die „families van hulle wat teen ons veg, word beter gevoed en versorg as ons eie mense.” Tot sta-wing van hierdie bewering het hy geen bewys gelewer nie. 'n Aantal briewe is deur mevr. K. H. R. Stuart gepubliseer, hoofsaaklik van lede van die gilde van vroue wat sy verteenwoordig (*Times*, 20 Aug.). Die meeste van die skryfsters

1) Cd. 819, bla. 209.

het nooit 'n kamp gesien nie, en die ander het maar net 'n vlugtige besoek gedoen waar daar een in die nabyheid was. Die strekking van hulle aanmerkinge was dat as die vroue in die kampe nie baie gelukkig is nie, dan behoort hulle dit te wees. Hulle toon ook 'n neiging om oorhaastig die gevangene in die kamp te vergelyk met die lojaliste-vlugtelinge wat vroeg in die oorlog na die suide gekom het. As die komitees wat hulp verleen het aan hierdie klas van slagoffers van die oorlog, hulle gebrek laat ly het, dan verdien hulle ongetwyfeld blaam; dog dit is geen rede waarom 'n ander klas van slagoffers verwaarloos moes word nie. Dit het my verras om te verneem dat daar nog van hierdie lojaliste-vlugtelinge is wat in nood verkeer, waar so 'n groot som soos £240,000 ten behoeve van hulle gespandeer is. Ek het gevolglik besluit om in my tweede besoek aan Suid-Afrika ondersoek in te stel na hulle behoeftes in die kusstede naas dié van noodlydende bannelinge van die noorde gedeporteer. Die uit-slag is bekend. Hulle het my belet om in Kaap-stad te land en gedwing om die terugreis te onderneem toe ek liggaamlik daartoe onbekwaam was, en op 'n wyse wat die beamptes van die land wat die plan uitgedink en uitgevoer het, grootliks tot skande strek. Mevr. Stuart het meer briewe gepubliseer as „proteste” teen my „misleidende rapport” (*Times*, 7 Sept. 1901). Sou sy die hele stel Blouboeke ook misleidend beskou, en sal sy voortgaan om te protesteer? Die Kaapse jaar het geëindig met die gelukwensing van die *Cape Times* aan homself, op grond van die Kersfees-vermake wyslik vir die kinders in die kampe voor-berei:—

Dit is 'n troosryke gedagte by hierdie feestelikheid van die Christelike jaar dat daar nog nooit 'n oorlog gevoer

is wat so versag en beskaaf is deur die invloed van Christelike gevoel soos hierdie een in Suid-Afrika nie.

Die Britse volk versorg op hierdie oomblik, met al die gerief wat moontlik aan hulle kan verskaf word, 120.000 van die hulpelose famieliebetrekkings van ons vyande. Dit verheug ons om te weet dat Kersfees nie in die konsentrasiekampe sal verbygaan sonder 'n poging om dit behoorlik te vier nie. Die superintendente van al hierdie kampe is gemagtig om met hierdie doel 'n bietjie onkoste te maak. Sport, kersbome en vermake van alle soorte word voorberei, en elkeen sal hierdie mense die gelukkigste Kersfees toewens wat onder die omstandighede moontlik is. Aanstaande Kersfees, laat ons hoop, sal hulle almal weer tuis wees, met herinneringe wat nie heeltemal onaangenaam is van hulle uitgerekte Lofhutte-Fees nie.

#### SEKSIE B.

As ons die aangename versekeringe van die *Times* en die verontwaardiging van die Kaapse koloniste opsy laat, dan vind ons dat daar veel gewigtiger beskouinge oor die kampe van die een of ander kant ongestremd uitgespreek word. Slegs 'n paar daarvan kan aangehaal word. Lord Hugh Cecil se brief aan die *Times* (26 Junie), wat deur hierdie koerant as „, kragtig en onderhoudend” genoem word, is 'n pleidooi vir die regvaardigheid en reg van hulle bestaan en is blykbaar uitgelok deur sir Henry Campbell-Bannerman se welbekende uitdrukking „, barbaarse metodes.” „, Daar die generaals so dink, moet ons aanneem,” so redeneer lord Hugh, „, dat hierdie maatreëls 'n militêre noodsaaklikheid is. Dit laat die vraag verrys, al is dit noodsaaklik, kan dit geregvaardig word? 'Is hulle nie sedelik verwerplik, wat die doel ook mag wees? As iemand twyfel op hierdie punt het, laat my hom vra om 'n enkele argument te oorweeg. Sou al die ellende veroorsaak deur die verwoesting en konsentrasie nie as geregvaardig beskou word as dit in plaas van mense wat buite op die platteland woon, aan stedelinge

met 'n beleg toegebring was? Moraliteit kan nie van versterkinge afhang nie. Dog die voorbeeld van 'n beleg toon duidelik aan dat alles wat gedaan is-en nog veel meer-, geregvaardig is as dit nodig is om die doel van die veldtog te bereik. En dat dit nodig is, moet ons aanneem op gesag van die beste militêre raad tot ons beskikking.”

Lord Crewe het dadelik hierop geantwoord „, vir sover lord Hugh Cecil ernstig redeneer” (*Times*, 26 Junie) :—

Lord Hugh maak twee stelling-ten eerste dat die verantwoordelikheid hoofsaaklik nie by die Regering nie, maar by die militêre bewindvoerders berus en ten tweede dat die swaar in hierdie kampe deurgemaak met reg vergelyk kan word met die ontberinge in 'n belegerde vesting ondervind. Hy beskou die toestand as beslis analoog indien nie presies dieselfde nie. Lord Hugh sê, die noodsaaklike feit uit die oog te verlies dat die onderskeid nie lê tussen versterkinge en geen versterkinge nie; dog tussen die gevolge wat vloei uit daadwerklike teenstand aan die een kant en lydelike onderwerping aan die ander. 'n Plan van verdediging op 'n sekere plek toegepas . . . sal sekere gevolge hê, bekend sedert oorlog in die wêreld is, vir die nie-strydeude bevolking wat daar woon. Op dieselfde wyse, as 'n plaaswoning op die veld deur gewapende Boere beset is, sal die vroue en kinders wat daar is, moet verwag om moontlik doodgeskiet te word of niks te ete te kry nie solank die verset duur. . . . In die een geval is dit onmoontlik om te onderskei tussen die aandeel wat individue neem in die voortsetting van die weerstand, behalwe waar ontsag betoon word aan die Vlag van Geneve; in die ander geval is daar geen verset nie, en die „verwoesting en konsentrasie” is uitsluitend die werk van die sterkere mag. Hierdie mense is feitlik „gevangene in 'n refugee-kampe,” en hulle het reg om aanspraak te maak ten minste op die regte wat gevangene toekom. Inderdaad, die drogredenering van lord Hugh, soos veel meer van die aard, stort in duie met die poging om te veel te bewys. Hy sal die laaste wees om te beweer dat hierdie vroue en kinders die ontberinge moet verduur wat met die meeste belegeringe gepaard gaan.

Die ander argument wat die verantwoordelikheid op die generaals plaas, is 'n ou bekende. . . . Dit is nie alte moedig nie . . . dog 'n kleinmoedige argument mag tegnies auiwer wees. Diegene wat die hele stelsel verafsku, sal

die Goewerment alleen veroordeel; dog laat dit toegegee word dat „verwoesting en konsentrasie” in uiterste gevalle militêr geregvaardig mag wees. Ek sê „in uiterste gevalle,” want die stelsel is nuut, gevaarlik en aan groot misbruik onderhewig. Dog ek is gewillig om die moontlikheid toe te gee. Wel, daar is drie stadiums in die onderneming-verwoesting, deportasie en opsluiting. In die gevalle van elke ontruimde distrik kan hierdie drie stappe op menslike wyse uitgevoer word, vir sover die menslikheid hom kan laat gelde; of daar mag tekortkominge wees, met ’n ontsettende gevolg, in een of al die stadia. Kan iemand hom voorstel dat ’n opperbevelhebber, wat in sy hand die ingewikkelde draad van geweldige militêre beweginge hou, persoonlik die drievoudige proses in elke geval kan beheer? Natuurlik nie. Publieke opinie sal lord Kitchener nie so swaar belas nie, dog dit sal ongetwyfeld sware verantwoordelikheid op die Regering lê vir elke bewese tekortkoming om voorsiening te maak in die duidelike vereistes van die geval. Die leë kwessie is feitlik een van graad. ’n Bewese militêre noodsaaklikheid-die gevolge daarvan voorsien, en die prosesse met alle moontlike voorsorg uitgevoer-dit is die pleidooi wat die Regering vir homself moet kan maak. Dit mag reg wees om die oordeel op te skort totdat al die feite bekend is; persoonlik dink ek moet dit gedoen word.

Die werklike kwaad, egter, wat hierdie kontensie van lord Hugh bedryf, is die onbedoelde aanmoediging wat dit gee aan ’n sekere onheilspellende sentiment wat tussen die reëls van meer as een artikel, openbare brief en toespraak op die huidige dag kan bemerk word. Die oorlog is verskriklik duur en afmattend, word daar gefluister; laat ons dit so gou en so goed eindig soos ons kan, en nie te veel vrae omtrent die middele stel nie.

Selfs die sterfte in die konsentrasiekamp mag (deur die Voorsienigheid) sy nut hê om die Boere te oortuig van die ydelheid van verdere verset. Vir lord Hugh self sal sulke verderflike beskouinge natuurlik af skuwelik wees. Hulle sal net so haatlik wees vir lord Milner en lord Kitchener, in wie se humaniteitsgevoel die volk as ’n geheel volkome vertrou het. Dit is des te meer te betref dat lord Hugh Cecil se ongelukkige brief vir ’n verkeerde opvatting hom leen, wat niemand meer as hyself sal betreur nie.

In ’n toespraak op Southampton vroeg in Julie het sir Henry Campbell-Bannerman die saak in kragtige taal voor die volk geplaas op gronde van menslikheid, sedelikheid en beleid. Hy het sonder

vrees die uitdrukking „metodes van barbarisme” herhaal. Hy sê :—

Ek wens om ’n paar woorde te spreek oor sommige van die metodes wat in die voortsetting van die oorlog gevolg word. Ek maak die grootste beswaar teen daardie maatreëls. Ek doen dit nie alleen op die grondslag van menslikheid en moraliteit nie, dog op politieke gronde; want terwyl dit ons doel is, soos ek dit beskrywe het, nl. om die oorlog spoedig tot ’n end te bring en om goeie verhoudinge en vriendskaplike gevoelens ná die oorlog aan te kweek, kom hierdie handelwyse my voor uitdruklik gemunt te wees om hierdie tweeledige doel te verydel. Ek het hulle metodes van barbarisme genoem. Dit is hulle. . . . Tussen 60,000 en 70,000 vroue en tedere kindertjies is in kampe opgesluit, opeengehoop in tente onder die blakende son en yskoue winterwinde.

Alles is deur die kommandante van hierdie kampe gedoen wat moontlik was om die ontbering van sodanige bestaan te verminder, dog die gebrek aan behoorlike voedsel en ander lewensbehoefte was so groot en die gevare sodanig dat die gemiddelde sterftesyfer in al die kampe tesame 116 uit die 1,000 gewees het. Ek weet nie wat die sterftesyfer in Southampton is nie—waarskynlik 13 of 14—, en in hierdie kampe is dit 116. Die sterftesyfer is ’n onfeilbare toets wat niks weet van vooroordeel of sentiment nie.<sup>1)</sup>

Sir Henry het nie alleen die ondersteuning van Liberale polietikusse gehad nie, dog ook van vele van die bekwaamste denkers van die land, waarvan sommige van tyd tot tyd geskrywe of gespreek het. Die heer Frederic Harrison het onvermoeid geskrywe en voorlesinge gegee, en die here William Watson en Herbert Spencer het nie geswyg nie.

Mnr. Goldwin Smith het geskrywe :—

Dinge word gedoen wat ’n langdurige skandvlek op die land sal bring. . . . Die Boem was ’n wettige strydoerende party. Welke reg het ons om nou om te swaai en

1) „Times,” 3 Julie 1901. Die syfers van sir Henry, sowel wat betref getalle en sterfgevälle, is nog veel laer dan dit werklik was; en die volgende maande het die sterftesyfer deur hom genoem verdubbel en verdriedubbel.



hulle as rebelle te behandel, hulle na Ceylon te deporteer, hulle plase te verbrand en hulle vroue en kinders uit te drywe om van honger om te kom? (*Manchester Guardian*).

Geen beskouing het meer gewig gehad en was meer treffend as die van die veteraan veldmarskalk sir Neville Chamberlain nie. Sir Herbert Spencer het in sy laaste boek (*Facts and Comments*) meege-deel hoe moeilik sir Neville Chamberlain dit gevind het om sy beskouinge publiek te maak en hoe die *Daily Chronicle* uitgestel en beswaar gemaak het; en hy het self by my daarvoor gekla dat ná die publikasie van sy brief in die *Manchester Guardian* die res van die Pers dit doodgeswyg het. Tog kon die opinies van weinige mense van die militêre sy meer waarde hê.

Dit is nooit aan die volk duidelik gemaak (skryf hy 5 Aug. 1901) dat dit noodsaaklik is om 'n afwyking van die erkende wette van internasionale oorlogvoer te regvaardig nie. Ek bedoel die talryke onverstandige so nie roekelose verbrandinge en verwoestinge van plase en Boerwoninge, die wegvoering of vernieling van voedsel vir die onderhoud van famielies in die huise gebêre, die ontruiming van alle beeste en skape, die vernieling van meule en landbougereedskap, asook die gewelddadige wegvoering van alle vroue en kinders na kampe, om aldaar in gevangenskap gehou te word. Ek wil nie te kenne gee dat uiterste maatreëls nooit gedurende 'n oorlog geregvaardig is nie, dog ek wil beweer dat die daelike rapporte, wat in die Pers gedurende die laaste sewe of ag maande verskyn het, aantoon dat 'n groot golf van verwoesting oor die statê van die Vaal en Oranje gegaan het, soos nooit vantevore deur ons leërs aangevang is nie. . . .

In vervloë tye het Britse generaals vir hulle 'n eerbare naam verwerf vir gematigdheid en humaniteit in hulle handelinge met die volk van die land waarin hulle moes optree, en die geskiedenis van ons volk vertel ons dat 'n oorlog gevoer kan word met veiligheid vir die troepe en met glansryke sukses sonder om tot maatreëls van verdrukking die toevlug te neem, en meer in besondere mate teenoor die famielies van strydere en nie-strydere. . . . Die toestande en die ellende waarvan mei. Hobhouse ons verseker dat sy ooggetuie was, behoort genoeg te wees om

dit onmoontlik te maak dat hulle ooit herhaal sal word. Dit mag seker tog nooit 'n erkende episode in 'n oorlog word nie dat vroue gewelddadig van hulle huise wegge neem word sonder om te weet wat van hulle kinders word; vir swanger vroue om in spoorwegtrokse gestop te word en om afmattende reise te onderneem en dan in kampe geplaas te word waar dis gewone geriewe vir moederskap ontbreek; vir vroue en binders om in leë tente geplaas te word en dikwels genoodsaak om op die blote grond te slaap of om deurnat te word in 'n ondigte tent; of vir moeders om hulle kindertjies te sien wegkwyn en sterf uit gebrek aan behoorlike voeding. . . . Wat sou die verontwaardiging in die Verenigde Koninkryk wees as iets van hierdie ellende deur 'n invallende leër in ons eie land, waar selfs die neste van die voëls onder die beskerming van die wet is, berokken word? Gegewe dat maatreëls in die laaste tyd getref is om die euwle wat vroeër die kampe geëister het, te verbeter, tog is die smarte en vernedering reeds verduur geword, en dit kan nie nou toegepleister word nie. . . . Ten slotte laat my hierby voeg dat as die oorlog oor is, sal die volk, vóórens my stellige geloof, die waarheid moet besef van sir Philip Sidney se gesegde: „Wreedheid in oorlog is die duurste prys wat vir oorwinning betaal word.”

'n Paar weke later het sir Neville Chamberlain hom andermaal gedronge gevoel om sy sienswyse te lig.

Die Switserse tak van die Evangeliese Alliansie het 'n beroep gemaak oor die onderwerp van die oorlog op die Christene van Groot-Brittanje. Dit het hulle voorgekom asof onnodige ellende aan onskuldige mense toegebring word. O p hierdie beroep het die biskop van Liverpool in naam van die Evangeliese Kerk geantwoord. Dr. Chavasse het deur middel van die Record gesprek en „ontsetting” en „verslagenheid” te kenne gegee oor die beskuldiging wat daar geformuleer was, dog het erken dat as dit waar was, Groot-Brittanje die veroordeling van die beskaafde wêreld sou verdien (19 Aug. 1901. Vgl. *Manchester Guardian*, 22 Aug. 1901).

Dat ons Regering foute begaan het, wil ons erken; dog dat ons onmenslik, tirannies en onregvnardig was, ontken ons met nadruk en verontwaardiging. . . . Ontsettend soos die afbranding van plase ook mag **gewees** het, dit was alleen gebied daar waar 'n Britse generaal **wie** se humane en godvrugtige karakter sonder weerspraak is, **dit** as absoluut **noodsaaklik** beskou het.

Die Boervroue en -kinders (gaan die **biskop** verder) is in kampe opgehoop omdat hulle nie op 'n ander manier in lewe kon **gehou** word nie. Hulle eie vriende kan hulle nie help nie, en hongersnood het hulle in die gesig **gestaar**. **Ongetwyfeld** het hulle ontbering deurgemaak, **dog** dit was ook **die** geval met ons eie soldate en siviele **bevolking**. Ongetwyfeld was die **sterftesyfer** in die **konsentrasiekamp** betreurenswaardig hoog, **veral** onder kinders; **dog** dit was ook die geval in ons eie kampe onder sterk, **gebrede manne**.

Die beste antwoord op u ongelukkige beskuldiging van wreedheid **teenoor** vroue en kinders is dat die **Boere** self hulle families binne Britse grondgebied vir beskerming **gestuur** het en dat die heer Kruger sy vrou in Pretoria onder Britse **gesag** agtergelaat het. . . . 1)

Die grote meerderheid van Evangeliese **Christene** (verseker die **biskop**) sou die handelwyse van die Regering ondersteun, want dit beteken die **volkome** beskawing van **Suid-Afrika** en die **evangelisasie** van die natuurlike-rasse.

Die **biskop** is seker onbekend met die sendingarbeid van die Hollandse Kerk in Suid-Afrika onder die gekleurde rasse.

Dr. Chavasse eindig deur te **sê** dat hy **oortuig** was dat die Switserse Alliansie op „uiters **gebreekte** **informasie**” **gehandel** het.

Dit was op **hierdie** brief van die **biskop** van Liverpool dat sir Neville Chamberlain, met sy wye kennis van militêre sake, geantwoord het met woorde wat waarskynlik weinige mense in die land die geleentheid gehad het om te lees :—

**Hy** 'n bevelhebber) word verantwoordelik **gehou** aan sy eie voë om te handel volgens die ingewing van **menslikheid**; en verder, enige **afwyking** daarvan, verdien, met die

1) Dr. Chavasse vergeet om te **sê** dat dit **slegs** gedaan is deur **Boere** wat die wapens neergelê het, **wie** se families **spesiale** voorregte gehad het. Mevr. Kruger het in haar eie huis gebly, nie in 'n **kamp** nie. **Hier** was toe nog nie aan **gedag** nie.

woorde van dr. Chavasse, die veroordeling van die hele **wêreld**. Die hoogerwaarde prelaat ontken uitdruklik en verontwaardig dat enige **maatreëls** gedurende die oorlog **toegepas** „onmenslik, tirannies en **onregvaardig** was.” Ek kan met **daardie** gevolgtrekking nie meegaan nie. . . . Ons het die versekering van dr. Chavasse dat hy die beroep van die Switserse Alliansie met „ontsetting en verslagenheid” gelees het. Hoe groot moet die ontsetting en verslagenheid van die eenvoudige **Switserse** Protestantse predikante nie **gewees** het nie om te ontdek dat 'n prelaat van die Kerk van Engeland as onvermydelik kon **beskou** die gruweldade wat die **Boerstate** reeds **verwoes** het en nog verder verwoes? Nog nooit **tevore** is so 'n algemene vernieling en wegvoering van families deur 'n Britse leër aangebring nie. . . . Die bestaan van die **konsentrasiekampe** word deur die eerwaarde prelaat geregvaardig op grond daarvan dat hongersnood die vroue en kinders in die gesig **gestaar** het. Dit was dic, geval omdat hulle woninge bokant **hulle** hoofde afgebrand was en die voedsel wat daarin was, weggeneem of vernietig was. Verder, waar kan enige ooreenkoms gevind word, soos die **biskop** doen, tussen hulpeiose vroue en suiglinge wat ruwe behandeling ondergaan, en die toestand van die troepe, wat slegs hulle pligte as soldate op **aktiewe** diens vervul? So onbekend met feite of so stomp het die rede van die volk geword op die onderwerp van die vroue en kinders dat **hulle** **werklik** so ver **gekom** het om te geloof dat die Pers geregvaardig is om die groot weldadigheid en vrygewigheid wat aan **hierdie** arme prisoniers bewese is, te roem. **Miskien** sou dit die beste manier wees **om** 'n **idee** te gee van die **sterfgevälle** onder die vroue en kinders in die konsentrasiekampe gedurende die afgelope maand Julie as 'n **mens** die volgende syfers weergee wat uit die **goewermentsopgawe** geput word :—

Vroue in Kamp . . . . .	31,225	Gestorwe	187
<b>Kinders</b> in Kamp . . . . .	44,594	Gestorwe	1,117
Totaal vir <b>Juliemaand</b> 75,819			1,304

(**Hierdie** sterftesyfer het baie gestyg.)

**Hierdie** syfers tot 'n paar eenvoudige woorde terug-**voer**, beteken dat omtrent tien vroue en kinders gesterf %et in die konsentrasiekampe in Julie vergeleke met een wat in Londen sou **gestarf** het. Wie is skuldig aan die bloed van die **neë**?

My brief kan sluit met die beskawende woorde van die Skotse landelike digter Burns :—

„These moving' things ca'd wives and weans  
Wad move the very heart of stanes.”<sup>1)</sup>

Tweemaal gedurende die herfs het dr. Haldane geskrywe en die aandag gevestig op die getal sterfgevallye in die kampe en ook op die skaal van rantsoene wat dit affekteer.

Die maande wat gevolg het op dié waar sy berekening op gemaak was, was natuurlik nog meer noodlottig. Hy sê :—

Ek dink dat die skynbare onverskilligheid waarmee hierdie opgawes ontvang word, grootliks te wyte is aan die feit dat dit vir die meeste mense moeilik is om die betekenis van 'n hoë sterftesyfer te vat. Die volgende ontleding van die syfers vir die laaste drie maande mag dus van diens wees om min of meer aan te toon die sterfte onder Boer-vroue en -kinders wat aan 'n ongesonde omgewing toegeskrywe kan word, vergeleke met sterfgevallye wat onder normale omstandighede verwag kan word :—

	Werklike sterfgevallye.	Sterfgevallye onder normale omstandighede.	Sterfgevallye te wyte aan onge- sonde omgewing.
Vroue	606	96	510
Kinders	3, 245	272	2,973

Die sterfgevallye onder normale toestande bereken volgens die laaste tien jaarlikse opgawes vir Engeland en Wallis ; as kinders word geneem almal onder vyftien jaar en vroue gemiddeld veertig jaar oud. Die werklike normale sterftesyfers is natuurlik nie verkrygbaar nie; dog die syfers wat aangegee word, sal meer waarskynlik te hoog as te laag wees.<sup>2)</sup>

Dr. Haldane se tweede brief is van belang waar hy aantoon dat die rantsoen aan soldate waarop dié van die vroue skynbaar gebaseer is, ontoereikend is. Hierby moet nog in die oog gehou

<sup>1)</sup> Hierdie bewegende dinge genoem vroue en kinders sou selfs die hart van klippe beweeg.

<sup>2)</sup> Brief aan die „Westminster Gazette,” deur T. S. Haldane, M.D., F.R.S.

word dat heel dikwels die hoeveelheid minder was as die toegekende gewig, of die kwaliteit was swak. Hy skrywe :—

3 Desember.

Op 28 November het ek aan die redakteur van die Times 'n brief gerig (wat nog nie verskyn het nie) oor die statistieke van die konsentrasiekampe, en aan die einde daarvan het ek gewys op die ontoereikendheid van die rantsoene in die Blouboek gespesifiseer. Daar die kwessie van ete in die kampe een is van dringende belang, waag ek dit om meer volledig oor dieselfde onderwerp aan u te skrywe. In enige diët is die allereerste voorwaarde wat vervul moet word, dat die voedsel 'n genoegsame hoeveelheid potensiale krag moet besit om die bedrywigheid wat onafskeidbaar verbonde is aan die lewe, aan die gang te hou. Die werklike behoeftes van die liggaam wat potensiale krag betref, is lank reeds deur talryke proefstellings bevestig; en dit word algemeen erken dat vir 'n volwasse persoon die benodigde kragvoorsiening gelyk moet staan met 3,000 kalorieë of eenhede warmte. Vir kinders is die hoeveelheid natuurlik heelwat minder; dog in vergelyking met sy gewig het die kind veel meer voedsel nodig as 'n volwasse persoon. As die voedsel nie toereikend is nie, dan lewer die liggaam die stof wat kortkom ten koste van sy eie selle-weefsel. Dog as die gebrek maar gering is, word daar langamerhand volgens 'n laer voedingstandaard 'n ewewig vasgestel. Is die tekortkoming groot, dan volg die dood—gewoonlik van siekte wat tussenbei kom—ná 'n tydperk wat verskil van 'n paar weke in geval van absolute hongersnood tot vele maande of selfs jare waar die verhongering gedeeltelik is. By kinders is hierdie tydperk korter.

Toe eb die spyslys in die Blouboek vermeld, deurkyk, kon ek tot geen ander gevolgtrekking kom nie, as dat daar ernstige foute gemaak is wat betref die ontoereikende hoeveelheid voedsel. Ook ban ek geen bewyse vind dat, hierdie foute duidelik ingesien is of meer as gedeeltelik verbeter is nie. Die veronderstelling dat, enige Britse offisier met, voorbedagtheid enige vrou of kind sal ondervoed, is buite kwessie. Die foute is ongetwyfeld in totale onkunde gemaak, waar die veltende offisiere waarskynlik onskuldig aan beyonde sal word. Ná ek die saak met ander bespreek het wat meer bekend is met militêre sake, twyfel ek daar min aan dat die misrekening hulle oorsprong het in offisiële ideale wat betref die voedsel deur 'n soldaat benodig. Dit kom my voor dat, die spystoekenning aan die konsentrasiekampe gebaseer is op die hoeveelheid voedsel wat die sogee-

naamde „daaglikse rantsoen” van 'n Britse soldaat in vrede tyd uitmaak. In die geval van die bewoners van die konsentrasiekampe is daar nog wat bygevoeg by hierdie „daaglikse rantsoen” ten einde, soos dit skyn, geen twyfel oor te laat omtrent die genoegsaamheid van die toekening nie.

As die normale kragvereistes van die liggaam op die verskillende leeftye genoem as 100 geneem word, dan is die werklike kragvoorraaiening in die „daaglikse rantsoen” van die Britse soldaat en die rantsoene van die konsentrasiekamp soos in die volgende tabel by benadering aangegee word.

In die geval van kinderrantsoene word die waarskynlike gemiddelde ouderdom van die kinders aangegee:—

*Persentasie van  
vereiste wat  
voorsien word.*

„Daaglikse Rantsoen” van Britse soldaat . . .	48
Klas 2 (bls. 21).	
Fameliies van gevangene en manne op kommando, Des. 1900—Maart 1901, Transvaal :—	
Volwassene . . . . .	57
Kinders, 6½ jaar gemiddeld . . . . .	65
Klas 1 (bls. 21).	
Alle „refugees” ná 1 Maart 1901:	
Volwassene . . . . .	63
Kinders, 6½ jaar gemiddeld . . . . .	75
„Geamendeerde” rantsoen (bls. 37, 101), O.R.K. :—	
Volwassene . . . . .	50
Kinders, 8 jaar gemiddeld (?) . . . . .	97
„Geamendeerde” rantsoen (bls. 194, 225), Transvaal :—	
Volwassene . . . . .	61
Kinders, 9 jaar gemiddeld . . . . .	107
Kinders, 33 jaar gemiddeld . . . . .	81
Kafferrantsoen (bls. 37), O.R.K. :—	
Volwassene . . . . .	85
Kinders, 6½ jaar gemiddeld . . . . .	122

Die tabel spreek vir homself. Niks anders as oproerige ontevredenheid, 'n enorme sterftesyfer, en baie groot uitgawe aan hospitale, geneeshere, verpleegsters, „mediese geriewe,” ens., kan in die konsentrasiekampe verwag word met 'n spysvoorsiening bereken volgens dieselfde skaal as die ellendige offisiële toekening aan die Britse soldaat. 'n Soldaat kan sy rantsoen uit sy skrale besoldiging aanvul dog 'n „refugee” in 'n konsentrasiekamp en sonder geld is in heeltelmal 'n ander toestand.

'n Artikel in die *British Medical Journal*, aangehaal in die *Times* (8 Nov. 1901), het aldus die waarskynlike oorsake van die sterfte en die voorgestelde verbeteringe opgesom :—

Die kampe is 'n militêre noodsaaklikheid beskou geword, en dit het seker meer menslik gelyk om op hierdie wyse die vroue en kinders saam te hoop as om hulle aan hulle half verwoeste woninge oor te laat. Die gevolge is noodlottig gewees. . . . Die iewensomstandighede in hierdie kampe is ongetwyfeld verantwoordelik vir die grootste deel van hierdie euwel. Buikloop en loslywigheid maagkoors en longontsteking, sowel as masels, heers waarskynlik in hulle. Die gewoontes van die Boere maak die toestand waarskynlik erger. Dog dit is slegs 'n addisionele rede om die opeenhoping van mense onder sulke onbevredigende toestande nie verder toe te laat nie. . . . Dog die hele saak kom neer op sanitêre administrasie ; en ons sou graag die versekering wil ontvang dat die bestuur van hierdie kampe in hande van mense gestel is wat ondervinding het van sanitêre administrasie, met gesag en mag om die veranderinge aan te bring wat ten gevolge van die bewese feite omtrent die ongesonde toestand van die mense in die kampe noodsaaklik blyk. Die belangrike punt op die oomblik is wat kan onmiddellik gedoen word. Een noodsaaklike ding is om die kampe in 'n aantal veel kleiner kampe op nuwe en onbesmette grond te verander. 'n Groot aantal gevalle van masels kan nie met veiligheid saam behandel word nie, tensy onder die allergeesondste omstandighede. As hierdie omstandighede ontbreek, dan moet die opeenhoping van pasiënte staak.

Wat is die oorsake wat waarskynlik die teenwoordige uitermate hoë sterftesyfer in die konsentrasiekampe veroorsaak het?

1. Byna seker is masels en die komplikasie van longontsteking nie die hele oorsaak nie. As die volle waarheid bekend is, sal dit heel waarskynlik gevind word dat maagsiekte en maagkoors ook geheers het.

2. Daar moet ook gewig geheg word aan die feit dat 'n groot proporsie van die Boerbinders nog nooit vantevore aan masels blootgestel was nie: en hulle is nou blootgestel geword onder omstandighede wat die konsentrasie van die vergif van hierdie sieke verseker. Die toestande kan vergelyk word met dié van 'n armhuis waar masels toevallig in die kinderafdeling ingebring word. Dié wat ondervind het hoe noodlottig masels onder hierdie omstandighede is sal dit nie moeilik vind om die toestand van sake in die Boerkampe te begryp nie.

3. Dit word beweer dat die Boere in hulle persoonlike gewoontes nie skoon is nie en dat dit moeilik gaan om hulle te beheer volgens die eerste gesondheidsreëls wat noodsaaklik is om 'n groot kamp in 'n toestand van welvaart te hou. Moontlik is dit waar. Dit is een van die sterkste redes om hierdie digte opeenhopinge van mense wat gewoontes het wat alleen veilig is in afsonderlike en eensame huise, nie toe te laat nie.

4. Moontlik het ongeskikte kos en gebrekkige kleding—al is alle poginge ongetwyfeld seker aangewend om hierin verbetering aan te bring—veel bygedra om hierdie toestand teweeg te bring.

5. Met die oog op die uitermate hoë sterftesyfer ten gevolge van maagkoors onder ons troepe, waar ons herhaaldelik die aandag op gevestig het, is ons verplig om ook hier dieselfde gebrek aan voorsorg vir moontlikhede te veronderstel wat die handelwyse van die verantwoordelike militêre gesaghebbendes in ander sake wat gesondheids toestande raak, gekenmerk het.

Die sanitêre reëling van groot kampe, of dit vir soldate of vir Boere was, is uiters onbevredigend gewees. Een van die mees belangrike aanbevelinge van die jongste Suid-Afrikaanse Hospita&Kommissie was omtrent die aanstelling van spesiale saniteitsoffisiere, wat die sanitêre reëlinge in alle groot kampe sal organiseer en beheer. Die sanitêre, onderskei van die mediese, organisasie van die leër in Suid-Afrika is deur noodlottige gevalle gepaard gegaan, waar die Ministerie van Oorlog voor verantwoordelik moet gehou word.

Watter verbetering is prakties ?

1. Die onmiddellike organisasie van saniteitsbeheer in die kampe op 'n skaal groot genoeg om alle vereistes te vervul.

2. Die opreiking van die kampe in 'n veel groter getal eenhede, elkeen met 'n aparte organisasie; en besoeke van kamp tot kamp moet streng verbode word. . . . Masels sonder komplikasie moet in 'n aparte gebou behandel word as masels wat gepaard gaan met ontsteking van long of longpype; en as ontsmetting nie nodig is vir masels nie, dan is dit seer seker wenslik vir die verwickelinge daarvan. Sulke metodes mag onder die toestande van kamp- lewe nie prakties wees nie. Die alternatief is dat 'n groot getal vatbare kinders nie saam gegroep word nie. Die kampe moet opgesplits word en taamlik verwyder van mekaar. Hierdie punt word duidelik aan die sig gebring deur sir Walter Foster in 'n brief aan die *Times*, en hy lê nadruk op die belangrikheid daarvan om die kampe op onbesmette grond te plaas.

Opgemerk, deur feite gedwonge, het die publieke opinie in Engeland verander en het 'n begeerte ontstaan om die kampe georganiseer te sien. Waarskuwende stemme omtrent die ernstige posisie het ook langsamerhand van Suid-Afrika hulle laat hoor. Een van die eerste om te skrywe, was die heer Dewdney Drew. (Brief van ds. Dewdney Drew aan die sekretaris van die Koloniale Sending, dd. Kaapstad, 24 Julie. Sien *Daily News*, Aug. 1901.)

Daar is net twee punte (sê hy) waaroor ek my gedwonge voel om aan u te skrywe; en hulle het al twee betrekking op 'n wesenlike fout wat ons maak met betrekking tot die Boervolk. Hulle is nie 'n volk wat 'n mens kan bang maak nie, en ook nie 'n volk wat vergeet nie. Dit is, om een ding te noem, op besondere wyse van toepassing op ons wyse van oorlogvoer. Elke toepassing van skrikbewind, elke streng maatreël het tot dusver op ons eie hoof teruggekom. Hierdie verbranding en plundering deur ons troepe gepleeg, en waar ek van kan getuig (daar ek honderde myle op hulle spoor gery het), het net die Boere die duiwel in laat word. Ek het uit hulle eie mond en van die lippe van hulle vroue gehoor watter indruk dit op hulle gemaak het. Om name te noem, ek het eendag verlede maand middagmaal gebruik met die moeder en twee susters van kommandant Kritzinger, wat op die oomblik 'n inval in die Kaapkolonie maak, en met mej. Olivier, dogter van kommandant Olivier. Hierdie dames is vlugtelinge in Basoetoeland, waar ek hulle ontmoet het. Hulle het eenparig die hardnekkige volharding van hulle bloedverwante en landgenote aan bewegemde oorsaak toegeskrywe. Op Tabansjoe, waar my swaer se plaas lê, woon daar 'n mev. Adams, wat ek vir jare kon. Sy is 'n Engelse dame en bedien die kranke in die hospitaal en betoon liefdadigheid aan hulle sonder aansien des persoons. Sy het my ook vertel toe ek op weg was huis-toe van Basoetoeland, dat die gewonde Boere dieselfde verklaring aflê. Van wat ek persoonlik gesien het van die verwoesting deur ons troepe ten gevolge van brand en plundering in die Vrystaat aangerig, is daar openbaring wat nog aan die Britse publiek moet gemaak word, wat Kruger se voorspelling aal vervul en „die mensheid sal verstom.”

Ek weet niks persoonlik van „konsentrasiekampe” af nie, daar ek nooit een besoek het nie. Dog ek het in my ritte deur die veld konvoie van vroue en kindrea

gesien by twintigtalle in ope trokse opmekaar gehoop, wat urelank op Springfontein-stasie gestaan het, totdat die spoor skoon was vir hulle vervoer na die kamp op Bethulle. Die laasgenoemde party het dieselfde dag van Fauresmith gekom, as gevolg van „skoonveeg”-beweginge in daardie distrik. Daar is natuurlik onvermydelike ongeriewe, al word sulke wegvoeringe nog so wyslik uitgevoer en ek dink nie dat die Boervroue daar hulle oor sou bekommer het nie. Wat egter nooit uit die geheue van diegene wat die lewe aal behou, sal gewis word nie, is die gruwel wat ons op hulle laat pleeg het-natuurlik nie voorbedag nie, maar deur bloot geknoei. Die goewermentsopgawes omtrent die sterfgevale in hierdie kampe lewer di mees oortuigende bewys, en ek wil waag om te voorspel dat wat mej. Hobhouse gevind het, wesenlik bevestig sal word deur die dameskommissie wat nou op die water is. Dit is dieselfde soort van verwaarlosing wat die hospitaalskandale veroorsaak het en wat ek met my eie oë gesien het in die vegdistrikte digby die vyand.

'n Generaal vertrek om 'n gegewe landstreek „skoon te maak.” Hy gaan lewendige mense by die groot maat in sy net vee, dog het geen gedagte wat van hulle sal word as hy hulle gevang het nie. Ná die vangneming uitgevoer is, stop hy die ongelukkiges in die naaste kamp, waarvan die bestuurder buite raad is om vir hulle voorsiening te maak. Dan begin die ellende: binders sterf uit gebrek aan melk, vroue sonder hulp by 'n kraambed; en die Goewerment moet 'n „opgawe” maak wat die ore van 'n Engelsman as hy dit lees, laat suis.

Hierdie suising van die ore het die *Daily Mail* blykbaar nie ondervind nie (27 Des.). Sy korrespondent het opgeruimd geskrywe en gerapporteer dat „die kommissie goed tevrede is met die toestand van die kampe in die algemeen.” Die meer opmerksame agent van die „Central News”-Diens hef in sterke bewoording gespreek en beslis verklaar dat die sterfte so geweldig toegeneem het dat dit die mees belangrike kwessie van die dag geword het (Pretoria, 6 Des. Vgl. *Manchester Guardian*, 30 Des. 1901). 'n Verandering van een of ander soort, het hy beweer, moet dadelik aangebring word, daai „ons nie oorlog voer teen vroue en kinders nie.” Hy beskou dat „die buitengewone vermeerdering van siekte toe te

skrywe is aan die swaar reëns wat die tentstede in valstrikke van die dood verander het.” Die mees doeltreffende plan sou wees om die mense een of ander dorp nie deur ons beset nie, te laat kies, om aan hulle dokters, verpleegsters, voedsel en vryheid te verskaf; of as 'n alternatief verspreiding in die Kaapkolonie.

Op die Vasteland en in Amerika, waar daar al die tyd meer algemene belangstelling en kennis omtrent die kampe was, was die liefdadigheidsgevoel diep geroer; en by meer as een geleentheid het dit uiting gevind. In die middel van die somer het madame Waszkiewicz, presidente van die Vrouevereniging vir die Bevordering van Internasionale Ontwapening, 'n brief aan die heer Brodrick gerig waarin sy pleit vir die Boervroue in naam van die vroue in Europa en Amerika (*sien Algemeen Handelsblad*, Den Haag, 23 Junie). Sy bied aan om die militêre owerheid van alle laste vry te maak deur 'n internasionale komitee te vorm, waar ook Engelse vroue op verteenwoordig sal wees, om die sorg vir die Boerfamilies op hulle te neem; en sy gee aan die hand dat die plan van sir George White op Ladysmith op grote skaal sal gevolg word, en al die vroue op 'n stuk neutrale grond sal geplaas word. Haar aanbod word van die hand gewys.

Die beroep van die Switserse Evangeliese Alliansie is reeds vermeld. Met Kersfees het die vroue van Switserland 'n ope brief gepubliseer aan die vroue van Engeland; en die vroue van Duitsland het in dieselfde maand 'n sterk beroep gedoen. Talryke vergaderinge word gehou en resolusies gepasseer in Amerika en elders.

Die sterftesyfer van September was so hoog dat die besonderhede met sorg afgewag word; en wat die Transvaalse kampe betref, het hulle in

die eerste Blouboek in November verskyn. Met uitsondering van een maand wat Bloemfontein betref, het daar geen maandelikse rapporte vir die Oranjerivier-Kolonie se kampe te voorskyn gekom nie.

Dit word besef dat die land wakker word ; talryke briewe word aan koerante geskrywe, en die stad Manchester het 'n drukgetekende petiesie met die handtekening van die burgemeester en biskop voorop aan die Regering gestuur.

Die verskynning van die tweede Blouboek het aangetoon dat die Ministerie van Kolonies reeds sake in hande gekry het en dat die heer Chamberlain sy enersjie en besigheidstalent reeds wy aan die hervorming van die kampe.

Sommige van die aanbevelinge deur die dameskommissie gemaak, word ook uitgevoer. Die telegrafiese korrespondensie openbaar 'n sekere mate van ongeduld by lord Milner en andere in Suid-Afrika oor die belang wat aan hierdie werk geheg word en die arbeid wat die besonderhede vereis; dog die heer Chamberlain het te reg daarop aangedring ; eindelijk word die bevel gegee dat geen onkoste ontsien moet word nie,<sup>1)</sup> en lord Onslow in sy toespraak op Crewe het in Desember die land verseker „dat die siviele owerheid onder die Ministerie van Kolonies nou die konsentrasiekampe van die militêre owerheid oorgeneem het. Geen moeite of geld sou gespaar word om die kampe so doelmatig en gesond moontlik te maak nie.”

Die somberheid van die jaar 1901 het teen die einde daarvan dus opgeklar, met die hoop dat tasbare hervorminge werklik begin het en dat dit spoedige en doeltreffende verbetering sou teweegbring.

1) Cd. 858, blo. 128.

## HOOFSTUK IV.

### VROÛE IN 1901, VOLGENS BESKRYWING VAN ANDERE (ONOFFISEEL).

*„Life may change, but it may fly not;  
Hope may vanish, but can die not ;  
Truth be veiled but still it burneth ;  
Love repulsed, but it returneth.  
Yet were life a charnel where  
Hope lay confined with despair ;  
Yet were truth a sacred lie ;  
Love were best-if Liberty  
Lent not life its soul of light,  
Rope its iris of delight  
Truth its prophet's robe to wear,  
Love its power to give and bear.”<sup>1)</sup>*

—SHELLEY.

Die kanttetekeninge wat in die volgende paar hoofstukke voorkom, is almal uittreksels uit Blouboeke van die Regering. My doel met hierdie aanhalinge is om aan te toon dat offisiële verklaringe, hoe koud ook, die meer algemene opmerkinge van mense wat die kampe besoek of bewoon het, bevestig. Seer treffend in hulle verskillende uitwerkinge op die gees van die leser is die offisiële en die menslike wyse om dieselfde ding te sê. Aan die ander kant is die offisiële en ander verklaringe omtrent bepaalde konkrete gevalle dik-

1) Die lewe mag verander, maar nie vervlieg nie; hoop mag verdwyn, maar dit kan nie sterf nie; die waarheid verduister, maar tog brand dit nog; liefde verdrywe word, tog keer dit terug. Tog sou die lewe 'n huis der dode wees waar die hoop met wanhoop gekis is; sou waarheid 'n heilige leuen wees en liefde wellus—as Vryheid die lewe nie sy siel van lig beleen nie, aan hoop sy hoeg van vreugde, aan waarheid die profetemantel om te dra, en aan liefde sy mag, om te gee en te ly nie.

wels direk in stryd met mekaar, soos ons by voorbeeld lees op bls. 260 omtrent betaling vir begrafs-nisse en ander sake.

**Vroeg in die jaar (7 Febr. 1902) het die heer Rowntree die mees geseënde kampe van die Kaap-kolonie en Natal op die volgende wyse beskrywe. In 'n vorige hoofstuk is dit aangetoon hoe die kamp op Port-Elizabeth teen die einde van 1900 in 'n voortreflike toestand gekom het. Mevr. Fawcett het van die kamp gepraat as 'n „pronk-kamp.” Die heer Rowntree skrywe:—**

Ek het van die heer Hes8 'n pas gokry, wat daarbg oppemerik het dat hy begerig is dat ons die kamp sou sien sodat on8 die mense in Engeland kon verseker hoe goed die bewoners behandel word. Hy het langs die kant van die brief wat hy my gegee het aan die kaptein wat bevel gevoer het oor die militêre organisasie in die stad, geskrywe dat dit sy nut in Engeland mag hê. Daar was doringdraad taamlik hoog rondom en wagte met hulle gewere ten minste drie sye van die vierkant.

'n Verstandige Afrikaanse vrou het ons kom groet. Sy neem ons in 'n hut. Die sinkmure was kaal, en die kamer het weergalm van die stemme van kinders die aangrensende herberg? Stoele is skaars, dog die bure leen gewillig, en kassies word goedwillig aangebied.

Daar is 330 siele binne die draadheining; tagtig van hulle is moeders, tien van gepak; hulle is persone goed ontwikkel en met matige, en die owerige 18 heeltemal noodly-dend. In die liggaamsbe-hoefte word daar vry goed voorsiening gemaak. Rulle het klere vir die teenwoordige, dog die vraagstuk is en sal wees om die gees gesond en besig te hou en vry van verkniësing in hierdie lewe van gedwonge werkeloosheid. In die hospitaal was daar vandag net twee moeders en twee pasgebore kindertjies. Al die nuus wat ons kon gee, het hulle gretig ingedrink. Een persoon met wie ons gepraat het, het vir baie maande nik8 van haar man

Die gedrag van die bewoners is uitstekend; hulle het groot respek vir die matrone, mej. Hauptfleisch, van wie ek nie genoeg met waardering kan praat nie. Sy het die kamp en die bewoners met verbasende tak en behendigheid bestuur. En die teenwoordige doeltreffende toe-stand van die kamp is uitsluitlik toe te skrywe aan haar be-moëninge en opofferinge van tyd en gesondheid vir haar susters in ellende.

Sommige kamers is taamlik in-veertien persone leef soms saam in een kamer.—CHARLES P. PEERS, Kaptein.

27 Maart 1901. Cd. 819, bls. 43.

gehoor nie en het blyke gegee van groot verlange na tyding.

Later het ons (so vervolg die heer Rowntree) na Pieter-maritzburg gekom (14 Febr. en verneem dat uit die 1,800 persone wat met Kers4ees hier in die kamp was, ongeveer 500 na Howick geneem is. Hierdie kamp het te groot geword. Ek veronderstel dat heelwat kinders dood is en dat veranderinge noodsaaklik was. Die kolonel is ongetwyfeld 'n saggeaarde man, begerig om die beste te maak van die beperkte middele aan hom toegestaan. Die voedsel, wat volgen8 gesegde ontoereikend was, word nou beter genoem, dog is oënskynlik nie altyd wat dit moet wees nie en skaars genoeg.

Ons het die middag in die kamp deurgebring. Die thermometer was 95° in die koelte. Dit is 'n groot ruimte, byna soos 'n park vir wild (soos in Engeland), teen 'n helling met baie lang, harde gras. Ds. Rousseau, wat reg het om, wanneer hy wil, in en uit te gaan, het ons in die kamp gery sonder om eenmaal gehinder te word. Ons het baie jongetjies in die omtrek gesien en het gevrees dat ons die skool sou mis, dog het spoedig by 'n groot tent gekom stampvol jongetjies en meisies. Die hoof-onderwyser is 'n jong man, 'n Britse onderdaan wat nie geveg het nie; dog dit is beskou in belang van die Ryk dat hy in 'n gevangenis sou lewe, en gevolglik was hy ag maande daar.

Hy dink nog stomme kèrel, dat hy van een of ander misdad beskuldiging moe8 gedagte het en 'n verhoor gekry het, dog dit is 'n ydele gedagte; en hy is miskien nouliks dankbaar genoeg dat hy na 'n-kamp verhuis is. Ons het verskeie tente besoek. Een ou man het 'n beskerming-sertifikaat vir sy plaas gekry dog omtrent ses myl van daar is daar dinamiet ontdek geword. Hy het daar absoluut niks van geweet nie; dog hy en sy vrou word uitgeroep en die huis afgebrand. 'n Stille droefheid het hulle bevang. Vele van die vroue se huisraad—ja, feitlik al hulle besittinge behalwe 'n bietjie klere is verbeur verklaar geword, sonder kwitansie of beloning, omdat hulle mans of seuns op kommando is. In sommige gevalle is dit geskied aan vroue wie se mans of seuns in Ceylon is. Een van hulle het in trane uitgebars toe sy vertel hoe hulle ondanks haar gesmeek 'n lamp wat haar seun vir haar gemaak het, weggeneem het. Alreëen gesproke het hierdie verklaringe nooit vanself gekom nie, dog slegs as antwoorde op vrae en dikwels op treffend eenvoudige wyse sonder skildering. Een vrou het gesê dat sy gewillig haar hand sou gee om Engelse soldate te groet, daar hulle dikwels van hulle rantsoen aan die hongerige gegee het; dog sy sou verseg om dit met die offisiere te doen, wat hulle hongerig en koud op lang afstande gestuur het. Een



van hulle het met ses-en-dertig andere in 'n ope troks in koue weer vir 'n dag en nag gereis.

By een tent het ons die tyding verneem dat daar nog meer gevangene kom. Hulle skerp oë het die mense sien uitstap uit die trein toe ek nog niks kom erken nie. Ná verloop van 'n uur was die nuwe komelinge daar. 'n Paar soldate voorop, wat goedgeaard daar uitsien en asof hulle nie alte veel smaak in hulle werk het nie; dan 'n lang, slepende prosessie, hier en daar in groepe opgebreek. Meestal moeders en kinders, baie met babetjies in die arms; vele wat langsaan strompel en rok of hand vashou; die meeste van hulle afgemat, droewig, ernstig, met 'n uitdrukking van noodlydensheid in gesig en kleding tegelyk. Een klein seuntjie van sewe of ag was so uitgeput dat hy tweemaal op die gras gaan lê het en gedwing was om verder te gaan. Elkeen, selfs die kindertjies, het iets in die hand gehad, waarskynlik die kostelike of mees noodsaaklike, 'n waterfles, 'n ketel of 'n klein bondeltjie klere; hier en daar 'n sak met 'n bietjie eetware; een eensame vrou het 'n kat geliefkoos. Een ou vrou, met 'n klein kindjie by haar, het in 'n „rickshaw” gekom; die res was almal te voet en sonder sambrele teen die son. Die algemene indruk was uiters somber en oneindig treurig. Ek het twee of drie in trane gesien, en 'n mens was verplig om 'n bietjie alleen opsy te gaan. My vrou het hulle gevolg om te sien of iets vir hulle kon gedoen word wat voedsel betref, dog daar was 'n kordon troepe al gevorm om alle andere terug te hou. Ons kon nie eintlik objekteer nie, dog uit hulle nooddruif was die ouers gevangene blykbaar seer begerig om die nuwe komelinge met koffie te voorsien en na hulle vermoë mededeelsaamheid te bewys.

### 37 Febr.

Wat sal die toekoms baar? Die verlede is vir die merendeel uiters droewig—die 200 persone wat ons tien dae gelede gesien het, is langzaam bymekaargemaak geword. Een vrou, met 'n goeie gesig, het my vandag vertel dat sy en haar kinders twee dae lank op pad was na Standerton en dat hulle daar neë dae vertoef het. Toe was hulle 'n dag en nag in oop trokse op weg hierheen sonder rantsoen, en met niks meer as die kaal tent toe hulle teen sononder hier aangekom het—geen katel, geen beddegoed nie. Hulle is meestal gawe mense, baie soos die Skotte van die Laagland. Hulle is openhartig en gevoelig vir 'n vriendelike blik. U hoof mag spoedig draai van verhale van ondervindinge kalm meegedeel, en so nou en dan mag dit u verveel waar een of twee te dikwels in die rede val; dog oor die algemeen het hulle die ware sterkte en waardigheid van selfbeheer.

Die heer Rowntree gaan voort :-

### 1 Maart.

Groot getalle hawelose vroue en kinders stroom gedurig hierheen. Daar is omtrent 3,009 van alles beroof behalwe 'n bondeltjie beddegoed en een of ander soort van kis. Die outoriteite misgun rantsoene aan diegene wat middele van een of ander soort het.<sup>1)</sup> Mevr. — het my 'n formele kennisgewing getoon wat sy van die kampkommandant ontvang het, wat sê dat hy las ontvang het om nie verder rantsoene aan haar toe te ken nie, omdat dit verstaan word dat sy oor eie middele beskik. . . . Die Britse Goewerment het die meeste bate van hierdie mense verbeur verklaar. Is die bedoeling om hulle tot die bedelstaf te bring? Reeds moet hulle by die Hollandse predikant bedel om 'n posseël of 'n naald.

Daar was iets onbeskryflik treurigs, soos die heer Rowntree aantoon, om die klompie verbanne vroue te sien verbygaan.

0 (roep 'n dame van Tabansjoe uit wat op 29 Mei aan haar suster skrywe), hoe tam is ek vandit alles! Die onafgebroke stroom arme vroue en kinders vloeï nog gedurig hierdeur na daardie aaklige kamp op Bloemfontein, waar hulle soos siek skape doodgaan. Omtrent 'n maand gelede het hulle al die vroue in die omgewing van Koranaberg omtrent 230—hier ingebring en „neergeplak.” Hulle is in die Hollandse kerk, skoolkamers en saal ingestop en in die grootste ongerief vir drie weke hier gelaat; baie het siek geword; een vrou en een kind is hier dood. Die vrou was mevr. Van Wyk, tant Maria Sephton se moeder. Sy was 77 jaar oud, swak en sieklik, en nie geskik om in alle wind en weer in 'n ou stamperige bokwa rond gesleep te word nie.

Die Van Nekerks en Boschmans en al die vroue wat u hier ken, was onder hulle. Ek het hulle af en toe gaan sien en „hulle hande vasgehou;” daar is so min wat 'n mens vir hierdie arme mense kan doen. As u sien wat hulle moet verdra, dan laat dit 'n mens se bloed „kook.” . . . . Hoe kook ek soms, en 'n mens moet alles onderdruk en glimlag!

Wel, hierdie arme vroue leer 'n mens hoe om moedige dinge te verduur; hulle lag en haal zoveel vermaak uit hulle ontberinge soos hulle kan; ek bewonder hulle. Dog daar is ook 'n ander skildery: sommige van hulle het gekom en hulle ellende gesit en uithuil by my in my kamer, omdat ek jou suster is.

<sup>1)</sup> Artikel VII van die Haagse Konvensie sê: „Die Regering in wie re bande krygsgevangene val, is verplig om hulle te onderhou.”

Wel, eerlede week is hulle **almal** op bokwaens **gepak** om na die „**kamp**” geneem te word; toe hulle by die **Waterwerke kom**, word daar bevel gegee dat **geen osse** oor die rivier **sal gaan** nie omdat die **runderpes** daar uitgebreek het. So is die arme vroue op die **vakte gestraff** met byna geen kos of skuiling nie. Hulle was reeds daelank daar toe ek van hulle gehoor het; en ek kan nie sê of hulle nou al na Bloemfontein geneem is nie. Sommige van hulle het **gesê** dat hulle my sou laat weet wat uiteindelik van hulle word, as hulle die lewe behou, **stomme siele**. Die **siektes** (omtrent ses families) is nog hier.

Mevr. P. Maritz Botha, suster van sir David Graaff, skrywe : —

Anril 1901.

Toe ek my toegangskaartjie (tot die kamp op Johannesburg) vertoon, **deel** die wag my mee dat twee- of driehuisend vroue daar was; ook dat hy net van die **Potchefstroomse distrik** gekom het, waar hy vyf of ses maande deurgebring het as een van 'n kolom wat die werk gehad het om **huise** en plase in **daardie distrik** te verwoes en die vroue en kinders in die kamp daar te **plaas**. Hy het **hierdie** gebruik veroordeel en **gesê** dat vergelding **ongewyfeld** aan die Engelaë sal **geskied**.

In die kamp het ek 'n hoop siekes gevind wat in die **sinkhutte lê**—siek hoofsaaklik aan die masels; dog ook ander siektes het daar **geheers**. **Hierdie** mense was van die voorste klas **boere**. In die **beperkte** ruimte wat aan elke familie toegestaan was, was daar te **sien** siekes, **sterwendes** en **dooes**.

Ek **het** een arme vrou gevind met haar aangesig na die muur **gekeer**, wat bittere tranes stort. Toe ek haar **vra** na die oorsaak van haar smart, **toe** draai sy om en sê dat sy nou net haar sesde en laaste kind verloor het. **Almal** is dood in die kamp.

'n Groot en grondige klagte onder die vroue was dat daar vir al die verskillende siektes en kwale wat in die kamp

**Huisvesting.**—Dit laat veel te wense oor. Daar is niks privaats ... niks minder geskik vir families kan 'n mens jou voorstel nie. Ek laat uit berekening sulke besware as gebrek aan afsondering. ... Daar is n.l. erger besware. Die geboue is baie trekkerig en in die winter erg koud. Die grond tussen die vloere sal spoedig baie ongesond wees, ens.—

DR. TURNER.

Cd. 819, bls. 30.

Maand eindigende 31 Mei:  
Bevolking ... .. 3.379  
Sterfgevallen in Mei ... 79  
Die **gesondheidstoestand** van die burgerkamp, Johannesburg, gedurende die maand Mei is oor die algemeen seer goed ge-wees (!).—Dr. CROOK (Mediese Offisier).

Cd. 819, bls. 54-56.

Dr. Croizier—Durham het die toestand van sake hom heeltemal laat hande uitruk, en ek het hom na die kus gestuur en dr. Crook in sy plaas aangestel. Daar is reeds verbetering merkbaar in die algemene gesond-

heers, van maagkoors en masels tot 'n gebroke been, net twee soorte medisyne gebruik word, en **hierdie** word uit twee bekende **flesse** gegooi. **Hierdie behandeling** het natuurlik **agterdog** verwek, en die **gevlug** was dat die **vroue hulle toevlug** tot **huismiddeltjies** geneem het.

Wat betref **rantsone**, was daar, dank sy goewerneur **Mackenzie**, **hierdie** tyd **geen** klagte omtrent **voedsel** nie, wat kort gelede feitlik ontelbaar was. Ook kon die predikante van die Ned. Geref. Kerk nou **klein sommetjies** geld gee, wat vir die bou van klein **oondjies** gebruik word.

Die wyse waarop **hierdie** vroue van hulle **huise** wegge-neem is, is **werklik** merkwaardig vir sy barbaarsheid. **Hulle** was **letterlik** beroof van alles voor hulle weggestuur is; en ek weet van vroue, vroeër **welaf**, wat vir **maande** in die veld **saamgevoer** is sonder dat hul **eenmaal** in staat was om hul te verkleë. Sommige was **gedwing** om hul **ringe** op te gee; andere selfs hulle kosbare **Erfby** bels.

Een vrou het my vertel dat sy **£35** op haar bors vir veiligheid **weggesteek** het om haar en haar kinders mee te **voed**, en dat 'n **offisier** haar **genader** het, haar kleres **oopperuk** en die **geld** weggeneem het.

Ek **het** **persoonlik** by 'n besoek in die aand aan die arme families wat na Pretoria **gevoer** is, 'n vader, moeder en ag kinders in twee klein **sinkkamertjies** **opmekaargehoop** gesien, met niks onder of oor hulle vir warmte of **beskerming** nie; en ek het van my seun **se** beddegoed gegee om **hierdie** mense te help wat in hierdie verwaarloosde toestand wekelank gelaat is.

Die here H. A. Cornelissen en F. Smits Verburg, op die oomblik in Europa, was altwee in die konsentrasiekamp op Irene as gevangene en het dus oorvloedige geleentheid gehad om die **kamp-lewe** te beskrywe.

Mnr. Cornelissen was 'n oorlogskorrespondent met die Boermagte, en ná hy ses maande in die twee kampe Irene en Pietersburg was, het hy ver- lof ontvang om in Oktober 1901 na Europa te ver- trek. Hy skryf die hoë sterftesyfer aan verskil- lende oorsake toe. Ten eerste die uitgeputte toestand van die vroue en kinders op hulle aankoms

**heidstoestand** en voorkome van die vroue en kinders, hoofsaaklik toe te skrywe aan sy poginge en die hulp van 'n komitee, lede van die plaaslike Hollandse Kerk wat verpleegsters en enige mediese geriewe aan die Kranke verskat het.—Rapport van G. W. GOOPWIN, Algemene Superintendent.

Cd. 819, bls. 23.

Botha van lord Kitchener verlof bekom het om haar eggenoot te besoek, het sy die land in 'n kar deurreis en elke aand op pad by 'n plaashuis deurgebring. Ná sy vyf dae by haar man was, het sy haar terugreis na Pretoria aanvaar. Sy kon nie dieselfde pad terugkom nie, want al die huise wat herberg aan haar gegee het, is in daardie kort tussentyd tot op die grond afgebrand. Die werk van vernieling word gewoonlik in verskriklike haas uitgevoer, want die soldate is bang dat hulle, te midde van hulle werk, deur die Boere aangeval mag word. Daarom steek hulle gewoonlik die huis aan brand of blaas die mure met dinamiet op as dit sterk gebou is. Die land word verwoes, honderde sakke graan word oopgesny en onder die voete vertrap, vrugtebome word afgekap; en dit moet alles binne 'n paar uur gedoen word. In die grootste aantal van hierdie huise wat verbrand is, word daar pragtige tente gehou wat deur die jong Boere gebruik word as hulle met hulle vee in die veld gaan bly. As hulle verlof gekry het om dit saam te neem, dan sou hulle ten minste iets oor hulle hoof gehad het; dog geen vrou is toegelaat om met haar 'n tent te bring as beskutting teen die son by dag en die koue by nag. Die tente is saam met al die ander huisraad verbrand geword; en op hierdie wyse tot die bedelstaf gebring en sonder dak word hulle oor die veld weggevoer en aan die kamp oorgegee waar hulle tot vandag toe gevangene is.

Toe ek Pretoria verlaat het, was dit reeds baie koud, selfs binne my eie huis. Wat dit buite in die tente moes gewees het teen die kale berghelling, laat my grill om aan te dink. En dit was nog maar die begin van die winter. Die getal sterfgevallen onder die kinders is ontsettelik. As die sterfte nie gekeer word nie, sal daar geen kinders in die kamp oor wees as die winter verby is nie. Die vroue en kinders slaap op strooimatrasse<sup>1)</sup> op die kaal grond.

Die tente is nie uitgevoer nie, en hulle verskaf byna geen beskutting teen die wind nie; ook het die vroue geen behoorlike klere nie. Sommige kon 'n kombers gryp uit die vreugdevuur wat van hulle goed en besittinge gemaak was; dog as hulle net toegelaat was om hulle beddegoed te bring, sou hulle ten minste verlos gewees het van 'n deel van die diepe ellende waar hulle nou in verkeer. In die reël was hulle nie toegelaat om iets saam te bring nie behalwe die klere aan hulle lyf. Daar is ook byna geen brandstof in die kampe nie; dit is uiters skaars.

Terwyl die beskutting ellendig is, is die voedsel ook baie sleg. Die militêre outoriteite het 'n skikking met

'n kontrakteur gemaak volgens welke hy die kamp met kos vir volwassene voorsien. Geen spesiale voedsel word aan kinders verskaf nie. Die rantsoene wat die kontrakteur lewer, is hoegenaamd nie die gewone rantsoene van die leër nie en bestaan uit meel wat dikwels bitter is en ongeskik om te eet. Al was dit goed, die vroue is nie gewoon aan wit fynmeel nie en hou daar nie van nie. Hulle het altyd of growwe meel of boermeel gebruik en wit fynmeel (flour) het vele van hulle vir die eerste maal aangaraak die dag toe hulle die eerste rantsoen ontvang het. Die koffie is die naam nie werd nie, en dit lyk of dit hoofsaaklik van gebrande akkers gemaak is. Die suiker is die afskraapsel van die suikerfabriek. Die voedsel is heeltemal onbehoorlik vir volwassene en die kinders verhonger eenvoudig en sterf. Die sterfgevallen onder die kinders is ontsettelik. Van een plaas alleen is daar tien kinders dood, en daar is gevalle waar elke kind in die familie gesterf het. Hoe kan dit anders wees? Kinders onder sewe jaar het behoefte aan een of ander soort melkkos. Ek weet natuurlik dat vars koemelk onmoontlik is. Elke melkkoei is gekommandeer vir gebruik van die militêre hospitale; dog dit is geen rede waarom kinders nie kan voorsien word van gekondenseerde melk en „Mellin's Food" nie. Die verklaring dat dit onmoontlik is om gekondenseerde melk aan die krygsgevangenskap te lewer, mag hier gemaak word; maar ek het nooit so 'n verontskuldiging in Pretoria gehoor nie. Ek weet self verseker dat daar 'n onbeperkte hoeveelheid gekondenseerde melk in Pretoria is. Ek het my eie babetjie vir die laaste twee jaar daarop gevoed en het nooit die minste moeilikheid gehad om so veel te kry as ek wou hê nie met uitsondering van die eerste vier maande ná die 'inname van Pretoria. Daar is nie alleen 'n onbeperkte hoeveelheid gekondenseerde melk in Pretoria nie, maar 'n Hollandse liefdadigheidskomitee, wat gevorm was met die doel om aan die noodlydende vroue en kinders hulp te verleen, het werklik talle van kinders in die kamp aan die lewe gehou deur gekondenseerde melk en ander voedsels vir die kleintjies uit te deel; dog om een of ander rede-ek dink dit was teen Aprilmaand het die militêre owerheid die lisensie by magte waarvan die Hollandse komitee in staat was om hierdie lewensmiddele aan die kinders te verskaf, teruggetrek, met die gevolg dat die kinders nou sous vlieë doodgaan. Waarom hulle van gekondenseerde melk en ander lewensmiddele beroof moet word, kan ek nie verstaan nie. U kan nouliks verwonder wees dat daar 'n verkeerde verklaring aan deur die Boere gegee word. Hulle is bewus daarvan dat die outoriteite hy voorbedagte rade bevel gegee het dat die vroue en families van manne wat nog veg, net half-rantsoen sou ontvang en hoegenaamd

<sup>1)</sup> Die kamp op Irene was in hierdie opsig die ander kampe vooruit. Matrasse was skaars, en katels nog skaarser; die meerderheid het op die blote aarde geslaap.

geen vleis nie (vgl. Aanhangel A). Sedert my aankoms hier in die land het ek verneem dat dié intrekking van hierdie onmenslike bevel te wyte was aan druk op die ministerie in die Laerbuis uitgeoefen. Ons het daar niks van in Pretoria geweet nie. Al wat ons weet, is dat die konsuls van vreemde moondhede geprotesteer het teen die weiering van volle rantsoen aan vroue en kinders wie se mans nog op kommando is; en ten gevolge het daar 'n end gekom aan die onderskeid wat gemaak was-so het ons altyd verstaan-uit reapek vir die konsuls. 'n Paar verpleegsters word toegelaat in die kamp; dog die dokters verstaan nie die taal van vele van hulle pasiënte nie en daar is struikelblokke geplaas in die weg van die Hollandse Vereniging, wat onderneem het om mediese hulp aan die lydende te verskaf.


Dit is niks meer as menslik dat die Boere hierdie dade met taamlik veel agterdog aanekou nie.

Die wens om die toestande van die ongelukkige bewoners van die kampe te verbeter, het tot uiting gekom in 'n beroep op die vreemde Konsuls om by die militêre owerheid bemiddelend op te tree :—

Aan Sy Eksellensie D. CINATTI, Konsul-Generaal van Portugal, en ander verteenwoordigers van vreemde moondhede.

25 Mei 1901.

**EKSELLENSIES**,—Die toestand van die vroue en kinders van ons burgers, veral van dié wie se manne nog veg, is van so 'n aard dat ons, die ondergetekende vroue, dit hoogs noodsaaklik ag om die hulp van die Konsuls in te roep. Hierdie arme, hulpelose wesens ly onbeskryflik veel; hulle is so verswak ten gevolge van slegte en ongenoegsame voedsel dat hulle die verwoesting van siekte en koue nie kan weerstaan nie. Die koue is al reeds skerp op Irene, wat 'n warm klimaat in die reël besit. Ons sidder om te dink wat op die Hoëveld moet gebeur, op Middelburg, Standerton en Vereniging, ens. Slegs 'n paar families word toegelaat om kiere saam te bring; die ander het niks as wat hulle aangehad het toe hulle verplig was om hulle woning te verlaat nie; en dié is verslete en vuil. 'n Paar kon ook beddegoed saambring; dog die meerderheid het of te min of niks nie en word genoodsaak om op die koue aarde te lê, met geen beskutting teen die koue weer nie as die seil. Hulle voedsel is meestal ongeskik om te eet. Ons weet van 'n geval waar 'n moeder drie kinders binne sestien dae sien wegdra het. Hulle is dood aan maagsiekte veroorsaak deur slegte vleis, meel, koffie



Kamphutte, 1901.

en suiker; geen ander voedsel word aan die **gevang**e vroue en kinders uitgedeel nie. 'n Ander **dogtertjie** van dertien jaar **lê** nog gevaarlik krank. Geen seep en geen **kerse** is aan hulle gegee **nie**; dit word „**weelde-artiekels**” genoem! Ons Afrikaanse **nasie** kan nie op **fynmeel** (flour) lewe nie—al is die kwaliteit **nog so goed**; die **armste** is gewoon aan volop melk en **eenvoudige** of **woedsame spys**e.

Ons **is oortuig** dat hierdie **jammerlike** toestand van sake vererger is deur ruwe en ongevoelige **mense** soos superintendent **Scholtz** op Irene. Die vroue verkies liever om te verhonger en met hulle kinders te ly, al is daar twintig **opeengehoop** in een tent, met weinig of geen beddegoed **nie**, as om hulle aan belediging bloot te stel as hulle met hulle nood voor die dag kom.

Word dit teenwoordig so 'n misdaad **beskou** om vir huis en onafhanklikheid te veg dat dit op weerlose vroue en hulpelose kinders **gewreek** moet word ten einde die dapper handjievol manne met leeuemoed tot oorgawe te dwing? Ons smEEK u ernstig om sonder versuim **stappe** te doen ten einde die ontberinge van hierdie **ongelukkige wesens** te versag. Ons klein **volk** word uitgeroei. Daar is reeds baie gevangene in Ceylon en elders, en burgers in die veld wat sonder om dit te weet, beroof is van vrou en kinders.

Met die winter wat voor die deur is, is daar geen tyd om te verloor nie. Help ons in **Gods** naam en in naam van die mensheid. **Hy** sal u seën, en u sal ons ewige dankbaarheid ontvang.

Ons het die eer te wees, Eksellensies, u dienswillige en bedroefde . . . .

Hierdie beroep is geteken deur neë dames van Pretoria, o.a. mevr. generaal Joubert, mevr. ds. **Bosman**, mevr. Van Warmelo, mevr. A. H. Malan en mevr. Brughman. Hierdie beroep van 25 Mei is ná behoorlike oorweging deur die konsuls aan lord Kitchener oorhandip, wat **egter** nie eens die ontvangs daarvan erken het nie. Ná vyf weke te wag het dieselfde persone die volgende petisie ingedien : —

Aan Sy Eksellensie D. CINATTI, Konsul-Generaal van Portugal, en ander **vertegenwoordigers** van vreemde moondhede.

PRETORIA, 1 Julie 1901.

**EKSELLENSIES** !-Die ondergetekende komitee van Boer-vroue, uit naam van die Boervroue in Suid-Afrika, en

met die oog op die ernstige toestand in die verskillende kampe van **gevangene vroue** en kinders, op die ontsettende sterftesyfers ten **gevolge** van siekte veroorsaak deur koue en honger, en siende **die** gevaar wat ons dapper klein nasie loop-teny spoedig verlos-om totaal uitgeroei te word, wend **hulle** andermaal tot u as hulle enige aardse hulp in hulle groot en bittere nood.

Ons smeek u ernstig om sonder versuim u Regerings te **versoek**, in naam van die mensheid, om hulle **vriendskaplike** invloed by die Regering van Groot-Brittanje te gebruik ten gunste van die hulpelose vroue en swak kinders.

Vir ons mans vra ons niks nie-hulle is manne, en goed in staat om alles te verduur wat dit die Voorzienigheid behaag het om oor hulle te laat kom; dog ten behoeve van **hulle gevangene families** eis ons, op grond van **gewone** regvaardigheid, van die magtige en ryk Engeland voldoende en beter voedsel, warm **kleding** en beddegoed; ook dat ons geen struikelblokke in die weg sal gelê word nie om die verskillende kampe te besoek ten einde vir sover ons kan, **hulpe** verleen.

**Hulle** is met geweld uit hulle huise gesleep, hulle kos en klere is deur vuur vernietig, en hulle sterf nou weekliks by honderde uit gebrek aan hierdie lewensbehoefte. Ten einde ons dapper mans tot **oorgawe** te dwing word hulle families gemartel en is hulle op weg om met wortel en tak uitgeroei te word. Al is daar nie veel bekend van die baie kampe wat oral oor die land gesaai is nie, is u voldoende op die hoogte van wat in die Irene-kamp, wat vir die beste **gehou** word, plaasvind, en u is dus in staat om daarvan 'n verslag aan u Regering te gee.

Ons bid God dat u pogings met sukses mag bekroon word, sodat daar spoedig **hulp** mag kom vir hierdie ongelukkige slagoffers van 'n wrede en onregvaardige oorlog.

Ons het die eer te wees, Eksellensies, u dankbare, ens.

(Naamtekening.)

In **hoofsaak** dieselfde as die beskrywing van mevr. Bodde is 'n ander een deur 'n Transvaalse dame na Engeland geskrywe :—

PRETORIA, Mei 1901.

In byna elke geval is hulle (die vroue) op 'n oomblik se **kennissgewing** uit hulle gerieflike wonings weggeneem en nie eens toegelaat om 'n stukkie kos saam te neem nie. **Hulle** is, en word nog, in ope veetrokse en waens gegooi, terwyl hulle eie **pragtige** waens, karre en rytuie voor hulle oë verbrand word, en hulle huise aan brand gesteek of opgeblaas as hulle te sterk gebou is . . .

Die oes word verniel, honderde sakke graan oopgesny

en **onder** voete vertrap, bome **afgekap** in sommige gevalle **onderkant** die ente—dit alles in 'n paar uur.

Ek kan honderde mense noem wat ek by name en persoonlik ken. In die skaapdistrikte Standerton Ermelo, ens., is daar duisende bale wol verniel nadat hulle eens met **parafien** natgemaak is. Dit word beweer dat daar **geen eeware** op die plase agtergelaat moet word nie, sodat die **Boere** op kommando dit nie kan kry nie. Die bale wol kan tog nie as **voedsel** dien nie. Dan sê hulle dat net die **plase** in die nabyheid van die **spoorlyn** verniel word. Dit is onwaar.

**Twee-derdes** van die Republieke, met uitsondering van die dorpe en die plase van hulle wat die **wapens neergelê** het, is verwoes. Die **gekleurdes** van die Kaapkolonie, meestal **basters**, neem aktief deel aan die vernieling en plundering van die eiendomme voor die oë van die **hulpelose** vroue, soms met belediging en ontbering. Ons het gehoor-en ek hoop dit is waar-dat die **Australiese** **vrywilligers** **geweer** het om te veg, „omdat hulle **nie gekom** het om teen **vroue** en kinders **nie**, maar teen **manne** te veg.” Die toestand van die vroue- en kindergevangene is **verskriklik**, te **aaklig** om beskryf te word.

Ek **praat** alleen van Irene. Ons weet niks van **wat** op ander -plekke aangaan nie, dog dit word erken dat sommige kampe baie sleg is. Die kamp op Irene is op 'n heuwel, baie warm by dag en skerp koud in die nag. Die **daaglikse sterfgevalle** is alreeds ontsettend. . . . Een van my **oederverwante**, 'n weduwee met vyf kinders, het die **ongeluk** gehad om 'n paar dae in Irene te moet **deurbring**. Hulle vertel my **die tente** is sonder voering; die **vroue** en kinders slaap op die kaal grond op strooiatrasse met min om hulle toe te maak. Sy het baie van haar eie gehad, maar self toe nog was die koue **ondraaglik**. In die **somer** word hulle nat van die **dou**, en nou met 'n **snydende** wind kan hulle maar net so wêl op die ope **veld wees**; as die **bedde** in die more **opgetel** word, dan is die **grond** daaronder **pappat**. As hierdie **arme** **hulpelose** mense **maar** net **toegelat** was om hulle eie **beddegoed** en **hulle eie** **tente** te **bring**, dan sou hulle meer **gemak** gehad **het**.

**Elke Boer** het 'n **goeie** tent; hulle ken die lewe-ten minste die jongste onder hulle bring maande deur in **tente** as hulle trek met hulle vee in die winter; dog dan staan **hulle** in die **Bosveld**, goed beskut met bome, met **volop** brandstof en alle ander geriewe. Dog hier is hulle haif verhonger, met geweld van hulle huise weggeneem, met net die klere wat hulle aangehad het. Een ou vrou het my vertel-weduwee van een van ons **Uitvoerende-Raadsliede** (wat op Derdepoort deur die Kaffer3 onder bevel van Engelse offisiere gedood is)-dat sy gedwonge was om haar

skoene uit te trek-ook haar **dogter** en klein kindertjies-en om **kaalvoet** na die naaste **kamp** te stap.

Die meel wat aan hierdie **gevangene-vroue** en kinders van elke leeftyd-uit **gedeel** word, is dikwels bedorwe, en nie goed vir 'n **bond** nie : **koffie-éen** of ander **giftige** soort **goed** wat met **akkers gemeng** is-, **suiker**—die **uitkrapsel** van die fabriek. Ek het monsters hiervan **esien** en het die **vorsekering** ontvang dat **hulle** **liewer** **saf** **verhonger** as om sulke **goed** te eet en te **drink**.

Ons word **uitgeroer** as 'n **volk**.

Ek weet van **verskeie gevalle** waar die mans of **gevangene** is of **nog veg** en die **vrou** **dood** met haar drie kinders, en van 'n **moeder** wat **al ses** van haar kinders **verloor** het. Een **vrou** het my **vertel** haar man is in **St.-Helena**, sommige **seuns** **nog** op **ommando**, haar **dogter** **se** man **gedood**, en dat **sedert sy** na **Pretoria** **gebring** is, daar van haar **plaa** **alleen** tien kinders **dood** is.

Geloof my, **God** weet, ek **oordryf** nie. Niemand **kan dinge** **erger** **beskrywe** as **hulle** **reeds** is nie. Ons **land** is **verwoes**, **dog** ons **kan** dit **weer** **opbou**. Wat ons **nie** **kan** **doen** **nie**, is om aan ons **arme** **gevangene** as **hulle** **terugkom**, **hulle** **vroue** en kinders, **hulle** **familieliebetrekkinge** en **vriende** **terug** te **gee**.

**Hulle** **sê** ons is **erger** as **die** **manne**; **dog** wat het die **onskuldige** **klein** **kindertjies** **gedoen** om **verhonger** te word en **ten gevolge** aan **siekte** of **koue** om **te** **kom**?

Dit is **nog** **maar** **Meimaand**, en dit is **bitter** **koud** in die **nag** in **Pretoria** ; wat dit op die **Hoëveld** en **koue** **distrikte** moet **wees**, en wat dit in **Julie** moet **wees** **kan** **niemand** **wat** **weet**, **aan** **dink** **nie**. Ek is **een** van die **ongeluklike** **mense** **wat** **nie** **hulle** **gedagtes** te **boek** **kan** **stel** **nie**. Dit **sou** die **pen** van 'n **Olive** **Schreiner** (**God** **seën** haar !) **vereis** om die **ontberinge** van ons **vroue** en **kinders** te **beskrywe**.

**Baie** **interessant** is **mej.** **Malherbe** **se** **kort** **oorsig** van die **werk** **wat** **deur** die **verpleegster-vrywilligers** in **Pretoria** **gedaan** is. Hierdie **dames**, **wat** die **las** en **hitte** van die **dag** **vir** **vyf** **lang** **maande** **verduur** **het**, is **deur** die **dameskommissie** **afgedank**.

Ek het op 7 April 1901 **saam** met **mevr.** **Armstrong**, **mevr.** **Stiemens**, **mevr.** **Vlok**, **mevr.** **Enslin**, **mej.** **Findlay**, **mej.** **Van Warmelo**, **mej.** **Celiers** en die **mej.** **Dürs**, **uitgegaan**. Ons het **almal** **vrywillig** **gegaan**, en op **versoek**

See **dames** van **Pretoria**, **wat** **vrywillige** **werksters** is, **doen** **besoek** in die **kamp** en **woon** in **tente**. Elke **dame** **neem** 'n **afdeling** en **besoek** elke **tent** in die **more** en **rapporteer** dan **aan** die

van die **vroue** in die **kamp**; en **natuurlik** **sonder** **salaris**—ja ons het **meestal** **self** **vir** ons **spoorwegkaartjies** van en na **Pretoria** **betaal**. **Wat** **ons** **ete** **betref**, het ons **dieselfde** **rantsoen** **soos** **offisiere** **ontvang**, en die **Hollandse** **Hulpfonds** het **£3** **per** **maand** **vir** ons **ete** **bygedra**.

Ons het **ses** **maande** in die **Irene-kamp** **gewees**, en op 10 **Oktōber** **is** ons **afgedank**; **daar** **is** **geen** **rede** **genoem** **vir** ons **afdanking** **nie**.

Ons was **meer** as **hartseer** om die **kamp** te **verlaat**, en die **vroue** **het** **ook** **hulle** **apyt** te **kenne** **gegee** **deur** 'n **petisie** op te **stel** **wat** **gesmeek** **het** **dat** **ons** **moes** **aanbly**. **Selfs** **generaal** **Maxwell** **het** **aan** **een** van ons **sy** **spyt** **uitgedruk** **dat** **ons** **weggeneem** **moet** **word** **van** die **nuttige** **werk** **wat** **ons** **gedaan** **het**.

Dit het **gelyk** of ons **veel** **beter** **toegerus** was om ons **vroue** te **versorg**, **daar** **ons** **hulle** **ken** en **verstaan**, as **Engelse** **verpleegsters**, **wat** **nie** 'n **woord** van **hulle** **taal** **kon** **verstaan** **nie**, **siende** **dat** **ons** **sels** **as** **tolk** **vir** die **dokter** **moes** **optree**.

Die **gewerk** **het** om **agtuur** **v.m.** **begin** en **het** **bestaan** **uit** 'n **besoek** **aan** **elkeen** van die **200** of **160** **tente** **wat** **aan** **elkeen** van ons **toevertrou** was. **Daar** **maak** **ons** **aantekeninge** van die **siekies**, **neem** **hulle** **koors**, **ken** **mediese** **geriewe** **toe** (**hierdie** **het** die **patiënte** **kaartjie** **van** **ons** **aan** die **geneesneer** **op** **diens**) en **liewer** **mediese** **hulp** **waar** **nodig**. **van** **elke** **persoon** **moes** **teen** **eenuur** **elke** **dag** **besoek** **wees**; **dus** **het** die **hoeveelheid** **werk**

**mediese** **beampte** die **ernstige** **gevalle** en **verpleeg** die **siekies** **so** **vir** **sy** **kan**. Hierdie **dames** **doen** **hulle** **werk** **goed**, en dit **sou** **moelik** en **onmoontlik** **vi** die **teuwoordige** **mediese** **staf** **wees** om **sy** **werk** **sonder** **hulle** te **doen**.  
—**DR.** **GREEN** **se** **Rapport**.  
**Cd.** **819**, **bls.** **81**.

Yes (**Pretoriase** **dames**) **woon** **permanent** in die **kamp**. **Hulle** **ontvang** **rantsoene**, **het** 'n **groot** **mrrkee**-**teut** **vir** **hulle** **eetkamer** en **vier** **ronde** **tente**. **Hulle** **moedig** die **mense** **nie** **aan** om **hulle** **siekies** **hospitaal** **toe** te **stuur** **nie**; **mnr.** **Esselen** **doen** **dit**, **dog** die **siekies** **bly** in **hulle** **tente** in **veel** **groter** **getal** as **wys** en **reg** is. **Hulle** **het** **ons** te **verstaan** **gegee** **dat** **hulle** **dieselfde** **rantsoen** **ontvang** **soos** die **kampe**; **dog** **ons** **het** **ontdek** **dat** **hulle** in **werklikheid** **offisierrantsoen** **ontvang**-'n **dubbele** **hoeveelheid** **viels**. **Hulle** **sê** die **nieis** was **so** **sakraal** **dat** **hulle** **gesamentlike** **rantsoen** (**ag** **pond**) **net** **ses** **pond** **viels** **liewer** as die **bene** **uitgesny** is.—**Rapport** **van** **DAMESKOMMISSIE**.  
**Cd.** **893**, **bls.** **119**.

Dit is die **beskouing** van die **Kommissie** **dat** die **dames** van **Pretoria** 'n **gevaarlike** **element** in die **kamp** is. **Hulle** **beliggaam** 'n **vyandige** **houding** **teen** die **gesag** van die **superintendent** (**mnr.** **Esselen**) en **dien** as **nuusdraers** en **tussenpersone** **tussen** **die** **kamp** en die **dorp**.—**Cd.** **893**, **bls.** **119**.

Die **ses** **dames** van **Pretoria** **wat** **tot** die **Rooikruis** **behoor**, . . . **bly** **hier** **vir** 'n **maand** **aaneen** en **word** **dan** **deur** **ander** **uit** **Pretoria** **afgelos**. **Hulle** is **van** **groot** **hulp** **vir** die **mediese** **beampte** en is **onvermoed** in **hulle** **besoek** en **rontdes** **onder** die **siekies** in die **kamp**.—**G. F.** **ESSELEN**, **supt.**  
**Cd.** **819**, **bls.** **236**.

**ontvang** **op** **vertoon** van 'n **geneesneer** **op** **diens**) en **liewer** **AT** die **tente** **onder** **toesig**

Oor die **algemeen** was die **toon** **deur** **hulle** **aangeslaan**, **om** te **be-**  
**ween** en te **beklaag** **sonder** **om**

ons natuurlik verhinder om aan elke pasiënt alles te doen wat gedaan moes word; in geval van 'n epidemie het ons tot 500 pasiënte gehad.

Die besoeke van die dokters aan die tente onder ons toesig was verdeel tussen die môre en die middag, die helfte van die siekes word op 'n slag besoek.

In die middag het ons siek-tente besoek om te sien of die pasiënte alles het wat hulle vir die nag nodig het; voordat ons hulle in die namiddag verlaat, word hulle koors weer geneam, daar dit die laaste besoek vir die dag was.

Ek het dit in 'n Blubboek gesien dat die komitee van dames (uitgestuur om die kampe te inspekteer) verklaar dat hulle ons gevind het besig met hekelwerk; dit mag so gewees het. As dit die geval was, dan kon dit alleen tussen een- en drie-uur n.m.

gewees het-dit word ons vir ete en rus gegee; en enigeen wat iets van die lewe in Suid-Afrika weet, is bewus daarvan dat dit onmoontlik

vir vroue is om daardie ure buite te werk; al die hekelwerk wat ons gdoen het, was ten behoewe van die vroue en kinders in die tente.

In die Blouboek word ook 'n voorbedagte onwaarheid vertel, d.i. dat ons nooit 'n sopkombuis of 'n looiery aan die hand probeer sit het nie. Mevr. Armstrong het herhaaldelik versoeke gerig aan die superintendent om fasiliteite vir altwee, dog het altyd ontwykende antwoorde ontvang en seker nooit enige fasiliteite om hulle te begin nie. In een ander kamp wat besoek is, Van der Hoven s'n, naby Pretoria, het 'n paar Boerdames 'n sopkombuis begin, en die militêre outoriteite het daar 'n end aan gemaak.

Nog iets, ons het nooit huismiddels aangemoedig nie; dog as huismiddela gebruik is, dan het hulle eers moes kom uit die winkel wat die

militêre owerheid vir gebruik van di8 kamp daar opgerig het. Dat die mense vergiftig is deur hierdie huismiddels,

is eenvoudig belaglik. Hulle bestaan uit die eenvoudigste bestanddele van die apteker se kuns en is in gebruik van dat Boere Boere is; waarom hulle daarvan sou doodgaan die eerste maal dat hulle onder die Engelse vlag toegedien word, is onverklaarbaar. In my vyf maande van kampwerk het ek nie een persoon besoek of van een gehoor wat deur huismiddela vergiftig is nie.

Die hospitaal bestaan uit een gebou van baksteen met twee groot siekkamers, en aewe markee-tente. Daar is

aktiewe stappe te doen om die mense te help om hulle self te help en om die beste van die toestand te maak.—DAMESKOM-MISSIE.

Ons het hulle omtrent 3.30 in die middag besoek en het hulle in hulle markee-tent gevind besig met hekel en naaldwerk.—Bla. 119.

Die verkoop van Hollandse medisyne is verbode; dog die „Pretoriase dames” bring hulle uit.—Cd. 893, bls. 118.

omtrent sestig bedde alles tesaam. Daar is drie dokters, een apteker en twee assistente, twee geoefende verpleegsters, drie ongeoefende verpleegsters en verskeie kamp-assistente. So ver ek kon oordeel, was die hospitaal in 'n voortrefflike toestand.

Wat klagtes betref, kan ek 'n boek vol maak; dog om so kort moontlik te wees: daar was 'n eenaardige gebruik om vroue en kinders te straf; vir beuselagtige oortredinge-soos klere was op 'n verkeerde plek-word hulle na 'n draadkamp gestuur, waar hulle ure agtereën in 'n klein tentjie moes bly.

Dan weer was die voorsiening van brandstof so sleg gereel dat ek van tye weet wat die mens8 daelank geen brandstof hoegenaamd gehad het nie; en feitlik nooit het hulle vir hulle behoefte genoeg gehad nie. Wat die skole betref, hulle word baie gewaardeer; dog, soos gewoonlik, daar was die gedurige ergernis wat die mense van die kamp altyd ondervind het: die Hollandssprekende onderwysers word eerlank weggeneem; dit soos begryplik is, kon nie anders as 'n groot grief by die mense wees nie en het 'n vermindering van die belangstelling in die skoolwerk teweeggebring.

Nou wat die rantsoene van die mense in die kamp betref: voor ons aankoms, volgens mededeling van vroue in die kamp, was die toestand heelwat slegter; dog die kwaliteit en kwantiteit van die voedsel wat hulle tydens ons verbyf aldaar ontvang het, spreek vir hulleself. Ek mag in die verbygaan sê dat die vernaamste voedsel van ons landgenote vleis is-soos natuurlik is weens die troppe skape en beeste wat hulle besit; ja, hulle is gewoon om vleis ten minste eenmaal per dag te hê, en die rykere twee- en driemaal' sowel as 'n onbeperkte voorraad melk en eiers. Om sulke mense skielik op twee en 'n half pond vleis per week vir volwassene, en een pond vir kinders, te plaas waar hierdie vleis nog bestaan uit maer, oorjaagde skape of „bully beef,” kan die resultaat begryp word-die ontsettende sterfte in die kampe.

Herhaaldelik het ek die mense oor te min kos hoor kla, daar hierdie slegte vleis alleen aangevul is met een pond meel per dag vir volwassene en 'n halfpond vir kinders en 'n bietjie koffie en suiker per dag vir elkeen; rys word eenmalig in die week gegee.

Daar is geen bepaalde brandstofsfontsoen in die kamp nie. In die week voor ons besoek was die gebrek daaraan besonder groot.

Daar was baie klagtes in die kamp oor gebrek aan brandstof, en mnr. Esselen het blykbaar veel moeite om in die behoefte te voorsien. Geografies is Irene net so goed geleë vir toevoer van hout as Johannesburg of Krugersdorp; en tog, ten gevolge van gebrek aan metode, is hierdie kamp in 'n veel slegter toestand wat dit betref, as die twee laasgenoemde kampe.



Die kwessie van bedde is 'n ander grief; daar is een bed vir elke vier persone, sodat die groot meerderheid van vroue en kinders op die grond slaap; ja, 'n mens kan 'n interessante vergelyking maak tussen die teenwoordige lewe van hierdie ongelukkige mense en dié van die Kaffers op die platteland. 'n Ander groot grief was die behandeling van vroue in die kampe wie se mans nog op kommando is. In verskeie gevalle waar ek persoonlik van weet, moes hierdie vroue alle moontlike ergernisse verduur; versoeke wat aan andere toegestaan word, word aan hulle geweier; feitlik moes hulle voel dat hulle mans as misdadigers beskou word.

'n Ander van die Pretoriase dames-verpleegsters, mej. Van Warmelo, gee 'n beskrywing van Irene-kamp en die werk aldaar:—

IRENE, 20 Julie 1901.

Gedurende die eerste week van my verblyf op Irene (Mei 12-19) was die getal sterfgevallen veertien. Dit het gestadig toegeneem, en in die middel van Junie was dit sewen-en-twintig; toe, tot ons ontsetting, was dit die volgende week sewen-en-veertig, en sedert dié tyd was daar tweemaal meer as vyf-en-veertig in een week.

Daar was dié tyd 'n epidemie van masels in die kamp, en die kinders het by honderde gesterf aan die verwikkelinge wat daarop gevolg het—ontsteking in die longpype, borsvlies en longe. 8 edurende Juniemaand het ons nie minder as 137 sterfgevallen gehad nie—'n ontsettende sterftesyfer vir 'n bevolking

van minder as 5,000 mense; en hiervan was omtrent 100 kinders onder vyf jaar. Noudat longontsteking begin, sal die sterftesyfer, vrees ek, hoër word.

Die volgende is 'n uittreksel uit die dokter se rapport vir die maand Junie 1901:—

„Gedurende die maand was die sterftesyfer hoog te gevolg van:—

- „1. 'n Baie strawwe epidemie van masels.
- „2. Die groot onderskeid tussen die temperatuur in die tente gedurende die dag en die nag. Dit is besonder nadelig vir gevalle van masels.
- „3. Die teësin in en vrees vir vars lug en water wat baie mense het.
- „4. Die kamplewe, waar die mense nie gewoon aan is nie.

Ek dink dit sou veel beter wees om meer dames en verpleegsters te kry om in die hospitaal te werk om also die goeie verpleegster verligting te gee van veel kommer en oorspanning.—DR. GREEN.

„5. Voedsel is gering, en vars melk afwesig, en die vleis dikwels nie geskik om geëet te word nie.

„6. Geen vars groente te kry nie.

„7. Orders vir medisyne en mediese geriewe neem lank om uitgevoer te word en word dan nog nie na vereiste uitgevoer nie. Die gevolg is dat ons 'n tekort kry aan nodige lewensmiddele en belangrike medisyne.

„Sanitêre reëlinge word oor die algemeen goed uitgevoer. Die water word uit een bron na ses tenke in die kamp gebring en is ná ondersoek taamlik goed.”

Daar is een ding wat hulle vergeet het om te noem, 'n baie belangrike, nl. die opeenhoping in die tente. Gedurende die hele Mei maand het ek twintig persone in een van my tente gehad—drie famielies: Rronkhorst, Prinsloo en Venter, drie gehude vroue met sewentien kinders; en al het ek dikwels daarvoor rapport gedoen, kon ek nie 'n ander tent vir hulle kry nie.

Later toe die masels onder hulle uitbreek het, was daar elf mense wat tegelykertyd gelê het—twee vroue en neë kinders soos harings in rye gepak, met byna geen staanplek vir iemand tussen hulle nie. Hulle het almal gesond geword van die masels; do twee van die kinders is 100% ten gevolge van verwikkelinge wat later gevolg het. In 'n ander tent het ek neentien mense gehad, vyf vroue en veertien kinders; en in dosyne ander tente van twaalf tot vyftien.

Die toestand van die inwoners in die afdeling onder mej. Van Warmelo was slegter as in enige ander deel van die kamp. In sommige van die tente is ongetwyfeld te veel opeenhoping. In een tent, byvoorbeeld, is daar twee vroue-mevr. Bronkhorst en mevr. Prinsloo—en neë kinders. Sommige kinders is gebrekkig gekleed; almal sleg. In 'n ander tent is daar drie famielies (Venter, Prinsloo en Dorfling); quers en kinders veertien in getal. Almal het die masels gehad. Twee kinders is verlede week dood. Een is nog baie siek en sal waarskynlik nie herstel nie.—Rapport van DR. KENDAL FRANKS.

Cd. 819, bls. 163.

Sommige van my tente was langwerpiger en uitgevoer; dog die meerderheid was beltente en onuitgevoer—bitter koud in die nag en brandend heet in die dag. Selfs in die winter is die hitte in hierdie beltente byna ondraaglik in die dag; wat sal dit nie wees in ons tropiese somer nie? Ek het self twee maande in een van hulle geslaap en weet wat dit beteken. Ek het baie klagtes ingedien oor hierdie opeenhoping en het vir myself die naam van „oproermaker” verdien. Eenmaal het ek direk op die goewerneur, generaal Maxwell, 'n beroep gedoen; dog, hy het gesê dat daar niks kon gedoen word nie en dat die ledige tente vir nuwe komelinge moes gebruik word. Die generaal is altyd seer beleef en vriendelik gewees, en ek glo dat hy alles in sy vermoë gedoen het om toestande te verbeter; dog sy mag is blykbaar beperk, en ek vind dat dit in die meeste gevalle heeltelmal nutteloos is om op hom 'n beroep te maak.

In die Johannesburgse kamp word nie meer as vier toegelaat om in een tent te slaap nie, en daar het hulle groot publieke oonde waar die vroue kan bak, en ketels altyd vol kookwater en publieke baddens waar die vroue kan bad. Waarom moet daar dan so veel onderskeid op Irene gemaak word? Ons het niks van daardie geriewe nie; en toe ek met superintendent Scholtz daaroor gepraat het, het hy gesê dat die Irene-mense van die slegste soort is—'n klas wat heeltemal ongewoon is aan hierdie geriewe van die lewe en dat hulle in 'n veel beter toestand in die kamp is as hulle ooit in hulle eie huise kon gewees het.

*Dit is nie waar nie.* Sommige van hulle is ongetwyfelf sonder ontwikkeling; dog die meerderheid van hulle is die gesinne van ryk Boere, gewoon aan elk s'rief en selfs weelde van die beskawing, aan voedsel van die mees deeglike en voedsame aard, aan pragtige woninge en warm kleding. Die rede waarom sovele van hulle die kamp in 'n toestand van uiterste armoede bereik het, is omdat hulle met groot haas van hulle huise weggeskeur is, met niks anders as die klere aan hul lyf nie. 'n Paar kon 'n bietjie beddegoed en 'n paar stukkie huisraad saambring; dog dit was die uitsondering. Talle van hierdie mense was verarmd deurdat hulle vir byna 'n jaar sedert die inname van Pretoria van alle kommunikasie met die res van die wêreld afgesny was. Hulle was kort van klere, dog het nooit geweet wat honger beteken het nie, want hulle het altyd meer as genoeg gehad om te eet en te drink.

Die afwesigheid van hulle manne op kommando het hulle nie gedeer nie; saai en ploeg en oes het soos gewoonlik plaasgevind, onder toesig van die vroue, wat meer bediendes as selfs voor die oorlog gehad het, omdat die Kaffers bang vir die Boere was en begerig om up goeie voet 'met hulle te bly; en daar was nie die minste moeilikheid om net soveel werkskragte as nodig was, te kry nie.

Gedurende die hele oorlog was die houding van die natuurlike uiters gunstig, en dit is net in die distrikte deur die Britse froppe beset, waar hullo astringent en parmantig geword het.

Die sensorskap is baie streng, en ons weet byna niks van wat in die res van die wêreld aangaan nie; dog so nou en dan kom daar tog 'n koerant te voorskyn—niemand weet hoe nie—, en op hierdie wyse het ek uitgevind dat dit die algemene beskouing in Engeland is dat hierdie famielies hulle vrywillig onder Britse beskerming gestel het en hulle woninge uit vrees vir die Kaffers verlaat het. Niks kan verder van die waarheid wees nie. Daar was maar net 'n paar famielies in eensame distrikte wat iets van die Kaffers te vrees gehad het, en hulle mag veiligheidshalwe na die dorpe gevlug het; dog nie een vrou

waar ek van weet-en ek het met honderde te doen gehad—het gevra om in 'n kamp in 'n tent sonder behoorlike kos of klere geplaas te word nie.

Ek sien ook dat daar 'n groot geroep opgaan dat hierdie mense sonder versuim na hulle plase sal teruggestuur word. Dit is heeltemal onmoontlik. Hulle huise is tot op die grond afgebrand, hulle lande verwoes en hulle bome afgekap; dit is oraf verlate en swart deur die land.

Nee! Engeland moet voleindig wat hy onderneem het; en wat ons nou eis, is behoorlike en toereikende voedsel. Ons mense was goed in staat om hulleself te onderhou; hulle het om niks gevra nie; dog noudat hulle geruineer en van al hulle aardse besittinge ontroof is, is die minste wat hulle die reg het om te verwag, dat hulle lewe in die kamp draadlik sal gemaak word.

Dit is verskriklik om te dink aan die armoede wat die toekoms in sy skoot vir hulle het, ná die oorlog. Baie vroue het my vertel dat hulle die Kaffers hulle meubels sien wegdra het, en roekeloos verniel wat hulle nie kon wegneem nie. Eiderdonskomberse kussings en bulsakke word oopgesny en die inhoud in die wind gestrooi, varke en hoenders word geslag, en die werk van verwoesting deur die troepe aan die gang gesit, algemeen voleind. . . . Albums word stukkend gesny, piano's, stowe, ens., voor hulle oë in duisend stukke geslaam; al die lieflikoosde aandeninge van 'n leeftyd word in die stof vertrap.

Maar boweal het die vroue ontberinge ondervind op hulle reis na die kampe. Blootgestel, soms vir twintig dae aan wind en weer, soms daelank sonder voedsel of water, beledig en mishandel . . . voorwerpe van veragting en bespottig van elk, wat verbyg aan-is dit te verwonder dat hulle gebroke is in gees en liggaam, verpletter en stom met die gevoelloosheid van wanhoop en hulpelose ellende? En tog in my omgang met hulle was ek gedurig onder die indruk van hulle geduld en moed, hulle gewilligheid om te ly en met hulle kinders te sterf liever as om 'n enkel woord te spreek om hulle mans tot oorgawe te beeweeg.

So veel is reeds gesê oor die rantsoene wat hulle ontvang, dat ek twyfel of ek u enige informasie oor die ondrwerp kan gee. Ek weet dat daar in die laaste tyd enige verbeteringe aangebring is in Irene; dog toestande is nog maar sleg. Geen kind kan op 'n diëet van 'n halfpound meel en 'n bottel waterige melk per dag groei nie; en dit is wat al die kinders onder vyf jaar kry. En dan word geen sout, geen vet gegee nie; meel met water gebak en niks meer nie. Dié wat ouer is, kry 1 pond meel per dag en 2 pond vleis weekliks, sowel as 'n bietjie koffie en suiker. In die laaste tyd was die vleis altyd ongeskik vir gebruik; en dit word daagliks slegter. Hulle kan nie

eens sop daarvan maak nie, al sou hulle iets hê om in die sop te sit. Ons kon altoos orders uitskrywe vir rys, sago, gars, masena, seep en kerse as „mediese geriewe” in geval van siekte; dog toe die apteek gewoonlik gebrek aan alles gehad het, het dit nie veel gebaat om orders te skrywe nie. En ons was vir drie weke sonder 'n korrel-tjie rys of gars. Soms was daar vir 'n week of tien dae nie 'n druppel kastorolie of lewertraan te kry nie, en die mense moes daarsonder klaarkom.

Die sin in die dokter se rapport omtrent gebrek aan sindelikhed is belangrik. Ek kan glo dat maagkoors en malaria deur vuilheid en verwaarlosing aangebring word, dog seker nie longontsteking, pleuris of luggypontsteking nie—en dit is waar hulle aan sterwe.

In al die tyd dat, ek op Irene was, het ek nie 'n enkele sterfgeval aan tefus gehad nie, dog ek vrees dat as die somer kom en toestande nie verbeter nie, 'n epidemie van koors te wagte kan wees. Die meeste van my tente is baie skoon, so net soos verwag kan word waar mense in fyngetrapte stof lewe, waar al hulle besittings op die grond is en hulle geen seep het om mee te was nie. As die apteek sonder kerse is, dan moet die siekes in die donker lê. Ek ken 'n vrou in my afdeling mevr. Preburius wat vyf kinders siek gehad het aan buikloop; en sy was die heë nag met hulle besig sonder lig en sy het nie 'n stukkie seep gehad waar sy die vuil lakens mee kon was nie, totdat ek in staat was om uit 'n privaat voorraad, deur liefdadige vriende in Pretoria, aan ons gestuur, haar te help. Ons oproep om hulp is met so veel sukses bekroon dat ons later verplig was om 'n aparte tent vir ons voorraad goed te kry, waarmee ons in staat gestel was om veel' ellende te versag; dog dit sou 'n miljoen pond kos om lewe in 'n kamp draaglik te maak vir vroue en kinders.

Die hospitaal, wat 'n klein entjie van die kamp geleë is, is onder toesig van Engelse verpleegsters en 'n Engelse dokter en is ten gevolge nie in guns by die Boere nie. Ons slaag daar selde in om die vroue oor te haal om hulle kinders daarheen te stuur, wat baie jammer is, want die hospitaal pasiënt het alle sorg en gerief. As daar goed 500 ernstige gevalle in die kamp is, dan is daar van vyf-

tien tot twintig in die hospitaal—nooit meer nie; en velt, hiervan word met, geweld of ná veel mooipraat ingebring.

Ons ses vrywilligers het hoegenaamd niks met die hospitaal te doen gehad nie—ons werk was in die kamp en was enig van sy aard, want dit het, ons daaglik in aanraking gebring met die mense in hulle huislike lewe. Elke môre het ek Van tent tot tent in my afdeling gegaan, een ry op en 'n ander ry af, besig om orders vir melk, medisyne en voedsel waar nodig uit te gee; om aantekeninge te maak van die ernstige gevalle, waar ek die dokter in die middag heen moes bring; besig om aan te moedig te froos en raad te gee—geen wonder dat die mense ons daaglikse besoek as die enigste ligpunt in hulle troostelose bestaan beskou het nie.

Ek het ten minste. 150 tente in my afdeling gehad, oor die 700 mense; en in een week het ek 107 gevalle van masels gehad om te rapporteer. Dit, lyk onmoontlik vir een persoon om so 'n taak te onderneem, dog die pasiënte word natuurlik veel verwaarloos en die verpleegsters verskriklik oorwerk, en tog kan ons nie verlof kry vir meer as ses vrywilligers op 'n slag nie. Ons los mekaar so dikwels moontlik af. Ek hoor op goeie gesag dat skeurbuik in sommige kampe uitgebreek het, en ek siddor om te dink wat die toestand van die mense sal wees ná nog 'n maand of twee van hierdie lewe.

Mej. Antoinette van Broeckhuizen verhaal van 'n geval, een uit vele, wat aantoon hoe die mense teen hulle sin ingebring is. Die brief is gedateer Pretoria, 14 September 1901:—

Gister het ek die vrouekamp digby Pretoria besoek om 'n bietjie lewensmiddele daarheen te neem, terwyl hulle enige vroue van Swartruggens ingebring het. Mevr. Vorster, 'n jong vroultjie met twee kinders, vrou van een van ons Raadsmede was onder hulle. Sy vertel my dat hulle drie dae rondgevlog het om gevangeneeming te vermy. Eindelik het die Engelse hulle omring en op hulle begin te skiet. Sy het 'n skoot deur haar arm gekry. Sy het vreeslik veel bloed verloor; en toe sy my dit vertel het, was sy so bleek soos 'n lyk.

Ná die afsetting van die vrywilliger-verpleegsters deur die dameskommissie het dit al moeiliker geword om Irene-kamp te besoek of om hulp aan die mense te verleen, Ontstel deur gerugte oor

die siektes van Oktober het mevr. Joubert, vrou van die generaal, verskeie poginge aangewend; en ná sy verlof bekom het, skryf sy as volg :-

17 November.

Tot nou toe is nie 'n siel toegelaat om die kampe te besoek nie; dog gister, ná veel moeite en ontelbare applikasies, het ek uiteindelik verlof gekry om Irene-kamp te besoek. Ek was begerig om self te hoor en te sien, ná die vreeslike rapporte wat ons gedurig van daar ontvang. En, werklik, dit is aaklig, die nood in elke graad en soort. Oneindig meer verskriklik as dit afgeskilder is, en aakliker as die wildste verbeelding kan voorstel! Die mense gaan soos vlieë dood, van honger, blootstelling en siekte. Dit is onmoontlik om die ellende van die vroue en kinders te besef. Tiefus heers oral. Ons het 'n buitengewoon nat somer, en swaar reëns val dikwels in die aand en weer middernag. Almal wat die Transvaal ken, weet wat hierdie woeste storms beteken. Daar die kampe gewoonlik op 'n skuins stuk grond is, stort die water met mag teen die sye van die tente en word die hele plek oorstroom. Met hulle voete in diep water moet die ongelukkige skepsels hulle goedjies, nagklere, ens., vas hou, om hulle nie te laat wegspoel nie. Daarna moet hulle in 'n paar duim modder gaan lê om te rus. As die oorlog nog 'n jaar aanhou, sal nie 'n vrou of kind oorbly nie. Die wêreld weet dit, en tog staan die magtiges van die aarde hierdie wrede moorde, hierdie barbaarse slagting aan te kyk. . . . Die toestande in die Transvaalse kampe is erger as op enige ander plek; vir alles is ons aan die genade van hierdie barbare oorgelaat. Niemand word toegelaat om die sieke op te pas behalwe die gewillige instrumente van die beamptes nie. Die manne veg 'n heldhaftige stryd en sal nooit ingee nie; die enige uitwerking wat die tyding van die verskriklike sterfte onder hulle families sal hê, sal wees om hulle in hulle volharding, determinasie en moed te staal. Die verbranding van plase hou nog aan. Gewapende Kaffers veg nog by duisende in die geleedere van die Engelse.

By dieselfde geleentheid en saam met mevr. Joubert het ook die Australiese dame, mevr. Dickenson, van wie ek heelwat in Suid-Afrika en in Londen gesien het, gegaan. Haar verslag volg hier, oorgeneem uit die *South Australian Advertiser*:-

Eergister het ek die burgerkamp op Irene besoek, omtrent 'n halfuur per trein van Pretoria, ná ek eers 'n verlofsbrief gekry het van die goewerneur-generaal. Ek was vantevore aan mevr. Honey voorgestel wie se niggie vroeër een van die vrywillige werksters in die kamp was; en sy het belowe om as my tolk te ageer. Sy vertel my toe dat ou mevr. Joubert, die weduwee van die generaal, ook daarheen gaan. Irene was volgens beskrywinge aan my een van die slegste kampe wat die sterfte onder die kinders betref; dog daar ek gevind het dat mej. Hobhouse se aanbeveling om aan hulle gekondenseerde melk te gee op Merebank, Pietermaritzburg en Howick aanvaar was, het dit my verbaas om te vind dat die rantsoene op Irene volgens 'n veel laer skaal was. Geen gekondenseerde melk word hier as 'n rantsoen volgens regulasie aan kinders uitgedeel nie tensy hulle siek is; en dan, in plaas van aan die moeder 'n blikkie te gee en haar dit te laat aanmaak, word dit aangemaak uitgedeel en word natuurlik gou suur. Ek het 'n paar verskriklike gevalle van vermagering onder kinders gesien, wat alleen deur mense in 'n Indiese hongersnood ewenaar kan word. Een portret het ek geneem van 'n kind van vyf jaar; die vel kon skaars die bene toemaak. Dit was nie in die hospitaal nie en was nie siek nie; dit het eenvoudig weggekwyn, ten gevolge van onbehoorlike voedsel. Ná ek hierdie kind se portret geneem het, vertel hulle my dat daar 'n ander moeder is wat graag haar kind wil laat afneem, daar sy gemeen het dat dit nie veel langer kon leef nie; dog toe ek by die tent kom, vind ek dat die arme klein dingetjie dood is.

Geen seep, kerse of vuurhoutjies word as rantsoen toegelaat nie. Die families wat nog geld het, koop dit; dog die behoefteges gaan daarsonder. Mevr. Joubert, wat my toegelaat het om 'n portret van haar in die kamp te neem, is baie goed vir die arme families in Irene, dog met 4,000 mense sal dit meer as haar inkomste vereis om hulle te voorsien van wat hulle behoef. Die Hollandse Regering het 'n hulpkomitee uitgestuur. (Ek is gister aan \*die sekretaris voorgestel.) Hy het my vertel dat die jong koningin in Holland persoonlik baie belang stel in die saak. Die stipulasie wat gemaak is, is dat hulle geen hulp aan die kamp anders as in individuele gevalle sal verleen nie. Klere, ens., mag nie aan die superintendent oorhandig word nie. Dit het hulle die weg gesluit tot verskeie kampe waar dit reël is dat daar geen uitdeling aan die families sal geskied anders as deur die superintendent nie. Kolonel Pickwood, wat bevel het oor die militêre kamp vlak naas die Irene-burgerkamp, het my vertel dat 'n paar nagte vantevore onder skuiling van 'n donker, stormagtige nag, het 'n klompie vegtende Boere

die burgerkamp binnegestorm; dog van die Boerpoliesie wat georganiseer is om wag te hou, het hom kennis gegee, en hy het die troepe gestuur om hulle uit te jaag. Dre soldate het op hulle geskiet, dog sonder gevolg. Hierdie geval toon aan watter waaghalse hulle is en hoe daar gedurig moet gewaak word. Wat hulle sedelike gedrag betref, gee kolonel Pickwood 'n seer gunstige rapport oor die Boer-vroue. Hy sê hulle gedra hulle kalm en waardig, en hy het geen moeilikheid wat die soldate betref nie.

Heeltetal vroeg in die jaar het die sterfgevallen op Johannesburg die aandag getrek. 'n Dame wat haar naam onderteken, was gedronge om as volg aan die superintendent te skrywe en 'n rede aan te gee vir die toestand van sake. Kampe het veel van mekaar verskil; dog in vele was daar gebrek aan die simpatieke diensvaardigheid, die bestaan waarvan sy in Johannesburg betwyfel het.

BRIEF AAN DIE HEER W. K. TUCKER, ALGEMENE SUPERINTENDENT.

(Uit die *Daily News*.)

JOHANNESBURG, 6 Junie 1901.


Die informasie van tyd tot tyd deur u aan die plaaslike *Gazette* gestuur omtrent die sterfgevallen in die kamp, is van 'n droewige en hartverskeurende aard-so droewig, inderdaad, dat 'n mens geskok is en deur diep hartseer bevang, wat dit heeltetal onmoontlik maak om kalm en lydelik te aanskou waar toestande so aaklig is.

Enigeen wat hierdie lyste noukeurig nagaan en die oorsake van die dood oorweeg, kan nie anders as tot die gevolgtrekking kom nie dat daar iets radikaal verkeerd hier is.

Is dit ten gevolge van die saniteitstoestande? Nee, dit is nie. Die bedrywige en enersjieke superintendent het al wat moontlik is, hieromtrent gedoen.

Is dit gebrek aan behoorlike voedsel? Nee, dit is nie. Ek herhaal dat die superintendent, volgens sy plig en gewete, probeer het om verbetering in die beroerde kos aan te bring, soos hy dit gevind het toe hy die bestuur van die plek op hom geneem het.

Is dit ten gevolge van slegte huisvesting en gebrekkige kleding? Hieromtrent kan veel ten gunste van die superintendent gesê word, wat sy bes gedoen het om alles in orde te bring; hoewel hy baie moeilikheid ondervind het



Die laaste van sewe. Irene, 1901.

ten gevolge van die toestand van sake onder die vorige regime.

Daar is egter nog 'n ander en meer ernstige vraag om te beantwoord:—

Is dit ten gevolge van gebrek aan gekwalifiseerde mediese hulp of simpatieke dienste van dokters en verpleegsters?

Dit is taamlik moeilik om hierdie vraag te beantwoord, omdat daar maar een dokter is wat met die kamp belas is, waarin 3,000 tot 3,500 mense, merendeels kinders is. En as 'n mens in oorweging neem dat hierdie dokter verklaar dat lynie al die gevalle van siekte kan behandel nie; dat die meeste gevalle van so 'n aard is dat hulle nie in die dood hoef te eindig nie of van so 'n aard dat dit redelikerwyse verwag kan-word dat die pasiënte kan en mag herstel; dat 'n mens weet dat hierdie dokter maar 'n klein aantal pasiënte gehad het waar hy laas gepraaktiseer het, en sy tyd deurgebring het met diamante te was; dat hierdie dokter nie alleen onsimpatiek is nie, dog ook onbeleef teenoor die stomme mense onder sy toesig; dat 'n mens verder verneem hoe die pasiënte in die hospitaal geslaan word; dat die behandeling van hierdie mense vyandig is en dat daar geen jammerte of medelye bewys word nie; dat die mediese hulp aan oue, swakke en herstellende seer beperk is; dat hy spot met die godsdienste van die burgers en hulle openbare erediens; dat hy ernstige gevalle van aansteeklike siektes nie isoleer nie, soos hy behoort te doen en soos van hom kan verwag word, ná die waarskuwing wat hy onlangs deur ondervinding gekry het.

As ons verder in aanmerking neem dat die grootste aantal sterfgevallen uit geringe ongesteldheid ontwikkel het; vanself nie gevaarlik nie, wat mense tuis so lig ag dat hulle nie een 'n dokter sou inroep nie, dan is dit seker nodig dat daar 'n verandering in die kamp sal gemaak word.

Onder hierdie omstandighede, Weledele Heer, maak ek 'n beroep op u gevoel van menslikheid en regvaardigheid en smek ek u om die toestand van die vroue en kinders in ernstige oorweging te neem, wat om geen ander rede van hulle huise weggesleep is nie as dat hulle veel liefde het tot hulle vaderland; wat nou verplig word om onder sulke omstandighede te lewe, terwyl tog ten minste 'n simpatieke behandeling van dokters en verpleegsters verwag kan word. Ek versoek u beleefdelik om hierdie saak naartig te ondersoek, daar 'n sterftesyfer van 170 persone in een week uit 3,500 mense 'n toestand is wat seker nie mag bestaan nie.—Ek het die eer te wees, u dw. dnr. ., JESSIE BRANDON.

Een van die ywerigste werkers van die begin af om hulp aan die vroue te verleen was die Hollandse predikant op Johannesburg, ds. G. P. J. Meiring, wat in sy brief aan die komitee in Holland sê :—

Om u vraag omtrent die toestand van die kamp te beantwoord is 'n bietjie moeilik as ek hierdie brief nie wil laat agterhou nie. Ek kan soveel egter sê, dat ten gevolge van die toegewyde ywer en vrygewige hulp uit gasvrye Holland ontvang, in die eerste plaas, en ook nie minder van Duitsland en Switserland nie, en selfs van Engeland, is die ontberinge van ons mense veel versag; dog die kampe, veral daar huile gedurig groter word, is soos 'n graf wat al ewig roep : „Gee ! gee !”

Daar is groot nood-ja, skreiende nood in sommige kampe. Die geld word gebruik om egte nood te lenig. 'n Invloedryke dame (vrou van professor Rendel Harris, Cambridge) in wie se geselskap ek verskeie van die kampe besoek het, was keer op keer diep aangedaan oor die kritieke toestand van sommige kampe, veral waar die dood sy slagoffers in sulke groot getalle weggevoer het. Dit is so 'n heerlike taak om iets vir hierdie arme noodlydende te kan doen.

Verpleegsters Geijer en Broers, twee van die dames wat uit Holland gekom het om in die kampe te verpleeg, het huis-toe geskrywe aan hulle komitee in Den Haag uit Kimberley en Norvalspont. Suster Geijer skrywe :-

KIMBERLEY, Mei 1901.

Die wyse waarop die masels hier woed is verskriklik, daar byna al die kinders aan longontsteking ly ten gevolge van koue, siegte voedsel en beddegoed. Gebrek aan warm kleding word hier baie gevoel.

Die koue is bitter hier; elke aand ly ek baie ten gevolge daarvan. Dink dan wat hierdie arme klein wesentjies met byna geen kouse aan hulle voete of klere aan hulle lyf nie moet deurstaan.

Ek leef op rantsoen en ontvang 'n koppie vol gemaalde koffie en 'n koppie vol suiker eenmaal per week; dit word veronderstel dat ek 'n stukkie vleis elke dag sal kry, maar huile vergeet dikwels om dit aan my te gee. Die majoor het my eenmaal gevra hoe ek hier gekom het, en ek het hom vertel dat ek deur 'n komitee gestuur is.

Hy vra my of ek 'n salaris van die komitee ontvang. Ek sê: „Nee.” Hy sê: „Sal ons u enige salaris gee?” Ek sê: „Nee: ons werk is nie vir eie voordeel nie.” Drie of vier dae later kom hy terug en sê: „Suster, ek het bevel gekry om u vyf sjielings per dag vir kos te betaal, daar die rantsoene nie vir u voldoende is nie.” Ek sou seer graag van die komitee wil verneem of huile enige beswaar het dat ek hierdie geld in ontvangs neem want die rantsoen is werklik hoegenaamd nie toereikend nie.

Die siekte neem hier elke dag toe, en ek sou alte graag nog 'n verpleegster by my wil hê. Vandag het hulle 'n meisie gestuur om my te help. Hoe innig verlang ek dat God 'n end aan al hierdie ellende sal maak, want dit is so sleg soos kan wees om geen huis of haard te hê nie.

Daar is hier 'n voortreflike Duitse dokter, wat veel vir my pasiënte oorhet.

'n Paar weke later skryf sy verder :-

19 Julie.

Die toestand van die kampe is treurig in die ergste graad; die getal mense is nou omtrent 4.000. Die nood is groot, en dit vermeerder by die dag. In my vorige brief het ek versoek dat nog 'n bekwame verpleegster uitgestuur sal word, want hulp is hier baie dringend nodig. Verlede week het ons neentien sterfgevalle gehad, dus kan u begryp dat ek my hande baie vol het. 'n Weinig speelgoed vir herstellende kinders sal met dankbaarheid ontvang word. Vanmôre om vieruur is 'n groot tent afgebrand waar 'n aantal vroue en kinders ter middernag in geplaa was. 'n Klein seuntjie van vyf jaar is verbrand, en die skouers en wange van die moeder is deur die vuur baseer. Twee jongens is ernstig gekwes geword. Een van die twee sal waarskynlik nie herstel nie. Al wat hulle in staat was om van die plaas saam te bring, soos bedde, komberse en 'n bietjie geld, is verlore. So volg een droewige gebeurtenis op die ander. Om nie aangedaan te word deur wat hier gely word nie, moet 'n mens se hart van klip wees.

Verpleegster Broers het die meer gerieflike toestande van Norvalspont te beskrywe gehad :-

8 Junie 1901.

Verlede Saterdag, te midde van 'n verskriklike storm en stortreën van sand, het vyfhonderd nuwe komelinge, waaronder 'n ou dame, in die kamp angekome. Die

onderdeel van haar liggaam is lam, en vir . die . laaste dertien jaar het sy nie haar bene kon gebruik nie. Sy het haar Kaffermeidjie saam met haar gebring, wat egter al die goed en geld wat die ou vrou gehad het, gesteel en haar noui in die steek gelaat het.

Die kommandeur het nie geweet wat om met haar te doen nie en het my laat haal. Dit was verskriklik om haar te sien, toe ek die kaal, leë tent binnegaan waar hulle haar in neergesit het. Met haas geen klere aan nie het hulle haar op 'n ou kar vasgemaak. Ek het haar na die hospitaaltente saamgeneem; dog 'n mens kan byna nie glo nie wat die ou dame, wat vroeër baie ryk was, moes ly nie.

Ons staan om sesuur in die môre op; en die eerste ding wat ek doen, is om die temperatuur van my pasiënte aan te teken; dan help ek hulle om te was, ens., en doen ek alles wat gedaan moet word vir die gevalle van tiefus, masels en longontsteking. Om agtuur lry hulle ontbyt, wat in die meeste gevalle uit warm melk en 'n eier bestaan. Dié wat meer bos mag kry, gee ek eers 'n bord pap en dan 'n bietjie brood, koffie en 'n eier, wat heeltemal genoeg vir hulle is. Om elfuur kry hulle 'n glas melk, en om eenuur sop, rys, vleis en 'n nagereg; om drie-uur weer 'n glas melk; en om sesuur dieselfde as met ontbyt.

U begryp dus dat die pasiënte genoeg voedsel kry; dog die wyse waarop die ander mense in die kamp behandel word (daar is 2.900 van hulle nou), is heeltemal anders.

Die aantal sterfgevälle is groot, veral onder die kinders. As ek alles moes neerskrywe, sal ek 'n wonderlike verhaal moet vertel. Gebrek aan warm klere, kouse en skoene gee daagliks meer kommer; en onder die mense hier in die, kamp is daar persone wat hier reeds ses maande gevange is en wat nie toegelaat was om enige klere saam te bring nie, behalwe wat hulle aangehad het by hulle gevangeneming.

Toe die kamp in grootte toegeneem het, was dit minder gerieflik. Suster Broers skryf verder :—

### Julie.

Dit is 'n harde lewe wat ons op die oomblik het. Die nodige voedsel is nouliks hier vir geld te kry; en wat verkrygbaar is, is byna onverteerbaar. In die laaste tyd is my hospitaal heeltemal vol; en daar die kamp nou oor die 3.000 mense tel, sal daar binnekort vyf groot tente met dertig beddens by die ander gevoeg word. Wat 'n mens hier hoor, is klagtes; wnt 'n mens sien, ellende.

Baie van die geld wat ek ontvang het, is op arme noodlydende gespandeer, wat siek is en byna geen klere besit nie; alles is egter so sleg soos dit duur is.

### BRIEF VAN DIE PREDIKANT VAN DIE ALIWAL-NOORDSE KAMP.

Sept. 1901.

By my aankoms hier het ek 'n groot uitgestrekte kamp gevind, met omtrent 5.000 siele; en nog kom daar gedurig ossewaens met meer.

Die ontwakende verlinge om Gods Woord te hoor is groot. Die vroeë biduur op Sondagmôre is skaars verby of die mense begin met hulle stoele aan te stap om seker te maak van plekke by die diens om tienuur. Die kerk is heeltemal te klein vir die gemeente. Twee uur voor die tyd begin die stroom kerk-toe; 'n uur voor die tyd kondig 'n ouderling aan dat daar geen plek meer is nie; 'n halfuur later is daar nie eens kans om naby die deur te kom nie, en die koster kom sê: „U kan maar begin, meneer: daar is nie meer plek vir 'n muis nie!”

Dit sp t my om te sê dat my gesondheid hierdie maand allesbehalwe goed was en dat dit my baie in my werk gehinder het. Goddank, die ernstige siekte wat daar in Julie en Augustus, onder die kinders was, is heeltemal verby. . . . Daar is nog baie siekte, en die predikant word gedurig na krank- en sterfbeddens geroep. Hier is 'n meisie van elf jaar oud wat „so graag die predikant wil sien.” Dog die predikant is self siek en nie toegelaat om sy tent te verlaat nie. Kort daarna sien hy hulle 'n sieke op 'n draagbaar na die hospitaal dra. Hy hoor dit is dieselfde meisie wat hom so graag wou sien. Die draers bring haar eers na die tent van die dominee; hy spreek 'n paar woorde tot haar, en sy word tevrede na die hospitaal gedra. Dan is daar 'n vader wat ly aan 'n ongeneeslike kwaal; en dit kan nie meer vir hom weggesteek word nie dat die einde voor die deur is. Hy moet onherwese, geholpe en getroos word. In die volgende tent lê 'n siek kind; die moeder vertel met betreande oë hoe sy reeds twee kinders afgegee het; en nou lê 'n derde tussen lewe en dood. Haar eggencot-haar steun is weg in Ceylon. Onder sulke omstandighede kan die predikant nouliks sy trane bedwing. Hier is dit byna letterlik waar „daar was nie 'n huis waar daar nie 'n dode in is nie.” Die meeste mense is in die rou-die lykwa gaan gedurig verby.

'n Paar reëltjies van Bloemfontein toon aan die verbeteringe in daardie kamp in Junie er, Julie



gemaak. Dit is 'n brief aan my persoonlik van mej. Fleck, van die plaaslike komitee in Bloemfontein. In geselskap van mevr. Blignaut en andere sal die selfopofferende werk van hierdie dame nog lank deur die vroue van daardie kamp onthou word. Soos in die geval met die dames op Pretoria is die werk en besoeke van hierdie komitee belet geword.

BLOEMFONTEIN, 22 Aug.

Die kamp is nou in twee verdeel; die een deel is agter die koppie anderkant die kommandant se tent, en die ander een anderkant die spruit regs van die 'tent, 'n baie mooi ope stuk grond.

Die kamp is 'n juweel teen wat dit was toe u hier was.

Die teenwoordige superintendent en sy assistent stel groot belang in die welvaart van die mense.

Die sterffesyfer is hoog in hierdie kamp gewoes; en daar dit die gedagte is dat die meeste aan masels sterwe, is die laere hut in een gemaak en drie groot stowe daarin geplaas om dit te verwarm. Ek meen dat dit nou heeltemal vol pasiënte is; die vroue is net so gewillig om hulle kinders na hierdie hospitaal te stuur as hulle onwillig was om hulle na die ander een te stuur. Die materiaal vir die washuis het aangekom, en die manne het daarmee 'n begin gemaak.

Ek gaan omtrent eenmaal in die week na die kamp.

Die watervoorsiening was altyd een van die grootste moeilikhede in hierdie kamp; dog

nou (so skryf een van die predikante) is pype na die kamp aangelê. Op die oomblik egter word die water in waterkarre van die stasie, 24 myl ver, aangery; en omtrent die helfte word op die pad uitgestort. Gister het 'n geweldige haelbui oor die kamp getrek—een haelsteen het 2½ pond geweeg. Sommige tente is omgewaai, en andere is deur 'n verskriklike rukwind weggewaai. Hierdie droewige lot het ook my tent getref; en my boeke is baie beskadig.

'n Ander tekenende oorsig van sy werk en sy mense word deur 'n predikant van 'n noordelike kamp gegee.

VREDEFORTWEG, Sept. 1901.

Ek vind die werk geweldig groot. Gelukkig het die Heer dit in die hart van sommige van die broeders gegee om my te help, sowel wat betref die dienste as die besoek van kranke en bedleërige. Soos u kan begryp, kry 'n mens in 'n kamp van 2,000 siele 'n groot verskeidenheid van karakter. Die meerderheid vertoon 'n gees van geldige onderwerping; dog sommige is onverskillig en verhard geword onder die kastyding van die Heer. Dit kwel my erg om te sien dat terwyl vier of vyf lyke ter aarde bestel word, nie ver van die kerkhof nie 'n skaar mense vir spele vergader is.

Dog terwyl daar veel bedroewends is, is daar ook groot stof tot dankbaarheid. Ek het by baie sterfbeddens gestaan, waar byna in elke geval die taal van die sterwende die oorwinningskreet van die apostel Paulus was: „Dood, waar is u prikkel?” Dus het ek die belofte vervul gesien dat die dood sy prikkel vir die sterwende verlies. Die dienste op Sondag word baie god gewoen, en daar is groot behoefte aan 'n ruim kerkgebou. Daar is ook baie min sitlek, en dit maak 'n eienaardige en ouderwetse indruk om elkeen met Bybel en gesangboek in die hand en in vele gevalle met 'n eienaardige stoeltjie op die rug, te sien aanstap. Aan die end van die diens gaan elkeen weer voort met sy klein vraggie, waarskynlik bevrees dat een of ander kwaaddoenerige seun die seldsame en gewaardeerde artikel sal wegdra. . . . Die kamp is net en skoon onder die wyse bestuur van die superintendent, wat alles in sy vermoë doen om die lot van die arme vroue te versag en te verbeter. Die strate is mooi reëlmatic uitgelê, en die kamp is onder toesig van korporaals van ons eie mense. Die gesondheidstoestand van die kamp kon beter wees as dit is, en daar is daaglik sterfgevälle. Gister het hulle sopkombuise vir die kranke en swakke begin, en dit sal ongetwyfeld veel doen om die toestand van die mense te verbeter, want daar is groot behoefte aan sagter en geskikter voedsel vir die sieke. Daar is genoeg brood en vleis, dog groot behoefte aan groente; en dit is begryplik dat daar baie siekte moet wees ten gevolge van die eentonigheid van die kos.

Dames uitgestuur deur die „Genootskap van Vriende” het as volg van hulle godsdienstige werk op Volksrust geskrywe. Ek haal aan uit *The Friend* van 30 Augustus 1901:—

Vanmôre (Sondag) het ons almal om 10.30 na die konsentrasiekamp gegaan en daar 'n skaar van omtrent 3,000

byeen vir die erediens aangetref. Daar was ver te veel vir die gebou om te bevat, wat sowel vir kerk- as skooldoeleindes gebruik word, en dus het hulle in die opelug bymekaargekom. Mnr. — het begin met 'n gesang te laat sing, wat op hartlike wyse deur die skare gedoen is; en hy het toe 'n paar gedeeltes uit die Skrif gelees wat deur mevr. H. uitgekies was. Dit was uiters indrukwekkend om op hulle langsame, reëlmatige wyse die ou Hollandse psalme te hoor sing. Toe het hy haar met 'n paar woorde aan die gehoor voorgestel en hulle ook vertel dat ons lede is van die „Genootskap van Vriende,” soms ook „Kwakers” genoem, en dat ons in die liefde van God onder hulle gekom het om hulle te vertel wat ons vir hulle voel, en om hul al die troos en hulp in hulle groot beproewing te bring. Toe het mevr. H. op baie pragtige en liefdevolle wyse tot hulle gesprek van daardie Liefde wat alle verdellinge afbreek, waarin daar, volgens die apostel Paulus, nóg Jood nóg Griek was; en sy kon aan hulle sê daar was nóg Brit nóg Boer-ons was almal een in Christus. En langs daardie vermagerde wange het die trane letterlik gestroom, terwyl sy gesprek het van die groot liefde van Christus, wat Hom beweeg het om Sy troon in die hemel te verlaat en koue, honger en smarte te verduur, soos geen mens ooit ondervind het nie, en om te sterwe sodat ons die lewe mag deelagtig word; en waar Hy bekend is met menslike droefheid en smart, kon Hy troos soos niemand anders dit kan doen nie; en toe het sy met hulle gepleit om in al hulle verdriet en beproewing na Hom, die God van alle vertroosting, te kom.

Dit was een van die mees aandoenlike tonele wat ek ooit aanskou het. Mej. T. het nog 'n kort woord ná mevr. H. gespreek, en toe was daar nog 'n gesang. 'n Diens word aangekondig vir die kinders om 2.30 waar ook die ouer kinders weekom sou wees, as hulle wil kom; die seën word uitgespreek, en toe het daardie groot skare opgekrom om elkeen van ons 'n handdruk te gee, met sagte stem: „God seën u,” „Dankie.” Sommige was heeltemal gebroke. Een vrou het aan my gesê: „Ek het vir myself gelewe; nou wil ek vir God lewe.” „Ek het nooit iets aanskou wat hiermee kan vergeleke word nie, en gevoel my magtelos om dit te beskrywe. Mnr. — het my later vertel dat 'n man aan hom gesê het: „Ek kon nooit dink dat daar iemand in Engeland was wat soos dié dames iets vir ons oorhet nie.”

Om 2.30 het mej. T. teruggegaan na die kamp. Daar was nog 'n groter skare. Die kinders was almal reg voor en in die middel, so 'n menigte van hulle, en die ouer mense rondom. Ek het nog nooit sulke soet

kinders gesien, of wat so stil soos muise kon staan en sit soos hierdie nie. . . .

Die nagte was verskriklik koud. Ons het in ons dik slaapsakke geslaap, met warm komberse nog bo-oor die bed; en tog was dit nog koud. O, wat moet die arme mense in die tente ly! . . .

Mevr. Dickenson verhaal van 'n voorval op Volksrust, wat haar, soos sy sê, enigszins verbaas het:—

'n Goedgeklede jong dame met 'n „Panama”-hoed dog 'n verpleegster se mantel begin met een van die passasiers by my in die rytuig te praat terwyl die trein daar wag, en sy vertel hom dat sy 'n verpleegster in die konsentrasiekamp aldaar is. Sy sê met luide stem: „Ek het nie die geringste kennis van verpleging nie-het nog nooit in my lewe verpleeg nie.” „Hoe het jy dan daarin gekom?” sê haar vriend. „O, ek het net vriendelik met die dokters gepraat, en toe het hulle my in diens geneem en ek het totnogtoe niemand doodgemaak nie.” Hierdie voorval, in verband met wat ek vandag in 'n koerant hier geses het van die verhoor van 'n apteker in 'n kamp naby Bloemfontein oor die dood van drie kinders wat hy te veel striknie gegee het, verklaar sommige van die sterfgevälle onder hierdie mense in die kampe.

Daar was, ongetwyfeld, dikwels onverskilligheid sowel as groot onkunde onder die staf in 'n kamp; dog in die geval deur mevr. Dickenson genoem moet dit vermeld word dat die beskuldigde in vryheid gestel was.

Die verhoor deur die Kriminale Hof op Bloemfontein van die hoof apteker in die Bloemfonteinse „refugee”-kamp, wat beskuldig was dat hy onbehoorlik 'n mengsel atriënie aangemaak het, sodat drie kinders van die „refugees” daarvan dood is, is pas afgeloop. Ná 'n noukeurige ondersoek van 'n week is die beskuldigde ontslaan. Die strengste regulasies word gehandhaaf met betrekking tot medisyne, dokters en verpleegsters om enige fout te voorkom.-(Deur Laffan se Agentskap, Manchester Guardian, 14 Des. 1901.)

Van verskeie afgeleë kampe is daar geen on-offisiële beskrywing nie, behalwe 'n paar reëls in

sommige gevalle, soos hierdie van ds. Theunissen, 'n predikant wat uit naam van die komitee in Holland liefdegawe uitgedeel het :—

#### UITTREKSELS VAN BRIEWE AAN DIE KOMITEE IN HOLLAND.

STANDERTON, 18 Okt.

Soos per brief aan u meegedeel het ek reeds £175 van u ontvang. 'n Aansienlike deel van die geld het ek aan medisyne bestee. Die dood het verskriklik in die kampe gewoed. Gedurende die laaste ses maande het die mense hier gemiddeld twee-en-dertig per honderd per jaar gesterwe. Ons hoop en vertrou dat daar verbetering sal aangebring word; dog die minimum sterfgevälle gedurende die laaste tien dae was tien persone per dag, en die getal, inwoners van die kamp is nou net 2,850.

Die kamp op Pietersburg is teen Mei van hierdie jaar geopen. Gestadig het die getal mense daarheen gestuur, toegenaam, totdat 4,000 bereik is. En van Mei tot die laaste helfte van Oktober was daar 500 sterfgevälle.

Een van die treurigste van alle kampe was Bethulie,<sup>1)</sup> waarvan mevr. Gonin, wat 'n kranke bloedverwant besoek het, die volgende mededeling doen, my deur die komitee in Kaapstad toegestuurt :—

'n Man wat voor die oorlog ryk was, stuur om 'n dokter; hy vertel hom hoe hy ten gevolge van ontberinge en blootstelling verswak was en vra om 'n bietjie brandewyn; hy was seker dat hy daar baat by sou vind. Die dokter gee die sertifikaat vir die brandewyn, wat die man na die kantoor neem, toe hy kortaf die deur uitgewys word. Die volgende dag toe die dokter hom besoek, was hy verwonder dat die man nie die brandewyn ontvang het nie. Hy gaan toe saam met hom na die kantoor, en altwee word saam die deur uitgewys. „Maar,” werp die dokter teë, „die man sal doodgaan as hy nie 'n bietjie brandewyn kry nie.”—„0, laat hom doodgaan; hy is maar net 'n Boer!” Die man het doodgegaan.

As die mense om 'n kers kom smeeke, om by hulle sieke lig te hê, word hulle weggejaag, al was daar kaste vol

1) Vgl. Cd. 902, bls. 127. „10 Des. Ek het die superintendent afgedank omdat hy geen belang in sy werk gestel het nie.”—GEVOLMAGTIGDE ADMINISTRATEUR.

kerse wat deur die komitee van Kaapstad gestuur is; en as die plaaslike dameskomitee 'n paar gevra het om uit te deel, is hulle dikwels geweier geword of het hulle 'n klein stukkie ontvang of moes hulle betaal. (Natuurlik is niks toegelaat om van die dorpe Bethulie na die kamp te kom nie.)

Waar die mense kiste vir hulle dooie moes maak, was daar geen behoorlike voorsiening vir hout gemaak nie. Dikwels was daar niks te kry nie; meer as een ryk man of vrou moes 'n kis kry, uit stukkie kers- of seepkassies teen 'n onmoontlike prys gekoop, aanmeekaargespyker; dog „die meeste van ons geliefde dooie,” so het 'n dame my vertel, „moes ter aarde bestel word in koeskeromberse toegedraai. O! dit het ons verskriklik eergemaak!” Die twee klerke, 'n De Villiers en 'n Percival, was onmenslik en het met die smarte van die mense gespott. *Hulle is altwee dood.*

Natuurlik, die hoof-superintendent het hiervan 'n afsku gehad; en sedert sy besoek, Goddank, is dinge beter geword. Dog stel u voor dat u saam met my en 'n paar andere daar in die kerkhof staan. Mnr. Otto het gesê: „Kyk! hier het ek my seun verlede Augustus wegghê; sedert dié tyd is hierdie hele plek volgemaak-1,300 in ses maande uit 'n bevolking van 5,000!” *Trane wou nie kom nie; dit was net 'n „Heer, hoe lank!”*

Dan om te hoor hoe mense wat 'n bietjie geld by hulle gehad het, dood is omdat die gesaghebbende persone hulle nie 'n bietjie voedsel kon of wou laat kry nie. 'n Dame het my vertel hoe sy 'n ryk vrou besoek het wat alle gemaakte en geriewe voor die oorlog gehad het, dog nou in 'n aaklige beltent gedwing, moes uitroep: „Honger, honger! A sêk dood is, maak gekend in die koerante dat ek en my twee dogters almal van honger omgekóm het.” Dit was dieselfde in tent ná tent, dag ná dag dat hierdie

Die dorpe ia beskou as buite die grense toegelaat vir die kampbewoners, en niemand is toegelaat om sonder as heen of weer te gaan nie.—Cd: 893, bls. 60.

Die voorraad doorkiste was nie daardie tyd voldoende nie, en die dooie is in komberse begrawe geword net soos soldate wat in militêre hospitale doodgaan. Die mense voel dit baie, en daar het so spoedig moontlik 'n voorraad doorkiste gekóm.—Cd. 893, bls. 58.

Die winkel was baie leeg vergeleke met andere. Die vernameste dinge daarin opgemerk, was blikkies salm, manshemde, vrouetabberds, konsertienas en sigarette. Die hele dorpe en distrik Bethulie het dit baie skraaps.—Bls. 59.

Mnr. Deare, in antwoord op 'n vraag, het geantwoord dat volgens sy mening ten minste vier-vyftes van die mense in Bethulie-kamp op die grond slaap. Ons het sterk en gedurig by hom aangedring om aan die kamp 'n groter aantal katela, al ia hulle nog so eenvoudig, te gee. Hy het die beswaar geopper om geskikte materiaal te kry.—Cd. 893, bls. 58.

selfde geroep gehoor word: „Honger, honger ! Ek sterf van honger.” Op die vloere en met net 'n kombers op die kaal grond, het dié wat aan weelde gewoon was, eenvoudig gesterwe.

Die mense praat met die grootste veragting van die dameskomitee wat uitgekóm het. Hulle het by voorbeeld so 'n vraag soos hierdie gestel: „Maar is iemand in hierdie kamp aan soiets soos 'n katel in hulle huise gewoon gewees?” Die sanitêre reëlinge hef ongetwyfeld ná hulle vertrek verbeter, maar dan is hulle ook voorheen onbeskryflik gewees. Gedurende die dae van hulle besoek het die mense pragtige beesvleis gekry; dit o gdaarvoor en daarna was dit dikwels oneetbaar. Die vleis word in kamers gehou waar karbolsuur gebruik was, wat so in die vleis getrek het dat die reuk ondraaglik was as die deksel van die pot waarin dit gekook word, opgetel word.

Ek kom meestal met mense van Dewetsdorp in aanraking. Hulle vertel almal dieselfde verhaal—hoe hulle mans en seuns na die magistrataatskantoor geroep was om hulle passe vernuut te kry. Hulle sou dadelik weer kon terugkom; dog in plaas daarvan word hulle per spoor na Kaapstad vir Groenpunt weggestuur; en gedurende hulle afwesigheid is die vroue van die huise met geweld weg-geneem.

„U hoef niks te neem nie: u sal alles in die kamp kry” —dit was die gewone belofte. Op hulle aankoms was daar nie eens 'n kamp nie! Hulle het geen kos op die pad gekry nie en het verskriklike ontberinge ondervind. Daar was stortbuie reën. Dog die gees van stille verdraagsaamheid en onderwerping het my God dikwels vir sulke vroue laat dank. Ek het trots op my nasie gevoel en was oortuig dat hulle uit hierdie smeltkroes beter, edeler en sterker sal kom.

Dag hulle lye was groot en is dit nog; die tentlewe, die gedurige ergernis van bevele en herröeping van bevele, die gerugte, die beperking vir mense wat aan 'n vrye lewe gewoon is—dit alles weeg swaar op hulle. Hele familíes het uitgesterwe. Mnr. Venter het ses-en-twintig van sy kinders en kleinkinders daar verloor. Mevr. Van der Heever het in 'n korte tyd agtien famíelíebetrekkinge

SANITÊR.—Op die vore-stelsel, en baie ru. Geen behoorlike sitplekke (behlwe in die skool-latriene) vir manne, vroue of kinders nie, dog eenvoudig stompe hout wat oor vore ge-ooi word. Die besmetting van die grond in en rondom die kamp bedreig ten seerste die gesondheid van die bewoners. Dit is egter billik om hierby te voeg dat met die uitsondering van die akoollatriene ia die latriene-akkommodasie so uiters sleg dat daar gegronde vrees is vir die besmetting van die grond.—Bls. 57.

Al die vleis word deur 'n kon-  
trakteur verskaf.—Cd. 893, bls.  
58

verloor. Mevr. Fourie het haar man en ag kinders verloor. Die kleintjie is vier-en-twintig uur ná die geboorte dood; die verpleegster (3) het die kindjie naas die bewustelose moeder geplaas; en dit het, volgens baar verklaring, daardie nag van koue oorgekom.

'n Ander een het gesê: „Ly julle ook deur die oorlog in die Kaapkolonie?” Ek het haar die versekering gegee. „Ek het,” sê sy, „drie kindertjies verloor, en my man is reeds ag maande weg, niemand weet waar nie; en ek het niks meer op aarde wat myne is nie—alles weg, alles dood. Dog Christus vul my ledige arms en ledige hart soos nooit tevore nie, en ek kan Hom onder my trane loof.” 'n Ander een, uiters krank in die hospitaal, so 'n mooi jong vrou, sê: „Ek voel hoe die Heer persoonlik met my besig was. In die dae van ons voorspoed het, ek Hom vergeet, dog nou het Hy alles van my weg-geneem en my na Hom teruggebring; man en sewe kinders, almal dood.” Toe vra ons: „En gaan u hierdie nuwe lewe in u eie krag voortsit?”—„O nee,” was haar antwoord; „God het alles weg-geneem—my Zeeg gemaak—en ek sal net aan Sy voete bly as 'n armé sondaar, met niks anders as Sy heerlike sterkte nie.”

Ek het by verskeie gesit en huile my die geskiedenis van hulle wegvoering. ons, laat vertel. Een sê: „Siet u, ek was so heeltemal onvoorbereid om te gaan omdat ek so seker was dat ek nie weg-geneem sou word nie. Gods Woord sê: „As u iets in My naam begeer, Ek sal dit doen.” En ek het die Here gebid om ons nie te laat wegneem nie, en ek het gevoel dat, ek Hom met 'n volkome geloof moes vereer, met volle vertroude dat wat ek gevra het in Sy naam, aan my sal geskied. Ek het die ander vroue uitgelag omdat hulle bang was—so seker was ek. En toe dit kom, moes ek op tien minute se kennis-gewing gaan en kon ek niks doen nie. Ek het net gevoel asof di fondamente van die aarde padgee.” En fôe vra ek: „Het u ongelowig geword?”—„Het ek ongelowig geword! O nee; ek het genade ontvang om te sien dat ek onverstandig gevra hef, sops 'n klein kindjie, en God kon my nie gehoor gee nie, dog het iets veel beter vir my beskik.” Daardie vrou het drie kinders verloor; 'n vierde, vroeër 'n sterk jongkêrel, was reeds drie maande aan weg-kwyn in die hospitaal; 'n vyfde het net siek geword aan die koors terwyl ons daar was; werklik, dit was 'n grootse neloof wat kon sê: „God het iets veel beter beskik.”

Ek het navraag gedoen omtrent mevr. — en mevr. —, ek kon hulle nie sien nie, daar hulle met hulle familíes in die draadkamp was—die tronk. Hulle het gaan was, en onbekend met die nuwe regulasies het hulle op die gewone plek in die rivier gaan was, wat op daardie

dag 'n verbode plek was, en hulle moes hierdie straf ondergaan. 'n Groot aantal manne, meer as honderd, het al weggehoor qit die kamp en by die Boere aangesluit, wat 'n laer nie alte ver hiervandaan het nie. 'n Jong kerektjie wat op daardie wyse ontsnap het, is nie gevang nie; en daar is ook geen poging aangewend om hom terug te kry nie; dog sy ouers en broers en susters is in 'n draadkamp geplaas; die ou vader en broers moet bandietwerk doen van sesuur in die more tot sononder (in die somer), met 'n kwartier vir maaltyd driemaal op 'n dag op halfrantsoen. Hulle is van ons beste mense.

Die kinders onder ses ontvang gekondenseerde melk, masena en hawermeel, dog minder vleis. Een siek vrou het ons vertel sy kry botter en konfynt. Dog wat beteken dit as hulle in droefheid en smart eet en drink!

Mag God ons en ons arme volk help; ons sien geen straal lig buite Hom, wat geen fout maak nie. Hierdie kampe is een groot „fout;” hulle roep luide tot God, en Hy sal verhoor; en hierdie grafte sal hier staan as 'n monument van . . . .

Die volgende uittreksel gee 'n kleine herinnering aan die bekommernis wat krygsgevangene gevoel het oor hulle hawelose en dikwels geskeie famielies, geskei selfs in die dood. Dit is van mnr. H. J. J. Heytmayer, krygsgevangene, aan die heer Emous, voorsitter van die Hollandse Komitee.

BERMUDA, 21 Mei 1901.

Verlede Sondag het ek 'n brief van my vrou ontvang, waarin sy skrywe dat sy op die 14e September na Durban gestuur is, sodat sy nou in die „refugee”-kamp op Merebank-stasie, Durban, Natal, is.

Sy sê verder: „Ons jongste kind is op Pretoria by die verpleegsters van die Rooi ruis agtergelaat. Dit was toe byna dood en kon sy ogies nie meer oopmaak nie. Die offisiere wou my egter nie laat agterbly nie. Ek word gedwing om na Durban te gaan, en dus moes ons klein liefling in die hande van vreemdes sterf.”

Ek hoef u nie te vertel nie dnt my hart gebroke is. Ek kan u geen idee gee van wat daar in my binneste omgaan nie. Die vermeldde kindjie is gebore omtrent 'n maand

ná ek gevang is en was omtrent drie maande oud toe my vrou dit in Pretoria moes agterlaat.

My vrou het nou drie kinders oor; die oudste is ses jaar. Ons het al ons besittinge verloor.

Omtrent 'n maand ná die vorming van die nuwe kamp in Merebank het mevr. Dickenson dit besoek en aldus beskrywe :-

12 Okt. 1901.

Ek het gister verlof ontvang van die kommandant om die sogenaamde „refugee”-kamp in Merebank te besoek; dit is omtrent 'n uur met die trein van Durban met die Suidkusspoorweg. Die ligging is deur die P.M.O., majoor M'Cormack, uitgesoek, omdat dit deur die Durbanse waterwerke voorsien word, en gevolglik is skoon water waarborg. Die grond is sanderig; dog ongelukkig is daar 'n moeras in die holte tussen kampe 1 en 2. Daar is een mediese beampte, wat teenwoordig met 'n tolk die rondte doen; dog met die oog op die siekte wat reeds heers, sal 'n ander dokter binnekort aangestel word. Hierdie kamp is bedoel vir 10,000 mense; dog op die oomblik tel sy bewoners twee duisend. Dit is nog maar drie weke bewoon, en gevolglik is dit nog nie in volle werkende orde nie. Merebank is 'n halt, met nie eens 'n spoorwegstasie nie, en treine hou daar net vir die kamp—Seildorp, soos dit genoem word-stil.

Die grond is deur water omgewe en moes nie gekies gewees het nie.

AANBEVELING.—Ondanks die groot onkoste wat gemaak is . . . beveel ons ten sterkste aan dat die kamp na 'n beter plek sal verskuive word.—Cd. 893, bls. 34, 37.


N.B.—Dit het nie geskied i.e.

Die dag was reënagtig (in Natal is dit nou die begin van die reëntyd), en die groen tropies-lykende gebladerte en dik, hoë gras glinster met druppels 'n land wat veel op Ceylon gelyk Vat betref sy gewas, wat weelderig groei; dog die blanke mensheid kwyn. In Merebank het ek van 'n trein afgeklim wat nie by 'n platform, stilgehou het nie; en ná ek my 'n pad deur die see modder gebaan het, het ek die kamp binnegegaan, waarvan die wit tente hulle ver uit teen die skuinste van die heuwel uitstrek. Hulle is in rye gerangskik, met 'n breë pad deur die middel. Digby die ingang was die kommandant se kantoor, wat deur vroue beleër is, meestal in swart gekleed, met die kappi algemeen in gebruik op Boerplase, ook van dieselfde sombere kleur. Kinders met kaal bene loop deur die modder en waterpoele; die een dra 'n brood en die ander 'n sak aartappels of 'n drag hout. Ek gaan regs op deur die hoofstraat, as 'n mens dit die naam mag gee,

en kom by die winkel wat **opgerig** is om die „refugees” wat **geld** het, in staat te stel om ekstra kos en klere te koop. Natuurlik is die goed duur; **beskuit** wat **ek** ge-koop het, **kos** tweemaal so veel soos in Durban. **Tog** is dit ’n genadegawe vir dié wat kan betaal. Die kommandant van die **kamp**, wat geen uniform dra **nie** en **heeltemal** eenvoudig en onoffisiel daar **uitsien**, roep my na om te vra of ek ’n pas het. Ek toon hom **die** een wat **ek** het. Hy bied aan om ’n man saam met my te stuur om **my** alles aan te toon; dog ek bedank hom daarvoor en vertel hom dat ek verkies om my ondersoekinge **alleen** te doen, met die **hoop** om mense te vind wat kon Engels praat om te tolk vir **dié** wat nie kon nie.

Van my ondervinding verlede jaar onder die Hollandse **Boere** in die Kaapkolonie het ek byna **dadelik** kon **sien** wie my **waarskynlik** sou verstaan. Een van die eerste mense wat ek ontmoet het was die dokter, wat met ’n tolk die rondte doen. Hy was in die gewone **kakie**-uniform; sy **swart** halsstuk **e** was al wat hom van die gewone **vegtende** offisiere onderskei het. Ek **vra** hom omtrent die siekte en hy vertel my dat die kamp, soos hy dit uitgedruk het, „vergewe van ’n baie **slegte** soort **masels**” is. Dit was nie lank nie of ek het daar droewige getuienis van **gesien**. Vier jongetjies kom met ’n **draagbaar**, gaan verby en bly staan by ’n **tent**. ’n Vrou wat bitter snik, kom uit en plaas ’n **bondeltjie** in ’n **spoorwegkometers** toegedraai daarop. Toe die jongetjies terugkom, het ek hulle ontmoet en **gesien** dat hulle las ’n jong kindjie is, **miskien** omtrent vyf jaar oud, wat pas dood is—die tweede wat die arme moeder in veertien dae verloor het. Daar is geen predikant hier nie, en geen kans vir enige soort Christelike begrafnis nie. ’n **Graffie** word **gemaak**, en die **tingerige**, **uitgeteerde** liggaampie word daarin **geplaas**. Op navraag deur my **gedoen** by vroue wat **gelyk** het of hulle my **informasie** kon gee, word ek na ’n tent bedui wat van ’n **ruimer** aard was, bewoon deur die vrou en dogter van ’n **landdros**, t.w. die **hoofmagistraat** van Pretoria, mnr. Schütter.

Ná ek aan die **dogter**, wat goed Engels kon praat, **duidelik** **gemaak** het dat ek ’n **rapport** oor die kamp wou opstel vir ’n **Australiese** koerant, het sy my na binne **genooi**. Dit was die enigste tent wat ek **gesien** het wat ’n mens enigins **gestoffeer** sou noem. Dit was **pateties** om die **oorblyfsel** van ’n mooi sitkamer—die **Lares** en **Penates** van ’n **woning** wat **verdwyn** het—in ’n **vuil** tent te **bemerk**. Die **stoele** was met **ferweel** of **Morokko-leer** oorgetrek. ’n **Vergulde** **horlosie** tik op ’n **houtkas**. ’n **Kosbare** ou **Sjinese** **blompot**, ’n **gewaardeerde** **erfstuk**, staan in ’n **ander** hoek. Alles het **aangetoon** dat ons hier met mense te doen het wat aan ’n **fyn** **omgewing** gewoon



„Ons is wese en vaderloos, ons moeders is soos weduwees.”

is. Mevr. Schütter senior het nie Engels gepraat nie. Sy was 'n groot, deftig lykende vrou, met 'n terneer-geslae voorkome; en sy het nouliks haar oë opgelig. Haar skoon dogter, wat by haar 'n kindjie van ses maande gehad het, het openhartig gepraat en my vertel dat ná die inname van Pretoria is hulle toegelaat om in hulle eie huis te bly, en lord Roberts het beloof dat huile nie gehinder sou word nie.

Ná lord Kitchener se proklamasie het hulle egter dadelik kennis gekry dat hulle moes weggaan, met een nag om klaar te maak. Hulle het alles wat hulle kon, saamgebring, dog vind daaglik meer en meer uit hoeveel agtergelaat is wat van die grootste nut kon wees. 'n Oiestoof om op te kook, is een van hulle mees op prys geetelde besittinge, daar dit hulle die beproewing om buite te kook bespaar, wat in die reënweer alte bitter is. Die toestand van die Schutters is dié van die hoëre klas gevangene en kan as tiepies beskou word. Hulle het 'n sekere mate van gerief, waar hulle self voor betaal het; dog hulle voel die vernedering van die kampelewe meer as die armer mense. Hulle word by voorbeeld deur Kaffer-polisie bewaak en verplig om hulle rantsoene te dra en hulle vuurmaakhout in sommige gevalle driekwart myl ver te haal onder die oë van 'n klomp lui swartes, wat daar die grootste behae in skep om die mense te sien werk terwyl hulle ledig rondloop. Die sanitêre reëlinge is ook van die rûste en mees primitiewe aard en op die oomblik heeltemal ontoereikend vir die behoeftes van dia mense. Dog daar word gebou, en dit is nouliks billik om te oordeel wat die kamp sal wees as dit klaar is.

Mej. Schütter en 'n mevr. Erasmus en haar dogters het 'n soort „distrik” van die mees noodlydende families georganiseer, en hulle het my geneem om dié te aanskou. Die gerugte het onder hierdie arme mense rondgegaan dat ek hulle op een of ander manier met hulle siek kinders kon help, en hulle het van alle kante aangekom met hulle kinders in die arms en hulle toestand, wat in vele gevalle hopeloos geskyn het, beskrywe. Een bleek, vermagerde vrou het in die deur van haar tent gesit met 'n kind wat sy laaste snik in haar armsge, en versoek dat ek dit sou afneem; dog ek het mevr. Erasmus gevra om duidelik te maak hoe jammer ek vir haar voel en dat die portret 80 pynlik sal wees dat sy daar nooit na sal kan kyk nie. Hierdie vrou het nog twee siek seuntjies gehad, wat op 'n waterdigte kleed op die grond onder een kombes lê. Een van haar kinders is verlede week dood, en een die week vantevore. Daar is 'n hospitaal aan die bou wat die sieke 'n beter kans sal gee. Dit is 'n houthut met sinkdsk; dog sommige

Die kommissie voel baie sterk dat niemand in hierdie kamp op die grond behoort te slaap nie.— Cd. 893, bls. 35.

slaapvertrekke is soos in 'n kraamafdeling afgeskort. Mevr. Erasmus het my vrae aan die vroue van haar „distrik” vriendelik vertolk, en hulle antwoorde was oor die algemeen veelal van dieselfde soort. Hulle rantsoen in die kamp was toereikend, al sou hulle dankbaar wees vir 'n bietjie stroop vir hulle kinders of iets om met hulle brood te eet. Die vuurmaakgoed was nie genoeg nie, tensy hulle 'n bietjie daarby opgetel het of mis brand. Hulle word nie toegelaat om deur die doringdraad te gaan wat rondom die kamp is nie. As hulle dit doen, dan word hulle koffie vir drie dae afgeneem.

Op die vraag of hulle vrywillig of gedwonge gekom het, het almal geantwoord dat hulle nooit om iets anders gevra het as om alleen gelaat te word nie; en die meeste het vriende gehad wat vir hulle sou sorg as hulle in vryheid sou gestel word.

„Refugee”-kamp is 'n verkeerde benaming; dit is in werklikheid gevangenis. 'n Paar van die gevangene word eenmaal 'n week op parool uitgelaat; dog die eentonigheid van die lewe moet verskriklik afmattend wees. Die tente is so dig opmekaar dat dit onmoontlik is om buitekant te sit.

Om kamp No. 2 te besoek moet 'n mens hy steenoonde verby en dan 'n halwe myl enkeldiep deur swart modder ploeg. Eenmaal het ek my skoene verloor, so dik en taai was die modder; dog ek het aangesukkel en het hierdie kamp nog meer onklaar as die eerste gevind, en met 'n groot aantal leë tente. Mevr. Schütter het my aangeraai om 'n sekere mevr. Kruger, 'n dokter se vrou, te soek; en ná 'n rukkie het ek haar gevind. Sy het in dieselfde tent pebly as 'n mevr. Kleynhans, vrou van die landdros van Ermelo. Eers was daar nog 'n ander familie en hulle tent; dog hulle het geprotesteer en daarin geslaag om hulle weg te kry, daar hulle 'n seun van sestien jaar gehad het, wat veronderstel was om saam met hulle daarin te woon, asook 'n Kaffermeidjie van die Kleynhanse. Hierdie meidjie het in al haar beproewinge by mevr. Kleynhans gebly. Laasgenoemde, wat baie fingerig gelyk het, is uit 'n siekbed op Ermelo weggeneem en in haar nagrok saam met haar klein seuntjie weggevoer. Sy het gesmeek dat hulle een kamer aan haar sou afstaan totdat sy beter word; dog die offisier het gesê dat hy bevel ontvang het om die huis af te brand. Sy het twee komberse en 'n kis klere gered. Terwyl sy in 'n die wa lê, kon sy sien hoe haar piano en al haar hesittinge wat sy hoog waardeur, aan flenters geslaan en die huis aan brand gesteek word. Haar juwele is op weg uit die wa gesteel. Mevr. Kruger het gesê dat haar man nie veg nie, dog gewondes verpleeg. „U mans sowel as ons syne,” voeg sy daarby; „dus sien ek nie waarom ek hier moet gehou

word nie.” Was dit nie vir die vriendelikheid van mevr. Schütter nie, wat my gevra het om 'n stukkie saam te eet, dan sou dit maar swak met my gegaan het; want daar was nérens 'n plek om verversing in Merebank te kry nie. Al „rantsoen” wat hulle gekry het, was brood. Dit was hulle eie koffie en gebakte vis, want dit was nie vleisdag nie. Die tafelgoed getuig van mense wat aan 'n fyne omgewing gewoon is—goeie tafellinne en silwervurke. Ek het verhaal van my „uitkamp”-ondervindinge in Australië; dog, soos hulle droewig opmerk, „u het 'n huis gehad en was nie 'n gevangene nie.”

Die groot behoefte in die kamp is komberse, skoene en onderklere vir dié wat geen geld het nie. Mevr. Schütter het 'n basaar aan die hand gegee waar hulle dingetjies voor kon maak om aan die Durbanse mense te verkoop, ten einde 'n fonds vir hierdie dinga in hande te kry. Die idee kom my voor goed te wees, en ek hoop hulle sal daarin slaag om dit ten uitvoer te bring.

Mevr. Dickenson gaan voort om aan haar lesers op dieselfde eenvoudige wyse van die Pietermaritzburg-kamp te vertel:—

PIETERMARITZBURG, 24 Okt.

Hierdie kamp verskil van dié van Merebank, in my vorige artikel beskrywe, in verskeie opsigte. By die ingang is 'n soort waghuis, en soldate kom uit en vra om 'n pas, terwyl daar nie eintlik 'n hesondere ingang tot die kamp in Merebank is nie. Die tente op Pietermaritzburg is meestal vierkantig in plaas van die aaklige ongesonde beltent. Dit het ook 'n veel droër en gesonder ligging, teen die skuinste van 'n bult, wat op die dorp afkyk. Soos vantevore het die eerste mense wat ek ontmoet het, my met twyfel en agterdog aangesien en net hulle hoof geskud asof hulle nie verstaan nie, as ek hulle aanspreek. Kort daarop kom 'n predikant van die Ned. Geref. Kerk verby, en ek keer hom net toe hy 'n tent wou binnegaan, en vra toe of hy my enige informasie kon gee omtrent die gesondheidstoestand van die mense, ens. „Nee,” antwoord hy baie versigtig, „dit spyt my om te sê ek kan nie. Ek word nie toegelaat om informasie te verskaf nie.”—„In elk geval, kan u my nie in kennis stel met Engelssprekende persone wat in staat sou wees om my vrae te beantwoord nie?” versoek ek. Hy raai my toe aan om na die klein sinkwinkeltjie (ook 'n poskantoor) te gaan, om die name van die mense te kry-so versigtig was die eerwaarde heer om aan die veilige kant te bly. Ek doen toe navraag omtrent die skoondogter van mevr. Schütter, wat ek in Mere-



bank ontmoet het, dog vind dat sy na Howickkamp gestuur was. Mevr. Fourie sou my, volgens die winkelier, informasie kan gee, daar sy goed Engels ken. Sy was 'n vrou met 'n aangename voorkome, besig om te stryk; dog sy sit haar werk opsy en vra my om in te kom; en spoedig, op die gasvrye wyse wat my aan Australiërs herinner, was sy besig om vir my koffie te maak. „Die kinders het masels en longontsteking gehad; dog, dank die Heer, hulle is nou gesond.” Haar man was ook by haar, en al haar seuntjies; dús was daar geen bekomernis nie. Haar seuntjies gaan skool in die Goewermentskool op Pietermaritzburg en leer mooi. Haar man word ook toegelaat om te werk. Toe sy hoor dat die Engelse kom, het sy haar wa vol lewensmiddele gepak en dit opgesluit; en gevolglik het hulle haar en haar famielie op haar eie wa hierheen gebring. Sy het 'n oliestof, en dus is sy nie verplig om buite te kook as dit reent nie. Mevr. Fourie lyk so oggeruimd en tevrede dat ek begin te dink die Pietermaritzburg-kamp moet besonder goed bestuur word; dog dit val my by om te vra of sy en haar man gevange geneem was en of hulle oorgegee het. „O, ek het my man laat oorgee,” sê sy. „Daar ons die woning moes verloor moes ons maar neem al wat ons kon.”

Dit was die geheim. Hierdie mense was werklik „refugees,” dog die eerste wat ek gesien het. Daar is egter geen twyfel aan nie of die „refugees” of mense wat oorgegee het, vorm 'n baie klein minderheid in hierdie kampe. Die volgende tent deur my besoek het aan 'n mevr. Vanyder behoort. Dit was pragtig skoon, met 'n groot hoop klere pas gestryk op 'n oork. Haar twee dogters werk as modemaaksters in Pietermaritzburg. Haar eggenoot is op kommando. Die broodrantsoen was te klein, sê sy, en 'n klein dogtertjie van vier en 'n half jaar word verwag om van niks anders te lewe nie as vier blikkies gekondenseerde melk in die week en om geen vleis of brood te proe nie. Afrikaanse kinders, net soos Australiese, word grootgemaak op heelwat vleis, sodat hulle die gebrek daaraan veel meer voel as 'n Engelse kind dit sou doen. Die rantsoenkaart, wat presies aantoon wat elke famielie ontvang, word in elke tent opgehang. Ek het opgelet dat die rantsoen van mevr. Vanyder in vergelyking met dié van die Fouries veel minder is. Mevr. Fourie, wat saam met my ingekom het, verklaar dit deur te sê dat haar famielie uit seuns bestaan en dié van mevr. Vanyder uit dogters, wat veronderstel word minder te eet. Die siekte wat nou algemeen in die kamp heers, is maagkoors; dog verlede Augustus het neën-en-sestig kinders aan die masels omgekome. Dit moet in gedagte gehou

Sterfgevallen in Augustus, vyf- en-twintig.—Cd. 898.

Rapport van kommissie, bl. 88.

word dat hierdie kinders van plase geneem is waar hulle die vrye gesonde lewe van die Australiese Boskinders geniet, met volop goeie melk, eiers en vleis. Die verandering van ete alleen, sonder die bedompigheid en klamheid van die ellendige tente, is genoeg om die sterfte te verklaar.

In die Natal Witness het ek vandag 'n aanhaling van 'n verpleegster in Pretoria opgemerk wat die sterfte onder die kinders toeskrywe aan gebrek aan sindelikeit. Dit beskou ek heeltemal onwaar te wees. Ek het nog vanmôre gepraat met die vrou van 'n Engelse dokter in die Boerkamp hier (Howick), en sy vertel my dat haar man hulle nie vuil beskou nie. Sy het 'n meisie as kinderjuffrou geneem, wat hoewel sy geen woord Engels ken nie, baie skoon en netjies en leergierig is. Die volgende tent deur my besoek was dié van mevr. David van Niekerk, wat heeltemal gebrek ly. Haar man en seuns was op kommando en sy het ses klein kindertjies. Al haar beddegoed en huisraad is verbrand, en hulle het heel weinig kontant geld gehad, wat nou alles op is. Daar was niks in die tent nie behalwe twee of drie kombesse en 'n kas. 'n Mooi jong vroultjie, swaar in die rou, wenk my om in haar tent te kom. Sy was 'n weduwe—'n mevr. Venter. Haar eggenoot is vroeg in die oorlog gekommandeer, na hulle net elf maande getroud was, en haar kindjie pas gebore. Hy het ses maande gelede gesneeu, en die kindjie is drie maande daarna dood aan die kroep hier in die kamp. Sy het egter 'n blinde skoonvader wat veel van haar tyd in beslag neem. Sy is van Engelse ouers en praat pront Engels. Die ou man kon geen Engels spreek nie, en dus het mevr. Venter getolk. „Die ou man sê,” begin sy, „dat hy u graag wil laat weet hoe hy gevang is. Hy was op sy plaas met sy suster, wat ook blind is, toe die Kakies (d.i. Engelse) aankom. Hy smeek hulle om vir hom 'n koei en 'n pond koffie te laat staan; dog hulle weier, en hy was vir 'n dag en nag sonder kos, totdat Boere verbygekome het, wat hom toe na 'n ander plaas neem. 'n Paar weke later is daardie plaas afgebrand, en toe is hy saam met die konvooi geneem en het eindelijk hierdie kamp bereik waar sy skoon dogter by hom gekom het.” Ek gee die storie van die blinde man woordelik, dog kan vir die letterlike waarheid natuurlik nie instaan nie. Sy lieflinghond het daarin geslaag om die waens te volg, ondanks alle poginge om dit terug te jaag; en die getroue dier het vorentoe gekom en sy stert gewaar toe sy naam genoem word. Ek vra hoe hulle so 'n groot dier nog kon koe gee; dog mevr. Venter vertel my dat hy die bene van die vleisrantsoen kry, en die soldate gee hom ook kos. Die blinde man was baie ontevrede met sy behandeling. Slegs neentien pond vleis vir vyf grootmense in die week het hy te min beskou. Dit was

ongetwyfeld minder as sommige ander famielies ontvang het. Dit was op die kaart geskrywe en was dus juis. Vuurmaakhout is ook veronderstel tien pond per dag te wees; dog hulle het soms nie soveel in 'n week ontvang nie, en hulle moes lappe vir brandstof gebruik.

As mense teen hulle sin volgens kontrak gevoed word, is daar natuurlik altyd ontevredenheid, dog ek dink daar kon meer afwisseling in die ete sonder groter uitgawe wees. 'n Bietjie stroop en botter, sonder soveel droë brood, by voorbeeld. Mevr. Venter het gesê dat sy £1 5s. vir 'n doodkis vir haar kindjie moes betaal, en in die toekoms sou die prys £4 wees vir elke begrafnis. Dié wat geen geld het nie, is verplig om van hulle bure die bedrag te leen.

VOORSIENING VIR RISTE, DOODSKLERE, ENS.-Alles word gratis verskaf; £4 10s. word vir die begrafnis van elke volwasse persoon betaal.--Cd. 893, bls. 33.

Ek het verskeie ander tente besoek en heelwat droewige geskiedenis verneem. Een jong vroujie was op 'n plaas met haar ou moeder en twee kinders vier en vyf jaar oud. Ná hulle 'n paar dae met 'n konvooi deur dié soldate saamgevoer is, gee die bevelvoerende offisier bevel dat die ou moeder op 'n plaas waar hulle verbygaan, sal agtergelaat word. Die kinders het gehuil om saam met hulle ouma te gaan, en hulle word toe ook agtergelaat. Die moeder word egter verplig om aan te gaan, en word belowe dat sy spoedig haar kinders weer sou sien; dog sy het hulle nog nooit weer gesien zie, en sewe maande is reeds verby; ook weet sy nie waar hulle is nie. 'n Jong vroujie in 'n tent naasaan is 'n week voor die geboorte van haar eerste kind hierheen gebring. Die eggenoot het 'n mevr. Bartman gevra om na haar om te sien toe hy gekommandeer was; dog sy het haar uit die oog verloor; en toe daardie vrou haar vind, het haar kraambed 'n sterfbed geword; die kindjie is egter aangeneem deur 'n vrou wat haar enigste twee kinders verloor het.

Elkeen hier, veral die militêre, erken dat die kampe 'n groot fout is; en die geld aan hulle bestee kon veel beter gebruik gewees het deur hulp aan Engelse vlugtelingen te verleen.

Ná daar 'n begin gemaak was met verbeteringe, skryf mej. Monkhouse, wat vir die Suid-Afrikaanse Hulpfonds na Kimberley-kamp gestuur was, as volg:—

31 Oktober.

Sover ek kan oordeel, word geen steen onaangeroer gelaat deur die gesaghebbende persone alhier om die toestand van die ingesetene te verbeter nie.

Sedert ons aankoms en tot nou toe het dinge gestadig beter geword. Ons het hierdie verbeteringe nie aan die gang gesit nie, dog hulle reeds aan die gang gevind-en hulle is nog al die tyd voortgesit, sodat die toestand van die kamp gedurende die laaste drie maande gestadig beter geword het. Die verskriklike epidemie wat by ons aankoms hier gevoed het, is verby. Sompokbuisie is opgerig om sop met groente daarin aan die swakker kinders te gee, en ek meen dat omtrent neentig kinders nou sop ontvang. 'n Tennis- en kriekettoestel is die laaste toevoegsels van die Regering aan die kamp. Ons het hier 'n inwonende predikant, wat al sy tyd moet wy aan die geestelike behoeftes van die kamp.

Ons het 'n klein stukkie grond rondom ons tente vir 'n tuin omhein; dog dit is maar klein en kan nie in die behoeftes van die kamp voorsien nie. Tog mag dit van nut wees en in die behoefte van die siek mense voorsien. Die hospitaal-akkommodasie hier is, beskou ek, goed onder die omstandighede en sal waarskynlik nog meer uitgebrei word. . . . Die stofstorms is die ergste. Ons het gister nog die ergste gehad.

Vrywillige helpsters skryf na die Kaapkolonie vir die eerste maal teen die einde van die jaar in 'n toon wat getuig van verbeteringe wat aangebring word:—

12 Des. 1901.

In Pietermaritzburg-kamp is daar omtrent tweeduisend manne en vroue en kinders. In die Sondagskool is daar seshonderd kinders. Die gesondheidstoestand is nou so goed dat daar gedurende verskeie weke geen enkele sterfgeval was nie.

HOWICK, Des. 1901.

Op Howick is die toestand van sake nie so bevredigend nie. Daar is omtrent vier duisend mense in die kamp, en daar is baie siekte. Van vier tot vyf begrafnisse vind daaglik plaas. Die oorsaak van al hierdie siekte is die gedurige aankoms van nuwe komelinge van die Transvaal (Potchefstroom, Pretoria, ens.), wat almal siektes saam met hulle bring. Hier word ook nog soos op Pietermaritzburg en Merebank groot skole gebou. Die militêre gaan al die skole oorneem. Dit sal 'n groot seën wees as vir die honderde kinders wat nou ledig rondloop omdat daar geen ruimte vir hulle in die teenwoordige skole is nie, voorsiening kan gemaak word.

Hier volg een van die meer opgeruimde briewe wat spreek van opvoeding, boeke en handelsvakke. Dit is van ds. Burger? Vereniging,

Briewe van hierdie aard, deur predikante aan hulpkomitees geskrywe, is nie opgestel sonder rekening te hou met die oog van die sensor nie :-

4 Nov. 1901.

Die goed van **Kaapstad** is aangekom en met groot blydskap ontvang. 'n Groot werk onder die kinders **gedoen**. Die Goewerment het 'n **dagkskool** geopen en maak min of meer voorsiening in die behoefte daarvan. Die onderwys is vry. Driehonderd-en-sestig kinders woon die **Sondagskool** by. Tweemaal in die week gaan ons na die oewer van die Vaalrivier, omtrent vyfhonderd tree van die kamp, en die kinders leer daar om te sing. By sulke geleenthede deel ons die dadels, ons., uit, en elkeen kry iets. Die leer is baie welkom. Ons het **schoenmakers** begin, en van die jong seuns leer die ambag. Ons wil ook **graag** van die jong seuns skrynwerk en smidswerk leer. Die **kampsuperintendent** heg sy volle goedkeuring hieraan. 'n Kis met boeke is my ook toegestuurt; dit was meestal **ou** boeke, dog het my in staat gestel om 'n **biblio-teek** te **begin**.

## LIZZIE VAN ZYL.

*Het kindeken en de zuigeling zinken op de straten der stad in onmacht neder.*

*Als zij tot hunne moeders zeggen: Waar is koren en wijn? Als zij op de straten der stad in onmacht zinken, als de verslagenen; als zich hunne ziel uitschudt in den schoot hunner moeders.*

—KLAAGL. 2 : 11, 12.

Lizzie van Zyl is dood in Mei 1901.

Hierdie kindjie is 'n onderwerp van 'n woordestryd geword, pynlik vir diegene wat haar geken het en die omstandighede waaronder sy dood is.

Dit word beweer dat haar moeder haar laat verhongers het. Die heer Chamberlain het in die Laerhuis na haar verwys, en ook dr. Conan Doyle in sy boek oor die oorlog. Beide here het uit gebrek aan juiste informasie die feite verkeerd voorgestel.

Mevr. Van Zyl en haar famielie was onder die eerste van hulle wat in November 1900 na die Bloemfonteinse kamp gebring is. Lizzie was sewe jaar oud en tingerig. Daar sy 'n kind van 'n „ongewenste,” was, was sy onder diegene wat die laagste skaal van rantsoen ontvang het. Hoeveel dit was, kan in die aanhangsel (bls. 393) gesien word, dog dit moet onthou word dat die hoeveelheid uitgedeel maar selde die **gespesifiseerde** syfer behaal het.

Die kind kon nie en het nie vooruitgegaan op die voorsiening nie; en soos vele andere het sy in die groot hitte vinnig weggekwyn. Met geen geld om ekstra kos vir haar kinders te koop nie en met 'n leë tent, sonder bed, matras, stoel of tafel, het mevr. Van Zyl swaar gesukkel om, deur wasgoed te neem van mense wat beter daaraan toe was, iets te verdien om haar famielie aan lewe te hou. Daar was nie voldoende water in die kamp vir wasgoed nie, dus moes sy soos andere met die linne na 'n dam 'n halfmyl ver gaan. In die slykwater van hierdie dam moes die klere van die hele kamp vir baie maande gewas word. Terwyl die moeder op hierdie wyse werk, word die jonger kinders in die tent onder toesig van 'n kind twaalf of dertien jaar oud gelaat. In Desember is Lizzie na die hospitaal **geneem**. Mevr. Philip Botha, ook 'n gevangene, wat op 14 Desember in die kamp gebring is, het haar op daardie datum gesien. Hier het sy al die gemak gehad wat die ruwe hospitaaltjie kon verskaf, onder die onmiddellike toesig van een van die geoefende verpleegsters. Later het die kamer van die kind in ongeofende hande **gekóm**; en talryke vroue behalwe mevr. Van Zyl was bekommer oor die sorg wat hulle kinders ontvang.

Mevr. **Botha** vertel my sy was in die hospitaal **eendag** toe Lizzie baie droewig begin te roep :

„Moeder ! Moeder ! Ek wil na moeder gaan !” Mevr. **Botha** stap na haar toe om haar te troos en om haar smartvolle trane te droog en was net besig om aan die kind te vertel dat sy gou weer haar moeder sou sien, toe een van die verpleegsters onder wie se toesig daardie siekkamer was, erg toornig haar in die rede val en sê dat sy nie met die kind moet sukkel nie, omdat die kind 'n las is.

Dit was hierdie toon wat in die eerste maande in die kampe geheers het wat die Boervroue hulle afskrik vir die hospitale gegee het; dog hulle afkeur het verdwyn toe ordentlike verpleegsters die plek van lojaliste-, , ref ugees' ' geneem het.

Mevr. Van Zyl het haar verplig geag om haar kind wgte neem en het dit in Aprilmaand gedoen. Ek het haar soms in haar leë tent sien lê op 'n klein matrassie wat aan haar gegee is, hoe sy hyg na lug onder die opgeligte klap en versmag in die hitte van die tent. Haar moeder het haar opgepas, en ek het vriende in die dorp gekry om 'n sismussie vir haar te maak om die vlieë van haar blote hoof te hou. Ek was net besig om skikkinge te tref vir die maak van 'n klein karretjie om haar as dit koel is, in die ppe lug uit te neem; dog voor ek hout kon kry, was die koue nagte daar, en sy is dood. Geen dokter het haar ooit besoek ná haar terugkeer tot die tent nie; en die moeder het my later laat weet dat hulle haar nooit opgeroep het om verklaring af te lê omtrent die sterfgeval nie. Dr. Doyle, al is hy gevra geword, het sy „geloofwaardige” informeerder nog nie te voorskyn gebring nie, wat beweer het dat hierdie vrou krimineel vervolgt is vir die mishandeling van haar kind. Ek het later ontdek dat dit heeltetal 'n verdigsel is. (Vgl. *The War : Its Cause and Conduct*, hfst. vii. Deur A. Conan Doyle.)



LIZZIE VAN ZYL, 7 JAAR OUD.  
Kamp-toe gebring November 1900. Afge neem in die hospitaal Februarie 1901. Oorlede Mei 1901.

Dit was teen die end van **Januarie** dat ek met **Lizzie** van Zyl, wat toe in die hospitaal was, in kennis geraak het. Sy was 'n eienaardige, innemende klein ding; en sy kon opsit en speel met die pop wat ek vir haar **gekoop** het. Sy het al die **aandag** ontvang wat in 'n tyd van drukte onder toesig van 'n geoefende verpleegster **moontlik** was. **Hierdie** verpleegster het my vertel dat die kind se uittering veroorsaak was deur die sorgeloosheid en verwaarlosing van haar moeder, wat haar laat „**verhonger**” het. Ek twyfel nie of die verpleegster het die storie **geglo**; en dit was nie haar werk om **ondersoek** in te stel nie. **Dog** daar ek 'n bietjie **ongelowig** was, vra ek om 'n bewys vir **hierdie** ernstige beskuldiging en verneem toe dat „die bure so sê.” Behalwe praatjies was daar blykbaar geen **getuienis** nie. Ek besluit toe om die saak te **ondersoek**, daar die **beskuldiging** my voorgekom het as een van 'n soort en 'n toon wat algemeen **geheers** het waar daar van die **Boere** gepraat word, en wat pynlik algemeen was onder die beamptes in die kamp daardie tyd. Ek kon geen bewys vind om verwaarlosing aan die kant van die moeder te staaf nie; intendeel, sy het geswoeg 'om iets vir haar famielie te verdien. Die verhaal teen haar, ongetwyfeld **eerlik** genoeg deur die dokter en verpleegster geloof, wat nie eens haar tent besoek het nie, het uitsluitlik **berus** op die woord van die Swanepoel-famielie, „**refugees**” en politieke vyande; ander bure het dit **volstrek** ontken. Verder het ek sowel in **daardie** kamp as elders talle kinders in elke graad van uittering gevind.

Die portret wat volgens die heer Chamberlain deur die dokter **geneem** is om die toestand waarin kinders in die kampe kom, aan te toon, is nie **geneem** voordat die kind meer as twee maande in

die kamp was nie; dus bewys dit niks omtrent die toestand waarin sy daar gekom het nie. Dit is, glo ek, deur 'n mnr. De Klerk geneem, wat sedert die tyd dood is.<sup>1)</sup>

Dit gee egter, soos ek gehoop het dat dit sou doen toe ek dit huis-toe gestuur het, 'n denkbeeld van die uitwerking wat gebrekkige voeding in die kampe op ontelbare hawelose kinders het; en dit het, ná ek hoop en geloof, sommige mense laat besef waar die smarte van die oorlog die swaarste gevoel word. In haar korte lewe het Lizzie van Zyl sy bittere ontberinge ondervind; sy was van haar huis berowe en van alles wat 'n kind behoef; en hoewel dood, spreek sy nog in Suid-Afrika.

<sup>1)</sup> Vgl. toespraak van mnr. Chamberlain. *Times*, 5 Maart 1902.

## HOOFSTUK V.

VROUE IN 1901.—DEUR HULLESELF VERTEL IN BRIEWE EN PETTIESIES.

*De verslagenen van het zwaard zijn gelukkiger, dan de verslagenen van den honger; want die vlieten daarheen, als doorstoken zijnde, omdat er geene vruchten der velden zijn.*—KLAAGL. 4: 9.

*Al haar volk zucht, brood zoekende; zij hebben hunne gewenschte dingen voor spijs gegeven, om de ziel te verkwikken. Zie HEERE! en aanschouw, dat ik onwaard geworden ben.*—KLAAGL. 1: 11.

*Maak u op, maak geschrei des nachts in het begin der nachtwaken; stort uw hart voor het aangezicht des Heeren als water; hef uwe handen tot Hem op voor de ziel uwer kinderkens, die in onmacht gevallen zijn van honger, vooraan op alle straten.*—KLAAGL. 2: 19.

*De tong van het zoogkind kleeft aan zijn gehemelte van dorst; de kinderkens eischen brood; er is niemand, die het hun mededeelt.*

*Die lekkernijen aten, versmachten nu op de straten; die in karmozijn opgetrokken zijn, omhelsen den drek.*—KLAAGL. 4: 4, 5.

Hierdie hoofstuk moet gelees word met die herinnering dat die meeste van die skrywers onder die skadu van sensor en krygswet die pen hanteer. Baie weinige het dit gewaag om te skrywe, en selfs dan het hulle maar min van wat gevoel word, in woorde durf uit. In dae van die toekoms sal hulle ten volle openbaar van wat hulle in liggaam en siel verduur het. Vir die teenwoordige moet diegene wat nie gemeenskaplik met hulle omgegaan het nie, hulle tevredestel met die oorsig wat in hierdie bladsye gegee word.

BRIEF VAN 'N JONG MEISIE AAN HAAR VORIGE  
ONDERWYSERES.

PIETERMARITZBURG-KAMP, Nuwejaarsdag 1901.

Hoe vreemd om aan u te skrywe op die eerste aand van die Nuwe Jaar onder hierdie omstandighede.

Elkeen probeer om die beste van alles te maak. Ek kan u nie vertel hoër swaar die lewe in die kamp is nie. Verbeel u elf mense in een tent; dit is baie nou. Ek dink dit is net wat ons nodig het; want as ons hier sou wees en alles gemaklik en lekker het, sou die lewe ondraaglik wees. Ons het nou skaars tyd om te dink; want ons het nouliks klaar water gedra of ons moet weer die lyne van die tent gaan aantrek, of daar is altyd iets wat moet gedoen word. Daar is soveel van ons in 'n tent, en tog het elkeen baie om te doen; en as dit aand word is ons almal afgemat ná die dag se werk; en so gaan die dae verby. Ek het byna vergeet om u te vertel, gisteraand het ons van elf- tot twaalfuur deur die kamp gegaan en gesange gesing. Presies om twaalfuur het ons die Nuwejaarsgesang in die middel van die kamp gesing; dit was 'n stil aand en ons kon 'n kers saamdra. Dit was 'n nag wat ek nooit sal vergeet nie, want onder al ons droefheid en beproewing het ons „Prijs den Heer" gesing en baie ander. Ons was 'n hele menigte bymekaar. Liefhebbend die uwe,

MAGGIE.

Vroeg in die Nuwe Jaar het die vroue van Klerksdorp 'n petisie aan die voorsitter van die Worcesterse kongres opgestel en dit laat oorhandig deur mnr. J. L. van der Merwe, wat dit in generaal De la Rey se jongste rapport aan president Kruger, wat in Londen en Holland gepubliseer is, opgeneem het. In Februarie het die vroue van Kimberley-kamp 'n petisie geteken gerig aan die kommandant, en in April het die vroue van Johannesburg een aan lord Kitchener gestuur. Dit sal waarskynlik later gevind word dat ander kampe dieselfde gedoen het. Die Klerksdorpse petisie verskil van die andere deurdat dit hoofsaaklik handel oor ontberinge ondervind nog voor die kamp bereik was.

KLERKSDORP, VROUFLAER, 5 Jan. 1901.

Aan die President van die Groot Kongoos gehou op Worcester, Kaapkolonie, op die 6e Desember 1900.

HOOGGEAGTE HEER EN BROEDER,—Uit naam van die ondergetekende susters en van ons almal, woonagtig in die Suid-Afrikaanse Republiek en Oranjevrystaat, wil ons u en almal wat deelgeneem het aan dié kongres, ons hartlike dank betuig vir alles wat u gedoen het vir ons allerheiligste saak.

Dit is ons 'n bron van groot blydschap, troos en steun om ons broeders hulle so vrymoedig te hoor uitspreek teen hierdie onregvaardige oorlog. Wees verseker dat ons nog almal besiel is met onversaagde moed en dat ons vasbeslote is om tot die bittere einde te volhard, al gebeur wat ook. Want ons saak is regvaardig, en ons weet dat die God van ons vaders nie die oorwinning aan Mammon sal gees nie. Hierdie oortuiging gee ons krag om alles te verduur wat ons vyand ons berokken.

Die medelye wat u ons betoon het, gee ons moed om die feite voor u te plaas, wat aantoon dat ons wrede en barbaarse wyse waarop weerlose vroue en kinders deur Britse offisiere en manskappe behandel word.

Oral waar die vyand gegaan het, het verwoesting en ellende op sy spoor gevolg. Eers het die vyand gemeen dat hierdie wrede verdrukking van vroue en kinders en die vernieling van eiendom genoeg sou wees om ons veggende burgers mismoedig te maak en hulle sou dwing om die wapens neer te lê. Dog hy het sy fout gou uitgevind.

Die vyand het begin met ons huise te verbrand en ons eiendom te verniel. Die offisiere het ons op brutale wyse ondervraag omtrent ons mans en gewere. Ruwe soldate het ons huise besoek. Alle lewensmiddele het hulle ons ontnaem; en alles wat hulle nie maklik kon wegvoer nie, soos meel, boring, ens., is op die veld uitgestrooi. Alle rytuie van enige soort wat hulle nie kon saamneem nie, het hulle verbrand. Skilderye, huisraad en huishoudelike benodighede word eers stukkend geslaan en dan aan brand gestee, saam met ons woning. Ons word nie eens toegelaat om komberse en klerie vir ons en ons kinders mee te neem nie. Alles word in die vlamme gegooi. Die klerie van ons manne word vir die Britse troepe weg geneem. In sommige gevalle is selfs die kinders nakend gelaat.

In hierdie toestand moes ons onder die blote hemel staan, sonder skuiling, sonder voedsel, blootgestel aan reent, koue en brandende hitte. Dit het egter die vyand nog nie bevredig nie. Die oes wat ons, in afwesigheid van die manne wat op kommando is, self gesaai het, moes verniel en verbrand word. Al die landbougereedskap soos


plөө, ёe, en ander, waarmee ons in ons behoefte voorsiening kon gemaak het, word weggenoom of verniel. Al die pluimvee is doodgemaak, en die beste gevat. Met een woord die hele land is in 'n woestyn verander. Ag! ons kan die woorde nie vind om hierdie gruweldade te beskrywe nie.

Die barbaarsheid van die vyand het nog verder gegaan: hulle het die vroue en kinders as gevangene weggevoer. Self ou grys en swak vroue het aan hul mishandeling nie ontkom nie. Ons noem 'n paar gevalle: —

'n Seker aantal vroue is gevang in die nabyheid van Potchefstroom en na Welverdiend-stasie vervoer 'n afstand van omtrent vier uur te perd. Op hierdie tog het die troepe 'n aantal gekleurde vroue by hulle gehad. Laasgenoemde word toegelaat om op die waens te sit; dog die Boervroue moes te voet loop en is deur die Kaffers aangejaag. Die gevolg was dat sommige op die pad dood neergeval het en dat een vrou van 'n kindjie bevalle is. By hierdie geleentheid is Kaffers gebruik en hulle het die Engelse soldate in wreedheid en barbaarsheid ewenaar.

Die vroue het voor hierdie Kaffers neergekniel en om genade gesmeek; dog hulle word op brutale wyse afgeskud en moes nog meer parrantige taal en beledigende gedrag verduur. Hulle klere is selfs van hulle liggame geskeur. In sommige gevalle moes hulle nog 'n erger lot ondergaan. Die moeders word weggenoom van hulle kinders. Die heel klein kindertjies word agtergelaat omdat sommige siek in bed was. Die moeders word nie eens toegelaat om hulle dierbare skatjies te groet nie. As hulle die soldate smeek om hulle kinders genadig te wees, word geantwoord: „Loop! Hulle moet almal doodgaan.” Gelukkig het enige vroue wat agtergebly het, die kinders bejammer en hulle verpleeg. Toe die moeders soos vee deur die strate van Potchefstroom deur die Kaffers gedrywe is, het die geskree en gekerm van die kinders die lug gevul. Die Kaffers het toe gespot en geroep: „Loop aan! Tot nou toe was julle baas; nou sal ons julle vroue vir ons vat.” In hierdie vreeslike toestand moes die vroue vier uur verloop.

Omtrent ses myl noord van Potchefstroom het die vrou van Thomas van Graan gewoon, wat sedert Pebruarie 1900 in ballingskap is saam met generaal Cronjé. Eers het sy verlof gekry om met haar kinders op die plaas te bly. Onverwags daag daar 'n Britse mag op in die nabyheid van die plaas. Die soldate skop die deure oop en breek die huisraad flenters. In 'n geweldige donderstorm word mevr. Van Graan met haar klein kindertjies op 'n oop ossewa geplaas. Hierdie ongerevaardigde handel-



Die smarte van die oorlog, en wie dit gely het.  
1901.



wyse was toe te skrywe aan 'n **gerug** dat hoofkommandant De Wet 'n nag **op** die plaas **deurgebring** het.

'n Groot **aanda** **vroue** langs die Mooirivier het ook **slagoff** **ers** van Engelse wreedheid geword. 'n Vrou wie se kind sterwende was, word met geweld **weggeneem** ondanks haar hartverskeurende smeking. Op 'n plaas langs die Vaalrivier het 'n vrou **geweier** om die soldate te volg. Hulle het haar 'n hele ent oor die **veld gesleep**, totdat hulle later verplig was om haar agter te laat. **Twee** jong meisies-dit was ook langs die Vaalrivier-wie se moeder reeds **weggevoer** was, was in gevaar om teeter te word; dog hulle het daar **gelukke** in **geslaag** om na 'n buurman die **toevlug** te neem. Die soldate het hulle agtervolg; dog die meisies het **geweier** om die **ur oop** te maak. Hulle **was in groot gevaar**; **dog** die **reddende hand** van die Heer **het hulle beskerm**, en hulle het **hierdie skande** **ntkom**; en van die meisies het weggevlug en 'n afstand van ses uur te perd afgeloop. Die folteringe van **hierdie vroue** moes ontsettend **gewees** het; woorde ontbreek ons om dit te beskrywe.

**Op** die Witwatersrand was daar 'n ander verskriklike **poging** tot ontering. In die worsteling is die vrou se nek so gedraai dat dit nooit weer aal regkom nie. Haar dogter het haar tot hulp **gek**om; dog die woesteling het sy mes uitgehaal en haar **bors oopgesii**.

Ons kan baie **gevalle** hierby voeg; dog ons meen dat u nou 'n idee sal hê van die wrede en barbaarse wyse waarop die Britse- offisiere en soldate hulle **gedra teenoor** weerloso vroue en kinders.

Ons **maak dus** 'n beroep op u verdere hulp en u **gebede** vir ons tot God.

Hierop vertrou ons en het die eer, ens.

(Hier volg dan die naamtekening.)

PETIESIE VAN VROU AAN MAJOOR WRIGHT.

**KIMBERLEY-KAMP, Febr. 1901.**

**Ons**, die **ondergetekendes**, wens eerbiediglik die volgende **versoek** onder u **aandag** te bring :-

1. Daar ons van ons mans verwyder is, en dus sonder hulp, is dit onmoontlik om onder die omstandighede waarin ons- geplaas is, te **lewe**.

11. Ten **gevolge** van onverskilligheid, **slegte** bestuur en mishandeling is dit nou die **tweede** maal dat ons deur-en-deur nat geword het van die reën, wat ons kinders, reeds siek aan die masels, **kinkhoes** en koors, gevaarlik siek laat word het.

**III.** Daar ons sonder **geld** is, is ons nie in staat om ons te voorsien van seep, kerse en ander **benodigd**hede nie. Dit is nou byna drie weke dat die meeste van ons geen

wasgoed kon laat was nie. Dit is meer as ons kan verduur, om onder hierdie omstandighede tevrede te wees. Dit is ons griewe. Ons nederige versoek is dat u met alle redelikheid ons saak in oorweging wil neem en medelye sal hê met ons in dié toestand en ons vryheid sal teruggee om na ons verskillende woning terug te gaan.

Ons hoop en vertrou dat u ons nederige versoek in gunstige oorweging sal neem en ons hierin so spoedig moontlik sal tegemoetkom.—Ons is, waarde heer, u nederige diensdamesse:—

A. S. Earle  
Annie Earle  
J. M. Horak  
R. du Toit  
A. J. Brits  
S. Botha  
E. Botha  
M. de Klerk  
A. Serfontein  
H. Brits  
M. Brits  
M. J. Roodt  
E. M. Roodt  
A. C. Combrinck  
A. Pienaar  
S. du Toit  
J. Horak  
M. Botha  
J. C. Matthee

C. E. Louw  
J. van Niekerk  
M. Britz  
C. Roodt  
C. du Toit  
Hermina van Breda  
R. Horak  
M. Combrinck  
S. Combrinck  
A. Botha  
C. Botha  
A. de Klerk  
W. Wessels  
M. Serfontein  
S. Brits  
M. c. Roodt  
J. J. Roodt  
M. Herbst

NEWTON-, „REFUGEE“-KAMP, KIMBERLEY.

N.S.-Majoor-kommandant en andere in gesag.—By God is daar genade. Is daar dan geen genade by u nie vir ons, arme vroue en kinders? Ons versoek is om toegelaat te word om op 10 Maart 1901 die kamp te verlaat.

#### VROUEPETIESIE AAN LORD KITCHENER.

Die ondergetekendes, almal vroue en kinders wat weggevoer is na en op die oomblik in hegtenis gehou word op die resiesbaan op Johannesburg, toon eerbiediglik aan:—

1. Dat hulle almal Afrikanervroue is, wie se mans of gedood of gevange is of nog worstel vir hulle geliefde vaderland.

11. Dat hulle gewelddadig van hulle plase weggeneem is en hier teen wil en dank gebring is deur die militêre owerheid van Haar Majesteit.

III. Dat die troepe van Haar Majesteit in vele gevalle op 'n barbaarse wyse hulle plase verbrand en verwoes het en hulle besittinge gesteel of verniel het, sodat hulle nou byna van alles beroof is.

IV. Dat hulle sedert hulle aankoms verplig was om op die resiesbaan opmekaargehoop te lewe, en in slegs 'n paar gevalle was daar vergunning om in huise in Johannesburg te woon.

V. Dat hulle in alle gevalle sonder uitsondering die vrye, frisse, ope lug en gesonde en genoegsame voedsel waar hulle sedert hulle geboorte aan gewoon was, ontneem is.

VI. Dat ten gevolg van hierdie opeenhoping en hierdie verandering in hulle omgewing en lewenswyse is hulle gesondheid ten seerste benadeel. Tot staving hiervan kan hulle U Edele verseker dat daar in die een week eindigende Maandag, 15 April om twaalfuur, vyftien sterfgevallen was uit 2,789 siele op die resiesbaan; terwyl daar op die 16e en 17e April tien van ons mense begrawe is.

VII. Dat hierdie sterftesyfer dié van die hele wêreld of enige deel daarvan oortref.

VIII. Dat, met een woord, hierdie toestand van sake, wat ons sedert ons aankoms hier ondervind het, onbeskryflik is en nie langer draaglik is nie.

Daarom vra ons verlof om na ons verskilbende woning terug te gaan op onkoste van Haar Majesteit se Regering en dat Haar Majesteit se Regering ten minste vir die eerste ses maande vir ons onderhoud sal sorg, daar ons meen hierop aanspraak te kan maak omdat ons teen ons wil hierheen gevoer is en niemand om beskerming of onderhoud gevra het nie. Ons het geen aktiewe deel in hierdie oorlog geneem nie, dog ondanks hierdie feit is ons as krygsgevangene behandel sedert ons verbanning van ons huise.—Ons is, ens.

Vroeg in hierdie jaar het honderde famielies die aanvanklike ondervindinge deurgemaak wat lei na die konsentrasiekampe. Mevr. Uys, van „Braklaagte,” distrik Bloemhof, skrywe:—

Kolonel Milne het na my huis gekom en gevra om mnr. Uys. Ek antwoord en sê: „My man is op kommando.” Toe hy dit verneem, gee hy bevel aan sy manskappe om parafien op die meubels en alles in die huis te gooi, en sê hy dat sy die huis moet verlaat. Sy wou die huis nie verlaat nie; hy sleep haar toe uit in die eetkamer, toe haar slaapkamer reeds in ligte laaie staan; dus moes sy dit verlaat. Toe sy buite kom, vind sy haar kinders, op

bevel van die kolonel, op 'n wa ; en sy word toe na Vryburg geneem. Sy word in Vryburg vir 'n maand gehou en toe na Kimberley-kamp gestuur.

Die weduwee mevr. Roodt, van „Ebenezer,” distrik Schweizer-Reneke, verklaar :—

Lord Methuen het op 19 Februarie na my huis gekom en al' my beeste en skape geneem. Ek vertel hom ek is reeds drie jaar 'n weduwee en vra waarom hy dit doen. Hy sê my dat ek moet stil bly en klaar maak om op die wa te klim. Ek word na Vryburg geneem en na Kimberley-kamp gestuur. Wat van my huis geword is, weet ek nie.

Mevr. George Kalkenbrand, van „Lanstesta,” distrik Bloemhof, Transvaal, verklaar :—

Lord Methuen het na ons plaas gekom en my gevra waar die manne is. Ek sê hom: „Op kommando.” Toe sê hy aan my: „Ek gee jou 'n halfuur om die huis te verlaat, want dit moet afgebrand word.” Ek het gehuil en kon nouliks iets doen. Ek hardloop na die offisiere en smeeek om genade toe ek van hulle af omdraai, was my huis ene vlamme. Ek het niks gered nie behalwe my kleres wat ek aargehad het. My naaste buur is mevr. Dazel—waar my kinders heen gehardloop het en waar ek ook heen gegaan het—, wat ons kleres en kos gegee het. Die volgende môre het die kolom gekom en sowel my vee as dié van mevr. Dazel geneem en ons na Vryburg gestuur. Wat van mevr. Dazel se huis geword is, kan ek nie sê nie. Ek is na die Kimberley-kamp gestuur, en mevr. Dazel is nog in Vryburg.

Mevr. Abram Coetzee, van „Fourie's Graf,” distrik Bloemhof, Transvaal, sê :—

My man was op kommando. Toe ek die troepe sien aankom, het ek bang geword en met my kinders in die tuin gevlug. Hulle kom na my huis, en ek sien hoe hulle die deur en vensters breek; toe gaan ek huis-toe en smeeek om genade. Ek vertel hulle toe dat ek bang geword het en dat die offisiere tog genade vir my moet hê. Hy sê dat ek my mond moet hou, en toe verbrand hulle my huis in my teenwoordigheid; en wat hulle nie verbrand of verniel het nie, het hulle geneem, soos lewendes hawe, en my na Vryburg gestuur, my daar vir 'n maand gehou en toe na Kimberley-kamp gestuur.

Die heer en mevr. Snyman skrywe :—

Ons het vroeër in Jaersfontein, O.V.S., gewoon en na Betsjoeanaland in 1894 vertrek, waar ons op die grens van die Kalaharie-woestyn gewoon het, op plase wat aan 'n kompanjie in die Vrystaat behoort het, digby die gronde waarvan kaptein O. R. Styles, Lee en Gamman agente en bestuurders vir 'n kompanjis in Engeland was. Ons het al die moeilikhede deurgeworstel, water uitgehaal en die grond bewerk. In 1899 het ons so ver gevorder dat ons 'n tuin gehad het, en groente aan die groei. Dit was die eerste maal ná al dié lang jare van grondbewerking dat ons verwag het om iets te oes.

In Oktober 1899 breek die oorlog uit, en al die Kaapse polisie gaan weg; dus bly ons sonder enige beskerming hoegenaamd agter. Ons het op ons plaas gebly en sewe of neë familië ook op hulle plase, meer as 100 myl van Vryburg. Omtrent 'n week voor Kersfees kom een van ons ou bediendes, Aging, na ons; en hy vertel ons dat die opperhoof se seun, Jantjie Montchus, majoor Baden-Powell in Mafeking gaan besoek het en dat hy teruggekome het en bevel gegee het om die Hollandssprekendes te plunder en alles te neem wat hulle het; en as daar enige teenstand is, om hulle oë uit te steek en die vroue vir die kapteins te neem. Ons was almal baie bang want die naturelle het gemaak net soos huile wou; hulle het keer op keer gesteel en die eienaars laat weet om hulle te agtervolg as hulle dit wil waag. In die begin van Maart het hulle 'n hele aantal beeste van Barend Breedekamp van sy plaas „Deelfontein” gesteel. Die man, wat vir niks gestuit het nie, sit hulle agterna en word deur die diewe aangeval, wat sy geweer hom ontnem en sy hoof vol stukkende plekke slaan. Hy het bebloed huis-toe gekom. Sy geweer, perd, saal en toom is na die opperhoof Montchus geneem.

Die volgende môre, op Sondag, bring my swaer ons die tyding dat alles aantoon dat die Kaffers op moord uit is. Ons het daardie dag met net ons kleres na die naaste buurman gevlug en die huis geslote agtergelaat, met alles daarin. Op die plaas van ons buurman het al die familië bymekaargekom, en veiligheidshalwe vertrek ons na Vryburg. Omtrent drie weke later het ons met 'n Boerpatrolie teruggegaan om ons goed te haal, dog vind niks nie—alles was uit die huise geneem, die deure en vensters verbreek.

In Mei het die ontsettingsleër van Kimberley en Mafeking gekom, en op 'n prokamasie van lord Roberts het al die manne tuis huile wapens neergelê. In Junie word ek gevange geneem en gehou tot September. Gedurende my gevangenskap het my vrou 'n aantal beeste gekoop,

wat die **militêre** onder kolonel Galway **geneem** het en **vir** die Imperiale Regering verkoop. Ek het my eis vir **kompensasie ingestuur**, dog moes verneem dat **rebellê** geen **kompensasie** ontvang **nie**, dog dat **hulle** vir **vyf** jaar die etemreg ontnem word.

Nadat ek alles verlaat het, bied **ek** my **diens** aan die munisipaliteit van Vryburg om hulle 'n voorraad lopende water te **lewer**, wat 'n neëduimspyp sou vol loop en die hele dorp met water sou voorsien. My **terme** word **aangeneem**: geen water nie, geen betaling nie. Die militêre **het my** toegelaat om te werk net **totdat** die water begin deur te syfer, toe word ek verhinder verder te werk en as 'n ongewenste na **Kimberley-kamp gestuur**. Later het ek kolonel Milne die informasie **verskaf** hom uitgedaag om enige getuienis teen my in te bring en om te verklaar waarom **hierdie** maatreëls teen my **geneem** word. Van Vryburg word ons, 'n klompie van 120, in **bees-**, kool- en skaaptrokse **gepak** en na Kimberley **gestuur**.

Die volgende verhaal, deur 'n predikant se vrou meegedeel, is deur 'n Engelse dame in Kaapstad woordelik neergeskrywe. Daar dit my doel is om die ontberinge van die vroue en kinders in die algemeen onder die **aandag** van die publiek te bring en nie om een of ander persoon wat met hulle behandeling te doen gehad het, in **moeilikheid** te bring of in **slegte** reuk te bring nie, stel ek voor om in hierdie geval die name te verswyg en selfs vreemde voorletters in die plaas daarvan te gebruik om alle identifikasie te voorkom. Op hierdie wyse kan die verhaal sonder beperking meegedeel word, wat wenslik is, daar dit 'n goeie denkbeeld gee van die lewe in die kampe tydens daardie periode, voordat publieke opinie tot uiting **gekrom** en op hervorming aangedring het en 'n beter klas van persone die beampptes gevorm het.

Mevr. Z. is in die Kolonie gebore, en haar ouers woon op 'n plaas naby Wellington. Haar **eggenoot** was die **predikant** van 'n klein dorpie X- in die **Oranje-Vrystaat**. Hier het hulle op die **mees** aangename wyse **gewoon** tot die inname van Pretoria. **Vir** vier maande **hierna** het die Britse **magte** gekom en gegaan; en **gedurende** dié tyd het mevr. Z. veel vriendskap aan die **Britte** bewys. Sy het soms lekker wit brood na die offisiere **gestuur** en

het nooit die arme troepe wat om brood by haar huis **aangeklop** het, ledig laat weggaan nie. Sy het eenmaal **baie** lekker tertjies vir die offisier wat met 'n konvooi **gekrom** het, **gestuur**; en die offisier het **gesê** dat hy byna „mal geword het van blydschap” toe hy weer **pasteigebak sien**, wat hy maandelank nie gesien het nie. **Pluimvee** het die offisiere wel **gehad—kalkoene, eende** en hoenders; dog wit brood en pastei het hulle nooit gekry nie. Sy het hulle dikwels na haar huis gevra en tee aan hulle voorgesit. Daar was een offisier wat elke nou en dan deur die dorp **gekrom** het van wie sy baie **gehou** het. **Hy** was kolonel R., van die „Staffordshire”-resjiment; hy het dikwels **aangekrom** om 'n bietjie te gesels. **Sy** het verhaal hoe 'n mens jou op sy woord ten volle kon verlaat. 'n Geneesheer het daar **aangekrom** wat tot een van die Britse **konvooi** behoort het. „Ek is jammer vir jou,” **sê** hy „die burgers het **vandag** goed op hulle **baadjie** gehad. **Hulle** **het dit** werklik gewaag om een, van ons kanonne te probeer **neem**; dog ons het hulle 'n **loesing** gegee, en hulle het **veertig** dooie op die veld agtergelaat.” Dit het hulle huisgesin baie **hartseer** gemaak; en toe kolonel R. inkom en by die vuur kom sit om 'n bietjie te gesels, het hy dit opgemerk en **gesê**: „Wat **makeer**, mevr. Z.? U sien daar **vandag** nie so opgeruimd soos gewoonlik uit nie.”—„Wel,” antwoord sy, „ek hoor julle het met die burgers **geveg**.”—„Ja,” **sê** hy, „lap per 'êrels! Hulle het **vandag** **gewildig** gekom en het so byna soos kan wees ons kanon gehad. **Hulle** het ons ook groot verlies berokken en het self **niemand** verloor nie, behalwe een man gewond. Ten minste, ek hoor D- is gewond; en dit is die moeite werd om hom opsy te **hê**.”—„Daar het u dit nou,” **sê** mevr. Z.: „uit een man se mond het die waarheid **gekrom**, en uit 'n ander een s'n 'n leuen. As al die Britse, offisiere soos kolonel R. was, sou hierdie oorlog al lankal oor **gewees** het.”

**Eindelik** het die verandering gekom, en die ontruimings- en plaasverbrand-beweging begin en bereik ook die stille dorp X- . Dadelik het die hele toon van alles **verander**. 'n Permanente garnisoen word in die dorp geplaas, en die ou vriendskaplike **gees** tussen die troepe en die inwoners neem 'n end. Daar was niks as **agterdog** en **dwingelandy** nie. **Eendag** kom daar om **vieruur** bevel dat die mense alles wat hulle nodig het, uit hulle **tuine** moes neem. **Hulle** het gehoorsaam, dog **nie** veel **geneem** nie, daar hulle nie wis wat die bevel bedui nie. Presies om vieruur word die **troepe** losgelaat en alles in die tuine omgedolwe en verniel. Loengte wat net **begin** te groei word uitgetrek; perskebome sonder 'n vrug **daaraan** rondgepluk en geskud, en binne korte tyd was die florerende en pragtige tuine 'n wildernis. Daarna, as daar 'n konvooi deur die dorp kom,

is die soldate so brutaal en astrant dat mevr. Z. vertel dat sy gewoonlik 'n paar dae daarna siek was. By een geleentheid het 'n offisier deur haar huis gegaan en werklik binne-in haar slaapkamer gekom. „Verskoon my,” sê sy, „maar dit is my privaat kamer.” — „Privaat kamer?” sê hy; „daar is nie nou soiets soos privaat kamers nie.” En dit is waar: daar was niks wat 'n mens jou eie kon noem nie. Hulle het 'n karretjie gehad wat die gemeente aan hulle gee het en wat hulle gevolglik seer op prys gestel het. Hulle het die grootste moeilikheid gehad om die rytuig te behou. Driemaal het die militêre dit gekommandeer, en driemaal moes sy persoonlik optree om dit terug te kry. Gedurende hierdie maande was 'n sekere Skotse predikant, dr. McY., haar tot groot hulp. Hy het haar eende en hoenders van die roofsug van die militêre gered en het tussenbei gekom om haar eggenoot nie te laat wegstuur nie.

Eindelik het die slag geval wat sy gevrees het. Haar huis word deur die militêre ondersoek. Die provoos, mnr. Q., met vier polisie-agente, kom daar en sê dat hulle dit moet deurgaang om na wapens en ammunisie te soek.

sy sê: „Ek sal saamgaan en u alles toon. IJ sal niks vind nie, omdat daar niks te vinde is nie.” So trap almal die huis binne, en sy maak alles oop vir inspeksie en het haar eiendom tot 'n sekere mate van ruwe behandeling op dié wyse gered. Die heer Q. het heeltemal tevrede gelyk. „Ek sien,” sê hy. „u het geen wapens en ammunisie nie: u is veels te be aard.” — „Mnr. Q.,” sê mevr. Z., „hierdie keer het u as 'n dwingelapd gekom; ek hoop om u weer hier as 'n vriend te sien.”

Veel erger as hierdie voorval was die dag toe die laaste slag gekom het en die dorpie X- vernietig geword is. Majoor W—— het die bevel uitgevoer, op die ruuste en brutaalste manier wat 'n mens jou kan voorstel.

Dit het vroeg in 1901 plaasgevind. Die mense word aangesê om hulle klaar te maak om kamp-toe te gaan, en hulle huise word deur die troepe in beslag geneem. Mnr. Z. word gevange geneem en na 'n tent geneem bo-op 'n koppie buitekant die dorp: sy boeke, omtrent £500 se waarde, word alles verbrand en vernietig; vloer, venster-rame, deure word alles deur die soldate uitgebreek en vir vuurmaakhout gebruik. Die gerieflike woning word verwoes. „Waar kry u die hart om sulke dinge te doen?” sê sy aan majoor W. — „Hart!” roep hy uit onverskillig. „ons het nie meer soiets nie!” Hy het net soos die soldate deur die huis gegaan om iets te soek wat hy vir homself kan neem; dog toe sy werklik sien dat hy haar privaat laai oopmaak en die geld neem wat nog al was waar sy vir haar onderhoud op gereken het, gryp sy dit uit sy hand en sê: „Jou dief! Jy sal dit nie kry nie.

Daardie geld is vir my en my kinders!” Sy sê hy het hulle aangespreek of hulle vulgoed was; en voor sy die huis verlaat het, het sy nog eenmaal losgebreek. „Eendag is eendag,” sê sy. „Majoor W., jy sal jou naam in hoofletters geskrywe sien vir die hele wêreld om te lees!” — „Ek weet dit,” sê hy op wilde toon, „en dit is die rede waarom ek jou nou op hierdie wyse behandel.”

Die reis na die kamp was nie so aaklig soos wat vele andere moes deurmaak nie, daar hulle toegelaat was om 'n sekere hoeveelheid klere mee te neem, asook beddegoed en padkos. Tog was dit 'n ellendige tyd om deur te maak vir 140 mense so plotseling van huile huise weggeruk. Een arme vrou was baie swak, en die dokter het gesê dat sy die reis nie sou uitstaan nie. Hy het raak gesien, want sy is dood op aankoms by die kamp. Hulle het van Maandag tot Donderdag gereis, en di het die hele pad hard gereën. Die boksele was almal geskeur en verslete, en die reën het deurgelek, en almal papnat gemaak. Mnr. Z. het probeer om sy reënjas op te sit om hulle te beskerm; dog daar was te veel gate, en die enige uitwerking was dat hyself nat geword het sonder om hulle lot te verbeter. Die aaste dag het hulle ná elfuur nie 'n stukkie kos gehad nie.

By hulle aankoms vind hulle 'n paar klein beltente, dog nie halfpad genoeg om die mense te herberg nie. Die gevolg was dat die helfte van die mense vir veertien dae op die kaal veld gelaat word, om self te sien hoe om klaar te kom. Een dame, eie niggie van ds. Steytler, van Kaapstad, moes opsukkel met twee klein babetjies op die klam grond. Een van die verlate party was 'n ou man van oor die tagtig. Hierdie arme mense moes vir hulle 'n beskutting maak van stokke en blare, waar hulle in die nag onder ingekruip het. Dit was nat van bo en onder en rondom.

Na tien of twaalf dae word mevr. Z. se eggenoot van haar weggeneem. Haar bediendes word omgekoopt om haar te verlaat; sy self lê siek en moes opsukkel alleen met haar drie kindertjies, waarvan die een nog 'n suigling was. Haar eggenoot het geen verhoor gehad nie; en hy is ook nie soos 'n ordentlike man behandel nie, dog uitgeskel en beledig. Die enigste beskuldiging, soos dit lyk, teen hom was dat hy geweier het om die eed van getrouheid af te lê of om die burgers tot oorgawe aan te maan. Hy het die eed van neutraliteit geneem kragtens die eerste proklamasie van lord Roberts en het dit getrou gebly. Dog dit was nie genoeg nie, en hy word gevonniss om na Indië gestuur te word.

Toe mevr. Z. dit hoor, besluit sy ondanks haar siekte om daarteen te protesteer. Sy gaan na die kommandant se verblyfplaas en vra om hom te sien. Sy word toegang

geweier en gesê om te loop. Sy vra herhaaldelik en sê dat sy daar sou bly totdat sy die kommandant gesien het. Tog hou hulle vol dat sy bom nie mag sien nie, totdat sy wanhopig uitroep: „Maar waarom dan nie? Is hy 'n soort van god dat hy nie 'n vrou kan sien wat omtrent haar eie eggenoot 'n versoek wil indien nie?” Toe hoor sy 'n stem sê: „Laat haar binnekom!” en sy verskyn voor die offisier.

„Ek wil weet,” begin sy, „waarom my man weggestuur word. Hy is 'n eerlike man. Waarom behandel julle hom nie as sodanig nie? Wat beteken julle proklamasies? Julle het nie een daarvan gehou nie. Geen wonder dat ons oor hulle lag nie. My man het julle proklamasie gehoorsaam. Wat het hy daarvoor gekry? Hy is uitgeskel, beroof en half uitgehonger; en nou word hy weggestuur.” Dit was tevergeefs. Die kommandant het haar sater gedreig met inegtenisneming as sy voortgaan om sulke bitter dinge te sê. Haar antwoord was klaar: „Ek is nie die minste bang vir julle tronk nie, en ek is ook enige dag klaar vir julle galg.”

Die kamp was nie toegemaak nie, en hulle kon in- en uitgaan; dog dit was nie 'n ongemengde vreugde nie, want dit het die vroue blootgestel aan die brutaliteit van die soldate. Hulle moes op alle moontlike maniere waak. Dit was gewone beltente, en daar was geen hutte of huise nie. Die beltent, behalwe die feit dat dit so klein is, het nog hierdie groot nadeel dat 'n mens gedurig most buk, behalwe reg in die middel. Geen katels of matrasse word verskaf nie, en in sommige gevalle moes vroue wat elke dag 'n kraambed verwag, op die kaal grond lê, met net en kombers onder hulle. Die verandering van temperatuur word skerp gevoel in hierdie klein tentjies. In aie somer moes 'n mens soms urelank sit met net lappe op die hoof, terwyl die kindertjies lê en hyg na asem. In die winter is dit snydend koud; een nag in Junie het die vroue die hele nag opgesit, met die vrees dat hulle sou verkluim as hulle gaan lê. Toe mevr. Z. in die kamp gekom het, word sy in dieselfde ry as die „ongewenste” geplaas. Die ligging van hierdie ry tente was sleg, en die rantsoen daar uitgedeel was ook volgens 'n ander skaal. Hulle het net mieliemeel gekry om te eet, en boermeel twee maal 'n week. Dit het aangegaan totdat die protesbeweging in Engeland oor die rantsoenverskil begin het, en eindelijk is almal op gelyke voet behandel. Dog die kwaliteit van die kos was nooit goed nie. Die meel was nie geskik om te eet nie, die vleis vreeslik armoedig en die suiker van 'n donkerbruin kleur, met 'n slegte smaak. Die militêre het nie al die skuld van die slegte kos nie, daar die kontrakteurs in sommige gevalle hoë pryse betaal is. Sommige families het letterlik so naked in die kampe

aangekom dat die militêre verplig was om hulle klere te verskaf. Die kontrak is gegee aan die firma Y- & Y—, wat nuttelose, deur motte gevreëte stof gelewer het, en daarna openlik geroem het dat hulle van hulle winkel skoongemaak het van al hulle ou oorskietgoed.” Die kontrakteurs het gedink die vroue sal die militêre besluitdig en nie hulle nie; dog die vroue het die saak self in hande geneem. Hulle neem 'n hoeveelheid meel, sif dit, maak al die wurms en miet en kruipende goed in twee netjiese pakkies en stuur dit aan „die firma Y- & Y—, Kontrakteurs, met hulle komplimente,” en 'n ander een aan die militêre owerheid.

Hierna was die meel beter. Die rantsoene word weekliks op 'n Maandag uitgedeel; dog daar was dikwels onge-reeldheid, en eenmaal het 'n hele week verbygegaan tot Vrydag sonder rantsoen. Toe gaan twaalf vroue saam om by die generaal te kla. Sy antwoord was: „Wel, julle kan bly wees dat julle nog rantsoen ontvang; as ons julle op julle plase gelaat het, sou julle almal van honger ome-ekom het.” Dog hierna was die uitdeling meer gereeld. %ie vroue in hierdie kamp was vrymoedig en onverraag. By een geleentheid, toe kolonel R- (mevr. Z. se vriend van vroer dae) deur die dorp gegaan het, het hy mevr. Z. in die kamp gaan opsoek. Sy gee hom 'n koppie tee en gooi daar 'n bietjie wit suiker in wat sy by haar vir spesiale geleenthede gebou bet. Die kommandant het daar net verbygegaan, en sy nooi hom ook in om 'n koppie tee te kom drink. „Dog,” antwoord sy verwykend, „u sal nie van daardie mooi wit suiker kry nie, maar die-selwde swart goed wat u aan ons gee.” Sy gooi toe kamp-suiker in sy tee.

By een geleentheid het hulle die kamp versit na 'n nuwe ligging 'n entjie aan die ander kant van die dorp. Al die tente en goed word op waens gelaai; en die vroue en kinders wat nie kon loop nie, word aangesê om op te klim en bo-op die prag te klouter. Die vroue was in 'n allesbehalwe benydenswaardige posisie, en hulle moes vas-klou asof hul lewe op die spel was, terwyl die osse deur slote en spruite draf. Een offisier wat hulle verbygegaan het by die deurgaan van 'n sloot, sing hardop: „Rule Britannia, Britannia rules the waves.” „Dog sy ' sal nooit die Boere beheers nie,” het een vrou teruggesing.

Toe hulle deur die dorp gaan, het drie of vier offisiere wat op die stoep van die klub was, met hulle wat soos hoenders bo-op die wa gesit het, die gek geskeer. Mevr. Z. kon die versoeking nie weerstaan, om hulle beskaam te maak nie. „Ja, kyk maar goed hier na julle heldedade,” roep sy in die verbygaan uit. „Julle kan De Wet nie vang nie; julle kan Steyn nie vang nie; dus vang julle ons hulpelose vroue en dryf ons op waens deur die

dorp. **Kyk goed na ons, die gevolg van julle heldedade!**  
**Die** offisiere het die stoep verlaat en ingegaan.

**De vroue moes** hulle soms op ander maniere as met hulle tong verdedig. Soms het daar soldate in die nag die tente ingebreek en hulle baie moeilikheid veroorsaak. **Een nag het 'n Tommy** in die kamp gekom en vier tente ná mekaar binnegegaan en die vroue banggemaak. **Eindelik** het 'n stuk of dertig saamgespan hom uitgejaag en hom bont en blou geknyp. Die volgende nag het verskeie vroue baie senuweeagtig gevoel, en mevr. Z. het self dit raadsaam geag om haar lig te laat brand. Daar was 'n soort kampkonstabel; dog hy was maar net 'n „handsupper” en het die vroue nooit veel diens bewys nie, en hulle het maar min van hom gedink. **Daardie nag, toe hy** die rondte doen, sien hy dat haar kers brand, en hy roep hardop: „Maak dood daardie lig!” Sy gee nie antwoord nie. „Maak dood daardie lig!” roep hy nog harder en stamp op die grond. **Eindelik** antwoord sy terug: „Ek sal my lig nie doodblaas nie. Dit is hier nie veilig met soldate wat rondsluip nie.” „Waarom? Ek is hier om jou te beskerm,” sê hy.—„Jy! Wat kan jy doen?” sê sy. „Waar was jy gisteraand toe die Tommy ingekom het.” „Wel, maak dood jou lig,” sê hy, „of ek rapporteer jou aan die kaptein.” „Rapporteer as jy lushet; maar ek sal my lig nie doodblaas nie.” Sy het dit laat brand en die volgende dag rapporteer die wag die saak aan die kaptein. Dog die militêre het nie veel meer van die „handsupper” gedink as die vroue nie, en die kaptein het die man 'n afjak gegee vir sy moeite. „Wou nie haar lig doodmaak nie en het jou onbeleaf behandel, het sy? Wel, met die oog op wat die aand vantevore gebeur het, verwag ek dat mevr. Z. senuweeagtig was; en as ek in haar plek was, sou ek nie my lig doodgeblaas het nie.”

**Hierdie** kamp was veel esonder as die meeste, en betreklik min kinders is doo. Dog hulle het almal gelyk aan oorpyn ten gevolge van die klammigheid en die koue en het altyd een of ander ding makeer, en die vroue ook. Mevr. Z. het nooit heeltemal gesond gevoel al die tyd wat sy daar was nie, en **eindelik** het die dokter gesê as sy veel langer daar bly, sou dit die dood beteken. Dit was allesbehalwe lekker om siek in die kamp te wees. Die eerste dokter wat daar was, was uiters nors en hard teenoor sy pasiënte. Hy wou skaars na hulle kyk as hy die rondte doen; en dan, as hy hom tog verwaardig om met hulle te praat het hy hulle met, verwyte en geskel oorweldig. **Eindelik** het die vroue 'n formele aanklag teen hom ingedien en hom duidelik gevra: „Dink jy ons is vuilgoed dat jy ons so behandel?”

'n Enkele geval sal dien om die handelwyse van die dokter en verpleegsters in die kamp duidelik te maak. 'n **Ou** mevr. K. van die Vrvstaat. 'n ryk ou dame en algemeen gerespekteer, was van haar gemaklike en pragtige huis weggeskeur om in die kamp te kom lewe. Die verandering in haar hele lewenswyse was te plotseling, en sy kon dit nie uitstaan nie. Sy was aan alle geriewe en selfs weelde gewoon, en nou moes sy elke ontbering verduur. Sy moes bed-toe gaan. Die verpleegster word geroep, dog wou die tent nie binnegaan nie, wou skaars na haar kyk. „O, sy is nukkerig en vol verbeelding, soos alle ou mense,” sê sy en loop weg. Die tweede en derde dag het sy nooit naby die tent gekom nie. Op die vierde dag was dit duidelik dat tensy iets gedaan word, sou die ou vrou doodgaan; en die verpleegster word weer geroep. Beide verpleegsters was aangek om 'n teeparty van die offisiere by te woon, en was baie kwaad dat hulle nie kon gaan nie, omdat ou mevr. K. op sterwe lê. In elk geval, hulle kom in die tent, sien dat die ou dame snel agteruitgaan en gelas elkeen om die tent te verlaat. Haar suster het reguit geweier om te gaan. „Nee,” sê sy, „ek het haar al hierdie dae na die beste van my vermoë verpleeg, toe julle nie naby haar wou kom nie; en ek gaan haar nie nou verlaat nie.” **Daardie nag** is sy dood. In die môre het die verpleegster gesê toe hulle haar gevra het om die dokter in te roep: „Ek gaan die dokter nie lastigval nie; sy is net vol dingetjies.”

Soos soms gebeur, was die hoofverpleegster, suster O., meer daarop uit om haar pleister elders te soek as om tuis haar pligte ná te kom. Dog by hierdie fout het sy nog so 'n slegte humeur gehad dat elkeen vir haar gevrees het, en weinige het dit gewaag om haar hulp in te roep. Selfs onder die offisiere was sy bekend as „klein tiran,” „klein rissie.” As 'n mens haar om medisyne gaan vra, most jy verwag om die deur in jou gesig toegeslaan te kry. Eenmaal het sy 'n kindjie van ag jaar heeldag alleen in die hospitaaltent gelaat sonder kos of medisyne. Eenmaal toe mevr. Z. self ingegaan het in afwesigheid van die verpleegster 'n waagstuk—, het al die pasiënte in hulle beddens opgesprong en geroep: „Gee ons kos! Gee ons kos!”

Mevr. Z. kon nie genoeg praat van die moedige wyse waarop dié vroue hulle gedra het onder die sware las wat hulle opgelê was nie. Die militêre het elkeen twee maande gegee om aan hulle mans te skrywe en hulle te smee om oor te gee. Nie 'n enkele een het geskrywe nie, al het elkeen geweet hoe 'n onderskeid dit aan haar toestand sou maak. Die ontberinge van die kamp was so groot dat mevr. Z. dikwels met betraande oë uitgeroep het: „As dit nie vir die genade van die Heer was nie, kon ons dit

nie verduur het nie." Die parmantigheid en selfsugtigheid van die offisiere word driftig oor uitgewy, en sy hou kolonel R. gewoonlik voor as haar toonbeeld van 'n egte „gentleman" en as die enige wat sy ontmoet het. Een offisier het aan haar gesê: „Hierdie oorlog gaan nog nie end kry nie; ons maak te veel geld."

Hier is 'n klein briefie wat ek ontvang het van een van twee susters wat byna twee jaar krygsgevangene was. Hulle was reeds verskeie maande in die kamp en baie bekommerd oor hulle ou moeder:—

NORVALSPONTKAMP, 15 Febr. 1901.

Ek kon u welkom briefie, wat my veilig bereik het, nie beantwoord nie, daar ek die laaste paar dae nie wel was nie. Verbeel u, verlede Maandag het ek applikasie gemaak en versoek om na my moeder, wat baie eensaam is, huis-toe te gaan. Sy woon net 'n halfuur van die dorpie en moes natuurlik al haar huisraad en eiendom onbeskerm agterlaat, met net een Kafferjong om daarna te kyk, en moet nou op haar eie onkoste in die dorpie woon. Anders moes sy ook na 'n „refugee"-kamp gaan.

O, wat 'n teleurstelling was die nuus vir my en my suster, want ons het altwee die hoop gekoester om 'n gunstige antwoord op ons applikasie te ontvang. O, hoe breek dit my hart! Vergeef my dat ek so vrypostig is om familiesake te noem, maar dit beteken so veel vir my dat ek nie kan help om daar iets oor te sê nie.

'n Nuwe wasbad is vir die vroue opgerig; en dus het ons ons badplek vry. Slegs twee sterfgevälle het voorgekom sedert u vertrek.

Een van die twee dames wat die volgende verslag gegee het van hulle uitsetting uit hulle huise, is my bekend; en sy het my persoonlik die hele storie soos dit hier verkort voorkom, meegedeel.

Die ander een, mevr. Bosman, is uiters sieklik, en haar man is 'n krygsgevangene:—

Ons plaas (sê mevr. Bosman) was ses myl van Smithfield. Teen die middel van Maart 1901 het Britse troepe hier aangekom onder kolonel Hickman en die grootste deel van ons vee weggenoom. 'n Hele tyd vantevore reeds was my dogter en ek-sy was 'n kind van veertien-deur almal verlaat behalwe ons Kafferjong. Soos u sien, is ek

maar 'n hulpelose mens, daar ek my regterarm kwyt is en my een been beseer is en dit my gedurig pyn veroorsaak, sodat ek net gnoeg krag kan inspan om my sukkelend op kurke te beweeg. Toe kolonel Hickman en sy manskappe ons vee wegvat, toe neem hulle ook ons jong weg om die vee op te pas. 'n Paar dae later het hy na die plaas teruggekom ná hy van die Engelse ontsnap het. Hy en ons het in gedurige vrees gelewe dat daar weer 'n klomp troepe sal kom om ons woning te verniel. Een môre om agtuur het hulle gekom. Ek was nog in my slaapkamer, dog klein Annie het in die kombuis gewerk. Toe sy die soldate sien, hardloop sy na die voordeur en probeer om hulle te keer en roep uit dat hulle nie mag inkom nie. Sy het geroep—met verontwaardiging en nie met vrees nie—, en sy sê: „Julle hoef nie te dink dat ons manne so gemeen is om hier te kom wegkruip nie: hulle veg buitekant." Toe die troepe die huis binnekom; hardloop sy na my kamer en roep: „O, mammie, die Engelse is hier!"

Allestesame, dink ek, was daar omtrent tweehonderd soldate. Hulle het 'n klomp van ons hoenders en eende omsingel; hulle met groot stompe hout gegooi om hulle bene te breek, hulle dan opgetel en hulle nekke omgedraai. Die varke het hulle met bajonette doodgemaak. Hulle het ook van die perde, osse en skape bymekaargemaak, wat kolonel Hickman se klomp nie kon vang nie. Ná hulle alles in die huis verniel het, begin hulle ons karre stukkend te breek. Dog twee—'n mooi klein oop karretjie waar ek gewoonlik mee gery het, en ons tentkar—het hulle opsygesit om weg te neem. Om die waarheid te sê, ek het daarin geslaag om die kar te red. Net toe hulle wegtrek, was die perde wat hulle ingespan het, baie steeks. Toe gaan ek na die bevelvoerende offisier, kaptein Robertson, en smeeek hom om die kar vir my te laat staan, daar ek gebrekklik is. Hy het vriendelik toegestem, en dus het hulle die perde weggenoom, dog die kar laat staan.

Die jong het na die randjies gevlug toe hy die soldate sien, en ek het niks meer van hom gesien nie. Hy was vreeslik bang vir die Engelse, omdat hy die eerste maal van hulle weggeloopt het.

Omtrent 'n uur ná hulle aankoms het die soldate weggery; kaptein Robertson het my beleef gegroet, en toe is my dogtertjie en ek alleen in ons geruïneerde huis agtergelaat.

Ons was verplig om na die huis van my vriendin, mej. Wessels, te loop. Dink 'n hietjiel ses myl en vreeslik warm, en ek 'n gebrekklike wat skaars op my kurk kan spring en die grootste gedeelte van my tyd bedlegerig moet wees. Die reis het nie veel meer as drie uur geduur nie.



My dogtertjie het my baie **gehelp** oor die pad. Ons moes taamlik dikwels rus; dog die ergste van di' ondervinding was om die veld **besaai** te sien met dooie perde, skape en ander diere. Die volgende dag het een van die bediendes van mej. Wessels my teruggery na my verwoeste plaas. **Hy** het muile in my kar gespan en ek het hulle teruggedrywe. Ek het geleer om met my linkerhand leisels te hou. Voordat ek my huis 'n laaste vaarwel toegeroep het, het ek nog 'n paar portrette en ander dinge opgetel wat die soldate laat val het toe hulle voortgegaan het.

Mej. Wessels, in wie se huis die gebrekklike mevr. **Bosman** herberg gevind het, sê :—

Ons huis is eers later oopgebreek. Ek het in 'n huis gewoon in Smithfield met my vader, wat sestig jaar oud is en 'n inwallede en twintig-jaar Volksraad-lid was, en my suster. Verbygaande troepemagte het ons af en toe 'n besoek **gbring** ; dog by elke geleentheid het hulle nie veel meer gedoen as om beslag te lê op ons graan nie, wat hulle op die pad uitgesaai het. Ná hulle vertrek het ons dit bymekaar gaan veeg en dit gesif, en toe kon ons dit weer gebruik. Hulle het al die huise met hierdie doel besoek, en soms het hulle die graan op plekke gegooi waar dit bedorwe geword is. In sommige gevalle het hulle parafien daarop **gegooi** om seker te maak dat dit nutteloos sal wees. **Eendag** het hulle my pragtige rywiél kom vat, wat ek van Londen direk laat kom het en wat my £30 gekos het. Ek het geen steen onaangeroer gelaat om 'n kwitansie daarvoor te kry nie, en eindelijk het die offisier my een vir £7 gegee. 'n Paar dae later kry ons kennis dat ons **almal** binne drie uur moet vertrek. Gelukkig het ons heelwat eetware in die huis gehad, en toe laat ons aan ons bure wat ook kennis gekry het, weet dat hulle ook van ons lewensmiddels moet kom haal. Twee en 'n half uur lank was ons besig om die goed onder hulle uit te deel. Toe het ons hulle gevra om te gaan en het ons die orige halfuur deurgebring met beddegoed, klere, 'n paar kookbenodigdhede en ander artikels wat ons wou meeneem, bymekaar te maak. Die soldate het al ons rytuie wegge-nem behalwe 'n klein Amerikaanse „spider" wat uitmekaargehaal en **weggepak** was en wat die Engelse nie aanmekaar kon sit nie. Ons het dit en mevr. **Bosman** se kar gehad, en die bevelvoerende offisier het toegestaan dat ons dit saam met ons sou neem, daar ons twee inwalledes gehad ho+mevr. **Bosman** en my vader. Die gevolg was dat ons veel beter daaraan toe was as ons bure, waarvan vele met byna niks op reis **gegaan** het nie. Ons het ook groot voordeel daarin gehad dat my vader 'n som geld by hom gehad het om mee te neem.

Aan die einde van die halfuur het die soldate gekom ; ons huls word toegesluit, en ons gaan voort na 'n laer digby die dorp, waar ons daardie nag moes slaap. Ten minste, ons het nie geslaap nie. Ons het al vyf op die grond onder die wa gele, en dit was die eerste maal dat ek 'n nag buite deurgebring het. Naby ons het 'n arme ou man gele en brom wat half uit sy verstand geraak het ten gevolge van al hierdie gebeurtenisse. Om drie-uur v.m. het ek opgestaan en ver lof gevra om 'n laaste besoek aan my huis te bring om iets wat ek vergeet het, te gaan haal. Toe ek naby die huis kom, sien ek drie koele buitekant die hek staan. Hierdie koeie was reeds tweemaal deur Engelse soldate weggeneem ; dog telkenmaal het hulle ontsnap en teruggekóm, omdat hulle kalwers by ons op die werf agtergelaat was. Ek gaan in die huis en ske 'n vuurhontjie en vind dat alles verbreek en onderstebo is ; die soldate het die plek sedert ons vertrek geplunder. Dit was 'n hartroerende laaste blik op die huis-met die tafel nog met die ontbytgoed daarop tussen al die ruienes en die suurdeeg op die stoof. My suster het my kom roep, daar hulle besig was om in te span. Ons het die koeie na die laer geneem, en die kommandant was so vriendelik om ons verlot te gee om hulle saam met ons te neem. Teen dagbreek het die konvooi vertrek.

Dog ek moet nie vergeet om u te vertel van die twee ou dames wat die Engelse besluit het om agter te laat omdat die ambulans-dokter gesê het dat hulle te oud en swak was om saam te neem.

Toe ons hoor dat hulle nie gestoor gaan word nie, neem ons sommige van ons prente en ander dinge van waarde na hulle huis, om vir ons in bewaring te neem. Wat gebeur het, was dit. Net voor die konvooi vertrek het, word hulle huis besoek, en geplunder en die ou dames weggedra en op een van die waens gelaai.

Die dag was net aan die breek toe die konvooi van Smithfield vertrek. Daar was omtrent 250 karre en waens, eersgenoemde vol voetvolk en laasgenoemde met ons vroue en kinders. Ons vyf-my vader, my suster, mevr. **Bosman** en haar dogter en ek-met twee bediendes het saam met drie ander families een wa gehad—altesaam tke-en-twin tig mense. Ons was almal o mekaar gepers en natuurlik verskriklik ongemaklik. Ons Et geen skuiling gehad nie, en die son het gou vreeslik warm geword. Mevr. **Bosman** se kar met ons goed daarop was agter die wa vasgemaak.

Die gebulk van die beste en die gehuil van die kinders het 'n onafgebroke lawaai gemaak. Die lye van ons twee inwalledes het so erg geword dat ek kaptein Robertson daaromtrent genader het, wat so vriendelik was om ons 'n wa met 'n tent te laat kry ; en vir die res van die reis het

ons dit vir onself gehad. Die Boere was in die naburige rande, en elke nou en dan het ons skote gehoor. Daar was skermutselinge in die omgewing, en telkenmaal het hulle van die vee wat saam met die konvooi gegaan het, in hande gekry. By die rivier, wat sewe myl van Smithfield is, is ons 'n lan tyd ten gevolge van 'n meer ernstige geveg opgehou. Die %oere het van die oorkantse wal geskiet, en die klein Tommies het hulle posiesie vlak voor die waens ingeneem, sodat ons mense nie op hulle kon skiet sonder om ons in gevaar te bring nie. Dog els het die stof van koeëls 'n paar tree van my sien uitslaan. 'n Hele paar is gedood en gewond, soos ons later ontdek het toe die konvooi weer verdergaan en meer ambulanswaens nodig was. Een van die waens wat vir hierdie doel uitgekies word, was dié wat die twee ou dames, waar ek vantevare van gepraat het, op was.

Hulle het my later vertel dat hulle af gedra en op die grond geplaas is en dat hulle gevrees het dat hulle daar aan hulle lot oorgelaat sou word. Dog eindelijk het daar jammerhartige mense verbygekom wat hulle in 'n ander wa opgelaa het. Op die eerste dag het ons net omtrent tien m l gevorder. Die vegtery het ons baie opgehou, en verder het dit uiters langsaam gegaan met die getal waens langs mekaar. Natuurlik dat so 'n formasie agter mekaar 'n baie lang streep beteken het, wat erg moeilik sou wees om te bewaak. Ek het vergeet om te vertel van een baie angstige oomblik in die geveg by die rivier. 'n Burger aan die oorkant het heeltemal in die ope veld gery en verskeie perde doodgemaak. O, so 'n menigte Tommies het op hom geskiet, en ek was seker dat hulle hom sou doodskiet; dog nie een het hom geraak nie, en hy het sy doel met die perde bereik.

In die nag het ons 'n swaar tyd deurgemaak; die soldate word nie apart gehou nie. Wat voedsel betref, het ons klompie niks gehad om oor te kla ne. U sien, anders as die ander mense het ons 'n ruime voorsiening van eetware in ons kar gebring. Daardie nag het ons 'n lekker kalkoen gekook, en ek het koffie gemaak op 'n oliestof wat ons saamgebring het. Dit was hartroerend om die ontberinge van die ander mense te sien. Water en brandstof was uiters moeilik om te kry. Ons het so ver soos ons kon, gehelp; dog natuurlik by sulke geleenthede sien elke familie maar self om die mas op te kom, en ons het twee invaliedes gehad om voor te sorg. Heeldag word daar rantsoene uitgedeel; dog waar hulle uit bestaan het, weet ek nie, daar ons nooit om iets aansoek gedoen het nie en ook nie nodig gehad het nie. Ja, ons het een ding gekry—'n potjie konfyt wat mevr. Bosman in hande gekry het! Sy het 'n offisier met 'n pot konfyt gesien en daarom gevra,

en hy het gesê: „Goed, jy kan dit kry.” Ek dink hy was jammer vir haar omdat sy gebrekklik is. Dog niemand van ons is toegelaat om ons eie melk te behou nie. Offisiere het gedurig langs die waens aangery gekom en gevra of die mense melk het, daar dit opgegee moet word. Een meisietjie het ernstig gesmeek om net 'n koppievol te behou, om vir haar sieklike ouma sop te maak; dog dit word haar nie toegelaat nie.

Ná die eerste nag was die skikkinge in die kamp soveel beter dat die troepe weg van ons gehou is. Op die derde dag het dit gestortreën, en u kan u verbeel wat die arme goed deurgemaak het wat geen skuling bokant hulle hoof gehad het nie. Ons het lank by die Oranjerivierbrug stilgehou, waar daar 'n klomp verfoeilike manne—die skuim van Suid-Afrika—was, wat ons bespot het en alle moontlike beledigende dinge gesê het.

Ons het die vierde dag Aliwal-Noord-kamp bereik. Hier het ons weer 'n geluk gekry, vergeleke met ons arme bure. 'n Vriend van ons wat daar reeds 'n hele tyd was, kom ons ontmoet en gee ons goeie wenke omtrent die gesondste plek om ons tente op te slaan, waar ons hulle kan kry, ens. Aliwal, natuurlik, is die beste van al die konsentrasiekampe. Dog ons het oneindig veel ellende daar gesien. Elke

nag moes 'n aantal aansienlike mense buitekant slaap. Dit was jammerlik om hulle te sien bibber in hulle komberse, wat dikwels deurnat was met reën en soms styf met ryp. Ons het die ontsaglike voorreg geniet om geld te hê. Dit het ons in staat gestel om 'n klein huisie van hout en seil gemaak te kry—'n groot verbetering as 'n slaapvertrek op die tente wat die reën op jou laat instroom. Die rantsoene was baie sleg, en het koffie bevat wat die kinders siek gemaak het. 'n Half blikkie gekondenseerde melk is veronderstel om 'n week vir elke persoon te hou. Ons het ons rantsoene aangevul deur voedsel by die winkel te koop, waar alles omtrent tweemaal so duur soos gewoonlik was. Ons het nog een van ons koeie gehad om ons van melk te voorsien. Ons het mense betaal om ons brood te bak en ons klerie te was, sodat hulle ook 'n bietjie geld kon hê om kos mee te koop. Daar was heelwat siekte in die kamp en verskeie sterfgevalle daaglik.

Gedurende die ses weke wat ek in die kamp was, het ons net tweemaal steenkool ontvang, en toe net genoeg

#### AANMERKINGE UIT RAPPORT VAN DAMESKOMMISSIE.

AANBEVELING.—Neem die Superintendent weg en bewerk 'n deeglike reorganisasie van die kamp.—Cd. 893, bls. 58

Cd. 893. Vgl. RANTSOENE, bls. 52.

Die florerende en goedgevulde winkels was ook getuie van 'n taamlik welaf bevolking.—Bls. 56.

om eenmaal mee te kook. Toe ons na die kommandant gaan en verlov vra om te gaan, sê hy, seker, ons kan dit doen. Dog hy het een voorwaarde gestel dat ons eers moes telegrafer na die kommandant van die plek waar ons heen wil gaan, om eers sy toestemming te kry. Ons-het na Kaapstad getelegrafer, dog geen antwoord ontvang nie. Dit, het ons ontdek, was die algemene ondervinding. 'n Antwoord word nooit gestuur nie, en dus moes die mense maar in die kamp kry. Dog ek het die saak ernstig opgeneem en duidelik gemaak dat ons na Kaapstad wil gaan om Engeland toe te vertrek; en eindelijk, op grond daarvan dat mevr. Bosman 'n inwaliëde is, het die kommandant ons 'n vry spoorwegkaartjie na Kaapstad gegee—d.w.s. 'n pas vir mevr. Bosman, haar dogter en vir my. Ons het klein Annie in 'n skool in Kaapstad agtergelaat en met die eerste skip na Southampton vertrek.

Toe ons weggaan, het ook my vader en suster baie hard probeer om verlov te kry om uit te gaan; dog ons het nog nie gehoor of hulle daarin geslaag het nie. Tussen hakies, my vader het byna in moeilikheid by die owerheid gekom. Hy het gaan luister na 'n preek van die Hollandse predikant en vererg teruggekem en opgemerk: „Hy preek niks anders as politiek nie.” Dit word aan die beampotes gerapporteer, en hulle laat my vader die volgende dag roep, wat herhaal het dat die predikant se rede heeltemal van politieke aard was. Die predikant, wat teenwoordig was, sê dit is nie waar nie, waarop my vader antwoord: „Wel, ek behoort tog seker te weet wat politiek is as ek dit hoor, ná al die jare wat ek in die Volksraad deurgebring het.” „Dan is dit die politiek van God wat ek verkondig,” sê die predikant; en my vader is met 'n waarskuwing vrygelaat.

Die meeste van ons eie predikante is as „ongewenstes” vroeg in die oorlog weggestuurt. Sommige mense verkeer onder die indruk dat „ongewenstes” slegte karakters beteken. Om die waarheid te sê, hulle behoort tot ons beste en mees invloedryke mense.

Die verhaal van mej. Cameron van haar lang reis met haar famielie per konvooi na die Volksrust- en Pietermaritzburg-kamp word in dagboek-

BRANDSTOF.—By die eerste onderhoud met mnr. Greathead (superintendent) word hy gevra waf die brandstofrantsoen is. Hy antwoord: „So veel kool as hulle kan gebruik, en 'n bietjie hout. Ná ondersoek het dit gebyk onjuis te wees. . . . Een loiale Engelse vrou het gesê: „'n Mens kry baie nie steenkool en geen hout nie, tenay jy parmantig is.” —Cd. 898, bls. 53, 54.

VERLOF OM DIE KAMP TE VERLAAT.—Geen informasie nie.—Cd. 898.

vorm meegedeel. Dit het oorspronklik in die *Manchester Guardian* verskyn: —

AMSTERDAM, NUWE-SKOTLAND,  
Donderdag, 14 Febr. 1901.

Vanmôre omtrent agtuur het die berede troepe van die vyand die dorp langs die Glen-Addie-weg binnegekem. Hulle was spoedig oral in die dorp, en die voetvolk het daarop gevolg. Binne korte tyd was elke tuin en boom kaal; nie 'n groen perske het oorgebly nie. Al die lewende hawe word geneem; die beeste en perde word deur Kaffers bymekaargemaak en aangejaag, terwyl die soldate beslag lê op die pluimvee, varke, ens. Ons het al die deure gesluit en in die huis as toeskouers gebly. Omtrent elfuur v.m. het twee speurder-beampotes ons huis kom ondersoek. Hulle het elke kamer deurgesuffel om na wapens en ammunisie te soek en het 'n pistool en patrone wat ons gehad het, weggeneem.

Ná hulle nog die een en ander gesê het, is hulle weg met die mededeling dat 'n ander offisier in die middag sou kom om ons instruksies te gee. Omtrent drie-uur n.m. het generaal Campbell met sy staf gekom; hy was baie kortaf en allesbehalwe aangenaam in gedrag. Hy sê dat hulle, die Engelse, gekom het om ons kos en beskerming te gee. Moeder antwoord dat hy nie kon gee waar ons nie om vra nie, en dat ons heeltemal tevrede was met die voedsel en beskerming wat ons eie mense ons gee. Toe sê hy ons moet klaar wees om die volgende dag (Vrydag) om tien-uur v.m. te vertrek; en ná heelwat praatjies en argumente is hg baie verontwaardig daar weg.

Vrydag.—Erger as ooit. 'n Tweede kolom het gekom deur Tweedeport, het nou net die huis verbygetrek, en 'n mens kan waarlik sien dat die plek doodgery word. . . . Omtrent elfuur n.m. het die provoos, kaptein Daniels, met vier andere die huis binnegekem en dit weer begin deursuffel. Moeder was afwesig toe hulle gekom hef. Dit sou ontmoontlik wees om te beskrywe hoe hulle alles rond en bont gepluk het; die matrassie en kussings het hulle deurgevoel, dubbel gevou en geklop; elke kas, groot en klein, het hulle grondig omgekrap en tót onder toe deurgesoek; die kaggels, boekrak, kombuis, spens, solder-elke hoekie word geplunder; en hulle neem al wat hulle wil-seep, kerse, mielies, ens., selfs wit garing. „Hierdie diuwelse Boere het weer op ons uit skuilplekke geskiet; en jou twee seuns is onder hulle, veronderstel ek,” het 'n offisier aan my moeder gesê toe sy binnekem. „As ek hulle vang, sal ek hulle ophang.”

Saterdag, 16de.—Die plek was dié hele dag in beroering. Mense kom onafgebroke. Daar word in die rigting van

Swasieland geveg. Ons hoor die kanonskote en het die I.L.H. met groot kanonne en nog 'n groot klomp troepe sien uittrek, vir versterking waarskynlik.

**Sondag.**—Teen dagbreek het kaptein Ballantyne gekom en gesê dat 'n wa oor 'n paar minute daar sou wees, dat ons 'n kwartier sou kry om op te laai en dat ons net die mees onontbeerlike dinge kon neem, want daar was vyftien wat op die wa moes gaan; en as ons eers in die Engelse kampe is, sou ons alles kry wat nodig is—kos, mediese geriewe, ens. Ons was dus een van drie families op die wa. Die familie Muller, van die Middelburgse distrik, wat in mevr. Davel se skuur gewoon het, sestien alles-tesaam, waaronder 'n ou vrou van tagtig jaar en 'n kind van onder die drie maande, word op 'n trollie geplaas met 'n halwe tentjie agter op. Daar was nie eens plek vir almal om te sit nie. Ons—d.w.s. al die mense—word deur die spruit na die Engelse kamp geneem, omtrent 'n myl buitekant die dorp. Die waens word in rye getrek, en elke wa deur 'n klompie manne deeglik ondersoek; alles word afgelaai en elke kas en sak noukeurig deurgesnuffel. Nie 'n ding, hoe klein ook, is nie ondersoek nie; selfs huisvroue se naaldekokers word oopgemaak en ondersoek. Wat die manne as onnodig beskou het, word weggeneem. Veerbedde, klere, matrasse, stoele, kiste, ens., allerhande rommelary word opmekaar gepak en aan brand gesteeke. Voedsel—meel, suiker, tee, ens.—word ook geneem. In die middag om twee-uur het ons verder gegaan; die osse is nooit uitgespan nie en het omtrent twaalf myl ver getrek. Daar was oor die 400 waens. Ons trek 'n klein entjie, en dan is daar oponthoud, en ons moet weer wag vir die waens om in lyn te kom sodat die grootste gedeelte van die tyd verlore gegaan is met wag om die pad skoon te kry. Dit het die hele dag gereën, en byna sonder uitsondering het elke watent gelek. Baie mense het in die aand nie 'n droë draad in die waens gehad nie. Daar was geen uitspan of voedsel voor ses-uur n.m. nie. Om neenuur n.m. het ons in stortreën bo-op 'n bult uitgespan; geen kos om te eet en geen water om te drink nie. Dit was jammerlik om die kinders die hele nag te hoor huil in die nat waens om water en kos; en daar is niks om hulle te gee nie. Die osse word in die modder aan die jukke vasgemaak—geen weiding nie. Teen dagbreek die volgende dag word die osse weer ingespan net soos hulle by die juk gestaan het, en ons het verby Wolwekoppies getrek en teen neënuur v.m. uitgespan. Hier vind ons uit dat ons die drywer en touleier ook kos moet gee van wat hulle ons oorgelaat het. Ons het hoegenaamd geen rantsoen gekry nie; geen voedsel van enige soort, geen hout, geen water nie. Die drywer moes goed 'n myl ver loop om water te haal, en

ons het 'n paar plankies gehad om vuur mee te maak. Dit het heeldag gereën. In die aand het luitenant Pratt gekom en my moeder meegedeel dat hy instruksie gekry het om ons wa van die ander weg te neem en dat daar 'n wag oor ons geplaas moes word om ons te verhinder om met ander mense te praat. Dus word ons opsygeneem van die trek, en vier gewapende soldate die wa geplaas.

**Dinsdag, 11de.**—Ons het Pietretief vandag bereik. Die Engelse het 'n groot trop beeste en perde, wat in elke miellieland of bewerkte stuk grond wat ons verbygaan, gejaag word—gewoonlik Kafferlande; en binne 'n paar minute is alles heeltetal verniel. Ook die beeste, bokke, ens., word geneem, omdat dit kos vir die Boere verskaf. Op Wolwekoppies het ons 'n Kafferstruis aan brand gesien, en die troepe maak hulle hande daar warm. Vanaand het ons 'n skaaphoud gekry, die eerste kos van enige soort aan ons gegee sedert ons vertrek op Sondagmôre. Ons is natuurlik opsy met ons wag. Die paaië is onbeskryflik sleg—modder en slyk oral; 'n mens kon nie 'n skoon plek kry om op te staan nie. Die slote en gate is vreeslik. Ek het nie gedag dat dit moontlik was vir 'n wa om oor sulke plekke te gaan nie; dog ons stamp maar net in en uit en oral oor. Of jy omval, vassit of deurkom, dit kom daar nie op aan nie; elke wa moet maar sy kans neem. Die drywers en touleiers is Kaffers, baie umfaans wat nog nooit gedrywe het nie, met 'n paar wit manne as kondukteurs. Ons wag het hulle ten?, naas die wa opgeslaan; daar is altyd een wat in die nag op wag staan. Gedurende die dag, op tog, is een by die wa; en as ons uitspan, al vier.

**Woensdag.**—Aangekom by 'n sendingstasie—Bergen, meen ek; Johannes, soos die geestelike se naam is, 'n Duitser, het die bestuur. Dit reën hard en was die hele dag nat. Omring deur Engelse kampe.

**Sondag.**—Ons is op 'n baie vuil plek. Hope skape, al kos wat ons kry, word elke dag deur die mense en Kaffers doodgemaak; en die velle en ingewande lê oral rond, net waar die skape geslag word. Die reuk is ondraaglik. Ons is hier reeds verskeie dae en is in 'n kring van Engelse kampe. Daar word geen privaat van enige soort vir die vroue en kinders opgeslaan nie, en dit is onmoontlik om in die dag uit te gaan sonder om gesien te word. Vanmôre is daar geen reën nie, en die mense neem hulle goed dus van die waens af. Ek het 'n vrou haar kussings en komberse sien uitdroog, en ook die hoeke van haar matras-alles opnat; en sy is een van vele.

Maandag.—Ons het omtrent twee myl verder na 'n nuwe kamp getrek.

**Woensdag.**—Vandag deur 'n baie slegte drif gekom. Is nog in Bergen, by Martin se plaas.

Donderdag.-Heeldag getrek. Die paaie en drifte is verskriklik-so sleg ; en die arme osse kry nie genoeg rus as daar so kort uitgespan word nie. Om sewenuur n.m. het ons langs 'n rivier uitgespan. Om elfuur n.m. kom die bevel dat ons verder moes gaan. Dit was pikdonker. Ons wa was een van die voorstes; dog ons het aangegaan oor baie slegte paaie, glad van die reën en deur waens verniel. Ons het vier vreeslike drifte deurgegaan ; en as ons drywer nie baie goed was nie, weet ek nie wat sou gebeur het nie. Ons het om twee-uur v.m. uitgespan. Net 'n paar waens was by ons. Verskeie ongelukke het gebeur, waardeur die pad belemmer was; 'n sekere mevr. Brodrick het in haar bors seergekry ten gevolge van 'n kas wat op haar geval het toe die wa omgeval het.

Vrydag.—Ons het heeldag by die Pongola uitgespan en op die ander waens gewag, Saterdag het ons heeldag in beslag geneem om 'n klein entjie te trek. Vanmiddag het ons weer in stortreën begin. Om tienuur n.m. het ons vasgesit en byna omgeval in die modder. Daar ons digby die kamp was, het die wag gaan hulp soek; en ons het ses-en-dertig osse voorgehad en tot twee-uur v.m. tevergeefs probeer. Die volgende môre het hulle ons uitgesleep.

Sondag.—Ons het so ver soos die Rooi Paaie getrek en toe geslaap. Die Rooi Paaie is een van die slegste stukkes pad op een van die slegste paaie in die Transvaal.

Maandag.—Ons het die Rooi Paaie vandag oorgegaan. Die wa het net die beddegoed en klere opgehad en dit het drie spanne osse gevra om ons wa daarop te kry ; die trektoer het viermaal gebreek; die modder is verakliklik ; die osse kan skaars hulleself oor die weg kry. Uitgespan anderkant Baviaansrivier.

Dinsdag.-Dit reën heeldag. Ons wag op die ander waens. Die pad voor deur 'n konvooi belemmer. Annie baie siek. Moet die kos wees, want ons het net vleis en mielies as ons hulle te pluk kry ; geen brood, nie eens meel vir pap nie ; en vir geen geld is daar iets te kry nie. Ons wag is vandag deur kaptein MacStead, Oos-Yorkshire-resjiment, weggeneem. Ons het manne van die Suffolk-resjiment, 5e Lansiere, Dublin-Fusiliere, Oos-Yorkshire- en Gordon-Hooglanders gehad. Hulle was altoos gewillig om op elke manier te help en ons het niks gehad om oor die manne te kla nie; huile was goed vir ons.

Woensdag.-Annie is heeldag baie siek gewaas. 'n Winterige, mistige reën. Ons is omtrent twintig myl van Utrecht, kan niks in die vorm van kos kry nie-nie eens vleis nie, daar die skape agtergelaat is toe ons hierdie distrik ingegaan het. Daar is baie siekte ten gevolge van die nat weer en gebrek aan voedsel. Die pad is 'n modderpoel ; waens bly staan op die afdraans, dit is nog die

slegste wat ons gehad het. Ons het drie spanne osse voor, en een os het van uitputting neergeval en is geslaan en half dood uit die pad gesleep geword. Osse met lonsiekte word verplig om te trek tot hulle in die juk dood neerval.

Donderdag.—Koud, mistige reën. Moeder en Annie baie siek. Hoegenaamd niks om hulle te gee nie. Utrecht vandag binnegegaan. Kan geen brood koop nie, daar die mense alles of weggee of verkoop het. Beveel om deur die dorp te trek om neënuur n.m. Reën en baie donker. Vir meer as 'n uur by die kantoor gehou en toe bevel om oor die rivier na die kamp te trek. Vroeër in die aand het 'n wa by die deurgaan omgeval; dog dit het hulle nie teruggehou van al die ander famielies in die donker te laat oortrek nie.

Vrydag.—Moes om drie-uur v.m. om rantsoen gaan, die eerste wat ons ontvang het sedert 17 Februarie-1 pond meel, 1 ons suiker, 1 ons koffie,  $\frac{1}{2}$  ons sout vir elke volwassene. 'n Lang skof getrek tot vieruur n.m. ; in stortreën uitgespan ; geen brandstof nie.

Saterdag.—By die Oembanakamp; drie dae se rantsoen ontvang-3 pond meliemeel,  $1\frac{1}{2}$  ons suiker, ditto koffie. By Newcastle gekom ; die jong met geld en 'n briefie gestuur om brood te koop. Die wag weier om die jong oor die brug te laat gaan. Dit reën, en ons het geen brandstof nie.

Sondag.-Geweer om die jong oor die brug te laat gaan om brood te koop, al het moeder na die brug gegaan en die wag gevra om die jong toe te laat om brood vir ons te gaan koop. Later het 'n soldaat aangebied om brood vir ons te gaan koop, en dit het hy gedoen.

Maandag.-Newcastle gistermiddag verlaat ; hier aangekom (Volksrust) half-tien, in die reën. Die stasie 'n see van modder en slyk. Hoegenaamd geen voorsorg vir die vroue en kinders, oor 300, gemaak nie. Ons het wat ons nodig gehad het, by die verversingslokaal gekoop; dog baie het nie geld gehad nie. Die kamers vroeër deur die S.A.S. as doeanekantore gebruik, word oopgemaak; en die vroue en kinders het soos skape daarin gegaan, totdat daar nouliks staanplek was. Dié wat buitkant gelaat was, waar ons ook onder was, word op twee trollies gelaai en geneem na wat vroeër bekend was as die Volksrust-hotel, waar veertien van ons die nag in 'n klein eenpersoons-kamer deurgebring het. Daar was net 'n tafel in. Een van ons party het twee komberse saamgebring, wat ons op die vloer oop gegooi het en waar ons tot in die môre op gesit het.

Maandag.—'n Ongenadige stortreën. Moes na die stasie gaan om omtrent ons paar goedjies te sien; ons het nie eens 'n kombers by ons gehad nie. Die goed in die bagasie-waens was op die stasie in die reën op 'n hoop afgelaai,

en al die vroue en kinders in een worstelende massa; elkeen probeer om sy besittinge uit die hoop te kry. Die trokse met die meeste goed was nog agter by die omdraai-stasie, Majoeba, of *liewer*, Boskobela. Ons goed was in die trokse, en dus moes ons tot laat die middag in die modder en slyk staan en wag, tqs die trokse ingekom het en afgelaai geword is, nie op die *platvorm* nie, dog op die wal aan die ander kant in poele water en plasse modder. Dit is onmoontlik om die geharwar van die tonael te beskrywe-Kaffers op die trokse *wat aflaa*i en alles deurmekaar afsmyt. Ek het 'n sak meel van die een ent na die ander sien opbars toe dit die grond bereik, en dieselfde ook met kiste-alles het in water en modder gestaan, totdat dit op 'n trollie gelaai is. Elkeen moes haar goed eien toe dit van die troks afkom. Daar was 'n streep vroue op die wal wat skree en beduie soos hulle goed afgegooi word; en die lawaai was oorverdowend.

*Sondag, 17 Maart.*—'n Week van reën en ellende. Ons is nog by die *Volkarust-hotel*—elf van ons in 'n klein stoepkamertjie; *nouliks* plek om te slaap; ons eet en lewe buite-kant. 'n Kamp is digby ons in die dorp, tussen die huise. Baie *tente* staan in modderpoele; die enigste ding waar die laerkommandant hom skynbaar oor bekommer, is dat die *tente* mooi in rye *sal* opgeslaan word—waar, kom daar nie op aan nie; twee *beltente* onder drie familiëes. Moeder wou dié wat hulle haar aangewys het, nie neem nie—een *enkel* en een uitgevoer, wat in *modderpoele* staan; die reën het dwarsdeur *gespoel* eenkant in en die ander kant uit. *Sy* het aan superintendent Nixon *gesê* dat hulle nie goed vir 'n hond is nie en *weier* om daarin te gaan.

*Maandag, 18e.*—Vandag gegaan om rantsoen te ontvang. Ons moet op 'n klomp voor 'n venster staan en ons rantsoenkaartjie inhandig—1 pond meel, 1 ons suiker en koffie,  $\frac{1}{2}$  ons sout per dag en 2 pond vleis in die week vir 'n groot-mens; kinders onder twaalf, half rantsoen. Die meel is goed; suiker en koffie baie sleg; die vleis eenvoudig gemeen. Die skape wat geslag word, is baie armoedig; *dan* word die vleis gedurende die nag in 'n tent opmekaargepak en is baie dikwels, as dit die volgende dag uitgedeel word, heeltemal warm en op pad om bedorwe te word.

*Vrydag, 19 April.*—Gisteraand ná agtuur, net toe moeder besig was om bed-toe te gaan, kom — met 'n boodskap van majoor — dat hy haar dadelik wil sien. Moeder antwoord: „Onmoontlik; sy sou môreoggend kom.” Die man het *gesê* dat hy dit nie kan waag om so 'n boodskap te neem nie—moeder moes kom; so het moeder eindelijk met Annie en Polly Coltzer saam met die konstabel gegaan, wat hulle na die majoor se huis neem, waar hulle na sy slaapkamer geneem word. Toe moeder ingaan, plaas die

soldaat sy arm dwars oor die deur om Annie te belet om in te gaan; dog sy druk sy arm op en *sê*: „*Ek* is haar *dogter*,” en gaan toe saam met Polly in die kamer in. Die majoor was in 'n verskriklike humeur. „*Jy* is mevr. Cameron?”—„*Ja*.”—„*Jy* is 'n allergevaarlikste vrou. Ons het *verneem* dat jy teen die Britse Regering uitlatinge gemaak het. Wat dink jy *kan* jou *tingerige* persoon teen die magtige Britse Ryk doen? *Jy* sal nie soos 'n vrou nie, maar soos 'n man behandel word. *Jy* is 'n *Engelse* vrou.”—„*Al* my simpatie is met die *Boere*.”—„*Konstabel*, skryf d' t op.” Toe moeder probeer om te praat, *sê* die majoor: „*Stil!* *Jy* is onder ons duim, en ons aal jou daar *hou*.”—„*Dit* most nog *gesien* word.”—„*Sê* dit weer! *Jy* sal *dadelik* tronk-toe *geneem* word, verstaan jy?”—„*Ek* verstaan.”—„*Al* die konsessies wat ons aan jou wou toestaan, word *teruggetrek*. *Jy* sal nie toegelaat word om enige *versendinge* te ontvang nie hoor jy?”—„*Word* ek nie *toegelaat* om my te *verdedig* nie?”—„*Konstabel*, laat daar vannag 'n wag oor *hierdie* vrou geplaas word; en sy moet môre om *tienuur* v.m. onder *eskort* in die kantoor *kom*.”—„*As* u my môreoggend wil *sien*, gee ek u my woord dat ek sal *verskyn*. 'n *Eskort* sal onnodig wees.”—„*Jou* woord!”—„*Ja*, my woord. Ek beroep my op die hele *Ermelose* distrik en die *helfte* van Pietretief om te *etuig* of ek my woord kan hou of *nie*.” Die majoor herhaal toe sy vorige instruksies aan die konstabel omtrent die *eskort* en dié *wag*. Moeder buig en *sê*: „*Dankie*,” en loop uit en word deur die konstabel teruggeneem. „*n* Wag word *daardie* *nag* by die kamer *geplaas*, en die volgende dag word my moeder en *suster* deur die straat na die kantoor deur die konstabel *begelei*. Toe hulle daar kom, *verneem* hulle dat die majoor te siek voel om *sy* aandag aan die kantoor te gee, en dus moes hulle teruggaan. *Later* word 'n konstabel *gestuur* om hulle aan te *sê* om voor die magistraat te *verskyn*; hulle word *weer* na die kantoor *begelei*. Wat hy *gesê* het, kom *hierop* *weer*, dat dit tot hulle kennis *gekóm* het dat moeder die *kamp* opmaak en die *Boere* aanmoedig in hulle *teenstand* deur te *sê* dat hulle sou wen, en as hy weer dit nodig vind om met haar te praat, „*sal* hy *u*ters streng met haar *handel*.” 'n Paar dae later word die twee *fameliëes* by ons in die kamer na die *nuwe* kamp anderkant die spoorweg-stasie en buite die dorp *geneem*. Moeder, my *suster* en ek gaan na die kantoor en vra of ons nie ook na die kamp kon gaan nie, daar die *superintendent* ons vertel het dat hy *instruksies* ontvang het dat ons *moes* *bly* waar ons was. Die majoor vra of ons van plan was om dagaar te woon. Moeder *sê* ja. „*Dan*,” *sê* hy, „*sal* julle nie toegelaat word om in dis kamp te woon nie. *Julle* is gelukkig om 'n kamer te *hê*.” Moeder *sê* die kamer is nie *geski* nie; sy sou

graag 'n verandering wil maak, indien moontlik; en hy antwoord dat sy dit kon doen.

**Donderdag, 25 April.** - Laat vanmiddag het ons die volgende ontvang: —

„VAN ASSISTENT-DISTRIKKOMMANDANT AAN  
MEVR. CAMERON.

„VOLKSRUST-HOTEL, VOLKSRUST,  
25 April 1901.

„Ek het die eer u te berig dat u môre, die 26ste deser, na Pietermaritzburg om elfuur n.m met die trein moet vertrek. 'n Wa sal u bagasie na die stasie neem.”

Ons het nie voor die volgende Sondagaand vertrek nie, omdat geen wa om ons goed stasie toe te neem, voor die tyd opgedaag het nie. Ons het hier op die 29e April aangekom en is op die oomblik nog hier.

B. R CAMERON, Krygsgevangene.

GBOENPUNT, PIETERMARITZBURG, NATAL,  
31 Mei 1901.

VAN 'N MEISIE IN DIE VRYSTAAT, DOGTER VAN  
'N KOLONIS WAT IN DEVONSHIRE GEBORE IS.

• 16 April 1901.

Ons was twee maande in die kamp op Vrededefort-weg en het eindelijk uitgekóm op versoek van 'n tante wat 'n „Jingo” is. Ons het veel angs uitgestaan tuis voor ons gevange geneem is. Tog het ons geen gebrek gely nie, daar die Boer-kommando ons van vleis en meel voorsien het.<sup>1)</sup>

Toe die Engelse by Vrededefort gekóm het, het 'n soldaat wat ons uitgevra het, ons vertel dat ons moes gaan, want ons naam was op die lys; dog ons sou volop tyd kry om klaar te maak. Dit was gelukkig dat ons dit gedoen het, want om drie-uur word ons aangesê om oor 'n halfuur te vertrek. Toe was daar 'n toneel van groot verwarring. Ons het so hard gewerk soos ons kon, en sommige soldate het ingekom om ons te help; dog so vinnig soos hulle met die een hand gehelp het, het hulle met die ander gesteel. Die offisiere het gemor oor die hoeveelheid wat ons bymeekaar gebring het, en die waens was hoog gelaai, want die meeste van die inwoners van Vrededefort moes dieselfde tyd voortgaan.

<sup>1)</sup> Hierdie opmerking is belangrik om aan te toon dat die families soms uit die voorraad van die kommando's geput het.

Ons geselskap het bestaan uit my ou grootvader, my moeder en 'n broer—'n jongetjie van agtien. Nà ons vertrek het ons weer gou tot stilstand gekóm en die nag omtrent 'n halfuur van die dorp deurgebring, met ons woning in die gesig. Hier was ons in ope waens—geen skuiling nie-en baie mense sonder kos. Ons het gelukkig 'n goeie voorraad saamgebring. Die kinders het die hele nag deur gehuil.

Die kamp by die stasie is net drie uur van Vrededefort; dog dit het ons twee dae geneem om daar te kom, want ons het heen en weer moes reis om te waak teen 'n onverwagte aanval. Die tweede nag het ons ook buite deurgebring, en ons het vir oupa se lewe in die bitter koue gevrees. Toe ons teen die aand die stasie bereik, word ons beveel om oor te gaan na die ander kant, toe weer om teru te kom, en toe moes ons weer die spoor oor. Dit was 4aat in die nag voor ons tot rus gekóm het; en weer het die arme hongerige kinders gehuil en geknies.

Ons kamp is 'n werlike tronk. Daar is draadversperinge rondom, en dan die heinings, en wagte staan by die ingang. Die superintendent was vriendelik; dog die kommandant was 'n vreeslike man. Elkeen, selfs die Tommies, het gebeef as hulle sy stem hoor. Hy het 'n tronk of waggkamer gehad vir vroue wat hom kwaad maak. Ek weet van vroue wat uit hulle bed in die nag geneem is om in hierdie tronk geplaas te word. 'n Wakkere vrou wat haar wasgoed op die draadheining gehang het, is gevange geneem omdat sy aan die wag wat haar beveel het om dit we te neem, gesê het: „Wa, se dan aan die kommandant 8at hy 'n ander draadheining moet maak vir die wasgoed, want ons kan dit nie op die kaal grond oopgooi nie.” 'n Ander vrou het in moeilikheid gekóm omdat toe 'n offisier by haar gekla het oor die oopreek van die spoorweg deur die Boere, sy geantwoord het: „Wel, dit is ons eie spoorweg; kan hulle nie met hulle eie doen wat hulle wil nie?” Sy word uit haar bed gebied om na die plaas van hegtenis geneem te word, en sy het gevra om haar twee klein kindertjies en 'n matras. Dit was so trekkerig dat sy die hele nag op die klap van die tent gelê het om die wind van die kinders op die matras te hou. Hierdie vroue is altwee as „ongewenstes” weg-geneem, en niemand in die kamp wis waar hulle heen geneem is nie.

Elkeen het genoeg meel ontvang, dog nie vleis nie. Dié wat nie geld gehad het om iets vir hulleself te koop nie, moes dit baie skraps gehad het. Die wasgoed moes hulle self gedoen het in 'n

Vleisrantsoen word daaglik uitgedeel, en die armoedigheid van die vleis is die algemene moeilikheid wat ondervind word. „Bully-beef” moes by twee geleenthede uitgedeel word in plaas

kuil, wat baie sleg geword het ten gevolge van die gedurige gebruik. Die opsluiting en gebrek aan oefening word ten eerste gevoel, want vuurmaakhout was skaars, en dit was onmoontlik om warm te bly. Elkeen het op die grond geslaap en die wind het langs die kante van die tent ingewaai.

Die vier van ons het een tent gehad en oupa was al die tyd siek en kon nie regkom ná die twee nagte in die veld nie. Een môre sê ek aan hom: „Oupa, u moet opstaan: die son skyn lekker warm daarbuite.” Hy sê:

„Ek kan my nie roer nie; ek het styf geword van die koue.” En dit was waar; hy kon hom nie beweeg nie. Toe begin daar longontsteking, en hy sê ons moet hom maar liewer hospitaal-toe neem. Hy het 'n bed in die hospitaal gekry om op te lê; dog die dokter het nie naby hom gekom nie totdat on8 hom versoek het om na hom te kyk. Toe kyk hy net vlugtig na hom en sê: „O, dit is bowe my mag om hom te help!” en loop weg. Die volgende dag is oupa dood. Hy was 'n sterk man voor hulle ons van ons woning wegneem het. Sy lyk het hulle in 'n kis gasit en hom langs die spoorlyn begrawe, waar die vele andere wat gesterf het, begrawe is. Hout kan nie gebruik word om die grafte mee te merk nie, want dit aal as brandhout weggedra word, want elke dag was daar 'n begrafnis, en soms tot ses toe.

Al die tyd dat ek in die kamp was, het ek nooit gesond gevoel nie. Dit was vreeslik saai, want niemand het ge-

van vars vleis, t o e l a a s g e - noemde te sleg was om t e e t. Geen reserwe-voorraad ranteene word in die kann, gehou nie.—Cd. 893, bls. 101.

WASGOED.—Klere word gewas in vlak damme vuil, staande reënwater, 'n halwe myl van die kamp. Die vroue word eere om sewcnuur v.m. toegelaat om uit te gaan om hulle klere te gaan was-in klompe van sewentig tot honderd op 'n dag onder begeleide van konstabels. Die wasplek is heeltemal ongeskik in alle opsigte; dog daar is nie 'n ander een te kry nie.—Bls. 100.

Gebrek aan water maak sindelikhed byna onmoontlik.—Bls. 103.

BRANDSTOF.—Eenslag was die mense afhanklik van mis wat hulle opgetel het; dog ten gevolge van militêre regulasies is dit stopgestel.

BEDDENS EN OPEENHOPIING.—Daar is heelwat ongesonde opeenhoping. Meer tente is dadelik nodig om ernstige opeenhoping te verlig. Meer katela is dringend nodig. Eenhonderd en drie-en-twintig tente is sonder ledekante.

KEKKEKOP.—In ruwe toestand en nie omhein nie.—Bls. 102.

DOODSHUIS.—Baie onbevredigend: nrby die muile se kraal. Erg geflenterde belsent sonder banke. Lyke in kombersse toegeroi lê op die grond op draagbare. Geen middel om diere of rondlopers uit te hou nie. Op aanbeveling van die komitee is dit dadelik binne die hospitaalkamp geplaas en hanke daarin geplaas. Die superintendent het ook dadelik linne vir doodsklere laat kom.—Bls. 102, damesrapport.

Vgl. mevr. Fawcett. Rapport van versadering en brief aan die „Times”, 24 Maart 1902, waar behoefte aan liune vir doodsklere beskryf word as „dwaas ophitsend en goddeloos misleidend.” (Vgl. ook Bethulle-kamp. Hierdie behoefte was werklik algemeen.)

waag om veel te sê nie, en die kamp was vol spioene wat elke woordjie by die kommandant aangedra het. Dog nie een van die vroue wou hê dat hulle mans moet oorgee nie. Die kommandant was baie onbeleef teenoor ons toe ons weggegaan het. Toe ons op die platvorm staan, kom hy na ons en sê: „Watter reg het julle om te gaan, waar julle mans en broers en seuns nog veg? Waarom sê julle nie aan hulle om in te gee nie?” Toe kyk hy na my en steek sy vinger in my gesig en sê: „En wat maak jy hier? Skrywe, skrywe gedurig geskryf! Watter reg het jy om te kla en dan die kamp te verlaat?”

Hierdie volgende verhaal word deur 'n weduwee meegedeel wat haarself as 'n Engelse dame beskou, al is sy in die Oranje-Vrystaat gebore:—

Op die 160 April 1901 het 'n Engelse leërmag onder generaal Elliot by ons dorpie gekom, en daardie selfde middag word 'n groot aantal inwoners aangesê om klaar te maak om met die kolom na die spoorwegkamp op Vredfortweg te gaan. Die mense word toegelaat om 'n bietjie klere en beddegoed saam te neem, wat op oop waens gelaaai word; en daarop moes hulle in die brandende hitte van die dag sit.

Al was die afstand maar net sestien msl. moes hulle die pyniging van twee dae en twee nagte op die veld deurmaak. Hulle het omtrent vieruur in die middag vertrek; dog hulle het reeds uitgespan toe die dorp nog in gesig was. Geen tente word verskaf nie, en daar was geen ander voorsiening vir skuiling teen die koue nagte nie, en hulle moes op die ope veld slaap. Die offisiere in -bevel van die konvooi het hulle nooit oor die mense bekommer nie, en die vroue moes maar toesien.

Die tweede aand se uitspan was in gesig van die kamp en spoorweg, en tog moes hulle weer buite slaap, sonder skuiling, waardeur die ou manne en kinders swaar gely het.

Die kamp was omhein met twee doringdraadheininge, met draadversperringe tussen die heininge en 'n fort agter die kamp; by elke ingang word wagte geplaas om teen ontvlugting te waak.

As dit nie die geval was nie, sou die vroue gou daaruit wees, veral omdat die Boere, ondanks die fort en soeklig, dikwels die plek nader en op waterenteke waarskuwinge aan die militêre skrywe om hulle vroue-prisoniers beter te behandel en hulle beter kos te gee. Die kos, soos gewoonlik, is armsalig en skraal, sonder groente of afwisseling. Daar is hoegenaamd geen vars melk nie. Die kommissie het



Heel dikwels moes die vrou voor die kommandant verskyn om informasie uit hulle uit te kry. 'n Paar voorbeelde word hier gegee:—

Mevr. Badenhorst, van die plaas „Witkoppies,” distrik Kroonstad, word voor die kommandant gebring en gebied om te sê waar daar ammunisie op haar man se plaas begrawe is. In antwoord sê sy dat sy niks weet van ammunisie wat daar begrawe is nie. Toe word sy gevonnissen om vier-en-twintig uur alleen in die bewaartent opgesluit te word. Teen die aand eis sy om haar twee jongste kinders by haar te hê en 'n bietjie beddegoed. Daar die tent geen behoorlike toue en penne gehad het nie, moes sy op die kant van die tent se seil lê om haar twee kleintjies teen die koue te beskerm. Die volgende dag word die arme vrou weer ondervraag en gekruisvraagd deur hierdie offisier, met geen beter uitwerking nie; en daar volg 'n ander vonnis van ses-en-dertig uur eensame hegtenis in die bewaartent. Ek moes gesê het dat die dag voor die beskuldiging het mevr. Badenhorst die gruwelike misdaad gepleeg om haar wasgoed op die binneste doringdraad-omheining op te hang; en toe een van die wagte aan haar sê om dit weg te neem, sê sy: „Sê jy aan die kommandant dat as hy beswaar maak dat die wasgoed daar sal hang om droog te word, hy draad in die kamp moet span waar ons ons klere aan kan ophang. Hy kan tog seker nie ver wag dat die wasgoed op die grond in die stof sal droog word nie.” Dit was te veel vir die waardige majoor en daarom hierdie vervolging. Mevr. Badenhorst en haar famielie is van hierdie kamp weggestuur-niemand wiss waarheen nie. Haar eggenoot was toe krygsgevangene op Groenpunt, Kaapstad, dog is nou in Bermuda.

Mevr. Barend Pretorius, van „Rietspruit,” distrik Kroonstad, is op dieselfde wyse beskuldig en gevonnissen en gedeporkeer—niemand weet waarheen nie. Mnr. Pretorius was in 'n ander bewaartent in hegtenis geplaas vir dieselfde oortreding, omdat hy nie kon vertel waar ammunisie begrawe was nie; en toe sy vonnis verstreke is, vind hy dat sy vrou en kinders gedeporkeer was; hy probeer nog tevergeefs om uit te vind wat van hulle geword is.

'n Ander vrou het die moed gehad om aan die kommandant te sê, nadat hy versoek het dat hulle hul mans moet laat weet dat hulle geskiet sal word waar hulle die spoorlyn beskuldig, dat sy nie haar man soiets sal laat weet nie, omdat die lyn uit hulle sak geou was en dat hulle dit weer kon verniel as hulle wou. Die vonnis van eensame opsluiting in die bewaartent het geen uitwerking op haar gehad nie. Toe sy na die kamp terugkeer, kom sy met 'n glimlag op haar gesig, onder begeleiding van die wag, en

gevind dat die nuwe rysantsoen baie waardeer word.—Cd. 898, 101. (Ses maande later.)

sê hardop aan haar medekamprisoniers: „Ek het met bydskap gelyterwille van ons mans en broers wat veg. Ek het niks verkeerd gedoen om my oor te skaam nie. As ek 'n man was sou ek nie vroue en kinders behandel soos ons behandel word nie. Dan sou ek uit skaamte my hoof laat hang. Ek roem in die smarte wat ek verduur het.” Haar onverskrokkenheid (word veronderstel) sal die kamp aansteek; en sy word weggestuur.

Die dame sê dat sy van een van die gewonde soldate verneem het dat haar huis en alles wat daarin was, en verskeie ander huise van kamprisoniers afgebrand was ná hulle die dorp verlaat het (dit was teen die tweede helfte van April). Haar seun is krygsgevangene en was nie daar toe die wegvoering plaasgevind het nie.

Mevr. Christiaan de Wet, vrou van die welbekende generaal, is gevang 'n tydjie ná haar plaas afgebrand is, en eindelik met haar famielie na Johannesburg geneem. Sy kon sonder die hulp van die Engelse klaarkom, dank sy die liefdadigheid van die Duitse vriende. Haar protes, wat later deur 'n tweede gevolg is (sien Deel 111, bls. 373) is gerig aan die Daily News, wat vroeër haar protret gepubliseer het.

JOHANNESBURG, 24 April 1901.

WAARDE HEER,—Daar ek verneem dat u nie alleen my portret laat verskyn het nie, maar ook daarby verklaar dat ek nou in Johannesburg „onder die beskerming” van Haar Majesteit se Regering woon, wens ek hiermee ten sterkste te protesteer teen die gebruik van sodanige uitdrukking.

Ná ons plaas deur Haar Majesteit se troepe verwoes is, en al ons ander besittinge verniel en geneem, het ek enige maande met ons kinders rondgeswerf om nie in hande van die vyand van ons volk te val nie, tot die 20e November 1900, toe ek gevange geneem is en in 'n beestrok na Johannesburg geneem, al het hulle goed geweet dat ek die vrou is van generaal De Wet. Daar ek gevange geneem en hierheen teen wil en dank gevoer is, nadat ek van alles beroof was, het ek van die militêre owerheid geëis dat hulle my voldoende en goeie kos sal gee.

Eers het hulle dit aan my kelowe; dog 'n paar dae later het ek skriftelik kennis gekry dat ek alleen van voedsel voorsien sal word as ek 'n dokument onderteken waarin ek verklaar „dat ek sonder enige bestaanemiddele is en heel-

temal afhanklik van Haar Majesteit se Regering." 1) (Die koningin het toe nog gelewe.) Die owerheid behou verder die reg om sodanige dokument openbaar te maak. Om dit te doen, sou vir my baie vernederend gewees het, en ek kon my daaraan nie blootstel nie, veral nie aan die vyand van ons volk nie.

Ek het geen guns van die vyand gevra nie, en ek het nie plan om dit ooit te doen nie. Dit is waar, ek woon in Johannesburg, dog teen my sin. Van die Engelse ontvang ek niks nie, en ek wil niks van hulle hê nie. Wat ek nodig het, hoop ek om deur bemiddeling van mensliewende vriende te kry en nie van die Engelse nie.— Ek is, ens.,

(Geteken) C. M DE WET

(Vrou van generaal De Wet).

Ek het op Winburg (so skrywe mevr. Roux) op die 3e Mei aangekom en word eers na die „refugee“-kamp gestuur. Later word ek na die kamp op die tentoonstellingsgrond geneem, waar die „ongewenstes“ gehou word en waar ek omtrent veertien dae moes vertoef. In hierdie kamp het die getal manne, vroue en kinders van 400 tot 276 gevarieer. Ek kan nie presies sê hoe groot die ruimte is nie; dog dit is seker onder 200 by 300 tree. Dit is omring deur 'n sinkomheining sewe tot ag voet hoog, sodat niemand kan oorkyk nie.

Ons word nie toegelaat om die kamp te verlaat nie en word soos gevangene behandel. In die kamp is sinkhutte waar die vroue in moet

lewe. 'n Wag word oor ons geplaas, en daar was net een hek; dog ons word nie toegelaat om daardeur te gaan nie. Toe ek in die kamp gekom het, was daar vroue en kinders in wat daar reeds meer as vier maande was, sonder dat hulle ooit buite die hek was. Die dokter van die kamp, dr. Scheehagen, het my vertel dat hy 'n rapport opgestel het omtrent die sanitêrstoestand van die kamp en sou dit na die gesondheidsraad op Bloemfontein gestuur het; dog hulle het hom nie toegelaat om dit te doen nie. Hy het verklaar dat die hele stuk grond besmet is en heeltemal ongeskik om in te lewe. Die sanitêre reëlinge is sodanig dat 'n mens nie in die publiek daaroor kan praat nie. In veertien dae was daar sewe sterfgevalle. Almal, sonder uitsondering, het vleis, meel en gekondenseerde melk ontvang; ook suiker en koffie. Ons het 'n

UITTREKSELS UIT RAPPORT  
VAN DAMESKOMMISSIE.—  
Cd. 893.

'n Klein aantal, genoem „ongewenstes“ woon op die tentoonstellingsgrond.—Bis. 83.

Die tentoonstellingsgrond het ag-en-veertig hutte gehad. Die hoogste getal in een hut was ag.

½ pond vleis op 'n dag gekry. Die vroue het my egter vertel dat voor ek daar in die kamp gekom het, was hulle tot sewentien dae sonder vars vleis. Ons het ons water in waterkarre gekry wat na die kamp gestuur word; dog ons kon nie soveel water kry as ons wou hê nie. Ons kry ook brandhout, dog moet ons vuur buitekant op 'n bepaalde plek maak.

Soms reën dit; en al was die plek modderig en vuil, tog moes ons ons vuur daar maak. Die kinders het niks gehad om te doen nie; gewoonlik het hulle maar hout gekap.

Hulle het geen skool gehad nie en moes binnekant die kamp bly. Eenmaal op 'n dag word hulle toegelaat om buitekant die kamp te speel. Die speelluur-slegs een uur word hulle toegelaat om buitekant die kamp op die speelgrond deur te bring, en slegs kinders bokant twaalf jaar kon uitgaan was drie-

uur in die middag. Hierdie uur word as 'n groot guns aan hulle toegelaat, op raad van die dokter en verpleegster Bakkes, nadat hulle vier maande binnekant die kamp was. Die vroue in die tente is verplig om op die grond te slaap; dog sommige wat beddegoed gehad het is toegelaat om dit mee te bring. Toe verpleegster Bakkes aangekom het, het twee-en-twintig pasiënte slegs twee flesses melk op 'n dag gekry. Die toestand waarin sy die kamp gevind het, was sodanig dat sy direk na die kommissaris gegaan het en hom gesmeek om saam met haar na die kamp te gaan om die kinders te sien sterf van honger omdat hulle vir drie dae geen behoorlike bos gehad het nie, daar die vroue geen brandhout ontvang het om kos vir die kinders te koek nie. Hy het saamgegaan en drie karvragte hout na die kamp gestuur.

Ná alles wat ek gesien en gehoor het, kan ek nie anders diuk as dat ons prisoneris is nie. Daar was twee gevalle om dit te bewys. 'n Sekere mevr. Scot en sewe kinders kom na die kamp. Toe sy daar was, word een van haar kinders 'n meisie—siek, en sy word na die tentoonstellingsgrond-hospitaal buitekant die kamp geneem; dog die moeder word nie toegelaat om haar te vergesel nie. Toe die kind sterwende was, word verlof haar geweer om na die hospitaal te gaan, en die kind is dood sonder dat sy haar moeder weer gesien het. Later is nog twee van haar kinders siek geword en na die hospitaal geneem. Binne

LATRIENES OP TENTOONSTELLINGS-GROND.—Daar is geen spesiale vooreiening vir kinders gemaak nie, en die groot private van die vroue behoort partiesies te hê.—B.L. 84.

VLEIS.—Die vroue het meer gekla oor koe, en veral vleis, as op enige ander plek. Die segregasiekampe het eenmaal geweer om hulle vleis te ontvang; dit is na die kontrakteur teruggeëem en dadelik in die dorp verkoop. Die rantsoenhuis in die segregasiekamp was baie vuil en onder slegte beheer.

STEENKOOL.—Dit word weeklike uitgegee (1 pond per hooi per dag). Die mense het meer brandstof nodig.

1) Vgl. artikel VII van die Haagse Konvensie.

vier maande het sy vier kinders aan' die koors verloor ; hierdie kon sy besoek.

'n Sekere mevr. Esterhuizen, van Brandfort, het herhaaldelik 'n versoek ingestuur om verlof te kry om in die dorp Winburg op haar eie onkoste te gaan woon; dog dit word geweier. Sy het die koors gekry en is dood terwyl ek in die kamp was. Die kommissaris op Winburg kom my voor te jonk en onervare te wees. Toe verpleegster Bakkes hom gesmeek het om meer goed na die kamp en hospitaal te stuur, was sy antwoord dat as hulle op hierdie wyse voortgaan, sal hulle Engeland byna bankrot maak. Die wyse waarop die vroue behandel word laat veel te wense oor. Hulle word deur Kaffers van hulle plase weggeneem en na die kamp gebring. Soms is hierdie Kaffers erg astrant. Die kamp word bewaak. Sommige van die Boere wat oorgegee het—ons noem hulle „hardsuppers”—doen die algemene werk van die kamp—water haal, hout dra, volgloed wegneem.

**Mnr. Koenbrink** het my gesê om kalm en stil te bly, of anders sou hulle my van my kinders wegneem en my na 'n ander kamp stuur. Die vrouens word ook met kleiner vrousoen bedreig as hulle nie kalm en stil bly nie. Hulle word nie toegelaat om kos van enige aard te koop nie, al het sommige van hulle geld. Ek ken verpleegster Bakkes persoonlik. Sy ia 'n ligetraal vir die kamp en doen edel werk ; al die vroue en kinders in die kamp het haar innig lief. Die verpleegsters wat ons deur vriende toegestuur is, verdien ons Innige dank; hulle doen engela-werk.

'n Ander dame wie se eggenoot te goed bekend is om dit raadsaam te beskou om haar naam vir die teenwoordige bekend te maak, het haar verslag van die Winburgse tentoonstellingsgrondkamp ook gegee, en dit vul aan en bevestig wat die laaste skryfster meegedeel het :—

My suster en ek het stil in Senekal gewoon tot die end van April 1901. Tot daardie datum het alles sy gewone gang in daardie distrik gegaan. Vroue het ongehinder op hulle plase gebly, en die plaaswerk het ongestoord aangegaan, al was die manne weg op kommando. Soms het die Engelse deurgetrek en die plek beset, en eenmaal het

hulle 'n gewonde Engelse offisier onder my eorg gelaat. My suster en ek het hom twee maande lank teder opgepas, en ons was trots en bly toe dit eindelijk lyk of hy beter word en met behulp van 'n stok 'n bietjie begin te loop. Dog die Engelse het weer gekom, en die offisiere neem ons huls in beslag, en tot ons grootste teleurstelling dring hulle daarop aan dat die gewonde offisier na 'n militêre hospitaal vir 'n operasie al gaan. Ons het goed geweet wat dit sou beteken, en my suster het dit gewaag om voor die Engelse kommandant op te staan, soos hy by die tafel gesit het, en te protesteer. Dit was tevergeefs; die offisier word weggestuur, en ná 'n dag of twee was hy 'n lyk. Ons hys word deur die militêre beset, en ons word na die Winburgse kamp weggestuur. Hier is feitlik twee kampe—die gewone konsentrasiekamp en dié vir „ongewenstes” op die tentoonstellingsgrond. Ons was eers in eersgenoemde, waar die gewone regulasies van toepassing was. Ons was wel toegelaat om te loop na Winburg, dog durf nie ons rantsoen op een of ander manier aangevul het nie—selfs nie tot 'n naeltjie om geur aan die sop te gee nie. Na 'n kort tydjie in hierdie kamp word ons met enige ander vroue na die kamp vir „ongewenstes” oorgeplaas. In ons geval het dit gelyk of dit 'n straf was vir die bidure deur ons gehou, wat in daardie tyd onder ons mense gebruikelik is. In hierdie kamp was daar daardie tyd gedurende die maand Mei omtrent 400 mense. Hierdie was egte prisoniers, omring deur 'n hoë sinkomheining en dagen nag deur gewapende wagte bewaak. Die hutte of atakke was dig opmekaar, en 'n mens kon net die blou lug sien. Die saniteitsreëlinge was baie sleg, digby die tente; en die reuk was aaklig. Koorssiekte het natuurlik gewoed. Die vroue is in lang skure geplaas; elke familie kon aanspraak maak op 'n ruimte van ag voet by tien voet; dog daar was geen afskorting behalwe die lakens of komberse nie, wat die vroue self miskien opgehang het. 'n Mens mag gevalle van koors aan weerskante van jou hê, want die lug in die kamer was vir almal dieselfde.

Ondanks die vreeslike siekte en die groot eentonigheid en opsluiting was die vroue kalm en opgeruimd. Een arme vrou het in 'n oop wa met sewe kinders na die kamp gekom. Dit het hard gereën, en vir 'n dag en nag het die klompie in modder en water opmekaar gesit. Die gevolg was dat hulle in so 'n toestand daar aangekom het dat hulle 'n maklike prooi van siekte was, al was hulle sterk kinders by hulle vertrek van die huis. Een ná die ander is hulle dood aan die koors. Dog die moed& was heeltemal

1) Dit was ses maande later dat die kommissie hierdie kamp besoek het.

BESKOUING VAN PLAASLIKE KOMITEE.—Ons sou 'n Engelsman aan die hoof van al die departemente in die kamp verkies.—Bls. 87.

„Refugees” mag alleen eetware in die dorp koop met 'n verlof-brief van die magistraat.—Bls. 85.

Suster Bakkes (matrone) ken haar werk, en word teeg deur die dokters vertrou.—Cd. 593, bls. 86.

kalm; sy het gesê sy kon die dood verduur as die land net sy onafhanklikheid terugkry.

Die kinders het die opsluiting erg gevoel; hulle was somber en het „soos ou manne en vroue” gelyk. Eindelik het die militêre owerheid hulle toegelaat om op 'n sekere plek buitekant die kamp te gaan speel; dog hulle word met straf bedreig as hulle dit waag om verder as die aangewese grense te gaan. Die arme kleingod het in plaas van te speel op 'n hoop by mekaar op die grond gaan sit en daar gebly totdat die speelduur verby was. Later het hulle natuurlik meer gebruik van hulle vryheid gemaak; dog hulle was nog treurig en somber van gelaat. Die vroue was nie so nie; dog almal was vrolik en opgeruimd en beslote om nie neerslagtig, moedeloos of terneergedruk daaruit te sien nie, wat hulle verdrukking ook mag wees. Meer as eenmaal word daar dokumente na hulle gebring om te teken, waarin hulle manne op kommando gesmeek word om oor te gee. Nie een vrou wou teken of iets met die „vredeskommissie” te doen hê nie. Later is hulle op meer listige wyse in versoeking gekom. Hulle word eenvoudig gevra om 'n petisie te teken om daardie kamp vir 'n beter plek te verlaat. Die papier was waarskynlik skoon; net die name van hulle wat verlang om uit te kom, word gevra. Die vroue was vir 'n rukkie twyfelagtig wat om te doen. Eindelik het almal gevrees, „omdat hulle bang was dat die burgers dit sal hoor.” Een arme vrou is in groot versoeking gebring deur haar kindertjies, wat aan haar rok vasgeklou het en gehuil het en haar gesmeek het om hulle na 'n beter plek te neem.

Ek het vyf minute gehad (vertel mevr. Carstens ons) in April om op te pak en op die ope wa te klim; twee Engelse boere wat ek geken het, het as gidse vir die kolom diens gedoen, en hulle het my gehelp om 'n bietjie beddegoed, ens., bymekaar te maak; dus was ek beter daaraan toe as die meeste. Toe ons by die trein kom, het ek geweier om in die ope trokse te klim, daar ek my dogter se kindjie van drie jaar, wat net van longontsteking beter geword het, by my gehad het, en die weer, het dreigend gelyk. Toe kry hulle 'n rytuig vir my, waarin ek so veel as daarin kon gepak word, vir die nag laat skuil het. Ek was onder hulle wat van Springfontein na Bethulie gestuur was, waar ek gemeen het dat hulle vir ons een of ander voorsorg sou gemaak het; dog toe ons daar aankom, moes ons nog twee dae in die trein deurbring. Daarna sê hulle die trein word benodig; en ons word almal op die platvorm gelaat, waar sommige van ons drie weke lank ons beurt moes afwag om na die kamp te vertrek na gelang die tente aankom. Ons het op die ope platvorm geslaap en ons kos so goed soos ons kon, gekook

met houtjie en mis wat ons opgetel het. Dit was 'n treurige nag toe ons daar aangekom het, almal koud en nat; en die arme kinders huil omdat hulle nie die harde beskuite en „bully-beef” kon eet nie. Die dokters by die kolom was baie vriendelik en goed; do toe ons op Bethulie kom, word 'n dokter, 'n Duitser, gehaal om twee sterwende kinders te kom sien. My kleintjie het 'n pitsweer agter sy nek gehad, wat oopgesteek moes word, toe neem ek hom na die dokter; en daar was ander moeders wat ook hulle kinders na hom geneem het; dog hy sê baie onverskillig: „Hulle het my gehaal om twee te sien, en ek gaan nie 'n honderd sien nie.” En hy gaan weg en laat baie arme vroue in tranen en baie verlate agter. Die kommandant van die kamp, mnr. Deare, was 'n vriendelike en goedhartige man, en dit was ons 'n groot troos in ons beroeping.

Die volledigte verslag van Bethulie-kamp word gegee deur 'n burger wat self 'n ingesetene van die kamp was en daagliks gesien en self ondervind het wat daar verduur is. Hy noem as die eerste sterfgeval in daardie kamp 'n ou man, mnr. Van der Walt, oom van president Kruger. Toe ek die arme mense besoek en hulp verleen het wat op Springfonteinstate opmekaar gepak was en waar hulle dae en weke sonder skuiling in 'n vloed van reën moes deurbring, het ek die ou man en sy vrou ontmoet. Al twee was oor die tagtig jaar, en hulle het my vertel dat hulle in die Groot Trek van 1836 was. Nou was hulle altwee van hulle woning weggeruk en sonder kos, klere of dak en word hulle, niemand weet waarheen nie, weggevoer. Hulle is so skielik weggenem dat mevr. Van der Walt nie genoeg klere aan haar lyf gehad het nie, en sy was lieflik dankbaar vir my eie rok, wat ek daar en dan uitgetrek het en aan haar gegee het. Die dood het hulle spoedig verlos.

Die skrywer noem ook die aankoms van die inspekteur, wat die kamp gereorganiseer het en die man wat aan die hoof daarvan was, afgedank het. Hierdie inspekteur was mnr. Cole-Bowen, wat as superintendent van Norvalspont-kamp blyke

van besondere bekwaamheid vir die betrekking gegee het en wie se vermoë om te organiseer veel **gedoen** het om die ellende aldaar, verduur te **versag**.

Toe ek die sukses van hierdie kamp in **vergeelyking** met andere gesien het, het ek by majoor **Goold-Adams** aangedring om liom as inspekteur of instrukteur vir ander kampe, soos dié van Bloemfontein, aan te stel. Was hy aangestel, kon duisende Iewens gered **gewees** het. Dit is tot eer van die Fawcett-kommissie dat **hulle** dieselfde suggestie **gemaak** het. Dit is toe uitgevoer, dog ses maande te laat.

#### VERSLAG VAN BETHULIE-KAMP.<sup>1)</sup>

DEUR 'N OU MAN UIT DIE DISTRIK FAURESMITH.

(Taal en spelling onverander.)

Het is niet uit een gevoel van haat of wraak, maar wel van **meedelediden**, dat ik deze herinnering aan onze Ballingschap op het papier zet, en wel ook omdat er **zoo** vele geruchten (waar of niet waar) in de Wereld omgaan **schryf** ik datgene ik **selve** ondervonden heb.

Door **zoekere** omstandigheden was ik en myne Familie in **Jagersfontein**, toen de **achtien** Boeren of veel meer Helden dien morgen erin kwamen, de twee dappere mannen Commandant P. Visser en Ch. Snyman snevelten daar. Toen de Boeren wilden vertrekken ging ik eerst **snell** na **myn** huis om na een **Dogter** van my te zien, die aan Inflamatie in de longen als een Lyk op het bet lag, maar toen ik terug kwam waren de Boeren al **tuschen** de Bergen, en ik had **mynen** Tgd verzuimt. **Darna** werd ik door **vier Troopers** en een **Sargeant** gevangen genomen, de twee eersten wilden my **dood** schieten omdat ik de Boeren gegroet had maar de **Sargeant** stiet my terug en redde 500 **myn** Leven, ik worde naderhand med **aanderen** onder in de **Myn** geplaatst, **war wy**, nadat al de menschen uit Fauresmith en daaromtrent ook dar waren gebracht, na **ses** dagen er weer uit **gehaalt** worden, en nadat onze namen, getal van **Huisgesinnen** en woonplatz **opgeschryven** was, moeten **wy** op het markplain gaan en daar in eene lange kollom wachten tot dat al de vrouwen en kinderen met hunne goederen op wagens **gepact** waren, toen ver-

<sup>1)</sup> Hierdie verslag het nie in die Engelse edlesie verekyne.

**troeken wy** na Edenburg, de **mannen** te foet en vrouwen en kinderen op de wagens. Na een dag verzuim, werden de vrouwen en kinderen na Port Elisabeth gezonden, maar myn Familie **was** terug **geblyven**, en **ging** **erst** **laater**, waarskynlik om dat kind, dat door des **Heeren** genade niet gestorven **was**, te **laaten** meer genezen, **wy** mannen worden in trucks na Bloemfontein gezonden, na drie dagen in den Tronk gelegen te hebben, in trucks na Groen Punt te **Kaapstadt** gezonden.

Ik zal het nooit **vergeeten**, toen **wy** in de nabyheid van de Paarl in den **Ochend** vroeg **by** een etation **still** hielden. **Zomige** Vrouwen, dien men het **konde** aanzien dat **zy** niet overvloedig **hadden**, met hunne **Lievdegaven** van Brôod en andere dingen na **onz** toekwamen en uitdeelden, ik **zoude** well het stukje Brood dat als myn lot my toeviel, als een teeken van Liefde en Patriotisme **onzer** Vrienden in de **Kaapcolonie** aan onze **nagezachte** **opte** bewaren. **Als** **krygsgevangen** hadden **wy** genoegzame-verzorging, en **perzoonen** die Geld hadden, konden zich **eenig** na begeerte **laaten** komen. Van Groenpunt worden **wy** **by** dectricte wyze in de maand **Junie** wederom na de verschillende Kampen in den Vrystaat en Transvaal terug gezonden, ik met omtrent 240 na **Bethulie** Kamp.

Het had verscheidene dagen achter een gegend, en de Vrouwen vertelden ons dat **veele** hunner **musten** hunne **dressen** tot aan de **kniën** **opskorten** om in het water te **loopen**, want het water liep **dwars** dor hunne tenten, want er **waren** niet eens wallen **er** om, er waren voor **eenige** dagen geleden omtrent 1600 zielen in het Kamp gekomen, en er waren 4800 in al, alhoewel er een goed gedeelte mannen darby waren, moet ik tot myn **leetwezen** zegen, dat de meesten **darvan** te traag of vlekmatich waren, voor hunne eigen families te zorgen, hoe veel te minder nog voor anderen.

**Wy** Groenpunters hadden dus volop te doen; de **tente** **stonden** 16 in een **block** maar waren zo na aan malkander als onze **tente** in Groenpunt zo dat de penen van de **eene** niet ver van de pennën dier anderen tent waren, **wy** maakten **vooren** aan weersyden dier **straaten** die door de tenten gevormd waren, maakten wallen om de tenten, **droegen** water, kaptën hout, en waren de vrouwen **op** allerlei wyze behulpzaam, er waren mannen **aangesteld** die geregeld **eideren** dag voor een **zeeker** gedeelte **tentën** hout kaptën.

**Toen wy** in Bethulie Kamp kwamen, waren er zeven Gravden, en de eerste die ik zag ter aarde besteede? waren een oude heer **v. d. Walt**, een oude Oom van **President** Kruger, en een kleine **kindje**. Na omtrent acht dagen was er weer een **leikstatie** en **zoo** **hielt** het aan voor **eenen** ruimen tyd, tot dat verscheidene van **Norvals** Pont en

andere Kampen over **gezonden** worden, toen kwamen de masels ten voor **schein**, de tenten onthielden 10 tot 12 **zielen**, **zomtyds** 2 families in een tent, de **somer** kwam an, het worde **zeer** warm weder, veele dies tenten (**zy** waren allen ronde **Bell** tenten) waren in **zulken** toestand dat regen of wind er door **ging** en dan de kale grond, **zomige** hadden kartels of betstoeden, maar **zy** waren **gering** in getall, het getall der **stervgefallen** worde **meer**, de **Kinghoest** en **Scharletina** maakten hunne vertooning, het was vor my iets pynlyks **eeenen** ouden man in de **zeventig** jaren, met **den** Kinghoest belast te **zien**, er word veel **darover** geredeneert dat de tenten te na bymalkander stonden, de geneesheeren gaven **hetzelve** opinie, maar er word **wenig** verandering gemaakt, de **getalle** der stervenden was niet meer dagelyks 2 a 3 maar van acht tot 10 ook meesten deels kinderen en vrouwen.

De meest **fatsoenlikste** en schoonheidsliefende vrouw kan het niet verhoeden, dat een klein kind wiens maag **onstuimig** is, evers by een of **aander** tent gaat **nederzitten** te **ontlasten**, dan waren er ook **zomigen**, die van **reinheids-lievde** niet 500 veel in hunne **opvoedin** ontvangen hadden, en niet **darmoe** **zeer** nauwkurig waren! **unnen** overvloed van onrein in de **Buurmans** **buurte** te **bringen**, 500 dat ik of **aander** hun het **moeste** verdeutlicken, **dat zy** 500 doende de pest in 't kamp **zouden** **bringen**. Er waren policen aangestelt, meestendeels jonge menschen die **wenig** plesier in werk vonden, en dus lievers onder de Britten inswooren 2s. op den dag verdienden en volle **randzoen** ontvingen, ik moet het met droevheid **zeggen**, een **geslacht** menschen die **tevooren** **wenig** of niets **bezeeten** hadden, en wiens karakter niet op den top dier ladder der **beschaaftheid** stond. Nu kan men wel **begrypen** dat er veele vrouwen waren die, als het ware, niet van **zuigt** af gewend waren hunne handen in koud water te **steeken** of **eenig** harde werk te doen, **deze** **moeste** nu het werk doen, warvor **zy** vroeger hunne dienstboden hadden. **Ik** **moeste** **meenig** dag het **aanzien** of **hooren**, hoe **deze** arme vrouwen, mysen en ja **sels** kleine kinderen op het gruuwelekste **neergemaakt** slecht behandelt of **gescholden** en **gevloekt** worden van **deze** **zich** **zeer** veel **verbeeldende** **Heeren**. De spruit warin de vrouwen moesten **waschen** **ging** med der tyd staan ja droogde op, **zodat** men het op **eeenen** **verren** afstand konde rieken, en het was niet de reuk van Lavender, het water kwam van overkant de spruit uit **eeene** fontein, die niet ver van de **grafden** der kleurlinge was en somteids kwamen er haare wurms en ander **onzuiver** met het water **zamen**. de Kamp-komandant onderschikt onder den Superintendent was een Afrikander van geboorte, **zyn** educatie had **hy** te danken aan President Steyn, **hy** was te **vooren**

onderwyzer op Bethulie, in de plaat5 van de vrouwen en menschen het **zo gemakleik** als moogenleik te **maaken** worden **zy** **gescholden** en onfatsoenleik **aangesproken** **zodra zy** hunne **gezichten** **toonden** om **eenige** **bede** of **klagde** te **bringen** **zyn** **geliefkooste** **uitdrucking** was, "by wenschste dat de bergen mogden open **gaan** en vrouwen en kinderen **verglinden**." Toen er **enteric** en typhoit in de kamp kwam verviel **hy** ook onder de **ziekte** waarvan **hy** ook stierf. Het word beweerd, dat **hy** in het **gespreck** met **zynen** Superior **hy** 5al geuiterd hebben, dat hunne **bomben** in het kamp **beeter** werken dan die daarbuiten, **hy** zal vier dagen med den dood geworstelt hebben, geduurich **klagend?** dat by **den** Heere zag, maar dat er een bank van vrouwen en kinderen was **wardoor** **hy** niet daar kon komen moge het 'den genadigen Heer behaagt hebben dat **hy** de bank door gekomen is.

De latrienes of **gemaakpoecken** waren omtrent 100 tree **gaans** van de kamp **verwydert** en omtrent volgens boven **geschetzt**, een gat van omtrent 40 a 50 voet lang, omtrent 4 a 5 voet wyd en circa 10 of 12 voet diep dwars er **over** korte boomstammen (in de revier **gekabt**), omtrent 6 voet van malkander **geleg**, dan weer twee lange boomstammen langswyz **overdeze** **geleg**, en dan op **deze** omtrent een voet van malkander planken van **melk**, **vleesch** of **anderz**ien kleine kisten of **kassies** genageld, **zoo** waren **zy** ook voor de vrouwen en kinderen, en dan buiten om met **Eizer** **plaat**en, voor vrouwen en kinderen meestendeels met **zacken** toegeraak, hct is meer den eens gebuurt dat er kinderen ingedompelt **zyn** en ter **nouer** noot weer uit **gehaalt**. Oude **zwacke** ook door **ziekte** 5wak geworden menschen durfden het gaar niet wagen er op te gaan, en **zoo** was het voornamleik aan de **lagere** grond buiten om alles behalve aangenaam, want veele **konden** van wegen de **enteric** of **maagziekte** **niet** **vor** gaan. Ik ben nu byna 62 jaren en was na een **zware** verkouding en door het ongewonde harde werken ernstig **zik** geworden. en **konde** byna op **myne** **beenen** niet **loopen**, eensdags **konde** ik ook den dienst van dat gebouw niet gebruiken omdat ik **bevreest** was het **zelve** lot als bovengemelde kinderen te ondergaan, en **ging** dus ver in het veld, het duurte niet lang of er kwam een te **paard** na **my** toe **gejaagt!** Het was de Superintendent, **by** overstroomte my med **sched**worden **zo** dat ik nauweleiks te worde kon komen, maar **ten** einde doet ik hem **verstaan**, onder wat **omstandig**heiden ik daar was, **hy** **zyde** **aan** **my**, **dat**, **als** ik **zoo** sterk was **zo** ver te gaan ik ook op **deze** **stellatie** konde gaan, en dat ik my dadeleik **by** **het** kantoor **zoude** rapporteren. Ik **ging** na het kantoor en vertelde de omstandigheiden, het word my toen **gezeg**t **dat** **hy** (de Superintendent) dien dag in **eeenen** brief van **hooger** Oord **eeene** schrobbering

aangande de **stervde** in Bethulie Kamp **emphan**gen had, en **gezegd** morgen weer te **verscheinen**, maar ik worde nooit **opgeroepen**, en hoorde dat **aandere perzonen** verklaard **hadden** dat ik al lang **ziek** was, en na **eenige** dagen waren **deze** huizen veel meer tot **gerief** verbeert, maar de **huisen** W.C. hadden geens **daken** en het was **zelden** dat er een mal in de week wat **grond** in **geworpen** word, en dan **deze** billionen vliegen, die door de **Enteric** nog gevarleiker in het kamp worden.

Jeder **person** **ontwing** 5½ meel, ½ pond vleesch, een gedeelte **coffee**, **zuiker**, melk, en later ook wat jam; en eenige ontvingen ook wat **ryst** **war** ziekte **was**, maar wat sort vleesch was het, het **geheele** schap woog na afgeslagt en **uitgenomen** te zijn van 16 tot 20 en 21 pond, hoe veel vleesch was er nu aan het geraamte, het **beste** vleesch **moeste** gewoonlik na het hospitaal waar de **zielen** het **wenigste** van hadden, de **schaapen** moesten gewoonlik aoo na by de spoorweg gehouden worden **war** niets te **vreeten** was, **aanders** kryg boeren **se** in handen. De stervgefallen **reezen** **naderhand** 500, dat dagleiks van 20 tot 27 sterven, **grootte** mannen die med **zoo** **wenig** en **zlechte** voedsel niet **konden** uitkomen; in hospitale en in **tente** waar de menschen sterven was gewoonlik hunne laste word, **Honger**, **Honger**. Het was de honger-typhoit eene **ziekte** **byna** als de **scorbout** of Scheurbuik, de tongen **zwlle** aan mond en **tong** word med een **dicke** schurft belegt, **zy** kunnen niet **glucken** nog spreken, in de hospitalen worde het verzocht om het afteschraapen, maar als men **teegen** een zieke **sprack** dat hy of sy na het hospital zouden gebracht worden, dan wilden **zy** **alreeds** bezwyken van **vreeze** want **wenig** die in de hospitale **gingen** kwamen er levende weer uit. Sterkende drank **woide** wel soms in den morgen voor de zieken neergezet, maar by den tyd **war** de **zwacken** het **wouden** gebruiken was er **wenig** te vinden omdat **een** of **aander** van de **Heeren** die er behulpzaam waren het meeste tot eigen nut vor hunne **dikke** hoofden of **aandere** doeleinden gebruikt hadden, ook moesten de menschen voor hunne **zielen** in de tenten den drank wyn of Brandewyn **koopen**, en hoe veel en wat **zort** van drank was het somtyds? **iets** dat **onze** kantienhouders niet eens aan het volk **zoude** verkocht hebben, want de **goede** drank worde gewoonlik op **aandere** **plecken** by de **Elite** gebruikt en **die** het niet van noode hadden; dan waren er **veelen** die niet eens geld hadden om te **koopen** al hadden **zy** het ook nog **zo** nodig. De Doctoren **zyden**, de menschen moesten vetigheid of boter hebben, **wy** kunnen ze niet met **medecinen** voeden of gezond **maaken**, de Nurses waren jonge mysen hier en daar genomen, die voor geld de hospital werk **dedden**, maar er **wenig** van ver-

stonden dikwyls ook van hunne plichten afweaich waren, zieke kinderen worden van hunne moeders afgedwongen in het hospital **gebracht**, en vervielen dan onder de **Handen** van **dezulken** die niets met kinderen wilden te doen hebben, of er iets van verstonden. Er sterven **geheele** huisgezinnen uit. Commandant **Hertzoch** verloor **zyne** vrouw en op twee na, **zyne** kinderen en **schoonzusters**, een vrouw had 16 van har Familie verloren, **hier** is een oude man die **zyne** dochter en al hare kinderen **verloren** had en de **Echtgeoot** en **Vader** is nog op het **slachveld** aan 't **fechten**. Daar is een oude Moeder die twee hnrer dochters met al hunne kinderen verloren heeft behalve 2 kleine kinderen, hier is van een **huisgezin** net een **zuigeling** overgebleven vervallen onder fremde menschen, **byna** eider tent heeft een of somtyds allen op het **ziek-bed**, de hospitalen **zyn** vol, er moeten meer Markies **opgericht** worden. O Heere hoe aal het verder gaan!!! So **zeggen** de **menschen**, de **graff-gravers** kunnen niet genoeg **gaaten** op den dag **maaken**, **somige** Lyken moeten overluggen, hout voor doods-kisten is er ook niet meer wat er was moesten de menschen **koopen**, **somigen** worden in **kakies** kombarsen begraven, de kleine vleesch, **zeep** en **meik** **kassies** moeten gekocht worden en van **werkmensen** aan malkander gelapt en gelast worden om doods-kisten te **maaken** de meesten schrynwerkers moeten betaalt worden **zeer** **weenische** doen het om niet.

Nu is het tog of het getal der stervenden minder word er **zyn** heden maar 18 gestorven; hier komt een man van Bloemfontein na **zyne** **Familie**, hy heeft aan **zyne** **meede-burgers** en **meedebroeders** en vluchtende vrouwen verraad elegt, maar niemand weet het, hy is een **grootman** in %et kamp, hy het geld, en **leevt** lekker, hy heeft **zich** **meede** **gevangen** laten **neemen**: maar door **eenen** **brief** uit het zakboek van overleiden Komandant, **die** in het english in die Courant **staad** die ingesmogeld is; verraad hem aan **somigen** van onz. De doodsengel, **heuvvert** nog over het kamp. Hier legt **eene** vrouw nog jong in jaren worstelende med den dood, in het naaste tent **zyn** de menschen met 50 **veele** fromheid **bezielt** (**zy** **weeten** dat de vrouw stervende is) dat **zy** de **christeleike** broederliefde vergeten **zy** **singen** uid luide **keelen**, dar in het **aandere** tent word med concertina **gespeelt**, **maardre** **Heere** is ondongrondleik in **zyne** **weegen**; de verraader word ook **ziek** en na vier dagen is hy voor **zynen** hemelschen Rechter geroepen. Ik sta **heeden** aan het graf van **eenen** dierbaren vriend! eenige dagen tevoren word **eene** **zyner** dochters in de **arde** geplaatst, **hy** kon har men wegdragen maar niet navolgen, maar nu aal **hy** **zeeker** met haar het groote Haleluya **zingen**. De menschen zingen, ik staat en **ziet!** eene **grootte** kudde **schaapen**; ik weet niet **war** al

de **schaapen** van dan komen! maar wacht! de menschen houden op met het **zingen**!—de **schaapen** waren maar een **droombeeld**, want ik ziet nu recht, het zijn al de **grafheuvelen diergeenen** die hunnen laatzen slaaf hier zlaapen. O wanner zal de **Heere** ophouden met **deze** kastyding, zal het gedacht uitgeroeit worden? deze zyn tog niet **schuldig** aan de **oorlog**? wat bringe de **begeerte** na goud en de **hebzucht** niet alles med zich, maar **Heere** gy zyd gerecht! wees **onz** genadig.

Dien **anderen** morgen kwam er onverwacht een **Kamp-inspechteur**, het was de Superintendent van Norvals Pont, op het **laatst** hat het klagen en **smeeken** tog geholpen! een **mensch** kon nu toch zonder schromen op **zoekere** uren na het Kantoor, gaan en **zyne** belangen voor bringen men word gehoord med **vriendleikheid** behandeld, ja **wy** hadden ten latste met **eenen** Eedelman te doen.

Het is uit vertrouwbare vrouwen bekend, dat hy aan **onzen** Superintendent **gezecht** heeft. "Deze, (en daarby stook hy zyne hand uit na de begrafplatz) voor deze houd ik U aanspreekleik, deze zullen **eenen** tweeden oorlog **verweken**, ik heb med veele moeilikheiden en ziekten sedert 15 maanden op **Norvals** Pont te kampen gehad, en heb **schars** 300 verlore, maar U heeft binnen **dien** tyd van 6 maanden by de duizend verlore, twee dagen **darna** word hom zyn ontzlag toegedicht en hy word weggezonden! De Inspector liet van dien tyd af al de tenten afbreeke en **op** een **andere** plaats op er wyden afstand van **mal-kander** weer opzlagen en diét was ook nodig, want het was of de ziekte over het kamp **zoo** te zeggen met vasthoudende klauwen als een **drygende** wolk hing, er word **betere** verziening met het water **gedaan**, voor de zieken en de hospitalen en ook voor de **behoevtigen** word **beter** voorziening gemaakt, de menschen worden beter behandelt ook kwam er meer en **betere** beschaaving onder de **mensch**, **zlechte** redens, **arden** en vloekworden **durften** niet meer ge-uiterd worden, de Inspector was overal **zoo** te zechen het Centrum, met opgerolde Mouwen zonder Baaidtje werkte hy **zelve** mede maar het **moeste** ook een **eider** zyn eigen plicht doen.

Maar de ramzalicheid in het kamp blyf **darom** nog **het-zelfde**, want de ziekte had te vasten foet gekregen en de **verbodering** waren byna te laat gekomen, ik kon wel nog veele **fyten** ophalen, en er over meer uitwyden, maar het **zoude** yken of ik wilde het doen al te **erg** in het oog vallen, ik was in dien tyd wat sterker geworden, en omdat het my **ondragleik** in het kamp geworden was bezloot ik met nog **aarderen** te ontvluchten dien **dag** waar ik des avonds ontvluchte begroevend de 1244 lyk het was de 10 **January** 1902 dien avond ontvluchte **wy**, maar worden

door achteelloozichheid onzerer **meedeburgers** daarbuiten op den 12 **January** weer **ingevangen**.

Het word door de **englische** couranten en **anderen** bestreeden en **teengesprouken** dat Kaffers de **engelschen** helpen te **vechten**, ik 'en de mede **gevangnen** kunnen het bezweeren dat er meer Kaffers dan **engelschen** waren die **onz** met **geweeren** in de hand gevangen gewoerden, ten **geluck** van ons gaven **wy** ons aan **englich** troepen **over**, **aanders** hadden de Kaffers ons als **honden** dood **geschoten** zy verklaarden hetzelve aan my 'een van onze menschen' worde van **eenen** **Kaffer** met 'een sjambock **betaakelt**, een **aander** met **eenen** jas over het **hoogd** **gezlagen**, **juist** toen ik aan de troepen **zyde**, dat **zy** ons voor **dezelven** moesten beschermen, **zy** **riepen** de Kaffer toen "hoe, hi, stop **that**"! maar toen de **Kaffers** by my kwamen **zloeg** een my van achter over het hoofd **zoo** dat ik half bedwelmt worde, myne brill afviel, en **toen** ik er na op den grond gryp, reed een my van achter het **anderste** boven: **wv** worden **eers** na BLOEMFONTEIN en dan na India gezonden, Ik **zoude** al deze ervaringen, meer nauwkeuriger en **indruck**, wecken **opgeschreeven**, **dit** zyn maar **zoo** taamlyk hoofdpunten die U kunnen inlichten, maar de tyd ontbreekt my, myne vrouw en kinderen zyn **gekoomen** en ik zal moet zorgen dat ik na Huis kan komen. Hoe zal ik het daar vinden? ik zal **op** **myne** oude dagen van voor af moeten beginnen maar **de** **Heer** zal voorzien.

ik noem my

U **Eles**. Dienaar

H. D.

'n Besorgde moeder, met vyf kinders, skryf om hartseer van te word, aan vriende, toe die **kamp-**lewe vir haar nog ongewoon en vreemd was :—

POTCHEFSTROOM-KAMP, 22 **Mei** 1901.

Ek was baie **bly** om 'n brief van u te ontvang, en ek dank u baie **hartlik** vir wat u doen aan my dierbare **eggenoot**, wat ek so baie **liefhiet**.

Ek het nie 'n brief van **my** **eggenoot** sedert **April** van **verlede** jaar ontvang nie, en in **Junie** het hulle gesê dat **hy** dood is. Van ander mense het **ek** later verneem dat my man 'n krygsgevangene is; en nou, **liewe** **mevrouw**, het hulle ook my op die 2 e **Mei** **gevangene** geneem. 'n **Son-****dagmôre** toe ons aan ontbyt **sit**, **kry** **ons** kennis dat ons om **vieruur** **daardie** middag moes klaar wees om te vertrek.

Ek het met die generaal gaan praat, maar dit was tevergeefs. **Ek** sê aan hom: „O, ek bid u, **skiet** my hier dood, want dit is dieselfde of ek hier sterf of in die kamp.”



My kinders het jammerlik gehuil. Die **offisier** kom na my. Hy slaan sy **hande saam toe** hy my mooi huis en pragtige meubels sien en sê dit is jammer dat ek **gevangeneem** moet word. Hy soen my kinders en het so van hulle **gehou** dat hy hulle **konfynt gegee** het. Mag God my **genade** gee om hulle te behou; so baie **grootmense** en kinders sterf hier in die kamp-soms sewe op 'n dag. Dis dokter sê dit is omdat die hoeveelheid **voedsel ontoereikend** is; en die kwaliteit van wat **gegee** word, is **sleg**. As my **eggenoot** dit alles wis, sou dit **seker** sy dood beteken. Ek vertrou, **lieuwe vriende**, dat as julle iets vir my kan doen, **julle 'dit tog** sal do&.

Is dit moontlik dat ek na u in die kamp sal kan gaan, of dat u 'n kamer vir my het of 'n **huise** vir my kan huur? Ek het nog vier sakke koring en ander kos waar ek 'n rukkje op kan teer.

Dit sal vir my en my kinders sowel as vir my **eggenoot** 'n vreeslike ding wees as ons hier most **sterwe**. Ag! **doen tog 'n** bietjie moeite, asseblief, voor dit te laat is.

Die predikant se vrou gaan ook **Kaap-toe**; dit is onmoontlik vir haar om hier te bly. Huile het my toegelaat om 'n paar beddena, **katels** en klere saam te bring. Ek hoop die Heer sal met ons wees. Hy alleen kan help. Daar staan in die Bybel: „**Verlustig u** in den Heer, **zoo** zal Hij u geven de **begeerten** uws harten.” Ag, as ons tog maar altyd op die Heer ons kan verlaat en op Hom vertrou. Ek moet nou ophou. Ek hoop u sal my help. Mag die Heer u **almal seën**.—**Steds** u vriend.

N.S.-Ek het reeds die brief klaar geskrywe, en ons gaan nou slaap. In 'n tent hier aan die een kant hoor ons 'n kind huil; in 'n ander, een of twee wat kerm en huil; dan weer 'n ander een wat opbring. O! ek is so bekommerd oor my **lieuwe** kindertjies; hulle is gewoon om in 'n **nuwe**, goedgeboude huis te woon; en nou moet ons in 'n ope tent slaap. O! help my tog om Kaapstoe te gaan, ek bid u. My **eggenoot** sal u later terugbetaal. Doen tog moeite vir my. Die **tente** is hier langs mekaar **opgeslaan** en is **sleg** vir ons gesondheid. Ek sal alles vir u doen as u my wil help. **Nogeens**, stuur my tog so gou moontlik 'n antwoord of ek kan kom, want ek verlang nou so daarna dat ek **nie** langer hier kan bly nie. Met afwagting van u spoedigs antwoord, ene.

Die **superintendent** het die **laaste** tyd blikkiervleir uitgedeel omdat die **gewone** vleis **80** maer en armoedig is.—Cd. 893, bis. 129.

Dr. Dixon se **rapport** vir Mei toon aan dat die **gesondheid** van die vroue en kinders allebehalwe bevredigend was, en die sterfte onder die kinders baie groot-ten gevolge van 'n baie **kwaal** epidemie van masels, gepaard met **borssiekte**, veroorsaak deur 'n bitter koue wind van die suide, Raam met **blootstelling** aan die koue in die **tentlewe**.

Die verhaal van mevr. G. is mondeling **meegedeel** op 16 Desember 1901. Sy is 'n vrou van 'n prominente Vrystater, en daarom kan haar naam nie sonder haar toestemming hier verskyn nie; en dit is nie op die **oomblik** moontlik om met haar in kommunikasie te kom nie:—

Mevr. G. en haar **eggenoot** het op 'n pragtige plaas op P. gewoon. Mnr. P. het stil op sy plaas as **gevangene onder** parool van Maart 1900 tot Januarie 1901 gewoon; dog gedurende laasgenoemde maand word hy plotseling **weg-geneem** en in die **gevangenis** gesit, al het hy in geen **opsig** sy parool verbreek nie en op die uitdruklike **verstandhouding** oorgegee het dat hy **toegelaat** sal word om stil op sy plaas te **lewe**. Vier maande langer kon mevr. G. op die plaas woon **ongehinder** deur die verskillende **leërmagte** wat deur die **distrik** getrek het, behalwe dat hulle skape wat benodig was, **geneem** het.

Op die 18e Junie 1901 het 'n groot ontruimingsleërmag **onder** kolonel Williams by haar suster se huis, twintig minute van daar, gekampeer. Dit was besig om die **distrik** skoon te veeg en te ontruim. Dit was omtrent die agste mag wat deur die **distrik** getrek het sedert haar **eggenoot** se **gevangening**; en die een wat onmiddellik voorafgegaan het, onder bevel van kolonel Williams, het 'n **aanvang gemaak** met die gebruik om graan, **voer**, eeware, ens., te verbrand en het soveel vee moontlik **byme-kargemaak**. Kolonel Williams was blykbaar besig om die **distrik skoon** te maak in 'n **sirkelvormige** beweging met haar **suster** se plaas as die middelpunt, waar hy **gekampeer** was vir meer as 'n week. Dit was die neënde dag ná sy aankoms, **naamlik** die 1e Junie, toe die **troepe** by mevr. G. se plaas aankom. Die vroue was nooit so **bevrees** vir die gereelde troepe nie; dit was die **patrollies** gewapende Kaffers wat **gestuur** was om die ergste soort **werk te doen**; en dit was **hierdie** gewapende Kaffers wat die eerste **alarm** gegee het. Dit was 'n bitter koue môre; die **sneeu** val dik; en dit was omtrent **sonsopng**, of sewenuur v.m., toe hulle **gekom** het. Sy was al op en **aargetrek**, het ontbyt klaargemaak en het die middagete op die vuur gehad, toe sy sien dat gewapende Kaffere **gekom** het, wat vee bymekaarmaak en **parmantig** teenoor haar bediende hulle **gedra**. Hulle was besig om al die **koeie** en kalwers weg te jaag, en een klein Kafferjongetjie roep in vrees uit: „**Laat** staan vir my een koei en kalf, net een.” Dog die gewapende Kaffers antwoord **parmantig**. Teen **hierdie** tyd was die hele huis deur gewapende

„kakies' omring; en toe sy na buite gaan, was hulle vol onder die veranda. Deur die eerbied aan hom vertoon het mevr. G. gou ontdek wie die kaptein van die patroolie was. Hy het 'n aangename gesig gehad en het beleef met haar gepraat. Hy sê dat dit hom spyt, maar hy het instruksies om die land „skoon” te maak, en sy moet dus klaarmaak om te vertrek. Sy antwoord dat sy nie in 'n toestand was om te reis nie. Daarbuite was 'n hele konvooi waens, vol van huisgesinne uit die distrik wat uit hulle huise gesit was; en vele van hulle was haar bekend. „O, maak tog gou en pak,” roep baie van hierdie arme vroue. „Ja, ons weet wat jy voel, ons het ook gesê ons kan ons woning nie verlaat nie. Kyk na ons gesigte en sien hoe het ons géuil. Dog dit was tevergeefs; ons moes gaan, en jy sal ook moet gaan. O, begin tog om te pak.” „Nee,” sê mevr. G. „jy kan vir my pak as jy wil, en jy en jy; dog wat my betref, ek gaan op hierdie rusbank lê; en as hulle my wil hê, sal hulle my moet wegdra.”

„Hoe sal jy lewe?” vra die kaptein, „as jy heeltemal alleen is en die land van alle eetware ontruim?”—„O” antwoord sy opgewonde, „daar is die duiê. Ek het vyftig duie wat hier rondvlieg; ek kan een op 'n dag slag en daarop lewe, en groente aankweek; ek sal klaarkom ek sal klaarkom.” Toe sy sien dat dit nie help nie, toe bring sy tot verskoning in dat haar longe swak is en dat sy haar sy beseer het; dog die militêre dokter het ingekom en haar ondersoek en gesê dat haar hart gesond was. Toe word sy byna rasend, sy val op haar knieë voor die offisier, neem altwee sy hande en roep uit: „O, kyk hoe jou soldate my pragtige huisraad wegdra. Kyk wat doen hulle.” Want hulle het 'n groot vuur aangesteek en was besig om haar kussings en verbeddens daarin te gooi; en die soldate loop uit die huis met haar silwerkande, laars en allerhande soorte van goed-tafels, stoele, horlosies, ens. „Wat doen julle?” skreeu sy; „wat doen julle met my goed?”—„O, ons neem maar net saam die dinge wat ons nodig het,” is die antwoord.

Die offisier was baie onthuts toe sy voor hom kniel en so hard pleit om in haar eie huis gelaat te word en sê eindelijk: „Wel, ek voel jammer vir jou, en ek sal jou sê wat die beste plan vir jou sal wees. Gaan na kolonel Williams en bepleit jou saak voor hom. Hy is op die plaas hier naas; gaan net saam met die konvooi tot daar.” Mevr. G. weier toe weer, en hy sê wanhopig aan haar klein niggie: „Gaan praat tog niet jou moeder-en sê haar dat sy dadelik moet kom.”—„Tante,” sê die meisietjie op ernstige toon, „kom tog, of anders sal die Kaffers u kom uitdra; moet nie laat hulle u aanraak nie; kom tog.”—„In Gods naam,” antwoord mevr. G., „gaan weg en laat my staan en alles verwoes word.”—„Moet nie so praat

nie,” sê die offisier bekommerd. „Ons sal niks vernietig nie; kom net weg.”

Sy staan eindelijk op en kyk onder trane na die wa, wat klaar staan om haar weg te neem. „Ek kan nie op daardie stink ding klim nie,” sê sy terwyl sy na die slegter-ruikende buikplanke van die wa kyk. Dog hulle dwing haar in, gebroke soos sy was, en hulle reis langsaam weg en laat die ete nog kook op die stoof.

Hulle het die stoof opgebreek en ook haar man se pragtige skrynwerkerswerkplek; hulle slaan sy ploë en masjienerie wat kort gelede uit Amerika gekom het, stukkend—selfs tot die grawe toe. Die ligte huisraad, ook uit Amerika, het die soldate voor haar oë flenters geslaan. Voor haar vertrek het die twee ou Kaffermeide wat jare en jare by haar was, haar vasgeklou en geroep: „O, nooi, nooi, hulle het die baas se pragtige hings in die stal dood-geskiet!” Hierdie hings het mnr. G. oor die £200 gekos. Hy was in die stal met 'n beseerde voet; en daar die soldate hom nie kon neem nie, het hulle hom geskiet. Hierdie arme twee Kaffermeide het ook nie vrygekom nie; hulle struise is afgebrand, en hulle klou beangs aan hulle nooi vas, en huil en roep: „My huis is verbrand! My huis is verbrand!”

Die droewige stoet het aangegaan. Daar was dosyne families wat een wa ná; die ander gevolg het. Die wind het geruk, koud en snydend; en die stof was so dik dat 'n mens nie kon sien hoe ver die waens uitgestrek was nie. Hulle word deur Kaffers gedrywe, waarvan sommige baie brutaal en onbeleef was. Al is haar suster se huis net twintig minute ver, dit was sonder toe hulle daar kom. Daar was net die blote grond om opte slaap. Die huis was in beslag geneem vir kolonel Williams en sy staf, en daar was nie plek vir iemand anders nie. Hulle het 'n soort kamp daar in die veld gemaak en skuiling naby die waens gesoek; dog dit het gesneeu, en die wind was bitter koud, en die kinders huil van ellende. Met mevr. G. was haar man se bejaarde ouers, sy moeder van vyf-en-sewentig en vader van sewen-en-sewentig. Sy kon hulle jammerlike voorke nie langer verduur nie en gaan toe in om haar suster te soek. „Kyk hier, suster,” sê sy; „ou vader en moeder kan nie hier buite in die koue slaap nie.” Haar suster kyk haar aan half oorbluf en beangs. „Wat kan ek doen?” sê sy. „Ek het nie 'n bed in my huis nie. Vir 'n week het ek in die spens geslaap.” Mevr. G. sien toe dat sy verskrik en gebroke is en bring toe self die ou vader in om by die kombuisvuur te sit; hy was dood van die honger en verkluim van koue en hoës elke oomblik 'n harde, droë hoësie. Kolonel Williams kom te voorskyn, en mevr. G. verkry van hom die guns dat die twee ou mense daardie

nag onder dak kon slaap; dog sy kon hulle niks te ete gee nie. Die kolonel het al die eetware in die huis gekommandeer, en daardie hele week moes die huisvrou van die plaas rantsoen ontvang, skraal genoeg, uit haar eie kos.

Op daardie oomblik kyk mevr. G. deur die venster en roep uit: „O, pa, hulle verbrand u rytuig!” Die soldate daarbuite was besig om dit vir brandhout op te breek. Toe gaan sy uit na die res van die geselskap wat buite in die koue sit, terwyl die nag toesak oor die veld. Haar vriende het gelukkig 'n paar dinge uit die huls voor haar vertrek ingepak; dog die komberse en kussings was op die ma gepak en moeilik om by te kom. Sy het daarin geslaag om een \*of twee uit te kry; dog die arme klompie mense het byna verkleum. Die hele nag het die kinders onafgebroke geroep: „O, tante, gee ons nog 'n kombers! O, tante, gee ons iets om te eet!” totdat sy byna van haar verstand geraak het; want sy kon nóg die een nóg die ander doen en het gevoel of sy self dood verkleum. Dit was 'n vreugde die volgende môre om die son te sien ná daardie eindelose nag van wind en donkerheid, koue en honger.

Teen die môre het die wind stiller geword en die sneeu opgehou, en hulle kon vuurmaak en 'n bietjie ete kook. Dit was nie lank nie of die bevel kom dat hulle moet vertrek. Dog mevr. G. kom op 'n gedagte. Sy voel of sy en die bejaarde egpaar nie weer die gestamp van die vuil wa kon uitstaan nie, en, daar op die werf staan haar eie „spider.” Sy gaan na die kolonel en vra verlof om die „spider” agter die wa vas te maak. Dit word toegestaan, en die ou vader en moeder en sy sit toe in die „spider.” Duisende en duisende skape word saam met die waens aangejaag, aan weerskante van die pad; en hulle het soveel stof gemaak dat 'n mens die son nie kon sien nie. Daardie hele dag het hulle langsaam voortgestamp, onder die stofwolke, hulle uitsig weerskante begrens deur uitgeputte, verskrikte skape en van voor en agter waens vol vroue en kinders en huisraad. Die hele dag het die ou moeder gemompel: „Ag, my kind, dit is die oordeelsdag, dit is die oordeelsdag!”

Al was die stasie net 'n uur volgens gewone ry van mnr. G. se plaas, het hulle eers die aand daar gekom. Al die goed word toe van die waens gesmyt, en die mense moes skuiling soek waar hulle kon. Hulle word eenvoudig langs die spoorlyn afgelaai sonder enige voorsiening vir skuiling. Die mense het agter die waens op mekaar gekruip; en noudat die stof bedaar het, kon 'n mens honderde van hulle sien. Die soldate het hulle ruwe grappe gemaak terwyl hulle die kruipende, stille, opeengehoopde rye mense verbygaan. Wat 'n nag! Die koue was vreeslik, en 'n yswind het oor die waens gewarrel.

Toe die son ondergaan en die mense besef dat nóg 'n winternag sonder kos of vuur op die kale veld moes gebeur word, het sommige van hulle bang geword. Jong meisies het messe geneem en stukkie hou langs die kante van die waens begin afsny om 'n uur te maak; dog hulle is natuurlik gou belet. Daar was niks anders op die hele vye veld, kaal sonder boom of struik of plant, om mee vuur te maak nie.

Die kinders het hard gehuil van honger, vrees en koue; dog die vroue was stil. Hulle sit inmekeargehurk met die sprakelose geduld van wanhoop. Wat die mees jammerlik van alles was, was om die ou mense te sien stil sit, sonder klage, met trane wat stil oor die wange rol. Mevr. G. kyk na haar ou vader terwyl die yswind so om hom waai, en kon dit nie langer uitstaan nie. Sy gaan toe na die wag en praat met hom skerp en beslis en sê: „Wag, kyk hier, jy moet vir ons kos kry, en jy moet vir ons vuur kry. Kan jy die kinders nie hoor huil nie? Kan jy die ou manne nie hoor steun nie? Gaan jy ons hier onder julle bande laat sterwe?”

Die wag was aangedaan deur hierdie beroep en het haar toe ou kerskissies gebring en dinge van die aard, waar die vroue drie klein vuurtjies mee gemaak het, elkeen groot genoeg om 'n ketel te kook en 'n bietjie kakao te maak; dog wat was dit onder so vele? Tog het die inspanning hulle gehelp om aan die gang te bly. Eindelik het die ange nag verbygegaan en die son weer geskyn. Toe kom die trokse by klompies aan, en die mense word aangery, sommige na Springfontein, sommige na Norvalspont, en sommige elders. Daar was baie lawaai en verwarring oor die ba asie. Die mense het hulle om die trokse geskaar terwyl die goed ingegooi word, en moes skree: „Dit is myne, dit is myne,” of: „Daardie is mevr. so en so hare, en sy is op 'n ander trokks.” Mevr. G. het met haar geselskap op 'n vuil kooltroks te lande gekom-haar ou vader, moeder, suster, niggies en nefie, die twee ou Kaffermeide, en twee klein weeskaffertjies en al hulle goed. Dwaarsdeur het die bediendes met wanhopige beslistheid aan haar vasgeklou. „Ag, nooi, gee my tog 'n stukkie kos,” sê hulle, asof sy nog die bestuur van die huishouding op haar het.

Dog op Norvalspont is die klein klompie geskei geword. Die Kaffers moes in een kamp gaan, en die witmense in 'n ander een. Daar was 'n strenge reël teen die aanhou van enige bediendes in die wit kamp; dog hulle het gewaag om die twee weesmeidjies te hou, daar hulle in die huis grootgebring was en soos hulle eie was. Hulle het hulle egter nie lank gehou nie; want die polisie het gekom om, tot hulle groot ontsteltenis, die twee meidjies weg te neem. Mevr. G. het haar saak toe voor die kom-

maudant gelê en gesê : „Hulle is wesies ; ek het hulle gehad vandat hulle babeljies was en ek voed hulle op soos my eie.” Hy was baie vriendelik en sê dat hy haar verlof sou gee. Soos mevr. G. gesê het, hy was ’n „gentleman” en een met gesond verstand. Die enigste voorwaarde wat hy gestel het, was dat hul snags na die Kafferlokasie aal teruggaan. Wat van die twee oumeide geword het, kon sy nooit uitvind nie. Op Norvals ont was daar nie die aanvanklike ellende soos in die ander kampe. Daar was blykbaar volop tente vir nuwe komelinge, en die burgers in die kamp het die tente gebrui vir elke geselskap en gehelp om hulle op te slaan. Daar hulle ’n kombinasie van drie families was, het hulle dadelik aansoek gedoen om ’n „marquee”-tent, en dit is toegestaan. Hulle het toe self die vber gelykgemaak, hulle goed ingedra en vir die nag gaan rus. Dit was sonder die derde dag ná hulle van hulle plase weggeskeur was.

Dit was treurig om die verhale aan te hoor wat haar bure vertel het van die wyse waarop hulle kamp-toe gedrywe was. Mevr. G. se eie twee niggies, meisies van omtrent twintig, is voor die perde deur die soldate gejaag. Hulle het geweier om hulle huis te verlaat en om in die waens te klim, toe word hulle gesê dat hulle om hulle lewe moes hardloop; en hulle moes vir ’n halfuur hardloop voor die perde, uitasem en verskrik deur die onbeskofte grappe van die soldate. ’n Mevr. Marais moes drie uur voor die perde loop. Mevr. Traichel is deur berede Kaffers vier uur lank aangegaag, met haar kind in haar arms. Toe sy eindelijk met haar drie kinders Philippolis bereik, was sy tot op die vel deurnat van die reën en sneeu. In hierdie toestand het hulle haar die nag in ’n kamer opgesluit sonder kos of vuur. Mevr. G. sê dit was die gebruik van Kaffertroepe wat al die mense voel dat hulle die Engelse nooit kan vergeef nie. Sy het self, ’n maand of twee voor haar deportasie na die berge vir vier dae gevlug uit pure vrees vir die Kafferspioene. Sy het die perde in die „spider” gespan en alleen met haar klein niggie wegger; hulle het hulle voete seer geloop in die rande, en sy het haar rok tot by haar knieë toutjies geloop tussen die ruwe klippe; dog dit was beter as om ’n leërmag met, sy Kafferspioene te ontmoet of na die kamp gedrywe te word. Mevr. G. sê sy was nooit bang vir die gereelde troepe nie; dit was die ongereeldes en die Kaffers wat so verskriklik was.

Omtrent veertien dae ná hulle aankoms in die kamp het ’n ou buurvrou ingekom wat die teenwoordige toestand van haar huis beskrywe het. Sy het aan mevr. G. gesê: „Daar is nie ’n stoel oor nie.. Jou gordyne, piano, tafels, katels—alles is weg. Dit is ’n wildernis.” Dit was nie

die laaste wat sy van die pragtige woning gehoor het nie. Mevr. G. het nooit reggekome van daardie twee verskriklike nagte in die veld nie. Sy het ’n hoës gekry en ’n borskwaal, wat deur die kampelewa al erger geword het. Die grond was gedurig klam; alles wat in die môre van die vloer opgetel word, is swaar van die koue klammigheid. Sy het ook vir die nog groter martelare as sy was, gewerk; en die gevolg was ’n ernstige siekte, en haar gesondheid het heeltemal ingege. Haar eggenoot hoor van haar gesondheidstoestand; en daar hy ’n gevangene op parool was, het hy ná veel moeite verlof gekry om haar in die kamp te gaan sien. Dit was vir hom ’n groot skok, want hy het haar skaars geken. Die dokter was vriendelik en goedgesind en het ’n sertifikaat gegee wat verklaar dat dit die dood sou beteken as sy langer in die kamp sou vertoef. Op hierdie wyse, dog ná veel moeite, het mnr. G. sy vrou uit de kamp gekry nadat sy drie maande daar was. Van Norvalspont het hulle na Bloemfontein gegaan, en hier het sy haar tweede geleentheid gekry om van die toestand van haar plaas iets te verneem. Twee jong niggies uit daardie buurt was kort gelede in die kamp geplaas; en daar hulle wis dat hulle tante verby sou kom, het hulle verlof gekry van die kommandant om op ’n sekere plek te gaan staan waar hulle die kans sou kry om ’n vyf minute met haar te gesels. Toe hulle hulle tante sien, bars die meisies in tranes uit, en Bettie sê: „O, tante, u plaas is tot op die grond afgebrand; die bome is almal afgekap, die dam is met dinamiet opgeblaas en die wal met die grond gelykgemaak!”

Mevr. G. sê die rantsone in die kamp was ontoereikend. Hulle kon nooit uitkom nie. As ’n mens twee dae se rantsone in een maak, dan was dit net genoeg vir een dag. Sy het die kamp ’n bitter duur plek gevind, want ’n mens moes nis alleen in jou eie nood voorsien nie, maar moes ook jou noodlydende bure help. Vir die arme wat geen geld gehad het nie, was die rantsone werklike uithongering. Die vroue was heeldag besig van die môre tot die aand, om te bak te kook, te was en hulle tente skoon en net te hou. Die tyd wat oor was, het hulle gebruik om kranke te versorg—wat daar altyd volp was; om poppe te maak; snags te waak, ens. Mevr. G. grû van die gedagte aan daardie donker dae; sterfbedtonele in die kamp, sê sy, sal haar bybly so lank soos sy lewe. Die ou vader is dood kort ná hy ingebring was.

Een nag in die middel van Mei het ’n patrollie Engelse sofdate by „Tweefontein,” die plaas van mevr. Jacobs, gekom. Haar man was toe krygs-

gevangene in Seepunt, en haar seuns of gevang of op kommando.

Ek self (sê sy) met vyf kinders, die oudste 'n meisie van 8<sup>gtien</sup>, 'n mej. Rahl en twee ander vroue, word deur die soldate na die Britse kamp geneem. Ek was in baie swak gesondheid; dog daar ons te voet moes loop, kon ons niks meeneem nie. Ons het om agtuur n.m. begin en het die soldatekamp eers middernag bereik. Op die pad moes ons deur 'n spruit loop, sodat ons tot by ons knieë nat. geword het. Een van die kinders was so moeg dat hy nie verder kon loop nie, en een van die soldate het hom toe op die perd vasgehou. Dood afgemat en nat het ons die kamp bereik, waar ons tot die volgende môre moes sit en wag. Toe word ons op 'n wa geplaas en na die „refugee“-kamp op Springfontein gestuur.

Hartroerend is die volgende brief, wat om hulp vra. Dit was 'n dame, 'n bekende van my, wat die gevangene geld geskuld het.

MEVR. BOSMAN AAN MEVR. N.

BLOEMFONTEINSE KAMP, Junie 1901.

Ag! wat sal ek aan jou sê? Ons is almal uit ons geliefde woninge weggeneem, wat ons nou vir die eerste maal reg waardeer, en is in ronde tente in hierdie kamp geplaas. Ons het hier op die 29<sup>e</sup> Mei met 'n klomp ander gekom, byna almal bure en bekendes. O! dit is vreemd om te sien wat ons moet deurstaan. Ons vroue moet meer doen as Basoetoe-meide ooit tuis gedoen het. En tog is ons tevrede en onderworpe. Elkeen verstaan goed dat dit Gods wil is dat ons vir ons dierbare vaderland sal ly, en buite Sy wil kan niks oor ons kom nie. Die Heer het ons in Sy Heilige Woord belowe om ons nie te begeef of te verlaat nie.

Liewe mevrou, ek moet u nou 'n bittere ondervinding meedeel, dat dit die liewe Heer be%aag het om my dierbare—ja, my allerdierbaarste seun weg te neem: op die 8<sup>e</sup> Februarie is hy gewond, en op die 10<sup>e</sup> is hy dood. Al is die wond in my hart diep en die plek seer, sal ek my onderwerp en sê wat God doen, is welgedaan. O, hierdie tyd van beproewing het ons baie geleer; donker wolke het oor ons hoofgegaan, en nog is die einde nie daar nie.

My seun John is in Ceylon; my man en seun Pieter was in Simonstad; dog ek verstaan hulle is nou na Indië gestuur. Ek het nou net my drie dogters en een seun met my.

Ag, liewe mevrou, ek is a verplig om u te vra om my 'n bietjie geld te stuur, en ek hoor dat u seker aan my versoek sal voldoen as u verstaan wat ons te ly het. Ek sal innig dankbaar wees as u my £20 kan stuur. Ons kry skaars kos genoeg om van te lewe—geen groente nie en niks anders nie; dus kan u wel begryp dat ons behoefte groot is.

N.S.—Dit is bitter koud in die tente, en ons het ook nie 'n behoorlike plek om te skrywe nie.

ONVOLDOENDE VOEDSEL.—Ek ag 1 pond vleis vir 'n volwasse nie voldoende nie. Vars melk en groente (al in dit geper of ingele) behoort twee- of driemaal in die week uitgedeel te word, ens.

Cd. 819, bls. 94. Dr. BECKER se Rapport.

BLOEMFONTEINSE KAMP.—Dit is s ongevaar en baie kaal en bloot. gestel aan koue winde.

Cd. 819, bls. 92. Rapport van Superintendent.

Onbehoorlike huisvesting en skuiling, gebrek aan warmte. Die tente gee nie genoeg warmte aan mense wat plotseling van hulle huise weggeneem is nie. Sommige tente is nuttelos vir skuiling.

Cd. 819, bls. 94. Dr. BECKER.

Mevr. Philip Botha, wat dikwels tydens my verblyf in Bloemfontein aansoek gedoen het om verlof om na haar famieliebetrokkinge in die Kaapkolonie te gaan, is dikwels geweier geword. Ek het die outoriteite daarop gewys dat ses maande in die kamp haar gesondheid erg benadeel het en dat haar krag ingee. As sy nie verlof kry om te gaan nie, sal sy ongetwyfeld 'n siekbed kry en miskien sterwe.

Verlof word geweier; 'n lang ernstige siekte was die gevolg. Drie maande later skryf sy aan my:—

MEVR. BOTHA AAN MY.

Julie 1901.

U sal verwonder wees om 'n brief van my uit die Kaap te ontvang. Ek sou eerder aan u geskryf het; dog daar ons briewe in die kamp gesensoreer word, het 'n mens nie lus gevoel om te skrywe nie.

U het seker gehoor dat ek verlede Mei uit die kamp gebring was. Ek het koors gekry, en hulle het my na Bloemfontein, na die Volkshospitaal geneem, waar ek byna twee maande was. Ek het ook ander komplikasies by die koors gehad. . . . Die dokter het 'n sertifikaat gegee dat ek nie in staat was om met my gebroke gesondheid terug te gaan na die kamp nie en het my aangeraai om Kaap toe te gaan, waar ek tog weer ondervind wat huislike

gerief is ná soveel maande van swaarkry in die kamp, waar ek my gesondheid heeltemal verloor het. . . . U het geen idee hoeveel sterfgevälle daar was ná u besoek aan die kampe nie; soveel van die ou gesigte sal ons nie weer op die aarde sien nie. Die badkamers is nog nie opgerig nie; dit was egter nie die militêre se skuld nie want hulle kon nie die hout deurkry nie. Ons merk in die koerante dat hulle 'n kommissie van En eland na die kampe uitstuur. Ek wil probeer om hul te ontmoet as ek die geleentheid kry, om hulle te vertel dat ek pas hier aangekom het, en van al die goed wat u vir ons mense gedoen het, en al die verbeteringe, en hulle vra om tog al die tente ook te besoek, <sup>BOOS</sup> u gedoen het, en nie net die „marquee“-tente alleen nie.

Hulle het die kamp in vier verdeel; die sinkgeboue is in hospitale verander; en al die onderste tente is na die hoogte aan die ander kant verskuive.

Mej. Fleck het my gevra om u te versoek om tog nog 'n bietjie skoenleer te stuur, want daar is groot behoefte aan in die kamp. Ons stel u verklaringe en optree vir ons vroue in die kampe ten seerste op prys.

Wel, les bes, wat my hart en siel van vol is, is om u en al die goeie Engelse vriende te dank vir hulle groot vriendelikheid om klere, ens., vir ons arme, in ellende gedompelde vroue en kinders te stuur. Dit het meer as een droewige hart getroos en meer as een nakende liggaam teen die winter beskerm.

Elke verbetering wat die harde lewe in die kamp ligter gemaak het, en elke daad van vriendskap wat sy leed versag het, word opgelet en gewaardeer :—

#### BLOEMFONTEIN, 18 Julie.

Ek is bly om te sê (skryf mej. Ferreira) ons kamerraats is nog almal gesond. Ons het soveel siekte in die kamp; oor die vyfhonderd mense is dood sedert Desember.

'n Nuwe hospitaal is opgerig vandat u weg is; dit is goed ingerig met stowe. Al die lyers aan masels, longontsteking en lugpypontsteking word daar verpleeg. Mej. M'Leod, 'n Amerikaanse dame, is matrone; sy is 'n alderdierbaarste mens, en al die pasiënte hou van haar. Ek het haar goed leer ken, daar ek sestien dae in die hospitaal was om my tante, mevr. Van Rooyen, te verpleeg. Dit spyt my om u te moet meedeel dat mevr. Van Rooyen op die sesde van hierdie maand aan longontsteking dood is. Sy sal deur baie in die kamp gemis word.

My tyd is druk beset met die uitdeel van kers?, <sup>Ears,</sup> seep, ens., aan die sieke en name van die arme vir klere op te neem.

Ek moet u seer hartlik dank vir alles wat u gedoen het vir my mede-noodlydende. Ek kan u verseker dit was 'n soet druppel in die bitter kelk wat ons moet ledig. Elke vriendeike daad of woord word teenwoordig ten seerate op prys gestel.

Ek sal aityd gelukkig wees as ek hoor dat dit u wel gaan.

Dog siekte en dood was die onderwerpe waar die aandag in hierdie jaar gedurig op gevestig was in elke tentwoning waar ons iets van te sien kry :—

#### HOWICK-KAMP, 6 Junie 1901.

Arme Fanie lê siek aan die koors. Ek voel soms so hartseer en terneergedruk en dink waarom moet ek so swaarkry. Ds. Rousseau het vanmiddag hier vir ons gepreek oor die teks in Job : „Ja, zouden wij het goede van God ontvangen en het kwade niet ontvangen?“

Dit het my baie getroos, en ek moet sê, onder al my swaar vind ek nog veel stof tot dankbaarheid. Die dokter sê dit is nie maagkoors wat Janie en Fanie het nie; dus het hy hulle in die tent gelaat dat ek hulle kan verpleeg, waar ek baie dankbaar voor is. Die famielie R. het na 'n ander tent gegaan; dus het ek volop ruimte vir hulle hier. Isabel is ook terug van die hospitaal; dus sien u, ek het almal weer bymekaar. Sy word reeds sterk; dog Janie bly so swak; sy kan skaars van haar bed na 'n stoel loop; en sy is reeds byna 'n week op. Fanie is nog baie siek, en sy koors loop op tot 103°; dog hy lyk sterk, en ek hoop hy sal ook gou daarvoor wees.

Die „handsuppers“ hier in die kamp, met uitsondering van drie, is Britse onderdane geword en het belowe om die eed van getrouheid af te lê; ek het altyd sleg teenoor hulle gevoel; dog nou walg ek van hulle. Hulle het nog almal broers en vaders wat nog veg; en hoe aal hulle hul oë hierna in die gesig kan sien? Maar ek dink die vroue hier het hulle goed laat voel wat hulle dink, en die gevolg is dat hulle ons vermy en net in hulle tente bly. Mnr. C. en twee ander Heidelbergere het ook die eed geneem en is na Heidelberg teruggegaan. Ek hoor daar is verskeie ander in Lady'smith wat dieselfde eed neem, en hulle word toegelaat om huis-toe te gaan. „Dog 'n mens kan nouliks iets beters van „handsuppers“ verwag!

'n Ander gevangene op Howick, wat haar tyd beset het om die arme onder haar volk te red, skrywe :—

HOWICK, 29 Sept.

Die washuis, wat totnogtoe ons kerk was, is ver te klein en kan nie 'n kwart van ons bevat nie. . . . Die meeste nuwe komelinge is in 'n armoedige toestand, sommige werklik in fienters; en daar is so veel siekte onder hulle; die kleintjies is so ingekrimp en verhongers; hulle is 'n advertensie vir die kampe waar hulle vandaan kom! Ons het die name opgeskryf van hulle wat die behoefstigste is, en môre (D.V.) hoop ons om te begin uitdeel. Die owerheid roer tog ook om klere te verskaf. Dog sommige van die arme is bang om dit te ontvang; hulle word veronderstel eendag te moet betaal, en hulle sê hulle wil nie graag skuld laat oploop nie.

Met die aankom van nuwe mense het masels en kinkhoes te voorskyn gekom. Toe ons verlede week die rondte deur die tente gemaak het, het ons treurige dinge gesien; in byna elke derde tent is daar siekte, masels, masels, en nogmaals masels; in twee tente het ons almal siek gekry behalwe die moeder. . . dit lyk of hulle hier darem beter oor die masels kom. Veel hang van die mediese behandeling af.

Briewe van vroue in Irene-kamp is baie skaars. Een het ons ontvang wat sê :-

1 Julie 1901.

Daar was so veel as elf siek in een tent in K. se afdeling. Twee of drie is in een tent dood binne vier-en-twintig uur. Verlede week was daar ses-en-veertig sterfgevallen in Irene, meestal in twee afdelinge. Byna almal masels en swakheid. En tog kom daar nog nuwe mense elke week in die siek afdelinge-ek bedoel gesonde mense van ander distrikte word ingebring. Die gevolg is dat hulle almal binne 'n week siek word. Kinkhoes het ook uitgebreek. Daar sal geen kans wees vir die pasiënte wat beter word van die masels nie. Hulle het nie kos om aan die hongersieke te gee nie. Die moeders sê : „My kinders word

beter; dog hulle is so honger; en as ek hulle die enigste ding wat ek het-brood en swart koffie-, gee, wil hulle dit nie hê nie. U moet onthou dat hulle vir baie maande net brood gehad het. Kinders onder ag (dit was 'n paar weke gelede onder twaalf) ontvang nog half-

Die hele kamp (23 Sept.) ontvang 1½ pond vleis per volwassene en 1 pond per kind (onder twaalf) tweemaal per week. Hierdie gewig sluit bene in. Die vleis was uiters maer (die skape het net vyftien tot sestien pond stuk geweeg), en die rantsoen het baie skraal gelyk.—Cd. 893. bls. 110.

rantsoen—½ pond meel per dag, geen vleis nie; en u weet die Boerkinders lewe van vleis, goeie brood, goeie vleis en melk, van kleins af. Die meel is nou beter; dog die vleis is te sleg vir 'n hond om te eet. Ek het dit self gesien, en hulle het my vertel dat die skape aangedra moes word om geslag te word—hulle kon nie loop nie.

MIDDELBURG-KAMP, 7 Julie 1901.

Dit was baie aangenaam (skryf 'n dame) om briewe van u te ontvang, en dan ook nog so 'n som geld. Ek het nie gedink dat u in sulke slegte tye so veel sou kon bymekaarkry nie. Dit was 'n heerlike verrassing. Die geld is in bande van mevr. Burger. Sy ken die behoeftiges beter as ek. Betuig tog ons dank aan die liefdadige gewers en sê aan hulle die arme in die kamp dank huffe ook.

Kerse was baie skaars, sodat 'n sieke dikwels by die lig van 'n vuurhoutjie verpleeg moes word. Nou sal meer as een moeder tog weer 'n stukkie linne hê om die lyk van haar kindjie in toe te draai. Binne vier dae was daar twee-en-veertig begrafnisse. Treurig, is dit nie?

Kinkhoes woed op die oomblik; en meer as een kind wat gesond word van die masels, sterf aan hierdie verskriklike hoes. Groente sien ons maar selde. Vir die diere is daar niks op die veld nie, en met groot moeite slaag ons daarin om 'n sak midies vir £1 7s. te kry. Die Heer hou Sy hand oor ons, anders was ons al lankal klaar. Wanneer sal daar vrede kom? Snags as ek alleen sit, dan rol die tranes oor my wange.

Jongetjiesklere is skaars; dus maak ek alles self en is altyd besig.

In verskeie gedeeltes van hierdie boek is daar melding gemaak van die behoefte aan linne vir doodsklere. Hierdie gebrek het in byna elke kamp bestaan. Oral waar ek gekom het, was dit die geval; en ek kon soms in die behoefte voorsiening maak. Dit word in verskeie offisiële rapporte vermeld (een deur mevr. Fawcett self onderteken), en dit was 'n artikel waar meer as een privaat brief om gesmeek het. Hierdie behoefte aan linne vir

Doodsklere en -kiste word sonder uitsondering vir alle lyke voorsien.—Cd. 893, bls. 151. (Of dit deur die regering of liefdadigheid geskied, word nie in die rapport vermeld nie.) Vgl. bls. 249 en 260.

Sterfgevallen in Juli!, 403.—Cd. 819, hlr. 258, Mediese Rapport.

Sterfgevallen vir Julie, 413.—Cd. 893, bls. 161.

'n behoorlike begrafnis is ook deur die komitee in Kaapstad aan mevr. Fawcett as leidster van die dameskommissie voorgelê.

In 'n vergadering ná haar terugkeer van Suid-Afrika in Londen gehou het mevr. Fawcett hierdie behoefte aan linne soos deur die Kaapstadse komitee aan haar uitgedruk, „dwaaslik sensasiewekkend en goddeloos misleidend” genoem. Die hele toon van haar toespraak, wat by daardie geleentheid in die *Times* verskyn het, was so gevoelloos koud dat baie Engelse vroue daaraan behoefte gevoel het om uiting te gee aan hulle ontsteltenis oor die gebrek aan beskawing ten toon gestel. Teen die end van Maart 1902 het daar 'n korrespondensie in die *Times* plaasgevind, wat ongetwyfeld 'n teregwyysing was, sowel vir haar onnoukeurigheid wat feite betref, as vir haar takloosheid en ongevoeligheid.

'n Verslag van die droefheid in Middelburgkamp word in die volgende kort dagverhaal gegee deur iemand van 'n groot famielie aan vriende in Europa. Daar was 'n moeder, grootmoeder en ses kinders:—

9e Julie.—Ons ly almal baie van die skerp koue. Die sterfgevallen is baie talryk. Sewentien of meer op 'n dag. O! die ellende is onbeskryflik! Ons mag nie briewe skryf nie dog eendag sal alles bekend word. Henry van den Berg, sy vrou en hulle laaste kind is nou dood; en dit is die geval met 'n groot aantal van ons bekendes en bure.

16e Julie (eur dieselfde persoon).—Daar is baie, baie nuua om te skrywe; dog ons durf nie. O! die ellende wat in die kamp verduur word, is groot. Dog ek verloor nog nie my geloof dat ons ons onafhanklikheid sal terugkry nie. Ag! hoe veel sal daar dan wees om aan mekaar te vertel. Sondag was ek in 'n tent. Twee van ons ou mense het daar gelê; die ou vader, sewen-en-sewentig jaar

Hierdie is een van die mees onbevredigende kampe wat ons gesien het. . . . Daar is algemene gebrek aan orde, metode en organisasie; en daar is hyna nie 'n enkele afdeling van die kampele wat ons as bevredigend kan rapporteer nie.—Cd. 803, bls. 145.

oud, was by die dood; en die ou moeder, neën-en-sewentig jaar, was so swak dat sy nie meer kon omdraai nie. Hulle lê langs mekaar op 'n kombes op die grond.

Eergister is daar 'n nuwe kerkhof aangê. Gister ia dertig mense daar begrawe; en vanmôre lê daar weer twintig in die hospitaal, en hoeveel meer in die kamp weet ek nie. God kom egter eindelijk as ons dink Hy is die verste weg, en ek geloof dat redding en verlossing voor die deur is.

17 Julie (deur die moeder).—Ons mans wat op kommando's is, het dit die laaste t d swaar gehad. Die En else hier sê hulle het nie meer dore nie, da sommige velbroeke dra. En is ons mans en seuns dan beter as hulle voorouers wat daarin geslaag het om ons vry te maak, al het hulle velbroeke gedra en geen duur klere gehad nie?

24 Julie (deur dieselfde).—O, God sy dank, ons mense in die veld het dit goed. Hulle sien daar goed uit. Onse hemelse Vader sorg vir hulle. Ons mag niks skrywe nie, dog is hoopvol.

24 Julie (eur die dogter).—Ek kom nou net van die hospitaal. Vyf van ons gewonde burgers is daar gelaat. Een van hulle is 'n jong burger van veertien. Hy het in die doringdraad gery en is toe na die hospitaal geneem.

25 Julie (deur die moeder).—'n Ander klomp vroue van Utrecht het hier aangekom, begelei deur 'n sterk leërmag van Engelse soldate. Hulle was sestien dae in karre op pad.

Verpleegster Jacobs is weer hier. Sy is die hele wêreld deur gewees. Na Carolina, Ermelo, Standerton, teug na Barberton en dan in Middelburg. Ag, wie kan dit geloof! Die ellende wat ons in hierdie kamp verduur, is groot. Gister was dit 570 mense wat sedert Maart dood is. Wat sal die einde van al hierdie smarte wees?

25 Julie (deur die grootmoeder, neën-en-sewentig jaar oud).—Liewe kind, dit is treurig om alles te aan'skou en te hoor. Alles word vir ons geheim gehou, en die waarheid mag ons nie skrywe nie. Dog die dag is naby wanneer die gordyn weggeskuif sal word en alles aan die lig sal kom. My kinders is oral verstrooi. Dié van Johannes is hier, en ook Annie met haar kinders. Ag, my liewe kind, so baie mense sterf hier—20, 22, 39 en aelms meer op 'n dag.

30 Julie (deur die moeder).—Ek moet u 'n treurige tyding bring. Broer Stefanus is hier gevange ingebring. Hy vertel ons dat broer Piet aan siekte oorbode is. Ons het, verneem dat hulle vroue in Balmoral is. Groot is die nood van die vroue en kinders hier. Die moeders is verplig om self hulle kindertjies na die kerkhof te dra as daar nie ander is wat dit vir hulle doen nie. Soms trek



hulle self die kar waar die lyk op **geplaas** ia, na die kerkhof, wat 'n uur ver van die kamp is. Daar is 'n doodswa; dog as hulle dit wil gebruik, moet hulle £3 daarvoor betaal, en ons het nie eens geld om kos vir ons kinders te koop nie.

On mevr. Jansen van „Suikerboschkop” is ook met haar kinders in een van die vreeslike tente. Die jongste kind is reeds dood van ellende.

Hierdie plek Middelburg moet 'n ander naam kry en **Weenen** genoem word, want die mense ween hier en stort trane dag en nag; daar is niks anders as **wene** en tranestort nie.

Van Norvalspont, waar daar, in vergelyking met ander plekke, veel was om verligting te gee, skryf 'n vrou van goeie famielie om tydelike hulp aan die predikant van die gemeente, wat vir haar 'n vreemdeling was, alleen by naam bekend :-

1 Julie 1901.

U sal seker verwonder wees om 'n brief van so 'n onbekende persoon te ontvang; ek moet myself voorstel. Ek is die vrou van P. Faure, wat in Stellenbosch gewoon het. Hy, my eggenoot, het my gevra om aan u te skrywe om u te vra om 'n bietjie groente vir ons te kry, soos aartappels of uie, en ook botter of vet, en dit hierheen te laat stuur; ons sal alles ná die oorlog aan u betaal. Vergeef my dat ek so vrypostig is; dog geef my, meneer, dit gaan swaar met ons hier in die kamp. Ek is heeltemal sieklik, met al my kinders; en ek weet u voel vir ons. Groente sien ons nooit nie. O, dit is bitter om aan alles eers gewoon te wees en nou niks te hê nie. Die tente is so verskriklik koud in die nag en so warm in die dag. Daar is hier verskriklik veel siekte, soos **inflammasie**, **masels** en ook **koors**; baie sterf ook.

Ver skoon my, meneer, nogeens, vir my vrypostigheid; dog die nood is groot.

N.S.-As iets na Norvalspont-kamp gestuur word, moet my tog nie vergeet nie-selfs wat klere betref.

Ons het hier 'n waardige predikant in die persoon van ds. Van der Merwe, van Beaufort-Wes; dit is seker dat sy werk veel vrug sal dra. Ver skoon my handskrif; maar ek skryf op 'n kassie, en die wind waai vreeslik hard.

DAMESRAPPORT. — Die Superintendent se aanmerking was: „Hulle het groente baie nodig; en skeurbuik sal kom as hulle dit nie kry nie. Ek wil elkeen ook graag op 'n bed laat slaap, nie uit weelde nie, maar vir gezondheid.—Cd. 893, bls. 50.

Een van die moeilikhede deur die verpleegsters ondeivind was om die kinderpasiënte 'n bietjie te vermaak, veral as hulle beter word. Terwyl ek deur die siekkamers gegaan het, het ek self een kind se hoof ná die ander van die kussing sien opkyk, en die woord „poppie” weerklink langs die hele ry beddens, waar ek miskien net een pop onder twintig of dertig applikante gehad het. So skryf 'n goeiehartige vrou, verpleegster Strachan, van die Kroonstadse hospitaal :-

14 Julie.

U milddadigheid gee my moed om aansoek te doen om poppe. U mag my versoek vreemd vind; dog dit is vir my hartroerend om 'n klein sterwende kindjie om 'n poppie te hoor huil en ek het nie een om aan haar te gee nie. Ek het self meisietjies en moet hulle op skool hou, anders kon ek self voorsiening maak; dog onder die omstandighede, en daar ek self 'n oorlogs-,refugee' is, kan ek nie koop nie-al sou ek nog so graag dit wil doen. Ek dink ek sal vir die kleertjies kan sorg as u die gemaakte babetjies kan verskaf. Arme klein dogtertjies! baie van hulle het ook hulle vader en moeder verloor; vir my is dit swaar om die geroep van „poppie” aan te hoor.

As u iets kan stuur om die klein seuntjies mee te vermaak, sal ek dubbel dankbaar wees. U moet maar self dink wat vir hulle die beste sal wees.

VAN MEVR. ISAAK MEYER AAN HAAR MOEDER.

VOLKSRUST, 26 Julie.

Ek het geen kans gehad om eerder te skryf nie; arme klein Memory (dogter) was so ernstig siek. Sy het masels.

Die masels wed in die kamp. U sal baie jammer wees om te hoor dat Jannie se klein Martie so siek aan longontsteking is. Die dokter het geen hoop vir haar nie. Mevr. B. Lombards se jongste seuntjie is ook siek aan inflammasie.

Gister is mevr. Bothusa dood; mevr. Frans van Deventer se kindjie van omtrent twee jaar is verlede week dood. Vandag het mevr. Breytanbach se dogtertjie van sewentien gesterwe.

Die kamp is groter gemaak, en ons is (op hierdie hoek) digby die Engelse fort. Hier is byna nie 'n tent waar daar nie 'n siek kind of vrou in is nie, en Goedheid alleen weet wat die end gaan wees.

REKOMMANDASIE. — Ons dring daarop aan dat die kamp se getalle kleiner sal gemaak word. Die teenwoordige kampterrein is nie groot genoeg vir diegetalle daarop vergader nie.—Cd. 893, bls. 198—25 Nov.

BRIEF AAN HAAR **SUSTER**, MEVR.. LOUIS **BOTHA**,  
VAN MEVR. MEYER.VOLKSRUST, *Aug.* 1901.

Ek kan nooit ons **lewe** in die kamp beskrywe nie; bitter is nie 'n naam daarvoor nie.

Die **noodsaaklikste** was ons voedsel, wat, hoewel die Engelse ons voorsien het, so gering was dat ons dikwels en dikwels met 'n hongerige maag gaan slaap het. Sal ek ooit die sterfbedtonele vergeet. Hulle is so op my **siel** afgedruk. Nooit in my **lewe** het ek soveel **ellende gesien**, soveel **geween** gehoor soos in die afgeskeite kamp op Volksrust nie; daagliks het daar 10, 12, 14, 16 en selfs 20 kinders en grootmense doodgegaan, daagliks dieselfde aantal **doodkiste** uitgedra om vir altyd in die graf van armoede te rus; geen wonder dat my kop so **grys** is soos **dié** van 'n **ou** vrou van **vyftig** nie; want wie wat 'n **vonkie** van **medelye** het, kon anders wees, om **vriende** te sien aankarwei op bokwaens, **eendag gebruik** om rantsone aan te ry en die volgende dag om die **dooies** na hulle rusplaas te neem.

Die kas wat ons **gekry** het, was **steg**; meel, koffie en suiker wat omtrent twee dae **gehou** het, was vir 'n week; en die **vleis** was so vreeslik, want hulle het **brandsiek**-skape en **-ramme** vir ons **geslag**.

So baie van ons mense is **dood** in die **kamp**; gedurende die vier maande wat ek in die **kamp** is, het 587 **sterfgevalle** voorgekom. Is dit nie 'n vreeslike getal vir vier maande nie? Dit het ek van ons superintendent, mnr. **Carter**, verneem.

BRIEF VAN MEVR. KLAZINQA, NA MAFEKING-  
KAMP GENEEM.*Aug.* 1901.

. . . Ek sal u alles van die begin af vertel, dog net wat ek self gesien en ondervind het.

Op 1 Aug. het hulle my op „Welverdiend,” distrik **Wolmaransstad**, gevang. In die more van daardie dag het die Engelse onder kolonel H- my huis genader. Die eerste **ding** wat hulle **gedoen** het, was om al die pluimvee te vang en te slag (omtrent honderd hoenders), en ook die varke. Hulle het selfs 'n klein bobbejaantjie **geneem** wat aan my **seuntjie** wat kort gelede dood is, **behoor** het; en daarom was ek, soos ek hulle **gesê** het, baie daaraan **geheg**. Toe hulle alles buite buitgemaak het, gaan hulle na die huis - dog ek wou hulle nog nie laat inkom nie, omdat die hoofoffisier nog nie by hulle was nie. Ek het al die **deure** **gesluit** en met die **kinders** en bediendes onder die veranda gegaan. Daar was honderde soldate rondom die huis. **Skielik** hoor ek 'n groot lawaai binnekant: hulle het die venster van my **eggenoot se apteekkamer** gebreek en was **besig** om buit te maak. Wel, toe die bevelvoerende offisier op die toneel verskyp, het hulle reeds die hele huis deurgesnuffel. Die eerste **offisier** wat daar **gekomp** het, was 'n ordentlike en beleefde man, en hy **sê** dat ek in my huis behoort te kan bly; dog die **twede** was nors en ru en het net **gesê**: „Pak in jou goed en maak klaar: die wa sal netnou hier wees.”

En so was dit ook; hulle **het** my nouliks tien minute **gegee** om my **goed** bymekaar te kry. Al het ek gehuil en hulle vertel dat my man 'n Hollander is en neutraal **gebly** het en aangestel is as 'n mediese helper vir die **Boere**, dit was tevergeefs. Ek moes **gaan**. (Haar man het 'n dokument onderteken wat aan die leërmag wat verbykom, moes gewys word. Dit volg hier onder.)

Die hoofoffisier het **self** **belowe** om my 'n bankwissel te **gee** vir die medisyne uit my man se goedgevalde winkel; **dog** ek het daar nooit weer iets van verneem nie en het nooit die tjek ontvang nie. Die offisiere het my tafelservies gevat en al die breekgoed voor my oë **stukkend geslaan** en die baie kosbare boeke verbrand (meestal **mediese** boeke, kosbaar ingebonde) wat aan my man behoort het. **Hulle** het ook meer as driehonderd skape en sybokke **geneem** en hulle met stokke **doodgeslaan**. Hulle het die **wagter** met 'n paar muile en 'n perd gevang en ons **Kafferjong gewapen**.

In die aand **toe** ons omtrent 'n uur te perd van ons huis gekampeer het, kom die Kaffer na my en **sê**: „O, m' lieve nooi, nou moet ek my eie baas skiet, of anders sa3 die Engelse my platskiet.” Ek vra hom wat hulle hom **gesê** het om te doen. Hy antwoord dat hy in die nag saam met die Engelse moes spioneer en **Boere** soek en vang.

Toe **ons** die huis verlaat, het hulle parafien oraloor gegooi, **en** ook oor die ander huis vandie plek; en toe verbrand hulle dit met alles wat daarin was.

Hulle breek kerke af en verbrand die pastorieë.  
 Hulle het ons na Taungs vervoer deur die distrik Bloemhof; en oral waar die konvooi gegaan het, het die Engelse alles verbrand, verwoes of gevang; hulle het selfs die Kaffers en bediendes geneem en hulle struise afgebrand. Die kos op ons weg na Taungs was skaars. Soms was ons vir vier-en-twintig uur sonder ete of drink. Hulle het saans uitgespan op plekke waar geen hout of water te kry was nie en voor dagbreek die volgende dag vertrek, om aan te hou tot laat in die agtermiddag. Op hierdie wyse het ons en die kinders gebrek gely, en die arme redelose diere het van hongers en uitputting omgekóm. Oral langs die pad het ons hulle sien lê, dood of sterwende.  
 Oral waar die Engelse gaan, brand hulle die gras, met die hoop om op hierdie wyse die Boere se perde van hongers te laat omkom; dog die Heer is 'n regvaardige God en verdra geen ongeregtigheid nie, want waar die gras afgebrand is, stuur Hy reën; en binne 'n paar dae is die gras bekwaam vir die perde en skape.

Die behandeling wat ons ontvang, is allebehalwe wat dit behoort te wees. Ons begeleide handel na willekeur. Dié wat met hulle lag en grappiea maak, ontvang hulle rantsoen; dog dié wat dit nie wil doen nie, moet soms drie dae wag op 'n bietjie meel en koffie. Ons begeleide het die naam gedra van Hamilton ('n Kolonialer)—'n jonge van neentien of twintig wat oor ons geheers het. Toe ons op Taungs aankom, word ons bagasie, wat hoofsaaklik uit beddegoed en 'n bietjie klere bestaan het, eenvoudig uit die waens op die vuil grond gegooi en moes tot die middag daar gelaat word, toe elkeen moes toesien om sy eie goed op die spoorwegtrokse te kry.

Dit was uitermate vuil, sommige met koolstof bedek, ander met mis; nie een daarvan was ooit uitgevee nie. Dog vir ons arme vroue was hulle skoon genoeg. Hoe vuiler hulle ons besmeer, des te meer waarheid kry hulle in hulle rapporte oor ons. Dog; die feit is dat geen Boer of Boervrou 'n vuil geaardheid het nie; hulle is altyd dankbaar om hulle skoon te maak as hulle die geleentheid kry-en seep! Dog die Tommies sorg dat dit nie gebeur nie. Ons het nie eens genoeg water gehad om te drink nie!

Op daardie wyse moes ons drie nagte en twee en 'n half dae deurbring. Op sommige trokse was meer as vyftig vroue, kinders en ou manne. Daar was geen plek om te slaap nie; sommige het stywe bene gehad 'toe hulle op Mafeking aangekom het, en almal was siek van wind en son en koue. My oudste kind was twee jaar, die jongste twee maande oud; u kan verstaan in watter toestand ek moes gewees het. Gelukkig kon ek self die kindjie laat drink, anders sou dit van hongers omgekóm het; die oudste

helt soms gehuil om 'n stuk harde beskuit, sogenaamde „maagbomme”—smakelose goed van growwe meel gemaak en so hard soos 'n klip. Dog die Engelse ag dit goed genoeg om te eet.

Toe die trein Taungs verlaat, word ons aangesê om nie met die Kaffers langs die lyn te praat nie; later het ons die rede daarvoor verstaan. Oral waar ons kom, het hulle ons uitgeskel en met vuilgoed gegooi-en dit het die Kakies nogal vermaak verskaf.

'n Paar van die Engelse het ons innig bejammer en ons soveel hulp gegee as hulle kon, soos by voorbeeld om vir ons 'n bietjie kookwater by die stoomketel te haal om koffie te maak; dog die meeste van hulle het met welgevallen op ons neergekyk en die hele tyd gelag. Toe ons Mafeking bereik, na elfuur in die nag, en die kindertjies vas aan die slaap was, warm toegedop op ons knieë, het ons gesmeek om tot in die môre gelaat te word waar ons was, om die kleintjies nie te laat koue vat en siek word nie. Dog ons word geen gehoor gegee nie; ons goed word weer uit die troks gesmyt, en ons word verplig om te sit en wag totdat ons na die kamp kon geneem word. Eindelijk kom daar 'n donkiewa vir ons, en ek word om tweeuur in die môre na die kamp geneem. Die kinders het van ellende geskree; tuis was hulle gewoon aan sagte, warm beddens-my moederlike hart bloei as ek aan hierdie behandeling dink. Toe ons die kamp bereik, word ons voor die sogenaamde skoolkamer neergeplak, sonder 'n dak bo ons hoof, en moes wag totdat dit die here behaag het om ons 'n tent te verskaf. Sommige moes daar twee hele dae in son en reën lê.

Al ons goed was eerlank te vuil om San te raak. Die vroue in die kamp wat daar reeds 'n tydlang was en bekend was met al die gruwel?, het ons so nou en dan brood en koffie gebring. Sommige van hulle het dieselfde behandeling ondergaan, en sommige nog meer onmenslik. Wat die kampluwe betref, dit is met een woord „'n stadige hongerdood en besmetting.” Ek kan God nie genoeg dank nie dat ek in staat was om dit gou te verlaat en met my twee kinders lewendig daaruit te kom.

Daar is wel mediese hulp in die kamp te verkry. Daar is 'n sekere dr. Limpert, en nog een wie se naam ek vergeet het. Daar is ook 'n paar verpleegsters; dog dit is ver te min vir 'n bevolking van 6,000 mense en siekte

Die Superintendent skryf die siekte toe aan die aankoms van 'n groot aantal mense op die 15de Augustus. Hulle is deur die troepe van die distrik Taunge ingebring, in die middel van die nag en kon ten gevolge op hulle aankom nie ondersoek of gesoleer word nie; hulle is tydelik in die skool en waens gehuisves.—Cd. 893, bls. 175.

Dit sal 'n aanhoudende en kragtige inspanning vereis om hierdie kamp uit die jammerlike toestand te kry waarin dit gesink het.

in elke tent. Gevolklik is die sterfte baie groot. Dit

het gebeur dat **moeders** met klein **kindertjies** drie dae moes wag voor hulle met 'n dokter kon praat, en toe hulle beurt eindelijk gekom het, word hulle eenvoudig in die pad gesteek, want „het hulle dan nie geweet dat al die kinders onder vyf moes vrek nie?” So 'n vrou keer na haar tent met betraande oë terug en 'n ewige en onverbiddelike haat teenoor die vyand in haar hart. Die rantsone is baie klein. In ses weke tyd het ek driemaal 'n pond en 'n half byna oneetbare vleis ontvang. Die kan eet, maar moet dan nie na Gelukkig het ek self 'n bietjie geld gehad en kon self 'n bietjie kos koop; dog die meeste vroue het of niks gehad toe hulle gevang was nie, of, is. van wat hulle gehad het, deur die troepe beroof; en hulle moet uitsluitlik met die skrale rantsone klaarkom.

Die dag ná my aankoms het hulle vleis ontvang; dog toe hulle oor die kwaliteit daarvan by die kolonel op Mafeking wou gaan kla en hom gaan wys dat die vleis oneetbaar is, het die kamp-superintendent, Mac-Cowat, geweier om hulle 'n pas te briesend gemaak dat hulle hom beetgepak het en die rou vleis in sy mond gedruk en gesê het: „Eet jy dit; ons is beter vleis gewoon.”

Ek is ses weke in die kamp gewees. In dié tyd is daar eenmaal klere uitgedeel. Dog slegs die vroue wie se

Twee vroue het afsonderlik gesê dat as Engelse vroue gifte stuur, behoort hulle dit self uit te deel; as dit aan plaaslike komitees van kampmense oorgee word, gee hulle aan hulle eie vriende en nie aan die mees behoeftige nie.—Bls. 172.

Dit is nie waar dat die

'n Versoek na die hoofkwartier om 'n assistent-dokter op 22 Julie gestuur is gou gehoor aan gegee, en dr. Limpert het op 6 Augustus aangekom. Hy was egter nutteloos. . . . Medisyne is beroerd skaars. Baie bloedarmoede onder vroue en geen yster nie. Baie diarree, dog geen bismut en kalk of kasjoo om dit mee te genees nie. Baie sterfgevälle en geen doodshuis nie. Een van die kerkhove net twintig voet van die kamp se grens en grafte net drie en 'n half voet diep. Ons het klein kindertjies hulle sien opvol.—Damesrapport, bls. 176.

dokter het self gesê: „Jy my om medisyne kom nie.”

Gedurende die laaste twee maande het weke verbygegaan met slegs 'n eeldsame rantsoen van vars vleis nou en dan; en op die oomblik kan daar net genoeg vir die hospitaal en staf verkry word. Bikkiesvleis en brood is 'n ongeskikte kos vir kinders, wat ongetwyfeld by hope op hierdie kos sal doodgaan.—Damesrapport, bls. 176.

Die kommissie is eenparig van sienswyse dat die superintendent en vorige mediese beampte veel skuld het.

Boervroue smee om na die kamp geneem te word nie—almal sou veel liever in hulle eie huise gebly het al het hulle nie volop kos gehad nie. Ek, by voorbeeld, hoef nooit te gegaan het nie; my huis was vol koring, meel en klere, en ek het altoos ruim gehad om aan die behoeftiges in ons dorp te gee. Hulle het my onwettig weggeneem, daar my eggenoot 'n „vrywilliger”- of „dilettant”-dokter onder die Boere is en 'n sertifikaat as sodanig het en verder neutraal is en ons altwee Hollanders is.

. . . U moet weet, in die kamp mag ons nie ons regte kleur wys nie of ons rantsoen word verminder. Die verstandigste is om stil te bly en te ly. . . .

#### DOKUMENT DEUR DIE HEER KLAZINGA AGTERGELAAT AS 'N BESKERMING VIR SY VROU.

Aan die Edel-gestrenge Offisier in Bevel van Sy Majesteit se Troepe wat in die Distrik Wolmaransstad opereer en hierdie Plaas „Welverdiend” besoek.

Hiermee neem ek die vryheid om onder u welwillende aandag die volgende feite en omstandighede met betrekking tot my en my famielie te bring:—

1. Dat ek 'n uitlander is, wat van omtrent twee en 'n half jaar voor die uitbreek van die oorlog in die Transvaal woonagtig is; geen burger van die Suid-Afrikaanse Republiek nie, dog steeds 'n onderdaan van 'n neutrale staat (Holland).

2. Dat ek waarnemende hoof van die Wolmaransstadse Veldambulans is sedert die uitbreek van die oorlog, in welke betrekking ek reeds meer as eenmaal die genoë gehad het om belangrike dienste aan die Britse magte te bewys deur verpleging en alle hulp aan die gewonde te bewys of op die slagveld aan mede-offisiere en troepe van Sy Majesteit se leër of andersins.

Aangesien ek op hierdie wpe heeltemal 'n neutrale standpunt inneem en aangesien ek 'n gesertifiseerde Rooikruis-offisier is, sowel as 'n onderdaan van Haar Majesteit Wilhelmina, koningin van die Nederlande,

Versoek ek eerbiedig, dog beslis:—

- Dat my vrou en kinders in hierdie huis gelaat sal word as daar enige voorneme by u mag ontstaan het om hulle weg te neem.
- Dat my famielie, aook die weinige besittinge wat ek hier het, nie gemolesteer sal word nie.
- Sodat ek net so behandel mag word soos by voorbeeld die neutrale winkeliers in hierdie en ander distrikte, wie se persoon, families en besittinge in alle opsigte gerespekteer word.

Verder versoek ek u beleef om my vrou, indien moontlik, met 'n bietjie meel, koffie, ens., te help en 'n paar

koeie soos volgens ek verneem op ander plekke aan vroue wat behoefte het, verskaf is.

Met dank by voorbaat vir vriendskap en hulp aan my familie te word verleen, het ek die eer te wees, edele heer, u dw.,

A. H. KLÄZINGA

(Waarn. Hoof, Wolmaransstadse Ambulans).

„WELVERDIEND,” Maart 1901.

‘n Vrou wat van Mafekingkamp ontvlug het, het haar verhaal voor generaal Celliers beëdig; dit kom ooreen met alles wat uit ander bronne verneem word :-

Op hierdie dag, die 16e November 1901, het voor my verskyn op „Vergenoegd,” distrik Zeerust, Suid-Afrikaanse Republiek, Petronella Johanna van Staden, wat onder ede verklaar : —1)

„Ek is die vrou van Adriaan van Staden, ‘n bewoner van hierdie plaas. Op 11 Junie 1.1. is ek gevange geneem saam met ander vroue en na Mafeking gevoer. Op aankoms aldaar word ons in tente geplaas in die vrouekamp. Ons het die volgende rantsoene ontvang: -Vleis, rys, meel en konfyt; ook koffie en suiker. Ons was tevrede met ons kos. Dit het twee maande geduur. Eers word ons vleis-rantsoen teruggebring op 2 pond per week. Later die koffie en suiker; en so het dit aangegaan tot die eerste van hierdie maand, toe ek ontvlug het. Ons rantsoene was toe as volg vir elke ag dae: -1 bordvol meel, 2 pond rys, ½ pond koffie, en 1 pond suiker; 2 pond vleis per week vir elke volwassene. Kinders onder twaalf jaar het halfrantsoen ontvang. Die dokters het ons baie ru behandel. Soms het hulle ons aangerand as ons om medisyne aansoek doen. Dikwels moes ons hoor: „Al gaan almal in die kamp dood, dan maak dit nie saak nie.” Vir brandhout word ons 30 pond groen hout per week toegelaat. Ons was verplig om wortels uit te grawe om ons in staat te stel om kos te kook. Hulle het ons geen klere verskaf nie, tensy ons die grootte gebrek ly, nl. as ons byna nakend was. Klere wat vir ons gekollekteer is deur ons predikant, ds. Van der Spuy, in die Kaapkolonie, is nie aan ons gegee nie, dog aan die families van die burgers wat die wapens neergelê het. Dieselfde

het gebeur met die eetware wat vir ons gestuur was. Deur „ons” bedoel ek die vroue van burgers wat nog in die veld is.

„Die sterfgevalle in die kamp was baie talryk. Verlede maand het ons 580 sterfgevalle, meestal kinders, gehad. Ek het hierdie statistieke van my broer Johannes Smit gekry, wat gehelp het om doodkiste te maak. Die Britse gesaghebbendes verskaf die kiste en laat die grafte maak; dog ons moet self die begrafnis reël. Die sterfgevalle was 20 tot 30 elke dag.

„Met uitsondering van die uitdeling van klere word daar geen onderskeid gemaak tussen ons en die vroue van die „handsuppers” nie. As ons gaan om ‘n klage in te dien, word ons brutaal behandel en meestal gesê om na die h—te gaan. Ons klages word nooit ondersoek nie. Ons word vertel dat die vroue wat ontsnap het, deur die Kaffers vermoor is, en verder dat ons eie offisiere ons nie meer wil ontvang nie en ook dat generaal De la Rey gesê het dat hy elke vrou wat ontsnap, sou laat skiet. Voor ek ontvlug het, het verskeie ander vroue dit reeds gedoen; en die berig het ingekom dat hulle deur Kaffers vermoor is. In elk geval, ek het besluit om weg te loop. Aletta Swart en ek het op die sewende deser in die nag ontsnap. Ons het hier aangekom nadat ons twee dae en twee nagte rondgedwaal het. As dit nie was vir die gerugte wat versprei word omtrent die vermoording van ontvlugte vroue deur Kaffers nie, aal baie meer vroue probeer om te ontvlug; Almal is baie ontevrede met hulle behandeling. Ons het net blikkiesvleis gekry. Eers was dit goed, maar later sleg. Eenmaal het hulle ons gewaarsku om die vleis nie te eet nie, daar die diere aan longsiekte gevrek het. Die blikkiesvleis is baie ongesond en veroorsaak diarree. Voor my ontvlugting het twee vroue van Lichtenburg weggeloop; hulle is egter gevang geword en deur Kaffers teruggebring. Hulle is toe gestraf met ag dae ryswater. Hulle het geen ander kos gekry nie en is nog boonop in ‘n aparte kamp geplaas.

„Met uitsondering van die uitdeling van klere word daar geen onderskeid gemaak tussen ons en die vroue van die „handsuppers” nie. As ons gaan om ‘n klage in te dien, word ons brutaal behandel en meestal gesê om na die h—te gaan. Ons klages word nooit ondersoek nie. Ons word vertel dat die vroue wat ontsnap het, deur die Kaffers vermoor is, en verder dat ons eie offisiere ons nie meer wil ontvang nie en ook dat generaal De la Rey gesê het dat hy elke vrou wat ontsnap, sou laat skiet. Voor ek ontvlug het, het verskeie ander vroue dit reeds gedoen; en die berig het ingekom dat hulle deur Kaffers vermoor is. In elk geval, ek het besluit om weg te loop. Aletta Swart en ek het op die sewende deser in die nag ontsnap. Ons het hier aangekom nadat ons twee dae en twee nagte rondgedwaal het. As dit nie was vir die gerugte wat versprei word omtrent die vermoording van ontvlugte vroue deur Kaffers nie, aal baie meer vroue probeer om te ontvlug; Almal is baie ontevrede met hulle behandeling. Ons het net blikkiesvleis gekry. Eers was dit goed, maar later sleg. Eenmaal het hulle ons gewaarsku om die vleis nie te eet nie, daar die diere aan longsiekte gevrek het. Die blikkiesvleis is baie ongesond en veroorsaak diarree. Voor my ontvlugting het twee vroue van Lichtenburg weggeloop; hulle is egter gevang geword en deur Kaffers teruggebring. Hulle is toe gestraf met ag dae ryswater. Hulle het geen ander kos gekry nie en is nog boonop in ‘n aparte kamp geplaas.

„Ek het ‘n kindjie gehad toe ek gevang is; dit is dood in die kamp. Die meeste kinders sterf aan die masels. Die kos word gegee en in die kamp uitgedeel.

Nadat ons noukeurig die kamp deurgegaan het, kon ons nie anders nie as voel dat weinig of niks deur die superintendent gedoen was om ons aanbevelinge uit te voer nie. Intendeel, die toetande het in sommige gevalle erger geword sedert ons laaste besoek, en dit was duidelik dat voor die aankoms van dr. Morrow geen eerlike poging aangewend was om die siekte te verhoed of te bestry nie. Dit het gestadig toegeneem tot dat daar by eenzaamheid 2,000 gevalle van siekte geregistreer was: 29 sterfgevalle het op een dag plaaggevind, en oor die 600 lewene was daarmee been gedurende die tien weke sedert ons vertrek. C. 89 bls. 174.

1) Vgl. rapport van generaal De la Rey, bla. 17.

Menige dag moet ons wag van vroeg in die môre tot laat in die middag voor hulle ons iets gee, en dikwels sê hulle ons dat ons nie beter is as — nie.—P. J. VAN STADEN.

Beëdig voor my op die datum en plaas vermeld! -J. G. CELLIERS, veggeneraal vir Lichtenburg en Marico.

Al is mevr. Klazinga se beskrywing vreeslik, elke woord word gestaaf deur die verskillende offisiële berigte omtrent Mafeking.

'n Jong meisie skryf ook van daar :—

U brief en £5-noot ter hand waarvoor geliewe my hartlikste dank te ontvang. Ek het dieselfde bedrag ook van mej. Monkhouse ontvang en het, dus dertien kassies seep en kerse gekoop en dit onder die noodlydende uitgedeel, waarvoor hulle baie dankbaar was. Hier is nou oor die 5,000 mense, en ons verwag nog 400 vanda. Mej. Monkhouse en Mellor het ons nog nie bereik nie. Ek hoop hulle sal een van die dae hier aankom. Hier is ses ander dames (naamlik die dameskommissie); dog ek het nog nie die genoeë gehad om hulle te ontmoet nie. Verpleegster Crawford was 'n tydjie siek; dog ek is bly om te kan sê dat sy weer in goeie welstand is; daar is nou omtrent vier verpleegsters buiten haar. Twee van my susters is siek; een, vrees ek, het die koors.—N. HARTMAN.

'n Lid van die Kaapstadse Komitee skrywe :-

28 Jan. 1902.

'n Meisie wat uit een van die kampe gelaat is, het my kom sien. Sy was so siek dat hulle haar verlof gegee het om te gaan terwille van haar lewe. Sy is 'n maand in bed gewees en is nog baie bleek en bewerig. Sy het 'n wonderlike gees. Sy is deur 'n soort van belofte gebonde om geen verhalde omtrent die kampe te vertel nie, anders mord sy voor 'n krygsraad gedaag en „behandel soos 'n man, sonder aansien van ouderdom of geslag.” Sy kon dus slegs baie in die algemeen spreek; dog sy is aan brand met gesmoorde woede. Sy is mooi, fyn en sag-van die goed-ontwikkelde, senuagtige, donkerharige tipe van Transvaalse vrou, nie soos die kalme, langsaam-sprekende Kapenaar nie.

Sy sê, met betrekking tot die Natalse kampe in 1901, dat die taamlik gesond was, dog dat dit nie meer die geval kan wees nie, want hulle word oorlaai met duizende nuwe komelinge van die noorde, wat in die laaste graad

van ellende daar aankom en siekte met hulle bring. Eowick het nou 'n hoë sterftesyfer, al was die dood vroeër 'n seldsaamheid daar; Sy het die aankoms van enige honderde stomme mense van Klerksdorp beskrywe. Hulle was baie dae op pad en het hoegenaamd geen kos langs die weg ontvang nie. Hulle het by die kamp soos wilde diere woedend van honger aangekom—'n jammerlike gesig—die vroue en kinders letterlik net vel en been.

Die kinders het op 'n ontsettende wyse gehuil; en toe daar eindelijk warm pap aan hulle gegee word, het hulle dit beetgepak en letterlik verslind al was dit brandend heet. 'n Man wat die toneel aanskou het, het gevoel of hy jare ouer geword het. Die arme goed het byna nie soos mense daaruit gesien nie. Hulle is nie toegelaat om uit die rytuie te klim waarin hulle vervoer was nie—selfs nie om die eise van die natuur te vervul nie. Een babetjie het van honger langs die pad omgekom; die moeder moes die klein lykie uitgrawe, om begrawe te word. Snags is hulle deur soldate met bajonette bewaak geword, en hulle kon nie roer nie. Hulle folteringe was onbeskryflik.

Mevr. Strassheim, ook iemand wat liefdegawe uitgedeel het in haar kamp, skryf erkentlik van Klerksdorp :—

AAN DIE ERESEKRETARIS, HULPKOMITEE,  
KAAPSTAD.

5 Sept. 1901.

Met groot genoeë erken ek die ontvangs van die goed vir leniging van die nood van vroue en kinders hier in die kamp.

Ek hoef u nouliks te sê hoe welkom u gif is; ons het besonder baie noodlydendes vir wie dit alles as 'n uitredding Gods sal wees. Ek sal my bes doen met die uitdaling. Dit is my 'n groot plesier dat ek iets vir ons arme mense kan doen; en ek hoop eb sal die vertrou wat u in my geplaas het, waardig wees.

Wat ons veral aangenaam is, is die kiste met bydraes van vriende, wat blykbaar persoonlik die werk gedoen het. Dit is treffend om te sien hoe mooi die klein kleertjies gemaak is. Wil u die gewers vertel hoe ons hulle bedagzaamheid en vriendelikheid op prys stel? Ek wil ook veral melding maak van die skoene, kouse en ook die leer, wat baie sal doen om die nood te lenig.

Daar is 1,733 vroue van oor die twee-en-sestig jaar in die kamp, en 2,352 kinders; dus kan u verstaan dat alles baie te pas kom en dat menige hart bly gemaak sal word.

Ons het hier 'n e idemie van masels, en dit **spyt** my om te sê, baie kinders is daarmee heen. Daar is nog **heelwat siekte**; **dog** veel word **edoen** om die lye te **versag**. Hulle is **gelukkig** om in **de** su printendent 'n ware vriend te hê—een wat vir hulle **voel** en hulle welsyn op die hart dra.

Die **rys**, masena, ertjies, ens., sal gebruik word om sop vir die siekte te maak. Ek wil net sê dat slegs drie uit die **ag sakke rys** ons bereik het. . . .

**Hierdie** dame, wie se man 'n predikant by die Boerkommando's was, het een van die bannelinge na Natal geword, tien dae ná sy bowegemelde **geskrywe** het. Op die 15e September 1901 word die deportasie deur generaal De la Rey **beskrywe** :—

**Kragtens** lord Kitchener se proklamasie is op die 15e Sept. 1901 op Klerksdorp 500 **vroue** en kinders van burgers nog op kommando in **oep** veetrokse gedrywe; dit was 'n ruwe en **stormagtige** nag. Onder die vroue was die vrou van generaal Liebenberg, met haar kinders; die vrou van die heer Pienaar (mynkommissaris); die vrou van ds. Strassheim en vele andere van die voorste ingesetene van Klerksdorp en die **omgewing**, met hulle kinders. Die volgende **môre** is die trein **weg**; die hele **geselskap**, met die mense wat hulle kom **groet** het, het eers 'n psalm gesing, daarna vertoon die **oudste dogter** van generaal Liebenberg 'n Transvaalse vlag wat sy self **gemaak** het. 'n Engelse offisier kom en skeur die vlag uit haar **hande**, onder luide **protes** van die vroue. Toe die trein vertrek, bring **die** selfde jonge dame 'n ander vlag te voorskyn wat sy waai, terwyl al die vroue en kinders in die veetrokse die volkslied **sing**, totdat Klerksdorpstasie nie meer te **sien** was nie. (Vgl. die rapport van De la Rey en Smuts, bls. 30.)

#### OP DIE DOOD VAN 'N BROER.

##### WINBURGKAMP, 16 Nov.

**Hartlike** dank (skryf 'n jong onderwyseres) vir u brief van deelname, wat baie **welk** om was. Ek was **waarlik** bly om van u te hoor, want **ek** wis nie wat van u geword het nie. Dit was **baie** hard om van so 'n dierbare broer te moet afskeid neem. **Hy** was **waarlik** veel vir ons—'n dierbare broer en 'n vader vir ons. Ek kan u nie sê hoe **verskrriklik** ek hom mis nie. **Dog** ons het een **groot** troos: hy was bereid om **sy** God te **ontmoet—en** wat **meer** wil 'n mens hê! Ons kan ons alleen onderwerp en

**sê**: „U wil geskiede !” En hoe **heerlik** om te weet dat God alles uit liefde tot ons doen; want dié wat Hy liefhet, **kasty** Hy.

Arme **Mary** is in die Harrismithkamp, met mevr. L. Die kamp is nou **groot**; daar is **omtrent** 3.000 mense. Daar was tot ag **like** op 'n dag. Verskeie **skoolmaats** is hier. **Sarie**, Maria, **Maggie**, Stinie en **andere**. Ons het hier 'n skool; ek help daarin. Ons het omtrent 300 kinders wat dit **bywoon**. Ek sal bly wees as u my 'n paar mooi stories wil stuur wat vir my Sondagskoolklas geskik sal wees.

In dieselfde kalme trant skryf 'n ander een **aan** mej. Murray :—

##### BLAEMFONTEINKAMP, 10 Des. 1901.

Ek was so bly om weer van u te hoor. Dit is so 'n troos om in **hierdie** ellendige kamp van vriende te hoor. Ek wens u kon op die randjie staan en dit vir 'n paar minute aanskou. Jou gedagtes oorweldig jou en jy is **verplig** om opsy te draai. Wat is Gods wil? Met **watter** doel het Hy ons hier **gebring**? **Hierdie** is gedagtes wat ons dikwels raadselagtig voorkom. Oor ons behandeling kan ons nie kla nis, <sup>1)</sup> al is die hitte soms so erg dat ons dit nie kan verduur nie; dog God gee ons krag om ook dit te verduur.

Ons mis **vreeslik** ons gerieflike wonings, ons botter en melk en groente en **vrugteboorde**; ons kan net **sing**: „O, wag en murmureer **nie**.” Wat **ek** ondervind het **sedert** ek u, laas **gesien** helt, kan nie op papier geplaas word nie. **Ons** het deur diep waters gegaan, en baie beproewinge, en het selfs **bomme** oor ons gehad. Ek praat van die huis, maar in werklikheid het ons nie meer huis nie, net plase. **My** piano en harmonium is heeltemal vernietig.

Die doodsengel het ook ons huis **binnegekom** en ons dierbare broer weggeneem. **Hy** was nie **siek** nie, dog het op die slagveld **gesneuwel**. Ons weet nie besonderhede nie, want **hy** het geval ná ons in die kamp **gekom** het. **Hy** is nou veilig, want sy lewe het **duidelik getoon** aan wie **hy** behoort het en wie **hy gedien** het. Ek **verlang** om ook so 'n lewe te lei. My tante is ook dood hier 'n **indie** kamp, en haar klein wiesies is aan ons **sorg** toevertrou. Die **hospitale** is heeltemal vol met **siek** mense; van 'n soveel **sterfgevallen** het **ek** nog nooit in my lewe gehoor nie.

1) Dit is **geskrywe** omtrent drie maande ná die hervorminge teweeg **gebring** ir.

## DEEL III.—1902.

## HOOFSTUK 1.

JANUARIE TOT JUNIE.—MEER HUISE VERWOES EN  
PROKLAMASIE VAN VREDE.

„Did we think Victory great?  
So it is—but now it seems to me,  
When it cannot be helped, that defeat is great,  
And that death and dismay are great.”<sup>1)</sup>

—WALT WHITMAN.

Die jaar 1902 het begin met bekommernis vir diegene wat gewaak het vir die welvaart van die kampe, en die Desember-opgawe van die sterfesyfer het nie veel verligting gebring nie. Dit was laer as die vorige maande, dog het vir die kampe in die algemeen nog op 261.09 gestaan. Die twee eerste Blouboeke (Cd. 819 en Cd. 853, 1901) het 'n toestand van sake geopenbaar wat veel erger en meer omvattend was in kwade gevolge as my klein rapport wat ses maande gelede soveel verontwaardiging veroorsaak het.

Dog ondanks Blouboeke, debatte en die publikasie van feite het daar nog onkunde geheers omtrent die Boervroue en -kinders; dog dit was nou 'n moedswillige onkunde. Die vroue van Engeland was blykbaar in die toestand wat Ruskin beskrywe: hulle „sluit die doodskreite uit en is

<sup>1)</sup> Het ons oorwinning groot geag? So is dit; dog non lyk dit vir my dat as dit nie verhelp kan word nie, nederlaag iets groots is en dat dood en angs iets groots is.

gelukkig en praat slim onder mekaar. Dit is die allerletterlikste feit omtrent wat ons vroue in hulle **teenwoordige** lewe doen.”<sup>1)</sup> Hulle word bereik, **sê** hy verder, „**slegs** nou en dan deur 'n halfgehoorde stem en gemurmur soos die sug van die wind as menigtes van siele sterf.” Kortweg, die meeste het daar geen ag op **geslaan** nie; en as hulle dit **gedoen** het, was hulle onverskillig, terwyl andere bly was om gebruik te maak van die redes vir die ontstaan van die kampe, deur die heer Chamberlain in die Laerhuis aangegee (19 Jan. 1902).

Hy het die land verseker dat „die hele verantwoordelikheid vir die ellende wat veroorsaak is, op die skouer van die Boerkommandant rus” (Times, 20 Jan. 1902). Hy verwys die Huis na die korrespondensie tussen lord Kitchener en generaal Botha, wat elders gegee word en wat hy as die ontstaan van die kamp verklaar. (Vgl. Deel 1, hfst. I, bls. 44, en Deel 11, hfst. 1, bls. 125.)

As die heer Chamberlain se verklaring met feite ooreengekom het, kon dit net **gedien** het om die saak teen die konsentrasiestelsel te versterk. Dit het die argument dat konsentrasie 'n werk van ongeëwenaarde mensliewendheid was, onderneem om vroue en kinders van hongersnood te red, van alle grond ontbloot en dit in 'n blote daad van weerwraak verander. Geen **vernuf** kan 'n daad van weerwraak human noem wat 27,000 sterfgevallen, hoofsaaklik onder binders, veroorsaak het. Dog **die** heer Chamberlain se bewering was in stryd met **die** feite. Ons het reeds gesien dat die korrespondensie waar hy sy pleidooi op **gemaak** het, waardeloos geword het deur 'n onjuiste aanhaling op 'n punt van kardinale betekenis, en dat die dokument waar lord Kitchener na verwys, geen

<sup>1)</sup> „Crown of Wild Olive.”



bewys lewer dat die verbranding van plase 'n straf-middel was deur die Boergeneraals toegepas nie, dog eerder die teenoorgestelde bewys.

Dit moet verder vermeld word dat die korrespondensie tussen lord Kitchener en generaal Botha nie plaasgevind het voor daar reeds baie kampe maandelank in aansyn was nie—en reeds duisende mense bevat het. Die heer Chamberlain het egter gemeen—en daar was seker baie wat bly was om saam met hom so te dink—dat „met 'n mensliewendheid absoluut sonder weerga in die geskiedenis van oorlog het ons, op wie hierdie vroue en kinders geforseer was, die plig en verantwoordelikheid in naam van die mensheid vervul” (*Times*, 20 Jan.; vgl. ook bls. 46, nota).

Verder was die Koloniale Sekretaris van mening dat daar „groot oordrywing” was wat die getal sterfgevallen in die kampe betref. Daar is, sê hy, 'n enorme kindersterfte in gewone tye, en daardie sterftesyfer moet afgetrek word. „Met so 'n volk kan 'n mens nie verwag dat die sterftesyfer onder 100 per 1,000 sal wees nie” (*Times*, 20 Jan.). Gedurende verlede Mei (1902) het ons, sedert die doeltreffende hervorminge van die heer Chamberlain, die syfer tot 20 sien daal!

Elke week het daar nou telegramme verskyn wat verbetering in die kampstelsel aankondig. Nuwe waterskemas in Bloemfontein, Kroonstad en Winburg; nuwe skikkinge om mense in hutte in plaas van tente te huisves; uitdeling van groente en wat dies meer sy. Veral was dit aangenaam om te verneem dat 200 jongens houtwerk leer in Irene-kamp en dat mej. Pughe Jones naaldewerk op Kroonstad onderwys en dat mej. Wilson, suster van die sekretaris van die administrasie, naaldewerk onderwys en aan die meisies in die Bloemfonteinse kamp les gee in Vlaamse kantmaak.



Skoolkinders op Irene. November 1901.

Die totaal kinders in die goewermentskole van die O.V.S. is nou **13,409** vergeleke met 'n totaal van **8,900** in die goewerments- en private skole onder die ou stelsel. (Laff an, *Manc hester Guardian*, 1 April 1902 ; vgl. ook Cd. 1 163 (1902), bls 147.)

Inderdaad, die werk van die **Onderwysdepartement** het snel toegeneem toe die siekte afneem, en 'n honderd onderwysers is deur die Engelse en Skotse departemente vir Sui-Afrika uitgesoek. „Dit is seer verblydend,” skryf mnr. Sargant, „om te sien hoe **gou** daar vriendskaplike verhoudinge tussen die **ou** en **nuwe** onderwysers ontstaan het. . . . Die Engelse onderwysers rapporteer dat hulle die kinders intelligent, soet en leergierig vind. Hulle roem ook hoog die werk verrig.” Op hierdie en ook op ander wyse het die lewe van die kamp **draaglik** geword en vir die kinders **selfs** interessant terwyl die vernaamste onthoring nou **daardie** famielies ten deel geval het, wat in die verskillendé vegdistrikte vertoef het.

In Maart (4 Maart 1902) het die heer Humphrey **Owen** die volgende amendement voorgestel : „Hierdie Huis betreur die groot aantal **sterfgev**alle in die konsentrasiekampe, **gevorm** in die uitvoering van die plan om die land „skoon te maak.”” Op sy opmerkinge het die heer **Chamberlain** geantwoord in 'n toespraak wat aantoon dat hy heeltemal verkeerd **ingelig** was op meer as een punt. Hy ontken dat die verbranding van plase die kampe in aansyn groep het, want hy geloof dat daar maar **600** verbrand is, en **daardie** getal met vyf vermenigvuldig, waar hy vyf vat as die gemiddelde grootte van 'n famielie, sou nie die groot aantal in kampe verklaar nie (vgl. *Times*, 5 Maart 1902). Dit toon aan dat die heer Chamberlain nog onder die indruk was dat die

handjievool plase, **opgegee** in Cd. 524 as verbrand, die totaal van verwoeste plase was. Hy gaan verder deur te sê dat toe die gherilla-oorlog begin het, „het hulle gevind dat om een of ander rede groot getalle Boervroue en -kinders onbeskermd op die veld sou gelaat word. As 'n Christenvolk kon ons hulle nie daar laat nie” (vgl. einde van die hoofstuk). 'n Mens weet nie watter datum is by die heer Chamberlain die begin van die gherilla-oorlog nie; dog die uitsetting deur ons troepe van Boerfamilies en hulle deportasie, verbanning en konsentrasie, het reeds vele maande voor lord **Roberts** Suid-Afrika verlaat het, begin. Die opmerking is raadselagtig, want dit is in stryd met sy vorige verklaring. Die heer Chamberlain gee geen rede aan waarom Britse leërmagte vroue en kinders wat stil in dorpe gewoon het, „gevang” het en ook dié wat nie onbeskermd was nie, dog in laers deur die Boere geplaas was, wat hulle met voedsel voorsien het en hulle onder beskerming van **ou** manne bowe kommando-ouderdom gelaat het. Hy verwerp die beskuldiging dat daar **versuim** was om verbeteringe in die kamp aan te bring, nadat die **aandag** daarop bepaal was; dog as die heer Chamberlain in Junie gedoen het wat hy in Desember verrig het, kon duisende lewens **gespaar** gewees het. Die Koloniale Sekretaris se syfers het hy bereken deur die sterftesyfer van klein kindertjies **teenoor dié** van groter kinders te plaas, wat tot twaalf jaar in die Transvaal en vyftien in die O.R.K. bereken is. Eindelik het hy gesê dat dit hom iets nuuts was dat die vroue onwillig was om na die kampe te kom, hoewel hy toegegee het „dit is billik om te sê dat hulle ingebring is.” Ek dag dat daar baie min was wat na vriende wens te gaan, en die mense word toege-

laat om te gaan as dit heeltemal seker is dat hulle **versorg** sal word.

Ongelukkig het die heer Chamberlain feite wat reeds herhaaldelik openbaar **gemaak** is, nie kon vat nie. 'n Welbekende geval is **dié** van mevr. De Wet, wat **openlik** aan mnr. Brodrick omtrent haar gevangenhouding geskrywe het en waarom-trent die Sekretaris van Oorlog nog onlangs in Mei <sup>1)</sup> ondervraag was.

Die heer **MacNeill** het by **daardie** geleentheid die informasie uitgelok dat mevr. De Wet alleen die kamp kon verlaat om van Suid-Afrika te vertrek en dat daar volgens die beskouing van die Sekretaris van Oorlog oordrywende betekenis aan die dame **geheg** was. Gevolglik het mevr. De Wet 'n gevangene in Pietermaritzburg gebly tot die end van die oorlog. Mevr. Neethling wat in Balmorkamp dood is, is 'n ander geval, 'n baie droewige. Herhaalde applikasies deur haar **familië**betrekkinge kon haar vryheid nie verkry nie. **Hierdie** voorbeelde kan **maklik** vermenigvuldig word.

Die rapport van die dameskommissie is in Februarie gepubliseer. Om in besonderheid 'n kommentaar daarop te maak lê **buite** die bestek van **hierdie** boek; dog dit kan van waarde wees om op 'n paar **dinge** te wys. Die boek is in twee dele, die algemene rapport en rapporte op die verskillende **kampe**. **Heelwat** sorg is **bestee** aan sommige van die twee-en-twintig punte waar die **ondersoek** in elke kamp oor gegaan het-veral die sanitêre en hospitaaldepartemente en die uitdeling van ran tsoene. Ander belangrike vertakkinge, soos die wese, lokale helpsters, aansoeke om verlof en die sterftelyste, het nie veel **aandag** ontvang nie. Die geheel was natuurlik maar 'n taamlik opper-

1 ) „Manchester Guardian,” 14 Mei 1902.

vlaakkige beskouing, daar die kommissie selde meer as uiters twee dae in 'n kamp deurgebring het. Dit het hulle verhinder om toegang te kry tot die innerlike sy van die kampelewe soos deur die mense ondervind, want die Boere is nie 'n ras wat maklik die hart oopmaak vir iemand wat hulle nog maar een dag ken nie. Die kommissie het die feite herhaal en aangedring op die uitvoering van rekommandasies wat reeds maande vantevore bepleit was, en het sommige nuttige verbeteringe gemaak, waartoe hulle die offisiële magtiging gehad het. Een van die beste dienste wat hulle bewys het, is die aanstelling as inspekteur van die heer Cole Bowen, waar ek maande vantevore reeds op aangedring het. Die sterftesyfers wat die kommissie aangee, kan nie op staat gemaak word nie. Hulle kom nie met die Blouboeke ooreen nie en is misleidend, daar hulle op willekeurige wyse begin en eindig. Ook die datums wat aangegee word vir die oprigting van die kampe, is onjuis. By voorbeeld, Februarie 1901 word aangegee as die begin van die Johannesburgse kamp, en dit was reeds 'n groot kamp in November 1900 (vgl. Deel 1, hfst. 11).

Wat egter te betreur is in die boek, is die toon wat die algemene rapport aanslaan, wat die besondere rapporte nie bevestig nie. Veral ongelukkig is die poging om die verantwoordelikheid vir 'n groot aantal van die sterfgevallen op die skouers van die Boeremoeders te plaas.

Al het ministers dikwels op onridderslike wyse, weens gebrek aan verontskuldiginge, geskuil agter die veronderstelde onhandigheid en onverskilligheid van Boervroue, het 'n mens tog gehoop dat Engelse vroue bokant sulke beskuldiginge verhewe sou wees. Hulle het net daarin geslaag om 'n paar geïsoleerde gevalle te bntdek-soos van een

vrou wat groen olievers gebruik het, een wat rooi vers, een wat vernis gebruik het en een wat 'n pap geëet het. Dit is nie veel uit 40,000 of 50,000 vroue nie. Vir die owerige skyn hulle fout alleen te wees dat hulle ouderwetse middele gebruik, waarvan vele soortgelyke in Nicolas Culpeper bestudeer kan word; en **almal** kan in Engelse dorpe van die twintigste eeu teruggevind word en by dorpsgeneeshere **oral**. **Vandag** hoor 'n mens van „muispastei" in sekere dele van Engeland, van slakke om toring te genees-dié wat teen 'n kerkliofmuur opkruip : dié wat **afkruip** beteken niks nie; en in 'n noordelike graafskap word potlood gebruik om wonde of seer bene te dokter. 'n **Sjelei** van swart slakke in water opgekook word deur 'n skrywer in die *Spectator* onlangs genoem as 'n middel wat nog in dorpe aan hom bekend in gebruik is, en ons het **almal** gehoor van 'n aartappel wat in die sak **gedra** word teen rumatiek en 'n dooie spinnekop in 'n sak vasgemaak teen masels. Dog hoor 'n mens ooit van sterfgevallen deur **hierdie** ou Engelse middele teweeggebring ?

Die geval van die groen olievers skyn in die Krugersdorpse kamp te gebeur het. Dit word **gesê** dat dit deur 'n moeder uitwendig gebruik was, en twee kinders is dood aan die **gevolge** daarvan of **miskien** van die kwale waar hulle aan gely het. Dr. Kendal Franks vertel ons dat die naam van **hierdie** kinders „Smith" was-'n naam wat 'n bekende Engelse klank het! (Cd. 819, bls. 193.) **Hierdie** geval, soos die storie van die rou wortel, is van kamp tot kamp oorgedra, heinde en ver verkondig, in Parlement en Pers aangehaal, totdat die mense geglo het dat dit die gewone gebruik van Boeremoeders is. Die Amerikaanse leer waarvan **gesproke** word as 'n mediese curiositeit deur die kommissie saam teruggebring, is volgens

dokters my vertel, heeltemal 'n gewone en nie 'n **slegte** fondament vir 'n pleister in Suid-Afrika nie. Die rooi olievern, wat die verpleegster so bang **gemaak** het, is ongetwyfeld Rooi Poeier of Rooi Mienie, wat 'n mengsel van rooi lood is. 'n Dokter met twintig **jare** ondervinding in die Vrystaat sê dat dit gedurig deur Boervroue gebruik word op dieselfde wyse soos ons jodium gebruik, om uitwendig te vern waar daar inflammasie is. Hy sê dit is **heeltemal** onskadelik. Soms meng hulle dit met lynsaadpappe, dog dit word nooit gebruik om sere of ope wonde te vern nie. Mevr. Louis **Botha** het my vertel dat sy dit met sukses vir haar kinders gebruik het. Apart van die oorgelewerde middele het die kommissie die gebruik van Hollandse medisyne verbied, daar hulle geglo het dat „meer as een kind 'n slagoffer daarvan geword het” (Cd. 893, bl. 16). Hulle word aangemaak deur 'n firma in Kaapstad in 'n gerieflike kassie genoem 'n „huisapteek.” Daar is byna **nie 'n** plaaswoning in die hele Suid-Afrika wat nie so 'n kassie besit nie. Ek het self een. **Die** bewegelde geneesheer het my gesê dat elkeen van die middele in **daardie** kassie absoluut onskadelik is en dat 'n **mens** alles gelyk kan neem sonder om iets oor te kom. Hy sê dit is 'n soort **van homeo-**patiese medisyne, heeltemal veilig ; en gedurende sy lange ondervinding het hy nooit 'n enkele geval teëgekóm waar hulle kwaad **gedoen** het nie, al het sy pasiënte dikwels dit ook nog by sy **voorskrifte geneem**.

Mevr. Dickenson, reeds aangehaal, het ook **opge-**merk dat die vroue hulle eie medisyne baie verkies, sommige waarvan, soos sy sê, „gemaak is van bossies in die veld gepluk, en andere dieselfde wat ons ook onder ander name gebruik. Ek het probeer,” sê sy, „om hulle met die gebruik van

ons medisyne te **versoen**, daar die Hollandse medisyne **verbode** is; en 'n dokter (een van die gevangene) is op Bethulie gearresteer en na Bloemfontein **gestuur** omdat hy van hulle voorgeskryf het.” Individuele onverskillige of dwase dade of onkunde wat met die dood eindig, kom 'n mens daaglik in elke samelewing teë, en hulle bederf net die onpartydige karakter van 'n offisiële rapport. 'n Mens voel jammer dat **hierdie** kleinighede moet uitgekrap word en dat hulle bereken word om op die noodlydendes die blaam van ons ondoeltreffende uitvoering van die deur onself geskape **verantwoordelikheid** te lê.

Die kommissie staan op vaster grond waar hulle handel oor die twee ander redes aangegee vir die hoë sterftesyfer, nl. die ongesonde toestand van die land deur die oorlog berokken en **oorsake** binne beheer van die administrasie.

Dog as ons die algemene rapport daarlaat, dan **sien** ons dat die kommissie, **waar** hulle handel oor die verskillende individuele kampe, **dinge** erken en uitgebreide hervorminge teweegbring, wat des te meer treffend is as 'n mens let op die **gees** waarin hulle oor die vroue skrywe. Mulle deins nie terug om sleggekose ligginge te veroordeel, onbekwame superintendente af te dank, hele hospitale te hervorm, en op verskeie verbeteringe in die voorsiening van kos, brandstof en water aan te dring, beddens aan te beveel en die **saniteits-**toestande te verbeter nie.

Dog nêrens vind ons in die bladsye van hierdie rapport enige veroordeling van die gebruik om vroue agter te hou wat in staat was om weg te gaan, of wese wat in die Kaapkolonie verwelkom kon word, of van die strafmiddele toegepas op vroue van goeie karakter-soos draadkampe en afgesonderde wagtente, waar niksbeduidende reëls

wat nie behoorlik begryp word nie, oortree is, of eenvoudig omdat hulle uiting gegee het aan 'n gevoel van trotsheid oor hulle mans wat nog op kommando is. Die kommissie gaan ligtelik oor **hierdie dinge** heen met 'n paar kort paragrawe oor „dissipliene en sedelikheid.”

Ondertussen, gedurende die laaste maande van die oorlog, nadat die kampe verbeter was, was die toestand van die vroue nog buite uiters betreuenswaardig. In sy toespraak van 4 Maart het die heer Chamberlain gesê dat ons nie as 'n Christelike volk talle Boervroue en -kinders onbeskermd op die veld kon agterlaat nie (*Times*, 5 Maart 1902). Tog was dit die handelwyse wat gedurende die **laaste** vyf maande van die oorlog met voorbedagte rade **toegepas** is.

In Desember 1901 het lord Kitchener gesê dat hy bevel gegee het dat „geen vroue of kinders meer na die kampe moes gebring word nie, tensy dit **duidelik** was dat hulle van honger op die veld moes omkom. Hand aan hand met hierdie bevel blyk dit dat daar voortgegaan word met die verwoesting van huise. Generaal Lukas Meyer het verklaar dat in Februarie van hierdie jaar (1902) het hy die rook van brandende huise sien optrek in die Pretoriase distrik tussen Witnek en Renosteskop ; en generaals Hertzog en Smuts sê ook dat die vernieling van huise en lewensmiddele voortgegaan het ook ná die bevel gegee was om nie meer vroue in die kampe te neem nie. **Feitlik** het die vernieling van huise aangehou tot die begin van die vredesonderhandelinge, en ek verneem op die beste gesag dat selfs nog gedurende die onderhandelinge daar 'n huis in die Heilbronse distrik afgebrand is; en verskeie waarvan ek weet, is verwoes geword.

Dit moet nie vergeet word nie dat nie net een-same plase afgebrand is nie, dog hele dorpe is verwees-in baie **gevalle** selfs tot die kerke toe. Die dorpe Pietretief, Bethal, Ermelo, Dullstroom, Amsterdam, Paulpietersburg, **Roos-Senekal**, Bloemhof, Schweizer-Reneke, Hartebeestfontein, Wolmaransstad, Frankfort, Lindley, Ventersburg en Bothaville is op **hierdie** wyse **gesloop**, asook dele van Reitz, Dewetsdorp, Jakobsdal, Fouriesburg, Philippolis, Hoopstad, Vrededorp en andere. Dit was net omtrent die tyd toe die kampe **behoorlik** georganiseer was en met lewensmiddele voorsien dat vroue toegang **geweier** word **tensy hulle hul mans saambring** en terselfdertyd hulle eie herberg en middele van bestaan ontnem word. Die getal mense wat op **hierdie** wyse **gely** het, en die volledige feite omtrent hulle, was nie bekend nie totdat die konferensie van **volksverteenoordigers** op Vereniging plaasgevind het en elke kommandant oor die toestand van sake in sy distrik 'n rapport aan die vergadering **voorgelê** het nie.

Die volgende **informasie** is aan 'n Kaapse dame deur sommige van die generaals meegedeel :—

Die konferensie het ontdek dat daar nog 10,000 vroue en kinders was wat nie in kampe was nie. **Hierdie vroue** was in 'n **ontsettende** toestand-hulle woninge en al hulle **lewensmiddele** is vernietig geword. Hulle mans was in staat om hulle van voedsel te **voorsien**; dog die Engelse het **dadelik uitgestuur** om hulle van hierdie **nuwe** voorraad te beroof, en dit wel deur patrollies van gewapende Kaffers wat al die kos en klere weggeneem het en die vroue se kookgoed stukkend gebreek het. Die vroue was toe heeltemal in die **genade** van **hierdie** Kaffers, met **gevolge** waar 'n mens **nie** oor durf **uitwei** nie. . . .

**Sommige** vroue was **byna** nakend toe hulle mans daar kom; **sommige** het net **bloese** aangehad. Baie vroue het **hulle** in Kafferstruise gevind.

Hierdie beskrywing word deur generaal Hertzog gestaaf, wat, so skryf mnr. Drew,

my vertel, die noodsaaklikheid om oor te gee het soos 'n onverwagte skok vir die Vrystaatse burgers gekom. Dit was die toestand van sake wat Louis Botha in die oostelike Transvaal beskryf het, wat ons geen keuse dan om oor te gee, gelaat het nie. Omtrent 10,000 Boervroue en -kinders word gevoed, hoofsaaklik in daardie distrik, dog daar was nog 'n voorsiening vir ses weke. Die Engelse het vir verskeie maande afgesien van die gebruik om families na die konsentrasiekampe te neem, hoewel die verwoesting van huise en eetware nog voortgegaan het. Families word in die ope veld lags die swart, daklose mure van hulle huise gelaat en sonder 'n korreltjie meel vir brood. Die meel word of weggeneem of op die grond uitgestrooi, en alle ander eetware word vernietig. Dit was tevergeefs om by die generaal aan te klop om hierdie vroue en kinders wat aan verhongering oorgegees was, in die kampe te ontvang; en toegang word selfs geweier vir die families van burgers wat die wapen neergele het en wat reed6 gevangene in Ceylon of elders was. Om sake erger te maak, word Kaffers by duisende gewapen en oor die land gestuur, soms in aparte kommando's en soms as spioene by die Britse leërmagte. . . . Die natuurlike gevolge van aanrading en moord het nie op huile laat wag nie.

Die verslag wat generaal Lukas Meyer aan my gegee het van die vroue se toestand het hiermee ooreengekom. Toe hulle vind dat protes tevergeefs was, het die Boergeneraals gevind dat hulle die hele posisie in oëskou moet neem; en die smarte van die vroue buitekant die kampe, saam met die sterfte in die kampe en die bewapening van Kaffers, wat lewe en eer in gevaar gebring het, word in die eerste drie resolusies in die Verenigingse Konferensie beliggaam en vorm die hoofoorsaak van die oorgawe wat gevolg het. Dit was 'n oorgawe ewe skoon as die worsteling so lank in volhard; die doel van daardie worsteling word manlik opsygesit toe dit duidelik word dat die prys in onskuldige bloed so verskriklik sou wees. Hierdie drie redes in die dokument aan

lord Milner en lord Kitchener oorhandig het as volg gelui :-

1. Daar die wyse van oorlogvoer deur die Britse militêre owerheid gevolg tot die totale verwoesting van die grondgebied van die twee Republieke gelei het, en die verbranding van plase en dorpe en die vernietiging van lewensmiddele alle bronne van voorraad vir die onderhoud van ons families en ons leër uitgeput het;

2. Daar die plasing van ons familiee in konsentrasiekampe tot 'n ongekende toestand van lye en siekte aanleiding gegee het, sodat daar in betreklik korte tyd ongeveer 20,000 van ons dierbare in die kampe omgekome het, en ons die aaklige vooruitsig in oëskou moet neem dat 'n verdere voortsetting van die oorlog die totale uitsterwing van ons mag beteken;

3. Daar die Kafferstamme binne en buite die grense van die Republieke byna almal gewapen is en deelneem aan die oorlog teen ons (deur die pleging van moorde en ander gruwelade) en also 'n ondraaglike toestand van sake in baie distrikte van beide Republieke teweegbring, soos by voorbeeld in die distrik Vryheid, waar ses-en-vyfzig burgers wreedaardig deur Kaffers vermoor en verpink is, ens., ens.

So het die vrede gekom en word dit geproklameer, en die nuus bereik die vroue, wie se moed nog nooit gesink het nie. Daar hulle lot veel swaarder was as dié van die manskrygsgevangene, was hulle liggaamlike verlossing ook groter.

Vreemde tonele is gister in die Irene-konsentrasiekamp aanskou geword (so lui 'n telegram van 'n persagent) toe die vredesverklaring aangekom ig is. Die ingesetene het bymekaar gekom en uitdrukking aan hulle blydskap gegee deur te bid en psalme te sing. Baie mense het tranes gestort. (1 Junie, *Press Association*.)

BLOEMFONTEIN, 3 Junie.

Vanmôre het 'n aantal volksafgevaardigdes van Vereniging aangekom. Rulle is deur 'n groot skare gevolg, dog daar was geen gejuig of verdere demonstrasie nie. Later het sommige van hulle in die „refugee“-kamp gery, waar hulle met uitbundige vreugde ontvang is-mafine en vroue wat huil en lag terselfdertyd. Skares van „refugees“ het rondom die ruiters vergader en met hulle gepraat en gevra om nuus van hulle bloedverwante en vriende.

Die tyding van vrede was goed (het die vroue gesê); dog toe ons later hoor watter soort van vrede, was dit die wreedste van alle slae.

## HOOFSTUK 11.

VROU IN 1902.

„Oh cease! Must hate and death return?  
Cease! Must men kill and die?  
Cease! Drain not to its dregs the urn of bitter prophecy!  
The world is weary of the past,  
Oh might it die or rest at last!”<sup>1)</sup>—SHELLEY.

## BRIEF VAN DIE PREDIKANT SE VROU.

HARRISMITH-KAMP, 3 Jan. 1902.

Ek vrees ons sal almal aan die koors sterwe as ons veel langer in hierdie volgestopte en toegeslote kamp bly. Die draadheining is digby die tente, en daar is geen kans vir 'n wandeling om 'n bietjie vars lug te kry nie: ons mag nie eens meer ingaan na die dorp toe nie. Masels, kinkhoes en koors het allerverskrikliks onder oud en jonk gewoed. O! om die arme kindertjies te sien wegwyn soos tere plantjies voor die brandende strale van die son. Elke dag is daar twee, drie, tot ag om begrawe te word. Ons kan in hierdie enkele beltente nie lewe nie. In die dag is hulle te warm; al word die klappe opgeleë, is dit so warm op die beddens dat mnr. Theron en ek dikwels ons sambrele oor die hoof van 'n siek kindjie gelaat het om dit 'n bietjie meer koelte te verskaf. Skielik kom daar 'n dik wolk van die Natalse berge; dit reën, en 'n mens gaan slaap met 'n koue klam wind wat die hele nag oor jou speel. Dikwels lek die tente, want sommige van hulle is oud en dun. Meer as een maselspasiënt word deur en deur nat en sterf gevolglik aan longontsteking. En al lek dit nie, dan word 'n mens se bed en klere alles heeltemal klam gedurende die nagte dat dit reën. Ons moet die klappe op reëndae vasmaak en in die modder onderdeur kruip. O, dit is 'n aaklige lewe; in byna elke tent is daar 'n gebroke hart. „Rachel weent over hare kin-

deren; sij weigert zich te laten troosten over hare kinderen, omdat zij niet zijn.”

Arme mevr. L. is daar nie meer nie. Sy het die masels gekry, haar tent was naby myne, dus het ek oor haar gewaak en haar kos gegee. Sy het eers nie sleg gelyk nie; dog haar tent het nat geword, en sy het longontsteking gekry. Ek het dadelik die dokter gaan roep; dog hy het dit so druk gehad dat hy eers drie dae later kon kom; hy het haar hospitaal-toe geneem, waar sy dieselfde dag gesterf het. Hulle word in die hospitaal goed versorg, en die superintendent doen sy bes om die kamp gesond te hou. Vandag het ons 'n bietjie ure en aartappels present gekry; dog ek weet nie hoe ons deur die somer sal kom sonder groente en vrugte nie. As ek die liewe onskuldige kinders sien sterwe, herinner dit my aan 'n kinderpreek wat jou vader gehad het oor die teks „En de straten dier stad zullen vervuld worden met knechtjes en meisjes, spelende op hare straten.”

Ons het baie warm weer gehad en vir die laaste drie dae groot gebrek aan water. Ons kan ons klere nie was nie, en ook nie bad nie. Brandstof is baie skaars, en ons moet dikwels sonder middagete klaarkom omdat ons geen hout het om kos te kook nie. Alles word deur ons kommissaris gedoen om die gesondheidstoestand en die geriewe in die kamp te verbeter. Die lekkers en koek deur ons vriende van die Kolonie gestuur, het hier nog betyds aangekom om die kinders op Nuwejaarsdag te trakteer.

Al sou vrede verklaar word en die mense verlov kry om huis-toe terug te gaan, hulle sou geen huise hê om in te woon nie, en ook geen kos nie. Die enigste troos is dat ons toekomst in hande van die Heer is. Ek sal bly wees as my kinders veilig in die Kolonie is, dog verkies om self hier te bly om mnr. Theron te help, en my mede-noodlydende mense. Mag die volgende jaar ons weer bymekaar bring om met nuwe moed te werk. Mag ons in staat gestel word om te sing „Vrede op aarde,” want nou is dit %el in Suid-Afrika; en O ek kan dit nie langer uithou nie.—U liefhebbende vriend,

C. THERON.

P.S.—Mevr. De L. en famielie het almal die masels gehad en ook mevr. Du P. Laasgenoemde het 'n dierbare klein babetjie verloor, met sy pragtige klein duifogies. As kinkhoes en masels saam kom, dan kan hulle dit nie maak nie; en al kom hulle deur die masels, dan kry hulle 'n soort van tering wat 'n einde aan die lewe maak. As 'n hulle eenmaal sien huil het, kan jy hulle treurige gesiggies nooit vergeet nie,

1) O hou op! Moet haat en dood terugkeer? Hou op! Moet mense doodmaak en sterf? Hou op! Ledig nie tot die droesem nie die keel van bittere profe sie! Die wêreld is meeg van die verlede; O mag dit sterf of eindelijk tot rus kom!



'n Tweede brief sê :-

24 Jan.

Hier is nie nuus nie, behalwe dat die mense **almal** aan die koors **sterwe**. Dit is 'n wonder as een gesond word, en **so** een lyk meer op 'n geraamte as iets anders.

Uit 'n ander oogpunt verneem ons iets van 'n jong gevangene wat uit sy tronk skrywe (waar hy sê dat hy sigarette toegelaat word om die tyd te verdryf) aan mej. Martha Meyer, sy niggie :—

SENTRALE GEVANGENIS, 9 Jan.

My broer en suster is by **tante** Pretorius vir hulle **vakansie**. Arme klein Lenie het 'n **swaar** tyd in **hierdie** oorlog gehad. Sy moes ondervind wat ek nie ondervind het nie, **naamlik** 'n bedreiging met 'n swaard. **Ek** veronderstel dat **hierdie** brief jou nie sal bereik as **ek** veel oor **die saak sal sê** nie. **Lettie** en Hettie het twee weke gelede **gek**om om ons te **sien**. Ons het 'n plesierige tyd saam deurgebring. **Tant Engela** is in die sogenaamde „refugee”-kamp. **Hulle** het deur en deur nat **geword** ten **gevolge** van 'n donderstorm wat oor die **ongelukkige** gevangenskamp gegaan het. **Hulle** teut het **flenters gewaai**. **Hulle** het haar gevang nadat sy **heeldag** onder **bomme** was. Ag, Martha! Hoe kan ons ooit vergewe? Ek het nie veel om oor te skrywe nie, daar die wet van die **plek** nie die gebruik van feite toelaat nie, maar ek het **boekdele** vol om oor te praat. . . .

'n Jongmeisie met nog ongedempte nasionale geesdrif skrywe :—

HOWICK-KAMP, *Januarie*.

Ons het pas 'n telegram ontvang wat sê dat my **vader** en oudste broer (19 jaar) gevang is. Dit is vir my **moeilik** om onder die omstandighede volledig te skrywe. Dog dit is te pynlik om te dink dat nadat ons **hulle** vir twintig maande nie **gesien** het nie, hulle nou oor die water **moet gestuur** word; en ons word nie eens **toegelaat** om hulle te groet nie. Bid **tog** vir my jongste broer (17 jaar), wat nog op kommando is, dat **hy** nie **alleen gespaar** mag word nie, maar dat hy ook nie 'n verkeerde stap mag **begaan** om oor te gee nie. Moeder en ons twee susters probeer om die beste van **hierdie lewe** van ballingskap te **maak** en **verlang** alleen dat **hierdie** loutering volle **heiligmaking** sal **beteken**. Ons verlang soms **altesaam** baie om huis-toe terug te **gaan** en met ons dierbare weer te wees; dog ons **verlang nie** om terug te gaan as dit verlies van ons **onafhanklikheid** moet beteken nie. Ons vroue in die kamp **hou** nog moed en is glad nie wanhopig nie.

Die siekte wat mevr. Dickenson op **Merebank** beskrywe het en wat deur die dameskommissie voorspel is, het nie in gebreke gebly om veld te win nie. 'n Vrou wat ondervinding het van **kamp-lewe**, skryf van daar op 7 Januarie :—

Op Howick, **sê** hulle, neem die **sterfgevallen** 'n weinig af. **Hier**, vrees ek, neem dit nog gedurig toe. . . . Oorkant my klein seilkamertjie kon ek die werkplaas **sien** waar die kiste elke dag **gemaak** word. Dit is te treurig om die klein **kissies** gedurig te **sien uitdra**. **Verlede** nag het vier **kleintjies** in **ons** onmiddellike omgewing gesterwe.

Van ander dele het daar in die loop van Januarie bemoedigende tydinge begin in te kom, en dit was duidelik dat verbeterde toestande ook beter gesondheid bewerkstellig.

DS. W. P. ROUSSEAU, PIETERMARTITZBURG, NATAL,  
AAN KOMITEE IN AMSTERDAM, HOLLAND.

8 Jan. 1902.

. . . Ek kan met **groot** genoeg u meedeel dat die sterfte in die kampe (in **Natal** ten minste) baie **afgeneem** het. Daar is maar **weinig siekes** hier in die kamp. Sommige het die **koors** in die **hospitaal**. In Howick ook, waar daar 'n rukkie gelede van vier tot vyf op 'n dag begrawe is, is dit ook veel minder. Die militêre **help** altoos met klere, ens., **dog** daar is baie **klagtes** dat die hulp nie tydig is nie en **dikwels** nie wat verlang word nie. In alle dringende **gevallen** help die komitee.

Dan weer :—

Mnr. W. E. HOLLARD AAN KOMITEE IN  
AMSTERDAM.

PRETOBIA, 9 Jan.

Dit is my baie aangenaam om u te kan meedeel dat volgens **berig** die sterfte in die algemeen en **veral** onder die kinders veel afgeneem het en dat die **hospitaalvoorsiening** veel beter is.


Ons het in die meeste **gevallen** kateltjies aan die vroue en kinders kan gee, sodat **hulle** nie langer verplig is om op die grond te slaap nie, en ons kan ook versterkmiddels

aan hulle verskaf. Ek geloof dat eb egter nouliks hoef aan te merk dat ondanks al ons poginge saam met die belangrike hulp wat ons van vriende soos u in Holland, Parys, Duitsland, ens., ens., ontvang het, die nood nog baie groot is; en u sal dit beter begryp as ek u meedeel dat di kamp daagliks groter word en nog meer vroue en kinders ingebring word.

Met die vermindering van siekte en dood tree die eentonigheid van die lewe weer op die voorgrond. Dit het swaar op die bejaarde mense gedruk soos blyk uit wat deur 'n ou Hollandse dame aan haar dogter in Kaapstad geskrywe is:—

VOLKSRUST, 27 Jan. 1902.

Ek moet alles vir myself en vir — doen. Ons kan geen hulp kry nie. In ons tente sit ons op die kaal grond. Gedurende die aanhoudende winde is ons omgewe van 'n warrelwind van swart stof, en gedurende die aanhoudende reën wat ons nou het, is dit 'n gemors van modder. Ek kan ons lewe in die tente en in die kamp onmoontlik beskrywe; dog sedert Nuwejaar het d.it vir my te veel geword; met die verlies van my krag wat ek nog oorgehad het, het my moed ook gegaan. . . . Ag, mag hierdie droewige oorlog tog spoedig 'n end kry! Ek sit op hierdie oomblik in die tent van T—, want sy is gelukkig genoeg om 'n stoel en tafel te hê, wat ons nie het nie. Vir 'n na tafeltjie het ek twee kassies op mekaar geplaas. My be% is net die raam van 'n ysterkatel wat op twee kassies rus. B— en die kind het maandelank op die kaal grond geslaap, dog nou het hulle eindelijk 'n ysterkateltjie gekry. U kan nie beseef wat ons gely het nie, eers van koue en nattigheid en nou van die hitte en swaar donderstorms. God alleen weet wat ons nog voor die deur staan. T— is van die 5e Desember af siek. As die hitte te groot word in haar tent, 'an kom sy oor na myne, want sedert my siekte het ek 'n orige tent gekry, daar ek die nattigheid en koue nie kon verduur nie. Dit is onmoontlik om oor alles te skrywe, soos ek sou verlang, want 'n mens weet nie of die briewe deurgelaat sal word as 'n mens ons toestand te noukeurig beskrywe nie. . . . Ek kon nie verder skrywe nie, daar ek te moeg was, en ek het so gebewe dat skrywe buite die kwessie was. B- is ag dae in die hospitaal siek aan die koors; hy word nou beter, dog baie is daaraan dood. Nou wil ek u iets vertel van H- se wonde. Een koeël het deur sy ken gegaan en in sy kakebeen bly sit. Dit moes uitgehaal word. 'n Ander skoot pas dwarsdeur sy knie. 'n Derde koeël is oor sy voet



Kos-kook in die kamp. 1901.

deur sy groottoon. Verder het hy nog talryke klein wonde in die gesig, waarskynlik van 'n bom wat gebars het. Ons weet nie waar ons mekaar weer sal ontmoet nie. Alles wat ons besit het is vernietig en totaal verwoes. Stuur ons 'n bietjie geld, want sonder dit kan ons niks kry nie. Ons is vier, en dit is ons weeklikse rantsoen : Voldoende meel en rys, 'n bietjie koffie byna geen suiker nie—dit hou net omtrent drie dae. Eenmaal in die week kry ons 'n bietjie vleis, meestal bene; en elke veertien dae kry elke persoon 'n stukkie seep so lank soos my hand om al ons wassery mee te doen. Hierop word ons veronderstel om te lewe en gesond te bly.

Sonder versuim het diegene wat die verbeteringe in die kampe ondervind het, uiting gegee aan hulle gevoel van verlossing. Die volgende twee briewe is vol van waardering. Die eerste is van die predikant se vrou wat 'n paar weke vantevore so neerslagtig geskrywe het :—

LADYSMITH-KAMP, 17 Febr. 1902.

Ek is bly om te sê u gebede vir ons is verhoor: siekte en dood het baie afgeneem in al die kampe in Natal. Ons het op die agste hier aangekom; omtrent 900 van ons kamp is hierheen verskuiwe. Dit is so heerlik om weer in 'n huis te lewe. Dit is groot sinkgeboue met hout uitgevoer, plankvloer en groot vensters; en al is ons vyf of ses families in een gebou met net komberse vir afskortinge, tog beskou ons dit 'n groot gerief vergeleke met die aaklige klein ronde tentjies.

As ons die stofstorms en reën sien kom, hoef ons nie te hardloop om ons tente toe te maak en die penne in te slaan nie; ook hoef ons nie op hande en voete deur die klein opening in die modder te kruip om heen en weer na ons houtkombineuse te gaan nie. Op die oomblik kook ons hier ook nog buite, dog hulle het plan om ons later afdakke te gee. . . . Die water en badkamers is digby. Ons kry ons drinkwater ook gekook in groot tenke.

Die vleis is heerlik vars, en ons kan groente en vrugte koop. . . . Al is die kamp geslote, tog word ons toegelaat om driemaal in die week met 'n pas dorp-toe te gaan. Ons het 'n aangename, gerieflike hospitaal, goeie verpleegster en ou dr. — vir die kampdokter. Dus sien u hoe veel is daar om voor dankbaar te wees. . . . Dit lyk of Lottie die hitte en ruwe kamplewe meer as enigeen van ons voel, Sy kla altyd van swakheid en het maer geword. My swaer het haar reisgeld gestuur om na Kaapstad te gaan, dog tot dusver kon ons nog nie vir haar

'n pas kry nie. M.F. is in die Winburgse kamp en het haar vier jongste kinders verloor. Mnr. P.T. is in die Bloemfonteinse kamp en het sy vrou en jongste kind verloor. Hy het drie kindertjies om te versorg by hom en net een hand om 'n moeder se pligte te vervul. Die lotgevalle van sommige mense is te treurig om te vertel.

Niemand word toegelaat om weg te gaan wat nog familie op kommando het nie.-Cd. 893, bls. 198.

### VAN 'N JONG MEISIE AAN 'N VORIGE ONDERWYSERES.

BLIKSTAD, LADYSMITH, 17 Febr.

U sal seker verwonder wees om te sien dat ons weer verskuuwe is.

Ons het hier op die 2e Februarie aangekom. Ek dink die hele Harrismith-kamp word hierheen gestuur, dog daar is nou nog baie van ons vriende daar.

Ons het ongetwyfeld 'n goeie verbetering hierheen gemaak., daar ons nou in lekker gemaklike huise is met behoorlike vensters en vloere. 'n Mens voel heeltemal 'n ander wese om weer te kan regop loop en sit in 'n lekker hoë kamer.

Hier is ook sommige van die Harrismithse dorpsmense; ook 'n hele aantal van ons ou seminarium-meisies is in die kamp. Bessie en Helena lê altwee in die Harrismithse hospitaal aan die koors. Die sterftesyfer in daardie kamp was ontsettend gedurende die laaste maand van ons verblyf aldaar. . . . Vyf van ons is voorgestel die dag voor ons die Harrismith-kamp verlaat het. Daar was meer as veertig katkisanter; en daar die geboutjie wat vir 'n kerk gebruik was, te klein was, het ds. Theron die diens in die ope lug gehou. Dit was ongetwyfeld die mees indrukwekkende toneel wat ek ooit aanskou het. Dit was 'n pragtige middag, en byna die hele kamp was daar vergader. Ds. Theron het gese dat dit seker die eerste maal was sedert die dae van die Voortrekkers dat 'n voorstelling in die ope lug plaasgevind het.

Dit was bietjie van 'n skok om te besef dat ek werklik al agtien jaar oud is; en ag! en hoe ver is ek nog van daardie sport van die leer waar ek altyd gehoop het om te wees as ek hierdie ouderdom bereik het. Maar-God weet dit is nie my skuld nie. Dit is so swaar om te verstaan waarom ek so in my studie belemmer is net toe dit alles so uitnemend interessant geword het. Maar ek het nog nie alle hoop laat vaar nie en gaan weer aansoek doen. IJ weet seker dat Lottie ook plan het om na Stellenbosch te gaan. Miskien kry ons verlof om saam te gaan. Die laaste antwoord wat ek van die gesaghebbende

persone ontvang het, was dat hulle geen beswaar het teen my gaan nie, dog dat hulle dit net op die oomblik nie kan toelaat nie. . . . U sal my gou antwoord sal u nie?

VAN MEJ. LOTTIE ROSSOUW AAN 'N VRIEND.

„REFUGEE“-KAMP, KROONSTAD, 2 Febr. 1902.

'n Paar weke gelede het ek u vriendelike brief en pakkie ontvang. Moeder is baie bly om die koerante te hê om te lees, want ons kry niks om te lees nie, tensy dit 'n ou koerant is. . . . Ek het 'n teleurstelling met jou brief gehad. Net toe ek dit oopgemaak het, kom daar 'n warrelwind deur ons tent en neem die eerste helfte daarvan weg, en ek is nie in staatgewees om dit weer te kry nie. . . . Ons is almal nog in baie goeie gesondheid en kry daaglik van die krag wat ons verloor het, terug. Die hitte is erger as wat ons ooit selfs in Natal ondervind het, en dit is verantwoordelik vir veel van die siekte en swakheid van die mense. Ons het dit die laaste tyd taamlik goed gehad, want oupa het ons twee groot kaste groente gestuur met belofte van nog meer; en ons sal binnekort aartappels en boontjies uit vader se klein tuintjie hê. Ons koorvereniging het nou 'n ander dirigent' en gisteraand het ons 'n baie goedgeslaagde uitvoering gegee, wat deur almal ten volle geniet is; die gehoor het ingesluit verskeie dorpsmense en die hele hospitaalstaf wat nie op diens was nie.

Ek het sedert Kersfees geen onderwys gegee nie, en ek dink verskeie ander onderwysers sal nou moet pad gee, want daar het gister vier of vyf onderwyseresse van Engeland aangekom wat die kampschool in hande gaan neem. Ek sou baie graag wil weet hoe hulle met hierdie kinders oor die weg sal kom. Een van ons onderwyseresse is gevaarlik siek aan die koors. . . .

Daar is hier byna geen gras of blomme nie; aan weerskante is daar niks anders as tente in lang rye; alles is so eentonig en elke straat net soos die ander; vreemde-linge slag daar seld in om hulle pad te vind. Die strate en selfs di tente het nommers; ons s'n is E. 18 en 19, seksie V. Sommige mense gee name aan hulle tente, en een van ons bure noem hulle tent Bellevue-Tent en toe het Ella dadelik ons tent gedoop „Belltent View!“

Hulle het nou susters en verpleegsters vir die buite-pasiënte, en die hospitaalruimte is baie groot. Oor die algemeen is daar verskeie klein verbeteringe gewees, en 'n paar nuwe beperkinge. Verlede Maandag het daar twee meisies-hulle was susters—verdrink terwyl hulle gaan baai het; en niemand behalwe groot manne word nou toegelaat om te gaan baai nie. Dit is baie lastig, want baie weinige mense het baddens; en daar die wal van die

rivier **vreeslik** steil is, gaan dit bitter **swaar** om genoeg water vir 'n bad aan te dra. Daar is geen ander **skikkinge** vir bad **gemaak** nie, en ek bemjammer ook die vroue wat hulle wasgoed **buite** in die son moet was en dia nat **linne** die wal moet uitdrn om dit te **laat droog word**. . . .

Die beskrywing deur 'n Koloniale dame gegee, van die verbeteringe in Bethulie-kamp ná die heer Cole Bowen se besoek en hervorming, moet belangstelling inboesem :—

Ons het Springfontein-kamp op die 25e Februarie besoek. Die **reëlmatige** strate, die skoon tente, die wiggemaakte klippe wat die verskillende pleine en strate **aanwys**, het op die vreemdeling die indruk gemaak van orde en voorspoed. Ek kan nou verstaan hoe 'n vreemdeling wat 'n vlugtige blik op die kampe kom werp, terug kan gaan met 'n gevoel van voldoening oor alles wat **gedoen** word vir die plek en sy ingesetene. **Hy sien** natuurlik nie **agter** die skerme nie—die hartseer, die verdrukking, die **vernederinge** dikwels opgehoop op hierdie geduldige, **swygende Boere**. Op die 27e was **ons** in Bethulie, en gedurende **daardie** week en die volgende weke **het ons iets gesien** wat hier plaasvind in die kamp met sy 5,000 ingesetene. Dit was aangenaam om die sokombuis met sy rye groot soppotte te sien. Mevr. Du Preez, die matrone, **het ons** verteldat sy elke dag 150 pond vleis ontvang en dat sy daarmee sop vir 3,000 mense maak. Elke skoolkind was geregtig **op** 'n bekertjievul sop met 'n klein stukkie **vleis** daarin. Die sop was **so** ver moontlik elke dag verskillend. **Hulle** was ook besig om bakoende vir die mense **te** maak om brood in te **bak**. Dit aal, meen ons veel arbeid en moeite voorkom. Ons het op verskillende tye na die sogenaamde weeshuis gegaan. Dit het my hart **gebreek** om die toestand van die veertig kinders daar te **sien**; die ander was toe siek in die hospitaal, Sleg versorg, swak gekleed, 'n **skande** vir die Christen(?)-nasie wat **weier** om hulle aan ons, wat hulle tog ten minste met liefde en **jammerte** sal behandel, oor te gee. Die hospitale is-ek moet sê-so goed soos die omstandighede toelaat; ek kan nie veel oor hulle **sê** nie. Dog die oortuiging is dat as die mense behoorlik gevoed was daar veel minder behoefte aan sulke plekke sou **gewees** het.

Kort vantevore het mevr. Dickenson van die Bethulie-kamp geskrywe : —

Die **inspekteur** van burgerkampe, mnr. Bowen, is hier veertien **dae** lank **gewees**, om die oorsaak van die **verskrik-**

like sterfte in Bethulie-kamp te wete te kom. Op sy aankoms het hy **dadelik** die superintendent afgedank, wat totaal **ongeskik** vir **hierdie** betrekking **gebyk** het. Om die waarheid te sê, ek verneem dat sy **kwalifikasies** vir die betrekking daarin **gelê** het dat hy uitgemunt het in sport en dat hy daarin **geslaag** het om 'n **kosbare** hond van 'n **offisier**, wat verlore was, terug te vind. Dit was veronderstel dat hy in die kamp moes woon, dog hy het sy tyd in die hotel **geslyt**, terwyl die 4.000 mense onder sy **toesig** by **honderde** doodgaan (1,200 in **ses** of **sewe** maande). Die **oorwerkte** dokters het of siek geword of self **doodgegaan** of hulle hopelose **taak** bedank. Die kamp het elke moontlike fout gehad, volgens mnr. Bowen **my** vertel—oorstopping, **tente** te dig **by** mekaar en vir maande nooit **verskuiwe** nie, **slegte** sanitasie**reëlinge**, onvoldoende water-voorraad en 'n armoedige, **skrale** rantsoen. Onder sy toesig word die tente oor 'n veel groter stuk **nuwe** grond **versprei**, die ete word verbeter, en die sterfte **begin** al reeds af te neem. Epidemies van masels en **kinkhoes** is verantwoordelik vir baie **sterfgevälle**, dog **op** die **oomblik** is dit verswakking en **kragte-loosheid** onder di moeders en 'n soort van uittering onder die kinders wat die dokters die meeste mee te kampe het. Sommige van die mense is **waarlik** net geraamtes. „**Net** 'n behandeling met „**Port'-wyn**, **sjelei** en verandering van lug sou aan hulle voorgeakrywe word,” soos die superintendent bedoord aan my **gesê** het, „**was** hulle in staat om een van hierdie dinge te **verkry**.” Hy **sê** hy het **pas** van die Regering verlof ontvang om **blikkiesmelk** vir jong kindertjies toe te laat, wat tot dusver alleen in gevälle van **siekte** gegee was.

Bethulie, wat altyd 'n uiters ongesonde dorpje was, het **heelwat** **koorssiekte**—'n siekte hier ongekend voor die oorlog; en dit is die **geval** **oral** in die Oranjerivier-Kolonie. Die oorsaak is die **besmetting** van die watervoorraad deur die **teenwoordigheid** van groot **troepemagte** of **daardie** broeikaste van siektes-die konsentrasiekampe. Die **duisende** **doote** vee wat **oral** op die plase rond **lê**, vererger die ongesonde toestand van die land, en ek verwag stellig dat die **kolera** sal uitbreek as die plase weer bebou word.

Van Bethulie het 'n **mar. Graaf**, van wie ek 'n vraag gestel het, geantwoord : „**Ongetwyfeld** sal hulle eienaars weer toegelaat word om na hulle plase terug te keer, of hulle in Ceylon, St.-Helena of Indië hulle **bovind**. Hulle sal teruggestuur word en **toegelaat** word om weer hulle grond in **besit** te neem. Die **Engelse** wet erken die reg van **privaat** individu op hulle eie eiendom in 'n **verowerde** grondgebied.” Die eerste vraag wat my deur die vroue in die **konsentrasiekampe** gevra word, is : „**Wan-**

neer sal hierdie verskriklike oorlog oor wees en ons na ons **woning** kan **teruggaan?**"

Ek het niks van daardie oorlogsgugtige gees onder hulle ontmoet wat ek volgens berigte verwag het nie.<sup>1)</sup>

Mevr. Dickenson vertel my dat 'n hele stuk van hierdie brief uitgesny was voor dit die Australiese *Advertiser* bereik het.

Sy het daarin vermeld dat die onder-superintendent tabak van die Regering teen 1/6 per pond gekry het en dit aan die manne in die kamp teen 4/- per pond verkoop het. Ook het die mense gekla dat hulle briewe wat in die kamp gepos word, nooit hulle vriende bereik nie tensy die briewe geregistreer word, en dat mense wat klagtes noem in briewe, **heeltemal verbied word om te skrywe**. Hierdie punte het die sensor gevaarlik beskou vir die militêre situasie as dit in Australië gepubliseer word, en ten gevolge word hulle onderdruk.

Ek was omtrent drie weke in Bethulie (gaan mevr. Dickenson voort), en gedurende daardie tyd (ná die hervorming van die inspekteur, die heer Bowen) het die gesondheid van die mense verbeter en die sterfte **aanmerklik** afgeneem. In gesprek met die mediese beamptes het ek verneem dat ongeveer September en Oktober, **toestande** op die ergste was, was die **sterftesyfer** gemiddeld 120 per week uit 4.000 mense! Een dag het daar sewen-en-twintig **begransisse** plaasgevind. (Hulle word altyd op die sterfdag begrawe.) Omtrent Augustus het daar 'n versending van baie **slegte vleis** die kamp bereik, en die dokters het dit afgewys as **vleis van beeste** wat van 'n siekte omgekóm het. 'n Apteker het my vertel dat dit vol geel kóllé was. In elk geval, die **vleis** word **teruggestuur**, dog die superintendent moes hoor dat dit gebruik moes word. Hierna het buikloop en **koorsiekte** **uitgebreek**. Toe ek daar was, was die **sterfgevälle** meestal toe te skryf aan **verswakking** en **uitputting**. Kinders wat 'n mens herinner het aan die **verhongerde mense** van Indië en wat **gestadig wegkyn**. Vroue, wie se enigste kans sou wees **seelug** en **deeglike voedsel**. Dog die meeste pasiënte was reeds te ver heen vir **menslike hulp**.

1) Uittreksel uit die „Advertiser,” van Suid-Australië.

Mevr. De Wet, wat by vorige geleenthede uitgewei het oor ons **maniere** om 'n generaal se vrou te behandel, skryf nou direk aan mnr. Brodrick. Sy is in Johannesburg sonder **uitgawe** vir die Engelse Regering **onderhou** geword; dog toe haar man nie wou oorgee nie, word sy na Natal gestuur en in die kamp op Pietermaritzburg geplaas, al was sy in staat en ook gewillig om vir haarself elders te sorg.

13 Maart 1902.

WAARDE **HEER**,—Ek wens hiermee u in kennis te stel dat ek protesteer teen die wyse waarop die Britse Regering my behandel het.

Ek het in Johannesburg, in 'n gerieflike woning en op my eie **onkoste**, **gelewe** en is van daar teen my uitdruklike wens deur die **militêre outoriteite** op 26 Julie 1901 **weggevoer** en hier in die **konsentrasiekamp** geplaas, in 'n seilhuis met twee kamertjies, ek en my familie, ag siele alle8 **tesaam**. In een van die kamers was daar 'n **koorspasiënt** tot 'n paar dae voor my aankoms. Die **vloere** is so nat ná swaar **reën** dat dit **beslis ongesond** is. Dit is my vertel toe ek van Johannesburg **weggestuur** geword is dat ek 'n **gestoffeerde huis** op **Pietermaritzburg** sou kry en dat ek en my familie goed behandel en **versorg** sal word; in plaas **daarvan** wórd ek in hierdie seilhuise met twee kamers geplaas, sonder huisraad of geriewe van enige **soort—nie** eens 'n kombuis nie; dus moes ek by alle wind en weer **buite** kook, totdat vriende so goed was om vir my 'n **veranda** en **beskutting** te maak om in te kook. Ek ontvang die gewone rantsoen, waar geen mens op kan lewe **nie tensy** **it** dit aanvul met groente, vrugte, melk, botter en **eiers**. Die brandstof wat **verskaf** word, is onvoldoende om mee bos te kook; ook die seep is **nie** toereikend vir was en **sindelikheid** nie, en drie en 'n half kerse per week is **nie** genoeg om een kamer te verlig nie, laat staan twee.

Kort ná my aankome alhier het ek **aansoek** gedoen om 6p eie koste na Johannesburg terug te gaan. Antwoord ontvang: „Jou man veg.” Ek het verskeie maai applikasie **gemaak** om die kamp te verlaat en elders te woon, dog dit is my **geweier**. 3k het ook die Britse Gowerment **versoek** om my van 'n **gemeubileerde huis** in middele te **voorsien** om in Pietermaritzburg te woon, daar my **applikasie** om na **Vredefort** weg te gaan, **geweier** is. Toe ek bier van die **outoriteite** die antwoord ontvang dat daar ek dieselfde goeie behandeling in die kamp ontvang

as die ander vroue van kommandante, my versoek om 'n gestoffeerde woning in Pietermaritzburg nie kon toegestaan word nie, het ek aan lord Kitchener geskrywe en hom gevra om my toe te laat om die kamp te verlaat en in Pietermaritzburg op my eie onkoste te gaan woon. Tot nog toe het ek geen antwoord ontvang nie.

Ek kan hoegenaamd nie begryp waar die goeie behandeling sit nie, daar ek met skrale beleefdheid behandel is. Die Engelse het my huis en eiendom vernietig en my in 'n konsentrasiekamp in 'n pondok geplaas wat die bediendes op my plaas te veragtelik sou beskou het om in te woon.—C. M. DE WET.

Die sielesmart van die mense, wat altoos hulle liggaamlike folteringe oortref het, kom meer aan die lig namate laasgenoemde begin af te neem. 'n Dame wat maandelank in die kampe gewerk het, het hier 'n volle besef van gehad, en haar beskouinge word in die volgende brief uitgedruk :—

Sy sê dat dit nou letterlik waar is dat geen geld gespaar word om die kampelewe so gesond moontlik te maak nie. Dog al word daar nou kos en klerre verskaf, sê sy, bly die dodelike eentonigheid van die lewe; en sy dink dat die smart nou meer van die siel as van die liggaam is; en daardie smart kan sy nooit vergeet nie. . . . Sy dink daar is vele wat so ongelukkig is, wat soveel gely het en soveel dierbare verloor het dat hulle nie 'n harde stryd voer om te lewe as siekte hulle eenmaal aantast nie. Sels verskeie jong meisies sterwe omdat hulle gebroke van hart is, waar hulle minnaars die lewe verloor het. Die weinig wat sy my vertel het, het my 'n aakliger insig gegee in die agtergrond van sielesmart wat hierdie kampe kenmerk, as enigiets wat ek nog gehoor het. Mense word dood gemartel. Natuurlik, 'n mens weet dit alles; dog die gesprek met haar het alles lewendig voor 'n mens gebring. . . . Die vroue is oortuig dat hulle saak uiteindelik sal triomfeer. Sv sê sv het hulle vertel dat al sou die kampe tien jaar langer moet aanhou, sou Engeland die oorlog nog voortsit; dus is die voortsetting van die stryd aan die kant van die Bepublikeine heeltemal tevergeefs. Sy verseker hulle dat hulle nooit die land sal terugkry nie. Dog die pyn en smart druk haar terneer, en haar oë is altyd vol tranes, as 't ware; en sy lyk asof sy meer as 'n vloed van tranes gestort heb. Dit is aaklig om so 'n bejammerenswaardige vrou te ontmoet en te vind dat daar

op die bodem van haar hart nog 'n vasberadenheid om die oorwinnig vir haar land te behaal, skuil, al kos dit ook wat vir hulle wat die nederlaag moet delwe.

Die volgende klein briefie van 'n predikant, wat aansoek doen om boeke, gee 'n tydige wenk omtrent die groot somme geld wat nodig sal wees om in die oneindige verliese van so veel famielies voorsiening te maak-dinge wat die Regeringsfonds waarskynlik nie sal verskaf nie. Elke huishoudelike artikel, van 'n souspan tot 'n piano, sal gemis word :—

VAN DS. C. G. JOOSTE.

BRANDFORTSE KAMP, 2 April 1902.

Stuur my asseblief drie Hollandse Bybels en drie gesangboeke. Hulle moet nie baie duur wees nie, ook nie baie groot nie, maar die gewone gerieflike grootte. Dit is vir ou mense in die „refugee“-kamp wat byna alles verloor het—ou mense wat meer as sestig of sewentig jaar oud is; dus is 'n mooi groot druk 'n vereiste. Die gesangboeke so gou moontlik, met volle note, d.w.s. met note by elke vers. Die mense is so arm hier in die kamp, hulle het so veel verloor, dat dit moeilik vir hulle sal wees om iets uit te gee, sels vir boeke. Ons Koloniale mense kan verseker word dat hulle waarlik baie nodig is in die kamp. Die mense is hier vreeslik arm, maar Bybels moet hulle ten minste hê. Mag die Heer ons sien in hierdie werk. Ek het aan ds. Marquard oor hierdie boeke geskrywe, dog het nog nie van hom gehoor nie. Ek moet hierdie boeke vir die kamp hê.

Niemand het met groter blydskap die verbeteringe aanskou as die President se vrou nie, wat innig saam met haar volk gely het. Mevr. Steyn skryf aan lady Farrer, tesourier van ons Suid-Afrikaanse Hulpfonds :—

BLOEMFONTEIN, 3 Maart 1902.

U sal seker verwonder wees om van my te hoor; dog daar u tesourier van die Hulpfonds vir Vroue en Kinders is en iemand wat so veel vir ons vroue en kinders gedoen het, voel ek of ek aan u moet skrywe en u vertel hoe ons harte verby ia deur die merkbare verbetering wat daar

plaasgevind het in die verskillende kampe. Ek skryf natuurlik meer in besonder oor die een hier, daar ek in 'n posiesie is om hier self te oordeel. In Desember het ek as 'n guns verlot ontvang om die kamphospitaal te besoek, en die **gsig** was **waarlik** uiters aandoenlik. Om een afdeling ná die ander te sien, stampvol van siek vroue en kinders, kon nie anders as 'n 'mens baie hartseer maak nie. Eb het van bed na bed gegaan en 'n paar woorde **gespreek** met dié wat **gesond** genoeg was; en almal het baie bly gelyk om my te sien.

Een vrou **veral**, **eggenote** van 'n ryk boer, en 'n baie goeie siel, het ek uiters effendig gevind; haar groot fris **dogter** van **neentien** jaar het by haar bed gestaan. Ek het **aan haar gesê**: „Fluister vir jou moeder mevr. Steyn is hier.” Die meisie het dit **gedoen**: die arme vrou maak haar oë ope, steek haar **hand** uit na **myne**, druk dit vir 'n paar minute op haar hart; en al wat sy kon sê, was: „Dankie, dankie!” My oë was **benewel** met tranen. Ek het **omgedraai** en die **bed** verlaat met die ernstige bede dat God haar mag herstel; dog-sowel sy as haar **dogter** is daar nie meer nie. Dit was 'n middag van vele **aandoenlike** gebeurtenisse. en ek sal dit nooit vergeet nie.

Die **siekkamers**, moet ek erken, het daar **baie** netjies **uitgesien**, en die pasiënte skoon en **gemaklik**; en ek kon nie verstaan waarom ons vroue, tot die **laaste** een toe, so sterk teen die hospitale was, waar hulle m.i. so oneindig meer verkieslik is bo die warm **tente**. Op navraag het ek later uitgevind dat die ete en in vele gevalle die jong **ongroefende** verpleegsters, wat die **groefende** verpleegsters **behulpsaam** is, die groot moeilikheid was. Met 'n **vlugtige** besoek aan die hospitaal was dit moeilik vir my om **oor hierdie** sake 'n oordeel te vel. Die sterftesyfer was **daardie** tyd hoog, en ek het **terneergedruk** gevoel. Ek was **egter** dat die outoriteite besig was om alles in hulle vermoë te doen om **dinge** te verbeter; en dit was 'n groot troos. In **Januarie** het hulle die **sopkombuise** begin, die **vleis** is beter, die rantsoen groter, en dan word daar ook nog 'n **taamlike** hoeveelheid groente aan elke familie toegestaan. Ons het **heerlike reëns** gehad, die weer het koeler geword, en binne korte tyd was daar so 'n groot verandering ten beste dat dit byna ongelooflik lyk. Die **gesondheidstoestand** van die kamp het met rasse skrede **voortgegaan**, en die sterfte het gevolglik afgeneem **sodat** daar **omlans** vier dae agtereën geen lyk in die doodstent was nie.

U kan **begryp** hoe groot ons blydschap was en hoe **veel** dankgebede aan God **geoffer** is.

Nog vanmôre was hier 'n vrou **by my**, 'n ou inwoner van die kamp, wat twee kinders verlede jaar **afgegee** het

en **vantevore** my kom sien het; sy het bitter geweën en **gesê**: „Mevr. Steyn, hoe haat ek dié hospitaal, en hoe **bitter** is dit tog om dierbare daarheen te sien gaan!” Verlede maand het haar **enigste** kind wat nog in lewe is, siek geword, en kort **daarn** sy self ook. Sy het **gesmeek** dat nie **een** van **hulle** **twesalweggeneem** word nie; dog die dokter het mooi gepraat, en **eindelik** het sy toegestem. Haar woorde **aan my** was: „Mevr. Steyn, ek is so **dankbaar** dat ek gegaan het; my kind en ek het **altwee** **gougou** **gesond** geword. **Hulle** het ons baie goed behandel, **ons volop goeie kos gegee**, en die verbetering in die hospitaal is **baie** groot.” Sy het **so** mooi daarvan gepraat, en ek hoop van harte dat die verbetering sal aanhou; ek het self groot **vertroue** dat dit die geval sal wees.

U moet verstaan dat vir **seer** vele van ons **mense** is die **tentlewe** in 'n **kamp selfs** onder die mees gunstige **omstandighede** 'n **swaar lewe**; dog hulle is **almal** meer **tevrede** met en sonder **klagte** oor hulle behandeling; en dit is my tot groot troos. U het **seker** gehoor dat ek klaar **ingepak** was om in November na **Europa** te vertrek, en tereftder ure is my vertrek **afgestel**. Dit was my 'n **verskrriklike** **gedagte** om **Suid-Afrika** te verlaat **terwyl** my **eggenoot** nog aan **so** veel **gevare** **blootgestel** is, en **ekwas** **dankbaar** toe **onverwagte** **omstandighede** my vertrek belet het.

Mevr. Blygnaut, al **besoek** sy nie die kamp nie, **doen** nog veel vir ons mense en is nog dikwels baie druk besig. Ons dink met dankbaarheid aan ons **oëie** vriende en sal altoos met groot erkentlikheid terugsink aan wat hulle vir on8 **gedoen** het. . . .

#### BRIEF VAN MEVR. GELDENHUIS AAN MY.

BLOEMFONTEINSE KAMP, 12 April 1902.

Ek is dankbaar om te **sê** dat deur die genade van die Voorsienigheid is ek en die **myne** nog **almal** -in die lewe, en geniet ons **taamlik** goeie **gesondheid**. My klein Sarah is 'n rukkie in die hospitaal **gewees**, dog sy is weer **heeltemal** reg en is **heeltemal** n-groot **jongdame** geword sedert u haar laas **gesien** het.

Ons **kamplewe** het die **laaste** tyd **heelwat** beter geword. **Mediese** skikkinge is ook veel beter as 'n tyd gelede. Ons **hospitale** is byna leeg; **verlede** maand was daar net **ag-entwintig** **sterfgevälle**, en **hierdie** maand so ver nog maar **net drie**.

Dit **spyt** my om te **sê**, ná u vertrek het hulle my, om een of **ander** **beuselagtige** rede, in die **prisonierskamp** geplaas, waar ek so te **sê** deur elkeen **daarbuite** aan die **vergetelheid** **orgegee** was. Ek kan u nou nie volle **besonderhede** skrywe van hoe **hulle** my in die duister **gehou** het nie.



Ek maak 'n pakkie kuriositeite op wat ek hoop om met 'n vriend van my aan u te kan stuur. Met die vertroue dat die tyd nis meer ver is nie wanneer ons vryuit kan skrywe.

Kort gelede het 'n vriend van my aan die *New Age* hierdie volgende bydrae gestuur. Dit bevat 'n gesprek wat sy met 'n Afrikaanse vrou, bloedverwant van generaal De la Rey, gehad het:—

29 April 1902.

My kennis van hulle taal en uitdrukkinge van medelye met die beproewinge van die vroue in die kampe het hulle vertroue spoedig gewen. Die vernaamste spreekster was 'n baie groot, goed-geboude vrou met oë wat veel kon uitdruk; gewoonlik was hulle half gealote, terwyl die spreekster haar siel verberg agter 'n skyn van kalmte en onverskilligheid-seer tiepies van hierdie land van vrede en koesterende sonneskyn en geweldige en ontsettende storme. Ek het gevra of daar verbetering was in die algemene toestand van die kamp waar sy pas vandaan gekom het. Alte seker was daar: die kos was beter, die bejaardes en swakkes en tingeriges was dood. Sy skrywe die verskriklik hoe sterftesyfer van die verlede toe aan die wyse waarop die mense van hulle huise weggesleep was en sonder voedsel of deksel aan wind en weer blootgestel was. Op die aankoms was daar in die reël ook geen skuiling of voeding nie, en die aanhoudelike blootstelling en uitputting het gelei tot die uitbreek van ernstige siektes, met die gevolg dat talle ongekome het. „Word die vroue moedeloos? Is hulle gewillig dat hulle mans die wapens sal neer lê?” vra ek. Daar kom 'n glans oor haar gesig en 'n fonkel in haar oë, en sy sê: „Daar is sommige Afrikaners—honde noem ek hulle—wat oorgegee het; dog daar is talle van vroue in ons kamp wat nooit sal ingee nie, wat nimmer hulle mans sal aanraai om die wapens neer te lê nie. Ek sê my man moet veg tot die laaste toe; al is daar net twee manne dor, dan moet hy aanhou veg; as hy alleen oorbly, moet hy volhou so lank soos hy 'n geweer kan vashou. Dit is 'n bittere ding om afskeid van jou man te neem—om te weet dat hy veg; dog ek sou liever sien dat hy dood lê op die slagveld dan dat hy oorgee.” „En wat omtrent die vroue self—hulle ontberinge?” vra ek. Sy gooi haar pragtig gevormde hoof agteroor en sê: „Ek het met my nog nooit iets verkeerd gehad nie; hoe swaarder ek kry, des te sterker lyk dit of ek word—sterkte kom na die behoefte daaraan. Dit is waar ek het hele families in die kamp sien wegsterwe;

dog daar is ook andere wat niemand afgegee het nie, wat nog almal bymekaar is. Kom ek om, so kom ek om—dit maak nie saak nie: nooit as nimmer sal ek ingee nie. Dit is volgens die lig wat ek het,” gaan sy voort, „dat elkeen moet doen wat hy kan vir sy eie land. Ek kan nie anders nie. Ek kan die wat oorgee, nie verstaan nie. Ek haat nie die Engelse nie. Ek het geen haat in my hart nie, dog ek kan nooit vergeet of vergeef wat ons deurgemaak het nie. Ons het dit te bitter gehad. Ons het te veel gely, te veel is dood, te veel tranegestort. Ek kan nie meer huil nie: Ek moet soms lag. Daar is niemand om ons te help nie, en dis moet ons maar mekaar opbeur. Dog die arme Tommies,” gaan sy voort, „ek sal altyd doen wat ek kan vir 'n Tommy. Hulle kry dit te bitter—net soos ons. Dit was aaklig om hulle te sien toe hulle vir die eerste maal ons drp binnegekom het. Hulle was dood van die honger. Hulle het rondom opa oonde hulle by hope geskaar om 'n brokkie te kry as die brood uitkom. Hulle het al die groen vrugte van die bome afgeëet. Een arme Tommy het hulle dood op sy pos gevind. Toe hulle hom open, vind hulle dat hy hom vol groen mielies geëet het.”

Ek vra of die-onderhandelinge wat aan die gang was, tot vrede sal lei. Sy antwoord: „Daar sal geen vrede wees nie tensy ons kry wat ons wil hê—tensy ons kry wat reg is.” Toe kom daar weer dieselfde pragtige glans oor die gesig en in die oë, en sy sê: „Ons mag dit nog bitterder kry, nog harder; ek mag sonder 'n onderrok aan my lyf wees; dog al sou alles daarheen wees—die dag wanneer ons ons onafanklikheid kry, sal ek dans en speel soos 'n klein kind.”

**Ons kan hierdie vlugtige oorsig van die verhaal van vroueleed nie beter ten besluite bring nie as met die volgende aanhalinge uit die rapport van die gewese staatsekretaris, generaal J. C. Smuts. (Nuwe rapport van generaal J. C. Smuts aan pres. Kruger, bls. 10.) :—**

Geen pen kan ooit beskryf wat die heldinne van ons volk deurgestaan het sedert die lente van 1900 nie.

Op vlug voor die vyand na die bosse en berge van Rustenburg, Waterberg, Soutpansberg, Lydenburg, Swasieland en Soelobland, waar geraamtes nou na die hemel roep teen die barbaarse Kaffer. . . . Met hulle kleintjies weggekruipe kniepip in die water tussen die riete van Skoonspruit en Mooirivier, waar die vyand met Lee-Metfords en Maxims

op hulle **geskiet** het en hulle die **doipe** ingelaag het: en toe ná maande van vergeefse rondvlug **eindelik** deur die **vyand** in gevangenskampe **gestop**, waar hulle self doodkrank hulle kinders moes **sien** **begrawe**, en waar hulle moes **hongerly** omdat hulle die **slegte** vleis en nog erger meel nie **kon** eet nie en geen brandstof gehad het om mee te kook nie—week ná week, maand, ná maand, jaar ná jaar sit hulle en peins oor en verlang na en verknieis oor **hulle** mans en seuns, wat **miskien** reeds doodgeskiet is. Is daar ooit so 'n skouspel van smart in die **wêreld** te **sien** **gewees**? Die **lewe** van die man op die veld, al is dit hard, is **gemaklik** vergeleke **met** die gestadige dood van hulle dierbare in die **gevangenis**.

En tog bly die vroue **wonderlik** sterk; byna al die **briewe** wat uit **hierdie** gevangenskampe gesmokkel word, moedig die mans aan om tot die dood te volhard en om nimmer skande oor **hulle** naam en famielie te bring deur oor te gee nie. . . . Ek dink nie daar was ooit 'n edeler skouspel onder die mensegeslag te **sien** nie en een waar die mensheid met meer reg trots op kan wees as **hierdie** van die Boervrou nie. Haar stille onderwerping aan smart **gaan** ons voor op die weg na **onafhanklikheid**; haar edel en heldhaftige karakter is die waarborg vir ons grootheid in die **toekoms**.

Die terme op die re Junie onderteken sal hierdie pragtige **gees** nie verander of demp nie. Die vraag bly daar: Sal dit onder 'n wyse en verstandige staatsbeleid saam met die beste Engelse gevoel beliggaam word, of sal dit smoor onder bedwang, kleingeestige tirannie en bekrompe onverdraagsaamheid totdat dit opnuut die gestaaakte weerstand van die manne aan vlam sit?

Dit is daar, en **dit is 'n faktor om mee rekening** te hou in die vraagstuk van die toekoms van Suid-Afrika.

### HOOFTUK III.

#### DIÉ BOERVROUE.

*De Heere heeft gegeven, en de Heere heeft genomen; de Naam des Heeren zij geloofd!*


-Job 1: 21.

**Om 'n skets van die karakter en aanleg van die Boervrou te gee, sou betreklik 'n gemaklike taak gewees het as hulle nie so stelselmatig swartge-smeer geword is nie. Beskuldiging in oomblikke van opgewondenheid gemaak het in wye kring geloof verwek en moet uit die weg geruim word om tot 'n onpartydige oordeel te geraak. Die Boere self, vroeër wrede struikrowers, plundersaars, diewe, moordenaars en rebelle genoem, word nou beter begryp as dappere en heldhaftige manne, waardig en verstandig, met seer grondige beskouinge omtrent selfverdediging. Dit mag eweso ontdek word dat hulle vroue—daardie vuil, lui, leuenagtige vroue, so onverskillig omtrent hulle kinders om hulle te verwaarloos en selfs met opset te vergiftig-tog in werklikheid 'n beskaafde en hardwerkende klas van mense is, so waarheidsliewend soos enige ander deel van die wêreld en in staat om hulle groot famielies met liefde en sorg groot te maak. Dit mag selfs erken word dat hulle nog meer as dit is: dat hulle tot onwankelbare getrou-**

heid, wat dit ook aan persoonlike opoffering mag kos, in staat is; dat hulle selfbeheer, verdraagsaamheid en ander fyne karaktertrekke wat tot die beste stande behoer, goed verstaan.

Om hulle as vuil te kenmerk, is onbillik en onwaar. Dit is onbillik, want ons het hulle in omstandighede geplaas waar alles wat tot sindelikheid strek, skaars of heeltemal afwesig was. water, seep, handdoeke, besems, gereedskap—alles was of moeilik om te bekom of nie in die **kamp** verkrygbaar nie. Maandelank was daar **hoegenaamd** geen seep nie, behalwe wat die vroue self gemaak het met die vet van hulle rantsoen. Dit is onwaar, want ondanks hierdie moeilikhede, was die meerderheid van die vroue wonderlik net en skoon. Ek herinner my hoe mnr. Selous, wat die Boervolk miskien meer van naby ken as enige ander Engelsman, my vertel het dat hy hulle nie in normale tye 'n onsindelike volk gevind het nie. Hy het jarelank aaneen met hulle op hulle plase gebly. Twee dokters wat in die Vrystaat gepraktiseer het, een vir twintig en die ander een vir tien jaar, het altwee hierdie sienswyse gedeel. Die oudste van die twee het daarby gevoeg dat hy van mening was dat dit moeilik sou gaan om 'n skoner volk érens in die wêreld te vind. Moontlik het die mense in die agterveld van die Transvaal in hierdie opsig laer gestaan. In die abnormale omstandighede waarin die mense moes lewe, was hulle netheid treffend. Daar was in elke kamp, net soos in elke stad van gelyke grootte in alle lande, 'n paar agtelosige en vuil families. Hierdie gevalle word aangehaal asof hulle gewoontes van algemene toepassing was.

Hierdie sienswyse word ook deur mevr. Dickenson, reeds meermaal aangehaal, ondersteun. Sy merk op :—



'n Kamptuintjie met melkblikkies daarom.

Daar ek verlede jaar op sommige plase vertoef het en andere deur Kaapkoloniale Afrikaners bewoon, besoek het, kon ek 'n oordeel vorm omtrent hulle lewenswyse, gewoontes en dinkwyse. In die eerste plek word die vraag dikwels aan my gestel: „Is hulle nie uiters liederlik nie? Om daar saam met hulle in 'n tent te sit moet erg onaangenaam wees!” Hierop kan ek met nadruk antwoord: „Nee, hulle is net so skoon soos enige gemiddelde Australiese of Engelse werkvrou onder dieselfde omstandighede sou wees.” Daar is natuurlik groot onderskeid in die opvoeding en stand onder die families in die verskillende kampe. Van die agterveldse Boer, wat in werklikheid 'n landelike boer is, tot die welvarende inwoner van die weelderige en pragtige woninge in Pretoria is daar 'n groot kloof. Natuurlik word dit van die egte Boer uit die afgeleë distrikte beweer dat die sterfte onder hulle kinders aan onsindelike gewoontes toe te skrywe is. Al wat ek kan sê, is dit, as hulle tente werklik met insektelewe geplaag was, sou ek seker monstres daarvan meeneem het, soos dit dikwels met my gegaan het waar ek huise van die laere klasse in Engeland besoek het!

Wat die Boere van Engelse skoonheid dink, sou gevaarlik wees om te beskrywe. Hulle walging van die ontsettende saniteitsreëlinge in baie kampe, en die verwaarloosde toestand van latrines in ander kampe was baie sterk. Veral het hulle 'n afsku gehad van die gewoonte wat dikwels **geheers** het om manne, vroue en kinders in trokse en rytuie saam te pak en hulle te verbied om **onder enige voorwensel hoegenaamd** daarvan af te klim.

Van die onverskilligheid omtrent hulle kinders waarvan hulle beskuldig word, het ek geen teken gesien nie. Die beskuldiging kom hierop neer dat hulle, soos moeders, gemeen het dat hulle beter wis en verstaan hoe om met hulle kinders te werk as vreemdes, wat maandelank maar die gebrek-kigste hospitale, geneeskundige en verplegings-dienste kon aanbied in plaas van die moedersorg.

Die **aanvanklike** toestand van daardie hospitale en verpleging was **sodanig** dat dit die mense heeltemal regvaardig waar hulle hulle siekes nie wou

afstaan nie. Hulle het nie die reg gehad om hulle kleintjies te stuur na plekke waar die behoeftes waar die kleintjies aan uiting gee, nie eens kon verstaan word nie. Met die verbetering van die hospitale en die personeel daarvan en met die versekering dat hulle siekes persoonlike aandag sou ontvang, het die besware teen die hospitale langamerhand minder geword. Dit was noodlottig vir hulle sukses dat so vele verpleegsters, gewoonlik half **geofen**, met opset gekies was uit die politieke vyande van die volk en hulle dienste aangevul deur heeltemal ongeoefende Boermeisies, waarvan die meeste gekies was uit die klas wat self oorgegee het en onder die mense gewantrou word. Het die outoriteite 'n breë beskouing van die toestand geneem en hulle deur gesond verstand en menslike gevoel laat lei in plaas van politiek, sou hierdie addisionele moeilikhede nie ontstaan het nie. Lord Milner het gekla dat daar 'gebrek aan personeel was. Hier was daar geen gebrek aan nie. Wat hy bedoel het, was *politieke* personeel. Daar was oorfloed van mense wat vrywillig sou verpleeg het en die kampe gereorganiseer het, en wat die groot golf van nood sou **gekeer** het; dog hulle is **geweer** geword. Vriendelikheid is wat nodig was. Elkeen was te siek om hom oor politiek te bekommer. Sodanige welwillendheid, vry betoon deur mense wat 'n wyer uitsig gehad het as dié wat halfopgevoede lojaliste-, „refugees” besit het, 'n uitsig van die **egte** ruime Engelse edelmoedigheid en menslikheid sou 'n indirekte dog **gesonde** politieke uitwerking gehad het.

Dit sou moeilik wees om 'n volk te vind wat meer waar en getrou is in hulle handelwyse met diegene wat hulle **respek** en vertrouwe gewen het. Dog dit moet eers gewen word. Teenoor alle

andere bly hulle houding onseker en agterdogtig. **Hulle** toestand het in die **laaste** tyd uiters moeilik geword, daar hulle **rebell**e in hulle eie land gemaak was. Ongelukkig was diegene met wie Engelse beamptes die meeste in aanraking gekom het, van die swakkere vate, die burgers wat self oorgegee het en wat gewoonlik suikerklontjies van die kamp in die vorm van betaalde betrekkinge ontvang het. Manne wat ontrou is aan hulle eie vlees en bloed, soos sommige van hulle was, sal ook in alle waarskynlikheid ontrou **wees** in ander lewensbetrekkinge.

As ons **hierdie** en ander beskuldiging daarlaas en die Boervroue met onbevooroordeelde gemoed nader, vind ons 'n **seer** eenvoudige vrouegeslag, kalm en bestendig, dog altoos vol van gasvrye ingewinge. Hulle besit skerpheid van blik en moedervernuif in oorfloed, en hulle dek hul met agterdog soos 'n harnas. Slaag daarin om **hierdie** wapenrusting te deurdring, en die **vertroulik**-heid daaronder is **so volkome** soos van 'n kind. Verraai **daardie** vertrouwe, en dit word nooit vergeet nie; wen dit, en u word aangeneem en **vertrou** soos 'n vriend. Die vroue het 'n natuurlike en huislike waardigheid, wat hulle goed staan en eerbied afdwing. Onder alles is 'n mens bewus van onsigbare dieptes waar krag in weggebêre lê, wat **eendag** nog op verskillende wyse tot openbaring sal kom. In **hierdie** donkere dae het hulle **veel** teruggeval op **hierdie** verborge voorraad om volharding in hulle eie beproewing te **verskaf** en oneindige bemoediging vir hulle manne op die veld. Nou en dan skiet daar onverwagte strale oor die kalm onverstoorde oppervlakte en openbaar **daardie** verborge dieptes met hulle voorraad van ongekende krag. Hulle het hulle land harts-togtelik lief,

Van hulle gedrag sedert hulle opeengehoop was in kampe of oor vele lande as bannelinge verstrooi was, is dit moeilik om te sreek, want daar kan geen vergelyking getref word om also 'n oordeel te kan vel nie. Hulle ondervinding is enig. Nog nooit tevore is die hele vrouegeslag van 'n blanke nasie ontwortel en in sulke moeilike omstandighede geplaas nie. Ons weet nie hoe ons die toets van so 'n beproewing sou deurgestaan het nie. Ons kan maar net vra na die gees en gemoedstemming waarmee hulle dit verduur het en na die uitwerking daarvan op hulle karakter. Moet 'n nasie nie beoordeel word volgens sy beste liever as volgens sy slegste nie? Omdat enkele onbeteueld in woorde en bitter was; omdat weinige vuil, slordig en onregeerbaar was, daarom word die hele volk geskandvlek. Die groot massa het hulle ongekende beproewinge met 'n stille heldhaftigheid verduur, wat vele aanskouers verbaas het. Twee dinge het saamgespan om hierdie volharding te vorm. Ten eerste, die diepte van hulle godsdienstige gevoel, wat alles aan 'n Hoër Hand toeskrywe en die menslike instrument nie blameer nie; en ten tweede, daardie behoorlike gevoel van trotsheid, wat alle vertoon van aandoening voor hulle vyand verbied. Dus het hulle dikwels elke geleentheid om vir hulle land te ly, met lofsange begroet. Hulle kalme volharding verkondig karaktersterkte en beslistheid, waar ons mee rekening moet hou. „Die mense kla nie,” „daar is geen klagte nie,” „hulle is tevrede en gelukkig,” is aanmerkinge dikwels herhaal omtrent die kampe. Dit was dikwels juis daar waar geen klagte gehoor was, waar die nood die grootste was. Volharding, hulle erflike besit, het ontwikkel volgens die eise daaraan gestel; en hulle idealisme het toegeneem onder die invloed van 'n gedwonge

afstand van alle stoflike welvaart. Hulle gees was vry om hom te wy aan wat geestelik en nie stoflik was en het hom gevestig op die verlange na vryheid, onafhanklikheid en die reg tot selfontwikkeling. Op 'n seer praktiese wyse het hulle geleer dat die lewe nie bestaan in die veelheid van stoflike besittinge nie. Die uitwerking van hulle houding was om hulle manne tot groter daade aan te spoor. De Wet het aan 'n vrou, op die oomblik in ballingskap, gesê dat waar tien manne hom bemoedig het deur hulle gedrag, vyf-en-twintig vroue dit gedoen het.

Dit sal waarskynlik gevind word dat as die vroue self oor hulle ondervindinge in die kampe begin te praat of te skrywe en ons het nog nooit hulle sy van die saak gehoor nie: dat die liggaamlike ontberinge vir hulle minder swaar was as die toepassing van straf en die politieke behandeling wat hulle te beurt geval het. Amptelike parmantigheid en onbeleefdheid, uiterlik in stilte verdra, is deur vroue van goeie stand innerlik verfoei. Straf is toegepas, sonder behoorlike ondersoek, op aanklag van een of ander onkundige of verbitterde spioen; vroue van voortrefflike karakter is in draadkampe geplaas vir beuselagtige of denkbeeldige oortredinge; eensame wagtente, geweierde passe, ingekorte rantsoene, allerhande soorte van ergerlike en vernederende behandeling, spesiaal bedoel vir vroue wat as rebelle beskou word, omdat hulle man of seun op kommando is. Dit was die enigste rede in talryke gevalle aangegee waarom verlof geweier is aan vroue om die ongesonde kampe te verlaat en op hulle eie onkoste elders te gaan lewe. Hierdie handelwyse het weerstand geprikkel en 'n afsku vir die Engelse bestuur geskep, wat deur meer verstandige metodes kon voorkom gewees het.

Aan mnr. E. S. Sargent is die land sy dank verskuldig vir die daarstelling van die **ligpunt** in die kampgeskiedenis, nl. die skole-waar baie kinders reeds 'n hoër sy van die Engelse karakter en gedagte-wêreld leer ken het as dié waar die oorlog hulle blykbaar mee bekend **gemaak** het. Veel, seer veel, **mag** ontwikkel van die begin wat in **hierdie** kampskole **gemaak** is.

Dit is waar dat sommige van die volk afgesak het; die meer onkundige, ontroof van al die uitwendige steierwerk wat help om selfrespek op te hou, selfs voldoende klere, het hoop en moed **opgegee** en **gemaklik** 'n prooi geword van die **eienaardige** versoekinge van sodanige lewe.

Daar is baie donker plekke in die noodlot wat sommige vroue in die twee jaar en ag maande van die oorlog **getref** het, waar ons in **hierdie** bladsye skaars aangeraak het-want **hulle** is nog nie ondersoek nie-, dog wat swart sal lyk selfs teen die somber agtergrond van **hierdie** boek. **Miskien** gebeur **sulke dinge** in elké oorlog. As dit so is, dan is daar des te meer rede om oorlog af te skaf en Internasionale Arbitrasie te aanvaar.

Oor die algemeen het die groot liggaam van Boervroue pragtig deur die vuurproef gegaan waar ons hulle aan onderwerp het. Dog dit is geen regvaardiging vir die blootstelling daaraan nie. Nooit **tevore** is daar op sodanige wyse teen vroue en kinders kryg **gevoer** nie. Engeland, deur die **optreding** van lord Roberts en lord **Kitchener**, het die politiek van Spanje aanvaar, net die metodes vererger. Sy het haar seël op 'n **haatlike** stelsel afgedruk. Moet dit 'n presedent vir toekomstige oorloë word, of sal dit plegtig veroordeel word nie **alleen** deur een party nie, dog deur elke mensliewende persoon van elke **belydenis** en elke taal, veroordeel as 'n „metode van

barbarisme” wat nooit weer aanvaar moet word **nie—die** hele wrede skakel van verbranding, **uitdrying**, haweloos-maak, wegvoering, en **eindlike** weerversameling van die **buite** geveg gestelde **persone** van die land, met geen behoorlike **voorsorg** vir hulle onderhoud ?

Dit behoort 'n vaste beginsel te wees by die Engelse volk dat geen generaal wat in hulle naam optree, ooit weer maatreëls van **hierdie** aard mag aanvaar nie. „Dit raak,” so skrywe lord Ripon (*Times*, 19 Junie 1901), „die goeie naam van ons land en die **reputasie** wat ons het vir manlikheid, om nie te praat van die ridderlikheid van ons volk nie. . . . Vir die stelsel kon geen veroordeling te **sterk uitgespreek** word nie. Dit is wreed wat die **teenwoordige** betref, en onbegryplik dwaas met die oog op die toekoms. . . . As ons toelaat dat **daar** 'mee voortgegaan word, dan is die hele **verantwoordelikheid** op ons skouers. Een sterk woord van die Britse volk sal die hele ding wegruim. Het ons die moed om dit uit te spreek ?”

Dog die Britse volk het die moed nie gehad om **daardie** edele woord te spreek nie. Die kampe het aangehou en **grafte** het vol geword, totdat ongeveer 'n 28.000 persone omgekom het, van wie meer as 22.000 kinders was..

Die tyd kom nou nader dat **hierdie** vroue gestadig vrygelaat sal word en na hulle verlate woninge die optog sal begin. Die drie miljoen waarin **voorsiening gemaak** word onder **terme** van die vredesverdrag, mag hulle skuiling en 'n paar stuks vee gee, en arbeidsgereedskap ; dog hoe ver sal dit strek ? **Daardie** bedrag kan die groot uitgestrektheid van die **skade** nie dek nie, wat sommige generaals op vyftig miljoen skat. Elke huis **sa** **sonder** huisraad wees. Een wyse om ons groot

misstap te bely, sal wees om nederig hulp te verleen om hulle eenvoudige lewe weer te begin. Dankoffers dat die oorlog oor is, en soenoffers ook, sal met die oog hierop die regte ding wees.

Dit sal baie duisende sulke offers vereis om in die behoefte van 'n hawelose en geruïneerde volk te voorsien. „Ons is nou tot die bedelstaf gebring,” skryf een vrou; en 'n ander: „Kan u 'n denkbeeld vorm van wat dit is om niks te besit nie —letterlik *niks nie?*”

## AANHANGSEL A.

Die **sterftesyfers** hier aangegee en deur die heer **Alfred Marks** en my in die **volgende** aanhangsels saamgevat, is natuurlik slegs by **benadering**. Hulle berus op Engelse Blouboeke, wat mekaar nie **alleen** dikwels weerspreek nie, dog wat eers met hulle opgawes begin het **maandelank** ná die ontstaan van baie kampe en ná talle van **mense** reeds omgekom het. Dan was hulle vir die doel van **hierdie** boek **slegs beskikbaar** tot Februarie 1902, want dit was geskrywe vroeg in die lente van **daardie** jaar, vóór die einde van die **oorlog**. **Hierdie** tabelle het dus nooit op volledigheid aanspraak **gemaak** nie.

Ná die vrede en die herbewoning van plase en dorpe het die Boeroutoriteite 'n **noukeurige** en **deeglike** ondersoek ingestel. Die voltooiing hiervan het **drie** jaar geduur. Dit is **meermaal** deur **mevr. Fawcett** en **andere** verklaar dat die **Boere** geen statistieke van sterfte en **geboorte** gehou het nie. Die heer **Goldman**, beamppte in die Kantoor van Binnelandse Sake, deel my mee, tot weerlegging van **hierdie** bewering, dat daar wel registers van huwelike, geboortss en **sterfgevallen** voor die oorlog deur die **verskillende** landdroste, **weeshere** en **kerkgenootskappe** in die **gewese S.A.R.** en die **O.V.S.** gehou is, dog dat dit nie in druk verskyn het nie, behalwe in die geval van sommige stadsrade wat dit **ingesluit** het in hulle **jaarlikse** rapporte. Ten **gevolge** van die algemene vernieling van etede, dorpe en kerke is verskeie van **hierdie** registers natuurlik gedurende die oorlog verbrand.

Di8 **syfers** met deeglikheid en noukeurigheid versamel en deur die **staatsargief** in Pretoria **verskaf**, gee nie die getal aan wat in elke **afsonderlike** kamp omgekom het nie, dog noem die totale vir die Transvaal, **Vrystaat**, **Kaapkolonie** en **Natal**, wat in die ongeveer veertig verskillende **kampe** verstrooi oor die land **gestorf** het.

Die groot belangrikheid van **hierdie** syfers vir die **buitewêreld** word deur **vergeljking** **geopenbaar**. Dit stel die lot van strydere en **nie-stryders** **teenoor** mekaar. Ongeveer vyfmaal so veel vroue en kinders het omgekom as daar manne in die veld deur die swaard of siekte beswyk het. In **hierdie** soort van oorlog is die veglienie die veiligste plek en sou dit die beste wees om kinders na **die** front te stuur.



Tabel wat aangee die getal manne, vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe gedurende die oorlog 1899—1902 beswyk het : —

	S.A.R.	O.V.S.	K.K.	Natal.	Ttl.
Manne bokant 16 jaar					
Vroue bokant 16 jaar	814	785	74	3	1,676
Kinders onder 16 jaar	2,030	2,023	218	6	4,177
woonagtig in . . . . .	12,900			20	22,074
Algemene totaal . . . . .	15,744	11,738	416	29	27,927

Oorlogsverliese.

Gesneuwel . . . . .	3,990	burgers.
Gesterf aan siekte op kommando . . . . .	924	„
Gedood ten gevolge van ongelukke op kommando . . . . .	157	„
Gesterf as krygsgevangene . . . . .	1,118	„
Totaal . . . . .	6,189	„

Uittreksel uit die registers in die Staatsargief, Kantoor van Binnelandse Sake, Pretoria, 22 Jan. 1914.

(Geteken) P. H. A. GOLDMAN,  
Hoofbeampte, Kantoor van Binnelandse Sake.

AANHANGSEL B.

I.

VROEËRE RANTSOENSKAAL IN DIE O.R.K. VIR  
„REFUGEEES” EN ONGEWENSTES.

Nie gedateer nie, dog voor 16 Januarie 1901. In die kantoor op Bloemfontein aan my oorhandig.

„Refugees.”	„Ongewenstes.”
½ Pond vars vleis	½ Pond vars vleis
½ Pond meel, rys, geatamp- te mielies of aartappels	½ Pond meel, rys of ge- stampte mielies
1½ Ons koffie	½ Ons koffie
3 Onse suiker	1 Ons suiker
1 Ons sout	1 Ons sout
1/12 Blik gekondenseerde melk	1/18 Blik gekondenseerde melk

KAPTEIN,  
Assistent-provoos, O.R.K.

11.

„Spaarsaamheid is net so belangrik in die bestuur van 'n kamp as die welvaart van hulle wat aan u sorg toevertrou is.” 1)

VERBINDINGSLYNBEVELE.

L. van K. No. 129.

Deur luitenant-generaal sir A. Hunter, K.C.B., D.S.O.,  
bevelhebber oor L. van K. van Norvalspont tot  
Wolwehoek.

BLOEMFONTEIN, Woensdag, 6 Jan. 1901.

1) Cd. 819, bls. 9, Algemene Instruksies.

## RANTSOENSKAAL VIR „REFUGEES.”

VOLWASSENE EN KINDERS OOB DIE SES JAAR.

## „Refugees.”

Famielies wat lede op kommando het.

Blom- of boermeel: 1 pond per dag.	Mielie-meel: 3 pond per dag.
Vleis: $\frac{3}{4}$ pond per dag.	Vleis: 1 pond tweemaal per week.
Koffie: 1 ons per dag.	Koffie: 1 ons per dag.
Suiker: 2 onse per dag.	Suiker: 2 onse per dag.
Sout: $\frac{1}{2}$ ons per dag.	Sout: $\frac{1}{2}$ ons per dag.

## KINDERS ONDER SES JAAR.

Blom- of boermeel: $\frac{1}{2}$ pond per dag.	Meel: $\frac{1}{2}$ pond per dag.
Vleis: $\frac{1}{2}$ pond per dag.	Vleis: $\frac{1}{2}$ pond tweemaal per week.
Melk: $\frac{1}{2}$ blik per dag.	Melk: $\frac{1}{2}$ blik per dag.
Suiker: 1 ons per dag.	Suiker: 1 ons per dag.
Sout: $\frac{1}{2}$ ons per dag.	Sout: $\frac{1}{2}$ ons per dag.

111.

GEAMENDEERDE RANTSOENSKAAL,<sup>1)</sup> O.R.K.

8 Maart 1901.

AAN ALLE BLANKE „REFUGEES.”

- $\frac{1}{2}$  Pond vars vleis (of in blikkies as varse onverkrygbaar is).  
 $\frac{1}{2}$  Pond of med of rys, gestampde mielies of aartappels as daar behoorlik kennis gegee word.  
 1 Ons koffie.  
 1 Ons sout.  
 2 Onse suiker.  
 1 / 12 Blik gekondenseerde melk.

## IV.

Hierdie skaal was van toepassing tot September, toe  $\frac{3}{4}$  pond rys per dag bygevoeg is op aanbeveling van die dameskommissie.

1) Cd. 819, bls. 37.

## V.

HERSIENDE RANTSOENSKAAL.<sup>1)</sup>

Januarie 1902.

## KINDERS VAN VYF JAAR EN ONDER.

44.7 Onse meel.	$\frac{1}{2}$ Ons koffie.
44.7 Onse hawermeel of „Rolled Oats.”	$\frac{1}{2}$ Ons suiker (wit).
44.7 Onse rys en masena.	$\frac{1}{2}$ ons sout.
2.7 Blik melk (gekondenseerd).	1.7 Blik konfynt.
	1.7 of 1 Ons lemoenstroop.

Verder nog een bord sop (van vleis, groente of gars) per hoof per dag aan alle kinders.

## VOLWASSENE.

$\frac{1}{2}$ Pond vleis.	1 Ons kunsbotter per dag.
$\frac{1}{2}$ Pond meel.	$\frac{1}{2}$ Pond rys per week.
1 Ons koffie.	4 Onse lemoenstroop per week.
2 Onse suiker.	1 Pond konfynt elke veer-tien dae.
1 Ons sout.	Vars groente sover verkrygbaar.
1/12 Blik melk (gekondenseerd).	

1.

## TRANSVAALSE RANTSOENSKAAL.

PRETORIA, 1 Des. 1900.

## „Refugees.”

Ongewenstes.

7 Pond blom- of boermeel per week.	7 Pond meel per week.
1 Pond vleis tweemaal per week.	Geen vleis nie.
4 Onse sout per week.	4 Onse sout per week.
6 Onse koffie per week.	4 Onse koffie per week.
12 Onse suiker per week.	8 Onse suiker per week.

1) (Cl. 934, bls. 98.

## KINDERS ONDER TWAALF JAAR.

3½ Pond bloem- of boermeel per week.	3½ Pond blom- of boermeel per week.
½ Pond vleis tweemaal per week.	Geen vleis nie.
2 Onse sout per week.	2 Onse sout per week.
3 Onse koffie per week.	2 Onse koffie per week.
18 Onse suiker per week.	8 Onse suiker per week.

## II.

Skaal verhoog (Gd. 819, bls. 21) 27 Febr. 1901. Alle behoeftige „refugees” moet in die toekoms vleisrantsoen ontvang in terme van klas 1. ,

## III.

## HERSIENDE RANTSOENSKAAL.)

13 Januarie 1902, ná besoek van kommissie.

## KINDERS ONDER TWEE JAAR. PER WEEK.

14 Kwarte melk.	2 Onse sout
2½ Pond blom- of boermeel.	8 Onse seep.
6 Onse suiker.	Sop en groente soos deur die matrone toegeken word.
6 Onse stroop.	
6 Onse botter.	

KINDERS OOR DIE TWEE EN ONDER VYF JAAR.<sup>1)</sup> PER WEEK.

14 Kwarte melk.	4 Onse botter.
6 Onse stroop	2 Onse sout.
33 Pond blom-, boer- of hawermeel.	8 Onse seep.
6 Onse suiker.	2 Pond vleis en sop.

## KINDERS OOR VYF EN ONDER TWAALF JAAR. PER WEEK.

7 Kwarte melk.	4 Onse sout.
5 Pond blom-, boer- of hawermeel.	4 Onse botter.
6 Onse suiker.	4 Onse koffie.
6 Onse stroop.	3 Pond vleis.
8 Onse rys, bone of gestampte mielies.	8 Onse seep.
	24 Onse groente.

## VOLWASSENE.

7 Pond blom- of boermeel.	1 Blik melk.
12 Onse suiker.	8 Onse seep.
7 Onse koffie.	1 Pond gestampte mielies, rys of bone.
4 Pond vleis.	
4 Onse sout.	24 Onse groente.

Ek is dank verskuldig aan die heer Alfred Marks vir die volgende tabel, waarin hy die daaglikse onkoste van die voedsel per persoon vir die jaar 1901 uitgewerk het.

Ek mag byvoeg dat in die kampe aan my bekend die voorsiening dikwels minder as die aangegewe toekenning was. Mafeking was die enigste tydens my besoek wat 'n milder skaal as die ander kampe gehad het.

## KOSTE VAN DIE RANTSOEN IN DIE TRANSVAALSE KAMPE.

Vir die maande Mei, Junie, Julie, Oktober en November 1901 bereken volgens die goewerments-opgawes (dit is die enigste maande waarvoor daar volle gegewens vir elke kamp meegedeel word). Die koste van „rantsoene uitgedeel” is al wat in berekening geneem word; alle andere onkoste - „mediese geriewe, loon, kleding, ens.-word buite rekening gelaat.

Vir die Transvaalse kampe in die algemeen is die syfers in die opgawes (alle onkoste ingeslote)

1) Cd. 934 (1902), bls. 96.

aangegee as volg ; die verbeterde syfers (wat alles behalwe rantsoene uitsluit) word aangegee waar die gegewens voorhandig is. Die somme word almal in pennies aangegee :—

1901.	Feb.	Maart.	April.	Mei.	Junie.	Julie.	Aug.	Sept.	Okt.	NOV.
Syfers van Opgawes	6.46	4.84	4.42		4.44	4.25				6.23
Verbeterde Syfers	...	...	...	2,36(1	2.04	2.06	4.70 204	5.45 219	6.00	3.41

### VIR DIE VERSKILLENDE KAMPE.

	Mei.	Junie.	Julie.	Okt.	NOV.
Balmoral				3.04	3.65
Barberton	2.92(1	2.68	2.32	2.82	3.21
Belfast		1.83	1.95	2.63	2.03
Heidelberg	1.72	2.07	1.62	2.75	3.20
Irene	1.44	1.82	2.05	4.04	3.39
Johannesburg, Stad	1.48	1.42	1.41	2.38	2.85
Johannesburg, Kamp		1.50	1.84	3.62	4.23
Klerksdorp	1.25	0.34(2	1.68	2.61	3.36
Krugersdorp	1.37	1.39	1.54	2.66	3.53
Mafeking		14.92	15.90	3.56	4.14
Middelburg	3.97	3.62	3.08	3.32	3.39
Nylstroom		1.30	1.16	3.03	3.00
Pietersburg	1.72	2.03	2.04	2.93	2.88
Potchefstroom	1.44	1.52	1.81	2.83	3.13
Standerton	1.47	1.63	1.91	3.21	3.26
Vereniging	1.45	1.50	1.49	1.66	2.07
Volksrust	1.33	1.87	1.81	2.70	2.97
Vryheid	...		1.55		
Waterval-Boven			1.62		...
Vryburg	...		...	...	3.33
V.-D.-Hovensdrift	...		...	...	3.25
Pretoriase Hulpkamp	6.22	4.15	3.97	2.93	6.11

1) 4 Mei, 4.37d. Sluit ons uit 'n som wat verkeerdlik in die Barbertonse rekening vir hierdie maand geplaas is (Cd. 819, bls. 175), dan is die bedrag 4d. Die korreksie is behoorlik aangebring in „verbeterde syfers” en in die bedrag vir Barberton.

2) Die laagste bedrag in die tabel is dié van Klerksdorp vir Junie, nl. .0.34d. Die koste vir Port-Elizabeth was 1/13.

### KOSTE VAN DIE RANTSOEN ELDERS AS IN DIE TRANSVAALSE KAMPE.

#### O.V.S.

Maart 1901, 9 pennies.	Cd. 819, bls. 36.	Vir kos per kontrak.
Junie 1901, 8.83 pennies.	Cd. 819, bls. 109.	} Geen bepaalde opgawes nie.
Julie 1901, 8.60 pennies.	Cd. 819, bls. 211.	
Aug. 1901, 7.02 pennies.	Cd. 819, bls. 294.	
Sept. 1901, 12.81 pennies.	Cd. 853, bls. 20.	
Okt. 1901, 10.57 pennies.	Cd. 853, bls. 127.	
Nov. 1901, 12.53 pennies.	Cd. 934, bls. 36.	
Des. 1901, 11.21 pennies.	Cd. 936, bls. 5.	

#### NATAL.

Maart 1901, 8.71 pennies.	Cd. 819, bls. 40.	Waarskynlik vir kos alleen.
Des. 1901, 5.57 pennies.	Cd. 902, bls. 129.	Vir kos alleen.

#### PORT-ELIZABETH.

Maart 1901, 13.50 pennies.	Cd. 819, bls. 42.	Vir kos alleen.
Hierdie kamp word deur mevr. Fawcett 'n „model-kamp” genoem.		

## AANHANGSEL C

## STERFTESYFERS.

In hierdie tabelle word oral waar dit prakties is, die gemiddelde bevolking geneem. Dus sal die opgawe van die bevolking aan die einde van die maand verskillend gevind word van dié waarop die sterftesyfer bereken is. Opsomming I toon aan die werklike bevolking; opsomminge II en III die gemiddelde waar dit bereken kon word. Geen twee persone wat 'n berekening volgens die opgawes maak, sal presies tot dieselfde resultate kom nie; tog, so noukeurig moontlik, gee ons hier 'n juiste voorstelling van die feite, insoverre hulle openbaargemaak is. Die verwysing aangegee maak dit maklik om die opgawes self te raadpleeg. Om die gemiddelde getal te kry, word die getal mense aan die begin van die maand geneem en word die helfte van die nuwe kome-linge en geboortes bygetel en die helfte van die-gene wat vertrek het, afgetrek. Duidelike-halwe word die sterftesyfers in vet druk aange-gee. Opsomming III en Tabel I het betrekking op kindersterfgevallen. Die hoogste algemene sterftesyfer vir kinders is in die kampe van die O.R.K. Die hoogste enkele syfer vir kinders vir een maand is dié van Brandfort, in Oktober 1891, van 1,951 per duisend per jaar.

Daar bestaan ernstige redes om te vrees dat daar meer sterfgevallen plaasgevind het as wat in hierdie offisiële opgawes aangegee word

## OPSOMMING I.—Bevolking (volledig) en sterfgevallen in alle kampe.

Datum.	Transvaal.		Bevolking.		Sterfgevallen.		Totaal.
	O.V.S.	K.K.	O.V.S.	K.K.	O.V.S.	K.K.	
1901.							
Januarie	...	...	...	...	40	...	40
Februarie	21,105	11,563	2,624	...	62	...	119
Maart	23,812	...	...	...	119	...	395
April	37,989	...	...	...	240	...	673
Mei	45,659	31,694	2,614	...	388	...	1,261
Junie	62,479	37,049	2,751	372	750	104(1)	1,716
Julie	65,500	42,822	2,848	370	1,001	642	2,666
Augustus	65,314	44,572	6,044	295	1,477	1,164	2,672
September	63,707	45,306	9,112	283	1,369	1,127	3,205
Oktober	62,325	45,083	10,185	278	1,381	1,514	3,202
November	61,961	43,755	11,729	290	1,360	1,381	3,272
Desember	62,151	42,404	12,206	276	1,007	1,197	...
1902.							
Januarie	53,724	41,138	19,045	274	115,087	689	1,477
Februarie	...	...	...	...	114,181	287	623
Totaal	...	...	...	...	10,344	9,176	641
Totaal	...	...	...	...	...	...	14
Totaal	...	...	...	...	...	...	30,177

1) Waarskynlik 'n totaal vir verskeie maande. 2) Totaal van Oktober 1901.

## AANTEKENINGE OP BOWEGEMELDE OPSOMMING.

Getal sterfgevallen hier aangegee is . . . . . 20,177  
STERFGEVALLE NIE GEREGISTREER NIE.

Tot hierdie getal moet bygevoeg word:—

Transvaal.—Sterfgevallen voor April 1901.

O.V.S.—Sterfgevallen voor Januarie 1901.

Transvaal.—Ten slotte sterfgevallen van die bevolking in die „Hulp- en Militêre Poste“ (Cd. 939, bis, 6) vir Julie 1901 tot Febr. 1902 (beldre ingeslofte); hierdie bevolking was gemiddeld oor die 6,000.

OPSOMMING II. (MEI 1902.)

Bevolking (gekorriseer), sterfgevallen en sterftesyfers [in *vet druk*]  
(per 1,000 per jaar) van kampe in groepe en totale.

Sover doenlik word die gemiddelde bevolking vir elke maand geneem. Die totale kom dus nie ooreen met dié van 'n ander opsomming wat die totale aan die einde van elke maand aantoon nie. Verder is daar 'n groot onderskeid in die Transvaalse totale ten gevolge van die uitlating hier van die bevolking van die „Hulp- en Militêre Poste," waar geen register van die sterfgevallen gehou is nie. Hierdie ondersteid vir die maande Julie tot Februarie (beide ingeslote) is gemiddeld oor die 6,000.

Datum	Transvaal.		Oranje-Vrystaat.		Natal.		Alle Kampe.				
	Be- volking.	Sterf- gevalle.	Be- volking	Sterf- gevalle.	Be- volking.	Sterf- gevalle.	Be- volking.	Sterf- gevalle.			
1901.											
Julie . . . .	50,111	1,067	37,049	642	208	2,681	6	27	90,213	1,716	28
Augustus . . .	57,530	1,477	42,107	1,164	331	2,813	24	102	102,820	2,666	311
September . .	58,182	1,369	44,572	1,127	303	4,433	76	206	107,482	2,572	287
Oktober . . .	59,523	1,616	45,306	1,514	401	6,752	75	133	111,864	3,205	344
November . . .	59,883	1,521	45,083	1,331	354	9,865	74	90	112,109	2,926	313
Desember . . .	56,821	1,040	43,755	1,250	343	11,129	147	157	111,985	2,437	261
1902.											
Januarie . . .	55,397	939	42,404	755	213	12,200	83	81	110,133	1,477	160
Februarie . .	49,728	287	41,138	289	84	19,175	52	33	109,315	623	69

1) Insluitende die K.K., wat nie hier getabuleer word nie.

2) Twee sterfgevallen in K.K. (Julie en Augustus) is in hierdie totaal.

OPSOMMING III.—Getal kinders in kampe. Getal sterfgevallen en sterftesyfer (in *vet druk*) per 1,000 per jaar (Mei 1902).

Datum.	Transvaal.		Oranje-Vrystaat.		Datum.	Oranje-Vrystaat.	
	Offisiële Opgawes.	Getal Kinders.	Sterf- gevalle.	Sterf- syfer.		Offisiële Opgawes.	Getal Kinders.
1901.							
Mei . . . .	Cd. 819, 51	16,267	262	186	Januarie tot April	Cd. 853, 121	253
Junie . . . .	Cd. 819, 113	19,595	584	353	Mei . . . .	Cd. 853, 121	218
Julie . . . .	Cd. 819, 223	22,974	860	449	Junie . . . .	Cd. 819, 105; 853, 121	17,349
Augustus . . .	Cd. 819, 311	26,226	1,190	544	Julie . . . .	Cd. 819, 208; 853, 121	20,580
September . .	Cd. 853, 34	26,750	1,124	504	Augustus . .	Cd. 819, 290; 853, 121	23,500
Oktober . . .	Cd. 902, 44	26,559	1,295	686	September .	Cd. 853, 17, 121	24,654
November . . .	Cd. 934, 54	24,611	1,201	686	Oktober . . .	Cd. 853, 180, 121	25,170
Desember . . .	Cd. 936, 17	24,375	780	284	November . .	Cd. 853, 131; 934, 36	24,709
1902.					Desember . .	Cd. 936, 2, 3	23,542
Januarie . . .	Cd. 939, 5	23,734	429	217	1902.		
Februarie . .	Cd. 939, 6	20,404	190	111	Januarie . . .	Cd. 939, 3; 934, 103	18,784
					Februarie . .	Cd. 939, 4; 936, 32	18,179
							407
							154

OP SOMMING III—(vervolg).

KAAPKOLONIE.

NATAL.

Datum.	Offisiele Opgawes.	Getal Kinders.	Sterfgevalle.	Sterfesyfer.	Datum	Offisiele Opgawes.	Getal Kinders.	Sterfgevalle.
1901.					Voor Julie . . .	84	84	...
Voor Julie	Cd. 608	1,457	6	48	Julie . . .	6	6	48
Junie	Cd. 819, 188/9	1,494	21	162	Augustus . . .	65	65	377
Julie	Cd. 819, 203/5; 694	1,567	62	208	September . . .	3,570	3,570	164
Augustus	Cd. 819, 283/5; 789	2,386	71	267	Oktober . . .	5,382	5,382	120
September	Cd. 853, 27/9; 793	3,570	62	208	November . . .	120	120	267
Oktober	Cd. 853, 130	3,570	71	164	Desember . . .	120	120	267
November	Cd. 853, 131	5,182	71	164				
Desember	Cd. 902, 134	5,382	120	267				
1902.					1902.			
Januarie	Cd. 934, 103	5,856	69	123	Januarie . . .	69	69	123
Februarie	Cd. 936, 82	8,867	36	48	Februarie . . .	36	36	48

AANTEKENINGE OP BOVEGEMELDE OPSOMMING VAN KINDERSTERFTE, ENS.

GETAL KINDERS.

Waar doenlik word die gemiddelde getal vir die maand geneem. Die Tabel is sover doenlik uit die meer besondere opgawes samegestel. Kinders is getel almal onder twaalf jaar in die Transvaal en onder vyftien jaar in die O.R.K. Teen die end van 1901 is die grens van twaalf jaar ook in die O.R.K. aanvaar.

STERFGEVALLE.

Die sterfgevälle in hierdie Tabel is:—Transvaal, 7,905; O.V.S., 6933; Natal, 825; Kaapkolonie, 10. Totaal, 16,878.

ONGEREGISTREERDE STERFGEVALLE.

Transvaal:—Geen stergevälle voor Mei 1901 geregistreer nie.

O.V.S.:—Geen stergevälle voor Januarie 1901 geregistreer nie.

Transvaal:—Ten slotte is daar die ongeregisteerde kindersterfgevälle in die „Hulp- en Militêre Poste“ (vgl. b.v. Cd. 899, bl. 5). Van Julie 1901 tot Februarie 1902 is die getal kinders onder hierdie hoof gemiddeld 3,000.

TABEL I.

Hoogste sterftesyfers onder kinders in die konsentrasiekampe (blanke).

Datum.	Kamp.	Getal Kinders (Gemiddeld).	Getal Kinders (end van Maand).	Getal Sterfgevälle.	Sterfte per 1,000 per Jaar.
1901.					
Julie . . .	Middelburg . . .	3,667	...	342	1,150
Augustus . . .	Kroonstad . . .	...	1,727	270	1,878
„	Nylstroom . . .	804	...	95	1,418
„	Pietersburg . . .	1,475	...	149	1,212
Oktober . . .	Brandfort . . .	...	2,122	345	1,961
„	Heilbron . . .	...	1,727	212	1,474
„	Mafeking . . .	2,419	...	350	1,737
„	Standerton . . .	1,326	...	205	1,855
„	Vryburg . . .	449	...	45	1,202
November . . .	Klerksdorp . . .	...	1,833	161	1,054
„	Nylstroom . . .	...	688	67	1,178
„	Mafeking . . .	...	1,553	197	1,277
Desember . . .	Bethulie . . .	...	2,278	197	1,038

TABEL II.  
Transvaalse kampe.

Datum.	Offisiële Opgawe.	Bevolking.				Sterfgevälle.			
		Manne.	Vroue.	Kinders.	Totaal.	Manne.	Vroue.	Kinders.	Totaal.
1901.									
Maart 22	Cd. 819, 16	8,214	...	12,091	21,105(1	...	...	...	...
April 30	Cd. 819, 47	3,593	800 7,505	12,714	23,812	...	...	...	240
Maart 31	Cd. 819, 51	6,842	12,263	18,834	37,939	39	47	252	338
Junie 30	Cd. 819, 113	8,596	16,111	20,952	45,659	55	111	584	750
Julie 31	Cd. 819, 223	10,481	23,261	28,737	62,479	66	141	860	1,067
Aug. 31	Cd. 819, 311	10,808	24,645	30,047	65,500	83	204	1,190	1,477
Sept. 30	Cd. 853, 34	11,156	24,782	29,786	65,314	74	171	1,124	1,369
Okt. 31	Cd. 902, 44	11,073	24,078	28,556	63,707	85	236	1,296	1,616
Nov. 30	Cd. 934, 54	10,907	23,780	27,638	62,325	94	223	1,201	1,521
Des. 31	Cd. 936, 17	10,884	23,827	27,250	61,961	73	187	780	1,040
1902.									
Jan. 31	Cd. 939	10,304	23,391	26,456	60,151	51	159	429	639
Feb. 28	Cd. 939	10,246	20,516	23,162	53,924	29	68	190	287

1) Verdeling in volwassene (almal bokant twaalf) en kinders; 800 nie geklassifiseer nie.

TABEL III.—Oranje-Vrystaatse kampe.

Datum.	Offisiële Opgawes.	Populasie.				Sterfgevälle.			
		Manne.	Vroue.	Kinders.	Totaal.	Manne.	Vroue.	Kinders.	Totaal.
1901.									
Januarie	Cd. 853, 121	...	...	...	...	...	...	...	28
Februarie	Cd. 853, 121	...	...	...	...	...	...	...	37
Maart	Cd. 819, 36	...	...	...	11,668	...	...	...	86
April	Cd. 853, 121	...	...	...	...	...	...	...	102
Mei	Cd. 853, 121	...	...	...	...	...	...	...	218
Junie 30	Cd. 819, 105	...	...	...	...	...	...	...	268
Julie 31	Cd. 853, 121	4,991	9,854	17,949	31,694	...	...	...	482
Augustus 31	Cd. 819, 208	5,318	11,161	20,580	37,049	...	...	...	944
September 30	Cd. 819, 290	5,077	12,980	23,500	42,107	...	...	...	924
Oktober 31	Cd. 853, 17	5,995	13,923	24,654	44,572	...	...	...	1,819
November 30	Cd. 853, 121	5,906	14,471	24,929	46,306	...	...	...	1,089
December 31	Cd. 853, 123/4 en 121	6,036	14,608	24,489	45,083	...	...	...	1,831
1902.									
Januarie	Cd. 934, 32	5,076	14,537	23,542	43,755	...	...	...	255
Februarie	Cd. 934, 108	7,232	16,388	18,784	42,404	...	...	...	252
Maart	Cd. 939, 4	7,006	15,953	18,179	41,138	...	...	...	99
April	Cd. 936, 32	...	...	...	...	...	...	...	154

1) 715 van Heilbron te laat aangekom om geklassifiseer te word.

2) Gaan oor 'n langer tydperk. Blykbaar vier dae oor 'n maand; korreksie hier gemaak.



TABEL IV.—Natalese kampe.

Datum.	Offisiële Opgawes.	Bevolking.			Sterfgevälle.				
		Manne.	Vroue.	Kinders.	Totaal.	Manne.	Vroue.	Kinders.	Totaal.
1901.									
Maart 21	Cd. 819, 58	236	826	1,462	2,524	...	...	...	...
Junie 30	{ Cd. 819, 188/9 } { Cd. 608 }	273	863	1,478	2,614	5	15	34	104(1)
Julie 31	{ Cd. 819, 203/5 } { Cd. 604 }	319	908	1,524	2,751	...	...	6	6
Augustus 31	{ Cd. 819, 233/5 } { Cd. 789 }	537	982	1,579	2,848	...	3	21	24
September 30	{ Cd. 853, 27/9 } { Cd. 783 }	578	2,251	9,215	6,044	1	10	65	76
Oktober 31	Cd. 853, 120	915	3,431	4,763	9,112	...	13	62	75
November 30	Cd. 853, 131	1,028	3,909	5,248	10,185	...	3	71	74
Desember 31	Cd. 902, 134	1,266	4,481	5,832	11,129	5	22	120	147
1902.									
Januarie 31	Cd. 984, 103	1,896	4,965	5,855	12,206	5(2)	18(2)	60(2)	88(2)
Februarie 28	Cd. 986, 32	2,624	7,554	8,867	19,045	2	14	96	52

1) Dit is ongetwyfeld die totaal vir verskeie maande.

2) Opgawe sluit blykbaar vier dae meer as kalender-maand in; voorsiening daarvoor hier genuak.

TABEL V.—Kaapkoloniese (Port-Elizabeth) kamp.

Datum.	Offisiële Opgawes.	Bevolking.			Sterfgevälle.				
		Manne.	Vroue.	Kinders.	Totaal.	Manne.	Vroue.	Kinders.	Totaal.
1901.									
Julie 15	Cd. 819, 188/4	32	83	257	372(1)	...	...	...	...
Sterfgevälle tot datum	{ Cd. 819, 183/4 } { Cd. 608 }	...	...	...	1	1	10	12	...
Julie 31	Cd. 819, 207	32	83	257	372	...	1	...	1
Augustus 31	Cd. 819, 287	31	82	257	370	...	1	...	1
September 30	Cd. 853, 8	23	63	204	295	...	...	...	...
Oktober 31	Cd. 853, 180	27	59	197	288	...	...	...	...
November 30	Cd. 853, 131	23	58	197	278	...	...	...	...
Desember 31	Cd. 984, 53	24	68	198	280	...	...	...	...
1902.									
Januarie 31	Cd. 986, 24	22	57	197	276	...	...	...	...
Februarie 28	Cd. 986, 32	21	57	196	274	...	...	...	...

1) „Bannelinge,” uitgeslote 16 „refugees.”

TABEL VI.

## KONSENTASIEKAMPE VAN DIE TRANSVAAL.

TABEL wat (sover aantekening gehou is) die bevolking van elke kamp aan die einde van elke maand aangee. STERFGEVALLE en STERFTY (in vet druk) per 1,000 per jaar. Waar gegevens bestaan om dit te bereken, word die gemiddelde bevolking vir die maand in gekursiveerde syfers aangegee en die sterftesyfer word op hierdie gemiddelde getal bereken (Junie 1902.)

1901	April.		Mei.		Junie.	
	Bevolking.	Sterfgevälle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevälle.	Sterftesyfer.
Barberton . .	445	4	108	576	1	35
Balmoral . .	...	...	...	...	...	...
Belfast . . .	...	...	...	...	...	...
Heidelberg .	1086	2	22	1434	17	188
Irene . . . .	3703	49	158	4319	70	209
Johannesburg	3170	90	347	5379	80	293
Klerksdorp .	991	2	27	1963	8	65
Krugersdorp	1088	...	...	1531	2	18
Meintjeskop .	...	...	...	...	...	...
Middelburg .	1292	9	83	6637	50	74
Mafeking . .	765	4	63	1046	5	66
Nylstroom . .	...	...	...	...	...	...
Pietersburg .	...	...	...	2301	7	49
Potchefstroom	5724	24	50	6149	44	89
Standerton .	1237	25	243	2988	34	193
Vereniging .	783	5	82	811	7	77
Volksrust . .	3578	26	87	4810	35	100
Vryburg . . .	...	...	...	...	...	...
V.-D.-Hovens-	...	...	...	...	...	...
drift . . . . .	...	...	...	...	...	...
Hulp-en Mili-	...	...	...	...	...	...
têre Poste . .	...	...	...	...	...	...
	23,812	240	...	37,939	338	...
				45,659	750	...

TABEL VI—(vervolg).

1901.	Julie.		Augustus.		September.	
	Bevolking.	Sterfgevälle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevälle.	Sterftesyfer.
Barberton . .	1994	17	142	1938	75	449
Balmoral . . .	1438	...	...	2003	16	112
Belfast . . . .	...	...	...	1860	226	37
Heidelberg .	1214	13	152	1716	25	226
Irene . . . . .	1906	18	123	1407	81	452
Johannesburg	4409	147	381	1523	57	149
Klerksdorp .	3075	38	148	2322	179	517
Krugersdorp	4152	12	42	2749	125	328
Meintjeskop .	7751	404	622	4655	119	199
Middelburg .	7790	...	...	4562	199	6208
Mafeking . . .	3515	9	40	3605	31	90
Nylstroom . .	1521	36	327	3626	111	857
Pietersburg .	3307	113	413	4588	184	613
Potchefstroom	6671	133	239	4160	64	105
Standerton .	3093	36	139	4853	30	113
Vereniging . .	1058	4	52	4565	50	582
Volksrust . .	5462	49	108	5161	248	568
Vryburg . . .	...	...	...	976	...	...
V.-D.-Hovens-	...	...	...	1031	...	...
drift . . . . .	...	...	...	8271	...	...
Hulp-en Mili-	8762	...	...	5190	...	...
têre Poste . .	...	...	...	...	...	...
	62,479	1067	...	65,500	1477	...
				65,314	1369	...

TABEL VI—(vervolg).

1901.	Oktober.		November.			Desember		
Bevolking.	Sterfgevälle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevälle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevälle.	Sterftesyfer.
Barberton . . . 1904	12	75	1720	10	64	1681	7	51
1922								
Balmoral . . . 2577	68	333	2468	90	434	2685	75	308
2454								
Belfast . . . 1390	29	233	1374	31	271	1376	41	358
1492								
Heidelberg . . . 2196	43	230	2213	57	309	2212	37	297
3240								
Irene . . . . . 3985	100	287	4027	90	268	4116	39	113
4180								
Johannesburg . . . 2936	27	105	2821	14	59	2797	23	120
3069								
Klerksdorp . . . 3825	159	449	3889	194	600	4073	159	468
4248								
Krugersdorp . . . 5488	92	203	5385	178	397	5345	105	235
5442								
Meintjeskop . . . . .	...	...	...	...	...	...	...	...
Middelburg . . . 5693	139	279	5223	208	477	5113	115	299
5970								
Mafeking . . . 4778	406	934	4496	231	616	4373	90	247
5215								
Nylstroom . . . 1812	59	380	1618	91	675	1731	55	381
1961								
Pietersburg . . . 3593	48	159	3583	46	154	3170	64	242
3627								
Potchefstroom . . . 7438	85	135	7247	74	122	7177	70	117
7561								
Standerton . . . 2946	240	925	3092	82	318	3355	64	229
3115								
Vereniging . . . 905	8	102	925	6	78	950	15	189
941								
Volksrust . . . 5284	46	106	5296	60	136	5239	45	103
5210								
Vryburg . . . 1255	55	676	1191	51	514	1266	24	227
976								
V.-D.-Hovens- drift . . . . .	...	...	305	8	315	212	7	396
Hulp-en Milli- têre Poste . . . 5802	...	...	5442	...	...	5140	...	...
68,707	1616	...	62,325	1521	...	61,961	1040	...

TABEL VI—(vervolg).

1902.	Januarie.		Februarie.			Maart.		
Bevolking.	Sterfgevälle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevälle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevälle.	Sterftesyfer.
Barberton . . . 1577	9	68	1533	5	38	1508	2	16
Balmoral . . . 2703	84	373	2433	24	118	2331	14	72
Belfast . . . 1345	15	134	1471	12	97	1380	7	61
Heidelberg . . . 2247	13	69	2202	12	65	2164	6	33
Irene . . . . . 4067	19	56	4062	15	44	4154	11	31
Johannesburg . . . 2557	13	61	2211	8	43	1732	9	62
Klerksdorp . . . 3979	86	259	3963	46	138	3532	40	136
Krugersdorp . . . 4629	63	163	3848	22	68	3943	6	18
Meintjeskop . . . . .	...	...	326	...	...	427	...	...
Middelburg . . . 5058	51	121	5171	16	37	4996	6	14
Mafeking . . . 4312	35	97	4328	21	58	4347	5	14
Nylstroom . . . 1650	31	225	1623	8	59	1474	7	57
Pietersburg . . . 2883	29	120	...	...	...	...	...	...
Potchefstroom . . . 7126	35	50	5796	25	52	5293	11	25
Standerton . . . 3454	65	226	3429	37	130	3395	23	61
Vereniging . . . 937	13	166	955	3	37	944	3	38
Volksrust . . . 5173	56	120	3788	25	79	3553	15	50
Vryburg . . . 1600	20	160	1776	8	54	1878	9	57
V.-D.-Hovens- drift . . . . .	2	...	...	...	...	...	...	...
Hulp en Milli- têre Poste . . . 4854	...	...	4996	...	...	4477	...	...
60,151	639	...	63,924	287	...	51,498	174	...

1) In die Goewermentsopgawe, Cd. 939, 6, is daar 'n verkeerde optelling.

TABEL VII—(vervolg).

1901.	November.			Desember.			1902.	Januarie.		
	Bevolking.	Sterfgevallen.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevallen.	Sterftesyfer.		Bevolking.	Sterfgevallen.	Sterftesyfer.
Aliwal-Noord	4613	80	208	4555	54	142	4514	23	61	
Bloemfontein	6322	173	338	6049	184	365	5949	127	256	
Brandfort	3981	158	476	4221	130	369	4143	100	290	
Bethulie	4531	236	625	4255	276	779	4088	139	408	
Heilbron	3081	155	603	3072	124	485	2878	82	342	
Harrismith	1650	13	94	1623	63	761	1470	82	261	
Kroonstad	3768	123	408	3673	153	500	3545	95	321	
Kimberley	3306	34	107	3867	12	37	3469	13	45	
Ladybrand	696	...	...	...	...	...	...	...	...	
Norvalspont	3269	47	172	3228	35	130	3185	19	71	
Springfontein	2678	101	452	2593	69	319	2592	31	143	
Vrededor-Weg	1983	62	375	1967	60	366	1887	41	260	
Winburg	3127	92	353	2995	81	324	2978	42	169	
Oranjerivier	1575	56	427	1657	9	65	1706	11	77	
Kromelleboog	3	...	...	...	...	...	...	...	...	
... ..	45,083	1340	...	43,755	1250	...	42,404	755	...	

TABEL VII—(vervolg).

1902.	Februarie.			Maart.		
	Bevolking.	Sterfgevallen.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevallen.	Sterftesyfer.
Aliwal-Noord	4472	16	41	4484	10	27
Bloemfontein	5880	50	102	5694	28	59
Brandfort	4090	40	117	3901	24	74
Bethulie	4043	33	98	4047	11	32
Heilbron	2359	19	79	921	18	234
Harrismith	608	4	79	348	1	34
Kroonstad	3500	31	106	3523	13	44
Kimberley	3503	12	41	2885	12	50
Ladybrand	...	...	...	...	...	...
Norvalspont	3479	2	7	3476	6	20
Springfontein	2573	24	112	2564	13	61
Vrededor-Weg	1871	14	89	1866	7	45
Winburg	2561	31	145	2537	22	104
Oranjerivier	1699	13	92	1688	14	99
Kromelleboog	...	...	...	...	...	...
	41,138	289	...	37,939	179	...

TABEL VIII.

KONSENTRASIEKAMPE IN NATAL.

Tabel wat vir elke kamp (sover aangeteken) die bevolking aan die einde van die maand aangee, sterfgevalle en sterftesyfer (in vet druk) per 1,000 per jaar. Waar gegewens voorhandig is, word die gemiddelde bevolking vir die maand in gekursiveerde syfers aangegee, en die sterftesyfer word op hierdie gemiddelde syfer bereken.

1901.	Maart.			Junie.			Julie.		
	Bevolking.	Sterfgevalle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevalle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevalle.	Sterftesyfer.
Ladysmith	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Colenso	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Howick	705	...	...	640	1	18	678	...	...
				<i>658</i>			<i>663</i>		
Pietermaritzburg	1810	...	...	1965	6	37	2078	6	35
				<i>1913</i>			<i>2018</i>		
Jacobs	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Wentworth	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Merebank	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Eshowe	...	...	...	...	...	...	...	...	...
	2524	...	...	2614	7	...	2751	6	...

1901.	Augustus.			September.			Oktober.		
	Bevolking.	Sterfgevalle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevalle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevalle.	Sterftesyfer.
Ladysmith	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Colenso	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Howick	674	2	35	2823	1	8	...	...	...
	<i>679</i>			<i>1499</i>					
Pietermaritzburg	2174	22	124	2161	45	251	9112	76	...
	<i>2154</i>			<i>2155</i>					
Jacobs	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Wentworth	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Merebank	...	...	...	1560	6	92	...	...	...
				<i>779</i>					
Eshowe	...	...	...	...	...	...	...	...	...
	2848	24	...	6044	52	...	...	...	...

TABEL VIII—(vervolg).

1901	November.			Desember.			1902.	Januarie.	
	Bevolking.	Sterfgevalle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevalle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevalle.	Sterftesyfer.
Ladysmith	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Colenso	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Howick	...	...	...	...	...	...	3323	13	47
Pietermaritzburg	10,185	74	...	11,129	147	...	2260	2	10
Jacobs	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Wentworth	...	...	...	...	...	...	...	...	...
Merebank	...	...	...	...	...	...	6864	70	132
Eshowe	...	...	...	...	...	...	253	...	...
							12,206	85	...

1902.	Februarie.			Maart.		
	Bevolking.	Sterfgevalle.	Sterftesyfer.	Bevolking.	Sterfgevalle.	Sterftesyfer.
Ladysmith	1044	1	11	1043	...	...
Colenso	2871	3	12	2884	10	40
Howick	3330	5	18	3305	2	7
Pietermaritzburg	2263	5	26	2326	4	20
Jacobs	1094	1	11	2587	11	51
Wentworth	...	...	...	33	...	...
Merebank	8342	36	51	8305	43	62
Eshowe	231	1	52	232	...	...
	19,175	52	...	20,715	70	...

## AANHANGSEL D.

'n Lys van enige plase wat op bevel afgebrand moes word volgens kennisgewing 602, Bloemfontein, en wat nie in die goewermentsopgawes vermeld word nie:—

S. W., A. W., en H. A. C. Meintjes . . . . .	Dansfontein.
J. P. Meintjes . . . . .	Minverdrag.
G. C. Erasmus . . . . .	Populierfontein.
M. en P. J. Meintjes . . . . .	Bundput.
S. W. Meintjes . . . . .	Randfontein.
H. A. Meintjes . . . . .	Uitzicht.
P. J. Meintjes . . . . .	Langlaagte.
A. W. Meintjes . . . . .	Karookan.
J. A. Meintjes . . . . .	Boschkopje.
A. Labuschagne . . . . .	Grootvlei.
O. Botha . . . . .	"
C. Labuschagne . . . . .	"
— Lotter . . . . .	"
A. Keeve . . . . .	Palin.
P. Delport . . . . .	Kroonbloem.
W. Botha . . . . .	Gastvryheid.
C. F. le Roux . . . . .	Langkuil.
E. P. Serfontein . . . . .	Tochgekregen.
	Eerste-Geluk.
A. Meyer en H. Serfontein . . . . .	Roodewal.
M. S. W. Combrinck . . . . .	Rietgat.
E. P. Serfontein . . . . .	Graspan.
Prinsloo (verskeie) . . . . .	Doornland.
B. J. van Niekerk . . . . .	Klipkraal.
H. Klopper en andere . . . . .	"
D. Kleynhans . . . . .	Doornkop.
G. Vosloo . . . . .	Loskop.
H. Vosloo . . . . .	Boschpoort.
(H.) Steyn . . . . .	Doorndraai.
(H.) Loggenberg . . . . .	Kopje-Alleen.
— Labuschagne . . . . .	...
D. C., H. P., en W. Serfontein . . . . .	{ Liverpool en
J. Bester (verskeie) . . . . .	{ Schwirepoort.
	{ Uitenhage.

Die volgende is 'n lys van ag-en-vyftig plase in die distrikte Pretoria en Rustenburg deur Britse troepe verbrand en vernietig gedurende September en deel van Oktober 1901; die famielies is op 10 Oktober na Irene-kamp gebring, en beëdigde verklaringe is daar geneem. Hulle toon ook aan dat die verbranding van plase nie in Desember 1900 opgehou het soos in die Parlement verklaar nie:—

SEPTEMBER 1901.

Name.	Verbrand of Vernietig.	Offisier.	Plaas.
Michael Adriaan v. d. Berg.	Huis.	Broadwood.	Buffelsfontein, Pretoria.
Piet Gert Labuschagne.	"	"	"
W. J. A. van Schalkwyk.	3 huise.	"	"
T. J. Barnard.	1 huis.	"	"
J. G. Erasmus.	2 huise.	Clements.	Leeuwfontein, Rustenburg
J. J. H. Engelbrecht.	7 huise.	"	Groenkloof,
J. H. du Plessis.	1 huis.	Broadwood.	Elandskraal,
L. A. S. van Wyk.	"	"	"
W. J. Jacobs.	2 huise.	"	Buffelshoek,
J. C. Barnard.	2 huise.	"	"
W. C. Barnard.	4 huise.	"	"
D. J. C. Riekert.	1 huis.	Paget.	Rietfontein, Pretoria.
S. C. le Roux.	"	"	"
A. G. Riekert (weduwee)	"	"	"
P. J. Viljoen.	4 huise.	"	Witkopjes,
J. Coetzee.	3 huise.	Colenbrander.	Boschfontein,
M. W. Jacobse.	...	"	Nylstroom,
J. J. Uys.	1 huis.	"	Zeebrandkloof,
A. J. Kleinsmit.	3 huise.	...	Rooplatz,
C. C. Minnaar (weduwee)	1 huis.	English by Eerste Fabr.	Elandsfontein,
J. A. Bosman.	1 huis.	"	"
W. B. Prinsloo.	2 huise.	"	Crokodilspruit,
C. J. de Waal.	"	"	Dykkop,
J. A. Liebenberg.	1 huis.	"	Rooplatz,
M. Opperman	3 huise.	"	Bopsfontein,
D. J. Steenkamp.	2 huise.	"	Klipfontein,
J. F. P. Erasmus.	"	"	Klipspruit,

OKTOBER 1901.

Name.	Vernietig of Verbrand.	Offisier.	Plaas.
M. J. Jacobs.	2 huise.	English by Eerste Fabr.	Buffelshoek.
J. J. Maret.	"	"	V.-Dykspruit, Pretoria.
M. C. M. Foure. (weduwee).	3 huise.	"	De Kroonspruit, "
P. J. L. de Beer.	"	"	Rooiplaat, "
J. H. Botha (weduwee).	1 huis.	Kitchener.	Derdepoort, "
W. J. J. Buckley. (weduwee).	3 huise.	"	Rooiplaat, "
H. J. Botha.	1 huis.	"	" "
J. A. Beukes.	4 huise.	Plumer.	Zusterhoek, "
J. H. Botha.	2 huise.	"	Doornfontein, "
S. S. Dreyer.	1 huis.	Kekewich.	V.-Dykspruit, "
J. L. J. Erasmus.	4 huise.	"	Hartebeestspruit "
L. J. Erasmus.	2 huise.	English.	V.-Dykspruit, "
B. J. Geldenhuis.	2 huise.	Plumer.	Klipkopje, "
S. J. C. Jansen (weduwee).	1 huis.	Kitchener.	Tweespoort, "
R. J. van Jaarsveld.	3 huise.	English.	V.-Dykspruit, "
G. S. Koekemoer.	4 huise.	"	Zusterhoek, "
E. Gesyn (ongetroud).	3 huise.	"	Witfontein, "
M. J. J. Minnaar. (weduwee).	1 huis.	Kitchener.	Tweespoort, "
A. L. Oosthuysen. (weduwee).	3 huise.	"	V.-Dykspruit, "
J. J. Pieterse.	"	Plumer.	Zusterhoek, "
M. J. Prinsloo (weduwee).	2 huise.	Kitchener.	V.-Dykspruit, "
S. J. L. Prinsloo.	"	"	Krokodilspruit, "
C. J. H. Steenkamp.	3 huise.	Plumer.	Klipfontein, "
W. L. Steenkamp.	2 huise.	"	" "
C. J. S. Vermaak (wese).	1 huis.	Kitchener.	Tweespoort, "
S. J. de Wet (Oujongdame).	1 huis.	"	Kameelfontein, "
M. J. J. de Waal (weduwee).	"	Kitchener.	Tweespoort, "
F. J. Wolmarans.	"	"	Derdepoort, "
M. C. v. d. Westhuisen (weduwee).	3 huise.	"	Rooikopjes, "
C. M. de Waal (wese).	2 huise.	Kitchener.	Tweespoort, "
P. J. J. Swarts (oorgegee).	7 huise.	Kekewich.	Klipkop, "

Die volle waarheid omtrent die verbranding en vernieling van plase is nog nooit in Engeland gepubliseer nie.

## AANHANGSEL E.

## NATURELLEKAMPE.

Ek was, weens gebrek aan tyd en krag, nie in staat om die toestande van die naturellekampe te ondersoek en persoonlik hulp daaraan te verleen nie; dog ek het die volle vertrouwe gehad dat die dameskommissie dit ook deel van hulle werk sou gemaak het. Ná die uitgawe van hulle rapport, wat aantoon dat hulle hierdie belangrike tak van die konsentrasiestelsel nie aangeraak het nie, het ek die heer Fox Bourne gaan spreek en feite aan hom voorgelê wat tydens my verblyf in Suid-Afrika onder sy aandag gekom het. Geestelike wat onder die gekleurdes in hierdie kampe gewerk het, en ook andere, het my droewige mededeling gedoen omtrent die siekte en sterfte, wat aldaar baie hoog was. Behalwe 'n bietjie hulp aan siekes was ek nie in staat om iets te doen nie. Daarna het die heer Fox Bourne die volgende brief aan mnr. Chamberlain gerig, wie se antwoord daarop volg. Die sterftelys uit offisiële bronne saamgestel is duidelik onvolkome en begin eers met Junie. Ek weet van talryke sterfgevälle gedurende die voorafgaande maande.

MNR. FOX BOURNE AAN MNR. CHAMBERLAIN.

„BROADWAY CHAMBERS,”  
WESTMINSTER, S.W.

MENEER,—Ek het die eer om op las van die komitee van die Vereniging vir die Beskerming van Naturelle u te nader omtrent die toevlugskampe vir naturelle in Suid-Afrika.

Uit die seer skrale informasie omtrent hierdie kampe, wat toevallig verskaf word in die opgawes met betrekking tot die „refugee“-kampe wat voor die Parlement gelê is (Cd. 789, 793, 853, 854, 902 en 936), blyk dit dat daar behalwe die blanke „refugees“ onder toesig van die Regering in 1901 32,272 kleurlinge was, waarvan omtrent vyf-sedes vroue en kinders was en almal behalwe een-sittende in die O.R.K.; en dat die getal tot 43,594 in die Oranjerivier-Kolonie alleen teen 15 November l.l. gestyg het, op welke datum die informasie omtrent daardie kolonie ophou. Dit blyk verder dat die sterftesyfer in die Oranjerivier-Kolonie se naturellekampe, wat volgens opgawes in Augustus ongeveer 170 per 1,000 was, en omtrent 91 per 1,000 in September, van 137 per 1,000 in die eerste veertien dae van Oktober tot 363 per 1,000 in die eerste veertien dae van November gestyg het.

As mededeling wat uit privaat bronne ons komitee bereik het, juis is, oortref die sterftesyfer van sommige naturellekampe, waaronder ook dié op Bloemfontein, Edenburg, Springfontein en Klerksdorp, hierdie ontsettende syfers nog verreweg; en al sou die ete deur die outoriteite vasgestel en voor betaal toereikend wees, is die werklike voorsiening dikwels uiters onbevredigend, veral in die geval van jong kinders.

Ons komitee is bewus daarvan dat die omstandighede van die naturellelewe die konsentrasie van groot getalle binne beperkte grense onvermydelik uiters ongesond maak, en hulle spreek geen opinie uit oor die beleid om oor die vroue en kinders van naturelle wat meestal dienste in verband met die oorlog waarneem, op hierdie wyse te beskik nie. Dog hulle versoek dat sodanige ondersoekinge ingestel sal word deur Sy Majesteit se Goewerment, dat die naturelle wat ingekamp word, met nie minder sorg en menslikheid sal behandel word as die Boer-„refugees“ nie.

Ek het die eer om aan die hand te gee die wenslikheid dat as 'n voorlopige stap 'n rapport sal opgestel word wat veel vollediger informasie sal gee omtrent die toestand van hierdie kampe, die huisvesting en behandeling in elkeen daarvan en ander besonderhede, as dié wat in die Parlementêre rapporte voorkom; ook om te vra dat hierdie informasie, terwyl dit insluit 'n verslag van die vroeëre toestand van sake in die Transvaal, Kaapkolonie en Natal, sowel as in die O.R.K., hom sal uitstrek oor 'n tydperk ná November, toe die vermeerderde sterftesyfer so ontsettend was.

Ek het ook die eer om eerbiediglik die aanstelling van 'n dameskomitee u aan die hand te gee, die lede waarvan heel goed uit inwoners van Suid-Afrika kan gekies word, wat 'n opdrag ontvang ooreenkomstig met dié wat so

nuttig was in die geval van die Boervroue en -kinders.—  
Ek het die eer te wees, u dw. dnr.,

H. R. FOX BOURNE.

24 Maart 1902.

Die antwoord van die heer Chamberlain, dd. 2 Mei, het die volgende paragrawe bevat en ook die rapport van die superintendent van die Departement ingesluit:—

2. Ek sluit in 'n afskrif van die laaste rapport omtrent die instandhouding van die naturellekampe in die O.R.K. wat in hierdie Departement ontvang is. Sedert die tyd het daar telegrafies berig gekom dat daar in die naturellekampe in die Transvaal, met 'n bevolking van 40,000, in Januarie ongeveer 880 sterfgevälle was, in Februarie 550 en in Maart 400.

3. In die O.R.K. met 'n bevolking van omtrent 45,000 in naturellelokasies was die sterfgevälle in Januarie omtrent 1,400, in Februarie omtrent 800 en in Maart omtrent 470.

4. Die syfers hierbo vermeld skyn aan te toon dat die lewensomstandighede in die naturellekampe aanmerklik verbeter het, en mnr. Chamberlain twyfel nie dat lord Milner alle behoorlike sorg sal betoon aan naturelle wat afhanklik is van die Goewerment nie.—Ek het die eer te wees, u dw. dnr.,

FRED. GRAHAM.

#### AAN DIE SEKRETARIS VAN DIE VERENIGING VIR DIE BESKERMING VAN NATURELLE.

DEPARTEMENT VIR NATURELLE-„REFUGEES“

BLOEMFONTEIN, 2 Jan. 1902.

WAARDE HEER,—Ek het die eer u hiermee 'n afskrif van die opgawe vir November vir die kampe vir naturelle-„refugees“ in die O.R.K. te stuur. . . .

Die verskillende rapporte van die kamp-superintendent is van seer bevredigende aard gewees.

Die dissipliene in die kampe is oor die algemeen goed gewees, en die naturelle skyn oor die algemeen tevrede te wees en kom geredelik om werk te aanvaar sowel vir die Regering as op die land rondom die kampe, wat vir hulle eie voordeel bewerk word. Die sterftesyfer lyk hoog; dog onder die omstandighede, meen ek, kan 'n mens dit nouliks te hoog noem. Voedsel is skaars gewees, en in



vele gevalle moes die natuurle heelwat ontbering ondergaan voordat hulle in die kampe gebring was, en verder moet ook in aanmerking geneem word dat die sterftesyfer in hierdie land gereeld tydens die warm weer styg, voordat dit begin te reën, veral in die geval van klein kindertjies. Alle poginge word aangewend om hierdie saak te behartig. Groot voorrade lewensmiddele soos melk, suiker, medisyne, ens., word uitgedeel; en dit verblyd my om te kan sê dat daar op die oomblik alle tekens is dat die siekte gestadig afneem. . . .

Om op te som, ek ag dat die rapport oor die algemeen 'n seer bevredigende toestand van sake aantoon. Die Departement is nou op 'n gesonde basis ingerig, en dit lyk of die natuurle die teenwoordige toestand van sake ten volle begryp en die poginge deur Sy Majesteit se Regering vir hulle ontwil aangewend, waardeer.—Ek het die eer, ens.,

(Geteken) F. WILSON Fox, Kapt.,  
Supt. Dept. vir Naturelle-, Refugees, O.R.K.

TABEL I.—Bevolking en sterfgevälle in naturellekampe.

Datum.	Offisiële Opgawe.	Kampe.	Bevolking.			Sterfgevälle.																		
			Manne.	Vroue.	Kinders.	Totaal.	Manne.	Vroue.	Kinders.															
1901.																								
Junie . . .	Cd. 608	Natal . . .	7	2	11	20	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..				
" . . .	"	O.R.K. . .	2,076	7,313	11,201	20,590	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..			
" . . .	"	Transvaal .	244	800	1,035	2,879	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..		
						23,469																		
Julie . . .	Cd. 604	Natal . . .	7	6	17	30	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	
" . . .	"	O.R.K. . .	2,622	7,947	15,431	23,000	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	
" . . .	"	Transvaal .	517	308	593	1,424(1)	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	
						24,464																		
Augustus .	Cd. 789	Natal . . .	18	23	35	81	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	
" . . .	"	O.R.K. . .	3,495	9,724	17,140	30,359	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	
" . . .	"	Transvaal .	695	394	740	1,829	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	
Cd. 819, 813		Do. N.A.B. .	2,278	3,639	5,822	16,739	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	..	
						2,000(2)																		
						49,008																		

1) Cd. 819, 285. "Dit sluit nie in opgewaas van kampe vir Naturelle-refugees" onder beheer van die Naturelle-Arbeidsburo nie."

2) "Refugees" op Klerksdorp nog nie geklassifiseer nie."

